BIBLIOTEEK • LIBRARY
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

University Free State
34300000106553
Universiteit Vrystaat

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

# BLANK-SWART-VERHOUDINGE SOOS WEERSPIEëL IN DIE VRYSTAATSE HISTORIOGRAFIE, 1800-1910


deur

Nita Corene de Wet
B.A. (Hons.), D.Ed.


Proefskrif
voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad
PHILOSOPHIAE DOCTOR


in die Fakulteit Geesteswetenskappe
(Departement Geskiedenis)

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN


Promotor: Prof. SL Barnard
November 1998

# Inhoudsopgawe

**Voorwoord** viii

**Inleiding** xvii

**Hoofstuk 1**

**Die invloed van migrasie op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat, 1800-1843**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | **Die invloed van aanvanklike blank-swart-kontak op tussengroepverhoudinge in die Vrystaat** | 1 |
| 1.2 | **Die stryd om grondgebied** | 11 |
| 1.2.1 | Die behoefte aan landbougrond | 11 |
| 1.2.2 | Blanke ekspansionisme versus swart ekspansionisme | 11 |
| 1.2.3 | Eienaarskap van die Caledonriviervallei | 17 |
| 1.2.3.1 | Die oorspronklike eienaarskap van die Caledonriviervallei | 17 |
| 1.2.3.2 | Het Mosjwesjwe grondeienaarskap aan die blanke boere toegestaan? | 30 |
| 1.3 | **Ten slotte** | 38 |

**Hoofstuk 2**

**Die rol van Brittanje in blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat, 1843-1854**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | **Indirekte Britse betrokkenheid by blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat** | 41 |
| 2.1.1 | Die Napierverdrag | 41 |
| 2.1.2 | Die Maitlandverdrag | 48 |
| 2.3 | **Direkte Britse betrokkenheid in die Vrystaat: die Oranjerivier-Soewereiniteittydperk** | 55 |
| 2.3.1 | Die positiewe en/of negatiewe gevolge van die totstandkoming van die ORS op blank-swart-verhoudinge | 55 |
| 2.3.2 | Blank-swart-konflikverhouding in die ORS | 58 |
| 2.3.3 | Grensreëlings | 60 |
| 2.3.3.1 | Southeygrensreëlings | 61 |
| 2.3.3.2 | Wardenlyn | 65 |
| 2.3.4 | Militêre konfrontasie tussen die Britte en die Basoeto | 75 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.3.4.1 | Die Slag by Viervoet (30 Junie 1851) | 76 |
| 2.3.4.2 | Die Slag van Berea (20 Desember 1852) | 84 |
| 2.4 | **Beëindiging van Britse heerskappy in die Vrystaat** | 86 |
| 2.5 | **Samevatting** | 91 |


## Hoofstuk 3

## Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat, 1854-1864


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | **Oorsake vir die oorloë tussen die blanke boere in die Vrystaat en die Basoeto** | 94 |
| 3.1.1 | Grensreëlings | 94 |
| 3.1.2 | Grensskendings en diefstalle | 98 |
| 3.1.3 | Selfhandhawing | 100 |
| 3.1.4 | Die stryd om grondgebied as 'n oorsaak vir die oorloë | 101 |
| 3.1.5 | Natuurlike faktore as oorsaak vir die oorloë | 102 |
| 3.1.6 | Konklusie | 102 |
| 3.2 | **Blank-swart-verhoudinge tydens die presidentskap van JP Hoffman** | 102 |
| 3.2.1 | JP Hoffman se suksesse en/of mislukkings in die verbetering van blank-swart-verhoudinge | 102 |
| 3.2.2 | Hoffman se gedwonge bedanking | 107 |
| 3.2.3 | Ten slotte | 109 |
| 3.3 | **Blank-swart-verhoudinge tydens die presidentskap van JN Boshof, 1855-1859** | 109 |
| 3.3.1 | Die Smithfieldooreenkoms | 110 |
| 3.3.1.1 | Interpersoonlike verhoudinge | 111 |
| 3.3.1.2 | Geskiedskrywers se beoordeling van die Smithfieldooreenkoms | 112 |
| 3.3.2 | Die 1858-Vrystaat-Basoeto-oorlog | 114 |
| 3.3.2.1 | Oorsake van die oorlog | 114 |
| 3.3.2.2 | Oorlog was onafwendbaar | 123 |
| 3.3.2.3 | Militêre konfrontasie | 124 |
| 3.3.2.4 | Die Eerste Verdrag van Aliwal-Noord | 133 |
| 3.3.3 | Blank-swart-verhoudinge na afloop van die 1858-oorlog | 136 |
| 3.3.4 | Samevatting | 137 |
| 3.4 | **Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat ten tye van die presidentskap van MW Pretorius, 1860-1863** | 138 |
| 3.4.1 | Konsiliasiebeleid | 139 |
| 3.4.2 | Polisiemag | 142 |
| 3.4.3 | Toestande in die Vrystaat tydens die presidentskap van Pretorius | 143 |

## Hoofstuk 4

## Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat, 1864-1899


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | **Blank-Basoeto-verhoudinge tydens die presidentskap van JH Brand** | 146 |
| 4.1.1 | Wodehouse se grensreëlings | 147 |
| 4.1.1.1 | Faktore wat Wodehouse se grensreëlings beïnvloed het | 147 |
| 4.1.1.2 | Die meriete van die grensreëlings | 150 |
| 4.1.2 | Die 1865-Vrystaat-Basoeto-oorlog | 151 |
| 4.1.2.1 | Oorsake van die oorlog | 151 |
| 4.1.2.2 | Brand se ultimatum aan die Basoeto | 154 |
| 4.1.2.3 | Die verloop van die 1865-Vrystaat-Basoeto-oorlog | 157 |
| 4.1.2.3.1 | Die relatiewe sterkte van die Vrystaat- en Basoetomagte | 157 |
| 4.1.2.3.2 | Die militêre konflik | 159 |
| 4.1.2.3.3 | Vredesverdrag van Thaba Bosigo | 166 |
| 4.1.3 | Die 1867-Vrystaat-Basoeto-oorlog | 170 |
| 4.1.3.1 | Oorsake van die 1867-oorlog | 170 |
| 4.1.3.2 | Verloop van die 1867-oorlog | 172 |
| 4.1.4 | Basoetoland word Britse gebied | 177 |
| 4.1.4.1 | Brittanje se besluit om tot die konflik toe te tree | 177 |
| 4.1.4.2 | Die Tweede Verdrag van Aliwal-Noord | 181 |
| 4.2 | **Die verhouding tussen die Vrystaat en die Barolong van Thaba Nchu, 1880-1888** | 186 |
| 4.2.1 | Die anneksasie van Thaba Nchu deur die Vrystaat | 186 |
| 4.2.2 | Herverdeling van grond | 189 |
| 4.3 | **Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat tydens die presidentskap van FW Reitz, 1889-1895** | 191 |
| 4.4 | **Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat ten tye van die presidentskap van MT Steyn, 1896-1899** | 192 |


## Hoofstuk 5

## Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | **Die deelname van die swartes aan die ABO in die Vrystaat** | 193 |
| 5.1.1 | Die ABO was 'n witmansoorlog | 193 |
| 5.1.2 | Die rol van swart ondersteuningspersoneel in die ABO in die Vrystaat | 200 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.1.3 | Die swartes se direkte betrokkenheid by die gewapende stryd in die Vrystaat | 210 |
| 5.1.3.1 | Die verskaffing van inligting aan die vegtende magte deur swartes | 210 |
| 5.1.3.2 | Die bewapening van swartes | 213 |
| 5.1.4 | Die swartes as verskaffers van voedsel aan die Britse en Boeremagte | 220 |
| 5.2 | **Die optrede van die Boeremagte teenoor swartes** | 221 |
| 5.3 | **Die swartes se lojaliteite** | 226 |
| 5.4 | **Die verhouding tussen die swartes en die burgerlike bevolking** | 228 |
| 5.4.1 | Die verhouding tussen die swartes en buitelandse burgerlikes | 228 |
| 5.4.2 | Die optrede van die swartes teen Vrystaatse burgerlikes | 229 |
| 5.5 | **Die lyding van die swart burgerlikes as gevolg van die oorlog** | 236 |
| 5.6 | **Konsentrasiekampe** | 239 |
| 5.7 | **Ten slotte** | 247 |


## Hoofstuk 6

## Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat op die sosiale, onderwys- en mediese terreine 1800-1910


| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | **Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat op sosiale terrein 1800-1910** | 250 |
| 6.1.1 | Blank-swart-verhoudinge as 'n paternalistiese verhouding | 252 |
| 6.1.2 | Kontak tussen blank en swart | 255 |
| 6.1.3 | Stereotipering van swartes | 257 |
| 6.1.4 | Die lewenskwaliteit van die swartes | 262 |
| 6.1.5 | Ten slotte | 267 |
| 6.2 | **Blank-swart-onderwysverhouding in die Vrystaat 1800-1910** | 268 |
| 6.2.1 | Onderwysgeskiedskrywing | 268 |
| 6.2.2 | Onderwys aan swartes in die Vrystaat | 270 |
| 6.2.3 | Staatsbetrokkenheid by onderwys aan swartes | 273 |
| 6.2.4 | Onderwysvoorsiening aan Vrystaatse swartes | 277 |
| 6.2.5 | Die Anglikaanse Kerk en onderwys | 283 |
| 6.2.6 | Ten slotte | 284 |
| 6.3 | **Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat op mediese gebied 1800-1910** | 285 |

## Hoofstuk 7

## Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat op ekonomiese, staatkundig-politieke en juridiese terreine 1800-1910


| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | **Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat op ekonomiese terrein 1800-1910** | 290 |
| 7.1.1 | Blank-swart-arbeidsverhoudinge in die Vrystaat | 290 |
| 7.1.1.1 | Werksetiek van blank en swart in die Vrystaat | 290 |
| 7.1.1.2 | Die verhouding tussen die blanke werkgewers en hulle swart arbeiders | 295 |
| 7.1.1.3 | Arbeidstekort in die Vrystaat | 298 |
| 7.1.2 | Vakbonde in die Vrystaat | 309 |
| 7.1.3 | Die rol van swartes in die ontwikkeling van die Vrystaatse ekonomie | 310 |
| 7.1.3.1 | Inleiding | 310 |
| 7.1.3.2 | Die bydrae wat swartes gelewer het in die ontwikkeling van Vrystaatse dorpe | 312 |
| 7.1.3.3 | Die rol van swartes in die ontwikkeling van die landbou | 314 |
| 7.1.4 | Eiendomsreg deur swartes | 317 |
| 7.1.5 | Grondtransaksies tussen blank en swart | 319 |
| 7.2 | **Staatkundig-politieke verhoudinge in die Vrystaat 1800-1910** | 321 |
| 7.2.1 | Die Vrystaat se rassebeleid | 321 |
| 7.2.2 | Burgerskapsregte | 322 |
| 7.2.3 | Residensiële skeiding | 326 |
| 7.2.3.1 | Lokasies | 327 |
| 7.2.3.2 | Reservate | 328 |
| 7.2.4 | Ten slotte | 331 |
| 7.3 | **Die verhouding tussen blank en swart in die Vrystaat op juridiese terrein 1800-1910** | 332 |


## Hoofstuk 8

## Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat op godsdienstige terrein 1800-1910


| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | **Die invloed van die Paryse en Londense Sendinggenootskappe op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat 1800-1910** | 335 |
| 8.2 | **Die vestiging van die Christendom in die Vrystaat** | 341 |
| 8.3 | **Sendingwerk in die Vrystaat 1800-1910** | 346 |

| | | |
|---|---|---|
| 8.3.1 | Die NGK en sendingwerk | 346 |
| 8.3.1.1 | Die NGK se betrokkenheid by sendingwerk in die Vrystaat | 347 |
| 8.3.1.2 | Die NGK se betrokkenheid by sendingwerk te Witsieshoek | 355 |
| 8.3.2 | Die Gereformeerde en Nederduitse Hervormde Kerke se sendingbetrokkenheid | 357 |
| 8.3.3 | Die Anglikaanse Kerk en sendingwerk in die Vrystaat | 359 |
| 8.3.4 | Sendingwerk deur die Wesleyaanse Kerk in die Vrystaat | 360 |
| 8.4 | **Rasseskeiding in die NGK 1800-1910** | 362 |
| 8.5 | **Ten slotte** | 364 |

**Hoofstuk 9**

**Slotbeskouinge** 366

**Bibliografie** 377

**Opsomming** 426

**English summary** 430

## Kaarte


| | | |
|---|---|---|
| Kaart 1 | Die verspreiding van Basoetostamme voor en na 1820 | 27 |
| Kaart 2 | Die verskuiwende Basoetogrense, 1843-1849 | 42 |
| Kaart 3 | Die veranderende Basoetogrense, 1858-1869 | 133 |

# Voorwoord

Aan die verlede kan nie verander word nie, dit is "'n feit wat deur niks gewysig kan word nie: dit is ons kennis van die verlede wat 'n onophoudelik voortgaande en veranderende proses is".[1] Historiografiese studies het ten doel om die invloed van verskillende persoonlikhede, sosiale omgewings en tydsgees op geskiedskrywers se uiteenlopende weergawes en interpretasies van die geskiedenis bloot te lê. Die verskille in interpretasie spruit ook uit paradigmatiese en metodologiese verskille, wat ook aanleiding gee tot klem- en fokusverskille.[2] Dit maak dit uiteraard onmoontlik om enige objektiewe, algemene weergawe van die geskiedenis te verkry.

Uit 'n verkennende ondersoek na Suid-Afrikaanse historiografiese studies blyk dit dat sodanige studies óf van algemene aard is[3] óf konsentreer op die debat tussen die revisionistiese en neo-liberale geskiedskrywers[4] óf toegespits is op die pennevrug van spesifieke geskiedskrywers.[5] Hoewel enkele historiograwe spesifiek aandag aan

---

1 FA van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms*, p. 134.

2 Van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms*, p. 134; Frederick CvN Fourie & Edwil P Beukes, Ekonomiese en politiek in die S.A. ontwikkelingsgeskiedenis: 'n historiografiese verkenning, *Historia*, 32(1), 1987, p. 97; GR Allen, Geskiedenis: bevryding of bevryder? Historiese Genootskap van Suid-Afrika, *Referaatbundel*, p. 12

3 FA van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*; FA van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*; Ken Smith, *The changing past*; C Saunders, *The making of the South African past*, pp. 106-185 bespreek verskeie swart, liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers.

4 *Vide* o.a. Grietjie Verhoef, *Die Radikale geskiedskrywing oor Suid-Afrika: 'n historiografiese studie;* PR Nel, *Geskiedenis in perspektief*; Harrison M Wright, *The burden of the present. Liberal-radical controversy over Southern African History*; Roger Deacon, Hegemony, Essentialism and Radical History in South Africa, *South African Historical Journal*, 24, 1991, pp. 166-184; Deborah Posel, Rethinking the 'race-class debate' in South African historiography, *Social Dynamics*, 9(1), 1983, pp. 50-66; WH Worger, White Radical History in South Africa, *South African Historical Journal*, 24, 1991, pp. 145-153; R Taylor, Radical History 'White'?, *South African Historical Journal*, 27, 1992, pp. 259-261; WH Worger, 'White' Radical History: A response, *South African Historical Journal*, 27, 1992, pp. 262-263; C Saunders, Radical History - the Wits Workshop version - reviewed, *South African Historical Journal*, 24, 1991, pp. 160-165; John Lonsdale, From Colony to Industrial State: South African Historiography as seen from England, *Social Dynamics*, 9(1), 1983, pp. 67-83; Richard Elphick, Methodology in South African Historiography: A defence of idealism and empiricism. *Social Dynamics*, 9(1), 1983, pp. 1-17.

5 FA van Jaarsveld, Gustav Preller: sy historiese bewussyn en geskiedbeskouing, *Historia*, 35(2), 1990, pp. 3-19; FA van Jaarsveld, G.D. Scholtz - historikus van en vir die Afrikaner, *Lewende Verlede*, pp. 90-121; Isabel Hofmeyr, Popularizing History: the case of Gustav Preller, *Journal of African History*, 29, 1988, pp. 521-535; RFM Immelman, *George McCall Theal. A biographical sketch*; Saunders, *The making of the South African past*, pp. 106-185 bespreek GM Theal, WM Macmillan en CW de Kiewiet.

tussengroepverhoudinge in Suid-Afrika skenk,[6] is daar 'n behoefte aan "'n omvattende historiografiese studie oor tussengroepverhoudinge in Suid-Afrika".[7]

Voorts blyk dit uit genoemde verkennende studie dat ten spyte van die feit dat die vroegste publikasies oor die Vrystaat reeds gedurende die middel van die 19de eeu die lig gesien het,[8] geen omvattende ondersoek nog geloods is na die Vrystaat se historiografie nie. Sommige historiografiese studies wys slegs kursories na die stand van geskiedskrywing in die Vrystaat.[9] Daar bestaan dus geen werk wat aandui hoe geskiedskrywers én tydgenootlike skrywers oor 'n tydperk van meer as 'n honderd jaar blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat uitbeeld nie.

Die doel van hierdie proefskrif is om binne die raamwerk van bestaande historiografiese klassifikasie 'n historiografiese ondersoek te loods na blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat (1800-1910). Ter bereiking van dié doel sal eerstens 'n historiografiese studie oor die konflikverhouding tussen die blanke Vrystaters en die Basoeto onderneem word. Tweedens sal die verhoudinge tussen blank en swart in die Vrystaat ten tye van die Anglo-Boereoorlog (ABO) historiografies ontleed word. Geskied- en ander skrywers se persepsies oor en uitbeelding van verhoudinge op sosiale, mediese, onderwys-, ekonomiese, arbeids-, staatkundig-politieke, juridiese en godsdienstige terreine sal ook nagespeur word.

Hierdié historiografiese studie is 'n verhoudingstudie. Linguisties gesproke is verhoudinge die "(onderlinge) betrekking tussen persone"[10] of die "verstandhouding tussen persone [en/of] instansies".[11] Histories gesproke is verhoudinge egter veel meer. Dit dui op

> *die onderlinge betrekkinge tussen persone as individue of groepe, d.w.s. die wyse waarop die een teenoor die ander optree; die gevoel van die een teenoor die ander; 'n wedersydse waardebepaling van die status of posisie wat hulle in die maatskappy beklee en die afhanklikheid al dan nie van mekaar vir hulle welsyn.*[12]

---

6 JC Moll, HJ van Aswegen, JA Benyon, TRH Davenport & HB Giliomee, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*; JEH Grobler, *Die geskiedenis van swart politiek in Suid-Afrika tot 1961: 'n historiografiese balansstaat*; ELP Stals, *Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing.*

7 Moll *et al*, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, p. 74.

8 MCE van Schoor & SI Malan, *'n Bibliografie van werke oor die Oranje-Vrystaat vanaf die vroegste tye tot 1910*; Karel Schoeman, *Bibliografie van die Oranje-Vrystaat tot 31 Mei 1910.*

9 Moll *et al*, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*; Stals, *Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing*, pp. 14-22.

10 MSB Kritzinger & FJ Labuschagne, *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 1200; FF Odendaal (red), *HAT. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 1247.

11 Odendaal (red), *HAT. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 1247.

12 HJ van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902*, p. 3.

Voorts is dit "'n veelomvattende begrip omdat dit feitlik alle fasette van aanraking en onderlinge betrekkinge tusssen mense of volkere insluit."[13] Dit word geopenbaar in fisiese, geestelike, sielkundige, politieke, ekonomiese, arbeids-, juridiese, sosiale, kulturele, taal- en religieuse verhoudinge.[14]

In hierdie verhoudingstudie word onder die begrip blanke alle persone van wit velkleur en van Europese afkoms bedoel. Die blankes wat gedurende die 19de eeu in die Vrystaat woonagtig was, sluit sendelinge van buitelandse sendinggenootskappe, Vrystaatse,[15] Nederlandse, Engelse en Duitse burgers in.[16]

In die eerste vier hoofstukke van die proefskrif sal hoofsaaklik op die verhouding tussen die blankes in die Vrystaat en die Basoeto gekonsentreer word. Die Basoeto kan op grond van geografiese verspreiding en etnologiese en taalkundige verskille in drie subgroepe verdeel word, naamlik die Suid-Sotho wat hoofsaaklik in Lesotho en die Vrystaat woonagtig is, die Wes-Sotho of die Tswana en die Noord-Sotho of *maAwa*.[17] In die proefskrif sal die term Basoeto gebruik word as daar na die Suid-Sotho verwys word. Die motivering vir die klassifikasie is tweeledig. Eerstens het die Suid-Sotho vir hulleself die naam Basoeto toegeëien.[18] Tweedens maak slegs enkele van die meer resente historici van die term Suid-Sotho gebruik as hulle na Mosjwesjwe se onderdane verwys. Die res gebruik die term Basoeto.

Die Basoetonasie het sy ontstaan aan Mosjwesjwe te danke. Tydens en na die *mfecane* het Mosjwesjwe die Basoetonasie opgebou uit vlugtelinge wat aanvanklik na Butha Buthe en later na Thaba Bosigo gekom het vir beskerming.[19] Hoewel die Basoeto nie 'n homogene nasie is nie, het twee faktore uniformiteit ten opsigte van gewoontes en taal bevorder. Mosjwesjwe het die verskillende stamme onder die kapteinskap van familielede geplaas. Die

---

13 CC Eloff, *Die verhouding tussen die Oranje-Vrystaat en Basoetoland, 1878-1884*, p. viii.
14 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 3.
15 Cf die bepalings van die grondwette van 1854, 1866, 1879 en 1899 met betrekking tot burgerskap. Die grondwette is opgeneem in GD Scholtz, *Die konstitusie en die staatsinstellings van die Oranje-Vrystaat 1854-1902*, pp. 186-203.
16 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 4.
17 NJ van Warmelo, The classification of cultural groups, in WD Hammond-Tooke (ed), *The Bantu-speaking peoples of Southern Africa*, p. 73; GMK Schüler, *Die Barolong van Thaba 'Nchu, O.V.S.: 'n studie van kultuurverandering*, p. 11.
18 Van Warmelo, *The classification of cultural groups*, p. 73.
19 *Vide* o.a. D Fred. Ellenberger, *History of the Basuto. Ancient & modern*, pp. 117-234; Paul Maylam, *A History of the African people of South Africa: from the Early Iron Age to the 1970s*, pp. 25-32; 54-63; Johan Omer-Cooper, The Mfecane survives its critics, in Carolyn Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath. Reconstructive debates in Southern African History*, p. 279; Martin Legassick, The Sotho-Tswana peoples before 1800, in Leonard Thompson (ed), *African societies in southern Africa*, p. 97.

gevolg was dat vroeëre stamlojaliteite afgebreek is. Tweedens het die werksaamhede van die sendelinge en hul opskrifstelling van die Suid-Sothotaal uniformiteit bevorder.[20]

As motivering vir die besondere aandag wat aan die verhouding tussen die blanke Vrystaters en Mosjwesjwe se onderdane geskenk word, kan 'n Afrikanersentriese en 'n pro-swart argument oor blank-swart-verhoudinge aangevoer word. Mosjwesjwe se onderdane het deur "grensoortredings en plakkery ... in ieder geval in die Vrystaat gekom".[21] Maar daar kan ook aangevoer word dat groot gedeeltes van die Vrystaat in werklikheid Basoeto grondgebied is. Volgens pro-swart skrywers het Mosjwesjwe se stamjurisdiksie gestrek oor die Basoetostamme wat tussen die Oranjerivier en Mosjwesjwe se residensie by Thaba Bosigo gewoon het, asook dié stamme wat by die oorsprong van die Caledonrivier en dele van die Harrismithdistrik, gedeeltes van die Winburgdistrik, gebiede oos van die Caledonrivier tot by Thaba Bosigo, Moletsane en Moroka se grondgebied, gedeeltes aangrensend aan die Modderrivier en vanaf Bloemfontein tot by die samevloeiing van die Caledon- en Oranjeriviere gewoon het.[22]

Hoewel daar in die eerste vier hoofstukke van hierdie proefskrif hoofsaaklik op die blank-Basoeto-verhoudinge gekonsentreer sal word, sal die verhoudinge tussen die blankes en van die ander swart stamme ook aangeraak word. Die Tlokwa is deel van die Suid-Sotho, maar het as gevolg van hulle nie-integrasionistiese karakter hul onafhanklikheid behou en nie deel van Mosjwesjwe se Basoetonasie geword nie.[23] Die Tswana-geskiedenis word gekenmerk deur interne konflik. Volgens mondelinge oorlewering het die Tswana gedurende die 13de en 14de eeu in die huidige Witwatersrandomgewing gewoon. Botsings lei tot die versplintering van die Tswana. 'n Splintergroep, die Barolong, bevind hulle gedurende die 17de en 18de eeu in die Noord-Kaap en Noordwes-Provinsie. Na die dood van hulle opperhoof, Tau, verdeel die Barolong in vier kapteinskappe. 'n Groot aantal Barolong vestig hulle gedurende die laat 18de en vroeë 19de eeu by Thaba Nchu.[24] Die Batlapin het hulle onder die beskerming van

---

20 Van Warmelo, *The classification of cultural groups,* p. 74.

21 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank,* p. viii.

22 JM Orpen, *History of the Basutus of South Africa,* p. 5; Monica Wilson, The Sotho, Venda, and Tsonga, in Monica Wilson & Leonard Thompson (eds), *The Oxford History of South Africa,* vol I, pp. 134-142; Peter Becker,*Hill of destiny. The life and times of Moshesh, founder of the Basotho,* p. 119; Timothy J Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa. The Southern Highveld to 1914,* p. 2; Colin Murray *Black Mountain. Land, class and power in the Eastern Orange Free State 1880s-1980s,* p. 16. Mosjwesjwe se grondaansprake word volledig in hoofstuk 1 bespreek.

23 Van Warmelo, *The classification of cultural groups,* p. 74; PA Erasmus, *Die invloed van die mate van etniese bewustheid op die volksontwikkeling van die stedelike Suid-Sotho,* p. 158.

24 *Vide* Schüler, *Die Barolong van Thaba 'Nchu, O.V.S.: 'n studie van kultuurverandering,* pp. 15-25 en Paul Maylam, *A History of the African peoples of South Africa: from the Early Iron Age to the 1970s,* pp. 44-48; 120-122 vir die geskiedenis van die Barolong voor en na hulle vestiging in Thaba Nchu; Van Warmelo, *The classification of cultural groups,* p. 75.

die Franse sendeling Jean Pierre Pellissier in Bethulie gevestig. Die Batlapin van Bethulie was oorspronklik inwoners van Botswana.[25]

Blank en swart was nie die enigste inwoners van die vroeg 19de eeuse Vrystaat nie. Teen 1800 was 'n digte konsentrasie Boesmans in die suidelike en oostelike dele van die Vrystaat en in en om die berge van Lesotho aanwesig. Die koms van die Griekwas, Korana en blankes, asook die *mfecane*, het tot gevolg gehad dat die Boesmans van hulle grond en waterfonteine verdryf is. Die oorblyfsels van die verslane gemeenskappe het in die Drakensberge gaan skuiling soek.[26] Die verbrokkeling van die Hottentotgemeenskappe aan die Kaap gedurende die 17de eeu lei daartoe dat van hulle noordwaarts emigreer. Die Grigriekwa, wat later as die Griekwas bekend geraak het, was reeds teen 1661 langs die laer-Olifantsrivier gevestig. Teen die 18de eeu het dié Hottentotstam reeds Boesman en blanke bloed in sy geledere opgeneem. Die Griekwas onder Adam Kok het teen die middel van die 18de eeu noordwaarts beweeg na die Kamiesberge vanwaar hulle na die laer-Oranjerivier verskuif het en toe ooswaarts na die middelloop van die rivier getrek het. In 1826 kry hulle toestemming om hulle op die Londense Sendinggenootskap se sendingstasie te Phillipolis te vestig.[27] Die Korana, nomadiese veebesitters van gemengde Boesman-blanke-afkoms, was waarskynlik van die vroegste inwoners van die gebied rondom die Oranje- en Vaalrivier. Hulle het nooit lank op een plek vertoef nie en was voortdurend op soek na water en beter weivelde. Met die verkryging van vuurwapens het hulle spoedig rooftogte teen onder andere die Boesmans, Basoeto, Tswana en Griekwas onderneem.[28]

Die verhouding tussen die blankes en/of swartes met die Boesmans, Griekwas en Korana sal nie in die proefskrif aangeraak word nie. Geskied- en ander skrywers se persepsies oor die invloed van hulle teenwoordigheid in die Vrystaat op blank-swart-verhoudinge sal wel uitgewys word.

Met die woord Vrystaat word deurgaans na die teenswoordige (1998) gelyknamige gebied verwys. Dié gebied se grense is aanvanklik ten noorde en suide deur die Britse proklamasie van die Oranjeriviersoewereiniteit (ORS), ten ooste deur die Tweede Verdrag van Aliwal-

---

25 Van Warmelo, *The classification of cultural groups,* p. 75; Schüler, *Die Barolong van Thaba 'Nchu, O.V.S.: 'n studie van kultuurverandering*, p. 12.

26 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, pp. 235-236; Monica Wilson, The hunters and herders, in Monica Wilson & Leonard Thompson (eds), *Oxford History of South Acrica,* vol I, pp. 40-77; CFJ Muller, *Die oorsprong van die Groot Trek*, p. 64.

27 Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, pp. 238-254; C Saunders (ed), *Reader's Digest illustrated History of South Africa. The real story,* p. 138; Muller, *Die oorsprong van die Groot Trek*, pp. 64-66.

28 Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, pp. 236-238; Muller, *Die oorsprong van die Groot Trek*, pp. 64-66; Monica Wilson, The Sotho, Venda, and Tsonga, in Monica Wilson & Leonard Thompson (eds), *Oxford History of South Acrica,* vol I, pp. 165-155.

Noord (12 Februarie 1869) en ten weste deur die Keate-uitspraak en daaropvolgende anneksasie van Griekwaland-Wes deur die Kaap bepaal.[29]

Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat word slegs vir die periode 1800-1910 onder die loep geneem, aangesien die vroegste opgetekende kontak tussen blank en swart in die streek vroeg in die 19de eeu 'n aanvang geneem het. In 1910 word die Vrystaat deel van die Unie en in 1961 van die Republiek van Suid-Afrika. Gevolglik bespreek geskied- en ander skrywers blank-swart-verhoudinge na 1910 in 'n breër Suid-Afrikaanse eerder as in 'n provinsiale konteks.

Weens die logistieke omvang van publikasies oor blank-swart-verhoudinge is slegs gepubliseerde boeke, insluitende doktorale proefskrifte, MA-verhandelinge, wetenskaplike, populêr-wetenskaplike, asook herinneringswerke of dagboeke oor die 19de en vroeg 20ste eeuse Vrystaatse geskiedenis in hierdie studie historiografies ontleed. Dit moet nie gesien word as 'n miskenning van die waarde van wetenskaplike en populêre artikels in tydskrifte en die elektroniese media, ongepubliseerde herinneringsgeskrifte in privaatversamelings en argiefbewaarplekke, of ongepubliseerde doktorale proefskrifte en MA-verhandelinge nie. In sy wese is 'n historiografiese studie die uitwys van tendense deur hoofstroomgeskiedskrywers. Hierdie proefskrif poog egter om méér as dit te wees: die uitsprake deur eietydse skrywers, asook populêre, selfs kwasi-historici word ondersoek, want "ons selferkende amateurs [se] lewens word nie deur sillabusse en sperdatums gebind nie",[30] voorts vorm populêre gedenkpublikasies en oorsigwerke tot groot hoogtes die historiese bewussyn van die breë publiek. Binne die eerste ses maande na die publikasie van *The Reader's Digest Illustrated History of South Africa*, is 85000 kopieë verkoop. Aggressiewe bemarking, innoverende bladuitleg en 'n soepel skryfstyl dra by tot die gewildheid van die boek by die breë leserspubliek.[31]

Hoewel die doel van hierdie proefskrif nie die rekonstruksie van die Vrystaat se verlede is nie, maar 'n historiografiese analise van blank-swart-verhoudinge, is gebeure wel in historiese konteks geplaas.

Hierdie studie het nie ten doel om 'n sogenaamde "korrekte" interpretasie van aspekte van die Vrystaat se geskiedenis uit te wys nie. Elk van die historiografiese skole lig verskillende gegewens uit, en belig hulle uit verskillende gesigshoeke. Watter perspektief korrek is, is

---

29 *Vide* o.a. CC Eloff, *The so-called Conquerde Territory*, pp. 22-23; Trafford B Barlow, *President Brand and his times*, pp. 83; 176-178; Godfrey Lagden, *The Basutos. The mountaineers & their country, vol II*, pp. 452-457; GW Eybers (ed), *Select Constitutional documents illustrating South African History 1795-1910*, pp. 336-341 en Kaart 3.

30 C Coetzee, *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*, p. 22.

31 *Vide* Leslie Witz & Carolyn Hamilton, Reaping the Whirlwind: *The Reader's Digest Illustrated History of South Africa* and changing popular perceptions of History, *South African Historical Journal* 24, 1991, pp. 185-202.

onmoontlik om te bepaal; waarskynlik is geeneen alleen waar nie. 'n Gebalanseerde hantering van blank-swart-verhoudinge vereis dat alle belangrike bydraes betrek en oorweeg moet word. Die samebindende tema van hierdie proefskrif is dat objektiewe geskiedskrywing 'n mite is. Vir my om aanspraak te maak op objektiwiteit sou dus 'n persoonlike verwerping van al my navorsing wees. As kind van polities bevraagtekenende ouers, maar leerling verbonde aan 'n tipiese plattelandse Vrystaatse skool waarin geskiedenis in ooreenstemming met Afrikanersentriese verledebeeld van die sestigerjare onderrig is, het ek reeds op vroeë ouderdom vrae oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis gevra. Ondersoeke na, verslae oor en regverdigings vir gewelds- en ander optrede gedurende ons apartheidsverlede is aan die orde van die dag in die post-apartheid Suid-Afrika. Hierdie soeke na die "waarheid" oor apartheid-Suid-Afrika dien vir my as impetus om na die "waarheid" oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat se verlede te gaan soek. Vanuit wat ek waarskynlik 'n post-apartheidsperspektief kan noem, het ek 'n ondersoek geloods na uitsprake wat opgeteken is in herinneringsgeskrifte en dagboeke, asook die navorsingsbevindinge van geskiedskrywers wat oor 'n periode van meer as 150 jaar gepubliseer is. Die belangrikste insig waartoe ek gekom het, is dat daar geen absolute waarhede in geskiedskrywing bestaan nie.

Twee belangrike gebeure waarby die Vrystaat direk betrokke was, naamlik die Vrede van Vereniging (1902) en die Nasionale Konvensie (1909), word nie in hierdie proefskrif aangeraak nie. Dit is problematies om te onderskei wanneer die Vrystaat se verteenwoordigers by die twee samekomste as Vrystaters in belang van die Vrystaat en wanneer hulle as Afrikaners in belang van die Afrikaners hulle oor blank-swart-aangeleenthede uitspreek. Dit is ook nie duidelik of en wanneer geskiedskrywers die Vrystaat se politici en militêre leiers se optredes en uitsprake in 'n eng Vrystaatse of in 'n breër Suid-Afrikaanse konteks beoordeel nie.

Die verskillende benamings vir die swart bevolking is in hierdie proefskrif kritiekloos, soos dit deur geskied- en ander skrywers in hulle boeke gebruik is, in direkte aanhalings oorgeneem. Dié benaminge, onder andere *kaffer*, *naturel*, *bantoe*, *nie-blanke* en *swarte*, reflekteer tot groot hoogstes die sieninge van die onderskeie skrywers, maar ook die tydsgees waarin hulle gewerk het. My skynbaar gedistansieerde houding teenoor die gebruik van kwetsende terme moet nie as sulks geïnterpreteer word nie. 'n Studie oor die verskillende benaminge vir die swartes oor tyd heen hoort interessante insigte te verskaf op die 19de en 20ste eeuse rasbeskouinge.

Nie net die verskillende benaminge vir swartes nie, maar ook die uiteenlopende spellings deur geskied- en ander skrywers van eie- en plekname is sonder die gebruik van *sic* of kommentaar in aanhalings oorgeneem. Hierdie is 'n historiografiese, nie 'n etimologiese studie nie.

* * *

In ooreenstemming met die gestelde doel sal die struktuur van die proefskrif soos volg daaruit sien:

In die Inleiding word eerstens 'n oorsig verskaf oor die bevindinge van voltooide historiografiese navorsing oor blank-swart-verhoudinge in Suid-Afrika. Hierdie sinopsis sal as teoretiese raamwerk gebruik word vir die historiografiese studie oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat. Tweedens word die belangrikste geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke en dagboeke wat uitsprake oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat lewer, geïdentifiseer.

In die eerste vier hoofstukke word op chronologiese wyse die konflikverhouding tussen die blanke Vrystaters en die Basoeto historiografies ontleed. In hoofstuk 1 word gekonsentreer op die invloed van blank én swart migrasie op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gedurende die periode 1800-1843. Besondere klem word op die stryd om grond gelê. In die tweede hoofstuk word die rol van Brittanje in blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat (1843-1854) historiografies ontleed. In hoofstuk 3 word die historiografiese analise van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat toegespits op die algemene oorsake van die oorloë, asook blank-Basoeto-verhoudinge tydens die regeringstydperke van die eerste drie Vrystaatse presidente. Hoofstuk 4 bied 'n historiografiese blik op blank-swart-verhoudinge tydens die presidentskappe van JH Brand, FW Reitz en MT Steyn.

In hoofstuk 5 word 'n historiografiese verkenning van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) onderneem.

Hoofstuk 6 ondersoek geskied- en ander skrywers se persepsies oor verhoudinge op sosiale, mediese en onderwysterreine (1800-1910).

Hoofstuk 7 konsentreer op ekonomiese, staatkundig-politieke en juridiese blank-swart-verhoudinge (1800-1910).

In die agtste hoofstuk word historiografies gelet op blank-swart-verhoudinge op godsdienstige terrein (1800-1910).

In die slothoofstuk word naas die verskaffing van 'n sinopsis oor die historiografiese studie oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat, ook bevindinge en aanbevelings gemaak.

* * *

Min studente het die voorreg om twee uitstaande akademici as promotors te hê. Prof. JC Moll, wat aanvanklik as promotor opgetree het, het met sy deurdagte kommentaar, leiding en

entoesiasme die grondslag vir hierdie proefskrif gelê. Na sy aftrede het prof. SL Barnard met dieselfde entoesiasme, deeglikheid en aanmoediging as promotor opgetree. Ek dank beide here vir hulle studieleiding.

'n Besondere woord van dank aan prof. Barnard vir die deurslaggewende rol wat hy gespeel het in die opgradering van hierdie studie tot 'n doktorale proefskrif.

'n Woord van dank aan die personeel van die UOVS-SASOL-biblioteek, in besonder die dames van die uitleentoonbank en die Africana-afdeling. Die vriendelike en professionele wyse waarop u my gehelp het, word hoog op prys gestel. Die hulpvaardige wyse waarop personeel van Bloemfontein Stadsbiblioteek my gehelp het, verdien vermelding.

'n Woord van dank aan mev. Magda Burger van RIEP, UOVS vir die vertaling van die opsomming in Engels.

Die belangstelling van my broer en suster, asook vriende en kollegas word hoog op prys gestel.

Aan my vriendin en huishulp mev. Nellie Msabe wil ek dankie sê omdat sy al die huishoudelike sleurwerk op haar geneem het sodat ek gefokus kon werk.

Ek dank my ouers vir volgehoue, onvoorwaardelike ondersteuning en liefdevolle aanmoedinging.

Alle dank en eer aan God.

Corene de Wet
Bloemfontein
November 1998

# Inleiding

Verskeie historiografiese studies lewer waardevolle insigte en riglyne oor ontwikkelingstendense in die Suid-Afrikaanse historiografie. Ten spyte van geringe nuanseverskille is hierdie historiograwe redelik eensgesind in hulle siening dat Brits-Suid-Afrikaanse en blank-swart-verhoudinge die oorheersende politieke paradigmas in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing is.[1] Die doel van hierdie proefskrif is nie om die reeds bestaande navorsingsbevindinge oor die Suid-Afrikaanse blank-swart-historiografie te bevestig of te bevraagteken nie, maar om teen die agtergrond van dié historiografiese studies 'n ondersoek te loods na blank-swart-verhoudinge soos weerspieël in die Vrystaatse geskiedskrywing. Hierdie inleiding oor die karakteristiek van blank-swart-verhouding in die Suid-Afrikaanse historiografie sal as teoretiese raamwerk gebruik word vir die historiografiese analise van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat. Aspekte wat direk betrekking op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat het, sal uitgelig word. Voorts sal die belangrikste geskiedskrywers, asook eietydse skrywers van dagboeke en herinneringswerke wat uitsprake lewer oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat uitgewys word.

Die vroegste werke oor die Vrystaatse geskiedenis is vanuit 'n koloniaal-imperiale gesigspunt vertolk. Die twee mees produktiewe koloniale geskiedskrywers oor die vroeg 19de eeuse Vrystaatse geskiedenis, George McCall Theal en sir George Cory, skryf vanuit 'n blanke koloniale standpunt. Hulle is simpatiek gesind teenoor die blanke boere en plaas die skuld vir die swart-blank-konflik op die skouers van die swartes. Hierdie twee skrywers is ook sterk veroordelend teenoor die sendelinge omdat hulle as pleitbesorgers vir die swartes opgetree het. Hulle werke word gekenmerk deur 'n oorvloed van detail en kroniekagtige beskrywings. Voorts is daar geen eenheid, struktuur en sintese nie.[2]

Imperiale geskiedskrywing hang saam met die opbloei van Britse imperialisme gedurende die laaste kwart van die 19de eeu. Die Britse imperialistiese historiografie vertolk die Suid-Afrikaanse geskiedenis as deel van die geskiedenis van die Britse ryk. Die handhawing en uitbreiding van Britse belange word voorop gestel. Die Britse gesag moes oor die aarde uitgebrei word in belang van vooruitgang, beskawing en medemenslikheid. Beide die blanke boere en die swartes word afgekraak as agterlik en onbeskaaf. Omdat die 19de en vroeg 20ste

1 Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*; Van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*; Smith, *The changing past*; Saunders, *The making of the South African past*, pp. 106-185; Moll et al., *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*; Grobler, *Die geskiedenis van swart politiek in Suid-Afrika tot 1961: 'n historiografiese balansstaat*; Stals, *Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing.*

2 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p. 307; Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, pp. 52-53; Van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, pp. 36-38; Moll *et al*, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, pp. 3-6; Smith, *The changing past*, pp. 19-24; Saunders, *The making of the South African past* pp. 18-19.

eeuse Europeër nie 'n kritiese ingesteldheid oor blank-swart-verhoudinge gehad het nie, bevraagteken die imperiale geskiedskrywers nie die verhouding van die blanke (Afrikaner) en die swartes in die algemeen nie,[3] maar sodra die Ryk se posisie in gedrang kom, neem die imperiale geskiedskrywers standpunt in oor blank-swart-verhoudinge. Beide die Afrikaners en die Basoeto word negatief beoordeel tydens die ORS-tydperk; hulle gebrek aan samewerking met die Britse bewindhebbers word as struikelblokke in die weg van die uitbouing van die Britse ryk voorgehou. Basoeto-aggressie word as rede genoem vir die oorloë tydens die ORS-tydperk. Omdat die uitbreiding van die Britse gesag oor die Vrystaat vir hierdie skrywers 'n noodsaaklike stap in die handhawing van orde was, betreur hulle die Britse onttrekking uit die Vrystaat as synde 'n stap wat die swartes weerloos teen die onbeskaafde blankes sou laat. Die argument geld ook met betrekking tot die anneksasie van Basoetoland en die uitbreek van die ABO - Brittanje móés ingryp om die swartes teen blanke (Afrikaner) onderdrukking te beskerm. Uit die proefskrif sal dit blyk dat hoewel beide die koloniale en imperiale geskiedskrywers weinig agting vir die swartes toon, laasgenoemde skrywers 'n meer kritiese ingesteldheid teenoor die Vrystaters se optrede teenoor die swartes toon, want Brittanje is vir hulle "the protector of the weak".[4] Naas die skrywers van 'n magdom pro-Britse publikasies oor die ABO lewer onder andere A Wilmot, AH Keane, James Bryce, J Noble en William C Holden uitsprake vanuit 'n imperiale perspektief oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat. Omdat hierdie skrywers hulle in beskrywende vertellings en selfs pro-Britse propagering toespits op Brittanje as imperiale moondheid, is daar weinig verwysings na blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat. Slegs verhoudinge wat as direk tot voordeel of ten nadele van die imperiale saak beskou is, word aangeraak.

Naas die koloniale en imperiale geskiedskrywing het daar gedurende die laaste kwart van die 19de eeu ook nasionalistiese of Afrikanersentriese geskiedskrywing ontstaan.[5] Hierdie skrywers was geen wetenskaplik opgeleide historici nie en word as voorwetenskaplike geskiedskrywers geklassifiseer. Dié skrywers het die Afrikaner en die vaderland, nie Brittanje as koloniale moondheid of die Britse koloniale regerings in Suid-Afrika nie, op die voorgrond gestel as reaksie teen die imperiale aanslag van die Britse regering op die

---

3 Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p. 307; Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, pp. 55-59; Van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, pp. 33-34; Smith, *The changing past*, pp. 91-31.

4 J Noble, *South Africa*, p. 145.

5 Die term Afrikanersentriese eerder as Afrikanergeskiedskrywers sal deurgaans in hierdie proefskrif gebruik word. Skrywers wat die fokus op die blanke Afrikaner se verlede laat val, publiseer nie net in Afrikaans nie, maar ook in Nederlands en Engels. Voorts plaas nie alle Afrikaanse geskiedskrywers die blanke Afrikaner sentraal in hulle werke nie, terwyl sommiges paradigamverskuiwings ondergaan (*vide* o.a. FA van Jaarsveld, In 'n breukvlak tussen twee tydperke: 'n diagnose van ons situasie, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 15(3), 1990, pp. 45-54; Van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms*, p. 207; Moll *et al*, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, pp. 18-21; Smith, *The changing past*, pp. 89-98).

Boererepublieke en die pro-Britse geskiedskywing. Deur die herskepping van die verlede wou hierdie skrywers gestalte gee aan 'n Afrikaneridentiteit en regverdiging vind vir die Afrikaners se optrede. Voorts moes die Afrikaner bewaar word teen die aanslae van Britse oorheersing. Geskiedenis word "'n wapenarsenaal waaruit skietgoed vir die politieke stryd van die dag gehaal is".[6] In die werke van hierdie geskiedskrywers word die Afrikaner geskets as die draer van die Christelike beskawing; daarenteen word die swartes uitgebeeld as heidene en barbare. Blank-swart-konflik het sy oorsprong in swart aggressie. Daarenteen word die blankes as vredeliewend geskets - hulle het slegs tot militêre optrede oorgegaan ter wille van die beskerming van die Christelike beskawing en huis en haard. Die blanke, en in besonder die Afrikaner, word as die superieure ras geskilder, daarom is dit vir hierdie skrywers logies dat die swartes as die onderdane, die barbare en die heidene onderwerp moet word.[7] FA van Jaarsveld merk tereg op dat die geskiedenis van die Afrikaner vir hierdie skrywers 'n "lydensgeskiedenis" en "worstelstryd" teen die "natuur, die inboorling en die Imperialisme" is.[8]

Die leidende Afrikanersentriese geskiedskrywer van die voorwetenskaplike fase wat hom oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat uitgespreek het, is JH Hofstede (1876). In wat in daardie tyd bestempel is as 'n "volksboek", spreek Hofstede die volgende wens uit:

> *Mocht het eenvoudig verhaal van alwat onze vaderen hebben gedaan en geleden onze borst doen tintelen van warme liefde voor het land, dat wij nu in ruste bewonen, en ons hart tot dankbaarheid stemmen voor al de liefde en ondersteuning des Albestuurders, die onze voorouders onder al de wederwaardigheden en beproevingen ondervinden mochten.*[9]

Dié siening word deur N Hofmeyr gedeel. Deur kennis te neem van die oorloë tussen die Vrystaat en die Basoeto sal "eerbied op[ge]wekt [word] voor het voorgeslacht, liefde voor land en volk en dankbaarheid jegens den Allerhoogste.[10] Naas Hofstede, wie se publikasie al as die "boustof vir die Vrystaatse geskiedenis" beskryf is,[11] is die belangrikste Afrikanersentriese geskiedskrywers uit die voorwetenskaplike fase wat blank-swart-

---

6 Van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms*, p. 139.
7 Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, pp. 59-64; Van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, pp. 13-16; Moll *et al*, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, pp. 7-9; Smith, *The changing past*, p. 63.
8 Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, p. 60.
9 HJ Hofstede, *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat, in verband met eene korte geschiedenis der aangrenzende kolonien, vooral der Kaapkolonie. Geskiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, p. 1.
10 N Hofmeyr, *Kijkjes in onze geschiedenis*, p. 126.
11 JJG Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek en die Basoetoe-vraagstuk*, p. i.

verhoudinge in die Vrystaat aanspreek HPN Muller, WW Collins, JFG van Oordt en JH Malan.[12]

Die wetenskaplike fase van die Afrikanersentriese geskiedskrywing neem teen ongeveer die derde dekade van die 20ste eeu 'n aanvang by Afrikaanse universiteite. Hoewel die geskiedenis nou verwetenskaplik word, is voortgebou op die tradisionele geskiedbeeld. Vanuit 'n nasionalistiese, blanke Afrikanersentriese verwysingsraamwerk word geskryf oor die Afrikaner se stryd om selfbeveiliging en selfhandhawing teen Brit en swart. In die Rankeaanse tradisie word op nasionale temas, te wete die politiek, staat, interstaatlike verhoudinge, militêre geskiedenis en die optrede van groot leiers gekonsentreer. Van hierdie skrywers het hulle dit ook ten doel gestel om die Afrikaner se optrede in die verlede en die status quo met betrekking tot tussengroepverhoudinge te regverdig.

Terwyl Afrikanersentriese geskiedskywers hulle liberale kollegas van onsimpatiekheid en vyandigheid teenoor die Afrikaners beskuldig, verwys liberale geskiedskrywers op hulle beurt na die eensydigheid, strakheid en eksklusiwiteit van die Afrikanersentriese skrywers.[13]

Afrikanersentriese geskiedskrywers sien blank-swart-verhoudinge as 'n probleemverhouding. Hulle wil na die verlede kyk om tot meerdere kennis van die "probleem" te kom; die oorsprong van die "probleem" na te speur; moontlike foute in die hantering van dié "probleem" bloot te lê en ook "oplossings" aan te bied.[14]

Sommige Afrikanersentriese geskiedskrywers beklemtoon die kulturele, fisiese, kleur- en beskawingsverskille tussen blank en swart. Onoorbrugbare verskille tussen die meer beskaafde en hoër ontwikkelde blankes en die swartes maak apartheid, en dus die swartes se ondergeskikte posisie, 'n logiese "oplossing" vir verhoudingsprobleme.

Die Afrikanersentriese geskiedskrywers aanvaar sekere gebeure/historiese prosesse, onder andere blanke besetting, uitbreiding en beheer oor Suid-Afrika, blank-swart-konflik en swart

---

12 JH Malan, *Die opkoms van 'n Republiek* (1929) kan waarskynlik as 'n oorgangspublikasie tussen die voorwetenskaplike en professionele Afrikanersentriese geskiedskrywers beskou word. Hoewel sy werk op argivale navorsing berus, is daar geen bronverwysings in die teks of 'n bibliografie nie (*vide* Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. ii en Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, p. 68).

13 Moll *et al*, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, p. 29.

14 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. vii wys daarop dat die studie van sodanige verhoudinge noodsaaklik is "om die situasie wat in die twintigste eeu ontwikkel het, ten volle te begryp". Voorts sê hy dat die kernbeginsels van die Vrystaat se beleid teenoor die swartes, te wete rassedifferensiasie, segregasie, kleurgevoel, selfbeskerming en selfbehoud wel in die RSA se apartheidsbeleid vergestalting gevind het. Hy dui aan dat die beleid van "afsonderlike ontwikkeling" net latent in die Vrystaat se beleid aanwesig was, en waarsku dat die apartheidsbeleid van die 1970's nie sonder meer na die Vrystaat se rassebeleid van die 19de eeu teruggevoer moet word nie (*ibid.*, pp. 377-378).

arbeid as historiese werklikhede sonder om dit te bevraagteken. Inteendeel. Dit word verduidelik of geregverdig.

Die besetting van grondgebied word geregverdig op grond van die gelyktydige aankoms van blank en swart in Suid-Afrika en op grond van die argument dat die blankes onbesette grond regmatig beset het.

In die beskrywing van blank-swart-verhoudinge fokus Afrikanersentriese geskiedskrywers op die blanke Afrikaner. Omdat hulle hoofsaaklik van blanke bronne gebruik maak, toon hierdie skrywers begrip vir en regverdig die blankes se optrede. Daarenteen word die optrede van die swartes soms aangedui, maar nie ontleed, in besonderhede beskryf of opgeweeg teenoor die optrede van die blankes nie. Geen begrip word vir die optrede van die swartes getoon nie.

Terwyl die blankes getipeer word as die draers van die Westerse beskawing en Christelike geloof na "Donker" Afrika, word die swartes se optrede as 'n bedreiging vir die vestiging en uitbreiding van die blankes voorgehou. Hulle was die aggressors wat gepoog het om deur aanvalle op blankes, veediefstalle, plundertogte en die verbreking van ooreenkomste die vreedsame vestiging van die blankes in die binneland in die wiele te ry. Met enkele uitsondering na word alle blaam vir die uitbreek van blank-swart-oorloë voor die deur van die swartes gelê. Die swartes het hulle skuldig gemaak aan aggressiewe grondekspansionisme, diefstalle, grensoortredings, roof- en plundertogte en die verbreking van verdrae. Die blankes daarenteen het alles in die stryd gewerp om tot 'n vreedsame vergelyk te kom. Militêre optrede was 'n laaste uitweg ter wille van oorlewing. In die beskrywing van oorloë word die militêre suksesse van die Afrikaners uitgelig. Mislukkings of lafhartige optrede word óf verswyg óf geregverdig. Daarenteen word die swartes as lafhartige, ondoeltreffende krygers, wat hulle aan ongeoorloofde krygstegnieke skuldig gemaak het, geskets.

Afrikanersentriese geskiedskrywers skenk min aandag aan blank-swart-samewerking. Van die skrywers ag dit nodig om sodanige samewerking, byvoorbeeld die neutraliteitsooreenkoms tussen die blanke boere en Mosjwesjwe ten tye van die ORS-periode, te regverdig. Hoewel verskeie Afrikanersentriese geskiedskrywers aandag aan die ondergeskikte politieke en maatskaplike posisie van die swartes skenk, word met die uitsonderings van CJP le Roux en HJ van Aswegen se publikasies feitlik glad nie na die swartes se belewing van hul situasie gelet nie.[15]

---

15 CJP le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910*; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902*.

Aspekte wat 'n negatiewe lig op die blanke Afrikaner kan werp, byvoorbeeld bloedvermenging of veediefstalle, word óf geïgnoreer óf as 'n uitsondering eerder as die reël afgemaak.[16]

Afrikanersentriese geskiedskrywers is nie net anti-swart nie, maar ook anti-Brits. Daarom word die Britse beleid teenoor die swartes gekritiseer. Slegs die Afrikaners besit die kennis en insig om 'n werkbare beleid teenoor die swartes daar te stel.

Nes die Afrikanersentriese geskiedskrywers uit die voorwetenskaplike fase is hulle professionele geesgenote eerder beskrywend as ontledend. Opvallend van baie van hulle publikasies is die oormaat detail, met weinig aanduiding van wat belangrik en onbelangrik is. Hierdie skrywers beskryf dikwels gebeure sonder om dit in 'n breër Suid-Afrikaanse, Afrika- of wêreldkonteks te plaas. Voorts word die interafhanklikheid tussen die politiek, ekonomie, godsdiens en ekonomie afgeskeep.[17]

Naas die twee kernpublikasies deur HJ van Aswegen en CJP le Roux oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat, het 'n magdom Afrikanersentriese geskied- en ander skrywers hulle uitgespreek oor veral die Vrystaat-Basoeto-konflikte. Geskiedskrywers wat redelik volledig aan die situasie in die Vrystaat gedurende die 19de eeu aandag gee, is JJG Grobbelaar, CC Eloff, MCE van Schoor, GD Scholtz, Trafford B Barlow, BJ Barnard, FJ du Toit Spies, G Tylden, en Eileen M Attree.[18] Van die vier belangrikste professionele Afrikanersentriese geskiedskrywers oor die ABO, naamlik JH Breytenbach, J Ploeger, André Wessels en Fransjohan Pretorius, poog slegs laasgenoemde twee om 'n meer genuanseerde uitbeelding van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat tydens die oorlog aan te bied.

Waar die professionele Afrikanersentriese geskiedskrywing sy beslag aan Afrikaanse universiteite kry, kry die liberale geskiedskrywing gestalte aan Engelstalige universiteite gedurende die twintigerjare. Terwyl die Afrikanersentriese geskiedskrywers op die rol en plek van die Afrikaner fokus en onder invloed van die Rankeaanse werkswyse politieke geskiedenis skryf, konsentreer die liberale geskiedskrywers meer op menseverhoudinge, sosiaal-ekonomiese vraagstukke en die oorsprong en ontwikkeling van die politieke vraagstukke van die hede. Hierdie skrywers beklemtoon die strewe na gelyke behandeling

---

16 Moll *et al*, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, pp. 12-17. *Vide* ook Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, pp. 64-74; Van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, pp. 16-32; Van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms*, pp. 140-141; Smith, *The changing past*, pp. 69-70; 87-89.

17 Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, p. 70.

18 G Tylden, *The rise of the Basuto* kan waarskynlik om tematiese redes en Eileen M Attree op grond van haar uitsprake oor ekonomiese beleid as liberaal geklassifiseer word, maar hulle uitsprake oor blank-swart-verhoudinge toon duidelik ooreenkomste met Afrikanersentriese geskiedskrywers.

van almal ongeag ras of kleur, die handhawing van die regsgesag en die voordele van die kapitalistiese stelsel vir alle bevolkingsgroepe.

Hoewel liberale geskiedskrywers sterk pleitbesorgers vir die swartes is, staan die blankes en nie die swartes sentraal in die meeste van hulle werke. Die skrywers poog om op grond van sendinggeskrifte die swartes in eie reg te beskryf, maar hulle bly mede-spelers in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Liberale geskiedskrywers staan besonder krities teenoor blanke kolonisasie. Die blankes se optrede is deur grondhonger en hulle vraag na goedkoop swart arbeid gemotiveer. Waar die meeste Afrikanersentriese geskiedskrywers alle blaam vir blank-swart-oorloë op die skouers van die swartes plaas, blameer die liberale geskiedskrywers in die eerste instansie blanke kolonisasie. Nie die oorlogsugtige magsuitbreiding van die swartes nie, maar blanke betreding van swart grondgebied is die kernoorsaak van die oorloë. Voorts word blank en swart mede-verantwoordelik gehou vir die uitbreek van oorloë. Beide groepe het meegeding om die besit van grond, water en vee; en daar was 'n wedersydse vrees vir verdringing.

Die tradisionele swart samelewing is in die vroeë liberale geskiedskrywing meestal as onbeskaaf, primitief en 'n bedreiging vir die beskawing beskou. Aan die politieke en sosiale struktuur van hierdie samelewing, die opkoms van die swart koninkryke, die uitbreiding en verspreiding van die swart volke en die *mfecane* is min aandag gegee.

Terwyl die Afrikanersentriese geskiedskrywers na die Nasionale Party se bewindsoorname (1948) glo dat die heil van die land in apartheid geleë is, glo die liberale skrywers dat pogings om totale skeiding te weeg te bring, gedoem is tot mislukking, want die verhouding tussen volke moet gebaseer wees op kontak, akkulturasie en wedersydse afhanklikheid.[19]

Waar die Afrikanersentriese geskiedskrywers aanvanklik veral tematies te werk gaan, gee verskeie liberale geskiedskrywers 'n sintetiese blik op die Suid-Afrikaanse geskiedenis,[20] byvoorbeeld CW de Kiewiet se *A History of South Africa Social and Economic* (1941) asook EA Walker, *A History of South Africa* (1928) en die hersiene uitgawe, *A History of Southern Africa* (1957). Ten spyte daarvan dat die liberale geskiedskrywers ondersoeke loods na ekonomiese kragte soos vryhandel, vryheid van arbeid, vrye mededinging en die proses van

---

19 Moll *et al*, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, pp. 30-37; Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, pp. 74-80; Van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, pp. 38-52; Van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms*, pp. 140-141; Smith, *The changing past*, pp. 103-104; Saunders, *The making of the South African past*, pp. 65-66; 75; 96-101; Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, pp. 308-309.

20 Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, p. 78.

natuurlike ekonomiese kragte wat die samelewing reël, is die liberale geskiedskrywers, nes hulle Afrikanersentriese kollegas, se geskiedskrywing hoofsaaklik beskrywend.[21]

Publikasies deur studente en dosente verbonde aan Engelstalige universiteite sedert die twintigerjare tot ongeveer met die verskyning van *The Oxford History of South Africa: South Africa to 1870* (1969 en 1971) staan in die tradisie van die liberale geskiedskrywing. Verskeie van hierdie skrywers spreek hulle oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat uit, onder andere EA Walker, CW de Kiewiet, WM Macmillan, JAI Agar-Hamilton, Edna Bradlow, Allan F Hattersley, JF Midgley, Sheila T van der Horst, Jean van der Poel, Julian Mockford, Richard P Stevens en JM Wales.

Nie net Engelssprekende akademici toon liberale tendense nie. Die populêre publikasie deur JP Bruwer, *Manne van die Bantoe* (1956) en HJ van Aswegen se oorsigwerk, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* (1989) is byvoorbeeld eerder vanuit 'n liberale as 'n Afrikanersentriese perspektief geskryf. Laasgenoemde werk het waarskynlik ten doel om as 'n brug tussen die Afrikanersentriese, neo-liberale en revisionistiese oorsigwerke te dien en is "'n poging om in die lig van die ou en nuwe kennis oor ons vroeë geskiedenis die gebeure op 'n onbevange en hanteerbare wyse aan die leser en student oor te dra."[22] Volgens Van Aswegen is Afrikanersentriese geskiedskrywers blanksentries en hou nie rekening met die wordingsgeskiedenis voor die koms van die blankes nie. Hy wys daarop dat min of geen aandag aan die swart gemeenskappe in Suid-Afrika geskenk word nie en dié mense word meestal as "probleme" in die pad van die blanke vestiging en uitbreiding, en nie as gemeenskappe met 'n eie geskiedenis en plek in die groter Suid-Afrikaanse geskiedenis behandel nie. Neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers daarenteen neig om die rol van die blankes soms oormatig negatief voor te stel.[23]

Koloniale, imperiale, Afrikanersentriese en liberale geskiedskrywers fokus op die blankes se verledebeeld. Die verskyning van *The Oxford History of South Africa: South Africa to 1870* (1969 en 1971) word as 'n waterskeidingpublikasie in die Suid-Afrikaanse historiografie beskou. Volgens dié publikasie hóórt die sentrale tema van Suid-Afrikaanse geskiedskrywing die "interaction between peoples of diverse origins, languages, technologies, ideologies, and social systems, meeting on South African soil" te wees.[24] Voorts wil dié publikasie as korrektief dien vir wat die outeurs as vyf foutiewe voorveronderstellings in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing beskou. Die outeurs wys daarop dat geskiedenis van Suid-Afrika vir die meerderheid geskiedskrywers óf met die ontdekking van die Kaap deur die

---

21 Moll *et al*, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, p. 33.
22 Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 8.
23 *Ibid*, p. 7.
24 Monica Wilson & Leonard Thompson (ed), *The Oxford History of South Africa: South Africa to 1870*, vol I, p. v.

Portugese óf met die koms van die Nederlanders in 1652 begin. Argeologiese bewyse van die vroeëre geskiedenis word gevolglik geïgnoreer. Tweedens bestaan daar die aanname dat tradisionele gemeenskappe in Afrika staties en sonder enige strukturele veranderinge was. Derdens word die klassifisering van die inheemse bevolkings in vaste groepe op grond van taal, fisiese of ekonomiese ooreenkomste gekritiseer. Vierdens word die aanname dat die inheemse bevolkings as suiwer rasse territoriaal en kultureel geïsoleerd van mekaar ontwikkel het, verwerp. As gevolg van die akademiese voorveronderstelling dat geskiedskrywers hulle nie met sosiale strukture van die gemeenskap moet bemoei nie, lê sommige geskiedskrywers slegs klem op die politieke en ekonomiese ontwikkeling van die blanke.[25]

Deur die gebruik van die woord *nuut* in die titels van hul werke, wil sommige neo-liberale geskiedskrywers die verskil in hul benadering tot die Suid-Afrikaanse verlede aandui.[26] Die subtitel van die *Reader's Digest Illustrated History of South Africa*, naamlik *The real story*, word omskryf as "a more balanced picture" van die Suid-Afrikaanse verlede waarin aandag geskenk word aan al die rolspelers. Daarenteen word Afrikanersentriese geskiedenis volgens hierdié publikasie gekenmerk deur die simpatieke interpretasie van gebeure en "the most insidious of propaganda weapons, omission".[27]

Die neo-liberale geskiedskrywers se basiese uitgangspunte bly steeds gewortel in die liberale ideologie en hulle veroordeel ook eksklusiwiteit, etnisiteit, nasionalisme, beheer en beperkinge op vryhede en diskriminasie. Maar onder invloed van die sestigerjare se koloniale ontvoogding van Afrika, die Marxisme en neo-Marxisme en opkoms van swart nasionalisme is daar 'n paradigmaverskuiwing by dié geskiedskrywers.

In aansluiting by die reeds genoemde uitsprake in *The Oxford History of South Africa* kan verskeie tendense in neo-liberale geskiedskrywing oor blanke-swart-verhoudinge uitgelig word. Die swartes is vir hierdie geskiedskrywers die hoofspelers in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Mense word eerder volgens hulle bestaanswyse - as landbouers, jagters en arbeiders - as volgens hulle afkoms en kultuur geklassifiseer. Voorts word alle vorme van paternalisme of enige iets wat op blanke oorheersing kan dui, verwerp. Omdat hierdie geskiedskrywers swartsentries is, verwerp sommige van hulle feitlik alle blanke bronne, selfs die van die sendelinge, en beroep hulle op onder andere mondelinge oorlewering; argeologiese, linguistiese en etnografiese studies; asook reisbeskrywings. Hierdie skrywers staan besonder krities teenoor die sendelinge. Die sendelinge word van blanke meerderwaardigheid en rassevooroordele beskuldig. Neo-liberale geskiedskrywers beskou

---

25 *The Oxford History of South Africa*, vol I, pp. vii-x.
26 *Vide* o.a. Neil Parsons, *A new History of Southern Africa* en Trewhella Cameron en SB Spies (reds), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld.*
27 Saunders, Christopher (ed), *Reader's Digest illustrated History of South Africa*, pp. ii-iii.

nie die pre-koloniale en tradisionele samelewings as primitief en barbaars nie. Klem word gevolglik op die swart koninkryke se sosiale en politieke strukture, verwantskapstelsels en ekonomiese bedrywe gelê. Die ekonomiese selfstandigheid van die koninkryke word ook uitgelig. Die idee dat die binneland onbewoon was met die koms van die blankes word verwerp; die swartes het as gevolg van die *mfecane* sekere streke slegs tydelik verlaat. Die tradisionele gesag geniet besondere agting by hierdie skrywers. Terwyl Peter Sanders, Peter Becker en Leonard Thompson biografieë oor Mosjwesjwe die lig laat sien, skryf Ian Hamnett en Stimela Jason Jingoes oor die Basoeto dinastie. Hierdie geskiedskrywers spreek fel kritiek uit teen die 19de eeuse Afrikaner se godsdienstige, ekonomiese en politieke beskouinge.[28]

Naas die drie Mosjwesjwe-biografiste en die politieke historikus André Odendaal spreek verskeie neo-liberale geskiedskrywers hulle in oorsigwerke oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat uit, onder andere TRH Davenport, Steven Debroey, Monica Wilson, Gideon S Were, Freda Troup, Christopher Saunders, Peter Warwick en SB Spies. *The Mfecane aftermath. Reconstructive debates in Southern African History* onder redaksie van Carolyn Hamilton bied waardevolle insigte oor resente neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers se interpretasies van die *mfecane*.

Onder invloed van die Marxistiese ideologie tree daar na die verskyning van *The Oxford History of South Africa* 'n groep geskiedskrywers na vore wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis radikaal anders as die liberale, neo-liberale of Afrikanersentriese geskiedskrywers interpreteer. Hierdie geskiedskrywers is sterk deur die Marxistiese ideologie beïnvloed. Daar word na hulle verwys as Marxiste, neo-Marxiste, radikales of revisioniste. Die revisionistiese geskiedskrywers het skerp kritiek op die neo-liberale geskiedskrywing gelewer[29] en wou die geskiedenis herskryf aan die hand van 'n marxistiese klasse-analise. Hulle verwerp gevolglik die neo-liberale geskiedskrywers se aanprysing van die kapitalistiese stelsel en sien kapitalisme as 'n verdrukkende en uitbuitende stelsel. Rassisme as die basis van konflik tussen groepe word deur hulle verwerp - konflik moet aan die hand van ekonomiese klasseverskille verklaar word. Volgens hierdie skrywers is daar onderliggend tot

---

28 Moll *et al*, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, pp. 37-42; 56-58; Smith, *The changing past*, pp. 137-146; Saunders, *The making of the South African past*, pp. 145-161; Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p. 309; Van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms*, pp. 144-146; Van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, pp. 52-65; Iain R Smith, The Revolution in South African Historiography, in *History Today*, 38, 1988, pp. 8-10.

29 Kritiek deur die revisionistiese geskiedskrywers teen die *Oxford History of South Africa* is o.a. dat daar leemtes in die navorsing en konseptualisasie is, geen swart geskiedskrywer het 'n bydrae tot die publikasie gelewer nie en dat die sentrale tema etniese of rasse- eerder as 'n klassekonflik is (*vide* Verhoef, *Die Radikale geskiedskrywing oor Suid-Afrika: 'n historiografiese studie*, pp. 4-6; Nel, *Geskiedenis in perspektief*, pp. 18-19; 23; Saunders, *The making of the South African past*, pp. 168-169).

die sosiale en politieke lewe van gemeenskappe sekere sosio-ekonomiese strukture wat die gang van gebeure bepaal: klasseverskille, winsbejag en die uitbuiting van arbeid.[30]

Die revisionistiese geskiedskrywers kritiseer nie net die neo-liberale nie, maar ook die Afrikanersentriese geskiedskrywers. Timothy J Keegan is van mening dat Afrikanersentriese geskiedskrywers te min aandag aan die interafhanklikheid van die sosiale en ekonomiese aspekte van die lewe gee. Omdat hierdie skrywers omtrent glad nie van mondelinge getuienis en volksverhale gebruik maak en hulle hoofsaaklik tot argivale navorsing wend, is hulle geskiedskrywing strak - min ruimte word gelaat vir geskiedskrywers se kreatiewe denke, aldus Keegan. Voorts reken hy dat Afrikanersentriese geskiedskrywers se afhanklikheid van argivale bronne lei tot 'n kroniekagtige geskiedskrywing.[31] Van Aswegen se verhoudingstudie word deur Keegan gekritiseer as

> *an uncritical index of legislative debate, (white) petitions to the government and letters to the press reflecting in minute and confused detail the distorted world of white racial perceptions. This scissors-and-paste historiography leaves no room for any decoding of the evidence, nor for any investigation of the complex reality of social relationships lying beneath the rhetoric.*[32]

Vir die revisionistiese geskiedskrywers is die Suid-Afrikaanse geskiedenis die geskiedenis van 'n kapitalistiese stelsel en van die rol van en wisselwerking tussen die verskillende klasse daarin. In hulle werke val die klem op die verdrukte arbeidersklas (swartes, proletariaat) en daar word ontleed hoe die blankes (besittersklas, bourgeoisie) beheer gekry het oor die grond en arbeid en hoe arbeid tot hulle voordeel (wins) aangewend is. Daar is 'n duidelike verband tussen kapitalisme en rasse-oorheersing - kapitalisme word as oorsaak van die ondergeskikte posisie van die swartes beskou. Die staat, as instrument van die besittersklas, word gesien as inherent deel van die kapitalistiese sisteem en is mede-verantwoordelik vir die uitbuiting van die swartes. Blanke heerskappy is deur dwang en uitbuiting gevestig en in stand gehou. Swart verset teen blankes word gesien as 'n klassestryd, 'n stryd van arbeid teen kapitaal. Aan die klassestryd, asook die daaglikse lewe, lewensomstandighede, denke en gevoelens van die swart werkers word baie aandag gegee.[33] Omdat revisionistiese geskiedskrywers wegbeweeg van die politieke temas na sosiaal-ekonomiese verskynsels, word voorkeur aan die analitiese verklaarmetodes van die sosiale wetenskappe gegee. Interdissiplinêre studies, wat reeds in

---

30 Verhoef, *Die Radikale geskiedskrywing oor Suid-Afrika: 'n historiografiese studie*, pp. 7-9; Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p. 309; Van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, pp. 72-88; Fourie & Beukes, *Ekonomiese en politiek in die S.A. ontwikkelingsgeskiedenis: 'n historiografiese verkenning*, pp. 102-103; Saunders, *The making of the South African past*, p. 177.

31 Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, pp. xvi-xvii.

32 *Ibid.*, p. xvii.

33 Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p. 309; CC Eloff, "History from below": 'n oorsig, in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 25, 1991, pp. 47-48; WM Freund, Economic History in South Africa: An introductory overview, in *South African Historical Journal*, 34, 1996, pp. 131-133.

*The Oxford History of South Africa* gebruik is, geniet voorrang by revisionistiese geskiedskrywers.[34]

Die belangrikse revisionistiese werke oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat is die pennevrug van Timothy J Keegan, Elizabeth A Eldredge en Colin Murray. In 'n 1993-publikasie, *A South African Kingdom. The pursuit of security in nineteenth-century Lesotho* wys Eldredge op grond van veldwerk en deeglike argivale navorsing wys op die invloed wat die blanke Vrystaters se besetting van Basoeto-eiendom (die Caledonriviervallei) op die Basoeto se ekonomiese en sosiale voortbestaan gehad het. In *The sharecropping economy, African class formation and the natives' Land Act of 1913 in the highveld maize belt* (1982), *Rural transformations in industrializing South Africa. The Southern Highveld to 1914* (1987) en *Facing the strom. Portraits of Black lives in rural South Africa* (1988) skryf Keegan oor die invloed van industriële kapitalisme op die Vrystaatse swart (en blanke) samelewing. In 'n geïntegreerde streekstudie ontleed Murray die ekonomiese, sosiale en politieke lewe van die Thaba Nchu-inwoners. Naas Eldredge, Keegan en Murray spreek slegs enkele revisionistiese skrywers, onder andere Ted Matsetela, Kevin Shillington, John Pampallis en Pam Christie, hulle uit oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat.

Koloniale, imperiale, Afrikanersentriese, liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers mag ideologies verskil, maar al dié skrywers wat hulle oor blank-swart-verhoudinge uitgespreek het, het een ding in gemeen - met enkele uitsondering na was/is hulle blank. Reeds in die vyftigerjare skryf ZK Matthews:

> *I do not know if it is possible to approach history without bias. But if it is necessary to accept that all history is biased, the important thing is that all biases are represented and it is high time that African history, written from the African point of view, takes it place on library shelves.*[35]

'n Gebrek aan publikasies deur swart geskiedskrywers lei tot 'n ernstig leemte in hierdie proefskrif. Die medikus SM Molema is die enigste swart (amateur) geskiedskrywer wat 'n meer as terloopse verwysing na blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gedurende die 19de en vroeë 20ste eeu maak. Redes vir die leemte is reeds in 1920 geïdentifiseer, naamlik 'n gebrek aan geleenthede, leiding en kwaliteit onderwys.[36] Voorts blyk dit dat swart skrywers hoofsaaklik betrokke was/is by óf die opskrifstelling van hul kultuureie óf die 20ste eeuse swart bevryheidstryd. Werke deur Vusamazulu C Mutwa, onder andere *My people* en *Africa*

---

34 Van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms*, p. 138. *Vide* Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, pp. xvii-xviii vir kritiek teen die metodologie en geskiedskrywing van Afrikanersentriese geskiedskrywers in die algemeen en HJ van Aswegen in die besonder.

35 ZK Matthews, Freedom for my people: The autobiography of Z.K. Matthews: South Africa 1901-1968 (Kaapstad, 1981), p. 59 soos aangehaal in Smith, *The changing past*, p. 220.

36 DDT Jabavu, *The black problem*, p. i; Smith, *The changing past*, p. 4.

*is my witness*, verwys óf veralgemenend na die geskiedenis en volksverhale van die swartes óf konsentreer op die Zoeloegeskiedenis. Diegene wat self intensief betrokke was by die swart bevrydingstryd, skryf oor aspekte van dié stryd, byvoorbeeld Sol Plaatje, *Native life in South Africa* (1916); Govan Mbeki, *South Africa, the Peasants' Revolt* (1964); Mokgethi Mothlabi, *The theory and practice of Black Resistance to Apartheid* (1984); en Motsoko Pheko, *Apartheid: The story of a dispossessed people* (1984).[37] 'n African National Congress-lid van die twintiger- en dertigerjare, TD Mweli Skota het kort lewensbeskrywings van sy kollegas opgeneem in *African yearly register, being an Illustrated National Biographical Dictionary (Who's Who) of Black Folks in Africa* (s.a.).[38] Outobiografiste raak aspekte van die swart politieke stryd in Suid-Afrika aan, onder andere Albert Luthuli, *Let my people go* (1978); Winnie Mandela, *Part of my soul* (1985); Michael Dingake, *My fight against Apartheid* (1987); Philip Kgosane, *Lest we forget* (1988);[39] en Nelson Mandela, *Long walk to freedom* (1994).

Daar is wel boeke wat deur swart geskiedskrywers geskryf is wat nie geraadpleeg is nie, onder andere M Damane, *Histori ya Lesotho* (1962); E Jacottet, *Bukana ea histori ea Lesotho* (1941); F Laydevant en JI Tjokosela, *History ea Lesotho* (1965); EM Leoatle, *Morena Moshoeshoe, mora Mokachane* (1952); ZL Mangoaela, *Tsoelo pele ea Lesotho* (1928); en E Segoete, *Raphepheng; bophelo ba Basotho ba khale* (1913). My gebrekkinge kennis van Suid-Sotho moet as die belangrikste rede vir dié feit genoem word. 'n Historiograaf moet in staat wees om subtiele nuanseverskille te kan onderskei; dit was egter nie moontlik om al die of selfs enkele van die gelyste boeke in Afrikaans/Engels te laat vertaal nie.

Nes die blanke geskiedskrywers toon swart geskiedskrywers ook, in lyn met hulle blanke kollegas, 'n historiografiese ontwikkeling. Die vroegste swart skrywers, waaronder Molema, het vanuit 'n Brits-liberale tradisie na die geskiedenis gekyk. In die jare na die Tweede Wêreldoorlog toon swart geskiedskrywers se werke 'n swartsentriese perspektief en word die onderdrukte posisie van die Afrikane en die verset teen kolonialisme voorop gestel. Sedert die vyftigerjare word vanuit 'n Marxistiese verwysingsraamwerk anti-kapitalistiese, en anti-blanke geskiedenis geskryf. Swart verset word vertolk as 'n klassestryd teen kapitalisme. Hierdie Marxistiese ideologie word gedurende die sewentigerjare verder verfyn en uitgebou onder die invloed van die neo-Marxistiese of revisionistiese geskiedskrywers.[40]

Aangesien die swart skrywer van die enigste noemenswaardige publikasies oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat vanuit die Britse liberale tradisie skryf, sal slegs aan genoemde

37 Grobler, *Die geskiedenis van swart politiek in Suid-Afrika tot 1961: 'n historiografiese balansstaat*, pp. 8-9.
38 *Ibid.*, p. 16.
39 *Ibid.*, p. 17.
40 Moll *et al*, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, pp. 21-27; Van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, pp. 123-127.

skool, en in besonder kenmerke wat in Molema se werke figureer, aandag geskenk word. Molema se werk oor Moroka spreek van 'n gematigdheid en welwillenheid teenoor die blankes - in besonder die Wesleyaanse sendelinge van Thaba Nchu en die Britse bewindhebbers van die ORK. Eersgenoemde het deur sendingwerk en onderwys die swartes opgehef, die Britte het Moroka se belange teen Mosjwesjwe beskerm. Teenoor die Afrikaners is Molema negatief omdat hulle die swartes in 'n onderdanige posisie wou hou. Die Afrikaners word uitgebeeld as konserwatief, selfs wreed. Hulle het volgens Molema hulle godsdiens gebruik om hulle gesagsposisie te bevestig. Molema se bewustheid van die agterstande van die swartes ten opsigte van opvoeding en algemene ontwikkelingspeil en sy begeerte dat dit uitgewis moet word, blyk veral uit sy aanprysing van die werksaamhede van die Wesleyaanse sendelinge. Die swartes se reg op grondbesit uit hoofde van hul besetting of aankope blyk uit Molema se argumente teen Mosjwesjwe se miskenning van Moroka se soewereiniteit en JH Brand se anneksasie van Thaba Nchu.

Naas die werke deur geskiedskrywers word in hierdie historiografiese studie ook kennis geneem van gepubliseerde boeke deur tydgenootlike geskiedskrywers, asook skrywers van dagboeke en herinneringswerke. Hoewel daar geargumenteer kan word dat genoemde publikasies nie geskiedskrywing as sodanig is nie, sal dit uit die proefskrif blyk dat hierdie skrywers se seleksie en interpretasie van gebeure ooreenkomste toon met dié van professionele geskiedskrywers. Geen skrywer, hetsy professionele, amateur of eietydse geskiedskrywer, skrywer van 'n herinneringsgeskrif of dagboek is neutraal nie. Die Franse sendelinge werksaam onder die Basoeto; laat 19de en vroeg 20ste eeuse sendinggeskiedskrywers; JM Orpen, Vrystaatse landmeter, politikus en vriend van Mosjwesjwe; asook sir Godfrey Lagden, Britse Hoëkommissaris in Basoetoland, toon almal in hulle bespreking van blank-Basoeto-verhoudinge groot ooreenkomste met die 20ste eeuse liberale geskiedskrywers. Vanuit 'n blanke perspektief tree hierdie skrywers na vore as pleitbesorgers vir die swartes. Hierdie skrywers staan besonder krities teenoor blanke kolonisasie. Feitlik alle blaam vir die Vrystaat-Basoeto-oorloë word op die skouers van die blankes geplaas. Blanke betreding van swart grondgebied word voorgehou as 'n kernoorsaak van die oorloë. Hoewel die tradisionele swart samelewing as onbeskaaf, primitief en 'n bedreiging vir die beskawing beskou word, toon hierdie tydgenootlike skrywers besondere agting vir Mosjwesjwe. Mosjwesjwe word met empatie as 'n vredesleier geskets. Volgens sommige van hierdie skrywers het onrealistiese skadevergoedings- en/of grondeise deur die blankes en eiesinnige optrede deur Mosjwesjwe se kapteins die oorloë onafwendbaar gemaak. Waar hierdie skrywers vanuit 'n blanksentriese pro-swart perspektief oor onder andere hulle rol in blank-swart-verhoudinge rapporteer, skryf JJ Ross in 1930 vanuit 'n Afrikanersentriese verwysingsraamwerk oor sy sendingwerksaamhede by Witsieshoek.

'n Magdom skrywers het hulle ervaringe tydens die ABO geboekstaaf. Hierdie skrywers se uitsprake of dikwels 'n gebrek aan uitsprake oor blank-swart-verhoudinge ten tye van die oorlog, word deur hulle pro-Britse (imperiale) of pro-Boere (Afrikanersentriese) sentimente bepaal. Hoewel enkele van die skrywers van dagboeke en herinneringswerke genuanseerde uitbeeldings van die rol van swartes tydens die oorlog gee, is ander dikwels kru in hulle regverdiging van die Britse/Boeremagte se optrede teenoor die swartes.

Die grootste persentasie publikasies oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat is Afrikanersentries. Tog blyk dit dat met die uitsondering van die belangwekkende publikasies deur CJP le Roux (1987), J Ploeger (1990) en Fransjohan Pretorius (1991), daar geen noemenswaardige boeke, hetsy oorsig- of gespesialiseerde werke, deur Afrikanersentriese geskiedskrywers sedert die tweede helfte van die tagtigerjare oor die onderwerp verskyn het nie. Daarenteen het naas die werke van Colin Murray (1992), Elizabeth A Eldredge en Timothy J Keegan verskeie neo-liberale en revisionistiese oorsigwerke verskyn waarin blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat in 'n breë Suider-Afrikaanse of Afrikaverband aangeraak word. Die stem van die Afrikanersentriese geskiedskrywers het stil geword oor blank-swart-verhoudinge as gevolg van "ontgogeling", want die tradisionele blank-Afrikanersentriese verledebeeld wat hierdie skrywers nagestreef het, het irrelevant geword as gevolg van dekolonisasie, binnelandse verset en wêrelddruk en nuwe strominge in die geskiedskrywing. Hierdie skrywers, geskool in die Rankeaanse tradisie, wat klem lê op die staat, politiek en belangrike persoonlikhede, vind sosiaal-ekonomiese en antropologiese temas vreemd. Daar is by hulle 'n skeptisisme oor die teoretiese raamwerk van Afrikanisasie en die historiese materialisme.[41]

Voorafgaande sinopsis van die uitstaande tendense in die Suid-Afrikaanse historiografie met betrekking tot blank-swart-verhoudinge word in hierdie proefskrif as vertrekpunt gebruik by die historiografiese klassifikasie van geskied- en ander skrywers in die verskillende historiografiese skole. Hoewel dit uiters riskant is om geskiedskrywers in historiografiese skole te klassifiseer, is daar skrywers wat deur hulle deelname aan akademiese debatte, resensies en kritiek teen publikasies, asook uitlatings in die *Voorwoord* tot hulle studies geen twyfel laat oor hulle onderliggende verwysingsraamwerke nie. TRH Davenport dui selfs aan tot watter skool hy graag wil behoort:

> *if this book is to be labelled as the product of a school of thought, the author would hope to be classified as sharing the basic premises of the liberal Africanists.*[42]

---

41 Van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms*, p. 141; Van Jaarsveld, *In 'n breukvlak tussen twee tydperke: 'n diagnose van ons situasie*, pp. 45-54; Smith, *The changing past*, pp. 89-98.

42 TRH Davenport, *South Africa. A modern history*, p. xviii.

Geen klassifikasie is rigied nie. Van die geskiedskrywers ondergaan nie net paradigmaverskuiwings oor tyd nie, maar toon ook perspektiefwisseling in 'n enkele publikasie. JH van Aswegen se gepubliseerde doktorale proefskrif, *Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902* (1971) is 'n Afrikanersentriese publikasie. In die 1989-oorsigwerk, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* is Van Aswegen se uitsprake deurgaans liberaal. Daar het dus 'n paradigmaverskuiwing by Van Aswegen plaasgevind. Jean van der Poel kan op grond van haar uitsprake in haar gepubliseerde MA-verhandeling, *Basutoland as a factor in South African politics (1858-1870)*, met moeite aan een historiografiese skool gekoppel word.[43] In haar seleksie en interpretasie van historiese gegewens fluktueer sy tussen Afrikanersentries en liberaal. Die verhandeling is in 1925 vir eksaminering by die Universiteit van Kaapstad ingedien. Dit kan moontlik as die aanvang van haar loopbaan as historikus, voor die vaslegging van vaste vertrekpunte, gesien word. Standpunte in bronne deur haar geraadpleeg is kritiekloos oorgeneem. Enersyds, wanneer sy van pro-Afrikaner bronne, byvoorbeeld Vrystaatse Volkraadnotules en GM Theal gebruik maak, toon sy empatie met die blanke Vrystaters, maar andersyds op grond van pro-swart bronne (skrywes deur byvoorbeeld die sendelinge en Orpen) kritiseer sy weer die blankes. As CJP le Roux die beleid van die Vrystaat se republikeinse regering teenoor die swartes bespreek, gaan hy daarmee akkoord as die enigste werkbare oplossing vir blank-swart-verhoudinge. Die Britte se optrede en beleid teenoor die swartes gedurende die Oranjerivierkolonie-tydperk word dikwels deur hom afgemaak as onsimpatiek. Le Roux se uitsprake oor rasseverhoudinge word dus grootliks beïnvloed deur sy anti-Britse en pro-Afrikaner sentimente. SM Molema se temas bepaal sy uitsprake. In *Chief Moroka. His life, his times, his country and his people* staan hy besonder krities teenoor Mosjwesjwe en keur hy Britse inmenging in blank-swart-konflik goed omdat hy glo dat Mosjwesjwe se optrede 'n bedreiging vir die gebiedsintegriteit en leierskap van Moroka ingehou het. In *The Bantu - past and present* is hy egter ongekwalifiseerd anti-blank. Hierdie perspektiefwisseling van Van Aswegen, Le Roux, Van der Poel, Molema en andere sal in die proefskrif uitgewys word.

Uit die literatuurstudie blyk dit dat daar verskille tussen skrywers bestaan ten opsigte van bronseleksie, asook bronbenutting of eerder 'n gebrek aan benutting. Met die uitsondering van die gepubliseerde doktorale proefskrifte, gespesialiseerde werke en enkele oorsigwerke, skyn daar ernstige leemtes te wees ten opsigte van argivale, argeologiese, linguistiese, antropologiese, sosiologiese, ekonomiese en klimatologiese navorsing en die benutting van mondelinge getuienis en volksverhale. Hoewel daar soveel konflikterende getuienisse oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat bestaan, verwaarloos geskiedskrywers primêre navorsing op skreiende wyse. 'n Groot persentasie skrywers baseer hulle navorsing op die

43 Smith, *The changing past*, pp. 121; 128; 137, klassifiseer Van der Poel as 'n liberale geskiedskrywer.

uitsprake van ander geskiedskrywers - hoofsaaklik geesgenote. Terwyl sommige van hierdie skrywers erkenning aan hulle bronne verleen, is daar by ander blatante oorskrywery.

Op grond van bronbenutting kan daar 'n onderskeid getref word tussen werke wat op deeglike wetenskaplike navorsing berus; werke wat aanspraak op deeglike en oorspronklike navorsing maak, maar wat hoofsaaklik bevindinge van ander historici weergee; populêr wetenskaplike; populêre en herinneringswerke. Dit beteken egter nie dat populêre werke of werke wat nie gegewens verifieer nie, nie op deeglike navorsing berus nie. In sy boek oor die geskiedenis van Bloemfontein skryf Karel Schoeman dat die boek "geen deeglike 'amptelike' geskiedenis van die stad" is nie, dit is "geskiedenis met alle piëteit aangebied deur 'n romanskrywer".[44] Tog spreek die werk, en trouens alle publikasies deur Schoeman oor die Vrystaat se geskiedenis, van deeglike argivale navorsing. Naas verskeie professionele Afrikanersentriese geskiedskrywers, het ook nie-akademies onderlegde historici populêre werke, onder andere die geskiedenisse van Vrystaatse dorpe en/of gemeentes, geskryf. Hoewel van die werke getuig van argivale navorsing, bevat weinig van dié publikasies bronverwysings of bibliografieë.

Die historiografiese studie oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat bevestig inderdaad H Carr se siening, naamlik dat geskiedskrywing vergelyk kan word met

> *fish swimming about in a vast and sometimes inaccessible ocean; and what the historian catches will depend partly on chance, but mainly on what part of the ocean he chooses to fish and what tackle he chooses to use - these factors being determined, of course, by the kind of fish he wants to catch.*[45]

Daar bestaan nie 'n enkele bron wat as die betroubaarste oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat uitgelig kan word nie of 'n skrywer wat as dié kundige op die terrein uitgesonder kan word nie weens die volgende redes: die nie-verifiëring van gegewens; kritieklose oorskryf van standpunte van geesgenote of seleksie van bronne wat 'n skrywer se eie siening verifieer; ignorering van gebeure en/of bronne wat in stryd met die skrywer se eie standpunt is; die afwesigheid van kritiese, vergelykende analises van argivale en nie-konvensionele bronne, uiteenlopende paradigmas, belangstellingsrigtings, houdings en agtergrond van skrywers; die invloed van die gemeenskap en die tydsgees waarin geskryf word. Tog is daar enkele skrywers wat as leidende figure oor sekere aspekte van die verhoudinge aangedui kan word. Eerstens moet JJG Grobbelaar se argivaalgefundeerde 1939-publikasie oor Vrystaat-Basoeto-verhoudinge genoem word. Grobbelaar se sieninge en navorsing het 'n wesenlike invloed op Afrikanersentriese geskiedskrywers se vertolking van die Vrystaat-Basoeto-konflik gehad. HJ van Aswegen en CJP le Roux se deeglik geverifieerde publikasies werp lig

---

44 Karel Schoeman, *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*, pp. i-ii.
45 H Carr, *What is history?* p. 23.

op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gedurende die periode 1854-1910. Fransjohan Pretorius se interessante publikasie oor die kommandolewe tydens die ABO bied 'n gebalanseerde uitbeelding van blank-swart-verhoudinge. Nie net Afrikanersentriese geskiedskrywers nie, maar ook Elizabeth A Eldredge, Timothy J Keegan, Monica Wilson, Peter Sanders, Leonard Thompson, Colin Murray, André Odendaal, JM Wales, Peter Warwick, SB Spies en Carolyn Hamilton lewer belangrike publikasies oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat. JM Orpen en Godfrey Lagden bied waardevolle eietydse perspektiewe oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat.

# Hoofstuk 1

# Die invloed van migrasie op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat, 1800-1843

## 1.1 Die invloed van aanvanklike blank-swart-kontak op tussengroepverhoudinge in die Vrystaat

Aan die begin van die 19de eeu vind bevolkingsmigrasies, wat 'n belangrike invloed op intergroepverhoudinge in die Vrystaat sou hê, plaas. Interetniese konflik gedurende die tweede dekade van die 19de eeu lei tot die vernietiging, herverspreiding en hergroepering van swart stamme. Die sporadiese kontak sedert die begin van die 19de eeu tussen swartes in die Vrystaat en blanke avonturiers, reisigers en seisoenale trekboere[1] verander na die Groot Trek in 'n permanente kontakverhouding tussen blank en swart.

Hierdie kontakverhouding tussen blank en swart in die Vrystaat is gedurende die eerste helfte van die 19de eeu grootliks deur die stryd tussen die Basoeto en die blanke boere om die vrugbare Caledonriviervallei bepaal. Beide bevolkingsgroepe was veeboere en landbouers en het gevolglik grond nodig gehad.[2]

---

1 Die vroegste gepubliseerde werke waarin die gebied wat waarskynlik ooreenkom met die Vrystaat vermeld word, is dié van blanke reisigers, avonturiers en sendelinge. Uit 'n oorsigtelike studie van dié vroeë 19de eeuse werke blyk dit dat klem op die beskrywing van die fauna en flora, asook besoeke aan statte en kontak met stamme wat soms moeilik gelokaliseer of geïdentifiseer kan word, gelê word. *Vide* onder andere T Arbousset & F Daumas, *Narrative of an exploratory tour to the north-east of the Colony of the Cape of Good Hope*, pp. 1-51; 270-285; John Campbell, *Travels in South Africa*, pp. 271-285; 378-379; 214-222; Barnabas Shaw, *Memorials of South Africa*, pp. 185; 210-214; 242-266; Andrew Steedman, *Wanderings and adventures in the interior of Southern Africa*, vol I, pp. 158-179; vol II, pp. 225-253; William J Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa*, vol II, pp. 222-227; George Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa*, vol I, pp. 50-69; 122-127; Henry Lichtenstein, *Travels in Southern Africa. In the years 1803, 1804, 1805 and 1806*, vol II, pp. 269-418; RG Cumming, *A hunter's life in South Africa*, vol I, pp. 133-201; WC Harris, *The wild sports of Southern Africa; being the narrative from the Cape of Good Hope, through the territories of the Chief Moselekatse to the tropic of Capricorn*, pp. 298-336; J Philip, *Researches in South Africa*, vol II, pp. 55-77; 89-97; 330-353; Robert Moffat, *Missionary labours and scenes in Southern Africa*, pp. 65-81; 354-372; EE Napier, *Excursions in Southern Africa*, vol I, pp. vi; 119-153. Lokalisering word bemoeilik deur gebruikmaking van uiteenlopende benamings vir natuurlike bakens. Die Oranjerivier word byvoorbeeld as die Nu Gariep en Cradockrivier aangegee (cf Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa*, vol I, p. 50; Philip, *Researches in South Africa*, vol II, p. 89; MCE van Schoor & SI Malan, *'n Bibliografie van werke oor die Oranje-Vrystaat vanaf die vroegste tye tot 1910*, p. 14).

2 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. iv; GM Theal, *History of South Africa from 1795 to 1872*, vol III, p. 302; J Noble, *South Africa, Past and present; short History of the European settlements at the Cape*, p. 139; FA van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, p. 92; MC Eksteen, *Lesotho in uitwaartse beweging*, p. 9; CW de Kiewiet, *A History of South Africa: social & economic*, p. 75; Jean van der Poel, *Basutoland as a factor in South African politics (1858-1870)*, p. 177; WM Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton: The making of the South African Native problem*, p. 313; WM Macmillan, *Complex South Africa. An economic foot-note to History*, p. 14; Arthur Keppel-Jones, *South Africa. A short History*, p. 98; RC

In hierdie hoofstuk sal gelet word op tydgenootlike en 20ste eeuse geskiedskrywers, asook skrywers van herinneringswerke se interpretasies van die positiewe en/of negatiewe invloed wat die vroeë 19de eeuse blank-swart-kontak op tussengroepverhouding gehad het, die vestiging en/of hervestiging van blank/swart in die Vrystaat, Mosjwesjwe se nasiebouproses, asook eiendomsreg in die Vrystaat in die algemeen en in die Caledonriviervallei in die besonder.

In 1887 en 1900 verwoord GM Theal en LS Amery die uiteenlopende kernargumente van verskeie 20ste eeuse geskiedskrywers asook skrywers van herinneringswerke met betrekking tot die invloed van blanke immigrasie op Mosjwesjwe se nasiebouproses:

- Die koms van die blankes het 'n beperkende invloed uitgeoefen op Mosjwesjwe se nasiebouproses. Mosjwesjwe het hulle koms met magtelose kommer gade geslaan: "How was the tribe of which he was the head to grow and expand as he wished it to do, if it should be hemmed in by farmers!"[3]

- Die vestiging van die blanke boere in die Caledonriviervallei het groot voordele vir Mosjwesjwe en sy volgelinge ingehou het, want hulle koms het dit vir die Basoeto moontlik gemaak het om die grotte en berge waar hulle hulself skuilgehou het ten tye van die *mfecane*, te verlaat.[4]

In die bespreking van geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se beredenering van bogenoemde kernargumente sal eerstens, in aansluiting by Amery, na diegene wat positief staan teenoor die koms van die blankes na die Vrystaat, se uitsprake en persepsies

---

Germond, *Chronicles of Basutoland*, p. 251; Edna Bradlow, *The Cape Government's rule of Basutoland 1871-1883*, p. 121; JS Bergh, *Stamme & ryke*, p. 62; JS Marais, The imposition and nature of European control, in I Schapera (ed), *The Bantu-speaking tribes of Southern Africa. An ethnographical survey*, p. 346; Edwin W Smith, *The Mabilles of Basutoland*, p. 141 (die Mabilles het sendingwerk by Morija verrig); Edwin W Smith, *The blessed missionaries*, p. 81; Jonathan Paton, *The land and people of South Africa*, pp. 142-143; DC Kowet, *Land, labour migration and politics in Southern Africa: Botswana, Lesotho and Swaziland*, p. 36; SL Barnard (red), *Vrystaatse Artillerie: geskiedenis van 6 Veldreglement*, p. 5; Sheila T van der Horst, *Native labour in South Africa*, p. 43; Elizabeth A Eldredge, *A South African Kingdom. The pursuit of security in the nineteenth-century Lesotho*, pp. 3; 46; John Pampallis, *Foundations of the New South Africa*, p. 7; Allister Sparks, *The mind of South Africa. The story of the rise and fall of apartheid*, p. 113; CW de Kiewiet, The period of transition in South African policy, 1854-1870, in EA Walker (ed), *The Cambridge History of the British Empire*, p. 407; SPR Oosthuizen, *Die stigting van Ficksburg*, p. 1; SPR Oosthuizen, *Die stigting van Ladybrand*, p. 1; Steytler, *Harrismith*, p. 49; PA van Rhijn & AH Klopper, *Ficksburg*, p. 11; JC Moll, *Die geskiedenis van Hennenman. Pioniersjare tot 1972*, p. 7; TRH Davenport, *South Africa. A modern History*, p. 135; Leonard Thompson, *A History of South Africa*, p. 106; John & Cassandra Perry, Historical background, in Stimela Jason Jingoes, *A Chief is a Chief by the people*, pp. 243-244; Ian Hamnett, *Chieftainship and legitimacy*, p. 24.

3 GM Theal, *History of the Boers in South Africa*, p. 198; GM Theal, *History of South Africa since 1795*, vol II, p. 468.

4 LS Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol, I p. 40.

gelet word. Aandag sal onder andere geskenk word aan die persepsie dat die koms en vestiging van die blanke boere vrede, stabiliteit en die Christelike beskawing in die gebied gevestig het; die swartes van gewisse uitwissing gered het; en Mosjwesjwe in staat gestel het om die Basoetonasie op te bou en territoriaal uit te brei. In die historiografiese analise sal ook gelet word na die interpretasies van diegene wie se standpunte met dié van Theal ooreenkom. Volgens hierdie skrywers het die koms van die blankes Mosjwesjwe se nasiebouproses gekortwiek; voorts het Mosjwesjwe uit die chaos van die *mfecane*[5] 'n geordende ekonomie en stamstelsel gevestig, maar blanke kolonisasie het die magsewewig versteur en politieke en ekonomiese vooruitgang gekortwiek.

JH Malan is in 1929 oortuig daarvan dat die koms van die blankes 'n positiewe invloed op die swartes van die Vrystaat uitgeoefen het:

> *Moshesh moes in sy armoede en swakheid ... hulpeloos op Thaba Bosigo wegskuil vir Matabeles, Batlokua of Mantatees, vir Korannas en Griekwas, en alleen die koms van die witman het hom langsamerhand in staat gestel om te voorskyn te tree. Die gewenste rus en beskerming teen sy vyande is hom deur die witman se teenwoordigheid verleen sodat hy aan groot imperialistiese planne kon begin dink.*[6]

Aspekte van hierdie ongeverifieerde uitspraak is sedert die dertigerjare deur verskeie professionele en amateur Afrikanersentriese geskiedskrywers herhaal in hulle aanstip van die positiewe gevolge van die koms van die blankes na die Vrystaat. Eerstens is die *mfecane* nie tot sy volle konsekwensies deurgevoer nie. Die swartes in die Vrystaat is dus van totale uitwissing gered.[7] Voorts kon Mosjwesjwe sy bergskuiling verlaat as gevolg van die Voortrekkers se oorwinnings oor die Zoeloes. Dit het hom in staat gestel om territoriaal uit

---

5 Die begrip *mfecane*, wat in 1928 deur Eric Walker geskep is, beteken letterlik "om te vergruis". Die Zuluwoord is dikwels gebruik om die gebeure in Natal/Zululand aan te dui. Die Sothowoord *difaqane* is gebruik om die onrus en geforseerde migrasie van mense op die binnelandse Hoëveld aan te dui. Die Zuluwoord het mettertyd die mees algemene gebruiksterm geword omdat dit in die jare van onrus en geweld reeds deur die swartes gebruik is en omdat dit ook in die Sotho-, Zulu- en Xhosataal voorkom (HJ van Aswegen, Die Mfecane. Werklikheid of mite? *Historia* 39(1), 1994, p. 21).

6 JH Malan, *Die opkoms van 'n Republiek of Die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863*, pp. 12-13.

7 MCE van Schoor, Die Oranje-Vrystaat, in CFJ Muller (red), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 213; JJ Oberholster & Jan Stemmet, *Senekal se eerste honderd jaar, 1877-1977*, p. 21; JA Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 16; A Prinsloo, *Die geskiedenis van Smithfield en die Caledonrivierdistrik (1819-1952)*, p. 42; JC Voigt, *Fifty years of the History of the Republic in South Africa (1795-1845)*, vol II, p. 169. (Voigt, *Fifty years of the History of the Republic in South Africa (1795-1845)*, vol I & II handel oor die vryheidstryd van die koloniste in die Kaap, die Britse besettings, die oorsake en verloop van die Groot Trek, die grensoorloë in die Kaap en die geskiedenis van Natal tot en met 1845. Beide volumes lê klem op die vryheidstryd van die Afrikaner en die vreedsame bedoelings van die blankes met die inheemse bevolkings. Daar is slegs enkele verwysings na die Vrystaat in die werke.)

te brei en voort te gaan met sy nasiebouproses.[8] Derdens word aangevoer dat die feit dat die blankes 'n buffer tussen Mosjwesjwe en die Korana gevorm het, sy nasiebouproses aangehelp het.[9]

Van die skrywers wat bogenoemde sieninge onderskryf, verwys slegs JJG Grobbelaar na argivale bronne. Hy steun egter eensydig op die getuienis van tydgenootlike blankes, naamlik 'n Voortrekker, Charl Celliers en 'n grensboer, J de Winnaar.[10] Die agting wat Grobbelaar se navorsing by sy geesgenote geniet blyk daaruit dat verskeie van hierdie skrywers na sy publikasie verwys ter verifiëring van hulle standpunte; van die ander herhaal bloot sy argumente ongeverifieerd.

Nog 'n positiewe invloed van blanke immigrasie na die Vrystaat was hulle pogings om die beginsel van vreedsame volkereverhoudinge te vestig.[11] Deur die sluit van verdrae met die inheemse bevolkings wou die blankes "met behulp van die natuurkinders, wie se soewereine gelykwaardigheid en regte erken moes word, 'n goedkoop en humane end [gemaak het] aan die lang reeks van oorloë tussen Swart en Wit, wat soveel geld en lewens gekos" het.[12] Dit was "'n mooi ideaal, maar ongelukkig gegrond op 'n foutiewe opvatting omtrent die karakter van die naturellestamme, vir wie 'n uitgestrekte toestand van vrede onder mekaar en met hulle blanke bure iets onnatuurliks was."[13] 'n Onderskeid word getref tussen die blankes se begeerte om vrede te handhaaf en die swartes se oorloglustige geaardheid. Die rassistiese uitsprake deur GD Scholtz (1970) en SFN Gie (1929) word deur Scholtz self en ander Afrikanersentriese geesgenote uitgebou: die koms van die blankes het die Christelike

---

8 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. xi; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 35; Eksteen, *Lesotho in uitwaartse beweging*, p. 9; CC Eloff, *The so-called conquered territory disputed border area between the Orange Free State (Republic of South Africa and Lesotho (Basutoland)*, p. 6; CC Eloff, *Oos-Vrystaatse grensgordel: 'n streek-historiese voorstudie en bronneverkenning*, pp. 1-41 stem ooreen met die vorige bron. In die proefskrif is deurgaans van eersgenoemde publikasie gebruik gemaak om duplisering te voorkom. *Vide* ook die amateur geskiedskrywers JC Pauw, The Bloemfontein Convention - before and after, in *The Golden Free State (A centenary souvenir, 1854-1954)*, pp. 9-11; JF Spies (samest), *Hennenman (Gedenkuitgawe)*, p. 3; Dot Serfontein, *Keurskrif vir Kroonstad. 'n Kroniek van die ontstaan, groei en vooruitsigte van 'n Vrystaatse plattelandse dorp*, p. 28; Johannes Meintjes: *The Voortrekkers*. The story of the Great Trek and the making of South Africa, p. 249; *Orange Free State Official Guide*, p. 20.

9 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. xvi; MCE van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, p. 98. In MCE van Schoor, *Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontluiking in Transgariep tot 1854*, p. 80 word dieselfde aanname feitlik woordeliks herhaal.

10 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. xi; xvi. Van Schoor: *Politieke groeperinge in Transgariep*, p. 98; Van Schoor, *Die Afrikaner in die Transgariep*, p. 80 en Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 35 verwys na Grobbelaar se publikasie ter verifiëring van hul gegewe.

11 GD Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner: 1806-1854*, deel II, p. 342.

12 SFN Gie, *Geskiedenis vir Suid-Afrika of ons verlede*, deel II, 1795-1918, pp. 342-343.

13 *Ibid.*, p. 343.

(blanke) beskawing in die Vrystaat gevestig.[14] Die koms van die blanke na die Caledonrivierdistrik is vir A Prinsloo (1955) "soos 'n ligstraal uit 'n donker wolk of uit die donker nag" na 'n gebied waar net "redelose diere en barbare"[15] was.

Laastens het die swartes die betekenis van die begrippe grondbesit en territoriale jurisdiksie geleer.[16]

Bostaande hoofsaaklik ongeverifieerde aannames ondersteun inderdaad JC Pauw se siening dat die koms van die blankes vir die swartes 'n "unmixed blessing" was.[17] Die koms van die blankes het nie net vrede en vooruitgang vir die swartes gebring nie, maar hulle ook blootgestel aan die "beskawing" en die Christendom. Hoe die swartes dié "positiewe" aspekte ervaar het, is nie vir die skrywers van belang nie.

Vervolgens sal gelet word na uitsprake oor hóé die swartes, in besonder Mosjwesjwe, die koms van die blankes na die Vrystaat ervaar het. SM Molema en Sol. T Plaatje betreur die koms van die blankes na die Vrystaat, want "Boers make bad neighbours in Africa"[18] en sien dit as "a serious menace to the Basuto for they greatly thirsted after land and slaves".[19] Die grond- en arbeidshonger blanke indringers was vir blank-swart-botsings verantwoordelik.[20] Plaatje skryf:

> *[T]he Government of the 'Free' State ... proved a continual menace to the Basuto, their neighbours to the east. Pretexts were readily found and hostile inroads constantly engineered against the Basuto for purposes of aggression, and the friendliness of the Barolong was frequently exploited by the Boers in their raids, undertaken to drive the Basuto further back into the mountain.*[21]

In 1861 stel die Franse sendeling en vertroueling van Mosjwesjwe, E Casalis, dit onomwonde dat "the intercourse of these natives with the whites had been fatal to them from the very beginning".[22] Hy beskryf die koms van die blankes na die Vrystaat soos volg:

---

14 MCE van Schoor, *Gedenkskrif ter viering van die honderdjarige bestaan van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Kroonstad 1860-1960*, p. 14; Pauw, *The Bloemfontein Convention - before and after*, pp. 9-11; EA Venter, Ons Vrystaatse kerke, in TN Hanekom (red), *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk*, p. 133.

15 Prinsloo, *Smithfield*, p. 9.

16 Pauw, *The Bloemfontein Convention*, pp. 9-11.

17 *Ibid.*, p. 9.

18 Sol. T Plaatje, *Native life in South Africa*, p. 129. In die publikasie is daar slegs enkele verwysings na die verhouding tussen die Vrystaat en die Basoeto gedurende die 19de eeu.

19 SM Molema, *The Bantu - past and present*, p. 60.

20 *Ibid.*, p. 60 sê o.a. dat "the first European people with whom the Basuto came into conflict were the Boers".

21 Plaatje, *Native life in South Africa*, p. 129.

22 E Casalis, *The Basutos; or, twenty-three years in South Africa*, p. viii. E Casalis, *My life in Basutoland. A story of missionary enterprise in South Africa* is 'n persoonlike weergawe van die skrywer se ervaringe as sendeling in Basoetoland. Geen melding word van die

> *These emigrants, at first few in number, gave no offence to the tribes amongst whom they appeared. They seemed so humble, so submissive! they merely asked permission to sojourn in the thinly populated parts of the country, and their stay was to be temporary, but soon finding their number considerably augmented, they thought themselves strong enough to throw off the mask, and to nominate chiefs.*[23]

Vir Casalis bestaan daar geen twyfel dat die koms van die blankes géén voordele vir die Basoeto ingehou het nie. Die blankes was inderdaad, in die woorde van Plaatje, "bad neigbours", want die oomblik toe hulle in getalsterkte toeneem, verwerp hulle Mosjwesjwe se leierskap en vorm hulle eie blanke magsbasis, en wys hulle eie (blanke) leiers aan.

Ongeveer 'n eeu na Casalis onderskryf van die professionele liberale geskiedskrywers die siening dat die koms van die blankes geen voordele vir die inheemse bevolking van die Vrystaat ingehou het nie. Die kolonisasie van die binneland word deur hierdié skrywers voorgehou as die groot oorsaak van oorloë[24] en die Basoeto hul regmatige grondgebied ontneem het.[25] Neo-liberale geskiedskrywers betreur ook blanke immigrasie na die Vrystaat, en hulle was "a threat to the survival of every other political community on the high veld".[26] Gedurende die tagtigerjare voer Julian Cobbing aan dat die blanke kapitaliste se sug na grond en arbeid tot blank-op-swart-roofaanvalle (vir slawe) gelei het. Die blankes en nie swart-op-swart-konflik moet verantwoordelik gehou word vir onstabiliteit in die binneland.[27]

Elizabeth A Eldredge wys op die negatiewe invloed wat die koms van die blankes op die inheemse bevolking gehad het. In 'n argivaal gefundeerde bespreking skilder sy die lewe van

---

verhouding tussen die Vrystaatse blankes en die Basoeto gemaak nie. Eerwaarde DF Ellenberger, wat vanaf die vroeë 1860's tot 1905 as lid van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap in Basoetoland werksaam was, se boek *History of the Basuto: ancient and modern* het in 1912 verskyn. Die boek handel oor die antieke geskiedenis van die Basoeto en die *mfecane* tot en met die jaar 1833. In die boek is daar geen verwysing na kontak tussen die Vrystaatse blankes en die Basoeto nie. Ellenberger het beplan om nog twee volumes oor die geskiedenis van Basoetoland te skryf, maar as gevolg van siekte is die werke nooit voltooi nie (cf J Gill, Introductory essay, in DF Ellenberger, *History of the Basuto: Ancient and modern*, pp. xiii-xv; 7; 18; 23; 30.)

23 Casalis, *The Basutos; or, twenty-three years in South Africa*, p. 118.

24 Robert Lacour-Gayet, *A History of South Africa*, p. 105; MS Geen, *The making of South Africa*, p. 109; Julian Mockford, *Here are South Africans*, pp. 67-68; Richard P Stevens, *Lesotho, Botswana & Swaziland*, p. 17.

25 *Vide* par 1.2.3.

26 Leonard Thompson *Survival in two worlds. Moshoeshoe of Lesotho, 1786-1870,* p. 116. *Vide* ook Hamnett, *Chieftainship and legitimacy*, p. 24 en J Omer-Cooper, Aspects of political change in the nineteenth-century Mfecane, in Leonard Thompson (ed) *African societies in southern Africa*, p. 209.

27 Julian Cobbing, The Mfeeane as alibi: thoughts on Dikhakong and Mbolompo, *Journal of African History*, 29, 1988, pp. 487-519. *Vide* par 1.2.3.1 vir 'n kort opsomming van Cobbing se siening oor die *mfecane*.

die inheemse bevolking wat voor die 1820's in die Caledonriviervallei woonagtig was, as idillies. In die gebied was 'n groot aantal Sotho-koninkryke wat saamgebind is deur 'n gemeenskaplike taal, kultuur en tradisies. Dié swartes het gemengde boerdery beoefen en sporadies met hulle bure handel gedryf. Om die vreedsaamheid van dié swartes te beklemtoon, skryf sy dat "only occasional cattle raids disrupted the tranquillity of the region".[28] Die idilliese bestaan word deur die *mfecane* ontwrig.[29] In teenstelling met geskiedskrywers wat die standpunt huldig dat die koms van die blanke boere Mosjwesjwe se nasiebouproses positief beïnvloed het, sê Eldredge dat Mosjwesjwe uit die chaos die Basoeto-koninkryk in Thaba Bosigo opgebou het. Die blanke sendelinge wat in 1833 by Thaba Bosigo gearriveer het, het 'n nasie wat in vrede gelewe én op die drumpel van vooruitgang gestaan het, gevind.[30] Mosjwesjwe het dus reeds voor die koms van die blanke boere daarin geslaag om 'n multi-etniese nasie op te bou. Dié nasie se voortbestaan is deur die koms van die blankes bedreig: "the ultimate viability of the nation was threatened not from within but from without".[31] Mosjwesjwe moes gevolglik 'n vergeefse stryd aanknoop om sy onderdane teen blanke ekspansionisme te beskerm.[32]

Colin Murray deel dié siening van Eldredge dat daar voor die koms van die blankes vrede en stabiliteit in die Vrystaat geheers het. Nadat Murray 'n uiteensetting van die bevolkingsverspreiding in die Vrystaat na afloop van die *mfecane* verskaf, konkludeer hy dat daar 'n magsewewig in die gebied ontstaan het, maar die "white settlers with guns" het dit versteur.[33]

In teenstelling met die Afrikanersentriese geskiedskrywers wat slegs op die positiewe invloed van die koms van die blanke boere na die Vrystaat vir die swart bevolking wys, wys die swart, liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers, asook die sendeling Casalis slegs op die negatiewe aspekte, naamlik oorloë en grondverliese.

Geskiedskrywers en eietydse skrywers van herinneringswerke verbonde aan die verskillende historiografiese skole het nie net uiteenlopende sieninge oor die invloed van die koms van die blankes op die Basoeto nie, ook oor Mosjwesjwe se aanvanklike houding teenoor die immigrante.

---

28 Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 1.
29 Cf *Ibid.*, pp. 1-3.
30 *Ibid.*, p. 3.
31 *Ibid.*, p. 46; *Vide* Elizabeth A Eldredge, Sources of conflict in Southern Africa c.1800-1830. The "Mfecane" reconsidered, in Carolyn Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath*, p. 140 vir 'n ooreenstemmende siening.
32 Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 46.
33 Colin Murray *Black Mountain. Land, class and power in the Eastern Orange Free State 1880s-1980s*, p. 15.

In aansluiting by hulle siening dat die koms van die blankes slegs positiewe gevolge vir die Basoeto gehad het, maak enkele Afrikanersentriese geskiedskrywers melding van Mosjwesjwe se aanvanklike positiewe ingesteldheid teenoor blanke boere. Mosjwesjwe het die blankes as 'n bufferstaat tussen hom en die Korana gesien.[34] Aangesien hierdie skrywers nie redes aanvoer vir die beëindiging van die positiewe verhoudinge nie, word die persepsie geskep dat opportunisme, eerder as 'n begeerte om positiewe verhoudinge te vestig, die dryfveer vir Mosjwesjwe se optrede was.

Liberale geskiedskrywers verskil in hulle sieninge oor Mosjwesjwe se aanvanklike houding teenoor blanke immigrasie. Die onberedeneerde, ongeverifieerde standpunte van Julian Mockford (1944) en Richard P Stevens (1967), naamlik dat Mosjwesjwe aanvanklik positief teenoor die koms van die blanke boere ingestel was, maar toe hulle in al hoe groter getalle, "like an army on the march or a people looking for a country", sy gebied betree het, het sy houding teenoor hulle verander;[35] en Mosjwesjwe onmiddellik besef het dat die koms van die blanke boere ernstige probleme vir die Basoeto geskep het,[36] word sedert die verskyning van Peter Becker se biografie oor Mosjwesjwe (1969) vollediger deur neo-liberale geskiedskrywers beredeneer. Die aanvanklike kontak tussen Mosjwesjwe en die Vrystaat boere was positief[37] soos blyk uit die hartlike ontvangs wat die blanke boere te beurt geval het en die vreedsame naasmekaar bestaan van blank en swart.[38] Die siening word nie deur Peter Sanders gedeel nie. Hy sê dat Mosjwesjwe se optrede teenoor die blankes slegs deur sy agting vir hulle militêre vermoëns beïnvloed is, "otherwise, he was far from disposed in their favour".[39]

Die positiewe verhouding tussen die Basoeto en die blanke boere het om verskeie redes verswak. Mosjwesjwe het aan die blanke boere grond gegee in die veronderstelling dat hulle hulle slegs tydelik daar sou vestig, maar hulle het geweier om sy gesag te erken en die grond

---

34 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. xvi; Meintjes, *The Voortrekkers*, p. 249; Van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, p. 98. In Van Schoor, *Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontluiking in Transgariep tot 1854*, p. 80 word dieselfde aanname feitlik woordeliks herhaal.

35 Mockford, *Here are South Africans*, pp. 67-68.

36 Stevens, *Lesotho, Botswana & Swaziland*, p. 17 verifieer nie dié standpunt nie en meld ook nie wat die probleme was nie.

37 Becker, *Hill of destiny*, p. 131; Gideon S Were, *A History of South Africa*, p. 106; Kowet, *Land, labour migration and politics in Southern Africa: Botswana, Lesotho and Swaziland*, p. 36; JD Omer-Cooper, Moshesh and the survival of the Basuto Nation - The second phase, in John E Flint (ed), *The Cambridge History of Africa*, vol V, p. 105.

38 Were, *A History of South Africa*, p. 106; Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 105; Kowet, *Land, labour migration and politics in Southern Africa: Botswana, Lesotho and Swaziland*, p. 36; Becker, *Hill of destiny*, p. 131.

39 Peter Sanders, *Moshoeshoe, chief of the Sotho*, p. 77.

as hulle wettige eiendom beskou.[40] Van die boere het na die ondertekening van die Napierverdrag geweier om Mosjwesjwe se gesag te erken.[41] Hulle het geweier om die Basoeto se grondgebied te verlaat.[42] Van die blanke boere het blankes wat met Mosjwesjwe se toestemming op sy grondgebied gewoon het, besteel. Pogings deur Mosjwesjwe se kapteins om die skuldiges te straf, is gekortwiek deur dreigemente van gewelddadige ingrype deur die Vrystaters.[43] Sir Peregrine Maitland[44] het ten spyte van klagtes deur Mosjwesjwe dat die blanke boere sy gesag ignoreer, geweier om teen die skuldiges op te tree.[45]

Van die neo-liberale skrywers wat redes aanvoer waarom die verhouding tussen die blankes en Mosjwesjwe versleg het, wys slegs Peter Becker daarop dat beide groepe verantwoordelik was vir die verslegting van verhoudinge.[46] Hierdie genuanseerde uitbeelding reflekteer sy bronbenutting. Hoewel Becker nie sy gegewens deur argivale bronne staaf nie, gee hy erkenning aan verskeie Basoeto, onder andere nasate van Mosjwesjwe, asook die personeel van sendingstasies in Lesotho en argiewe en biblioteke in Lesotho en Suid-Afrika vir hulp verleen met sy navorsing.[47]

Uit voorafgaande historiografiese analise oor die invloed van blanke immigrasie op die swart bevolking blyk dit dat Afrikanersentriese geskiedskrywers die siening huldig dat die koms van die blankes slegs positiewe gevolge vir die swartes ingehou het, want swart-op-swart-konflik het die voortbestaan van die swartes in die binneland bedreig. As gevolg van die koms van die blankes is die *mfecane* nie tot sy volle konsekwensies deurgevoer nie en is die swartes van uitwissing gered. Die blanke boere het nie net vrede en stabiliteit na die gebied gebring nie, maar ook beskerming vir Mosjwesjwe teen sy vyande. Dit het Mosjwesjwe in staat gestel om die Basoetonasie op te bou en territoriaal uit te brei. Hoewel hierdie skrywers klem lê op die positiewe gevolge wat die koms van die blankes vir die swartes ingehou het, moet dit nie as 'n bewys van die skrywers se welwillendheid of toegeneentheid jeens die swartes gesien word nie. Omdat hierdie skrywers die blankes (Afrikaners) voorop stel, regverdig en verdedig hulle op direkte en indirekte wyses die Afrikaners se optrede - dus ook hulle besetting van Basoeto grondgebied. Blank-

---

40 Were, *A History of South Africa*, p. 106; Thompson, *Survival in two worlds*, p. 132; Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 105; Kowet, *Land, labour migration and politics in Southern Africa: Botswana, Lesotho and Swaziland*, p. 36.

41 *Vide* par 2.1.1.

42 Becker, *Hill of destiny*, p. 139; Thompson, *Survival in two worlds*, p. 132.

43 Becker, *Hill of destiny*, p. 139.

44 *Vide* par 2.1.2 vir die bepalings en historiografiese ontleding van die Maitlandverdrag.

45 Becker, *Hill of destiny*, p. 139.

46 *Ibid.*, p. 144 lui: "There were trouble-makers like Poshuli who had not the least respect for the chief, and whose reputation as a brigand compard with the worst of the Griqua, Koranna and Bergenaar cutthroats."

47 *Ibid.*, pp. xix-xx.

meerderwaardig is die besetting oor 'n tydperk van meer as 'n halfeeu (Gie 1929; Scholtz 1970) deur Afrikanersentriese geskiedskrywers geregverdig.

Terwyl die Afrikanersentriese geskiedskrywers dus die blankes as die "redders" van die swartes voorstel, glo van die swart, liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers dat Mosjwesjwe ten tye van die koms van die blankes na die Vrystaat reeds besig was om uit die chaos van die *mfecane* die Basoetonasie op te bou. Sy heropbouprogram is versteur deur aggressiewe blanke ekspansionisme. Die koms van die blankes het géén positiewe gevolge vir die Basoeto ingehou nie. Inteendeel. Die magsewewig is versteur en oorloë het gevolg. Hoewel Cobbing se siening dat die blankes die inisieerders van die swart-op-swart konflik aan die begin van die 19de eeu in die binneland was, nie wye steun by resente geskiedskrywers geniet nie, lei sy paradigma tot 'n intensiewe debat en hernieude belangstelling oor die gebeure in die binneland.[48]

Hoewel alle pro-swart geskiedskrywers teen blanke kolonisasie is, is daar 'n nuanseverskil te bespeur by die verskillende historiografiese skole. Die siening dat die koms van die blankes geen voordele vir die swartes ingehou het nie, is reeds in 1861 deur E Casalis geopper, en gedurende die 1950's deur Molema bevestig. Sedert die veertigerjare verwys liberale geskiedskrywers terloops, en vanuit 'n blanke verwysingsraamwerk, na die negatiewe invloed van kolonisasie op die inheemse bevolking.[49] Dit is eers sedert die laat sestigerjare dat die swartes se belewing van die koms van die blankes deur neo-liberale geskiedskrywers op die voorgrond gestel word.[50] In Eldredge se 1993-publikasie word kritiek teen die koms van die blankes vanuit 'n neo-marxistiese verwysingsraakwerk geopper - die swartes het magteloos gestaan teen blanke imperialisme.

Die teenstrydige sieninge oor die invloed van die koms van die blankes na die Vrystaat reflekteer nie net die geskiedskrywers se uiteenlopene verwysingsraamwerke nie, maar ook sommiges se selektiewe bronbenutting. Grobbelaar, wie se gepubliseerde doktorale proefskrif op argivale navorsing berus, skyn die vertrekpunt te wees vir die sieninge van Afrikanersentriese geskiedskrywers. Sy bevindinge, wat met enkele uitsondering na op blanke bronne berus, word met of sonder die nodige erkenning aan hom, 'n refrein in die werke van Afrikanersentriese geskiedskrywer. Meer resente publikasies deur neo-liberale en

---

48 *Vide* par 1.2.3.1; Van Aswegen, *Die Mfecane. Werklikheid of mite?* pp. 19-32; Carolyn Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath. Reconstructive debates in Southern African History.*

49 *Vide* o.a. Lacour-Gayet, *A History of South Africa*, p. 105 (1977); Geen, *The making of South Africa*, p. 109 (1959); Mockford, *Here are South Africans*, pp. 67-68 (1944); Stevens, *Lesotho, Botswana & Swaziland*, p. 17 (1967).

50 *Vide* o.a. Becker, *Hill of destiny,* p. 131 (1969); Were, *A History of South Africa*, p. 106 (1993); Kowet, *Land, labour migration and politics in Southern Africa: Botswana, Lesotho and Swaziland*, p. 36 (1978); Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 105 (1976).

revisionistiese geskiedskrywers toon 'n meer wetenskaplike benadering. Blank en swart bronne is geraadpleeg en daar is selfs van mondelinge getuienis gebruik gemaak.

## 1.2 Die stryd om grondgebied

### 1.2.1 Die behoefte aan landbougrond

Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gedurende die eerste helfte van die 19de eeu is grootliks deur die stryd tussen die Basoeto en die blankes om die vrugbare Caledonriviervallei bepaal. Beide groepe was veeboere en landbouers en het gevolglik grond nodig gehad.[51]

### 1.2.2 Blanke ekspansionisme versus swart ekspansionisme

In die historiografie word baie sterk klem gelê op die historiese skuldvraagstuk, dit wil sê watter groep verantwoordelik gehou moet word vir die "verontregting".[52] Die siening word onder andere vergestalt in die beskuldigings van geskiedskrywers dat, na gelang van die benadering, blankes/swartes hulle skuldig gemaak het aan ekspansionisme ten koste van die ander bevolkingsgroep.

Volgens HJ Hofstede was "het hoofddoel van dezen zwarten Vorst geweest" om "rijk aan kudden en menschen te worden".[53] En omdat "de menschen en kudden geëvenredigd moeten zijn aan den grond"[54] is dit logies dat "het terrein, door Moshesh en zijn volk bewoond, te beperkt werd door den toevloed van zwarte emigranten met veel of weinig vee".[55] Dié 1876-siening dat die swartes se drang na groter lewensruimte 'n belangrike oorsaak van die blank-swart-konflik was, word 'n refrein in 20ste eeuse publikasies deur geskiedskrywers wat lojaal teenoor die blanke boere gestaan het.[56] Malan skryf in 1929:

---

51 *Vide* voetnota 2 vir geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke wat hierdie siening onderskryf.

52 FA van Jaarsveld, *Omstrede Afrikaanse verlede: Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk*, soos aangehaal in Moll *et al, Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, p. 75.

53 Hofstede, *Geskiedenis Oranje-Vrijstaat*, p. 197.

54 *Ibid.*

55 *Ibid.*, pp. 197-198.

56 Eksteen, *Lesotho in uitwaartse beweging*, p. 9; Gie, *Geskiedenis vir Suid-Afrika*, p. 358; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 6; SPR Oosthuizen, *Henry Douglas Warden, Britse Resident in die Transoranje, 1846-1852. Die stigter van Bloemfontein*, p. 4; Barlow, *President Brand and his times*, p. 16; JJ Oberholster, *Wepener 1869-1969*, pp. 21-22; Oberholster & Stemmet, *Senekal se eerste honderd jaar, 1877-1977*, p. 21; APJ van Rensburg, *Die geskiedenis van Bethlehem, 1864-1964*, p. 113. Slegs G Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 21 *(Basutoland Records)* en Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 6 *(The Friend*, 3 Januarie 1868 en SPR Oosthuizen, Die grensgeskil tussen die Vrystaat en Basoetoland, 1834-1869, *Argiefnuus* 20(7), Januarie 1978, pp. 16-18) verifieer hulle sieninge.

> *Inderdaad, geen witman het meer ademloos sy ganse lewe lank so netjies, so onwrikbaar, so koelberade gestoei vir die uitbreiding van sy mag en selfs vir 'n groot Bantoe-eenheid nie as die geval was met die imperialis Moshesh.*[57]

Die Afrikanersentriese geskiedskrywers se ongeverifieerde beskuldigings staan lynreg teenoor die siening van die liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers. Volgens hierdie skrywers het die blanke boere en nie die Basoeto nie, hulle skuldig gemaak aan aggressiewe ekspansionisme.

Die siening van Franz Balfet (1914) dat blanke ekspansionisme 'n bedreiging vir die grondbesit en voortbestaan van die Basoeto ingehou het omdat die blanke boere "orals grensbakens geplaas en daarop aanspraak gemaak [het] dat die land aan hulle behoort",[58] word by herhaling geopper in boeke wat sedert die dertigerjare gepubliseer is deur van die geskiedskrywers wat krities ingestel was teenoor die vestiging van die blankes in die Vrystaat. 'n Tipiese beskuldigings teen die blanke boere is byvoorbeed dat plaasgrense willekeurig en eensydig vasgestel is.[59] Voorts is wapengeweld gebruik om grondgebied te bekom.[60] Die blanke grondbesetting word deur arrogansie gekenmerk. HE Pegg beweer dat die blankes se optrede gemotiveer is deur hul siening dat "the portion of the white man was land and the portion of the black man was work".[61] Gerugsteun deur die werke van die Franse sendelinge, huldig Waldemar B Campbell die siening dat die grondbesettingspatrone van die blanke boere 'n weerspieëling van hulle grondhonger is. Die blanke boere het altyd gepoog om die maksimum grondoppervlakte vir landboudoeleindes op te eis.[62]

Van die liberale geskiedskrywers bied teenargumente vir Afrikanersentriese skrywers se bewerings dat swart aggressie en ekspansionisme die oorsake van blank-swart-konflik was. Natuurlike aanwas en inkorporering van nuwe lede het dit vir die Basotho noodsaaklik gemaak om meer grond vir bewoning en hul groeiende veetroppe te bekom.[63] Bewerings word gemaak dat die Basoeto se stryd om oorlewing en "a place in the sun" ineengestrengel

---

57 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 85.

58 Franz Balfet, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, p. 75. (Die biografie, wat in opdrag van Alfred Casalis geskryf is, verskyn oorspronklik in 1914. Cf *ibid.*, pp. 7; 9.)

59 JA Benyon, The process of political incorporation, in WE Hammond-Tooke (ed), *The Bantu-speaking peoples of Southern Africa*, p. 385. Met verwysing na die besetting van Basoeto- en Ndebelegrond (in Marico) deur blanke boere, kom Benyon tot die gevolgtrekking dat blanke boere swartes se grond na willekeur beset het. Daarna is plaasgrense eensydig deur die blankes vasgestel. Die gevolg van die eensydige optrede was dat "the land and any Bantu population it carried submerged under the enchroaching white ownership".

60 HE Pegg, *Southern Africa. A History*, p. 61 verifieer nie die beskuldiging nie.

61 *Ibid.*

62 Waldemar B Campbell, *The South African frontier, 1865-1885. A study in expansion*, p. 101.

63 Germond, *Chronicles of Basutoland*, p. 19; De Kiewiet, *A History of South Africa: social & economic*, p. 75; Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 312; JF Midgley, *The Orange River Sovereignty (1848-1885)*, p. 37 baseer siening op *Basutoland Records*; Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 290

was met hul stryd "for the soil of their beloved valleys".[64] Die Basoeto was daarvolgens dus die lydende party in die stryd om grondgebied; hulle moes hulle eiendom teen die "land-hungry Boers", wat met begerige oë na die Caledonriviervallei gekyk het, beskerm.[65] Alle blaam vir die konflik word eensydig op die skouers van die blanke ekspansioniste geplaas. Hierdie geskiedskrywers probeer derhalwe begrip toon vir die Basoeto se grensskendings en diefstalle as pogings om hulle verlore grond terug te wen.[66]

Hoewel Leo Marquard (1969) en Johan Burger (1942) in hulle bespreking van die grensbotsings tussen die blanke boere en Mosjwesjwe die mening huldig dat duisende swartes grond verloor het as gevolg van blanke besetting, gee hulle toe dat die blanke boere nie gebiede wat fisies deur swartes bewoon was, beset het nie.[67] Die blanke boere se besetting van swart grondgebied was dikwels die gevolg van onkunde, omdat hulle as gevolg van die lae bevolkingsdigtheid nie altyd daarvan bewus was dat van die grond deur swartes bewoon is nie. Van die boere het ook nie die nodige kennis oor die Basoeto se siening oor grondbesit gehad nie, sodat besetting deur hulle nie as kwaadwillig beskou moet word nie.[68] Marquard en Burger poog dus om 'n meer genuanseerde beeld van grondbesetting deur blankes te gee.

Met verwysing na die gebied ten weste van die Caledonriviervallei skryf sendinggeskiedskrywer EW Smith[69] in 1950 soos volg: "the emigrants looked upon this land and saw that it was good".[70] Die blanke boere se begeerte om dié grondgebied, wat volgens hom geen gelyke in Suid-Afrika ten opsigte van landboupotensiaal gehad het nie, te bekom, lei tot blanke grondekspansionisme.[71] Die Basoeto se optrede teen dié blankes moet beoordeel word teen die agtergrond van hul

> *determination ... to reoccupy these lands: their intense love of the country inherited from their fathers [and] the economic urge ... to secure sufficient corn-fields and pasture.*[72]

Smith toon nie net begrip vir die Basoeto se stryd om hulle grondgebied te behou nie, maar toon agting vir die Basoeto se intensiewe landboupraktyke in vergelyking met die

---

64 Germond, *Chronicles of Basutoland*, p. 19.
65 Benyon, *The process of political incorporation*, p. 380; Midgley, *The Orange River Sovereignty (1848-1885)*, p. 37.
66 *Vide* par 3.1.2.
67 Leo Marquard, *The story of South Africa*, p. 153; Leo Marquard, *The peoples & policies of South Africa*, p. 10; Johan Burger, *The black man's burden*, p. 22.
68 Marquard, *The peoples & policies of South Africa*, p. 10.
69 *Vide* Smith, *The blessed missionaries*, pp. x-xx. Hoewel Smith aanspraak maak op objektiwiteit, loods hy in dié publikasie 'n sterk aanval teen die Afrikaner se rassevooroordele en apartheidsbeleid.
70 *Ibid.*, p. 81.
71 *Ibid.*
72 Smith, *The Mabilles of Basutoland*, p. 141.

geïmpliseerde ondoeltreffende ekstensiewe landboupraktyke van die grondhonger blanke boere:

> *[T]housands of industrious Basuto cultivators could make better use of the soil than a few score of Boers who thought themselves crowded if they could see their neighbour's chimney on the horizon.*[73]

In enkele sinsnedes verwoord Smith al die beskuldigings van die professionele liberale geskiedskrywers.

Liberale en neo-liberale geskiedskrywers stem in beginsel saam dat die stryd om die Caledonriviervallei geïntensifiseer is deur blanke ekspansionisme en dat Mosjwesjwe se teenoptrede geregverdig kan word as 'n oorlewingstryd vir die Basoeto. Daar is egter belangrike nuanseverskille tussen skrywers van die twee historiografiese skole. Die liberale geskiedskrywers loods hulle aanvalle teen die blanke boere vanuit 'n blanke verwysingsraamwerk; die neo-liberale geskiedskrywers is swartsentries en feller in hulle kritiek ten opsigte van die blanke boere.

Neo-liberale geskiedskrywers verwys na die blanke boere in die Vrystaat as "white settlers"[74] óf "land-hungry white settlers"[75] wat 'n "insatiable appetite for land" gehad het.[76] In 'n onbewese vergelykende bespreking van die grondbenuttingpraktyke van die twee bevolkingsgroepe wys Leonard Thompson daarop dat die Basoeto die gebied benut het as vee- en saaiboere, terwyl die blankes slegs veeboere was. Die Basoeto het in digbevolkte statte gewoon; die blankes "were dispersed in family units, each 'occupying' a 'farm' of several thousand acres".[77] Die persepsie van Smith, naamlik dat die Basoeto beter landbouers as die blanke boere was, word dus onderskryf. Die Caledonriviervallei was volgens DH Heydenrych vir beide die Basoeto en die blankes van waarde: "Vir die Blanke boere was die gebied waardevol, maar vir die Basotho was dit van kritieke belang, omdat

---

73 *Ibid.*

74 Kevin Shillington, *A History of Southern Africa*, p. 77; Paton, *The land and people of South Africa*, p. 142.

75 JD Omer-Cooper, Moshesh and the survival of the Basuto Nation - The second phase, in Obaro Ikime (ed), *Leadership in 19th century Africa*, p. 102; Christopher Saunders (ed), *Reader's Digest illustrated History of South Africa. The real story*, p. 139.

76 Leonard Thompson, Southern Africa (1795-1870), in Philip Curtin, Steven Feierman, Leonard Thompson & Jan Vansina, *African History*, p. 327. Thompson, *Survival in two worlds*, p. 123; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 74; JG Williams, *Moshesh. The man on the mountain*, p. 71; Helen Suzman, *Moshoeshoe the statesman*, p. 6 onderskryf hierdie siening.

77 Thompson, *Survival in two worlds*, p. 219. Thompson se aanhalingstekens. *Vide* ook Timothy Keegan, The making of the rural economy: from 1850 to the present, in ZA Konczacki, JL Parpart & TM Shaw (eds), *Studies in the economic History of Southern Africa (vol II) South Africa, Lesotho and Swaziland*, p. 43 en Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, p. 2 vir 'n ooreenstemmende siening.

die res van hul woongebied te bergagtig was."[78] Die indruk word dus gewek dat die blanke boere wel sonder die gebied sou kon voortgaan, terwyl dit vir die Basoeto se voortbestaan noodsaaklik was.

Van hierdie skrywers vind regverdiging vir Mosjwesjwe se teenoptrede. Gebaseer op die getuienis van die sendeling Ellenberger wys Sanders daarop dat Mosjwesjwe voor die *mfecane* in geen botsings om grondgebied betrokke was nie "for the simple reason that the land available on the High Veld was far in excess of the needs of its population".[79] Teen 1843 het dié situasie dramaties verander as gevolg van 'n snelle bevolkingsaanwas. Dit was die gevolg van die groei van Mosjwesjwe se koninkryk ten tye en na die *mfecane*, die invloei van swart en Hottentotimmigrante, wat buite Mosjwesjwe se gesagstruktuur gestaan het, na die gebied na afloop van die *mfecane* en die koms van die blankes.[80] Voorts maak JD Omer-Cooper die ongeverifieerde stelling dat Mosjwesjwe besef het dat "the greatest threat to his people lay in the expansionist tendencies of the Boer population of Transorangia".[81] Die enigste doel en motivering vir al Mosjwesjwe se optrede was gevolglik om sy koninkryk teen blanke verdringing te beskerm.[82] As gevolg van die bedreiging deur die blankes het Mosjwesjwe voortdurend om Britse beskerming gevra.[83] Mosjwesjwe se vrees vir blanke ekspansionisme moet deur sommige geskiedskrywers as die belangrikste rede gesien word waarom hy gepoog het om Westerse wapens te bekom.[84] Verskeie neo-liberale geskiedskrywers beskou gevolglik diefstal van blanke boere se vee, ignorering van grensreëlings en die besetting van blankes se plase as aanvaarbare metodes om Basoetogrondgebied terug te wen.[85]

Sommige revisionistiese geskiedskrywers huldig ook die siening dat blankes se betreding van Basoeto-eiendom, aangedryf deur 'n onversadigde grondhonger,[86] 'n oorsaak van blank-swart-konflik in die Vrystaat was. In 'n hoofstuk getiteld *Prelude to industrial capitalism* maak John Pampallis die ongestaafde stelling dat die "Boer rulers" in die

---

78 DH Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in Trewhella Cameron en SB Spies (eds), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 143.

79 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 60.

80 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 60; Parsons, *A new History of Southern Africa*, p. 83; Thompson, *Southern Africa (1795-1870)*, p. 372; Saunders (ed), *Reader's Digest History*, p. 138.

81 JD Omer-Cooper, Colonial South Africa and its frontiers, in John E Flint (ed), *The Cambridge History of Africa*, vol V, p. 379.

82 Omer-Cooper, *Colonial South Africa*, p. 379; Graham Parker & Patrick Pfukani, *History of Southern Africa*, p. 110; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 74; Suzman, *Moshoeshoe the statesman*, p. 7; Williams, *Moshesh. The man on the mountain*, p. 73.

83 Omer-Cooper, *Colonial South Africa*, p. 379.

84 Hugh Ashton, *The Basuto*, p. 4; Stevens, *Lesotho, Botswana & Swaziland*, pp. 17; 19.

85 *Vide* par 3.1.2.

86 Pampallis, *Foundations of the New South Africa*, p. 7. *Vide* ook Sparks, *The mind of South Africa. The story of the rise and fall of apartheid*, p. 113; Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 47.

Vrystaat tussen die jare 1830 en 1860 groot grondbesitters geword het deur die swartes hulle grond op gewelddadige wyse te ontneem.[87]

Eldredge voer verskeie redes aan waarom die blanke boere graag die vrugbare Basoetogrond wou bekom. Eerstens wys sy daarop dat die blankes ekstensiewe veeboere was. As gevolg van die onvrugbaarheid van die Vrystaatse grond was hulle nie in staat om selfonderhoudend te wees nie: "Only by forcibly expropriating the fertile land of neighbouring Lesotho could the white frontiermen begin cultivation and end their dependence on trade with the BaSotho for meeting their basic food needs."[88] Gerugsteun deur haar eie werk *Drought, famine and disease* meld sy ook dat die grondhonger van die blanke boere geïntensiveer is deur voortdurende droogtes "which brought white herders to the brink of starvation".[89] Voorts wys sy daarop dat die stryd om grond deur grondspekulasie geïntensiviseer is. Grondspekulante was "at the forefront of frontier expansion and the exploration of BaSotho lands".[90] Die grondspekulante het geen probleme ondervind om titelaktes te bekom van "vast tracts of African land" nie, want "the African occupants were legally invisible".[91] Eldredge maak die bewese stelling dat die spekulante dit nooit oorweeg het om dié plase te bewoon of te bewerk nie, maar gemotiveer is deur die winsmotief:

> *The profits to be realized in land speculation were enormous.*[92]

Aggressiewe kapitalisme, soos vergestalt in die blanke boere se strewe na die verkryging van groot plase, eksklusiewe eiendomsreg en spekulatiewe winsbejag, asook klimatologiese rampe word deur Eldredge as die onderliggende redes vir die blanke boere se "grondhonger" voorgehou. Hoewel Eldredge dit nie pertinent uitspel nie, impliseer sy vanuit 'n neo-marxistiese verwysingsraamwerk dat die kommunikale boere (proletariaat) die lydende party in die blanke boere (kapitaliste, bourgeoisie) se drang na eiendom was.

Geskiedskrywers is dit eens dat aggressiewe grondekspansionisme deur blank of swart 'n invloed op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat uitgeoefen het. Maar oor wie die skuldige en wie die lydende party was, is daar verskille.

---

87 Pampallis, *Foundations of the New South Africa*, p. 7.
88 Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 47.
89 *Ibid.* gee nie bewyse vir hierdie aanname nie; sy verwys bloot die lesers na haar artikel, Drought, famine and disease in Nineteenth-Century Lesotho, in *African Economic History*, 16, 1987, pp. 61-93. Gegewens in dié artikel berus op argivale navorsing.
90 *Ibid.*, p. 53.
91 *Ibid.*
92 *Ibid.*, p. 55 verwys na Collins, *Free Statia*, p. 182 en dokumente in die Vrystaatse Argief (S.C. 5/18; S.C. 5/20) wat dui op groot winsneming deur grondspekulante en die styging in die prys van landbougrond.

Die meeste Afrikanersentriese geskiedskrywers opper vae, algemene beskuldigings teen die Basoeto. Mosjwesjwe se territoriale en politieke ambisies het tot ongegronde grondaansprake gelei. Die Basoeto word dus verantwoordelik gehou vir die stryd wat ontstaan het as gevolg van blank en swart se konflikterende grondaansprake.

Daarteenoor noem die liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers spesifieke bewyse van die blanke boere se aggressiewe en arbitrêre besetting van Basoetogrond, onder andere hulle uitgestrekte besettingspatrone en ondoeltreffende landboupraktyke, asook natuurlike faktore en kapitalisme ter stawing van die siening dat die blanke boere hulle skuldig gemaak het aan aggressiewe en arbitrêre besetting van Basoetogrondgebied. Hierdie skrywers toon empatie met die Basoeto wat feitlik magteloos gestaan het teen blanke kolonisasie.

'n Uitstaande kenmerk van die meeste werke wat blank/swart ekspansionisme aanspreek, is die nie-verifiëring van historiese gegewens. Die tendens kan moontlik toegeskryf word aan die oorsigtelike, beskrywende aard van die meerderheid van die geraadpleegde publikasies. Slegs Eldredge gaan analities te werk en gebruik blanke bronne om blanke ekspansionisme bloot te lê.

### 1.2.3 Eienaarskap van die Caledonriviervallei

Geskiedskrywers van die verskillende historiografiese skole se uiteenlopende sieninge oor aan wie die Caledonriviervallei behoort, word in hulle pertinente of geïmpliseerde beredenering van die volgende probleemvrae gereflekteer:

- Het die blanke boere eiendomsreg verkry op grond van die volkeregtelike eiendomsbeginsel van die besetting van ongeokkupeerde grond óf het die grond in ooreenstemming met die erfregbeginsel aan die Basoeto behoort?
- Het Mosjwesjwe eiendomsreg aan die blanke boere toegestaan?

#### 1.2.3.1 Die oorspronklike eienaarskap van die Caledonriviervallei

GM Theal beskryf die verkryging van grondeienaarskap in die Caledonriviervallei soos volg:

> *Europeans from the south and Bantu from all sides had been pouring into it, each selecting the most fertile spot and immediately thereafter asserting the right of occupation. In some parts they were all mixed together, a Bantu*

> *kraal in the centre of a group of farms or a farm in the centre of a group of kraals. ... And none were willing to move.*[93]

Hierdie 1916-siening van die verkryging van grondeienaarskap deur blank én swart roep 'n beeld op van twee groepe boere wat gelyktydig in *Niemandsland* (die Caledonriviervallei) gearriveer het. Hulle het aan hulleself plase toegeken, eienaarskap aanvaar en begin boer.

In teenstelling met Theal se simplistiese siening, word verskeie argumente deur geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke aangevoer ter ondersteuning van hulle standpunt oor wie die wettige eienaars van die Caledonriviervallei is. Sommige geskiedskrywers is van mening dat die blanke boere die wettige eienaars van die Caledonriviervallei is op grond van die volkeregtelike beginsel dat die blanke boere ongeokkupeerde grond beset het. Daar is egter ook geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke wat glo dat die blanke boere die grond wederregtelik beset het. Die Basoeto is volgens hierdié skrywers die oorspronklike eienaars van die grond. Hulle het die gebied slegs tydelik tydens die *mfecane* ontruim. Die grond behoort gevolglik aan die Basoeto in ooreenstemming met die erfregbeginsel.

Reeds in 1900 het AH Keane beweer dat die blanke boere wederregtelik die Basoeto hul wettige eiendom ontneem het:

> *The whole region which coincides with the present Orange Free State, still mainly belonged to the valiant Basuto nation down to about the year 1835. They have not even yet relinquished their ancestral claims to the southern parts of the territory, of which, after a protracted struggle, they have been dispossessed by the Free Staters."*[94]

Keane beskryf die blanke boere as "foreign invaders" waarteen die Basoeto ter wille van die behoud van hul "freedom and independence" moes veg.[95]

Daarteenoor stel A Wilmot (1895), LS Amery (1900) en James Bryce (1900) dit onomwonde dat die blankes hulle op ongeokkupeerde grond gevestig het.[96]

Drie uiteenlopende standpunte word dus deur imperiale geskiedskrywers ten tye van die eeuwisseling gehuldig. Eerstens is daar diegene wat glo dat beide blank én swart die regmatige eienaars van die Caledonriviervallei is in ooreenstemming met die volkeregtelike

---

93 Theal, *History of South Africa*, vol III, p. 302 verwys na die gebied tussen die Caledon- en Oranjerivier.

94 AH Keane, *The Boer States. Land and people*, p. 110.

95 *Ibid.*, p. 117.

96 A Wilmot, *The story of the expansion of Southern Africa*, pp. 171-172; A Wilmot, *The History of South Africa*, p. 145; Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol I, p. 40; James Bryce, *Impressions of South Africa*, p. 86.

beginsel dat hulle ongeokkupeerde grond beset het. Van die ander glo dat die blanke boere ongeokkupeerde grond beset het en gevolglik die wettige eienaars van die gebied is. Laastens is daar geskiedskrywers wat die mening toegedaan is dat die Basoeto die wettige eienaars van die grondgebied is op grond van erfregbeginsel. Hulle het die gebied slegs tydelik as gevolg van die *mfecane* verlaat.

Keane se siening, naamlik dat die Basoeto die regmatige eienaars van die Caledonriviervallei was, word deur JM Orpen, Vrystaatse landmeter, vriend van Mosjwesjwe en skoonseun van die sendeling Sameul Rolland,[97] gedeel. Orpen se 1857-standpunt dat "for some time previous to 1818 the whole of the present Basutu county, and much of the Free State, was in the undisputed possession of the tribes now under Moshesh's government",[98] word in 1908 herhaal: "The whole of the country ... north and south of the Orange, as well as a great part of the Orange River Colony right across to the Vaal, had been occupied by separate Basuto tribes before any white man ever entered the country."[99] Die siening dat die Basoeto die oorspronklike en by implikasie die wettige eienaars van 'n groot gedeelte van die Vrystaat was, baseer hy nie net op die volksgeskiedenis van die Basoeto nie, maar ook op oorblyfsels van Basoetokrale en -landerye wat orals in die Vrystaat waarneembaar was.[100]

Orpen se siening dat die Caledonriviervallei in ooreenstemming met die erfregbeginsel aan die Basoeto behoort het, staan lynreg teenoor die van sy Afrikanersentriese tydgenote. Hierdie skrywers is dit eens dat die Caledonriviervallei wettig aan die blanke boere behoort.[101]

Malan voer verskeie ongeverifieerde bewyse aan waarom Mosjwesjwe "nooit enige seggingskap hoegenaamd" oor die betwiste gronde gehad het nie. Hy skryf onder andere dat

> *voor 1819 was die streke tussen die 'Nu-Gariep of die Groot, en 'Gy-Gariep of Vaalrivier 'n wildvreemde land vir die witman. Die oorspronklike inwoner,*

---

97 Balfet, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, p. 10.

98 JM Orpen, *History of the Basutus of South Africa*, p. 5. Mosjwesjwe se stamjurisdiksie het gestrek oor die Basoetostamme wat tussen die Oranjerivier en Mosjwesjwe se residensie by Thaba Bosigo gewoon het, asook dié stamme wat by die oorsprong van die Caledonrivier en dele van die Harrismithdistrik, gedeeltes van die Winburgdistrik, gebiede oos van die Caledonrivier tot by Thaba Bosigo, Molitsani en Moroka se grondgebied, gedeeltes aangrensend aan die Modderrivier en vanaf Bloemfontein tot by die samevloeiing van die Caledon- en Oranjeriviere gewoon het.

99 JM Orpen, *Reminiscences of life in South Africa from 1847 to the present day*, p. 101. Ongeverifieerd onderskryf Casalis, *The Basutos; or, twenty-three years in South Africa*, p. 119 hierdie siening.

100 Orpen, *History of the Basutus of South Africa*, pp. 3; 5.

101 Jas. A Collins, *The struggles of an infant state*, p. 4; Hendrik PN Muller, *Oude tyden in den Oranje-Vrystaat*, p. 4; Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 13.

*die Boesman, was die enigste menslike wese wat hy noord van Grootrivier teëgekom het.*[102]

Volgens Malan dui al die getuies[103] wat gelewer is tydens 'n ondersoek na Mosjwesjwe se grondeise daarop dat die gebied tussen die Oranje- en Caledonrivier nooit deur Basoeto bewoon is nie. Daarenteen het blankes hulle reeds vanaf 1820 op plase in die Suid-Vrystaat gevestig.[104] Dié ondersoek, geïnisieer deur 'n Vrystaatse president (Boshoff), word deur Malan gebruik ter bevestiging van sy pro-Vrystaat sentimente.

JA Collins en HPN Muller onderskryf by implikasie dié bewyse deur te beweer dat die grootste gedeelte van die Vrystaat ten tye van die koms van die blankes, met die uitsondering van enkele nomade, onbewoon was.[105] Om alle twyfel oor die wettigheid/eerbaarheid van die blanke boere se grondaansprake uit die weg te ruim, word beweer dat die blanke boere naas die besetting van ongeokkupeerde grond, grond wettig gehuur of gekoop het,[106] en die Basoeto onder Mosjwesjwe hulle "ongeveer gelijktijdig met de komst van der Boeren van den grooten trek ... in ... het tegenwoordige Bazoetoland en van het aangrenzende gedeelte van de huidige Oranje-Rivier Kolonie"[107] gevestig het.

JFG van Oordt se siening oor wie die oorspronklike eienaars van die Caledonriviervallei was, ondergaan vanaf 1914 tot 1916 'n totale verandering. Aanvanklik huldig hy die siening dat dié grond "werklik aan dat opperhoofd behoorde" het,[108] maar in 1916 is die erkenning van Mosjwesjwe se eienaarskap nie onvoorwaardelik nie: hy meld slegs dat Mosjwesjwe die gebied "zijn land noemde".[109] Die aanspraak van Mosjwesjwe word nie direk nie, maar by implikasie verwerp as Van Oordt beklemtoon dat die gebied "geheel onbewoond was en zich (die blanke boere) daar geen enkele Mosuto bevond" tydens hulle vestiging nie.[110] In 1914 erken hy Mosjwesjwe se grondaansprake, in 1916 verklaar hy die blanke boere die wettige eienaars op grond van die besetting van ongeokkupeerde grond.

Terwyl Van Oordt van standpunt verander, lewer Hofstede teenstrydige uitsprake. Hofstede onderskryf die siening van ander voorwetenskaplike geskiedskrywers dat die Vrystaat met die koms van die blankes feitlik onbewoon was en dat Boesmans, Betsoejanas en Korana, en

---

102 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 9.
103 *Vide ibid.*, pp. 10-12 vir 'n weergawe van getuienis dat van die blankes in die gebied tussen 1819 en 1835 slegs enkele nomadiese groepies Basoeto teëgekom het. Die getuienis is volgens Malan vervat in 'n verslag wat tydens die Vredeskonferensie van Aliwal-Noord aan sir George Grey voorgelê is.
104 *Ibid.*, p. 12.
105 Collins, *An infant state*, p. 4; Muller, *Oranje-Vrystaat*, p. 4.
106 Collins, *An infant state*, p. 4.
107 Muller, *Oranje-Vrystaat*, p. 5.
108 JFG van Oordt, *De levensgeschiedenis van President J.H. Brand*, p. 22.
109 JFG van Oordt, *Zwart en wit*, p. 40.
110 *Ibid.*, p. 45.

nie die Basoeto nie, die oorspronklike bewoners was.[111] Dié siening dat die blankes die wettige eienaars van die Caledonriviervallei op grond van die besetting van ongeokkupeerde grond was, word egter weerlê as hy by implikasie Mosjwesjwe se eienaarskap erken deur te skryf dat sir Harry Smith in 1848 "onder het afschieten van een koninklijke saluut al het land, gelegen ten noorden van de Oranje-rivier, ingesloten de landen van Moshesh ... als Britisch grondgebied" verklaar het.[112]

In werke deur Afrikanersentriese geskiedskrywers wat sedert die dertigerjare gepubliseer is, word by herhaling daarop gewys dat die Vrystaat feitlik onbewoon was met die koms van die blankes.[113] Om dié siening te verifieer, verwys CC Eloff na Hofstede[114] en Grobbelaar en Van Aswegen na die getuienisse van trekboere wat hulle sedert 1824 in die gebiede suid van die Modderrivier en tussen die Oranje- en Caledonrivier gevestig het, en teen 1830 nog geen kontak met die Basoeto gehad het nie.[115] Voorts skryf Grobbelaar dat daar voldoende bewyse[116] is dat "die gebied vanaf die sameloop van die Caledon en Oranje tot by die Langeberge inderdaad onbewoon was toe die eerste emigrante daar ingetrek het".[117] Hy gee toe dat dit "moeilik [is] om vas te stel hoe vér Moshesh se ryk hom in 1833 uitgestrek het,"[118] maar "[d]ie kaarte toon dat geen Basoetoes tussen die sameloop van die Caledon en Oranje gewoon het nie. In 1833 het daar egter reeds Afrikaanse koloniste in die gebied ingetrek, maar die sendeling Casalis, en eweneens Moshesh, was nie hiervan bewus nie."[119]

---

111 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, pp. 17; 87.

112 *Ibid.*, p. 100.

113 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 4; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 29-30; Barlow, *President Brand and his times*, p. 13; Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, pp. 10-11; S Hofmeyr, *Die Boere-republieke en die Volkereg*, p. 123; A Kieser & DW Kruger, Transoranje en Transvaal voor 1854, in AJ Böeseken, DW Kruger & A Kieser (reds), *Drie eeue. Die verhaal van ons vaderland*, deel II, p. 243; FJ du Toit Spies, *Hamelberg en die Oranje-Vrystaat*, p. 34; Oosthuizen, *Warden*, p. 5; JJ McCord, *South African struggle*, p. 51; SHM Smith (red), *Die Oranje-Vrystaatse Jaarboek 1951-52*, p. 9; BJ Barnard, *'n Lewensbeskrywing van majoor Henry Douglas Warden*, pp. 340-341; MCE van Schoor, Republieke, in MCE van Schoor & Jan J van Rooyen, *Republieke en Republikeine*, p. 98; Van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, p. 98; Oosthuizen, *Warden*, p. 5; ID Bosman, *Die Groot Trek, 1838-1854*, in AJH van der Walt, JA Wiid en AL Geyer (reds), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 233; Eksteen, *Lesotho in uitwaartse beweging*, p. 9; GD Scholtz, *Geskiedenis van Ventersburg en omgewing 1873-1973*, p. 14; Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 13; Prinsloo, *Smithfield*, p. 24; FA Steytler, *Die geskiedenis van Harrismith*, p. 40.

114 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 5 (cf Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 17).

115 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 77; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 30.

116 Cf Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 77-78 vir sy argumente in die verband. Hy baseer sy aannames op inligting verkry uit die werke van Sanders, Casalis en Ellenberger.

117 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 78. Prinsloo, *Smithfield*, p. 24 onderskryf hierdie siening op grond van getuienis wat in September 1858 voor landdros JJ Sauer te Smithfield afgelê is.

118 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. xiii.

119 *Ibid.*, p. xv. (In *ibid.*, p. xiii verwys hy na kaarte wat opgestel is deur die sendelinge, naamlik Casalis, Arbousset en Daumas.)

Ter ondersteuning van sy siening dat die Basoeto eers in 1845 die gebied binnegedring het, haal Grobbelaar uit die getuienisse van blanke grensboere aan.[120] Terwyl sommige Afrikanérsentriese geskiedskrywers na Grobbelaar se publikasie verwys as bewys vir hulle siening dat die Vrystaat met die koms van die blankes onbewoon was,[121] aanvaar van die ander skrywers dit skynbaar as 'n erkende historiese feit wat nie verifiëring nodig het nie.

Eloff, Grobbelaar en SPR Oosthuizen is die enigste professionele Afrikanersentriese geskiedskrywers wat na spesifieke eiendomsregbeginsels verwys om die grondeienaarskap van die blanke boere te bevestig.

Die grondeienaarskap van die blanke boere in die Caledonriviervallei word vir Eloff deur die internasionale volkereg wat betrekking het op die besitname van ongeokkupeerde eiendom bevestig.[122] Eloff se standpunt dat die blanke boere in ooreenstemming met 'n internasionale volkeregbeginsel eienaarskap van die Caledonrivier verkry het, word by implikasie deur al die geskiedskrywers wat reken dat die Vrystaat feitlik onbewoon was met die koms van die blankes, onderskryf. Die blankes het eiendomsreg van ongeokkupeerde grond verkry.

Grobbelaar se siening dat die blanke boere die wettige eienaars van die Caledonriviervallei is, berus nie net op sy beklemtoning dat die blanke boere ongeokkupeerde grond beset het nie, maar ook op die verwerping van aansprake deur Mosjwesjwe dat die streek in ooreenstemming met die erfreg aan hom behoort. Nóg Mosjwesjwe nóg die sendelinge kon enige bewyse lewer dat die Caledonriviervallei voor die koms van die blankes aan Mosjwesjwe behoort het. Hy voer argumente aan ter ondersteuning van sy standpunt dat Mosjwesjwe geen erfregtelike aanspraak op die Caledonrivierdistrik gehad het nie. Eerstens is daar geen oorblyfsels van die Basoeto se "voormalige verblyf daar soos ruïnes van ou kafferkrale, ou lande, ens." nie.[123] Voorts skryf hy dat daar in die driehoek tussen die Caledon- en Oranjerivier "een of ander berg of rivier [moet] wees wat oorspronklik 'n Sesoetoe naam gedra het. ... Dog in die driehoek vind 'n mens slegs topografiese aanduidings dat die gebied deur Boesmans bewoon is."[124] Dit is vir Grobbelaar eienaardig dat koloniste op die noordelike grens van die Kaapkolonie met geen Basoeto in aanraking

---

120 *Vide ibid.*, pp. 77-78 vir die getuienisse van GW Fouché en FJC Cronje.

121 *Vide* Van Schoor, *Die Afrikaner in die Transgariep*, p. 80; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 34; Eksteen, *Lesotho in uitwaartse beweging*, p. 9.

122 *Vide* Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 5 vir 'n kort bespreking van die internasionale volkeregtelike beginsel met betrekking tot die okkupering van ongeokkupeerde grondgebied.

123 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 76. As bewys vir dié siening haal Grobbelaar 'n toespraak aan wat J Halse, 'n boer van die Smithfielddistrik, op 2 September 1851 gelewer het.

124 *Ibid.* baseer die aanname op PJ van der Merwe se verhandeling, *Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek 1770-1842.*

gekom het nie.[125] Laastens noem hy dat "Boere op jagekspedisies, wat hierdie deel sedert die begin van die 19de eeu deurkruis het", geen Basoeto tydens hulle ekspedisies raakgeloop het nie.[126]

Grobbelaar kom tot die gevolgtrekking dat daar "geen sprake [kan] wees van 'n *erflike* reg deur Mosjwesjwe nie.[127] Mosjwesjwe se aanspraak kon "in die algemeen desnoods alleen gegrond word op die oorweging dat die Bantoe hom meester gemaak het van die binneland van Suid-Afrika en die Hottentotte en die Boesmans verdring het".[128]

Die kritieklose napraat van reeds gedane navorsing deur geskiedskrywers word duidelik deur sommige van Oosthuizen se publikasies geïllustreer. Sonder om enige erkenning aan Grobbelaar en Eloff te verleen, stem Oosthuizen se argumentasie ter ondersteuning van die blanke boere se eiendomsreg met dié van genoemde twee skrywers ooreen. Die blanke boere het 'n "onbewoonde land beset",[129] en gevolglik is hulle, in ooreenstemming van die "erkende internasionale gebruik van besitreg op onbesette gebied deur okkupasie" die wettige eienaars van die gebied.[130] Oosthuizen trek Mosjwesjwe se grondaansprake in twyfel en verwys na Mosjwesjwe se "beweerde erflike reg" en die feit dat dié opperhoof "beweer dat die hele betwiste gebied vroeër aan die voorgeslagte van die Basoeto behoort het".[131] Sonder dat hy die feite waarop Mosjwesjwe sy erfregaanspraak baseer noem of ontleed, verwerp Oosthuizen Mosjwesjwe se erfregaanspraak: "vir hierdie aanspraak [bestaan] geen historiese bewyse ... nie".[132] Die botsende sieninge van die blanke boere en die Basoeto word dus nie teen mekaar opgeweeg nie. Die blankes se aanspraak word sonder enige voorbehoud aanvaar.

Die invloed van Grobbelaar se navorsing blyk ook uit publikasies deur Van Aswegen en MC Eksteen. Gerugsteun deur Grobbelaar se navorsing onderskryf Van Aswegen en Eksteen Grobbelaar se siening dat Mosjwesjwe ongegronde grondeise gemaak het.[133] Van Aswegen verwys na Mosjwesjwe se grondaansprake as "kwasi aansprake" waaraan die blankes "hulle nie veel gesteur het nie".[134] Die blanke boere het dus eiendomsreg verkry

---

125 *Ibid.* steun weer eens op Van der Merwe.
126 *Ibid.* steun op Volksraad Notules.
127 *Ibid.*, p. 77. Grobbelaar se beklemtoning.
128 *Ibid.*
129 SPR Oosthuizen, *Die stigting van Ficksburg*, p. 1 en SPR Oosthuizen, *Die stigting van Ladybrand*, p. 1
130 SPR Oosthuizen: *Die Basoeto-oorloë*, p. 1.
131 Oosthuizen, *Die Basoeto-oorloë*, p. 1. *Vide* ook Oosthuizen, *Warden*, p. 5, dieselfde argumente.
132 Oosthuizen, *Die Basoeto-oorloë*, p. 1.
133 *Vide* Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 32; Eksteen, *Lesotho in uitwaartse beweging*, p. 11.
134 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 32.

deur die besetting van ongeokkupeerde grond. Mosjwesjwe se grondaansprake word verwerp.

Sommige Afrikanersentriese geskiedskrywers verleen erkenning aan die feit dat swartes voor die *mfecane* in die Vrystaat gewoon het.[135] Dit beteken egter nie dat hulle Mosjwesjwe se aanspraak op grond van die erfregbeginsel erken nie. Inteendeel. Die Basoeto het hulle eiendomsreg verbeur, want na afloop van die *mfecane* het hulle nie na hulle "vorige wonings" in die Harrismithdistrik teruggekeer nie, maar hulle in Basoetoland gevestig.[136] Mosjwesjwe se grondaanspraak, gebaseer op die argumentasie dat sy onderdane voor die *mfecane* die gebied bewoon het, word verwerp: "One might say that these were not 'his' people, as he was a very minor chief until at least the early 1830's".[137]

Die siening dat die Vrystaat onbewoon was met die koms van die blankes, word nie deur alle Afrikanersentriese geskiedskrywers gedeel nie. Dit is "belangrik ... om daarop te let dat die grond (waarop Winburg geleë is,) deur die Voortrekkers gekoop is en nie wederregtelik toegeëien is nie".[138] Die gegewens, wat gebaseer is op 'n skrywe van AH Potgieter, dien by implikasie ook as teenargument vir beskuldigings deur die pro-swart geskiedskrywers dat die blankes onwettig grond bekom het. Austin Coates[139] se ongeverifieerde aanname dat die blanke boere hulle in die Caledonriviervallei gevestig het sonder dat hulle besef het dat die Basoeto hulleself reeds in die gebied gevestig het, sluit by dié van MJ van Niekerk aan.[140] Hierdie twee skrywers erken dus dat die blankes hulle op Basoeto grond gevestig het, maar die optrede van die blankes word geregverdig. Terwyl Van Niekerk sê dat die Voortrekkers deur wettige transaksies grond bekom het, insinueer Coats dat die blankes as gevolg van die Basoeto se bevolkingsverspreidingspatrone nie bewus was van hulle teenwoordigheid in die gebied nie.

SM Molema beweer in 1951 dat dit gedurende die 1830's 'n welbekende feit was dat daar "large tracts of beautiful, unoccupied country along the Mogokare (Caledon) River" was.[141] Die standpunt dat die blankes hulle in oop ruimtes gevestig het, word dus deur Molema bevestig. In 1989 verwerp vir LD Ngcongco dié siening. Daar bestaan vir hom geen twyfel dat die Caledonriviervallei Basoeto-eiendom is nie. Hy noem dit die "heart of Moshoeshoe's

---

135 Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 13; Scholtz, *Geskiedenis van Ventersburg en omgewing 1873-1973*, p. 14; EB Hawkins, *The story of Harrismith, 1849-1920*, p. 38.
136 Steytler, *Harrismith*, p. 40.
137 Hawkins, *The story of Harrismith, 1849-1920*, p. 38.
138 MJ van Niekerk, *Winburg 150 jaar (1842-1992)* p. 10.
139 Volgens die skutblad van Austin Coats, *Basutoland* is dié outeur 'n Britse amateur historikus en verbonde aan die Singapoerse toeriste bedryf (1966). Sy uitsprake oor blank-swart-verhoudinge is hoofsaaklik Afrikanersentries, maar toon ook liberale ondertone.
140 Austin Coats, *Basutoland*, p. 31.
141 SM Molema, *Chief Moroka. His life, his times, his country and his people*, p. 35.

country" en verwys na "dispossessed Basotho farmers".[142] Die ontwikkeling in die swart historiografie word deur die sieninge van Molema en Ngcongco geïllustreer. Gedurende die vyftigerjare reflekteer swart geskiedskrywing die Britse liberale tradisie, maar in die tagtigerjare toon hulle werke ooreenkomste met die neo-liberale historiografie.

In teenstelling met geskiedskrywers wat beklemtoon dat die blanke boere grondeienaarskap verkry het op grond van die besetting van ongeokkupeerde grond, maar in aansluiting by Ngcongco, Keane en tydgenootlike liberale geskiedskrywers, voer van die liberale geskiedskrywers verskeie argumente aan waarom die Basoeto die regmatige eienaars van die Caledonriviervallei is. Die *mfecane* het gelei tot die versteuring van die vroeëre vestigingspatroon van die swartes in die Vrystaat. Maar voor die *mfecane* het die Basoeto se voorvaders die gebied bewoon en bewerk.[143] In ooreenstemming met die erfregbeginsel is dit dus Basoeto-eiendom. Mosjwesjwe se kapteins het reeds vóór die koms van die blanke boere of sendelinge hulle in die Caledonriviervallei hervestig, want hulle was afhanklik van die fonteine vir graanverbouing.[144] Voorts word beweer dat die blanke boere wat hulle aanvanklik in die Vrystaat gevestig het, nie net Basoeto aan die westelike grens van die Caledonrivier gevind het nie, maar ook by buiteposte wat so ver as Bloemfontein gestrek het.[145] Die standpunt van Afrikanersentriese skrywers dat die blanke boere hulle op ongeokkupeerde grond gevestig het, word dus verwerp.

Die bestudering van die *mfecane* staan sentraal in die werke van *neo-liberale geskiedskrywers.*[146] Dit dien vir hulle - soos ook vir die liberale geskiedskrywers - as vertrekpunt vir die standpunt dat die swartes deur die *mfecane* gedwing is om streke wat hulle "as hul eie beskou het", te verlaat. Hulle was egter "van plan om daarheen terug te keer sodra omstandighede dit sou toelaat".[147] Toe die tyd ryp was vir die herbesetting van hulle grond, vind hulle blanke boere op hulle eiendom.[148] Ongeverifieerd verwerp Jonathan Paton enige aansprake deur "conservative Afrikaners" dat die blanke boere hulle in

---

142 LD Ngcongco, The Mfecane and the rise op new African states, in JF Ade Ajayi (ed), *General History of Africa, vol VI. Africa in the nineteenth century until the 1880s*, p. 114.

143 Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 258.

144 Eric Walker, *A History of Southern Africa*, p. 219; Van der Horst, *Native labour in South Africa*, p. 43; Smith, *The blessed missionaries*, p. 81.

145 Smith, *The blessed missionaries*, p. 81.

146 *Vide* Thompson, *Southern Africa (1795-1870)*, pp. 305-310; Derek Wilson, *A History of South and Central Africa*, pp. 69-81; Sanders, *Moshoeshoe*, pp.27-59; Neil Parsons, *A new History of Southern Africa*, pp. 68-90; Davenport, *South Africa. A modern History*, pp. 10-18; Saunders (ed), *Reader's Digest History*, pp. 88-93; Shillington, *A History of Southern Africa*, pp. 32-52; Paton, *The land and people of South Africa*, pp. 131-141.

147 Ruth Edgecombe, Die Mfecane or Difaqane, in Trewhella Cameron & SB Spies (reds), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 125; *Vide* ook Freda Troup, *South Africa. An historical introduction*, p. 111; William Lye, The distribution of the Sotho peoples after the *Difaqane*, in Leonard Thompson (ed), *African societies in Southern Africa*, p. 191.

148 Lye, *The distribution of the Sotho peoples after the Difaqane*, p. 191; Troup, *South Africa*, p. 111.

onbewoonde gebiede gevestig het.[149] In 1990 tree Paton dus in 'n historiese gesprek met Afrikanersentriese geskiedskrywers in die besonder, maar ook die Afrikaner breër verband, oor die grondaansprake van die blankes in die Vrystaat. Paton en sy geesgenote gaan van die standpunt uit dat blanke kolonisasie die swartes dié grondgebied ontneem het wat tydelik as gevolg van die *mfecane* deur hulle ontruim is. Die grond behoort in ooreenstemming met die beginsel van oorspronklike besitname én die erfreg aan die swartes.

Die geskiedskrywer wat hom skekerlik die sterkste uitlaat oor die invloed van die *mfecane* op blank-swart-verhoudinge, is Julian Cobbing. Vanaf 1983 tot 1988 stel hy sy standpunte oor die *mfecane* by wyse van ongepubliseerde seminare en referate. In 1988 verskyn sy artikel *The Mfecane as alibi: thoughts on Dikhakong and Mbolompo* in die *Journal of African history*, 29.[150] Cobbing verwerp die *mfecane* as begrip, asook die konsep omdat dit volgens hom 'n mite is. Volgens Cobbing het die *mfecane* nooit plaasgevind nie. Hoewel daar in Natal en in die binneland van Suid-Afrika teen die einde van die 18de en aan die begin van die 19de eeu konflik tussen die swart gemeenskappe voorgekom het, is dit nie deur Shaka veroorsaak nie; was daar geen sprake van 'n uitkringeffek oor die hele Suider-Afrika nie; en was die gebeure nie 'n interne swart revolusie nie. Hy verwerp die idee van 'n ontvolkte binneland. Cobbing beskou hierdie interpretasies as 'n mite, 'n uitgebreide alibi wat oor die jare deur blankes (setlaars, kapitaliste) opgebou is om hulle besetting van die swartes se grond en verkryging van swart arbeid te regverdig. Die *mfecane* is vir hom nie 'n interne Afrikagebeurtenis beperk tot die swartes nie, maar 'n blank-gemanipuleerde proses van grondbesetting, slaweroof en plundering.[151] Cobbing se *mfecane*-siening lei tot 'n hernieude belangstelling in die *mfecane*-geskiedenis.[152] In 'n 1995-publikasie bevestig onder andere Elizabeth A Eldredge, John Omer-Cooper en Neil Parsons hulle siening dat die binneland slegs tydelik ontruim was as gevolg van interne swart konflik.[153]

Monica Wilson weerlê argumente dat die blanke boere onbesette grond beset het. Ter ondersteuning van haar siening dat die Basoeto reeds voor 1820 in die Caledonriviervallei gevestig was, verwys sy na die vestigingspatrone van die Basoeto, soos blyk uit Ellenberger se studies van hul volksverhale, verslae van ooggetuies asook argeologiese fondse van

---

149 Paton, *The land and people of South Africa*, p. 142.


150 Van Aswegen, *Die Mfecane. Werklikheid of mite*? p. 27.

151 Cobbing, *The Mfecane as alibi: thoughts on Dikhakong and Mbolompo*, pp. 487-519; Van Aswegen, *Die Mfecane. Werklikheid of mite*? p. 28; Norman Etherington, Putting the *mfecane* controversy into historiographical context, in Carolyn Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath*, pp. 13-19.

152 *Vide* o.a. Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath*; Van Aswegen, *Die Mfecane. Werklikheid of mite*?

153 Eldredge, *Sources of conflict in Southern Africa c.1800-1830*, p. 161; John Omer-Cooper, The Mfecane survives its critics, in Carolyn Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath*, p. 279; Neil Parsons, Prelude to Difaqane in the interior of Southern Africa c.1750-1820, in Carolyn Hamilton (ed), *The Mfecane aftermath*, p. 348.

oorblyfsels van tipiese Basoeto boustrukture.[154] Op grond van dié bewyse verskaf sy 'n kaart waarin die vestigingspatrone van die Basoeto voor en na 1820 op grond van hierdie getuienisse aangedui word.[155] Uit haar kaart blyk dit dat die Basoeto voor en na die *mfecane* redelik wyd verspreid in Sentraal- en Oos-Vrystaat teenwoordig was. In aansluiting by Wilson en ter ondersteuning van die standpunt dat die blanke boere Basoetogrondgebied geokkupeer het, verskaf Becker, hoewel hy toegee dat dit moeilik is om Mosjwesjwe se grondgebied te omskryf, 'n gedetailleerde, maar ongeverifieerde gebiedsomskrywing van Basoeto-eiendom.[156]




KAART 1
VERSPREIDING VAN BASOETOSTAMME VOOR EN NA 1820
(Bron: Monica Wilson, The Sotho, Venda, and Tsonga, in Monica Wilson & Leonard Thompson (eds), *The Oxford History of South Africa*, vol I, p. 138)

---

154 Monica Wilson, The Sotho, Venda, and Tsonga, in Monica Wilson & Leonard Thompson (eds), *The Oxford History of South Africa*, vol I, pp. 134-142.

155 *Vide ibid.*, p. 138 & Kaart 1.

156 Becker, *Hill of destiny*, p. 119. Die berggebied wat suidwaarts vanaf Thaba Bosigo tot by die Oranjerivier strek en weswaarts tot by die samevloeiing van die Oranje- en Caledonriviere; insluitend die suidwestelike grasvlaktes wat grens aan die Caledonrivier tot by Berseba, die Hoëveldgebied tot by Thaba Nchu, die koringstreek suid van die bo-Caledon en die gebiede wat in 1834 deur die Griekwas, Korana en Basters onder die Wesleyaanse sendelinge bewoon is, asook die Tlotsi en Butha-Buthadistrikte

RC Germond visualiseer met behulp van 'n kaart opgestel deur van die Franse sendelinge sy standpunt dat die Basoeto reeds teen die eerste helfte van die 19de eeu redelik wyd verspreid in die Vrystaat woonagtig was.[157]

Neo-liberale geskiedskrywers is dit eens dat die blanke boere wederregtelik grondgebied wat volgens die erfregbeginsel aan die Basoeto behoort het, beset het.

Laastens sal na Eldredge se beredenering en bevestiging van Mosjwesjwe se grondeienaarskap in ooreenstemming van die erfregbeginsel gelet word. Volgens haar is dit nodig om, ten spyte van die feit dat Mosjwesjwe se aansprake op die Caledonriviervallei goed gedokumenteerd is, te let op die geldigheid van sy eise wat gebaseer is op vorige besitname, want

> *white South Africans have traditionally denied the previous occupation of these areas by Africans, and have continued to assert their right to these land claims on a false claim of prior occupation.*[158]

Eldredge voer verskeie argivaalgefundeerde bewyse aan ter ondersteuning van Mosjwesjwe se grondaansprake en ter verwerping van die "false claims" dat die grondgebied aan die suidweste en weste van die teenswoordige Lesotho óf onbewoon was óf slegs Boesmans daar gewoon het.[159]

Voorts maak sy die aanname dat naas droogtes,[160] die blankes vir die wanorde wat daar gedurende die 1820's geheers het, verantwoordelik gehou moet word:

> *the disruptions of the 1820s [were] largely caused by European-sponsored Griqua and Kora raiding against the African inhabitants of the interior.*[161]

Haar kritiek teen die blanke (Afrikaner) is fel. Gedurende die 19de eeu was die blankes verantwoordelik vir die tydelike ontruiming van die gebied wat deur die voorgeslagte van die Basoeto bewoon is. Gedurende die 20ste eeu gebruik Afrikanersentriese

---

157 *Vide* Germond, *Chronicles of Basutoland*, teenoor p. 144 vir 'n kaart van die vestigingspatrone van die Basoeto (1834).

158 Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 42.

159 *Vide ibid.*, pp. 42-44 vir 'n deeglik gefundeerde uiteensetting, onder andere skrywes deur JM Orpen aan DF Ellenberger (9 en 22 Desember 1905) en Nehemiah Sekonyana Mosjwesjwe op (8 September 1905), asook 'n ooreenkoms tussen opperhoof Mojakisane van die BaMonaheng-stam en sir Benjamin D'Urban gedurende (1835) van haar standpunt.

160 *Ibid.*, p. 77 beweer dat historici die rol wat natuurlike faktore in die geskiedenis speel, misken. Sy verwys na Robert Moffat, *Missionary labours and scenes in Southern Africa*, p. 315 waarin melding gemaak word van verskeie jare van knellende droogtes gedurende die 1820's.

161 *Ibid.*, pp. 40; 77. Eldredge steun op haar eie publikasie, *Sources of conflict in Southern Africa.*

geskiedskrywers dié ontruiming, wat deur hulle voorgeslagte geïnisieer is, as vertrekpunt ter regverdiging van blankes se onteiening van swartes.

CJ Uys se beredenering van die eienaarskap van die Caledonriviervallei is nie net 'n sinopsis van die uiteenlopende sieninge van geskiedskrywers oor dié aangeleentheid nie, maar is ook illustratief van geskiedskrywers se beredenering daarvan.

Na die verskaffing van bewyse ter ondersteuning van die blankes se aansprake, wat hy op Grobbelaar se navorsing en *Basutoland Records* baseer,[162] postuleer hy:

> *In die lig van blanke getuies wil dit voorkom asof die Basoeto hoegenaamd geen aanspraak op grondgebied tussen die Caledon en Gariepriviere kon hê nie. Maar alle sake het drie kante: myne joune en die waarheid. Wat is die waarheid?*[163]

Ook die bewyse ter ondersteuning van die Basoeto-aanspraak word verskaf.[164] Op grond van dié bewyse skryf hy:

> *Hierdie verskillende stamme het die genoemde dele van die suid-Vrystaat [sic] dus bewoon lank voordat die blankes hulle hier kom vestig het.*[165]

Maar "wat is die waarheid" volgens Uys?

> *Dit is wel waar dat hulle* [die Basoeto*] van hier weer ... gedryf is voordat die eerste jagpartye die streek tussen die Caledon- en Gariepriviere verken het. Maar was Mosjesj se aanspraak van alle grond ontbloot en uit die lug gegryp toe hy die gebied deur onderhorige stamme voorheen bewoon, as **sy** land opgeëis het? Dit is natuurlik net so waar dat die blankes dieselfde gebied permanent **geokkupeer** het nadat die Basoeto dit skynbaar vir goed verlaat het en hulle dus groter reg daartoe as laasgenoemde verkry het.*[166]

Die grondgebied behoort dus aan die blankes, want hulle het ongeokkupeerde grond "permanent geokkupeer". Uys het argumente teenoor mekaar opgeweeg, maar sy Afrikanersentriese verwysingsraamwerk bepaal sy finale antwoord.

Naas Uys het drie geskiedskrywers, te wete Grobbelaar, Wilson en Eldredge, hulle in deeglik gefundeerde, analitiese besprekings uitgespreek oor die eiendomsreg van die Caledonriviervallei. Laasgenoemde drie skrywer verifieer hulle sieninge op grond van

---

162 CJ Uys, *Rouxville (1863-1963)*, pp. 31-34.
163 *Ibid.*, p. 34.
164 *Vide ibid.*, pp. 34-35. Hoewel hy nie bronne verskaf nie, verwys hy na DF Ellenberger, *History of the Basuto*, *Basutoland Records* en G Lagden, *The Basutos*.
165 *Ibid.*, p. 35.
166 *Ibid.* Uys se beklemtoning.

uitsprake deur swart of pro-swart tydgenote en blanke bronne. Die skrywers maak dus van dieselfde tipe bronne gebruik, tog verskil hulle sieninge. Nie net bronkeuse nie, maar ook die seleksie van spesifieke inligting uit 'n bron word deur 'n skrywer se verwysingsraamwerk bepaal. Dit is belangrik om daarop te let dat die pro-swart bronne, met die uitsondering van die volksverhale wat deur Wilson geraadpleeg is en die skrywes deur Mosjwesjwe (met die hulp van die sendelinge), die pennevrug van blankes is. Dit is dus noodsaaklik dat geskiedskrywers in 'n groter mate van volksverhane en mondelinge getuienis gebruik maak in die boekstawing van die Vrystaatse (Suid-Afrikaanse) geskiedenis.

Grobbelaar en Wilson se benutting van argeologiese navorsing dien weer eens as 'n duidelike bewys dat objektiewe geskiedskrywing 'n mite is. Wilson gebruik 20ste eeuse argeologiese bewyse ter ondersteuning van haar pro-swart standpunt oor die eienaarskap van die Caledonriviervallei. Grobbelaar wend hom tot kwasi-argeologiese waarnemings van 'n 19de eeuse boer, topografiese studies en die leksikologie om die blanke boere se aansprake te bevestig.

Dit is opmerklik dat slegs Uys argumente ten gunste van beide die blanke boere en die Basoeto aanvoer. Die ander geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke bied slegs argumente aan ten gunste van 'n spesifieke bevolkingsgroep se aansprake en/of ter verwerping van die ander bevolkingsgroep s'n.

Terwyl voorafgaande vier professionele geskiedskrywers pro-swart en pro-blanke bronne benut ter verifiëring van hulle onderskeie standpunte, poog Malan en Orpen nie eers om die illusie van objektiwiteit te skep nie. Malan verwys na die getuienisse wat blankes, onder andere te Aliwal-Noord, ter verifiëring van sy ooreenstemmende siening. Orpen se uitsprake oor grondbesit is problematies. Enersyds word geloofwaardigheid aan sy standpunt verleen uit hoofde van sy professie (landmeter), maar andersyds kon sy persoonlike verbintenisse - sy huwelik met Sameul Rolland se dogter en sy vriendskap met Mosjwesjwe - sy oordeel beïnvloed het. Laasgenoemde het skynbaar die deurslag gegee, want hy steun uitsluitlik op die Basoetovolksgeskiedenis en argeologiese waarnemings oor oorblyfsels van Basoetostatte en -landerye ter ondersteuning van die Basoeto se grondaansprake.

### 1.2.3.2 Het Mosjwesjwe grondeienaarskap aan die blanke boere toegestaan?

Gedurende die eerste helfte van die 19de eeu vra en verkry blanke boere toestemming van Mosjwesjwe om hulle in die Caledonriviervallei te vestig. Die vraag of die toestemming permanent of tydelik was, is ineengestrengel met die betrokkenes se uiteenlopende sieninge oor grondbesit. Die blankes het as individue grond besit, terwyl die swart stamme die grond gemeenskaplik besit en benut het. Die verwarring wat die uiteenlopende sieninge by die

belanghebbendes en geskiedskrywers geskep het, word reeds in 1907 deur GC Henderson uitgewys. Die blanke boere het toestemming ontvang om hulle in die gebied te vestig ("to squat"), maar

> *[i]t is impossible now to say precisely what was involved in this concession. In all probability no definite stipulations were made; but it soon became apparent that 'old father Moshesh' meant one thing and the Boers another. Lapse of years proved that the settlers regarded themselves not merely as squatters but settlers.*[167]

Dié verwarring lei tot probleemvrae:

- Het Mosjwesjwe tydelike verblyfreg of eiendomsreg aan die blanke boere toegestaan?
- Bestaan daar geskrewe bewyse om die verblyfooreenkoms te bevestig?

Vervolgens sal na geskiedskrywers asook skrywers van herinneringswerke van die verskillende historiografiese skole se beredenering en "antwoorde" op dié probleemvrae gelet word.

Die verwarring met betrekking tot die probleemvraag of Mosjwesjwe eiendomsreg aan die blanke boere toegestaan het of nie, word deur George Cory se perspektiefwisseling en teenstrydige uitsprake geïllustreer. Hy maak die onbewese aanname dat Mosjwesjwe die grond slegs vir tydelike gebruik aan die boere beskikbaar gestel het.[168] Die blanke boere het egter hierdie toegewing misbruik, want met verloop van tyd het van die boere die grond verkoop. Hy suggereer dat die boere bewus was van die feit dat die grond Mosjwesjwe se wettige eiendom was, en beweer, sonder die verskaffing van bewyse, dat "the illegality of such sales was concealed by the pretence that the purchase price included only the buildings".[169] In die vyfde volume van Cory se *The rise of South Africa* word egter beweer dat Mosjwesjwe eers jare nadat hy aan die boere toestemming verleen het om hulle in die onbewoonde gebiede van die Caledonrivier- en Smithfielddistrikte te vestig, "endeavoured to make it clear that in thus permitting them to reside there, he had not alienated the land - that they were still his own".[170] Cory verander dus van standpunt, want terwyl hy in volume IV veroordelend wys op die onwettige grondtransaksies van die boere, gee hy in volume V te kenne dat hul optrede geregverdig kan word op grond van Mosjwesjwe se versuim om hulle in te lig oor die voorwaardes vir die bewoning van die grond. Dit blyk dus

---

167 GC Henderson, *Sir George Grey. Pioneer of Empire in Southern lands*, pp. 146-147.
168 G Cory, *The rise of South Africa*, vol IV, p. 304.
169 *Ibid.* dui nie aan of daar wel permanente strukture (geboue) op die plase was nie.
170 Cory, *The rise of South Africa*, vol V, p. 174.

dat Cory se interpretasie verskuif vanaf 'n kritiese ingesteldheid tot 'n simpatieke houding teenoor die blanke boere.

Cory se aanvanklike siening is ook dié van sy tydgenoot Harold Brown. Hoewel hy nie Mosjwesjwe se reg op die Caledonriviervallei beredeneer nie, stel hy dit onomwonde dat Mosjwesjwe nie eienaarskap aan die blanke boere of enige ander swart opperhoof verleen het nie, maar slegs tydelike verblyf.[171]

J Noble maak die aanname dat die blankes hulle plase bewerk en verbeter het omdat hulle onder die indruk verkeer het dat hulle die grond besit. Mosjwesjwe het egter geweier om die boere se eiendomsreg te erken en het verklaar dat "the whole country was the property of the Basuto".[172] Hoewel Noble geen gedetailleerde uiteensetting gee van die beginsels waarop Mosjwesjwe sy besitreg gegrond het nie, toon hy in die 1877-publikasie begrip vir blank én swart. 'n Skynbare gebrek aan kommunikasie tussen die belanghebbendes en die blanke boere se onkunde oor Basoetogrondbesitpraktyke het hulle onder die indruk gebring dat hulle eiendomsreg verkry het. Hy insinueer egter ook dat Mosjwesjwe mondeling (teenoor wie word nie genoem nie) te kenne gegee het dat hy nie van Basoeto-eiendom afstand gedoen het nie.

Die verwarring wat die uiteenlopende grondbesitbeginsels vir die belanghebbendes kon meebring, blyk uit die teenstrydige uitsprake van Cory en die genuanseerde beredenering van Noble en Henderson. Die argumente van geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke wat Brown se standpunt steun, naamlik dat Mosjwesjwe slegs tydelike verblyfreg aan die blanke boere toegestaan het, sal vervolgens onder die loep geneem word.

Godfrey Lagden, Britse resident-kommissaris in Basoetoland (1886-1901), die Franse sendelinge V Ellenberger en E Casalis, asook Orpen, wys daarop dat die blankes hulle aanvanklik vir kort periodes in die Caledonriviervallei gevestig het ter wille van die verkryging van wild en weiding.[173] Terwyl Casalis en Orpen dit saaklik maar onomwonde stel dat die blanke boere slegs toestemming gevra en verkry het om hulle tydelik in Mosjwesjwe se grondgebied te vestig,[174] word die nie-toestaan van eiendomsreg aan die blanke boere deur Ellenberger en Lagden bespreek.

---

171 Harold Brown, *War with the Boers*, vol I, p. 126.

172 Noble, *South Africa,* p. 141. Dit blyk nie duidelik wat die skrywer met "the whole country" bedoel nie.

173 Lagden, *The Basutos*, vol I, p. vii; V Ellenberger, *A century of mission work in Basutoland* (1833-1933), p. 52; Casalis, *The Basutos; or, twenty-three years in South Africa*, p. 118; Orpen, *Reminiscences*, p. 102

174 Casalis, *The Basutos; or, twenty-three years in South Africa*, p. 118; Orpen, *Reminiscences*, p. 102.

Ellenberger beklemtoon dat Mosjwesjwe aanvanklik geen struikelblokke in die weg van die blanke vestiging gelê het nie ten spyte van waarskuwings deur die sendelinge oor die blankes se grondbesitbeskouinge.[175] Dit was ondenkbaar vir Mosjwesjwe dat die blankes ooit daarop sou kon aanspraak maak dat hy aan hulle eiendomsreg verskaf het of eensydig sou oorgaan tot die vasstelling van grense.[176]

Met verloop van tyd het die vestiging van dié blankes 'n meer permanente karakter begin aanneem. Dit lei daartoe dat Mosjwesjwe 'n memorandum opstel waarin hy dit duidelik stel dat hy dié blankes as huurders, aan wie hy slegs tydelike verblyf toegestaan het sonder om afstand te doen van sy regte, beskou het. Voorts haal Lagden aan uit briewe van die Basoeto-opperhoof[177] en die Franse sendeling Rolland[178] aan die Britse luitenant-goewerneur in die Kaap, Stockenström. Dié briewe dien vir hom as bewys van die onwilligheid van blanke boere om Mosjwesjwe se besitreg op die grond te erken, en illustreer dat die blanke boere bewus was van hulle tydelike verblyfstatus. Slegs argumente ter ondersteuning van die Basoeto se besitreg word deur Lagden weergegee.[179]

'n Halfeeu later onderskryf geskiedskrywers die standpunt van Mosjwesjwe se vriende en tydgenote, naamlik dat die opperhoof slegs tydelike verblyfreg aan die blanke boere verleen het. Sommige van dié geskiedskrywers wys ook daarop dat die Basoeto eerder in stamverband as territoriaal georganiseerd was[180] en "so long as land was plentiful their idea of boundaries were as vague and rudimentary as their notion of land ownership".[181] Jean van der Poel gee 'n omskrywing van die Basoeto se grondbesitsiening:

> *Grass was a provision of nature like sunshine and rain and should be used in common. ... They knew no such thing as trespass except on land where crops were actually standing.*[182]

Marquard beskou die blankes se miskenning van die tradisionele grondbesitreg van die Basoeto as 'n rede waarom die swartman sy eiendom verloor het:

---

175 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 52.
176 Smith, *The blessed missionaries*, p. 81; Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 52.
177 Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 66. In die brief verwys Mosjwesjwe na twee trekboere, Joubert en Peters, wat sonder sy toestemming sy grondgebied betree het en twee swart misdadigers uit die Kaap agtervolg en op sy grondgebied gedood het. Dié optrede van die blankes het volgens Mosjwesjwe 'n bedreiging vir die veiligheid van sy onderdane ingehou.
178 *Ibid.*, pp. 66-67. In die brief verwys Rolland na die vyandige houding van die blanke boere teenoor Mosjwesjwe.
179 *Ibid.*
180 Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 26; Midgley, *The Orange River Sovereignty (1848-1854)*, p. 14; Marais, *The imposition and nature of European control*, p. 346; Van der Poel, *Basutoland*, p. 190; Marquard, *The story of South Africa*, p. 153; Ashton, *The Basuto*, p. 3; Walker, *A History of Southern Africa*, p. 219.
181 Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 26.
182 Van der Poel, *Basutoland*, p. 190.

> *[M]any Africans who, under customary tribal law, had sound title to the land they were living on, lost that title under European law.*[183]

Terwyl kritiek uitspreek word teen die blankes se gebrek aan erkenning, begrip en kennis van die swartman se grondbesitreg,[184] word swart betreding van blanke plase en grensskendings nie aan kwaadwillige optrede nie, maar aan onkunde toegeskryf, want die swartes was "ignorant of the sanctity of white men's treaties".[185]

Hoewel pro-swart geskiedskrywers deur hulle beklemtoning van die Basoeto se gemeenskaplike grondbesit reeds insinueer dat dit nie vir die opperhoof moontlik was om eiendomsreg aan die blanke boere te gee nie, wys van hulle ook pertinent daarop dat Mosjwesjwe slegs aan die blanke boere toestemming verleen het om die grond tydelik vir weidingsdoeleindes te benut. Die blanke boere het dié toegewing misbruik, Mosjwesjwe se gesag misken en hulle permanent op die grond gevestig.[186] Eric Walker se siening dat die sogenaamde koopsom slegs "a payment to secure the usual tribal privileges for the newcomers, who were now vassals ruling their own people alongside the Basuto sub-chiefs" was, [187] dien as teenargument vir Afrikanersentriese geskiedskrywers se klag dat die blanke boere deur "slim planne", met ander woorde Mosjwesjwe se nie-uitreiking van koopdokumente, om die bos gelei is. Aangesien hierdie geskiedskrywers blanke ekspansionisme as 'n oorsaak van die konflik beskou staan hulle krities teenoor die blanke boere se foutiewe interpretasie van die Basoeto se grondbesitpraktyke.

Neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers se siening is 'n spieëlbeeld van die liberale geskiedskrywers, naamlik dat Mosjwesjwe nooit grond aan die blanke boere verkoop nie. Hy het dit herhaaldelik onder die blankes se aandag gebring dat hulle die grondgebied slegs tydelik mag bewoon.[188] Ter stawing van die siening haal beide Sanders en Eldredge aan uit 'n brief wat Casalis namens Mosjwesjwe aan Maitland geskryf het. Volgens hierdie skrywe

---

183 Marquard, *The story of South Africa*, p. 153. Ashton, *The Basuto*, p. 3; Marais, *The imposition and nature of European control*, p. 346; Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 292 onderskryf die siening.

184 Marquard, *The story of South Africa*, p. 153; Ashton, *The Basuto*, p. 3; Marais, *The imposition and nature of European control*, p. 346 en Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 292.

185 Van der Poel, *Basutoland*, p. 190 tref 'n onderskeid tussen die Basoeto burger wat as gevolg van onkunde grensreëlings oortree het, en Mosjwesjwe: "He was dealing with European powers and he soon came to follow the forms of European diplomacy." Terwyl sy dus begrip toon vir Mosjwesjwe se onderdane, impliseer sy dat Mosjwesjwe bewus was van die bindingskrag van die grensreëlings.

186 Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 290; Ashton, *The Basuto*, p. 3; Walker, *A History of Southern Africa*, p. 219.

187 Walker, *A History of Southern Africa*, p. 219.

188 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 60; Davenport, *South Africa. A modern History*, p. 134; Colleen Schwager & Dirk Schwager, *Lesotho*, p. 84; Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 42.

het Mosjwesjwe die blanke boere en Maitland ingelig dat Basoetogrond onvervreembaar is en dat die blankes slegs tydelike woning- en weidingsregte op die grond het.[189] Tog het die boere hulleself die reg toegeëien om die grond aan ander boere te verkoop. Die feit dat die blanke boere vir Mosjwesjwe toestemming gevra het om hulle op sy grondgebied te vestig, is vir Eldredge 'n bewys dat die blanke boere Mosjwesjwe se aanspraak op die grondgebied erken het.[190] Mosjwesjwe het nie van Basoetogrond afstand gedoen nie, tog het die blanke boere in besit van "vast tracts of African land" gekom, want "the African occupants were legally invisible".[191]

Terwyl die pro-swart geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke dit beklemtoon dat Mosjwesjwe slegs tydelike verblyfreg aan die blanke boere toegestaan het, is van die Afrikanersentriese geskiedskrywers van mening dat die blanke boere die regmatige eienaars van die Caledonriviervallei is, omdat hulle hul op onbesette grond gevestig het.[192] Omdat hierdie skrywers Mosjwesjwe se grondaansprake summier verwerp, is die feit dat van die blanke boere verblyfstoestemming van Mosjwesjwe gevra het, vir hierdie skrywers problematies.

Uit sommige Afrikanersentriese geskiedskrywers se beredenering van die probleemvraag of Mosjwesjwe aan die blanke boere eiendomsreg of tydelike verblyf toegestaan het, blyk dit dat die blanke boere Mosjwesjwe genader het om grond en hom dus by implikasie as die politieke leier van die gebied erken het.[193] Dié optrede word deur van die Afrikanersentriese geskiedskrywers gekritiseer omdat dit juridiese erkenning aan Mosjwesjwe se grondeise verleen het.[194] Voorafgaande impliseer egter ook dat die blanke boere te goeder trou gehandel het om eiendom te bekom op 'n manier wat hulle geglo het die korrekte was. Mosjwesjwe het egter nagelaat om aan die blanke boere die nodige dokumentasie ter stawing van eienaarskap te verskaf.[195] Mosjwesjwe se nalating om koopdokumente aan die boere uit te reik, was 'n "slim plan"[196] wat hom in staat sou stel om later te ontken dat hy van die grond afstand gedoen het[197] deur te beweer dat hy die grond slegs aan hulle "geleen"[198] het. Daar bestaan dus by dié skrywers geen twyfel dat individuele blanke boere grondeienaarskap verkry het nie. Weer eens blyk dit dat die blanke

---

189 Saunders (ed), *Reader's Digest History*, pp. 139-140; Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 48.
190 Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 49.
191 *Ibid.*, p. 53.
192 *Vide* par 1.2.3.1.
193 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 6; Barnard, *Warden*, p. 342.
194 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 13; Van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, p. 100; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 7.
195 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 6.
196 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. xvii.
197 Van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, p. 100; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. xvii; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 7.
198 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. xvii; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 7.

boere te goeder trou opgetree het, maar dat hulle deur 'n oneerlike, uitgeslape "verkoper" uitoorlê is.

Voorts beklemtoon van die Afrikanersentiese geskiedskrywers dit dat fundamentele verskille ten opsigte van sieninge oor grondbesit tot blank-swart-konfrontasie gelei het.[199] Hoewel die weergee van die blankes en swartes se onderskeie sieninge ten opsigte van grondbesitreg 'n aanduiding kan wees van 'n strewe na begrip vir die swartes se grondbesitstelsel, dui Grobbelaar en Van Aswegen se uitsprake op die teendeel. Die Basoeto se grondbesitstelsel toon ooreenkomste met die middeleeuse feodale stelsel.[200] Gerugsteun deur die werk van JF Midgley huldig Van Aswegen die siening dat Mosjwesjwe se grondbesitopvatting daarop neergekom het dat "hy alles wat hy kon vir hom op[ge]eis" het.[201] Terwyl genoemde skrywers klem lê op Mosjwesjwe se onkunde oor die Westerse grondbesitstelsel, argumenteer JJ Oberholster dat Mosjwesjwe dié stelsel gebruik het ter uitbreiding van sy grondgebied. Gerugsteun deur die werke van Theal beweer Oberholster dat kaarte wat deur die sendelinge opgestel is, aan Mosjwesjwe groter grondgebied toegesê het as waarop hy geregtig was. Die voordele wat die kaarte vir Mosjwesjwe se gebiedsuitbreiding ingehou het, het tot gevolg gehad dat "die betekenis van gebiedsbesit en territoriale jurisdiksie" by hom gevestig is.[202] Oberholster verskil dus lynreg van pro-swart skrywers. Die blanke grondbesitstelsel het Mosjwesjwe nie territoriaal beperk nie. Inteendeel. Dit het hom in staat gestel om sy grondgebied uit te brei.[203]

Vergelykenderwys kan onderstaande antwoorde op die inleidende probleemvrae gegee word.

Geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke is dit eens dat verskille tussen die blanke boere en die Basoeto se sieninge oor grondbesit tot konflik gelei het. Maar hier eindig skrywers van die verskillende skole se konsensus.

Die Basoeto se siening oor grondbesitreg is volgens die pro-swart geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke verantwoordelik vir die opperhoof se aanvanklike toegeneentheid teenoor die blanke boere. Omdat dit vir Mosjwesjwe ondenkbaar dat die blanke boere op Basoeto-eiendom aanspraak sou maak, het hy aan hulle toestemming verleen om hulle tydelik op sy grondgebied te vestig. Daarteenoor reken geskiedskrywers

---

199 Eloff, *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, p. 71; Van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, pp. xiii-xiv; Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, p. 92; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 22; Meintjes, *The Voortrekkers*, p. 249; Coats, *Basutoland,* p. 31.

200 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. xii.

201 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 36.

202 Oberholster, *Wepener 1869-1969*, p. 21. *Vide* Germond, *Chronicles of Basutoland*, teenoor p. 144 vir 'n kaart van die vestigingspatrone van die Basoeto (1834).

203 *Vide* par 1.2.2 vir beskuldigings deur Oberholster dat Mosjwesjwe grondhonger was.

wat lojaal teenoor die blanke boere staan dat dit 'n flater van die blanke boere was om Mosjwesjwe om vestigingstoestemming te vra, omdat dit die wanpersepsie geskep het dat die blanke boere Mosjwesjwe as heerser van die Caledonriviervallei beskou het. Die vestigingooreenkoms was nie, soos Mosjwesjwe beweer het, vir tydelike verblyf nie. Mosjwesjwe het egter nagelaat om die ooreenkoms deur die uitreiking van dokumente te staaf.

Die pro-swart geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke wys op skrywes deur Mosjwesjwe en die sendelinge aan die blanke boere en die Britse amptenary waarin die opperhoof se standpunt dat hy slegs tydelike verblyfreg aan die blankes verleen het, uitgespel word. Daarenteen word die nie-uitreiking van koopdokumente deur Afrikanersentriese geskiedskrywers gekritiseer, maar dokumente wat die blanke boere se aansprake weerlê, word verswyg. Deur selektiewe bronbenutting word die persepsie dus geskep dat die blanke boere nóóit geweet het dat hulle slegs tydelike verblyfreg geniet het nie.

Terwyl van die pro-swart geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke klem lê op die Basoeto se onkunde oor die blankes se grondbeskouinge en dit gebruik as regverdiging vir grensoortredings, insinueer van die pro-blanke geskiedskrywers dat die Basoeto, en Mosjwesjwe in die besonder, oor genoegsame kennis in dié verband beskik het. Mosjwesjwe het die Basoeto en die blankes se grondbesitsieninge misbruik om sy territoriale ambisies te verwesenlik.

In teenstelling met pro-swart geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se empatie met die Basoeto wat met die Westerse grondbesitstelsel gekonfronteer is, maak sommige Afrikanersentriese geskiedskrywers vanuit 'n superieure blanke verwysingsraamwerk die Basoeto se grondbesitsiening af as belaglik.

Laastens kan op die gedetailleerde, argivaalgefundeerde bespreking waarin Sanders hom daarvan weerhou om 'n sogenaamde korrekte interpretasie uit te wys, gelet word. Hy gee 'n uiteensetting van die verskillende belanghebbendes se grondbesitsieninge[204] en kom tot die gevolgtrekking dat "the Afrikaners' case was clear and simple" op grond van hulle eie siening, maar

> *[t]here can be little doubt that Moshoeshoe saw all his dealings with the Afrikaners in the light of his own customs, and he never believed that in allowing them to occupy the farms he was thereby giving them the land.*[205]

---

204 *Vide* Sanders, *Moshoeshoe*, pp. 60-74.
205 *Ibid.*, p. 80.

Hierdie uiteenlopende sieninge van die belanghebbendes vind neerslag in die werk van die geskiedskrywers. Die blanke boere en diegene wat hoofsaaklik op hul getuienis steun, huldig die standpunt dat die blanke boere die wettige eienaars van die Caledonriviervallei is. Mosjwesjwe en diegene wat op die getuienis van die Basoeto se vriende en kennise steun, glo dat die opperhoof slegs tydelike verblyfreg aan die blanke boere verleen het en dat laasgenoemde die vergunning misbruik het. Die enigste geskiedskrywer wat die aansprake van die blanke boere en die Basoeto teen mekaar opweeg, Sanders, weerhou hom van standpuntinname.

## 1.3 Ten slotte

In hierdie hoofstuk is twee "waarhede" blootgelê. 'n Bevolkingsherverspreiding vind gedurende die 1820's en 1830's in die Vrystaat plaas. Voorts het beide die blanke en swart boere grond benodig.

Maar oor wat die invloed van die koms van die blankes na die Vrystaat op die Basoeto se lewenskwaliteit en grondregte was, verskil pro-blanke en pro-swart geskiedskrywers radikaal.

Koloniale geskiedskrywers steun blanke vestiging in die Vrystaat, daarom glo hulle dat die koms van die blankes vrede en vooruitgang vir die Basoeto gebring het. Hulle is die mening toegedaan dat die boere op 'n wettige wyse grondeienaarskap bekom het.

Die imperiale geskiedskrywers lewer teenstrydige uitsprake. Hoewel hierdie skrywers se werke wentel om die uitbouing van die Britse ryk, toon sommige 'n toegeneentheid teenoor die blankes wat hulle buite die Britse invloedsfeer gaan vestig het. Daarenteen kritiseer Keane die blanke boere omdat hulle die gebiedsintegriteit van die Basoeto geskend het. Aangesien Britse belange deur hierdie skrywers geprioritiseer word, is daar dikwels slegs 'n byna terloopse verwysing na blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat.

Die Afrikanersentriese geskiedskrywers regverdig en verdedig die blankes se optrede. Daar bestaan by hierdie skrywers geen twyfel nie: die koms van die blankes het vrede en vooruitgang vir die inheemse bevolkings gebring. Hierdie positiewe uitbeelding van die 19de eeuse blanke Vrystaat is tekenend van die opbloei en uitlewing van Afrikanernasionalisme sedert die dertigerjare. Waar die werke van onder andere Gie (1928) en Grobbelaar (1939) vir die Afrikanernasionalis van die dertiger- en veertigerjare skietgoed vir sy politieke ideologie bied, is publikasies na die bewingsoorname van die Nasionale

Party (1948), byvoorbeeld dié van Prinsloo (1955), Pauw (1954), Scholtz (1956 en 1970), Van Aswegen (1971) en Eloff (1980) 'n bevestiging en aanprysing van die status quo.[206]

Afrikanersentriese geskiedskrywers is vas daarvan oortuig dat die blankes die wettige eienaars van die Caledonriviervallei is. 'n 1979-publikasie deur CC Eloff het ten doel om te dien as 'n historiese antwoord op Lesotho se eise gedurende die sewentigerjare dat die Verowerde Gebied weer by Lesotho ingelyf moet word. Na 'n bespreking van die stryd om die Caledonriviervallei en die Lesotho-grondeise kom hy tot die volgende gevolgtrekking:

> *Knowledge of the past and of the circumstances under which the issue of the so-called Conquered Territory arose is a prerequisite for understanding the whole question. The historian, with his desire to be objective and to grasp the essence of the reality, is prevented from making pronouncements which are based on suppositions or vague arguments. It is his task to present the facts so accurately and completely that they speak for themselves. Therefore, bearing in mind the factual situation of the region's history, the question ipso facto arises as to whether the name Conquered Territory should not be replaced by RECONQUERED TERRITORY.*[207]

Die enkele swart geskiedskrywers wat hulle uitspreek oor die blankes se besetting van Basoeto-eiendom is ongenaakbaar in hulle kritiek teen die koms van die blankes na die Vrystaat. Uitsprake in die vyftiger- en tagtigerjare repektiewelik toon aan dat swart geskiedskrywers se siening oor die blankes se eiendomsreg nie staties is nie.

Tydgenootlike en 20ste eeuse liberale geskiedskrywers, asook skrywers van herinneringswerke spreek vanuit 'n blanke verwysingsraamwerk kritiek uit oor die koms van die blankes na die Vrystaat. Hulle glo dat blanke grondekspansionisme die Basoeto hulle eiendomsregte ontneem het.

Sedert die sewentigerjare het 'n groot aantal neo-liberale publikasies die lig gesien waarin die vrede en stabiliteit wat in die Basoeto-koninkryk geheers het, uitgelig word. Die grondhonger blanke besetters het volgens hierdie skrywers destabiliserend op die Basoeto-koninkryk ingewerk. In die gees van die dekolonisasie van Afrika gedurende die sestigerjare bepleit hierdie skrywers by implikasie die politieke en ekonomiese ontvoogding van die swartes.

---

206 *Vide* o.a. Moll *et al*, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, pp. 12-17. *Vide* ook Smith, *The changing past*, pp. 69-70; 87-89; Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, pp. 64-74; Van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, pp. 16-32; Van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms*, pp. 140-141 vir die noue verbintenis tussen die Afrikaner se verledebeeld en die politiek van die dag.

207 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 42.

Die revisionistiese geskiedskrywers, en in die besonder Eldredge, skets die 19de eeuse Basoeto-koninkryk as idillies. Hierdie kommunikale landbou-ekonomie is egter wreed deur die kapitalistiese, rassistiese blanke besetters versteur. Die stryd om grondgebied word vir haar 'n stryd tussen die swart proletariaat en die blanke besittersklas.

Geskiedskrywing is dus nie neutraal nie. Die invloed van ideologieë en die tydsgees, die seleksie en interpretasie van gegewe, asook selektiewe bronbenutting het tot gevolg dat geskiedskrywers teenstrydige "waarhede" met betrekking tot die invloed van migrasie op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat oopgeskryf het. So gebeur dit dat geskiedskrywers, hoewel hulle soms dieselfde bronne gebruik het, tot verskillende gevolgtrekkings kom. Maar dit is ook duidelik dat geskiedskrywers bewustelik inligting wat beskikbaar is in primêre bronne verswyg as dit nie hulle standpunte onderskryf nie.

Hoewel daar baie publikasies is waarin blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gedurende die eerste helfte van die 19de eeu aangespreek word, is die wat op primêre bronne berus beperk. Die gevaar dat uitsprake in van hierdie gespesialiseerde werke tot "waarhede" verhef kan word, blyk uit verskeie Afrikanersentriese geskiedskrywers se onkritiese aanvaarding van een besondere bron, naamlik JJG Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek en die Basoetoe-vraagstuk.*

In die volgende hoofstuk sal geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se beoordeling van die invloed van Brittanje op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat onder die loep geneem word.

# Hoofstuk 2

# Die rol van Brittanje in blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat, 1843-1854

Die *Cape of Good Hope Punishment Act* verleen aan Britse magistrate jurisdiksie oor die blanke wat hulle sedert die 1830's in onder andere die Vrystaat gevestig het. Dit was bloot 'n simboliese magsvertoon. Maar gedurende die 1840's brei Brittanje sy invloed in die Vrystaat uit. Die betrokkenheid het in twee fases verloop. Aanvanklik poog Brittanje om deur die sluiting van ooreenkomste met die inheemse bevolkings ordelike, vreedsame blank-swart-verhoudinge formeel te reël. Na die proklamering van die Oranjerivier-Soewereiniteit (ORS) speel Brittanje 'n direkte rol in tussengroepverhoudinge in die Vrystaat (1848-1854).

## 2.1 Indirekte Britse betrokkenheid by blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat

### 2.1.1 Die Napierverdrag


Jan Mocke en Jan Kock[1] se verwerping van Mosjwesjwe se gesag, die aanstelling van veldkornette, die ignorering van Mosjwesjwe se aansprake op die grond wat hulle bewoon het en die aankoop van grond van een van Mosjwesjwe se kapteins, het Mosjwesjwe, wat nie met die blankes in konfrontasie wou kom nie, gemotiveer om die Kaapse owerheid in 1842 te vra om hom en sy mense onder Britse beskerming te plaas.[2] 'n Direkte uitvloeisel van die versoek is die sluiting van die Napierverdrag tussen die Britse regering en Mosjwesjwe gedurende Desember 1843. Volgens die verdrag sou Mosjwesjwe jaarliks 'n honorarium van £75 of wapens en/of ammunisie ter waarde van dié bedrag ontvang. In ruil daarvoor moes hy wet en orde in Basoetoland handhaaf, vlugtelinge en oortreders aan die Kaapse regering uitlewer, asook die Kaapse regering op hoogte hou van enige bedrywighede wat daarop gemik was om die Britse gesag in die Kaap te ondermyn. Artikel 3 het Mosjwesjwe se grondgebied omskryf.[3]

---

1 Die leiers van die sogenaamde republikeinse en lojalistegesinde boere vestig hulle in 1841 in die Vrystaat.

2 Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 292.

3 "The territory of the chief Moshesh is bounded from the west from the junction of the Caledon with the Gariep rivers to the sources of those rivers near the Bouta Bouto; on the south, by the Gariep River, from the junction aforesaid; on the north, by a line extending from about 25 to 30 miles north of the lands of Bethulie and the territory of Sikonyela come close upon its northern bank" (Germond, *Chronicles of Basutoland*, p. 569). *Vide* Kaart 2.




KAART 2
DIE VERSKUIWENDE BASOETOGRENSE, 1843-1849
(Bron: Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 52.)

In die historiografiese ontleding van die invloed van die Napierverdrag op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat sal op die invloed van die verdrag op die grondregte van blank en swart, die erkenning van Mosjwesjwe se leierskap, asook die rol van Brittanje in die daarstelling van positiewe tussengroepverhoudinge gelet word.

Die stryd om grondgebied staan sentraal in geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se bespreking van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat.[4] Grensreëlings tussen die blanke boere en die Basoeto het gewoonlik neergekom op die toesegging/vervreemding van grondgebied aan/van die blanke boere/Basoeto. Tydgenootlike, amateur en professionele geskiedskrywers, asook skrywers van

4 *Vide* par 1.2.

herinneringswerke staan nie neutraal in hulle beoordeling van grensreëlings nie, want afhangende van hulle onderskeie verwysingsraamwerke word die wins of verlies aan grondgebied positief of negatief beoordeel. Dit kan egter ook gebeur, soos sal blyk uit die bespreking van die Napierverdrag, dat grensreëlings nóg aan die behoeftes en verwagtinge van die blanke boere nóg aan die van die Basoeto voldoen het. Dan is geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke van die verskillende historiografiese skole eenstemmig in hulle negatiewe beoordeling van die grensreëlings, maar die motivering vir hulle kritiek verskil.

Geskiedskrywers wat die mening toegedaan is dat die Napierverdrag die Basoeto ten koste van die blanke boere bevoordeel het, se kritiek wentel hoofsaaklik rondom die toesegging van die gebied tussen die Laer-Caledon- en Oranjerivier aan Mosjwesjwe.

'n Enkele imperiale[5] en koloniale,[6] asook verskeie Afrikanersentriese geskiedskrywers, hetsy van die voorwetenskaplike fase,[7] professioneel[8] of amateur,[9] is dit eens dat die grensreëlings die Basoeto ten koste van die blankes bevoordeel het en die aansprake van die blankes geïgnoreer het. As rede vir hierdie siening word aangevoer dat 'n gebied aan Mosjwesjwe toegeken is wat nie deur die Basoeto nie, maar deur die blankes beset was.[10] Terwyl hierdie skrywers die Napiergrensreëlings negatief beoordeel omdat dit volgens hulle tot voordeel van die Basoeto was, kritiseer Lagden (1909) en sy professionele eweknieë Van Aswegen (1989) en AR Willcox (1976) ongeverifieerd die reëlings omdat Mosjwesjwe groot grondverliese gely het.[11]

Van die Afrikanersentriese geskiedskrywers beweer dat Mosjwesjwe, ten spyte daarvan dat die Napierverdrag die Basoeto bevoordeel het, nog nie tevrede was nie. Mosjwesjwe word "gulsig".[12] Ter verifiëring van hierdie siening verwys Malan en Grobbelaar na Mosjwesjwe se versoek om die grensreëlings te hersien om Thaba Nchu en Merumetsu in te sluit.[13] Grobbelaar beklemtoon dat Mosjwesjwe geen bewyse aangevoer het waarom die reëlings

---

5 Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol I, p. 40.
6 Theal, *History of the Boers in South Africa*, p. 212.
7 Van Oordt, *President J.H. Brand*, p. 23; Van Oordt, *Zwart en wit*, p. 44; Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 40.
8 Van Schoor, *Die Afrikaner in die Transgariep*, p. 89; Eksteen, *Lesotho in uitwaartse beweging*, p. 16; Bosman, *Die Groot Trek*, p. 256; Barnard, *Warden*, p. 344; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 7; Uys, *Rouxville (1863-1963)*, p. 28.
9 Van Rhijn & Klopper, *Die geskiedenis van Ficksburg*, 1867-1967, p. 6.
10 Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902* , vol I, p. 40; Oberholster, *Wepener 1869-1969*, pp. 24-25.
11 Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 72; Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 293; AR Willcox, *Southern land*, p. 209.
12 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 40. Barnard, *Warden*, p. 344; Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 17 en Oberholster, *Wepener 1869-1969*, p. 25, onderskryf die siening.
13 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 40; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 2. *Vide* ook kaart 2.

hersien moes word nie, en beskuldig Mosjwesjwe daarvan dat hy jurisdiksie wou verkry oor grond wat hy vroeër verkoop het. Grobbelaar voer nie teenargumente aan ter verwerping van Mosjwesjwe se aanspraak nie.[14]

In teenstelling met die beskuldiging van Afrikanersentriese geskiedskrywers dat die Napierverdrag Mosjwesjwe se grondhonger versterk het, skryf 'n neo-liberale geskiedskrywer dat nie grondhonger nie, maar Mosjwesjwe se begeerte om sy onderdane tot een groot nasie te amalgameer en "to resist the formidable pressures exerted by the expanding frontiers of white settlement"[15] hom gemotiveer het om die verdrag te onderteken. Mosjwesjwe word dus geteken as die beskermer van sy volk teen blanke ekspansionisme. Mosjwesjwe se optrede is vir Thompson tipies van dié van 'n groot leier.[16]

Gemeenskaplike kenmerke van skrywers wat hulle uitspreek oor die invloed van die Napierverdrag op die grondregte van die blankes en Basoeto is 'n gebrek aan gemotiveerde, geverifieerde argumentasie ter ondersteuning van hulle sieninge en die oorsigtelike aard van die publikasies. Die sieninge van die geskiedskrywers van die verskillende historiografiese skole se beoordeling van die grensreëlings reflekteer hulle standpunte oor die grondeienaarskap van die Caledonriviervallei.[17]

In ooreenstemming met die Napierverdrag word blank en swart wat in Mosjwesjwe se grondgebied, soos bepaal deur die verdrag, woonagtig was sy onderdane. Met die uitsondering van Lagden, wat ongekwalifiseerd positief is teenoor die erkenning van Mosjwesjwe se oppergesag,[18] word dié bepaling as vertrekpunt vir blank meerderwaardige uitsprake asook kritiek teen blanke rassisme gebruik.

Die koloniale geskiedskrywer GC Moore Smith se verwerping van die Napierverdrag as 'n poging "to subject civilized men to barbarians"[19] vind aanklank by Afrikanersentriese geskiedskrywers. Die Napierverdrag was 'n "dwase ooreenkoms"[20] omdat dit gebaseer is op 'n "aanstootlike rassebeginsel",[21] dat die blankes in die praktyk onder die jurisdiksie van 'n

---

14 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 2.
15 Thompson, *Survival in two worlds*, p. 125.
16 *Ibid.*
17 Cf par 1.2.3.
18 Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 72: "This Treaty ... was very one-sided and offered Moshesh little advantage beyond the recognition of his paramountcy." (Cf *ibid*, pp. 70-72 vir kritiek teen die Napierverdrag.)
19 GC Moore Smith (ed), *The autobiography of Lieutnant-general Sir Harry Smith*, vol II, p. 232. Die laaste vyf hoofstukke van die outobiografie (pp. 196-294) is deur GC Moore Smith geskryf. In die kort bespreking van die Napierverdrag word hoofsaaklik na Theal verwys ter verifiëring van gegewe.
20 Barnard, *Warden*, p. 345; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 6; Oberholster, *Wepener 1869-1969*, p. 23; Uys, *Rouxville (1863-1963)*, p. 28.
21 Van Schoor, *Die Afrikaner in die Transgariep*, p. 89 verwys na JF Midgley, *The Orange River Sovereignty*, p. 24 en CF Visser, *The Great Trek and Transorangia* (Ms. Universiteit

swart opperhoof sou val. Dit is vir sommige Afrikanerkanersentriese geskiedskrywers "ondenkbaar"[22] en "iets waarmee geen Boer hom kon vereenselwig nie,"[23] omdat die boere sodoende "die onderdane van onverbeterlike barbare geword" het.[24] Dit is dus

> *verstaanbaar dat die Boere baie verbitter en ook grimmig was en hulle was vasbeslote dat hulle nie kon en sou die bepalings van die Napier-traktaat eerbiedig nie. Dis mos begryplik; wat anders kon 'n mens van sulke edele mense as die Boere verwag het?*[25]

Die Afrikanersentriese geskiedskrywers toon dus begrip vir én onderskryf die 19de (en by implikasie die 20ste) eeuse Afrikaner se siening dat die blanke meerderwaardig is. Hierdie "superioriteit" word juis deur Molema[26] en Sanders gebruik as vertrekpunt vir hulle kritiek teen die Afrikaner se rassevooroordeel. Die verdrag kón nie slaag nie, want "the farmers' intense racial pride would never brook an African's control"[27] en die blankes was gekant teen die feit dat the "babarians were recognised as independent states".[28]

Molema se siening dat die Afrikaners gekant was teen die erkenning van die Basoeto se onafhanklike status, vind weerklank in die werke van enkele Afrikanersentriese geskiedskrywers. Maar terwyl Molema dié gegewens gebruik as kritiek teen die blanke Afrikaner se rassevooroordele, toon Malan begrip vir die vooroordele. Dit is vir Malan ondenkbaar dat Mosjwesjwe deur die Britse regering as 'n bondgenoot en selfstandige leier erken word, terwyl "die witmense aanhoudend herinner en vermaan word dat hulle Britse onderdane bly [sonder] enige soort selfstandigheid in die beheer van hul eie sake".[29]

Die skuld vir die mislukking van die verdrag word by implikasie deur geskiedskrywers voor die deur van Brittanje gelê, want 'n Britse onderdaan het die grense bepaal, die Basoeto se onafhanklikheid erken én Mosjwesjwe as leier oor die blankes verklaar. Dit is egter nie die enigste aanklagtes teen die Britte nie. Uit geskiedskrywers se bespreking van redes waarom

---

van Witwatersrand), p. 49 ter ondersteuning van hulle ooreenstemmende siening dat die blanke boere die bepaling van die Napierverdrag dat die blankes in die praktyk die onderdane van die swart opperhoofde sou wees, onaanvaarbaar gevind het.

22 Bosman, *Die Groot Trek*, p. 235. GD Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, deel I, p. 36; Oberholster, *Wepener 1869-1969*, p. 23; Uys, *Rouxville (1863-1963)*, p. 28; Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 17; Oberholster & Stemmet, *Senekal se eerste honderd jaar, 1877-1977*, p. 21; asook van die amateur geskiedskrywers, naamlik Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 6 onderskryf die siening.

23 Spies, *Hamelberg*, p. 39. Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 17 en Oberholster & Stemmet, *Senekal se eerste honderd jaar, 1877-1977*, p. 21, huldig dieselfde siening.

24 Barnard, *Warden*, p. 368. *Vide* ook Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 42.

25 Prinsloo, *Smithfield*, p. 47. Cf ook Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 39.

26 Molema kritiseer die Napierverdrag, want Moroka moes "unjustly and unlawfully" grondgebied aan Mosjwesjwe afstaan (Molema, *Chief Moroka*, p. 64).

27 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 90.

28 Molema, *Chief Moroka*, p. 64.

29 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 42. *Vide* ook Barnard, *Warden*, p. 368.

die Napierverdrag misluk het, skyn dit ook asof Brittanje skuldig was aan partydigheid, nie oor die nodige kennis van die situasie beskik het nie, nie werkbare reëlings daar gestel het nie en ook nie die wil geopenbaar het om die reëlings af te dwing nie.

Eksteen se vae beskuldiging dat Napier hom "nie vergewis het met die ware feite nie en ook nie vir Moshesh versoek [het] om sy aanspraak met bewyse te staaf nie",[30] word deur van sy geesgenote onderskryf.[31] Napier het skynbaar sonder 'n deeglike ondersoek Mosjwesjwe se aansprake as "vanselfsprekend" aanvaar.[32] Hierdie skrywers lê klem op die ignorering van die belange van die blankes. Lagden en Van Aswegen beweer ook dat die vasstelling van die grens op 'n lukrake wyse plaasgevind het sonder 'n omvattende studie van die grondaansprake van al die belanghebbendes. Dié lakse optrede het tot nadeel van die Basoeto gestrek.[33] Hoewel hierdie skrywers nie uitspel wat die "ware feite" is nie, is die Afrikanersentriese én tydgenootlike en resente liberale geskiedskrywers dit eens dat die reëlings anders hoort te gewees het op grond van hulle onderskeie sieninge oor wie die wettige eienaars van die Oos-Vrystaat is.[34]

'n Moeilik verifieerbare beskuldiging deur geskiedskrywers is dat rolspelers se optrede deur subjektiewe voorkeure bepaal is.

Die siening van Amery dat misantropie die enigste rede vir die toesegging van die grondgebied aan die Basoeto was,[35] word deur van die Afrikanersentriese geskiedskrywers ondersteun. Die Napierverdrag was die gevolg van die "listigheid" van Mosjwesjwe en die sendelinge[36] en die Britse bemoeiing in die Vrystaat ter "beskerming van die inboorlinge" ten koste van die blankes.[37] Die beskuldiging van Prinsloo dat die Britte voorkeur aan die belange van die Basoeto gegee het, is minder genuanseerd as voorafgaande skrywers s'n. Die bepaling van die Napierverdrag dat die blanke boere Basoetogrondgebied moes ontruim, was volgens Prinsloo "baie mooi vir die barbaar, en het hy nie miskien rede gehad om trots te voel nie, want die Witman het hom mos teen die ander Witman gehelp".[38]

---

30 Eksteen, *Lesotho in uitwaartse beweging*, p. 16.
31 Oberholster, *Wepener 1869-1969*, p. 23; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 6.
32 Oberholster, *Wepener 1869-1969*, p. 23. Uys, *Rouxville (1863-1963)*, p. 28, baseer 'n soortgelyke siening op Grobbelaar.
33 Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 72; Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 293.
34 *Vide* par 1.2.
35 "[T]hey were coloured and savages and therefore naturally favoured by the British Government", aldus Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol I, p. 40
36 Volgens Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 39 het die inmenging van dr John Philip in die interne aangeleenthede van die Vrystaat tot gevolg gehad die belange van die blanke boere tydens die vasstelling van die grens geïgnoreer is.
37 Spies, *Hamelberg*, p. 38. Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 7 plaas die blaam vir die miskenning van die blankes se belange deur die Napierverdrag op klagtes van Mosjwesjwe aan Stockenström (1839).
38 Prinsloo, *Smithfield*, p. 47.

Prinsloo noem Napier 'n "Boere-hater van die eerste water, ... want hierdie Kafferboetie dink net aan 'n swart vel."[39] Dit is vir hom ondenkbaar dat 'n blanke nie dieselfde rasse-ideologie as hy huldig nie en hy veroordeel Napier in krasse terme: "Mog die Ewigheid met hom afreken!"[40]

Terwyl Afrikanersentriese geskiedskrywers Brittanje van pro-swart sentimente beskuldig, beskuldig amateur liberale,[41] asook 'n neo-liberale[42] en 'n revisionistiese[43] geskiedskrywer Brittanje daarvan dat die moondheid se aanspraak om op te tree as beskermer van die inheemse bevolking blote lippediens was, want Brittanje het nagelaat om die blanke boere uit Basoetogrondgebied te verwyder.[44]

Daarenteen beweer die imperiale geskiedskrywer Charles Lucas in 1878 dat die botsings tussen die blanke boere en die inheemse bevolking Britse ingrype in die Vrystaat noodsaaklik gemaak het. Voorts sê hy dat die sluiting van die Napierverdrag aan Mosjwesjwe die voordele van Britse bondgenootskap en beskerming gebied het.[45] Lucas is die enigste geskiedskrywer wat glo dat Brittanje dit erns met die Napierverdrag gehad het. Die positiewe beoordeling van Lucas is 'n refleksie van die imperiale standpunt dat Britse koloniale uitbreiding ten voordele van inheemse bevolkings was, want Britse kolonisasie beteken vir hulle vrede, stabiliteit en vooruitgang. Afrikanersentiese en pro-swart geskiedskrywers is dit eens dat die rolspelers se belange geïgnoreer is. Die Britte word deur die koloniale en Afrikanersentriese geskiedskrywers van misantropie beskuldig. Daarteenoor beskuldig die liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers Brittanje van lakse en ontroue optrede teenoor die swartes.

Uit die bespreking blyk dit dat die Napierverdrag misluk het omdat dit nóg aan die behoeftes van die blanke boere nóg aan die van die Basoeto voldoen het. Voorts kon die erkenning van Mosjwesjwe se leierskap oor van die blanke boere nie in die praktyk slaag nie as gevolg van die Afrikaner se meerderwaardigheidsbeskouing. Dié beskouing word deur Afrikanersentriese geskiedskrywers met begrip onderskryf, terwyl liberale en neo-liberale dit as rassisme veroordeel. Brittanje se pogings om positiewe blank-swart-verhoudinge daar

---

39 *Ibid.*, p. 46.
40 *Ibid.*
41 Smith, *The blessed missionaries*, p. 82; Suzman, *Moshoeshoe the statesman*, p. 7.
42 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 89.
43 Eldredge, *A South African Kingdom*, pp. 50-51.
44 Die Napierverdrag het nie voorsiening gemaak vir die uitsetting van blankes uit Mosjwesjwe se grondgebied nie, maar Napier het voor die ondertekening van die verdrag, gedurende September 1842, 'n proklamasie uitgevaardig waarin hy die blanke boere waarsku dat "Her Majesty's Government will regard with ... indignation any attempt upon the part of any of her subjects to molest, invade or injure any of the native tribes or take ... unlawful possession of any of the land [belonging] to those tribes" (Lagden, *The Basutos*, vol I, pp. 69-71).
45 Charles Lucas, *A historical geography of the British Colonies. Vol IV. South Africa. New edition. Part I. History to 1895*, p. 207.

te stel deur 'n werkbare grensreëling het volgens koloniale en Afrikanersentriese geskiedskrywers gefaal as gevolg van Napier se pro-swart houding. Liberale en neo-liberale skryf die mislukking egter toe aan Napier se miskenning van die swartes se belange en 'n gebrek aan kragdadige optrede teen blankes se besetting van Basoetogrond.

Die anti-Britse en anti-swart uitsprake deur onder andere BJ Barnard (1948), MCE van Schoor (1950) en A Prinsloo (1955) reflekteer die tydsgees waarin hierdie geskiedskrywers geleef en gewerk het. Afrikanernasionalisme het gedy na die Afrikaners se oorwinning by die stembus in 1948. Die Afrikaner se geskiedenis is vir Afrikanersentriese geskiedskrywers onder andere gesetel in die stryd om politieke en kulturele oorlewing teen die aanslae van die swartes en Engelse. Omdat hierdie skrywers die blanke (Afrikaner) as die superieure ras sien, is die Afrikaner se onderdaanskap aan 'n swart opperhoof en selfs 'n suggestie van integrasie verwerplik. Voorts blyk dit uit die skrywers se uitsprake dat die Afrikaners, en nie die Britte nie, oor die nodige kennis en insig beskik oor hoe tussengroepverhoudinge gereël behoort te word. Die Afrikaner van die 1950's het die oorwinning by die stembus behaal op sterkte van sy rasse-ideologie, maar was nog deel van die Britse ryk. Die twee belangrikste temas in Afrikanersentriese geskiedskrywing, naamlik die stryd teen die swartes en Engelse is ineengestrengel in dié geskiedskrywers se kritiek teen die Napierverdrag.

Eloff se siening dat die Napierverdrag "was only the first in a series of agreements concluded between the British Government and the Basuto"[46] word gereflekteer in die kwalitatiewe en kwantitatiewe aandag wat geskiedskrywers aan dié verdrag en latere verdrae tussen die opperhoof en die Britte skenk. Hierdie verdrae is slegs skakels in die blank-swart-verhaal waarna die meeste geskiedskrywers in 'n enkele sin of twee verwys ter ondersteuning van hulle pro-blanke of pro-swart sentimente. Daar is dus nie sprake van analitiese ondersoeke of opweeg van blanke en swart bronne om tot gefundeerde gevolgtrekkings te kom nie.

### 2.1.2 Die Maitlandverdrag

Sir Peregrine Maitland, Napier se opvolger as Kaapse goewerneur, wou botsings tussen die republikeinsgesinde blankes en die Basoeto vreedsaam oplos. Tydens samesprekings by Touwsfontein tussen Mosjwesjwe en Maitland verklaar eersgenoemde hom bereid om 'n driehoekige stuk grond, geleë bokant die samevloeiing van die Caledon- en Oranjerivier en in die noorde begrens deur 'n lyn wat van Kommissiedrif aan die Caledonrivier tot by Buffelsvleidrif aan die Oranjerivier aan die blanke boere af te staan. Voorts versoek hy Maitland om alle blankes wat hulle reeds buite hierdie grenslyn op sy grondgebied, soos erken deur die Napierverdrag, te verwyder. Alvorens Maitland hom aan 'n formele verdrag

---

46 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 8.

verbind, gee hy aan kmdt. GD Joubert opdrag om ondersoek na die draagkrag van die aangebode stuk grond, die getal blankes wat hulle daarbuite bevind, die verspreiding van die Basoeto wat hulle daarbuite bevind het, die verspreiding van die Basoeto in hierdie gebied en die moontlikheid van 'n alternatiewe grenslyn in te stel. Op grond van sy bevindinge[47] stel Joubert voor dat daar 'n noordwestelike verskuiwing van die grens ten voordele van die blankes moes wees. Mosjwesjwe verwerp die voorstelle. Op 7 Maart 1945 word die Maitlandverdrag, wat Mosjwesjwe se Touwsfonteinvoorstelle akkommodeer, onderteken.

Volgens die verdrag het Mosjwesjwe die driehoekgebied tussen die Caledon- en Oranjerivier aan die blankes afgestaan. Voorts is 'n Britse resident aangestel om toe te sien dat die bepalings van die verdrag nagekom word.[48]

In die bestudering van geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se persepsies oor die invloed van die Maitlandverdrag op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat sal twee sake onder die loep geneem word, naamlik die verskuiwende grense en die invloed van Britse optrede op verhoudinge in die gebied.

Die Maitlandverdrag het grondgebied aan die blanke boere toegeken. Geskiedskrywers huldig twee uiteenlopende standpunte oor die invloed van die grensreëlings op blank-swart-verhoudinge. Daar is diegene wat glo dat die Maitlandverdrag formeel erkenning aan die blanke boere se bestaande wettige eienaarskap gee. Van die ander geskiedskrywers glo dat blanke boere wederregtelik ten koste van die Basoeto verryk is.

Theal beskou Mosjwesjwe bereidwilligheid om grondgebied aan die blankes af te staan as geveinsd, want daar het nog nooit enige Basoeto in die driehoekgebied gewoon nie wat Mosjwesjwe bereid was om aan die blankes af te staan; en Mosjwesjwe het aanspraak gemaak op grondgebied wat ses tot agt keer groter as sy stam se behoeftes was.[49]

Theal se siening dat die Maitlandverdrag 'n bevestiging van bestaande blanke eienaarskap was, word deur van die Afrikanersentriese geskiedskrywers onderskryf. Dié verdrag word in 'n positiewe lig beoordeel aangesien dit die grondeise van die blanke boere erken.[50] Tog spreek BJ Barnard kritiek teen die grondreëlings uit. Eerstens het dit Mosjwesjwe se

---

47 Volgens Joubert het in die gebied wat Mosjwesjwe bereid was om af te staan 111 blanke gesinne op 37 plase gewoon; in Mosjwesjwe se grondgebied het 350 gesinne op ongeveer 100 plase gewoon (Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 8; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 4; Cory, *The rise of South Africa*, vol IV, pp. 318-319. Theal, *History of the Boers in South Africa*, pp. 223-226 gee 'n verslag van Joubert se samesprekings met die verskillende belangegroepe).

48 *Vide* Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 77 en Kaart 2.

49 Theal, *History of the Boers in South Africa*, p. 223 en Germond, *Chronicles of Basutoland*, teenoor p. 144 vir 'n kaart van die vestigingspatrone van die Basoeto (1834).

50 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 8; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 5; Barnard, *Warden*, p. 386.

"aansprake op reusagtige gebiede, waarop ander inboorlinghoofde en natuurlik ook blanke Emigrante, die reg van eerste besetting gehad het, gehandhaaf".[51] Tweedens is "die verskeie grense nie duidelik en afdoende ... vasgestel nie".[52] Grobbelaar betreur die feit dat die grensreëlings nie 'n "natuurlike skeidslyn" was nie - die enigste natuurlike skeidslyn was volgens Grobbelaar ongeveer vyftig myl oos van Mosjwesjwe se voorgestelde grens langs Kornetspruit op en langs die Langeberge.[53]

Terwyl Theal, Eloff, Grobbelaar en Barnard die erkenning van die blanke boere se grondregte aanprys, betreur van die geskiedskrywers die toekenning van grond aan die blankes.

In die bespreking van geskiedskrywers wat die verlies aan Basoetogrond betreur, sal eerstens gelet word na Lagden, wat vanaf 1886-1901 Britse resident kommissaris in Basoetoland was, se regverdiging van die Britse besluit om die blanke boere ten koste van die Basoeto te verryk; daarna sal uitsprake van skrywers wat Brittanje kritiseer oor die reëlings aangeraak word.

Lagden huldig die standpunt dat Maitland reg wou laat geskied aan die Basoeto se grondregte. Ter verifiëring van die siening haal hy uit 'n brief van Maitland aan Mosjwesjwe aan waarin die goewerneur skryf dat hy graag die grondgebied en vryheid van die inheemse bevolking teen die betreding en aggressie van "self-expatriated British subjects" wou beskerm.[54]

Verskeie faktore het egter die realisering van die doelstelling bemoeilik. Die blanke boere was ongedissiplineerd en dislojaal teenoor die Britse regering. Voorts misken hulle die regte van die inheemse bevolkings. Van die inheemse bevolking was onbeskaaf en onkundig ("ignorant"). Dit was gevolglik uiters moeilik om onderhandelinge met hulle aan te knoop. As gevolg van 'n gebrek aan fondse moes 'n ooreenkoms aangegaan word wat min finansiële implikasies vir die Britse regering sou meebring.[55]

Lagden betreur die Basoeto grondverlies. Mosjwesjwe is volgens hom gedwing om, in stryd met die Napierverdrag, grondgebied aan die blankes af te staan.[56] Hy toon egter begrip vir

---

51 Barnard, *Warden*, p. 369.
52 *Ibid.* Sonder om sy siening te verduidelik noem Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 39 die verdrag "hoogs ontoereikend".
53 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 5. Natuurlike skeidslyne is skynbaar vir Grobbelaar van belang. Hy is byvoorbeeld ten gunste van die Southeygrensreëlings omdat dit "die enigste natuurlike skeidslyn in hierdie betwiste gebied was" (*ibid.*, p. 8).
54 Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 76.
55 *Ibid.*
56 *Ibid.*

Maitland se optrede, want teen die agtergrond van bogenoemde negatiewe faktore "he had practically no alternative to the course he took".[57]

Daarteenoor val Casalis die Britte aan:

> *The English ... began to cut and clip on every side, as in a conquered country, to enlarge the farms of the emigrants. Those of the natives whose villages were near these farms were ordered to depart or to conform to new laws.*[58]

Dié miskenning van die Basoeto se grondregte ten koste van die blanke boere dien vir Casalis as regverdiging vir die daaropvolgende Basoeto-aggressie:

> *The Basutos could no longer restrain their indignation and intestine war was the result. ... During this struggle the Basutos regained a part of the territory which had been wrested from them.*[59]

Terwyl Casalis Basoeto-aggressie regverdig, beklemtoon 'n 19de eeuse kampvegter vir swartregte die feit dat Mosjwesjwe, ten spyte van die feit dat die verdrag die Basoeto se grondregte geskend het, die ooreenkoms in "a friendly spirit" gestand gedoen het en sy onderdane uit die gebied verwyder het.[60] Volgens A Freeman het Mosjwesjwe gedoen wat van hom verwag is; hy vind gevolglik geen regverdiging vir wat hy as Britse skending van die swartes se territoriale integriteit beskou nie.[61]

In teenstelling met die Afrikanersentriese geskiedskrywers wat klem lê op die regmatige toesegging van grond aan die blankes, insinueer van die liberale[62] en neo-liberale[63] geskiedskrywers dat die Basoeto van hulle grondgebied beroof is ter wille van blanke magsvorming teen swartes. Blanke kohesie is belangriker as geregtigheid. CW de Kiewiet se beredenering van die redes waarom die Britte die blanke boere ten koste van die Basoeto verryk het, kan as verteenwoordigend van die siening van genoemde historiografiese skole beskou word. Volgens De Kiewiet het die Britte besef dat vrede in die Caledonriviervallei slegs bereik sou kon word indien die blanke boere se grondregte erken word. Gevolglik het

---

57 *Ibid.*, p. 77.
58 Casalis, *The Basutos; or, twenty-three years in South Africa*, p. 120.
59 *Ibid.*
60 A Freeman, *A tour of South Africa*, p. 317. Die verswyging van die daaropvolgende grensskendings en botsings moet beoordeel word teen die agtergrond van die feit dat *A tour of South Africa* reeds in 1851 gepubliseer is en Freeman se sterk teenkanting teen die totstandkoming van die ORS.
61 Freeman, *A tour of South Africa*, p. 303.
62 CW de Kiewiet, *British colonial policy and the South African Republics 1848-1872*, p. 17; John Benyon, *Proconsul and paramountcy in South Africa. The High Commission, British supremacy and the sub-continent 1806-1910*, p. 31.
63 Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 106; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 94.

die Maitlandverdrag die blankes se grondeienaarskap erken ten koste van die Basoeto se eiendomsreg, soos erken deur die Napierverdrag.[64] Uit De Kiewiet se argumentasie blyk eerstens dat die Afrikaners die aggressors is. Om hulle te passifiseer moes aan hulle grondeise voldoen word. Tweedens word blanke belange ten koste van die swartes s'n erken. Die Britte is dus bereid om Basoetoregte, deur hulself erken, te skend ter wille van rasgenote.

Vir Eldredge is die verlies aan Basoetogrond veel meer as blanke kohesie. Onvervreembare grond van die Basoeto is vervreem.[65] Eldredge kom tot die gevolgtrekking dat die Maitlandverdrag sanksie verleen het aan die blanke boere se permanente besetting en gevolglik eienaarskap van Basoeto grond, terwyl Mosjwesjwe slegs toestemming vir die tydelike besetting van dié grond aan hulle verleen het.[66] Blanke kapitaliste misken die Basoeto se gemeenskaplike grondbesitstelsel.

Naas geskiedskrywers se uitsprake oor die grondreëlings lewer hulle ook kommentaar oor die sukses aldan nie van die Maitlandverdrag in die daarstelling van vrede.

Keane beweer veralgemenend dat die Maitlandverdrag 'n daadwerklike poging van die Britse regering was om wet en orde in die Vrystaat te herstel.[67] Britse ingrype in die binneland is vir hierdie imperiale geskiedskrywer noodsaaklik vir die daarstelling van stabiliteit.

Daarteenoor hou Malan die Britte en hulle ooreenkomste met die swartes verantwoordelik vir blank-swart-konflik in die Vrystaat. Hy reken dat die Maitlandverdrag tekortkominge gehad het omdat die Britse rolspelers "met die innerlike van die inboorling-vraagstuk onbekend was".[68] Wat Malan as die "innerlike van die inboorling-vraagstuk" beskou, is onduidelik. Hy sê egter dat die Britte se grensreëlings "gewoonlik misluk het" omdat die hulle as gevolg van 'n gebrek aan belangstelling nagelaat het "om 'n deeglike, selfstandige studie van die probleme van die witman en sy verhouding tot barbaarse nasies te maak."[69] Die gevolg was "'n gedurige rondtasting in die duister" deur die Britte.[70] Die 1929-

---

64 De Kiewiet, *British colonial policy and the South African Republics 1848-1872*, p. 17.

65 Cf Eldredge, *A South African Kingdom*, pp. 42-46 vir 'n uiteensetting van die Basoeto se grondbesitbeginsels. Eldredge lê klem op die feit dat die Basoeto nie individuele grondbesit voorstaan nie, die grond behoort kommunikaal aan die stam, die individu het slegs die reg om die grond te benut.

66 Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 51.

67 Keane, *The Boer States. Land and people*, p. 113. Cory lewer nie kommentaar oor die moontlike invloed van die Maitlandverdrag op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat nie (*vide* Cory, *The rise of South Africa*, vol IV, pp. 320-321); Theal, *History of the Boers in South Africa*, pp. 223-226 lê uitsluitlik klem op Mosjwesjwe se territoriale ambisies ten koste van die blankes.

68 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 52.

69 *Ibid.*, p. 55 verwys na die maatreëls deur Napier, Maitland, Smith, Cathcart en "selfs" Grey.

70 *Ibid.*

uitsprake deur Malan is 'n spieëlbeeld van Afrikanersentriese geskiedskrywers se kritiek teen die Napierverdrag. Nie die Britte nie, maar die Afrikaner moet blank-swart-verhoudinge reël.

Terwyl Malan kritiek uitspreek teen die Britte se onkunde in hulle optrede teenoor swartes, kritiseer tydgenootlike en professionele liberale en neo-liberale geskiedskrywers die gebrek aan optrede deur die Britte. Een van die redes waarom die Napierverdrag nie geslaag het nie, is die weiering van die blanke boere om hulle uit Mosjwesjwe se grondgebied te onttrek. Maitland poog om 'n herhaling van die gebeure te voorkom. Hy stel 'n resident aan. Maar weer eens word daar nie opgetree teen die blanke boere wat weier om Basoetogrondgebied te verlaat. Die gebrek aan optrede word verskillend deur geskiedskrywers beoordeel.

Lagden toon begrip vir die gebrek aan optrede - 'n gebrek aan fondse en militêre steun het die werksaamhede van die Britse resident in die wiele gery.[71]

Van die liberale[72] en neo-liberale[73] geskiedskrywers kritiseer die Britte se gebrek aan optrede. Mosjwesjwe het nie teen die blanke boere wat geweier het om sy gebied te verlaat, opgetree nie omdat hy "gewag het vir optrede van Britse kant soos hulle belowe het" en hy "versigtig" was om met die blankes in konfrontasie te kom.[74] Maar die Britte het versuim om op te tree teen die wederregtelike bewoners van Basoetogrond.[75] In 'n strewe na objektiwiteit kritiseer John Benyon nie net die Britte nie. Hy toon 'n mate van begrip vir hulle gebrek aan optrede as hy, soos Lagden, daarop wys dat finansiële faktore beperkinge op Brittanje se rol in die Vrystaat geplaas het.[76]

Daarteenoor is die gebrek aan optrede vir Eloff 'n positiewe kenmerk van die Maitlandverdrag. Die blanke boere kon ongesteurd voortgaan met hulle boerderypraktyke.[77]

Uit die historiografiese analise blyk dit dat geskiedskrywers die invloed van die Maitlandverdrag op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat uiteenlopend interpreteer.

---

71 Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 76.
72 Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 293; Benyon, *Proconsul and paramountcy in South Africa*, p. 31.
73 Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 106; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 94.
74 Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 293.
75 Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 106; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 94. Die kritiek is 'n spieëlbeeld van liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers se argumente met betrekking tot die Napierverdrag (*vide* par 2.1.1).
76 Benyon, *Proconsul and paramountcy in South Africa*, p. 31.
77 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 8.

Die Afrikanersentriese geskiedskrywers beskou die Maitlandverdrag as 'n positiewe stap in die erkenning van die grondregte van die blanke boere, maar dit het ongelukkig ook Mosjwesjwe se aansprake op gebiede waar blankes gewoon het, erken. Hulle beoordeel die verdrag dus as 'n wen-verloor-verdrag.

In stryd met die Napierverdrag is die Basoeto gedwing om grondgebied aan die blankes af te staan, aldus pro-swart geskiedskrywers. Met die uitsondering van Lagden - 'n lojale Britse amptenaar - wat die stap toeskryf aan faktore buite die beheer van Brittanje, beweer die pro-swart geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke dat die stap gemotiveer is deur blanke magsvorming. Tydgenootlike simpatiseerders met Mosjwesjwe, liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers is dit eens dat die Basoeto magteloos moes toekyk hoe die blanke boere se territoriale ambisies met behulp van hulle rasgenote bevredig word.

Omdat die neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers besondere agting vir die ekonomiese, sosiale en politieke strukture van die inheemse koninkryke het, betreur en kritiseer hulle blanke optrede wat volgens hulle tot die aftakeling van tradisionele gesagstrukture en grondeienaarskapbeginsels gelei het.

Imperiale geskiedskrywers glo dat Britse betrokkenheid in die Vrystaat noodsaaklik was blank-swart-konflik af te weer.

Die siening van sommige Afrikanersentriese geskiedskrywers dat die Afrikaners oor meer insig as die Britte beskik met betrekking tot blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat, blyk uit hulle kritiek teen die Maitlandverdrag.

Liberale en neo-liberale geskiedskrywers reken dat Brittanje in sy rol as beskermer van die inheemse bevolking gefaal het as gevolg van sy onwilligheid om ten voordele van die swartes op te tree. Eerstens dien die versaking vir vele neo-liberale geskiedskrywers, asook skrywers van herinneringswerke, as regverdiging vir Basoeto-aggressie. Vanuit 'n liberale ekonomiese verwysingsraamwerk is liberale en neo-liberale geskiedskrywers ten gunste van die ekonomiese en politieke opheffing van blank en swart tot voordeel van die land as 'n geheel. En deur die versaking van sy rol as beskermer van die swakkere (dus die inheemse bevolking) word Brittanje se passiewe optrede as 'n struikelblok op die weg van vooruitgang en vrede voorgehou.

Afrikanersentriese geskiedskrywers sien die blanke Vrystaters se geskiedskrywers as 'n stryd om oorlewing teen Brit en swart; die liberale en neo-liberale geskiedskrywers daarenteen sien die swartes se geskiedenis in die Vrystaat as 'n stryd om oorlewing teen boer en Brit.

Nes die geval met geskiedskrywers se bespreking van die Napierverdrag maak weinig skrywers van primêre bronne gebruik ter verifiëring van hulle sieninge.

## 2.3 Direkte Britse betrokkenheid in die Vrystaat: die Oranjerivier-Soewereiniteittydperk

Teen die einde van 1847 het die nuwe Kaapse goewerneur, sir Harry Smith, 'n besoek aan die Vrystaat gebring. Om 'n einde aan die verwarring en botsende grondaansprake van die blankes en Basoeto te bring, het hy op 3 Februarie 1848 'n proklamasie uitgevaardig waardeur die Oranjerivier-Soewereiniteit (ORS) tot stand gekom het. Die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier en die Drakensberge sou voortaan onder Britse gesag staan.

In die historiografiese analise van blank-swart-verhoudinge gedurende die ORS-tydperk sal aandag aan die invloed van die totstandkoming van die ORS op blank-swart-verhoudinge, blank-swart-konflik in die ORS, die mislukte Southeygrensreëlings, die Wardengrensreëlings, die Slag van Viervoet, die Slag van Berea, en die Britse onttrekking uit die Vrystaat geskenk word.

### 2.3.1 Die positiewe en/of negatiewe gevolge van die totstandkoming van die ORS op blank-swart-verhoudinge

Die uitbreiding van die Britse gesag oor die Vrystaat en die gepaardgaane anneksasie van die gebied was vir van die imperiale geskiedskrywers 'n voorvereiste vir die beëindiging van wrywing tussen blank en swart.[78] Anthony Trollop, wêreldreisiger en romanskrywer, glo ook dat Britse inmenging noodsaaklik is vir orde en stabiliteit. Dit sal egter slegs bewerkstellig kan word as Brittanje sy beleid teenoor die swartes hersien, want die Britse regering se hantering van die Basoeto is té toegeeflik: "In this new Colony which we had at last adopted, there was to be something peculiarly mild in our dealings with the black men."[79]

Die positiewe siening van imperiale geskiedskrywers en Trollop se pleidooi vir 'n kragdadige beleid teenoor die Basoeto word nie deur Lagden en 'n sendeling gedeel nie.

Ten spyte van die feit dat Lagden 'n Britse amptenaar was, is hy gekant teen die proklamsie van die ORS. Hy noem dit "one of the great authoritative acts of British expansion in Southern Africa".[80]

In 1851 lewer Freeman, lid van die Londense Sendinggenootskap, 'n striemende aanval teen die Britse besluit om die ORS tot stand te bring:

---

78 A Wilmot, *The life and times of Sir Richard Southey*, p. 37; Anthony Trollope, *South Africa*, p. 384; William C Holden, *A brief History of Methodism and of Methodist missions in South Africa*, p. 369.

79 Trollope, *South Africa*, p. 385.

80 Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 83.

> *Magical, mysterious, about miraculous, the transforming energy of the Privy Council! Fifty thousand square miles of territory - waste and void, or occupied by native allies - transmuted in a moment into British Sovereignty ... And why not? Why should not England keep pace with other noble lands, in the glorious struggle for annexation? ... And after all, let it be remembered, they are* ***only coloured races****, and semi-civilized tribes.*[81]

Freeman tree na vore as kampvegter vir die swartes in die Vrystaat wat volgens hom op arbitrêre wyse hulle onafhanklikheid verloor het. Die feit dat Mosjwesjwe hom beywer het vir positiewe verhoudinge met die Britse bewindhebbers word deur hom geïgnoreer.

Van die Afrikanersentriese geskiedskrywers uit die voorwetenskaplike fase is ook gekant teen Britse betrokkenheid in die Vrystaat. Daar is egter 'n belangrike verskil. Die tydgenootlike geskiedskrywer tree na vore as kampvegters vir swart regte. Die Afrikanersentriese geskiedskrywers is die kampvegters vir die blankes se regte. CD Hope (1902) en D Aitton (1898) beweer dat die totstandkoming van die ORS die blankes weerloos gelaat het, want Brittanje was nie in staat om die blanke boere teen swart aggressie te beskerm nie.[82] August F Lindley (1873) suggereer selfs dat Britse optrede verantwoordelik was vir die Basoeto se aggressie teen die blankes.[83]

Die anti-swart en anti-Britse sentimente van die Afrikanersentriese geskiedskrywers uit die voorwetenskaplike fase word vollediger deur hulle professionele geesgenote uitgebou. Hulle voer verskeie redes aan waarom die blankes 'n onsekere toekoms met betrekking tot blank-swart-verhoudinge onder Britse heerskappy ingegaan het.

Eerstens het die swart opperhoofde woonagtig in die ORS hulle gesag en grondgebied behou. Dit het daarop neergekom dat Mosjwesjwe se grondregte erken is, maar nie die van die blanke boere nie. Gevolglik moes die blankes toestemming by Mosjwesjwe verkry om hulle tydelik in die gebied te vestig waarop hy erfreg gehad het.[84] Dit het "'n onhoudbare situasie geskep".[85]

---

81 Freeman, *A tour of South Africa*, p. 303. Freeman se beklemtoning.

82 CD Hope, *Onze Plaats in de Geschiedenis*, p. 158; D Aitton, *Korte geschiedenis van de Republieken in Zuid-Afrika*, p. 59.

83 Augustus F Lindley, *Adamantia. The truth about the South African diamond fields*, p. 49. Lindley se boek is geskryf met die doel "to inform the British Parliament and the British public how their Government had robbed the Orange Free State of its diamond fields" (*ibid.*, p. iii). Dit is dus begryplik dat die enigste verwysing na blank-swart-verhoudinge in dié werk 'n aanval op die Britse optrede sou wees.

84 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 8 baseer die afleiding op GW Eybers se *Select constitutional documents illustrating South African History, 1795-1910,* p. 271 en *Basutoland Records* I, p. 160. Oosthuizen, *Warden*, p. 18, onderskryf die siening sonder die verskaffing van enige bewyse. Die skrywers dui nie aan op watter gebied Mosjwesjwe erfreg gehad het nie.

85 Oosthuizen, *Warden*, p. 18.

Hoewel nóg Van Aswegen nóg Eileen M Attree uitspel wat die ideale beleid teenoor die swartes hoort te wees, is hulle dit eens dat die afwesigheid van "a definite and well-reasoned native policy"[86] 'n negatiewe invloed op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gehad het. Die Britse onderhandelingsbeleid word ook as 'n "ondoeltreffende metode"[87] afgemaak. Dit het "in die praktyk gewoonlik [op] 'n mislukking uitgeloop".[88]

Ten spyte van Van Aswegen se kritiek teen die Britte, blyk dit dat hy hulle beleid van grensskeiding as "kerngesond" beskou. Die toepassing was egter "gebrekkig". Enersyds toon hy begrip vir die gebrekkige toepassing van die beleid, naamlik die afwesigheid van 'n sterk troepemag, maar andersyds beweer hy dat die Britte se gebrekkige kennis van die "wesensaard van die nie-blanke en van hoe om hom te hanteer", tot die mislukking van die beleid gelei het.[89]

Van die professionele[90] en amateur[91] Afrikanersentriese geskiedskrywers is dit eens dat Brittanje se pro-Mosjwesjwe houding die opperhoof se magsbasis vergroot het, gevolglik het sy onderdane blanke gebiede binnegedring en 'n toestand van wetteloosheid geskep.

In teenstelling met hulle tydgenootlike eweknieë en die Afrikanersentriese geskiedskrywers is sommige liberale geskiedskrywers nie gekant teen die Britse inmenging in die Vrystaat nie. Hulle kritiseer Brittanje egter omdat hy in sy selfopgelegde missie as beskermer van die inheemse bevolking gefaal het: Brittanje het nie kragdadig genoeg ten voordele van die Basoeto opgetree nie.[92]

Liberale[93] en neo-liberale[94] geskiedskrywers spits hulle in hul beoordeling van die ORS-tydperk hoofsaaklik op Brittanje se inmenging in die konflik tussen die verskillende swart

---

86 Eileen M Attree, *The closer union movements between the Orange Free State, South African Republic and Cape Colony (1838-1863)*, p. 319; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 39, verwys na 'n "konsekwente en doeltreffende beleid".

87 Oosthuizen, *Warden*, p. 22.

88 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 39.

89 *Ibid.*, p. 45. *Vide* ook Oosthuizen, *Warden*, p. 22.

90 Oosthuizen, *Warden*, p. 23; McCord, *South African struggle*, p. 53; GBA Gerdener, *Deur 'n eeu gelei (Gedenkskrif by die eeufees van die gemeente Smithfield, O.V.S.)*, p. 6.

91 Prinsloo, *Smithfield*, p. 61.

92 Midgley, *The Orange River Sovereignty*, p. 217; Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 291; Jan H Hofmeyr, *South Africa*, p. 77.

93 *Vide* o.a. Midgley, *The Orange River Sovereignty*, p. 306; John E Bardill & James H Cobbe, *Lesotho. Dilemmas of dependence in Southern Africa*, p. 13; Walker, *A History of Southern Africa*, p. 252; Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 318; Williams, *Moshesh*, pp. 95-96; 105.

94 *Vide* o.a. Leonard Thompson, Co-operation and conflict: the High Veld, in *The Oxford History of South Africa*, vol I, p. 418; Omer-Cooper, *Colonial South Africa*, p. 379; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 158; Steven Debroey, *Zuid-Afrika naar de bronnen van apartheid*, p. 248; Becker, *Hill of destiny*, p. 164; Wilson, *A History of South and Central Africa*, p. 109; Davenport, *South Africa*, p. 135.

stamme toe. Blank-swart-verhoudinge word gevolglik feitlik nie deur hulle aangespreek nie.[95]

Ten slotte kan genoem word dat slegs die imperiale geskiedskrywers die mening toegedaan is dat die totstandkoming van die ORS tot stabiele, vreedsame blank-swart-verhoudinge kon lei. Daarenteen beskuldig 'n tydgenootlike liberale geskiedskrywer en 'n kampvegter vir swart regte Brittanje van imperialisme ten koste van die inheemse bevolkings. Indien Brittanje wou, kon hy vrede in die Vrystaat bewerkstellig het, aldus die liberale geskiedskrywers. Brittanje se pro-Mosjwesjwe houding, onkunde, onwilligheid, militêre onvermoë en kragtelose onderhandelingsbeleid het die blankes weerloos gelaat teen swart aggressie, aldus Afrikanersentriese geskiedskrywers. Hoewel neo-liberale geskiedskrywers hulle nie juis uitspreek op die invloed van blank-swart-verhoudinge in die ORS nie, suggereer Thompson dat aggressiewe blanke ekspansionisme hoogty gevier het.

### 2.3.2 Blank-swart-konflikverhouding in die ORK

HD Warden is in Maart 1846 as Britse resident in Bloemfontein aangestel met as opdrag die handhawing van vrede in die Vrystaat. Sy amp is gekontinueer na die totstandkoming van die ORS. Warden se ampstermyn word gekenmerk deur blank-swart-konflik. In die historiografiese analise van dié konflikverhoudinge is die aard, omvang en intensiteit van die konflik, asook die rol van die aggressor/lydende party in die konflik van belang. Die aggressor se optrede kan óf veroordeel óf geregverdig word én simpatie kan óf vir die lydende party gewek word óf daar kan beweer/bewys word dat die aggressor deur "omstandighede" gedwing is om tot aggressie oor te gaan.

Koloniale en imperiale geskiedskrywers plaas ongekwalifiseerd die skuld vir blank-swart-konflik in die ORS op die skouers van die Basoeto. Hulle beweer dat die Basoeto vasbeslote was om deur die besetting van die blankes se plase, die vernietiging van die gesaaides en hulle aggressiewe houding, die blankes van hulle plase te verdryf.[96] Hulle verwys onder andere na "the evil days"[97] in die ORS wat gekenmerk is deur die Basoeto se "raiding, plundering, scouring the plains right up to the European settlements".[98]

---

95 Thompson, *Survival in two worlds*, p. 144 verwys terloops daarna dat die totstandkoming van die ORS volgens hom "intensified white pressures in the south-west".

96 Cory, *The rise of South Africa*, vol V, pp. 126 145; 174; Keane, *The Boer States. Land and people*, pp. 110; 121; Wilmot, *The expansion of Southern Africa*, p. 140; William C Holden, *The past and future of the Kaffir races*, pp. 350-351. Holden bespreek in dié werk veralgemenend die verhouding tussen blank en swart in Suid-Afrika. Gevolglik word van die veronderstelling uitgegaan dat dié veralgemenings *mutatis mutandis* op die Vrystaat van toepassing is.

97 Cory, *The rise of South Africa*, vol V, p. 126.

98 Keane, *The Boer States. Land and people*, p. 121.

Die siening dat die blankes weerloos teen swart aggressie gestaan het, word deur Collins uitgebou in sy beskrywing van toestande in die ORS (1849):

> *The Basutos recommenced their old and favourite pastime of raiding, and plundering forays, and lifting and carring off live stock in great numbers, under the pretence of hunting game, and in other ways making it impossible for land owners to remain on their holdings, until at last their hostile attitude became so threatening that country residents could no longer live in safety, and were temporarily ordered by the local government authorities to evacuate their farms, in order to save their lives from violence at the hands of these blood-thirsty savages, by seeking refuge in laagers.*[99]

Dié beskrywing, wat 'n beeld van wrede barbare oproep wat na willekeur die Vrystaatse grondgebied binnegedring het en die lewe vir die blanke boere onhoudbaar gemaak het, vind weerklank in die werke van verskeie Afrikanersentriese geskiedskrywers uit die voorwetenskaplike fase.[100]

Die negatiewe uitbeelding van die Basoeto word deur dié skrywers se 20ste eeuse professionele geesgenote onderskryf. Die ORS is gekenmerk deur van "die wreedste en waaghalsigste dade [wat gepleeg is] onder die neus van die Britse gesag".[101] Die "Soewereiniteit [is] aan die genade van Mosjesj oorgelaat"[102] as gevolg van die "geweldenarye van die Basoeto's".[103] Sonder enige verifiëring verwys dié geskiedskrywers na grensoortredings, rooftogte en veediefstalle.[104] JA Bosch voeg 'n nuwe dimensie aan die beskuldigings teen die Basoeto. Nadat hy na die veediefstalle deur die Basoeto verwys het, kom hy tot die volgende gevolgtrekking: "Dit wil dus uit die geskiedenis van hierdie gebied voorkom asof die Basoeto's ... besluit het dat as hulle nie self hulle veetroppe kon laat aanwas nie, hulle dit dan deur diefstalle sal moet aanvul."[105] Die Basoeto word in dié 1967-publikasie nie net as diewe nie, maar ook as swak boere uitgebeeld.

Uit voorafgaande blyk dit dat koloniale en Afrikanersentriese geskiedskrywers ongeverifieerd die blaam vir blank-swart-konflik voor die deur van die Basoeto lê, want die Basoeto het op 'n beplande wyse wederegtelik blanke grondgebied betree. Die Basoeto word

---

99 Collins, *Free Statia*, p. 12.

100 Hope, *Onze Plaats in de Geschiedenis*, p. 158; WA van Ittersum, *De Vrijstaters en hun Geskiedenis*, p. 15; Muller, *Oranje-Vrystaat*, p. 32; Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 142.

101 J Haasbroek, *Die rol van die Engelse gemeenskap in die Oranje-Vrystaat 1848-1859*, p. 89.

102 Spies, *Hamelberg*, p. 47.

103 *Ibid.*

104 Eksteen, *Lesotho in uitwaartse beweging*, p. 20; Oosthuizen, *Warden*, p. 13; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 28; MCE van Schoor & JC Moll, *Edenburg: grepe uit die geskiedenis van die dorp en distrik*, p. 32. Die amateur geskiedskrywer Prinsloo, *Smithfield*, p. 123 onderskryf hierdie siening.

105 Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 20. Hy verwys na die gebied tussen die Caledonrivier en die Maluti's.

as diewe en geweldenaars uitgebeeld wat as gevolg van hulle "verwoesting" die voortbestaan van die blankes bedreig het. Slegs die Basoeto was verantwoordelik vir die onrus en spanning in die gebied. Die blankes was in 'n stryd om oorlewing gewikkel, maar ontvang geen hulp van die Britse bewindhebbers nie.[106]

Van die neo-liberale geskiedskrywers ontken nie die Basoeto se aggressiewe optrede nie; hulle regverdiging dit en skeld Mosjwesjwe vry van aandadigheid daaraan. Eerstens het Poshuli die diefstalle sonder Mosjwesjwe se medewete gepleeg. Dié optrede het Mosjwesjwe met kommer gevul, daarom was hy bereid om skadevergoeding te betaal.[107] Die vryskelding van Mosjwesjwe aan aandadigheid aan aggressiewe optrede spruit uit Becker se agting vir Mosjwesjwe as tradisionele leier. Tweedens beweer Graham Parker en Patrick Pfukani, sonder die nodige stawing van hulle siening, dat die "expansionist policy" van die blanke boere gelei het tot botsings tussen blank en swart in die ORS, want "the colonists did not hesitate to provoke wars with the Africans in the belief that British would fight these wars for them".[108] Waar die Afrikanersentriese geskiedskrywers reken dat die blankes weerloos gestaan het teen swart aggressie, word die perspepsie deur Parker en Pfukani geskep dat die Basoeto die lydende party was in die blankes se aggressiewe grondekspansionisme. Voorts insinueer hulle dat boer en Brit saamgespan het om die Basoeto hulle grondgebied te ontneem.

Dit is opmerklik dat geskiedskrywers in hulle beskrywing van blank-swart-konflikverhoudinge in die ORS nalaat om hulle gegewens te verifieer. Sommige koloniale, imperiale en Afrikanersentriese geskiedskrywers gaan van die veronderstelling uit dat Basoeto-aggressie 'n historiese werklikheid is. Die neo-liberale geskiedskrywer Becker se publikasie is, hoewel gebaseer op wetenskaplike navorsing, 'n biografie gerig op die breë leserspubliek en in Parker en Pfukani se oorsigwerk, soos in trouens feitlik al die oorsigwerke, is daar geen verifiëring van gegewens nie.

### 2.3.3 Grensreëlings

Die rolspelers in die Vrystaat het geglo dat die panasee vir en blank-swart-konflik in die vasstelling van grense tussen die strydende groepe geleë is.[109] Binne die bestek van 'n jaar, Desember 1848 en Desember 1849, is twee grensreëlingsooreenkomste aan Mosjwesjwe voorgelê.

Alvorens geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se interpretasies oor die invloed van die reëlings op blank-swart-verhoudinge bespreek word, sal van hierdie

106 *Vide* par 2.3.1.
107 Becker, *Hill of Destiny*, p. 149.
108 Graham Parker & Patrick Pfukani, *History of Southern Africa*, pp. 110-111.
109 Cory, *The rise of South Africa*, vol V, p. 174.

skrywers se insinuasies oor die magspel wat die sluiting van ooreenkomste voorafgegaan het, aangeraak word.

Die vasstelling van die Southeygrenslyn (Desember 1848) was volgens van die koloniale geskiedskrywers 'n sinlose onderneming. Cory skryf: "Moshesh ... had become determined to put every obstacle in the way of any boundary ... he desired that the country should be one and that he should be paramount over all."[110] En WC Scully beweer dat die vasstelling van grenslyne Mosjwesjwe se groeiende ambisie vir gronduitbreiding duidelik weerspieël het, want Mosjwesjwe het sy onderdane opdrag gegee om hulle in gebiede te vestig wat nog nie deur Basoeto beset is nie om sodoende die Basoeto se grondaansprake te versterk.[111]

Grobbelaar deel hierdie siening en beweer dat "sodra daar sprake van 'n grenslyn was, het die Basoetoes begin indring en hulle neerset op plase wat aan die emigrante behoort" het.[112]

Daarteenoor beweer Orpen dat die blanke boere reeds voor die totstandkoming van die ORS met opset konfliksituasies geskep het met die doel om die Basoeto te verdryf en dan op hierdie ontruimde Basoetogrondgebied aanspraak te maak. Die blanke aggressors het dus deur die geleidelike besetting van Basoetogrond territoriaal uitgebrei en hulle aansprake op grondgebied om die onderhandelingstafel versterk deur daarop aanspraak te maak dat grensreëlings hulle reeds bestaande besettings moet erken.[113]

Orpen se aanklag is dieselfde as die van koloniale en Afrikanersentriese geskiedskrywers, naamlik die wederegtelike besetting van grond ter wille van bedingingsmag. Die oortreder(s) verskil egter. Weer eens blyk dit dat die uiteenlopende sentimente van pro-blanke en pro-swart geskiedskrywers tot gevolg het dat óf Mosjwesjwe óf die blanke boere voorgehou word as die stuikelblok op die weg van vreedsame volkereverhoudinge.

### 2.3.3.1 Southeygrensreëlings

Na klagtes deur Mosjwesjwe dat blankes hulle aan oortredings op sy grondgebied tussen die Caledon- en Oranjerivier skuldig gemaak het, gee sir Harry Smith aan sir Richard Southey opdrag om 'n grenslyn in die Caledonriviervallei vas te stel. In Desember 1848 word die

---

110 *Ibid.*, p. 175. Theal, *History of the Boers in South Africa*, p. 270 maak 'n soortgelyke beskuldiging.

111 WC Scully, *A History of South Africa from the earliest day to Union*, p. 174.

112 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 8 & 11 verwys na die Southey- en Wardenlyn. Dié siening word feitlik woordeliks deur Eksteen (*Lesotho in uitwaartse beweging*, p. 21) onderskryf: "Toe die Kaapse regering egter begin om hierdie lyn te trek, vind hulle 'n opstandige Basoetovolk wat so astrant was dat hulle selfs die Boere opdrag gegee het om van hule plase te trek." Vide ook Barnard, *Warden*, p. 423; Van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, p. 101; Oosthuizen, *Warden*, p. 14, vir soortgelyke ongeverifieerde uitsprake.

113 Orpen, *History of the Basutus of South Africa*, p. 41.

grensreëlings aan Mosjwesjwe se verteenwoordigers[114] voorgelê. Die grenslyn het van die sameloop van Kornetspruit en Oranjerivier, langs eersgenoemde op na Langberg aan Holspruit, van daar al langs Langberg af na Jammersbergdrif op die Caledon en van daar na Kafferkop op die Modderrivier geloop.[115]

Mosjwesjwe was nie bereid om die reëlings te aanvaar nie, want dit sou aansienlike grondverliese meebring.

In geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se beoordeling van die grensreëlings word op twee sake klem gelê, naamlik die geldigheid van Mosjwesjwe se beswaar dat die reëlings groot grondverliese, wat onder andere meer as 'n honderd statte ingeluit het, vir die Basoeto sou meebring en die meriete van die grenslyn as 'n werkbare skeidslyn tussen blank en swart.

Theal beweer dat Mosjwesjwe se beswaar teen die grensreëlings, naamlik dat meer as 'n honderd statte deur die Southeygrensreëlings binne Vrystaatse grond sou val, ongegrond en oordrewe was, want daar het volgens hom een of hoogstens twee families woonagtig in die meeste van hierdie statte.[116]

In teenstelling met Theal toon Cory, ten spyte van kritiek teen die Basoeto, begrip vir Mosjwesjwe se verwerping van die grensreëlings. Hy erken dat die Basoeto groot grondgebied sou moes afstaan.[117]

Orpen toon ook begrip vir Mosjwesjwe se verwerping van die reëlings. Orpen sê dat meer as 15000 Basoeto van Mosjwesjwe afgesny sou word ter wille van 30 blanke plase, waarvan sommige onbewoon was. Voorts sou Mosjwesjwe groot grondverliese (25 by 60 myl) ly.[118] Die sendeling Smith stel dit kort en saaklik dat dié grensreëling sou neerkom op 'n verlies van ten minste 40 Basoetostatte.[119] Lagden verwys veralgemenend na die grondwinste van die blankes ten koste van die Basoeto.[120]

Die getuienis deur 'n eietydse landmeter, 'n Britse amptenaar, asook Cory word nie deur Afrikanersentriese geskiedskrywers erken nie. Grobbelaar wend hom byvoorbeeld eerder tot

---

114 Mosjwesjwe kon as gevolg van siekte nie die onderhandelings bywoon nie, en is deur die sendeling Rolland en sy seun Nehemiah verteenwoordig.

115 *Vide* Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 9; Barnard, *Warden*, p. 423; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 7.

116 Theal, *History of South Africa*, vol III, p. 306. In Theal, *History of the Boers in South Africa*, p. 275 word presies dieselfde argument gebruik om Mosjwesjwe se beswaar teen die Wardenlyn te verwerp.

117 Cory, *The rise of South Africa*, vol V, p. 175. 'n Groot gebied wat deur Mosjwesjwe geëis is, is tot die distrikte van Bloemfontein en Smithfield gevoeg.

118 Orpen, *History of the Basutus of South Africa*, p. 42.

119 Smith, *The blessed missionaries*, p. 82.

120 Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 103.

die geskiedskrywer wat groot agting by Afrikanersentriese geskiedskrywers geniet - Theal. Gevolglik verwerp Grobbelaar Mosjwesjwe se beswaar teen die grensreëlings. Mosjwesjwe het slegs "voorgegee" dat die grenslyn 40 Basoetostatte sou afsny.[121] Die grensreëlings was in der waarheid "regverdig",[122] want die blanke boere se grondaansprake is erken.[123] Of die voorgestelde lyn 'n negatiewe invloed op die Basoeto sou hê, is nie vir Afrikanersentriese geskiedskrywers van belang nie. Dié geskiedskrywers toon géén begrip vir die Basoeto se situasie nie en slaan dus nie ag op getuienis wat begrip vir die Basoeto toon nie. Die blanke Afrikaner staan sentraal in hulle geskiedskrywing.

In teenstelling met voorafgaande oppervlakkige uitsprake oor die verlies aan Basoeto grond, gee Sanders 'n deeglik geverifieerde[124] en beredeneerde uiteensetting oor Mosjwesjwe se besware teen die Southeygrensreëlings. Smith het in Januarie 1848 beloof "to uphold Moshoeshoe's hereditary rights and to prevent any further encroachments by the Afrikaners, while Moshoeshoe had agreed that the Afrikaners living in his land would be allowed to as before".[125] Voortvloeiend uit dié aanname kom Sanders tot die gevolgtrekking dat Mosjwesjwe alle rede gehad het om te glo dat enige grensreëlings "would merely delimit the farms which were then occupied, and that outside these farms his people would be allowed to live as before".[126] Sanders wys daarop dat die belofte aan Mosjwesjwe nóg tydens samesprekings tussen Mosjwesjwe en Smith nóg tydens die proklamering van die ORS genotuleer is.[127] Die gevolg was dat Southey die beloftes kon ignoreer en reëlings voorstel wat sou neerkom op "the loss of a vast extent of [Mosjwesjwe's] land and the removal of several thousands of his subjects".[128] In aansluiting hierby meld Thompson dat Mosjwesjwe gesag oor meer as 'n honderd statte sou verloor "in the interest of perhaps a dozen white farmers".[129] Sanders spekuleer soos volg oor Southey se motivering vir die grensreëlings: "Perhaps ... Southey's overriding aim was to conciliate the Afrikaners after their rebellion [at Boomplaats], or perhaps he simply attached more importance to European interests than to African."[130]

---

121 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 8. Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 18 herhaal die sentimente, sonder die verwysing na enige bronne as hy skryf dat Mosjwesjwe "voorgegee" het dat die grensreëlings "ongeveer veertig Basoeto-krale sou afsny".

122 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 8.

123 Van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, p. 101; Barnard, *Warden*, p. 413 baseer sy siening op Grobbelaar.

124 Verifieer sy bevindinge deur te verwys en aan te haal uit korrespondensie deur Mosjwesjwe aan Warden en Southey.

125 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 151.

126 *Ibid.*

127 *Ibid.*

128 *Ibid.*, p. 153.

129 Thompson, *Survival in two worlds*, p. 147.

130 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 153.

Sanders en Thompson bevestig nie net in aansluiting met eietydse geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke die geldigheid van Mosjwesjwe se beswaar nie, maar lewer ook kritiek. Die blanke boere het wederregtelik Basoetogrond beset. Brittanje was ontrou aan Mosjwesjwe en het nie sy beloftes gestand gedoen nie. Brittanje wou na die belange van enkele boere ten koste van duisende swartes omsien. Southey word van rassisme beskuldig, want "he simply attached more importance to European interests than to African". Voorts blyk dit dat die verkryging van die steun van die Afrikaners vir Brittanje belangriker was as om na die belange van sy swart bondgenote om te sien. Dit wat vir die Basoeto van belang is, naamlik die potensiële terrtitoriale skeiding tussen swart opperhoof en sy volgelinge, geniet Sanders se onverdeelde aandag. Daarenteen prioritiseer Afrikanersentriese geskiedskrywers nie hierdie aangeleentheid nie.

Geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke spreek hulle ook uit oor die strategiese meriete van die Southeygrensreëlings as 'n permanente oplossing vir blank-swart-konflik.

Orpen is neerhalend oor Southey se aanspraak dat militêr-strategiese oorwegings 'n rol by die vasstelling van die grenslyn gespeel het:

> *He proposed a long mountain (the Lange Berg), which stretched across between the Caledon and Orange River, in the heart of Moshesh's country, which he very unlike a frontier-man, considered a good line of defence against Kafirs (against whom a high mountain is about as good a protection as it would be against wolves and baboons).*[131]

Orpen se persoonlike ervaringe het 'n groot invloed op sy beoordeling van blank-swart-verhoudinge gehad. Hy was waarskynlik aanvanklik pro-Brits en anti-Basoeto. Hy wou as vrywillige soldaat teen die Basoeto veg en was gekant teen die Britse opsegging van die ORS. Daar vind egter 'n verskuiwing in lojaliteit plaas, want Warden aanvaar nie sy aanbod om as vrywillige soldaat diens te doen nie, Brittanje doen afstand van die ORS en laat ook na om hom vir landmeterswerk te vergoed. Voorts word hy 'n vriend en vertroueling van Mosjwesjwe. Hy trou met Sameul Rolland se dogter.[132]

Orpen se subjektiewe kritiek staan lynreg teenoor die siening van Eloff en Grobbelaar.[133] Dit is 'n *natuurlike verdeling*[134] en dus "die enigste wat 'n permanente oplossing kon

---

131 Orpen, *History of the Basutus of South Africa*, pp. 41-42.

132 *Vide* Orpen, *Reminiscences*, pp. 52-53; 92; 145; 156-165; 284-288.

133 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 9 baseer dié siening op SPR Oosthuizen se M.A.-verhandeling, *Die verskuiwende grens tussen die Vrystaat en Basoetoland*, p. 108 en JJ Oberholster, *Streekopnames van die Suidoos-Vrystaat. Eerste voorlopige verslag: historiese oorsig*, p. 44. *Vide* ook Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 8.

134 Volgens Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 8 is daar na "baie kosbare proefnemings" in 1869 besef dat dié lyn die permanente skeiding tussen die Vrystaat en die Basoeto moet

meebring".[135] Sonder die verskaffing van enige bronne is Bosch en Oberholster se beoordeling van die Southeygrensreëlings feitlik 'n woordelikse oorskryf van die Grobbelaar-teks. Dit was nie net "die eerste natuurlike skeidslyn tot dusver in die gebied en dus die enigste ... om 'n blywende oplossing te bring" nie,[136] maar ook 'n "billike, regverdige en praktiese grensskeiding ... in 'n gebied waar duidelike geografiese punte skaars was".[137] Nóg Bosch nóg Oberholster gee verduidelikings vir hulle sieninge. Die positiewe beoordeling van die Southeygrensreëlings deur Afrikanersentriese geskiedskrywers, en in besonder Eloff, moet gelees word teen die agtergrond van Lesotho se vertoë gedurende die 1970's dat groot gedeeltes van die Caledonriviervallei by dié bergkoninkryk ingelyf moet word. Die geskiedenis van die Caledonriviervallei bevestig vir Eloff die *status quo* met betrekking tot die Vrystaat se grondregte.[138]

Ten slotte kan daarop gewys word dat hoewel die publikasies wat Mosjwesjwe se beswaar met betrekking tot die invloed van die Southeygrensreëlings aanspreek, gespesialiseerde werke is, die skrywers, met die uitsondering van Sanders, nóg na argivale nóg na argeologiese bewyse verwys ter ondersteuning/verwerping van Mosjwesjwe se beswaar dat die grensreëlings tot gevolg sou hê dat 'n aansienlike aantal van sy onderdane onder die ORS jurisdiksie sou val. En Sanders konsentreer uitsluitlik op skrywes waarin Mosjwesjwe se besware uitgelig word. Geen een van die skrywers het Mosjwesjwe se beswaar krities-analities bestudeer deur blanke en pro-swart bronne teen mekaar op te weeg nie. Die geskiedskrywers aanvaar of verwerp Mosjwesjwe se beswaar bloot vanuit hulle onderskeie verwysingsraamwerke.

Of die Southeygrensreëlings strategiese meriete gehad het of nie, is nie aan die toets van die tyd onderwerp nie. Gevolglik kan nóg die siening van 'n tydgenootlike landmeter (Orpen) dat die grens geen strategiese meriete gehad het nie nóg die siening van Afrikanersentriese geskiedskrywers op grond van ongespesifiseerde "kosbare proefnemings", verwerp of bevestig word.

### 2.3.3.2 Wardenlyn

Na Mosjwesjwe se verwerping van die Southeygrensreëlings is die Wardenlyn[139] in Desember 1849 deur Mosjwesjwe aanvaar. Uit die historiografiese verkenning van die

---

wees. Grobbelaar meld egter nie wat die "proefnemings" was of wat hy met "natuurlik" bedoel nie.

135 *Ibid.*

136 Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 18.

137 Oberholster, *Wepener 1869-1969*, p. 28.

138 *Vide* Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 42.

139 Die Wardenlyn het gestrek vanaf die samevloeiing van die Kornet- en Oranjerivier tot by Vegkop, en van daar na Leeuwkop, Jammersbergdrif, die oorsprong van die Modderrivier en

Wardenlyn tree uiteenlopende perspektiewe na vore met betrekking tot die interpretasie van Mosjwesjwe se nie-deelname aan die onderhandelingsproses, redes waarom Mosjwesjwe die verdrag onderteken het, die meriete van die grenslyn, asook die sukses aldan nie van die toepassing van die grensreëlings.

Geskiedskrywers se vooroordele word dikwels die duidelikste geïllustreer in hulle beoordeling van skynbaar irrelevante insidente, byvoorbeeld die feit dat Mosjwesjwe nie die onderhandelings bygewoon het nie wat die vasstelling van die Wardenlyn voorafgegaan het. Terwyl sommige geskiedskrywers slegs terloops gewag maak van Mosjwesjwe se nie-deelname aan die onderhandelingsproses,[140] bou van die ander dit uit tot 'n aanval teen óf Mosjwesjwe óf die blankes.

Lagden beskou Mosjwesjwe se verskoning waarom hy nie die onderhandelings bygewoon het nie, naamlik siekte, as ongegrond. Volgens hom was Mosjwesjwe onwillig om self die grensreëlings goed te keur aangesien hy besef het dat enige grensreëlings deur sy seuns verwerp sou word. Hy wou dus nie persoonlik deel hê aan die opstelling van enige grensreëlings nie.[141] Hoewel Lagden feitlik deurgaans liberaal in sy beoordeling van blank-swart-verhoudinge is, lê sy lojaliteit as mede-Brit by Warden en nie by Mosjwesjwe nie. Lagden se lojaliteit teenoor Brittanje blyk onder andere uit sy bespreking van die redes waarom die blanke boere ten koste van die Basoeto bevoordeel is met die vasstelling van die Maitlandgrens.[142] Tog sal dit uit sy kritiek teen Warden se skadevergoedingseis aan Mosjwesjwe op die vooraand van die Slag van Viervoet ook blyk dat sy Britse lojaliteite nie ongekwalifiseerd is nie.[143]

Grobbelaar se siening dat nie siekte nie, maar die "aanhoudende getwis tussen sy volk en dié van Sikonjella" die rede vir Mosjwesjwe se afwesigheid was,[144] onderskryf die persepsie dat daar voortdurend onderlinge botsings tussen die verskillende swart stamme was. Verder dien dit by implikasie as teenargument vir die liberale geskiedskrywers se siening dat die blankes die grensreëlings eensydig opgestel het. Grobbelaar beskou dus siekte, maar nie swart-op-swart-konflik nie, as 'n aanvaarbare verskoning vir afwesigheid.

Sonder om redes aan te voer waarom Mosjwesjwe nie die onderhandelings bygewoon het nie, word die nie-teenwoordigheid van Mosjwesjwe as vertrekpunt deur Ellenberger[145] en

---

noordoos tot by Thaba Nchu. Van hier het dit suidwaarts tot by die Groot Leeuwrivier gestrek (Becker, *Hill of destiny*, p. 164). *Vide* Kaart 2.

140 Theal, *History of the Boers in South Africa*, p. 274; Oberholster & Stemmet, *Senekal se eerste honderd jaar, 1877-1977*, p. 27;

141 Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 106.

142 *Vide* par 2.1.2.

143 *Vide* par 2.3.4.1.

144 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 10.

145 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, pp. 74-75.

neo-liberale[146] geskiedskrywers gebruik om die blankes te beskuldig van eensydige, arbitrêre reëlings. Die aanklag word volledig deur Sanders bespreek. Om die arbitrêre optrede van Warden te beklemtoon, meld Sanders dat Mosjwesjwe Warden per brief in kennis gestel het dat hy as gevolg van die oorlog met die Tlokoa nie in staat was om die onderhandelings by te woon nie. Tog het Warden voortgegaan met die onderhandelings.[147]

Dit blyk dus dat geskiedskrywers uiteenlopende sieninge het oor Mosjwesjwe se nie-deelname aan die onderhandelingsproses. Politieke oneerlikheid word as 'n rede genoem waarom Mosjwesjwe nie aan die onderhandelings deelgeneem het nie. Maar terwyl 'n Afrikanersentriese skrywer se kritiek teen Mosjwesjwe die gevolg is van sy anti-swart sentimente, is die Britse amptenaar se beskuldigings 'n refleksie van sy pro-Britse lojaliteite. Terwyl die Afrikanersentriese geskiedskrywers insinueer dat Mosjwesjwe sonder geldige, maar polities gemotiveerde redes, nie aan die onderhandelings deelgeneem het nie, maak pro-swart geskiedskrywers die beskuldiging dat die blankes ten spyte van geldige redes waarom Mosjwesjwe nie teenwoordig kon wees nie, voortgegaan het met die onderhandelings en eensydige reëlings opgestel het.

Nie net Mosjwesjwe se nie-bywoning van die onderhandelinge nie, maar ook sy motivering vir die ondertekening van die verdrag word as vertrekpunt ter ondersteuning van geskiedskrywers se pro- of anti-blanke sentimente geneem. Geskiedskrywers van die verskillende historiografiese skole voer redes aan waarom Mosjwesjwe die verdrag onderteken het:

- Hy het militêre optrede deur Brittanje gevrees.
- Mosjwesjwe, die vredemaker, sou alles in die stryd werp om konflik af te weer.
- Mosjwesjwe het geen erns gehad om die verdrag gestand te kom nie. Hy wou bloot die guns van die Britte behou.

Theal sê dat hoewel Mosjwesjwe aanvanklik nie die grensreëlings wou aanvaar nie, het die dreigement dat 'n gekombineerde mag bestaande uit die blankes en die kleiner swart stamme teen hom sou optrek, hom laat besluit om op 1 Oktober 1849 die ooreenkoms te onderteken.[148] Theal verswyg nie die feit dat Mosjwesjwe 'n onwillige ondertekenaar was nie. Hy slaag daarin om in 'n genuanseerde bespreking die dilemma waarin Mosjwesjwe verkeer het, weer te gee: hy moes óf 'n verdrag waarmee hy nie akkoord gaan nie

---

146 Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, p. 110; Were, *A History of South Africa*, p. 107.

147 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 156 baseer die rede vir Mosjwesjwe se afwesigheid op korrespondensie soos vervat in die *Basutoland Records*.

148 Theal, *History of the Boers in South Africa*, pp. 274-275.

onderteken óf hy staar wapengeweld in die gesig. Hy het by implikasie die vreedsame uitweg verkies.

Orpen onderskryf Theal se siening dat Mosjwesjwe die Wardengrensreëlings bloot aanvaar het "because he saw no other way to put a stop to the war and bloodshed let loose upon him" en as gevolg van sy inherente vertroue in die Britse regering.[149]

Gerugsteun deur die getuienis van Theal, meld Molema dat Mosjwesjwe gedwing is om die grensreëlings te aanvaar "almost at the end of a gun, by a threat of war and annihilation".[150]

Eric A Walker se standpunt dat Warden "compelled Moshesh under threat of war" om die Wardenlyn te aanvaar,[151] word deur van die neo-liberale geskiedskrywers[152] onderskryf. Om in 'n oorlog met Brittanje betrokke te raak sou dus in stryd met Mosjwesjwe se beleid van vrede en rekonsiliasie wees.

'n Afrikanersentriese geskiedskrywer verwerp die beskuldigings deur lede van die Franse en Londense sendinggenootskappe dat Mosjwesjwe uit vrees vir konflik die Wardenlyn aanvaar het:

> *'n Gemeenskaplike verklaring (deur die sendelinge) waarin hulle beweer dat Warden vir Mosjesj geïntimideer het ... was 'n skaamtelose leuen want Mosjesj was bewus genoeg van sy eie krag om enige vorm van vreesaanjaging wat Warden op die lappe kon bring, uit te lag.*[153]

In teenstelling met die siening van Barnard, maar in aansluiting by van die koloniale, tydgenootlike en professionele liberale en neo-liberale skrywers gee Eloff en Grobbelaar toe dat Mosjwesjwe onwillig was om die verdrag te onderteken, maar hy het onder Britse druk geswig.[154] Die druk was egter nie die belangrikste motivering vir sy ondertekening nie, hy

---

149 Orpen, *History of the Basutus of South Africa*, p. 48 (cf *ibid.*, p. 41 vir Orpen se siening dat die blanke boere met opset konfliksituasies afgedwing het, die Basoeto verdryf het en aanspraak gemaak het op die ontruimde Basoetogrondgebied op grond van blanke okkupasie).

150 Molema, *Chief Moroka*, p. 73.

151 Eric A Walker, The formation of new states, 1835-1854, in EA Walker (ed), *The Cambridge History of the British Empire*, p. 351.

152 Debroey, *Zuid-Afrika*, p. 260. Were, *A History of South Africa*, p. 107; Davenport, *South Africa*, p. 135.

153 Barnard, *Warden*, p. 419.

154 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 9; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 11 haal aan uit korrespondensie deur sendelinge waarin gewag gemaak word van die druk wat deur Warden op Mosjwesjwe uitgeoefen is om die verdrag te onderteken.

wou die "guns" van die Britse regering wen.[155] Vrede was dus nie sy belangrikste doelwit met die ondertekening van dié ooreenkoms nie, maar die guns van die Britte.

JJ Oberholster en Jan Stemmet is meer uitgesproke. Mosjwesjwe het die ooreenkoms goedgekeur bloot "omdat hy die indruk van toegewendheid en vredeliewendheid wou verhoog".[156] Mosjwesjwe se goedkeuring het "geen betekenis" gehad nie omdat hy volgens Basoetotradisie sy onderdane se toestemming moes verkry het.[157] Mosjwesjwe word dus as 'n sluwe leier geskets; hy het die blankes met voorbedagte rade onder 'n vals indruk gebring.

Die siening van Afrikanersentriese geskiedskrywers dat Mosjwesjwe ter wille van 'n verskuilde agenda die verdrag onderteken het, word deur Ellenberger (1933) en Thompson (1975) verwerp. Volgens Ellenberger het Mosjwesjwe toegestem tot die "absurd and culpable" Wardenlyn in 'n poging om nie verhoudinge met Brittanje te skaad nie.[158] Die beleid het die gevaar ingehou dat hy die steun van sy volk kon verloor:

> *In the matter of the Warden Line he had conceded so much that his people were grumbling and he ran a grave risk of their turning against him.*[159]

Die besondere agting wat neo-liberale geskiedskrywers vir Afrikaleiers toon, blyk duidelik uit Thompson se beoordeling van Mosjwesjwe se besluit om die verdrag te onderteken. Dié stap is vir hom 'n bewys van Mosjwesjwe se leierskapsvisie en diplomatieke vernuf:

> *[T]he king kept a clear head. ... If they were to survive as a national entity with a territory of their own, he would have to put up with the blunders of inept officials, for in the long run the best hope for the BaSotho lay in an accommodation with the British Government.*[160]

Die meeste geskiedskrywers is dit eens dat vrees vir Britse vergelding 'n sleutelrol in die ondertekening gespeel het, maar terwyl pro-swart skrywers insinueer dat Mosjwesjwe se strewe na vreedsame blank-swart-verhoudinge hom geen ander keuse gelaat het as om die verdrag te onderteken nie, beweer ander dat nie vrede nie, maar die guns van Brittanje die belangrikste motivering vir die ondertekening van die verdrag was. Die pro-swart geskiedskrywers, asook Theal, toon dus empatie met Mosjwesjwe se onbenydenswaardige posisie. Daarenteen beskuldig van die Afrikanersentriese geskiedskrywers hom van 'n verskuilde agenda - hy was dus nie eerbaar nie. Dié beskuldiging onderskryf

---

155 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 11.
156 Oberholster & Stemmet, *Senekal se eerste honderd jaar, 1877-1977*, p. 27.
157 *Ibid.*
158 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, pp. 76-77.
159 *Ibid.*, p. 77.
160 Thompson, *Survival in two worlds*, p. 151.

Afrikanersentriese geskiedskrywers se siening dat Mosjwesjwe deur fyn diplomatieke spel situasies tot sy voordeel gemanupileer het.[161]

Geskiedskrywers se positiewe of negatiewe beoordeling van grensreëlings word tot 'n groot mate bepaal deur hulle siening of die bepalings reg aan die belange van die blankes of swartes laat geskied het.

Nes die geval by die Southeygrensreëlings wys geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke daarop dat die Wardenlyn van Mosjwesjwe se Basoeto onderdane territoriaal van hom sou vervreem.

Theal ontken nie Mosjwesjwe se beswaar dat meer as 'n honderd Basoetostatte as gevolg van die Wardenlyn buite Mosjwesjwe se jurisdiksie sou val nie.[162] Hy minimaliseer dit. Hy beweer dat daar slegs een of twee families in die meeste van die statte gewoon het.[163] Voorts gee Theal toe dat die Basoeto grondgebied verloor het met die vasstelling van die Wardenlyn, maar "much of this was never in the occupation of the Basuto people".[164] Hy argumenteer dat "their claim to the country below the Long mountain, or any position of it, rested on exactly the same ground as that of the European inhabitants: they found it a waste, and had moved into it."[165]

Terwyl Theal die grondverliese minimaliseer, maak van die tydgenootlike liberale geskiedskrywers die ongeverifieerde beskuldiging dat Mosjwesjwe groot grondgebied, waarop duisende van sy onderdane gewoon het, verloor het. Tog is al die blanke boere toegelaat om hulle plase te behou.[166]

Edwin W Smith spreek in 1950 skerp kritiek uit teen die blankes. Hy verwys na die erkenning van die blankes se grondaansprake ten koste van 10000 Basoeto wat voortaan van hulle vaderland afgesny sou wees: "The claim of two or three Europeans to a hundred square miles might be allowed; no attention was paid to the rights of Basuto who were actually occupying the land."[167] Gerugsteun deur Orpen skryf hy dat die grond toegeken is aan "landjobbers". Die gevolg van die grensreëlings was dat swartes, wat vroeër as vry

---

161 *Vide* o.a. JFG van Oordt, *Een Vader des Volks. Een verhaal uit de Oranje-Vrijstaat ten tijde van President Brand*, p. 59; JFG van Oordt, *President J.H. Brand*, p. 37; P Elffers, *Aardrykskunde en beknopte geskiedenis van die Oranje-Vrystaat*, p. 78; Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p 83; Spies, *Hamelberg*, p. 139; Oosthuizen, *Warden*, p. 9; Prinsloo, *Smithfield*, p. 46 vir uitsprake oor Mosjwesjwe se diplomatieke vermoëns.

162 Theal, *History of the Boers in South Africa*, p. 275.

163 *Ibid.*, p. 275. (Die argument is 'n woordelikse herhaling van sy kritiek teen Mosjwesjwe se verwerping van die Southeygrensreëlings.)

164 Theal, *History of South Africa*, vol III, p. 307.

165 *Ibid.*; Theal, *History of the Boers in South Africa*, p. 276.

166 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 76; Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 106; Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 109 noem die getal 10000.

167 Smith, *The blessed missionaries*, p. 83.

burgers hul eie grond bewoon is, gereduseer is tot plakkers.[168] Die groot aantal Basoeto wat deur die grensreëlings geraak is, staan lynreg teen Theal se bewering dat die bevolkingsdigtheid van die betrokke statte baie laag was.

Met die uitsondering van Smith en Walker, wat spesifiek verwys na die honderd Basoetostatte wat deel van die ORS geword het en verlies van vrugbare mielielande ten weste van die Caledonrivier,[169] kritiseer liberale geskiedskrywers die Wardenlyn deur veralgemenend te verwys na Basoetogrondverliese ten koste van die blanke boere.[170] Die gevolg van Warden se grensreëlings was dat "massas of Basuto and others became squatters without rights".[171] Die grensreëlings was "a crazy affair".[172]

Verskeie neo-liberale geskiedskrywers beklemtoon dit dat die blankes se belange voorkeur geniet het by die vasstelling van die Wardenlyn.[173] Sommige skrywers wys op die negatiewe gevolge van die Wardenlyn op die Basoeto. Die Basoeto het van hulle beste landbougrond verloor,[174] van Mosjwesjwe se onderdane is territoriaal van hom verwyder en het nou swart eilande in blanke grondgebied gevorm.[175] TRH Davenport, Sanders en Thompson verwys spesifiek, hoewel ongeverifieerd, na die territoriale vervreemding van 'n honderd statte met duisende inwoners ter wille van die belange van enkele blanke boere.[176] Sanders kom tot die gevolgtrekking dat "once again ... the determining factor had been the position of the farms, and not the position of the villages."[177]

Op grond van Orpen se getuienis sê Eldredge dat daar reeds voor die onderhandelingsproses begin is, besluit is dat die lyn blanke belange voorop sou stel. Sy sê dat sir Harry Smith aan Warden opdrag gegee het om 'n grens op te stel "which would not require any Europeans to abandon the lands on which they were settled".[178] Dié lyn het aan die blanke boere

---

168 *Ibid.*
169 Walker, *A History of Southern Africa*, p. 247.
170 Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 317; Walker, *A History of Southern Africa*, p. 247; Walker, *The formation of new states*, p. 351; Geen, *The making of South Africa*, p. 121; Benyon, *Proconsul and paramountcy in South Africa*, p. 37; Germond, *Chronicles of Basutoland*, p. 570.
171 Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 317.
172 Germond, *Chronicles of Basutoland*, p. 570 baseer siening op Theal. *Vide* ook Suzman, *Moshoeshoe the statesman*, p. 7.
173 Omer-Cooper, *Colonial South Africa*, p. 379; Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 106; Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, pp. 109-110; Were, *A History of South Africa*, p. 107; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 157; Thompson, *The High Veld*, p. 418; Debroey, *Zuid-Afrika*, p. 248; Troup, *South Africa*, p. 123; Davenport, *South Africa*, p. 135; Christopher Danziger, *A History of Southern Africa*, p. 42.
174 Thompson, *The High Veld*, p. 418; Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, p. 110.
175 Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, p. 110.
176 Davenport, *South Africa*, p. 135; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 157; Thompson, *The High Veld*, p. 418.
177 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 157.
178 Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 51.

uitgebreide grondgebied toegestaan waarop geen blankes gewoon het nie, terwyl dié gebiede wel deur Basoeto geokkupeer is.[179] As gevolg van die anomalie was die Britse owerheid nie in staat om die Wardenlyn in die praktyk af te dwing nie.[180]

Molema se siening dat die "unimaginative [Warden Line] victimised the Basotho, and expropriated their lands for the benefit of European settlers"[181] word deur Grobbelaar gedeel. Gerugsteun deur die *Basutoland Records* gee hy toe dat grondverlies "gevoelig" vir die Basoeto was, omdat hulle die afgestane grond as hulle "toekomstige beesstal" beskou het.[182] Hy poog dus om die sieninge van die Basoeto te akkommodeer. Terwyl Barnard toegee dat die Wardenlyn Basoetogrondverliese meegebring het, toon hy nie begrip vir die Basoeto se situasie nie. Barnard huldig die siening dat Warden verbind was tot 'n "billike" grenslyn. Maar

> *die ongelukkige Resident het voor die grootste raaisel van die Vrystaatse geskiedenis gestaan; aan die een kant was daar die Basoeto's wat deur diefstal en vlyt onsaglik verryk en weswaarts vir wei- en bougronde uitgebrei het. Andersyds was daar die blanke veeboere en landbouers wat voor, en gelyktydig met, die Basoeto's in dieselfde vrugbare Caledonvallei ingedring het. Met meesterlike listigheid het Mosjesj en sy sendelinge hulle aansprake op die betwiste gebied versterk deur grootskaalse indringing tussen die boereplase in.*[183]

Hierdie besetting van blanke grondgebied deur die Basoeto op inisiatief van die sendelinge het volgens Barnard, soos blyk uit 'n brief van Warden aan Southey, Warden se besluit om die grensreëlings ten voordele van die blankes te bepaal, beïnvloed. Dit het daartoe gelei dat Mosjwesjwe meer as 'n honderd statte aan die Vrystaat moes verloor, terwyl slegs 25 blankes aan Basoetoland se kant van die grens geval het.[184] Die verlies aan Basoetogrond word nie deur Barnard as kritiek teen die Wardenlyn geopper nie. Inteendeel. Warden het aan die Vrystaat grondgebied "teruggegee" wat die Basoeto deur gelydelike insypeling beset het.

Hoewel van die Afrikanersentriese geskiedskrywers toegee dat die Wardenlyn 'n positiewe stap in die erkenning van die blanke boere se grondregte was,[185] opper hulle kritiek teen die Wardenlyn, want die lyn het 'n groot aantal Basoeto, waaronder Poshuli, se grondregte

---

179 *Ibid.* baseer haar siening op Orpen, *Reminiscences*, p. 187.
180 *Ibid.* baseer haar siening op Orpen, *Reminiscences*, p. 247.
181 Molema, *Chief Moroka*, p. 73.
182 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 12.
183 Barnard, *Warden*, p. 423.
184 *Ibid.*
185 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 11-12; Barnard, *Warden*, p. 423; Gie, *Geskiedenis vir Suid-Afrika*, p. 358.

op Vrystaatse grondgebied erken.[186] Dit was fataal vir die vrede in die Vrystaat, want Mosjwesjwe het

> *hierdie berugte aasvoëls (Poshuli en Jan Letelle) as steekangels gebruik ... om binne die Soewereiniteit 'n toestand van wanorde te skep.*[187]

Terwyl al voorafgaande geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke dit eens is dat die Wardenlyn ten gunste van die blankes was, beweer Coats en Eksteen dat die Wardenlyn tot voordeel van die Basoeto gestrek het.[188] Hierdie beoordeling van die Wardenlyn moet as subjektiewe kritiek teen die Britte gesien word: die Vrystaat se boere het onder bewind van onsimpatieke Britse bewindhebbers gestaan.

Ten slotte kan genoem word dat met enkele uitsondering na, geskiedskrywers die grensreëlings negatief beoordeel. Terwyl Theal die Basoetogrondverliese minimaliseer en Barnard die verliese regverdig, huldig Coats en Eksteen die standpunt dat die Basoeto deur die grensreëlings bevoordeel is.

Die tydgenootlike, professionele en amateur liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers, asook die Afrikanersentriese skrywers Grobbelaar en Tylden, lê klem op Basoetogrondverliese. Dit is opmerklik dat geskiedskrywers se bespreking van die grondverliese hulle onderskeie verwysingsraamwerke reflekteer. Die liberale geskiedskrywers sinspeel op die negatiewe invloed wat die reëlings op die Basoeto se ekonomiese bedrywe sou hê. Die blankes is ekonomies bemagtig ten koste van die Basoeto. Ekonomiese ongelykhede is vir hierdie skrywers 'n struikelblok op die weg van vreedsame tussengroepverhoudinge. Dié siening word deur neo-liberale geskiedskrywers gedeel - maar vanuit 'n swartsentriese perspektief.

Die neo-marxistiese ideologie is onderliggend aan Eldredge se bespreking van die Basoeto se grondverliese: blanke kapitalistiese grondbesitters is ten koste van die swart bestaansboere bevoordeel.

Hoewel sommige Afrikanersentriese geskiedskrywers genuanseerde besprekings oor die Basoeto se grondverliese gee, reken Barnard dat die reëlings bloot as 'n korrektief van vroeëre verliese van blankes se eiendom gesien moet word.

Slegs Barnard en Eldredge staaf hulle kritiek teen die Wardengrensreëlings. Barnard verwys na Warden se korrespondensie om te bewys dat die Wardengrens billik was. Eldrege verifieer haar siening uit skrywes deur die anti-Warden en pro-Mosjwesjwe tydgenoot, Orpen. Beide die twee 20ste eeuse professionele geskiedskrywers maak selektief gebruik

186 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 11-12.
187 Barnard, *Warden*, p. 423 baseer dié siening op 'n skrywe van Warden aan Southey.
188 Coats, *Basutoland,* pp. 34; 37; Eksteen, *Lesotho in uitwaartse beweging*, p. 21.

van bronne wat hulle onderskeie standpunte onderskryf. Hoewel die meeste geskiedskrywers nie hulle kritiek teen die Wardenlyn verifieer nie, is dit duidelik dat die Afrikanersentriese geskiedskrywers Theal se sieninge kritiekloos aanvaar; die pro-swart skrywers reflekteer die standpunte van die tydgenootlike pro- Mosjwesjwe skrywers, naamlik Ellenberger, Orpen en, as gevolg van sy perspektiefwisseling, Lagden in 'n mindere mate.

Uit van die professionele Afrikanersentriese geskiedskrywers se beskrywing van toestande in die Vrystaat na die sluiting van die Wardenooreenkoms blyk dit dat die reëlings nie daarin geslaag het om vrede en orde in die gebied te bewerkstellig nie. Wanorde, diefstal, geweld en grensskendings was aan die orde van die dag.[189] Die "wraaksugtige" [190] Basoeto het die "een strooptog na die ander" onderneem[191] en "struikrowers"[192] en "rusverstoorders"[193] het "nagtelike toere oor die grense onderneem ... en na hartelus vee van die Boere ... ingesamel".[194] Die blanke boere was dus in 'n stryd om oorlewing gewikkel en het "paniekerig geword".[195]

Oosthuizen en Barnard voer bewyse aan vir hulle siening dat Mosjwesjwe op 'n georkestreerde wyse gepoog het om die Vrystaat onregeerbaar te maak en die blankes van hulle plase te verdryf. Na aanleiding van 'n skrywe van TW Vowe, magistraat van Smithfield oor Basoeto-aggressie in die Smithfielddistrik, kom Oosthuizen tot die gevolgtrekking dat dit "duidelik [was] dat Moshesh op alle gebiede waarop blankes gewoon het, aanspraak maak en voornemens was om dit met geweld in te palm".[196] Uit 'n brief van Warden aan Southey lei Barnard af dat Mosjwesjwe Poshuli en Letelle "gebruik [het] om binne die Soewereiniteit 'n toestand van wanorde te skep".[197]

Terwyl hierdie skrywers die chaos wat daar in die Vrystaat na die neerlegging van die Wardenlyn in besonderhede skilder, gee enkele pro-swart geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke toe dat die Basoeto blanke grondgebied betree het. Maar hulle toon

---

189 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 9; Barlow, *President Brand*, p. 22; Oosthuizen, *Warden*, pp. 27-28; Van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, pp. 102-103; Van Schoor, *Die Afrikaner in die Transgariep*, p. 118; Bosman, *Die Groot Trek*, p. 242; Spies, *Hamelberg*, p. 48; Barnard, *Warden*, p. 424. (Met die uitsondering van Barnard, *Warden*, p. 424, wat verwys na korrespondensie tussen Warden en Southey en Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 9, wat sy gegewens op die werke van Barnard, *Warden* en Oosthuizen, *Die verskuiwende grense tussen die Vrystaat en Basoetoland*, baseer, verifieer die geskiedskrywers nie hulle gegewens nie.)

190 Van Schoor, *Die Afrikaner in die Transgariep*, p. 118.

191 Spies, *Hamelberg*, p. 48.

192 Barnard, *Warden*, p. 424.

193 Bosman, *Die Groot Trek*, p. 242.

194 Barnard, *Warden*, p. 424.

195 *Ibid.*, p. 423.

196 Oosthuizen, *Warden*, p. 27.

197 Barnard, *Warden*, p. 423.

begrip vir die Basoeto se ignorering van die Wardenlyn. Die Basoeto se optrede is nie deur wraaklus gemotiveer nie, dit was 'n stryd om oorlewing en die behoud van dit wat tradisioneel hulle s'n was.[198] Die verbreking van ooreenkomste wat die belange van die swartes misken word dus goedgekeur.

Terwyl die pro-swart geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke die Basoeto se optrede regverdig, lê Afrikanersentriese geskiedskrywers die blaam vir die mislukking van die Wardenlyn voor die deur van die Basoeto. Eerstens word ongekontroleerde Basoeto-aggressie genoem.[199] Voorts het Mosjwesjwe gestrewe na die "konsolidering van alle Bantoe-nasies teen die witman se heerskappy".[200] Mosjwesjwe wou dus sy magsbasis uitbrei. Derdens het Mosjwesjwe die Wardenlyn skriftelik onderskryf, maar sy onderdane was volgens Basoetoreg nie verplig om die reëlings na te kom nie, want hy het dit nie vir goedkeuring aan hulle voorgelê nie.[201] Vanuit 'n blanke verwysingsraamwerk sinspeel dié vermelding van die Basoeto se interpretasie van die bindingsmag van ooreenkomste op die siening van hierdié geskiedskrywers dat die Basoeto nie ooreenkomste gerespekteer het nie. Laastens plaas Van Schoor die blaam vir die mislukking van die Wardenlyn op die skouers van die Basoeto en die Britse regering. Die reëlings het volgens hom die *Lebensraum* van die Basoeto ingeperk en dit het gevolglik gelei tot "'n sug na meer grond" by die Basoeto.[202] Die situasie is vererger deur die onvermoë van die Britse regering om die grensreëlings "met beslistheid te handhaaf".[203]

Die Afrikanersentriese geskiedskrywers onthef dus die blanke boere van alle blaam vir die blank-swart-konflik. Ongekontroleerde Basoeto-aggressie, hul tradisie asook swart magsvorming is verantwoordelik vir die mislukking van die grensreëlings. Daarenteen regverdig van die liberale en neo-liberale geskiedskrywers Basoeto-aggressie.

### 2.3.4 Militêre konfrontasie tussen die Britte en die Basoeto

In Junie 1851 en Desember 1852 is Brittanje in twee veldslae, by Viervoet en Berea, deur die Basoeto verslaan.

---

198 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, pp. 76-77; Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 110; Smith, *The blessed missionaries*, p. 83; Walker, *The formation of new states*, p. 351; Debroey, *Zuid-Afrika*, p. 260; Troup, *South Africa*, p. 123; Danziger, *A History of Southern Africa*, p. 42.

199 *Vide* par 2.3.2.

200 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 129. *Vide* Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 12 vir dieselfde standpunt (*ibid.* baseer hierdie siening op 'n 1907-publikasie, CW Mackintosh, *Coillard of the Zambesi.*)

201 Van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, p. 102; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 11.

202 Van Schoor, *Die Afrikaner in die Transgariep*, p. 117.

203 *Ibid.*; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 12 en Barnard, *Warden*, p. 423 onderskryf hierdie siening.

### 2.3.4.1 Die Slag by Viervoet (30 Junie 1851)

In onderstaande bespreking van die uitbeelding van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat voor en na die veldslag by Viervoet, sal aandag aan die oorsake van die Slag van Viervoet, blank-swart-samewerking, asook die toestande in die Vrystaat na afloop van die veldslag geskenk word.

Skrywers van historiese oorsigwerke beskou die Slag van Viervoet nie as 'n kerngebeurtenis in die Vrystaat se geskiedenis nie. Baie van hulle verwys slegs in 'n enkele sinsnede na die veldslag, ander negeer dit. Gevolglik is die historiografiese ontleding van die Slag van Viervoet feitlik beperk tot gespesialiseerde werke.

Ten spyte van raakpunte noem geskiedskrywers van die verskillende historiografiese skole uiteenlopende oorsake vir die Slag van Viervoet, naamlik die skadevergoedingseis aan Mosjwesjwe, die beskerming van die belange van die blankes ten koste van die swartes, asook blanke en/of swart aggressie.

Warden stel op 25 Junie 1851 'n ultimatum aan Mosjwesjwe. Hy moes skadevergoeding van 6000 beeste en 300 perde aan Warden se swart bondgenote en blanke boere betaal vir vee deur die Basoeto gesteel óf Brittanje verklaar oorlog.[204] Mosjwesjwe het/kon nie aan die eis voldoen nie.

Van die koloniale en imperiale,[205] asook Afrikanersentriese[206] geskiedskrywers regverdig Brittanje se oorlogsverklaring op grond van Mosjwesjwe se wanbetaling van die skadevergoedingseis. Terwyl die pro-Britse geskiedskrywers hulle nie uitspreek oor die redelikheid van die eis nie, verwys Grobbelaar na regeringspublikasies om aan te toon dat 'n spesiale kommissie belas was met die vasstelling van die skadevergoedingseis.[207] Die eis is dus nie op 'n lukraak wyse vasgestel nie. Barnard spreek hom nie uit oor die redelikheid van die eis nie, maar maak in besonderhede gewag van die wanbetaling van die eis. 'n Maand na die verstryking van die ultimatum het "tweeduisend-sewe-en-twintig maer knolle, waarvan meer as driekwart Basoeto-bulkalwers was, by Thabansjoe aangekom". Warden het "hierdie uitvaagsels van minderwaardige bergbeeste" as eerste paaiement aanvaar.[208] Warden was

---

204 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 14.
205 Theal, *History of the Boers in South Africa*, p. 287; Cory, *The rise of South Africa*, vol V, pp. 418-419; Brown, *War with the Boers*, vol I, p. 127; Noble, *Illustrated official handbook of the Cape and South Africa*, p. 416.
206 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 16; Barnard, *Warden*, p. 423.
207 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 16.
208 Barnard, *Warden*, p. 431 baseer hierdie beskuldigings op 'n skrywe van Warden aan Mosjwesjwe.

dus by implikasie verplig om oorlog te verklaar omdat Mosjwesjwe nie aan 'n redelike eis voldoen het nie.

Daarenteen beweer Orpen dat die blanke boere meer diefstalle as wat werklik plaasgevind het, gerapporteer het en "most horrible" verslae oor Basoeto-optrede aan Warden deurgegee het.[209] Hy noem Warden se skadevergoedingseis aan Mosjwesjwe "an utter impossibility, and a groundless and extortionate claim - equivalent to a declaration of war".[210] Mosjwesjwe se nie-nakoming van die eis lei tot die Slag van Viervoet.

Lagden noem die twee punte van kritiek teen Warden se skadevergoedingseis van 25 Junie 1851. Die eise is vaag en onredelik gesien teen die agtergrond van die feit dat die eiendom waarna Warden in sy eis verwys het, voortdurend van eienaar verwissel het as gevolg van veelvuldige teenaanvalle deur die verskillende swart stamme. Voorts was die tyd wat Warden aan Mosjwesjwe gegun het om die ultimatum uit te voer, te kort.[211]

Soos reeds aangetoon fluktueer Lagden se empatie en begrip voortdurend tussen Warden en Mosjwesjwe.[212]

In aansluiting by voorafgaande tydgenootlike geskiedskrywers, asook 'n sendelinggeskiedskrywer wat insinueer dat Warden nie redelik was in die hantering van die skadevergoedingseis nie, reken Molema dat die Basoeto by Viervoet aangeval is "in the interest of the Orange Free State".[213] Wat die "interest" of redes vir dié aanval was, word nie vermeld nie.[214]

Van die koloniale en imperiale geskiedskrywers regverdig Warden se oorlogverklaring, want hy was verplig om teen die Basoeto op te tree ter beskerming van die lojale swart stamme teen Basoeto-aggressie[215] Vanuit 'n pro-Britse perspektief word Britse optrede aangeprys.

Daarteenoor veroordeel van die pro-swart skrywers Warden se inmenging in die swart-op-swart-konflik en sy pro-Moroka houding, want dit het tot militêre konflik gelei.[216]

---

209 Orpen, *History of the Basutus of South Africa*, p. 66.
210 *Ibid.* Ongeverifieerd onderskryf Smith, *The blessed missionaries*, p. 83 hierdie siening.
211 Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 119. Cf *ibid.*, pp. 118-119 vir die skadevergoedingseisbrief van Warden aan Mosjwesjwe
212 *Vide* par 2.3.3.2.
213 Molema, *The Bantu - past and present*, p. 61.
214 *Vide ibid.*
215 Theal, *History of the Boers in South Africa*, p. 287; Cory, *The rise of South Africa*, vol V, pp. 418-419; Brown, *War with the Boers*, vol I, p. 127; Noble, *Illustrated official handbook of the Cape and South Africa*, p. 416.
216 Williams, Moshesh, p. 106; Midgley, *The Orange River Sovereignty*, p. 324; Thompson, *The High Veld*, p. 419.

Gerugsteun deur skrywes deur van die sendelings skryf JF Midgley (1949) dat Warden "obsessed" was met die bevordering van Moroka se belange ten koste van Mosjwesjwe.[217]

In die *Reader's Digest illustrated History of South Africa* (1988) word beweer dat Warden lank voor die ultimatum verstryk het, die Basoeto aangeval het.[218] Die persepsie dat verskuilde blanke aggressie vir die oorlog verantwoordelik was omdat Mosjwesjwe deur die blankes se oorhaastige optrede in 'n oorlog ingedwing is, is reeds in 1969 deur Eric Rosenthal onderskryf as hy Mosjwesjwe as 'n onwillige deelnemer aan die Slag van Viervoet beskryf:

> *More or less against his will the Chief went to war. More or less against his will he sent his men to meet a force under Major Donald, charged with recovering 10,000 head of cattle from him, to which his white neighbours laid claim. More or less against his will Moshesh's army inflicted a heavy defeat upon the British column near Viervoet Mountain.*[219]

Die siening van tydgenootlike geskiedskrywers wat deur 'n 20ste eeuse amateur geskiedskrywers herhaal word, naamlik dat Mosjwesjwe 'n onwillige deelnemer aan die oorlog was, word deur Afrikanersentriese geskiedskrywers verwerp. Basoeto-aggressie het volgens hierdie skrywers oorlog onafwendbaar gemaak. Hofstede sê dat "de diefstallen, door de Basutu's dagelijks gepleegd, de gedurige klachten der inwoners dat zijn alles verliezen moesten" oorlog onafwendbaar gemaak het.[220] Hierdie siening word reeds vir meer as 'n eeu deur Afrikanersentriese geskiedskrywers gehuldig.[221]

Gebaseer op inligting vervat in die *Blouboek* (31 Mei 1853) meld Grobbelaar dat "Warden spoedig besef het dat vreedsame arbitrasie ondoeltreffend was en dat hy die oortreders met wapengeweld moes straf."[222] Die "insig" waartoe Warden volgens voorafgaande skrywers gegroei het, word deel van 'n rassistiese betoog deur Van Schoor in 1950. Hy sê "die dure ondervinding het Warden egter geleer dat naturelle soos kinders gestraf en getugtig moet

---

217 Midgley, *The Orange River Sovereignty*, p. 324.
218 Saunders (ed), *Reader's Digest History*, p. 142.
219 Eric Rosenthal, *African Switzerland: Basutoland of to-day*, p. 50.
220 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 103. Collins, *Free Statia*, p. 30; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 9; Van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, p. 102; Oosthuizen, *Warden*, p. 28; Barnard, *Warden*, p. 431 en Meintjes, *The Voortrekkers*, p. 250 onderskryf dié siening.
221 *Vide* die publikasiedatums van bronne in bostaande voetnota: Hofstede (1876), Collins (1907), Grobbelaar (1939), Barnard (1948) Van Schoor (1950), Meintjies (1973), Eloff (1979) en Oosthuizen (1986).
222 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 13. Op grond van 'n brief van Warden aan Smith onderskryf Barnard, *Warden*, p. 430 die siening. Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 9 deel die siening op grond van Oosthuizen en Barnard se uitsprake. *Vide* ook LB van der Walt, *Die ontstaan en groei van Winburg*, p. 18.

word".[223] Nie die onderhandelingstafel nie, maar wapengeweld is noodsaaklik om swart aggressie onder beheer te bring. Terwyl die tydgenootlike liberale geskiedskrywers die blaam vir die oorlog hoofsaaklik op Warden se onredelike skadevergoedingseis plaas, skets die Afrikanersentriese geskiedskrywers Warden as 'n man wat teen die einde van sy loopbaan in die Vrystaat 'n mate van insig in die hantering van blank-swart-verhoudinge verkry het. Van Schoor se rassistiese uitsprake is 'n spieëlbeeld van die Afrikaner van die vyftigerjare se siening oor hoe daar teenoor swartes opgetree moet word.

Mosjwesjwe het die blanke boere voor die Slag van Viervoet versoek om neutraal te bly tydens die Basoeto-Brit-konflik. Die feit dat baie van die blanke boere aan die versoek gehoor gegee het en gevolglik Warden se oproepinstruksies geïgnoreer het, word uiteenlopend deur geskiedskrywers beoordeel.

Theal, Cory en Brown plaas die blaam vir Brittanje se nederlaag by Viervoet voor die deur van die blanke boere en kritiseer hulle gebrek aan lojaliteit teenoor hul Britse bewindhebbers.[224] In die vyfde volume van *The rise of South Africa* is dit vir Cory onbegryplik dat die blanke boere "shoud have been willing to pay heed to the advice ... of a native chief" eerder as om Warden se oproepinstruksies te gehoorsaam.[225] In volume ses toon hy groter empatie met die blanke boere en voer ongeverifieerde redes aan waarom hulle nie Warden se oproepinstuksies gehoorsaam het nie. Hy noem dat die blanke boere nie bereid was om betrokke te raak by die botsings tussen swart stamme ter beskerming van Brittanje se swart bondgenote nie. Na die Slag van Boomplaats was van die blanke boere anti-Brits en gevolglik nie bereid om die Britte se bondgenote óf belange te beskerm nie. Dit was vir die blanke boere gevaarlik om hulle plase te verlaat aangesien Basoeto-aanvalle gereeld voorgekom het. Die blanke boere wat Warden se oproepinstruksies gehoorsaam het, is blootgestel aan wraakoptrede deur Mosjwesjwe se onderdane.[226] Deur kritiekloos erkenning te verleen aan die boere se redes waarom hulle nie die oproepinstruksies gehoorsaam het nie, toon Cory begrip vir die boere se optrede. Cory se uitsprake in volume vyf is deur sy Britse (koloniale) lojaliteite bepaal, maar dié pro-Britse ingesteldheid verander in die daaropvolgende volume in meelewing met die boere.

Lagden sê dat strategiese oorwegings Mosjwesjwe genoop het om 'n brief aan die Vrystaatse boere te skryf waarin hy hulle vriendelik ("in friendly terms") gewaarsku het om nie aan die kant van die Britte teen die Basoeto te veg nie. Die redes wat Lagden aanvoer waarom die blanke boere besluit het om aan Mosjwesjwe se versoek gehoor te gee, stem ooreen met die

---

223 Van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, p. 105.
224 Theal, *History of the Boers in South Africa*, p. 289; Cory, *The rise of South Africa*, vol V, p. 421; Brown, *War with the Boers*, vol I, p. 128.
225 Cory, *The rise of South Africa*, vol V, p. 421.
226 *Ibid.*, vol VI, p. 89.

van Cory. Die blanke boere was gekant teen die Britte se optrede en bang vir moontlike vergeldingstappe deur die Basoeto.[227] Al is Lagden 'n Britse amptenaar veroordeel hy nie, soos Theal, Brown en aanvanklik Cory, die ooreenkoms nie.

Terwyl Afrikanersentriese geskiedskrywers hulle nie uitspreek oor Mosjwesjwe se motivering om die blanke boere se neutraliteit te verkry nie, sluit hierdie skrywers se redes waarom die blanke boere besluit het om nie Warden se oproepinstruksies te gehoorsaam nie, by Lagden en Cory s'n aan. Dit is egter méér as die blote opnoem van redes, die blanke boere se samewerking met die Basoeto moet geregverdig word.

MCE van Schoor noem Warden se oproepinstuksies 'n "middeleeuse feodale gedagte" en toon begrip vir die blanke boere wat weier om kommandodiens te doen om "inboorlingtwiste te besleg waarmee hulle persoonlik niks te doen het nie".[228] Van Schoor is anti-Brits en pro-republikeins. Hy beweer dat die blanke boere in die Vrystaat "bereid [was] om met onbeskaafde inboorlinge 'n bondgenootskap aan te gaan ten einde hul eie ideale te bereik of hul bedenklike posisie te verhelp".[229] Blank-swart-samewerking word geregverdig as dit gaan om die bereiking van die Afrikaner se onafhanklikheidsideaal.[230] Afrikanersentriese geskiedskrywers beoordeel die verlede nie net in die lig van blank-swart-verhoudinge nie, maar ook teen die agtergrond van die Afrikaner se strewe om bevry te word van Britse oorheersing. Samewerking tussen blank en swart kan geregverdig word as dit samewerking teen Britse oorheersing is. Blank-swart-samewerking kan egter nie onbeperk wees nie, want Van Schoor reken dat "daar ... geen sprake van hulpverlening aan Mosjesj en sy bondgenote was nie".[231] Hier is dus eerder sprake van geïmpliseerde as direkte samewerking.

Sanders maak die ironiese observasie dat Mosjwesjwe hom in 1848 tot die Britse regering gewend het om hom teen die Afrikaners te beskerm, maar in 1851 het hy hom tot die Afrikaners gewend vir beskerming teen die Britte.[232] Voorts skryf hy dat Mosjwesjwe "must have known that on the vital issue of land the Sotho's interest were still diametrically opposed to the Afrikaners', and that any collaboration between the two peoples could only be a matter of temporary expediency".[233]

---

227 Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 120; Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, pp. 82-83 verskaf geen redes vir die oorlog nie.
228 Van Schoor, *Republieke*, p. 101.
229 Van Schoor, *Die Afrikaner in die Transgariep*, p. 122.
230 Meintjes, *The Voortrekkers*, p. 250; Van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, p. 112 en Barnard, *Warden*, p. 432.
231 Van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, p. 129.
232 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 176.
233 *Ibid.*

Sanders is dit skynbaar eens met van die Afrikanersentriese geskiedskrywers. Blank-swart-samewerking is slegs van tydelike aard. Die onderliggende rede waarom blank en swart nie kon saamwerk nie, is waarskynlik ook dieselfde, naamlik die blanke se meerderwaardigheidsperspektief. Hier is egter 'n belangrike verskil. Terwyl Afrikanersentriese geskiedskrywers blanke meerderwaardigheid as 'n positiewe karaktereienskap van die Afrikaner aanprys, word dit deur Sanders as rassisme veroordeel.

Vrees vir die Basoeto word deur verskeie Afrikanersentriese geskiedskrywers as 'n rede vir die neutraliteitsooreenkoms genoem.[234] Maar Tylden minimaliseer die aanvalle teen die blanke boere wat nie aan Mosjwesjwe se neutraliteitsversoek gehoor gegee het nie. Volgens hom het Mosjwesjwe "minor raids" op slegs enkele van die blanke boere wat sy waarskuwing geïgnoreer het, geloods.[235]

Na die Slag van Viervoet het blank-swart-konflik voortgeduur. Was dit ongekontroleerde aggressie of geïsoleerde insidente deur enkele Basoeto?

MJ Kirk se beskrywing van die Basoeto se gedrag na die Slag van Viervoet roep 'n beeld van swart barbarisme op:

> *[T]he Natives came passing by with their bloodstained weapons, fierce and almost unmanageable. They tied Mr Charles Green to his wagon ready for stabbing, but good old Abraham ran to his rescue. They thought nothing of walking into our homes and taking anything they wanted.*[236]

Kirk se herinneringe stem grootliks ooreen met uitsprake deur Afrikanersentriese geskiedskrywers. Mosjwesjwe was "nu zu goed als baas" in die Vrystaat.[237] Die Basoeto het meer aggressief geword: "The Basutos, after this 'Viervoet' fiasco, grew more daring, thievish, and troublesome than ever"[238] en "een toestand, die nagenoeg op regeringloosheid geleek"[239] het, het geheers. 'n "[C]haotiese toestand",[240] "algehele verwarring",[241]

---

234 Van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, pp. 127-128; Oosthuizen, *Warden*, p. 29. Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 15 en Barnard, *Warden*, p. 432 baseer die siening op die *Basutoland Records*.
235 Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 47.
236 MJ Kirk, Memoirs of Grannie Kirk (1823-1906), in Karel Schoeman (ed), *The early days of the Orange Free State*, p. 67.
237 Van Oordt, *Zwart en wit*, p. 47.
238 Collins, *Free Statia*, p. 30.
239 Hope, *Onze Plaats in de Geschiedenis*, p. 158.
240 Oosthuizen, *Warden*, p. 32.
241 Spies, *Hamelberg*, p. 48.

"wanorde"[242] en "insecurity and poverty"[243] het hoogty gevier en "looting and plundering"[244] was aan die orde van die dag.

Die siening dat die Basoeto verantwoordelik was vir die chaos in die ORS word deur Molema gesteun. Hy beweer dat Mosjwesjwe en sy bondgenoot, Moletsane, na hulle oorwinning by Viervoet 'n oormaat van selfvertroue en aggressie getoon het:

> *They were over-running the country and speaking loud and large, spreading consternation among the inimically disposed tribes and intimidating the European farmers whose sympathies were with Major Warden and Chief Moroka.*[245]

Hierdie anti-Mosjwesjwe uitspraak van Molema is gemotiveer deur die skrywer se pro-Moroka sentimente. Hy glo onder andere dat Mosjwesjwe se "stubbornness"[246] dit "almost impossible" vir Warden gemaak om vrede tussen die strydende stamme te bewerkstellig.[247] Dié steun aan Britse optrede moet nie as ongekwalifiseerde steun vir blanke optrede teen die swartes gesien word nie. Molema is steun aan Brittanje is eerder deur die tema van die spesifieke publikasie, naamlik Moroka se lewensgeskiedenis, as sy agting vir die Britse bewindhebbers gemotiveer. Hy beskryf Warden byvoorbeeld na afloop van die Slag van Viervoet as 'n swakkeling wat deur sy blanke en swart tydgenote verneder en gekritiseer is.[248]

Lagden en Ellenberger se eietydse uitbeelding van Mosjwesjwe as 'n vredeliewende heerser wat alles in die stryd gewerp het om sy onderdane van geweld te weerhou na hul oorwinning by Viervoet,[249] word deur van die neo-liberale geskiedskrywers onderskryf.[250]

Becker skryf dat Mosjwesjwe

> *condemned the unscrupous behaviour of some of the Basotho living in the south. ... He urged his people to direct their energies to the traditional pursuits of tilling, planting, reaping and cattle-breeding.*[251]

---

242 Barnard, *Warden*, p. 436.
243 M Andrews, *The story of South Africa*, p. 37 verwys na die posisie van die blanke boere.
244 Meintjes, *The Voortrekkers*, p. 250.
245 Molema, *Chief Moroka*, p. 81.
246 *Ibid.*, p. 71.
247 *Ibid.*, p. 72.
248 *Ibid.*, p. 81.
249 Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 125; 133; Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 83.
250 Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 108; Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, p. 110; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 175; Becker, *Hill of destiny*, p. 190; Thompson, *Survival in two worlds*, p. 155.
251 Becker, *Hill of destiny*, p. 190.

Dié versoenende optrede is vir Thompson tiperend van Mosjwesjwe se "usual realism".[252]

Mosjwesjwe, die vredemaker, wat positiewe blank-swart-verhoudinge wou vestig, staan dus sentraal in die besprekings van neo-liberale geskiedskrywers. Die lyding van die blanke boere word deur hierdie skrywers, met die uitsondering van Parker en Pfukani, slegs geïmpliseer. Hulle skryf dat "Moshweshwe ... restrained his eager warriors from raiding the helpless farmers".[253] Parker en Pfukani het dus in 'n genuanseerde bespreking empatie met beide die blanke boere én Mosjwesjwe.

Enkele geskiedskrywers maak gewag van die invloed van die Slag van Viervoet op die groei van swart nasionalisme. Tylden wys in 1950 daarop dat die Basoeto hulleself na die Slag van Viervoet as die belangrikste swart stam noord van die Oranjerivier gevestig het. Gevolglik was van die swakker stamme gretig om bondgenootskappe met die Basoeto te sluit. Mosjwesjwe het dié stamme onder hom gekonsolideer sonder inmenging van buite.[254] In aansluiting hierby skryf Sanders 25 jaar later dat Mosjwesjwe gegroei het tot

> *a new awareness of himself as an African, and not just as a Sotho. He had at last realised that the fundamental conflict at this time, that over land, was being fought out not merely between the Sotho and the Afrikaners on the High Veld, but between black and white on almost every frontier that they shared in southern Africa.*[255]

Vanuit 'n swartsentriese perspektief word Mosjwesjwe uitgebeeld as 'n swart nasionalis wat uiteindelik tot die besef gegroei het dat alle swartes moet saamstaan in die stryd teen blanke ekspansionisme en oorheersing.

Terwyl Tylden en Sanders die groei van swart nasionalisme as 'n positiewe aspek van die Basoeto-oorwinning skets, lê Van Aswegen gedurende die sewentigerjare klem op die negatiewe. Hy sê die Britte se nederlae aan die hand van Mosjwesjwe die blankes se "prestige" 'n knou gegee het. Gevolglik het die Basoeto meer "aggressief en brutaal" geword, want "in die oë van die inboorlinge was die blankes nie meer onoorwinlik nie".[256] Van Aswegen se kommer oor die beeld van die blankes moet gelees word teen die agtergrond van sy siening dat blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat deur "die wet van die oerwoud" bepaal word, naamlik dat "die sterkste man was baas en die swakkere moes padgee, óf hom onderwerp, óf ondergaan".[257]

---

252 Thompson, *Survival in two worlds*, p. 155.
253 Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, p. 110.
254 Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 47.
255 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 177 baseer die siening op 'n brief van Casalis waarin hy skryf dat Mosjwesjwe aan hom gesê het dat blankes "did not steal cattle, but 'entire countries'".
256 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 45.
257 *Ibid.*

Uit die historiografiese ontleding van die Slag van Viervoet blyk dit dat Afrikanersentriese geskiedskrywers op grond van skrywes deur lede van die ORS-regering regverdiging vind vir die Britte se oorlogsverklaring - Mosjwesjwe het nie aan 'n redelike ultimatum om skadevergoeding te betaal, voldoen nie. Daarteenoor maak twee tydgenootlike pro-swart skrywers die beskuldiging dat die skadevergoedingseis onredelik was. Geen geskiedskrywer het die amptelike Britse weergawe, wat ooreenstem met die siening van koloniale geskiedskrywers, en dié van Mosjwesjwe se tydgenote Orpen en Lagden teen mekaar opgeweeg nie. Uit die teenstydige uitsprake van geskiedskrywers skyn dit asof blank én swart aggressie tot die botsing gely het. Maar terwyl Afrikanersentriese geskiedskrywers geen gewag van blanke aggressie maak nie, is daar eenstemmigheid by skrywers dat die Basoeto dade van aggressie gepleeg het. Terwyl van die tydgenootlike en professionele liberale, asook neo-liberale geskiedskrywers begrip toon vir Basoeto-aggressie en dit regverdig, veroordeel Afrikanersentriese geskiedskrywers dié optrede.

Hoewel die meerderheid koloniale en imperiale geskiedskrywers nie blank-swart-samewerking goedkeur nie, omdat sodanige samewerking nie in belang van Brittanje was nie, toon Cory en 'n Britse amptenaar begrip vir die samewerking. Sommige Afrikanersentriese geskiedskrywers regverdig blank-swart-samewerking op grond van anti-Britse sentimente en die vrees vir Basoeto-aggressie. Omdat hierdie geskiedskrywers die blankes as meerderwaardig beskou, moet sodanige samewerking as 'n "laaste uitweg" beskou word. Dié regverdiging spruit uit Afrikanersentriese geskiedskrywers se anti-Britse sentimente. Vir Sanders is Afrikaner-swart-samewerking iets onnatuurliks en tydeliks as gevolg van die Afrikaner se rasse-beskouing.

Blank-swart-konflik is nie deur die veldslag beëindig nie. Terwyl Afrikanersentriese geskiedskrywers en Molema die persepsie skep dat ongekontroleerde Basoeto-aggressie hoogty gevier het na die veldslag, toon sommige liberale en neo-liberale geskiedskrywers empatie met Mosjwesjwe, die vredesleier, wat alles in die stryd gewerp het om sy onderdane in bedwang te hou.

Terwyl Sanders en Tylden klem lê op nasiebou en swart nasionalisme as 'n positiewe gevolg van die veldslag, is Van Aswegen van mening dat die swart nasionalisme verdere blank-swart-konflik onafwendbaar gemaak het.

**2.3.4.2 Die Slag by Berea (20 Desember 1852)**

Binne die bestek van 18 maande (Junie 1851 en Desember 1852) is die Britte twee keer deur Mosjwesjwe se manskappe verslaan. Geskiedskrywers se persepsies oor die invloed van die Slag van Berea op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat sal kripties aangeraak word, want Berea is nie in die Vrystaat geleë nie, die stryd was uit en uit 'n Basoeto-Brit-

konfrontasie en laastens, soos sal blyk uit onderstaande, is geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se bespreking van die oorsake van en gevolge van die veldslag in baie opsigte 'n spieëlbeeld van die Slag van Viervoet.

Oorsake van die Slag van Berea

- Koloniale[258] en Afrikanersentriese[259] geskiedskrywers is dit eens dat hoewel Mosjwesjwe in staat was om die skadevergoedingseise vir gesteelde vee te betaal, was hy onwillig om aan sir George Cathcart se ultimatum gehoor te gee. Daarenteen skryf die tydgenootlike,[260] amateur en professionele liberale[261] asook neo-liberale[262] geskiedskrywer dat die skadevergoedingseis onredelik was en bloot as 'n rookskerm deur Brittanje gebruik is om oorlog teen die Basoeto te verklaar.

- Verskeie pro-swart geskiedskrywers[263] en 'n skrywer van 'n herinneringswerk[264] huldig die standpunt dat Brittanje ten alle koste in 'n oorlog met Mosjwesjwe betrokke wou raak. Britse prestige moes na die nederlaag by Viervoet herstel word.

Die veldslag

Alles het daarop gedui dat die Britte weer eens 'n nederlaag aan die hand van die Basoeto sou ly. Mosjwesjwe se tydige vredesaanbod is deur Cathcart aanvaar.

Toestande in die Vrystaat na die Slag van Berea

Terwyl sommige koloniale en imperiale,[265] asook Afrikanersentriese[266] geskiedskrywers die mening toegedaan is dat Basoeto-aggressie in die Vrystaat na die veldslag in intensiteit toegeneem het, skets 'n pro-swart geskiedskrywer[267] asook 'n skrywer van 'n

---

258 Theal, *History of the Boers in South Africa*, p. 320; Brown, *War with the Boers*, vol I, p. 130; Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 177.

259 Aitton, *Republieken in Zuid-Afrika*, p. 63; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 17; J du Plessis, *The life of Andrew Murray of South Africa*, p. 147; Bosch, *Ladybrand*, p. 22.

260 Lagden, *The Basutos*, vol I, pp. 145; 149; Orpen, *Reminiscences*, p. 136; Orpen, *History of the Basutus of South Africa*, p. 94.

261 Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 326; Williams, *Moshesh*, p. 116; Rosenthal, *African Switzerland: Basutoland to-day*, p. 52.

262 Were, *A History of South Africa*, p. 108; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 187; Saunders (ed), *Reader's Digest History*, p. 142; Omer-Cooper, *Colonial South Africa*, p. 381; Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 108.

263 Wilcox, *Southern land*, p. 210; Suzman, *Moshoeshoe the statesman*, p. 8; Omer-Cooper, *Colonial South Africa*, p. 381; Were, *A History of South Africa*, p. 108; Danziger, *A History of Southern Africa*, p. 42; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 193.

264 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 86.

265 Cory, *The rise of South Africa*, vol V, pp. 484-485; Wilmot, *The expansion of Southern Africa*, p. 143; Noble, *Illustrated official handbook of the Cape and South Africa*, p. 418.

266 Collins, *Free Statia*, pp. 31-32; FDJ Wepener, *Louw Wepener*, p. 36; Muller; *Oranje-Vrystaat*, p. 39; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 63; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 45.

267 Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 327.

herinneringswerk[268] Mosjwesjwe as 'n vredemaker, wat alles in die stryd gewerp het om sy onderdane na hulle oorwinning in bedwang te hou.

## 2.4 Beëindiging van Britse heerskappy in die Vrystaat

Na voorondersoeke deur twee Britse assistent-kommissarisse, WS Hogge en CM Owen in Mei 1852 en die Britse neerlae by Viervoet en Berea beëindig Brittanje sy gesag in die Vrystaat.[269] Met die ondertekening van die Bloemfontein Konvensie op 23 Februarie 1854 word die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier onafhanklik.

Imperiale geskiedskrywers betreur om drie redes die Britte se prysgawe van die Vrystaat. Die onttrekking skaad die beeld van Brittanje as 'n groot koloniale moondheid.[270] Dit was volgens AS Bleby "an act of which no Englishman can be proud of".[271] Hierdie geskiedskrywers is deur die imperiale motief gemotiveer en beoordeel die geskiedenis vanuit 'n koloniale perspektief, daarom staan die belange van die Britte en nie die van die blanke boere of die Basoeto nie, voorop.

Tweedens kan die Britse onttrekking uit die gebied as "a grave disaster" beskou word, want "the more backward section of the Franco-Dutch settlers" sou voortaan die heil van die gebied moes bepaal.[272]

Laastens het die Britse onttrekking volgens J Castell Hopkins en Wilmot 'n wanverhouding tussen blank en swart laat ontstaan; die Vrystaters was nou in staat om bedekte slawerny te beoefen.[273] Terwyl Wilmot nie sy siening motiveer nie, maak Hopkins die ongeverifieerde beskuldiging dat die mishandeling van swartes en slawerny 'n algemene verskynsel in die Vrystaat was:

> *Kaffirs were shot down in cold blood, beaten at pleasure, their families burnt out of their little huts and their children, or the most promising of them, taken*

---

268 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 87.

269 Die faktore wat gelei het tot die Britse onttrekking word breedvoerig deur Midgley, *The Orange River Sovereignty*, hoofstukke 9-18 en Van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep*, pp. 136-181 behandel.

270 Trollope, *South Africa*, p. 388; AS Bleby, *South Africa and the British Empire*, p. 302; WJK Little, *Sketches and studies in South Africa*, p. 166; Le Roy Hooker, *The Africanders. A century of Dutch-English feud in South Africa*, p. 113; Violet R Markham, *South Africa. Past and present*, p. 56 (in dié 1900-publikasie sinspeel Markham dat as die Britte nie gedurende die vyftigerjare die onafhanklikheid van die Vrystaat en Transvaal erken het nie, sou die Anglo-Boereoorlog nie plaasgevind het nie).

271 Bleby, *South Africa and the British Empire*, p. 302.

272 WB Worsfold, *The story of South Africa*, p. 90. *Vide* ook WB Worsfold, *South Africa. A study in colonial administration and development*, p. 72; Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol I p. 42 vir ooreenstemmende uitsprake.

273 J Castell Hopkins, Preface, in J Castell Hopkins & Murat Halstead, *South Africa and the Boer-British War*, p. vi; Wilmot, *The story of the expansion of Southern Africa*, p. 143.

> *away as "apprentices" for a given periode - the euphemistic expression for a condition of permanent slavery.*[274]

Die Britse onttrekking uit die gebied het die swartes weerloos gelaat teen uitbuiting deur die blanke boere.[275] Dié uitprake van Hopkins moet beoordeel word teen die agtergrond van sy siening oor wat die oorsake van die Anglo-Boereoorlog is en sy regverdiging van die Britse oorlogsverklaring in 1899:

> *Stagnation as opposed to progress, slavery to freedom, racial hatred to general unity, islolation and seclusion to free colonization and settlement, the darkness of the African veldt to the light of European civilization - these are the original causes of the war.*[276]

Sy striemende aanval teen die Vrystaters word gemotiveer deur sy pro-Britse regverdiging van die Anglo-Boereoorlog.

Oppervlakkig beskou toon hierdie imperiale geskiedskrywers empatie met die Basoeto wat na die Britse onttrekking uit die gebied die onderdane of bure van die rassistiese blanke Vrystaters sou wees. Die lot van die swartes is egter nie eerste prioriteit vir hierdie skrywers. Die Britse onttrekking uit die Vrystaat kom vir hulle neer op die Britse bewindhebbers se versaking van die imperiale missie. Die geskiedenis is deur die 19de eeuse Britse imperiale geskiedskrywers gebruik om propaganda vir die uitbreiding van die Britse ryk te maak.

Die koloniale geskiedskrywers betreur ook die Britse onttrekking uit die Vrystaat. Maar waar die imperiale geskiedskrywers se empatie skynbaar by die swartes lê, lê die koloniale geskiedskrywers s'n by die blanke boere. JA Froude sê dat Brittanje oneervol uit die Vrystaat getree het:

> *On abandoning the Orange Free State, we bequesthed as a legacy an unsettled border dispute with the Basutos. We were tired of fighting with them ourselves, and we left the President and Volksraad at Bloemfontein to arrange the differences as they could.*[277]

---

274 J Castell Hopkins, Early history and development of South Africa, in J Castell Hopkins & Murat Halstead, *South Africa and the Boer-British War*, p. 150.

275 *Ibid.*, p. 150.

276 Hopkins, *Preface*, pp. iii-vi.

277 JA Froude, *Oceana or England and her colonies*, p. 39. (Na besoeke aan die meerderheid Britse kolonies gedurende die 1880's, met as doel om die houdinge van koloniste teenoor die moederland vas te stel, stel Froude die geskiedenis van die Britse kolonies op skrif. *Vide ibid.*, p. iii). Die siening word deur Theal, *History of South Africa*, vol III, p. 442, Bryce, *Impressions of South Africa*, p. 131 en Cory, *The rise of South Africa*, vol VI, p. 113 onderskryf.

Ten spyte van sommige koloniale geskiedskrywers se kritiek teen Britse onttrekking, toon hulle begrip vir die besluit, want "the British government was weary of these petty and apparently unending native wars".[278]

In 'n 1878-publikasie beskuldig 'n sendinggeskiedskrywer Brittanje daarvan dat hy nie sy verantwoordelikhede teenoor die swartes nagekom het nie. Die prysgawe van die ORS het die swartes ("the victims") oorgelaat aan

> *the mercies of the Boers [and] they had now an opportunity of carrying out their policy as they had not dared, since the arrival of the British Forces in South Africa, and they speadily used it.*[279]

Daarteenoor beweer Casalis in 1861 dat Britse onttrekking geen verandering in die posisie van die swartes teweeggebring het nie, want blankes, die onderdrukkers, was nog steeds in die gebied aanwesig:

> *It would have showed superior wisdom if it had been possible, at the same time to withdraw the colonists who had been the first cause of all this evil. In reality, nothing is changed; the two rival races still exist, and the strict neutrality upon which England prides herself is very often merely nominal.*[280]

Dié uitspraak onderskryf sy standpunt dat "the intercourse of the natives with the whites had been fatal to them from the very beginning".[281]

In teenstelling met die siening van imperiale en sendingskrywers dat die Britse onttrekking die swartes weerloos gelaat het, glo van die Afrikanersentriese geskiedskrywers, in aansluiting by koloniale geskiedskrywers en die 19de eeuse reisiger en avonturier James Chapman[282] dat die Vrystaat die erfgename van 'n swak Britse beleid teenoor die swartes was. Die Vrystaat het "die erfgenaam van die Britse gebakte pere geword".[283] Voorts het Brittanje "jammerlik gefaal" in die daarstelling van "rus en vrede" in die gebied. Die Britte

---

278 Bryce, *Impressions of South Africa*, p. 131. Theal, *History of the Boers in South Africa*, p. 348 en Cory, *The rise of South Africa*, vol V, p. 170 onderskryf die siening.

279 JE Carlyle, *South Africa and its mission fields*, p. 207.

280 Casalis, *The Basutos; or, twenty-three years in South Africa*, pp. 120-121.

281 *Ibid.*, p. viii.

282 James Chapman, *Travels in the interior of South Africa 1849-1863*, p. 134 (Hy het gedurende Maart 1854 in Philippolis vertoef.) Hy beweer dat gerugte die rondte gedoen het dat "the natives would plunder all white men because the giving up of the Sovereignty meant that ... our friendship (with the British) was not now worth counting".

283 Uys, *Rouxville (1863-1963)*, p. 29. Na 'n kort bespreking van die Napier- en Wardengrensreëlings, verwysings na Britse neerlae by Viervoet en Berea, asook 'n verandering in Britse koloniale beleid, kom Uys tot die gevolgtrekking.

het met hulle onttrekking "wanorde, wrywing, verbittering en 'n ontvlambare situasie tussen blank en nie-blank op verskeie fronte geskep".[284]

JJ McCord (1952) is fel in sy kritiek teen Brittanje:

> *Moshesh had become powerful through British policy ..., but he had become too troublesome and expensive to control, so Britain left the people whom they had annexed against their will in 1848 to their fate to defend themselves as best they could against a Native chief whom Britain had made strong and arrogant.*[285]

Vir Prinsloo is die Britse onttrekking 'n positiewe stap, want gedurende die ORS-tydperk moes die Vrystaters "aanskou en verdra" hoe "vee gesteel word, krale en gesaaides verniel, die Boere en hul vrouens [ge]molesteer word".[286] Nou kon die Vrystaters rasseverhoudinge volgens hulle eie oordeel reël. Die siening dat die Vrystaatse Afrikaners beter as die Britte daartoe in staat is om hulle eie heil uit te werk, word deur Scholtz onderskryf. Met die nodige verifiëring uit Afrikanersentriese bronne wys hy daarop dat die blanke boere in die Vrystaat en die Basoeto voor die koms van die Britte 'n redelike vreedsame verhouding, gebaseer op wedersydse respek, gehad het. Na 1848 is die verhouding egter gekenmerk deur vyandigheid, plundery en diefstalle deur die Basoeto.[287]

Liberale geskiedskrywers, asook 'n kerkhistorikus lewer verskillende uitsprake oor die Britse onttrekking. JAI Agar-Hamilton betreur die onttrekking, want dit kom neer op Brittanje se aflegging van sy rol as beskermer van die inheemse bevolkings. Die bestuur van die Vrystaat is in die hande van "a body of unprofitable emigrants" gelaat.[288] De Kiewiet beskuldig die Britte van politieke lafhartigheid en troubreuk:

> *England's abandonment of the Orange River Sovereignty ... was a act of "scuttle". No difficulties had been solved, and a treaty with a native chief had been summarily set aside.*[289]

---

284 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 43. Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 20 onderskryf hierdie siening. *Vide* par 3.1.1 en 3.1.2 vir Afrikanersentriese geskiedskrywers se beskrywings van toestande in die Vrystaat net na onafhanklikheidswording en hulle beskuldigings dat Brittanje vir die toestand verantwoordelik gehou moet word.

285 McCord, *South African struggle*, p. 53.

286 Prinsloo, *Smithfield*, p. 150.

287 Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 351 haal aan uit 'n brief van Clerk waarin hy konstateer dat "a reciprocal feeling of respect or conveniene" tussen blank en swart geheers het.

288 JAI Agar-Hamilton, *The road to the North. South Africa, 1852-1886*, p. 20.

289 De Kiewiet, *British colonial policy and the South African Republics 1848-1872*, p. 83. Brittanje het nagelaat om 'n vaste grens tussen die Vrystaat en Basoetoland van te stel. Aan die een kant was hulle bang dat, indien sodanige grens ten voordele van die Basoeto sou wees, hulle gekonfronteer sou word met skadevergoedingseise deur die blanke boere. Sou die grens ten gunste van die blanke boere wees, kon hulle betrokke raak by verdere blank-swart-

Voorts kom die erkenning van die onafhanklikheid van die Vrystaat vir MS Geen neer op die totstandkoming van "yet another European government ... to add to the general confusion and Balkanization of the sub-continent".[290] In aansluiting hierby sê Williams: "the farmers were stil there, always pressing inwards upon the Basuto".[291] Laastens was die Britse onttrekking 'n verdere impetus vir blanke territoriale ekspansionisme.[292]

'n Fel kritikus van Suid-Afrika se apartheidsbeleid, Steven Debroey, beskuldig Brittanje in 'n 1988-publikasie van politieke opportunisme. As gevolg van die botsings in die ORS was hy gretig om hom uit die "wespennest" te bevry, maar

> *later, as het weer in haar kraam te pas kwam, zou ze met bij de omstandigheden passende geveinsde verbolgenheid de slechte behandeling van de beklagenswaardige inboorlingen weer aanklagen en als verdedigster van die verdrukten optreden om haar egoïstische plannen te kunnen uitvoeren.*[293]

Uit die historiografiese studie van die Britse onttrekking uit die Vrystaat blyk dat met die uitsondering van die Afrikanersentriese geskiedskrywers Prinsloo en Scholtz, skrywers van die verskillende historiografiese skole die Britse onttrekking uit die Vrystaat betreur en/of kritiseer. Die skerpste kritiek teen die Britse onttrekking is sekerlik deur die 19de eeuse imperiale geskiedskrywers gelewer. Hierdie kritiek moet eerder, soos reeds aangetoon, as propagering vir die uitbreiding van die Britse ryk as werklike kommer oor die posisie van die swartes gesien word.

Prinsloo en Scholtz is verheug oor die onttrekking, want nou kon die Afrikaners blank-swart-verhoudinge in ooreenstemming met hulle rasse-ideologie reël. Sommige koloniale en Afrikanersentriese geskiedskrywers toon empatie met die Vrystaters. Hulle word die erfgename van dit waarvoor Brittanje nie meer kans gesien het nie. Liberale en neo-liberale geskiedskrywers is bekommerd oor die feit dat Afrikaner rassiste voortaan blank-swart-verhoudinge sou reël. Hierdie geskiedskrywers gebruik die Britse onttrekking uit die Vrystaat as vertrekpunt om 'n aanval teen die 19de (en ook by implikasie die 20ste) eeuse Afrikaners se rasse-ideologie te loods.

Liberale en neo-liberale geskiedskrywers se kritiek teen Brittanje is besonder fel. Brittanje word geskets as 'n politieke opportunis wat slegs na sy eie belange omgesien het. Tweedens

---

konflik. Hulle wou by geen verdere konflik in die Vrystaat betrokke raak nie (cf *ibid.*, p. 82). Ngcongco, *The Mfecane and the rise op new African states*, p. 114 maak dieselfde beskuldiging.

290 Geen, *The making of South Africa*, p. 123.

291 Williams, *Moshesh*, p. 126.

292 J Whiteside, *History of the Wesleyan Methodist Church of South Africa*, p. 338.

293 Debroey, *Zuid-Afrika*, p. 253.

het Brittanje gefaal in sy selfopgelegde missie om na die belange van die inheemse bevolkings om te sien. Die Britse onttrekking het volgens 'n sendeling en 'n liberale geskiedskrywer geen wesentlike verandering in die posisie van die swartes te weeg gebring nie - een Europese moondheid is bloot deur 'n ander vervang.

Geskiedskrywers staan dus nie neutraal teenoor die Britse onttrekking uit die Vrystaat nie. Die twee belangrikste politieke paradigmas in die Suid-Afrikaanse historiografie, naamlik blank-swart- en Boer-Brit-verhoudinge is dikwels ineengestrengel in geskiedskrywers se beoordeling van die Britte se optrede teenoor die blanke boere en/of die swartes.

## 2.5 Samevatting

In 'n samevattende beoordeling van blank-swart-verhoudinge gedurende die ORS-tydperk, kom Van Aswegen tot die volgende gevolgtrekking:

> *Aan die pogings van die blankes om d.m.v. verdrae en grensbepalings orde en vrede te handhaaf, het [die Basoeto] hul weinig gesteur. Grense is geskend; blanke grondgebied en eiendom is nie gerespekteer nie en van vreedsame naasbestaan was daar geen sprake nie.*[294]

In teenstelling met hierdié negatiewe uitbeelding van die oorlogsugtige swartes word die blankes van die ORS as vredeliewend beskryf:

> *Die blanke inwoners van die gebied was oor die algemeen nie aggressief gesind teenoor die nie-blankes nie. Hulle wou hulle in vrede in 'n eie woongebied vestig. Met die nie-blankes is nie moeilikheid gesoek nie. Die nie-blankes se woongebiede en regte is feitlik deurgaans gerespekteer. Maar hulle was ook nie bereid om hulle regte deur die nie-blankes te laat vertrap nie. Die optrede van die nie-blankes het hulle gedwing on hulle regte te verdedig en dit het tot wrywing en botsing aanleiding gegee.*[295]

Van Aswegen se siening van toestande in die ORS is 'n sinopsis van die koloniale en Afrikanersentriese geskiedskrywers se persepsies.

Onderstaande sinopsis van die persepsies van tydgenootlike en professionele liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers lê 'n "ander waarheid" bloot.

Die blankes se verdrae en grensbepalings het die territoriale regte van die Basoeto misken. Die skending van eensydige grense kan dus geregverdig word as desperate pogings van die Basoeto om hulle grondgebied terug te wen. Dit was nie die wet van die oerwoud of sinlose

---

294 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 45.
295 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 45.

aggressie wat die Basoeto gemotiveer het nie, maar hulle stryd om oorlewing. Ten spyte van die Basoeto se oorlewingsdrang het Mosjwesjwe, die vredesleier, gepoog om positiewe blank-swart-verhoudinge te vestig. Blanke aggressie, soos vergestalt in hul oordrewe skadevergoedingseise en grondekspansionise, het egter blank-swart-konflik onafwendbaar gemaak.

'n Moontlike verklaring vir hierdie uiteenlopende "waarhede" is geskiedskrywers se selektiewe bronbenutting. Skrywes deur die blanke amptenary en boere word deur die professionele Afrikanersentriese geskiedskrywers ontgin ter verifiëring van hulle gegewe; liberale, neo-liberale en revisionistiese skrywers wend hulle tot korrespondensies en publikasies deur Mosjwesjwe, die sendelinge, skrywers van herinneringswerke en tydgenootlike liberale skrywers. Met die uitsondering van Sanders en Becker het geskiedskrywers in hulle bespreking van blank-Basoeto-verhoudinge in die ORS nie pro-blanke en pro-swart getuienisse teen mekaar opgeweeg om tot sinvolle sintese te kom nie.

Die onsekerheid oor wát die waarheid is, word gekompliseer omdat so min skrywers hulle feite verifieer. Skrywers van oorsigwerke neem kritiekloos gegewens oor uit die enkele werke wat op primêre bronne berus. Maar die moontlikheid is ook nie uitgesluit dat van die skrywers van oorsigwerke hulle "navorsing" baseer op ander ongeverifieerde oorsigwerke.

Onderliggend aan geskiedskrywers se bronseleksie en -benutting is egter hulle uiteenlopende verwysingsraamwerke en die tydsgees waarin hulle werk.

Die invloed van die tydsgees op geskiedskrywing oor blank-swart-verhoudinge tydens die ORK-tydperk word die duidelikste geïllustreer deur die imperiale geskiedskrywers se beoordeling van die verhoudingsituasie in die Vrystaat. Die totstandkoming van die ORS beteken die uitbreiding van die Britse ryk en hierdie geskiedskrywers wys op die voordele wat Britse heerskappy vir die inheemse bevolking sal hê/gehad het. Toe Brittanje met die opsegging van die ORS sy koloniale belange inperk word die onsekere toekoms wat die inboorlinge moet ingaan onder die heerskappy van die rassistiese blanke boere, wat nog slawerny bedryf het, uitgewys.

Die Afrikaner was in 'n stryd teen Britse imperialisme en swart aggressie gewikkel gedurende die ORK-tydperk, aldus Afrikanersentriese geskiedskrywers. Fel kritiek word deur hierdie skrywers gelewer teen die Britte se optrede teen die swartes, want hierdie skrywers glo dat slegs die blankes oor die nodige kennis en insig beskik om blank-swart-verhoudinge sinvol te reël.

Dit is opmerklik dat liberale geskiedskrywers weinig positiewe kommentaar oor die Britse optrede teen die swartes lewer. Hulle is die mening toegedaan dat die Britte méér moes doen

om die swartes teen Afrikaner rassisme te beskerm. Die teendeel het egter gebeur. Boer en Brit het saamgestaan teen die swartes ter wille van ekonomiese oorwegings (grondekspansionisme). Hierdie skrywers gaan van die standpunt uit dat ekonomiese vooruitgang vir alle bevolkingsgroepe noodsaaklik is vir vreedsame blank-swart-verhoudinge.

Die neo-liberale geskiedskrywers se kritiek teen die Britte en boere stem in wese ooreen met dié van die liberale geskiedskrywers, maar waar laasgenoemde kritiek lewer vanuit 'n blanke verwysingsraamwerk, is die neo-liberale geskiedskrywers swartsentries. Hoe die swartes die blankes se optrede teen hulle beleef het, blyk veral uit die Mosjwesjwe-biografieë.

Vir die revisionistiese geskiedskrywers is daar nie 'n verskil tussen die optrede van die Britte of boere teenoor die Basoeto nie. Die blanke besittersklas en oorheersers het die swartes se politieke, sosiale, maar veral ekonomiese strukture vir eie gewin vernietig.

Tydgenootlike geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke wat op 'n gereelde grondslag met Mosjwesjwe in kontak gekom het se werke reflekteer die vrese vir, maar ook verwagtinge wat die Basoeto van die Britte gekoester het.

Die blank-Basoeto-konflikverhouding het na die Britse onttrekking voortgeduur, want "in reality, nothing changed; the two rival races still exist".[296] Die voortsetting van die konflikverhouding tussen die Basoeto en die Vrystaatse Republiek sal in die volgende twee hoofstukke onder die loep geneem word.

296 Casalis, *The Basutos; or, twenty-three years in South Africa*, pp. 120-121.

# Hoofstuk 3
# Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat, 1854-1864

Na 'n koninklike proklamasie op 30 Januarie 1854 waarin Brittanje afstand van sy gesag oor die Vrystaat doen en die ondertekening van 'n ooreenkoms tussen verteenwoordigers van die blanke Vrystaters en sir George Clerk, word die Vrystaat onafhanklik.[1] Die eerste twaalf jaar van hierdie republiek se geskiedenis word oorheers deur blank-swart-konflik. Binne die bestek van nege jaar vind drie oorloë (1858; 1865; 1867) tussen die Vrystaat en die Basoeto plaas.

In hoofstuk 3 sal die historiografiese analise van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat toegespits wees op die algemene oorsake van die oorloë, asook blank-Basoeto-verhoudinge tydens die regeringstydperke van die eerste drie Vrystaatse presidente.

## 3.1 Oorsake vir die oorloë tussen die blanke boere in die Vrystaat en die Basoeto

Na die Britse onttrekking uit die Vrystaat het die blank-swart-konflikverhouding voortgeduur en dit lei tot drie volskaalse oorloë. Uit geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se besprekings en/of noem van die oorsake van die oorloë blyk dit dat van hulle 'n onderskeid tref tussen die grondoorsake, dit wil sê algemene oorsake[2] en die direkte oorsake vir 'n spesifieke oorlog. In onderstaande bespreking sal na die grondoorsake vir die oorloë gelet word. Die direkte oorsake van die drie oorloë sal by die bespreking van elk van die oorloë aangeraak sal word.

### 3.1.1 Grensreëlings

Hoewel Eileen M Attree beweer dat die werklike oorsaak van die oorloë, naamlik die grenskwessie, nie duidelik genoeg deur geskiedskrywers uitgewys word nie,[3] sonder enkele geskiedskrywers die "grenskwessie" uit as die kernoorsaak vir die konflik.[4]

---

1 *Vide* GW Eybers (ed), *Select Constitutional documents illustrating South African History 1795-1910*, pp. 281-285 en FA van Jaarsveld (red), *Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, pp. 95-97 vir die bepalings van die Bloemfontein Konvensie.

2 Dit is belangrik om daarop te wys dat van die geskiedskrywers meer as een oorsaak vir die oorloë noem, terwyl ander slegs op 'n enkele oorsaak konsentreer. Die aanbiedingsvolgorde moet nie as 'n prioritisering van oorsake gesien word nie.

3 Attree, *The closer union movements*, p. 331 vermeld nie wie die geskiedskrywers is na wie sy verwys nie. Sy beskuldig die onvermelde geskiedskrywers daarvan dat hulle oormatig klem op die Basoeto se plundertogte en veediefstalle lê. Terwyl Attree die aannames van hierdie geskiedskrywers kritiseer, baseer sy haar sieninge nie op argivale bewyse nie, maar slegs op die werk van Jean van der Poel. Van der Poel verskaf ook geen argivale bronne vir haar siening nie.

4 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 54; Spies, *Hamelberg*, p. 104; Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, deel I, p. 55; Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, p. 137; J du Plessis, *The life of Andrew Murray of South Africa*, p. 94.

Verskeie professionele en amateur geskiedskrywers van die verskillende historiografiese skole, asook skrywers van herinneringswerke wys veralgemenend daarop dat die Britte nagelaat het om tydens die Bloemfontein Konvensie grense tussen die Vrystaat en Basoetoland neer te lê. Hierdie skrywers noem die afwesigheid van grensreëlings as oorsaak vir die oorloë.[5]

Ellenberger hou Clerk verantwoordelik vir die oorloë, want hy het nie net nagelaat om grense neer te lê nie, maar blank en Basoeto onder wanpersepsies gebring. Tydens 'n besoek aan Bloemfontein wou Mosjwesjwe die grenskwessie met Clerk bespreek. Clerk se onwilligheid om oor die saak te praat het by Mosjwesjwe die indruk gelaat dat die Wardenlyn nie meer geldig is nie. Aan die ander kant het die Vrystaters rede gehad om te glo dat die Wardenlyn nog van krag was, want van die Vrystaters beweer dat Clerk in die Vrystaatse Volksraad verklaar het dat die lyn nog bindend was. Ellenberger bevraagteken sodanige verklaring.[6]

Orpen se bespreking van die grenskwessie toon ooreenkomste met sy tydgenoot Ellenberger s'n. Mosjwesjwe was gretig om met Clerk in gesprek te tree om die grenskwessie op te los[7] en hy het herhaalde versoeke in die verband aan Clerk gerig, maar Clerk "evaded it to the end".[8] Orpen beweer dat Clerk in 1854 by Jammerbergdrif aan Mosjwesjwe gesê het dat die grense tussen Basoetoland en die Vrystaat na die Britse onttrekking sou terugkeer na soos dit was met die Napierverdrag.[9] Clerk het nie die opstellers van die Bloemfontein Konvensie oor dié gesprek ingelig nie of dat hy aan Mosjwesjwe gesê het: "A war between two powers breaks all pre-existing treaties. The British Government, having, since the date of the Maitland Treaty, been at war with Moshesh, the treaty is at an end."[10]

Nie net Orpen en Ellenberger nie, maar ook 'n Britse amptenaar is van mening dat daar geen grense meer tussen die Vrystaat en die Basoeto bestaan het nie. Dié siening baseer Lagden

---

5 Froude, *Oceana or England and her colonies*, p. 39; Cory, *The rise of South Africa*, vol VI, p. 113; Noble, *South Africa*, p. 163; Noble, *Illustrated official handbook of the Cape and South Africa*, pp. 418; 446; Bleby, *South Africa and the British Empire*, p. 303; Whiteside, *History of the Wesleyan Methodist Church of South Africa*, p. 338; Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 198; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 54; Spies, *Hamelberg*, p. 104; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 67; Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, deel I, p. 55; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 165; N Bhebe, The British, Boers and Africans in South Africa, 1850-80, in JF Ade Ajayi (ed), *General History of Africa, vol VI. Africa in the nineteenth century until the 1880s*, p. 156; Thompson, *Survival in two worlds*, p. 219; Thompson, *A History of South Africa*, p. 106; Saunders (ed), *Reader's Digest History*, p. 143.

6 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 96.

7 Orpen, *Reminiscences*, pp. 176; 184.

8 *Ibid.*, p. 176. Soortgelyke uitsprake kom in *ibid.*, pp. 184-187; 157 voor.

9 *Ibid.*, pp. 182-183.

10 *Ibid.*, p. 182. *Vide* ook Orpen, *History of the Basutus of South Africa*, p. 110 vir 'n bevestiging van hierdie siening.

op 'n verklaring van Clerk dat 'n oorlog tussen twee magte alle bestaande ooreenkomste verbreek.[11] Die gevolg was "an open frontier, upon each side of which both claimed extensive land rights".[12]

Twee geskiedskrywers wat uitsluitlik in hulle bespreking oor die 1854-grenssituasie op Orpen steun, kom tot uiteenlopende gevolgtrekkings op grond van inligting vervat in Orpen se publikasies. Jean van der Poel kom in 1941 tot die gevolgtrekking dat die Napierlyn weer van krag was omdat die Wardenlyn verval het.[13] Daarenteen glo G Tylden (1950) dat daar géén grens meer tussen die twee lande bestaan het nie, want alle vorige reëlings het verval.[14] Die onderliggende redes vir hierdie uiteenlopende interpretasies van die gegewens is moeilik bepaalbaar. Beide Van der Poel en Tylden se publikasies word gekenmerk deur perspektiefwisselings. Wat wel duidelik is, is dat nie een van hierdie twee geskiedskrywers die Wardenlyn uitwys as die geldende grenslyn nie.

Hierdie siening daar geen vaste grensreëlings tussen die Vrystaat en Basoetoland bestaan het nie, word deur De Kiewiet ondersteun en gemotiveer. Brittanje het nagelaat om 'n vaste grens tussen die Vrystaat en Basoetoland vas te stel, want sou sodanige grens ten voordele van die Basoeto wees, kon Brittanje skadevergoedingseise deur die blanke boere in die gesig staar. Sou die grens ten gunste van die blankes wees, kon Brittanje betrokke raak by verdere blank-swart-konflik.[15] De Kiewiet se beskuldiging dat Brittanje skuldig was aan politieke lafhartigheid reflekteer sy siening dat Brittanje in rol as beskermer van die inheemse bevolkings gefaal het.

In 'n 1947-publikasie onderskryf JJG Grobbelaar die siening dat "die Engelse ... nie eens die grens tussen die nuwe republiek en Basoetoland vasgestel [het] nie. ... En dis juis dié grens wat later soveel moeilikheid veroorsaak het - tot drie oorloë tussen die Vrystaat en Basoetoland."[16] In sy gepubliseerde proefskrif (1939) het Grobbelaar 'n totaal ander uitgangspunt. Hy skryf dat die Bloemfontein Konvensie "'n bepaling met betrekking tot die Basoetoe-lyn" bevat het.[17] Hy haal 'n bepaling uit die Bloemfontein Konvensie aan[18] en

---

11 Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 181. *Vide* Orpen, *Reminiscences*, p. 182 en Orpen, *History of the Basutus of South Africa*, pp. 111-112. Orpen gebruik die verklaring van sir George Clerk ter ondersteuning van sy siening dat die Napierverdrag weer van krag geword het.

12 Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 181.

13 Van der Poel, *Basutoland*, p. 178.

14 Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 67 postuleer: "Sir George Clerk, ... left the boundary question exactly as it had always been, in the air."

15 De Kiewiet, *British colonial policy and the South African Republics 1848-1872*, p. 83.

16 JJG Grobbelaar, *Die Vrystaatse presidente*, p. 18. In die historiese roman vertel oupa Groenewald van die Clocolandistrik aan sy kleinseun, Jannie, die geskiedenis van die Vrystaatse presidente.

17 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 19.

18 O.R.S. 35, p. 258, wat deur Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 19 aangehaal is, lui soos volg: "In doubtful cases, arising from claims to the extent of any farm, on the Basuto line, two persons may be appointed to arbitrate, one on the side of the Orange River

kom tot die gevolgtrekking dat "[b]y hierdie Basoetoe-lyn kan slegs die Warden-lyn verstaan word".[19]

Thompson en Eldredge se bespreking van die 1854-grenssituasie toon ooreenkomste met Ellenberger s'n, naamlik dat die onopgeloste grenskwessie 'n negatiewe invloed op blank-swart-verhoudinge gehad het omdat die blankes van die veronderstelling uitgegaan dat die Wardenlyn geldig was; die Basoeto het geglo dat die lyn verval het met die ontttreking van die Britte.[20] Maar terwyl Thompson hom daarvan weerhou om uit te spel watter grensreëlings van krag was, verwerp Eldredge die siening van die blankes dat die Wardenlyn nog van krag was.[21]

Met die uitsondering van die siening van enkele Afrikanersentriese geskiedskrywers is geskiedskrywers dit dus eens dat die Bloemfontein Konvensie nie uitsluitsel oor die Vrystaat-Basoetolandgrens gegee het nie. Grobbelaar is die enigste van eersgenoemde skrywers wat argivale bewyse aanvoer om die geldigheid van die Wardenlyn te bevestig. Dit is ironies dat Grobbelaar self - in 'n populêre werkie - 'n korrektief op sy eie doktorale proefskrif aanbring. Tog is laasgenoemde werk so resent as die laat tagtigerjare kritiekloos deur Afrikanersentriese geskiedskrywers as kernbron gebruik ter verifiëring van hulle bespreking van en/of standpunte oor die Vrystaat-Basoeto-verhoudinge.[22]

Terwyl sommige geskiedskrywers die mening toegedaan is dat daar in 1854 géén grens tussen die Vrystaters en die Basoeto bestaan het nie, reken enkele pro-swart skrywers dat die Napiergrensreëlings, wat tot voordeel van die Basoeto gestrek het, van krag was. Pro-blanke geskiedskrywers beskou egter die Wardenlyn, wat tot voordeel van die blankes was, as geldend. Al drie dié denkrigtings is in 'n mindere of meerdere mate op die Clerk-uitsprake gebaseer. Clerk het aan Mosjwesjwe gesê dat oorloë tot die nietigverklaring van grense lei, maar hy het ook by Jammerbergdrif aan Mosjwesjwe te kenne gegee dat die Napierverdrag

---

Government and the other on that of Moshesh." Hierdie bepaling figureer nóg in Eybers (ed), *Select Constitutional documents illustrating South African History 1795-1910*, pp. 281-285 nóg in Van Jaarsveld (red), *Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, pp. 95-97 as synde deel van die bepalings van die Bloemfontein Konvensie.

19 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 19. Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 10 onderskryf hierdie siening op grond van die *Basutoland Records*. Vide ook DW Kruger, *Britse kolonies en Boererepublieke, 1854-1872*, in AJH van der Walt, JA Wiid & AL Geyer (reds), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 254 vir 'n ooreenstemmende, ongeverifieerde standpunt.

20 Thompson, *Survival in two worlds*, p. 219; Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 53.

21 Cf Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 53. In *ibid.* p. 51 word kritiek uitgespreek teen die Wardenlyn aangesien dit erkenning aan die blanke boere se aansprake verleen op grondgebied wat volgens die skrywer nog nooit deur die blanke boere bewoon is nie, terwyl die Basoeto wel die gebiede geokkupeer het.

22 *Vide* hoofstuk 1 vir voorbeelde van die steun wat Grobbelaar se navorsing by Afrikanersentriese geskiedskrywers geniet.

na Britse onttrekking weer van krag sou wees en in die Vrystaatse parlement insinueer hy dat die Wardenlyn van krag bly. Die geskiedskrywers wat 'n spesifieke grenslyn as geldend beskou, se "keuse" reflekteer hulle blanke of swart lojaliteite.

### 3.1.2 Grensskendings en diefstalle

Die siening van koloniale en imperiale geskiedskrywers,[23] naamlik dat Basoeto-aggressie 'n oorsaak vir die oorloë was, word deur Gustav S Preller (1925) en Hofstede (1876) gesteun. Terwyl Preller kort en kragtig na die "plundering en vermoording van die blanke inwoners" verwys,[24] gee Hofstede gedetailleerde beskrywings van die aanvalle deur die Basoeto en die lyding van die blankes.[25]

Professionele[26] en amateur[27] Afrikanersentriese geskiedskrywers wie se werke meer as 'n halwe eeu na dié van Hofstede verskyn het, is feitlik 'n spieëlbeeld van die van voorwetenskaplike geskiedskrywer s'n. Teenoor hierdie eensydige beklemtoning van die Basoeto se oortredings, slaag Van Aswegen (1971) daarin om meer genuanseerd te wees. Hy lys Basoeto oortredings, maar onthef die blankes nie van alle blaam nie: sommige blanke boere en spekulante het die swartes se regte geminag en hulle aan veediefstal en onwettige veehandel skuldig gemaak.[28]

Van der Poel ontken nie dat die Basoeto hulle aan veediefstalle skuldig gemaak het nie. Volgens haar is dit noodsaaklik om die diefstalle in perspektief te plaas aangesien die klem wat daarop geplaas word in die amptelike dokumente oor die oorloë die werklike oorsaak, naamlik die stryd om grond, op die agtergrond skuif.[29] Van der Poel minimaliseer die

---

23 Bleby, *South Africa and the British Empire*, p. 303; Noble, *South Africa*, p. 163; Noble, *Illustrated official handbook of the Cape and South Africa*, pp. 418; 446; Froude, *Oceana or England and her colonies*, p. 39; Cory, *The rise of South Africa*, vol VI; p. 113; EL Calverley, *Guide to Bloemfontein with a short history and description of the Orange River Colony*, p. 16; Theal, *History of South Africa*, vol III, p. 473; Keane, *The Boer States. Land and people*, pp. 123-124; DCF Moodie, *The History of the battles and adventures of the British, the Boers, and the Zulus, sc., in Southern Africa*, vol II, p. 86. As gevolg van Moodie se persoonlike geskiedenis, sy vader was Britse staatsekretaris in die ORS en hy self het aan die kant van die Vrystaatse geveg tydens die drie oorloë (cf *ibid*, pp. 75; 112), kan hy moontlik ook as voorwetenskaplike geskiedskrywer geklassifiseer word. Sy uitsprake is egter meer gematig as die voorwetenskaplike geskiedskrywers s'n.

24 Gustav S Preller, *Historiese opstelle*, p. 26.

25 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, pp. 136-137; 160; 201; 227.

26 Kruger, *Britse kolonies en Boererepublieke*, p. 254; Van Schoor, *Die Oranje-Vrystaat*, p. 208; GD Scholtz, *President Johannes Henricus Brand, 1823-1888*, p. 33; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 20; Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, p.137; Barlow, *President Brand*, p. 44; MH de Kock, *Selected subjects on the economic History of South Africa*, pp. 102-103; Hofmeyr, *Die Boere-republieke en die Volkereg*, p. 124.

27 James Walton, *Vroeë plase en nedersettings in die Oranje-Vrystaat*, p. 13; Pauw, *The Bloemfontein Convention*, p. 13; MTR Smit, *African Greatheart. The story of Cornelius Sejosing*, p. 49.

28 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 165.

29 Van der Poel, *Basutoland*, p. 179.

verliese wat die blanke boere as gevolg van die veediefstalle gely het. Volgens haar het die veeverliese wat die boere gely het, neergekom op 'n relatief klein gemiddelde verlies per boer en was dit nie genoegsame rede om oorlog teen die Basoeto te verklaar nie.[30] Van der Poel se minimalisering van die blanke boere se veeverliese en haar beskuldiging, op grond van die getuienis van Orpen en die *Basutoland Records*, dat die blanke boere oordrewe eise vir veeverliese gerapporteer het,[31] vind weerklank in resente publikasies. Daar het nie georganiseerde diefstalle deur "massed regiments" plaasgevind nie, individue en klein bendes was die skuldiges en "the farmers' over-all losses were not great, and ... many of them were exaggerating their sufferings in the hope of inducing a war in which the Sotho would be driven back".[32] Voorts is daar voldoende bewyse[33] "dat sommige Boeren veediefstallen aangaven, die alleen in hun verbeelding bestond".[34] Die blanke boere het, ten spyte van die feit dat van hulle self skuldig was aan veediefstalle, die Basoeto se veediefstalle as rookskerm vir hulle eie ekspansionistiese oogmerke gebruik.[35] Die boere se oordrewe eise en sug na grond, en nie die veediefstalle nie, word as oorsake vir die oorloë voorgehou.

Die Basoeto was nie die enigste veediewe nie. Terwyl die Boesmans, Korana en blankes soos Adrian van der Kolf[36] hulle aan veediefstalle skuldig gemaak het, is slegs Mosjwesjwe se onderdane vir die veediefstalle verantwoordelik gehou.[37]

Sanders (1975) en Van der Poel (1941) voer bewyse aan waarom die diefstalle aan die lakse optrede van die blanke boere toegeskryf moet word. Eerstens was die afwesigheid van omheinings en veewagters "an almost excusable temptation to a people for whom cattle were wealth".[38] Die Vrystaatse regering het nagelaat om 'n polisiemag op die been te bring.[39] Laastens was die grensgebied nie net groot nie, maar daar was ook nie 'n skeiding tussen die blankes se plase en die statte nie.[40]

---

30 *Ibid.*, pp. 179-180. Geen gedokumenteerde bewyse of getalle van veeverliese word verskaf ter ondersteuning van hierdie siening nie.
31 *Ibid.*, p. 179.
32 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 204. *Vide ibid.*, pp. 218-219 vir argumente, gebaseer op vergelykend veesensusdata, dat die beskuldigings van die blanke boere ten opsigte van veediefstalle oordrewe was.
33 *Vide* Debroey, *Zuid-Afrika*, pp. 259-260 vir verwysings na skrywes deur Orpen, John Burnet, die Burgerlike Kommissaris van Aliwal-Noord en JH Ford, 'n Volksraadslid.
34 *Ibid.*, p. 259.
35 Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 50 baseer haar aanname op 'n skrywe van John Burnet aan die Hoë Kommissaris in Aliwal-Noord, 15 Mei 1845. *Vide* Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, p. 5 vir 'n ooreenstemmende siening.
36 Cf Orpen, *Reminiscences*, pp. 54; 95; 180; 230 vir 'n uiteensetting van Van der Kolf se veediefstalle in die Vrystaat.
37 Van der Poel, *Basutoland*, p. 179.
38 *Ibid.* Sanders, *Moshoeshoe*, p. 213 onderskryf hierdie siening.
39 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 213.
40 Van der Poel, *Basutoland*, p. 180; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 213.

Die Basoeto se veediefstalle word om twee redes deur Van der Poel geregverdig:

> *As for the Basuto, cattle-lifting was part of their half unconscious, half deliberate movement into the white man's land, which they considered as immemorially theirs. It was incidental to that more important process of territorial expansion, and if while pushing the white man out they could steal his cattle, so much the better.*[41]

Van die liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers erken die Basoeto se grensskendings en veediefstalle, maar toon begrip vir hierdie oortredings deur dit in die konteks te stel van hulle oortuiging en siening dat hulle die grondgebied deur die blankes bewoon, as hulle eie beskou het. Veediefstal word dus as 'n geregverdigde reaktiewe optrede gesien. Sanders en Van der Poel gaan selfs so ver om die skuld vir die veediefstalle voor die deur van die blanke boere te lê - dit was die blankes se verantwoordelikheid om hulle eiendom teen diefstal te beskerm. Hierteenoor plaas die Afrikanersentriese, koloniale en imperiale geskiedskrywers, met die uitsondering van Van Aswegen, alle blaam vir die diefstalle op die skouers van die Basoeto.

Terwyl die Afrikanersentriese geskiedskrywers, met die uitsondering van Van Aswegen, blote beskrywings van Basoeto-aggressie gee, benut Eldredge, Van der Poel en Sanders beskikbare bronne om te bewys dat die beskuldigings van die blanke boere (en by implikasie ook die Afrikanersentriese geskiedskrywers) oordrewe was. Die benutting van bronne is dus nie 'n waarborg vir 'n genuanseerde interpretasie van gebeure nie. Hierdie geskiedskrywers het inligting subjektief geïnterpreteer om 'n negatiewe beeld van die blanke boere te skep.

### 3.1.3 Selfhandhawing

Verskeie geskiedskrywers huldig die siening dat nóg die Vrystaat nóg Basoetoland 'n ander uitweg gehad het as om in 'n oorlog betrokke te raak ter wille van selfhandhawing. Die standpunt van Afrikanersentriese geskiedskrywers sal eerste aan die orde gestel word.

Hofstede glo dat "[d]e maat der gruwelen, door de Basutu's gepleegd, begon vol te worden" as gevolg van die Basoeto se betreding en diefstalle.[42] Gevolglik het "die Vrystaat geen ander keuse [gehad] as om die swaard uit die skede te trek ten einde so te probeer red wat

---

41 Van der Poel, *Basutoland*, p. 180 tref 'n duidelike onderskeid tussen hierdié, volgens haar geregverdigde, toevallige veediefstalle deur die Basoeto en dié van Letelle en Poshuli "who robbed professionally selling their spoils to white traders". De Kiewiet, *The period of transition*, p. 405 en Smith, *The blessed missionaries*, p. 84 onderskryf laasgenoemde rede.

42 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 137.

gered kon word".[43] Wapengeweld was die enigste uitweg, want "die blankes geweet het dat die nie-blankes die taal van geweld verstaan het en sou eerbiedig".[44]

Die siening dat blanke selfhandhawing teen die Basoeto se aggressie die Vrystaat se oorlogsverklarings genoodsaak het, word deur De Kiewiet verwerp. Die blanke boere se optrede is nie deur selfhandhawing nie, maar deur rassehaat gemotiveer:

> *The main need felt by the farmers beyond the Orange was the establishment of their superiority over the Native races. The only means they would recognise was the subjection of the latter by physical force.*[45]

Voorts was nie die blanke boere nie, maar die Basoeto volgens resente swart[46] en neo-liberale[47] geskiedskrywers gewikkel in 'n stryd om oorlewing teen die blankes se ekspansionistiese buitelandse beleid. John Pampallis noem die oorloë Basoetoland se "last wars of resistance".[48]

Ongeverifieerd is Afrikanersentriese, swart, liberale en neo-liberale geskiedskrywers dit eens dat die voortbestaan van 'n nasie deur 'n vyandelike moondheid bedreig is. Maar terwyl die Afrikanersentriese geskiedskrywers glo dat die blankes oorlog teen die Basoeto móés voer ter wille van die oorlewing van die blankes in die Vrystaat, het die swart, liberale en neo-liberale geskiedskrywers konsensus dat die Basoeto hulself móés verdedig teen blanke ekspansionisme.

### 3.1.4 Die stryd om grondgebied as 'n oorsaak vir die oorloë

Die siening van verskeie geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke dat die stryd om die Caledonriviervallei die kernoorsaak van die oorloë was, is reeds in hoofstuk 1 onder die loep geneem.[49]

---

43 Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 353. *Vide* ook Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, pp. 137-138; Scholtz, *President Brand*, p. 33; J Widdicombe, *In Lesuto. A sketch of African mission life*, p. 42 (Widdicombe was 'n ab in Bloemfontein gedurende die 19de eeu).

44 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 104.

45 De Kiewiet, *The period of transition*, p. 411.

46 Ngcongco, *The Mfecane and the rise op new African states*, pp. 114-115; Bhebe, *The British, Boers and Africans in South Africa, 1850-80*, p. 156.

47 Leonard Thompson, *A History of South Africa*, p. 106; Thompson, *The High Veld*, pp. 443-446; Thompson, *Survival in two worlds*, p. 219; Gill, *Introductory essay*, p. 10; Pampallis, *Foundations of the New South Africa*, p. 7; Davenport, *South Africa*, p. 135; Edgecombe, *Die Mfecane or Difaqane*, p. 126.

48 Pampallis, *Foundations of the New South Africa*, p. 7.

49 *Vide* par 1.2.

### 3.1.5 Natuurlike fatore as oorsaak vir die oorloë

Eldredge noem natuurlike faktore as 'n oorsaak vir die Vrystaat-Basoeto-oorloë. 'n Ernstige, aansteeklike longsiekte, wat gedurende 1856-1857 die beeskuddes van beide die blanke en Basoeto boere feitlik uitgewis het, het tot veediefstalle deur albei groepe gelei. Na 'n geverifieerde bespreking van klimatologiese toestande in die Vrystaat en Basoetoland gedurende die jare 1860-1868, wys sy daarop dat droogtes en sprinkaanplae gedurende die vroeë 1860's tot veevrektes, die verlies van gesaaides en hongersnood in beide lande gelei het. Die gevolg van hierdie natuurrampe was tweeledig. Die Basoeto se militêre slaankrag is verminder, en die blankes wou Basoetogrond bekom om hulle onafhanklik van die graanskure van Basoetoland te maak.[50] Dié bespreking van Eldredge is tipies van revisionistiese werke. Geskiedskrywing is nie net die opteken van besluite en die optredes van leiers nie. Die daaglikse handel en wandel van mense op voetsoolvlak is deel van 'n land se verledebeeld. En omdat die gewone mense (die arbeiders) vir hulle voortbestaan afhanklik is van natuurkragte, moet die kragte verreken word in geskiedskrywing.

### 3.1.6 Konklusie

Skynbaar was oorlog tussen die Vrystaat en Basoetoland onafwendbaar. Hoewel geskiedskrywers van die verskillende historiografiese skole ooreenstemmende oorsake vir die oorloë noem, verskil hulle blaamlegging. Met die uitsondering van enkele gespesialiseerde werke, wat hoofsaaklik op die getuienis van óf die tydgenootlike liberale geskiedskrywers óf Vrystaatse Volksraadnotules steun, is die uitsprake baie vaag en ongeverifieerd.

## 3.2 Blank-swart-verhoudinge tydens die presidentskap van JP Hoffman

JP Hoffman, eerste president van die Vrystaat, se kort regeringstydperk (Junie 1854-Februarie 1855) is ineengestrengel met blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat. Die rede vir sy verkiesing tot president én sy gedwonge bedanking was sy vriendskap met Mosjwesjwe. In die bestudering van geskiedskrywers se uitsprake oor hierdie paradoks sal aandag geskenk word aan Hoffman se suksesse en/of mislukkings in die verbetering van blank-swart-verhoudinge asook sy gedwonge bedanking.

### 3.2.1 JP Hoffman se suksesse en/of mislukkings in die verbetering van blank-swart-verhoudinge

Die belangrikste rede vir Hoffman se verkiesing tot president was sy vriendskap met Mosjwesjwe.[51] Deur middel van 'n konsiliasiebeleid moes Hoffman positiewe blank-swart-

---

50 Eldredge, *A South African Kingdom*, pp. 78; 80.

51 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 23-24; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 141; Spies, *Hamelberg*, p. 104; Attree, *The closer union movements*, p.

verhoudinge vestig.[52] Van die geskiedskrywers beskou Hoffman as "uiters geskik" vir die amp van president op grond van sy vriendskap met Mosjwesjwe,[53] en noem hom "an able and upright man and well worthy of the honour which have been conferred upon him"[54] en "the most kind and gentle of all the presidents".[55] Becker beskryf Hoffman as 'n kenner van stamwette en -gewoontes, 'n politikus met visie en 'n uitstekende orator.[56] Hoffman was "superbly qualified to head the infant Boer republic. ... Although generally popular, there were times when his somewhat revolutionary attitude towards racial matters was bitterly condemned by his more insular-minded political colleagues."[57] Sanders prys Hoffman as 'n persoon "whom constantly championed the Sotho cause" en kritiseer die konserwatiewe element in die Vrystaat wat Hoffman as 'n "*Kaffir Konkelaar*" geëtiketteer het.[58] Daarenteen reken Grobbelaar dat "Hoffman, afgesien van sy vriendskap met Mosjesj, nie eintlik ander bevoegdhede vir die presidentsamp gehad het nie".[59]

Tylden en Grobbelaar verwerp konsiliasie as 'n metode om blank-swart-verhoudinge te reël.[60] Volgens Grobbelaar het Hoffman daarin geslaag om oorlog te verhoed, maar

> *die gevolg van sy versigtige en kragtelose optrede was dat die Basoetoes die Vrystaat se regte onder die voete vertrap het en hulle nou nie meer aan die waarskuwings of dreigemente gesteur het nie .... Hoffman het blykbaar in sy alledaagse aanraking met die Basoetoes nie die les geleer dat die naturel tot 'n primitiewe ras behoort, wat as 'n kind regverdig dog streng behandel moet word - die enigste weg om hom ontsag vir die witman in te boesem.*[61]

---

322; Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 112; Aitton, *Republieken in Zuid-Afrika*. p. 70; Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 24.

52 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 24; Met Grobbelaar as verwysingsbron onderskryf Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 10 dié siening. Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 24.

53 Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 24.

54 Cory, *The rise of South Africa*, vol VI, p. 114.

55 Doreen Lamb, *The Republican Presidents*, vol I, p. 27. In die voorwoord tot die publikasie beskryf MCE van Schoor Lamb as 'n amateurgeskiedskrywer wat daarin slaag om sonder enige akademiese pretensie feite objektief weer te gee. Volgens Van Schoor is die doel van die publikasie om die Engelssprekende se kennis en begrip van die Suid-Afrikaase geskiedenis, in besonder die van Boereleiers, uit te brei. In Molema, *Chief Moroka*, p. 109 word Hoffman as "a goodnatured man" gekarakteriseer.

56 Becker, *Hill of destiny*, p. 195.

57 *Ibid.*, p. 200.

58 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 208.

59 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 23. *Vide* ook Van Oordt, *President J.H. Brand*, p. 16; Van Ittersum, *De Vrijstaters en hun Geskiedenis*, p. 18; Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 60; Attree, *The closer union movements*, p. 322 vir ooreenstemmende kritiek teen Hoffman.

60 Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 70; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 25. As voorbeeld vir die mislukking van die konsiliasiebeleid Vrystaat noem Grobbelaar (*ibid.*, pp. 26; 28) die konferensie in Augustus 1854 te Thaba Bosigo. Die konferensie het misluk, want "die oortredinge en diefstalle van die Basoetoes het meer as tevore toegeneem".

61 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 31.

Hoewel Van Aswegen nie pertinent na die rassistiese negatiewe stereotipering van swartes deur Grobbelaar verwys nie, kritiseer hy Grobbelaar se bespreking van Hoffman se konsliliasiebeleid:

> *Dr. J.J.G. Grobbelaar se stelling dat Hoffman se saghandige optrede teen die Basoeto die blanke se respek by die Basoeto in gedrang gebring het, is stellig onverantwoord. Hoffman moes van die middele tot sy beskikking so goed as moontlik gebruik maak, t.w. sy oorredingsvermoë om die Basoeto tot vrede te maan.*[62]

Ten spyte van sy kritiek teen Grobbelaar gee Van Aswegen toe dat persoonlike vriendskap tussen leiers en hulle gemeenskaplike strewe na vrede was nie voldoende waarborg vir die vreedsame naasbestaan van hulle onderdane nie is nie; die Basoeto het voortgegaan met hul grensskendings.[63] Voorts moet dit nie uit die oog verloor word dat Van Aswegen van mening was dat "die wet van die oerwoud" tot groot hoogtes die 19de eeuse grensverhoudinge tussen die blanke Vrystaters en die Basoeto bepaal het.[64]

Spies en Van Aswegen glo dat Hoffman se konsiliasiebeleid 'n mate van sukses behaal het. Hoffman het daarin geslaag om "met mooi woorde en paaiery die Basoetohoof en sy onderkapteins taamlik in bedwang [te hou] alhoewel die toestand ver van bevredigend was".[65] Ondersteun met die nodige voorbeelde[66] wys Van Aswegen daarop dat Mosjwesjwe "vriendskap met vriendskap beantwoord" het en daar het "geen rede bestaan om Mosjesj se opregte bedoelings enigsins te wantrou nie".[67] Verskeie geskiedskrywers wys op die vreedsame verhoudinge tussen die Vrystaat en Basoetoland na die bewindsaanvaarding van Hoffman.[68] Hoffman het dus volgens hierdie skrywers in sy regeringsmandaat geslaag.

---

62 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 144-145.
63 *Ibid.*, p. 143.
64 *Ibid.*
65 Spies, *Hamelberg*, p. 104.
66 Mosjwesjwe het dit tydens 'n noenmaal in Bloemfontein (Maart 1854) duidelik gestel dat hy met die blankes in vrede wou lewe. In die toespraak was daar "geen vleiery of oormatige beklemtoning van vrede en vriendskap nie" (Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 143 baseer die gegewens op 'n berig in *The Friend*, 18 Maart 1854).
67 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 143. *Vide* ook *ibid.*, p. 144: Na 'n geverifieerde en gedetailleerde bespreking van die ooreenkomste tussen Hoffman en Mosjwesjwe kom Van Aswegen tot die gevolgtrekking dat Hoffman "'n nugtere en prakties beleid van onderhandeling, samewerking en versoening" gevolg het. Mosjwesjwe het "eerlik saamgewerk".
68 Theal, *History of South Africa*, vol III, p. 450; Orpen, *Reminiscences*, p. 220; Orpen, *History of the Basutus of South Africa*, p. 112; Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 186; Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 97; Williams, *Moshesh*, p. 129; Rosenthal, *African Switzerland: Basutoland of to-day*, p. 54; Grobbelaar, *Die Vrystaatse presidente*, p. 20.

Daarteenoor huldig Scholtz die siening dat daar géén veranderinge in die verhoudinge ingetree het nie, want die Basoeto het "oor 'n tydperk van ses jaar geleer ... om die vee en besittings van die blankes te steel [en] kon na die Konvensie van Bloemfontein eenvoudig nie daarmee ophou nie; dit was 'n bedryf waarmee hulle sou voortgaan".[69] In aansluiting by Scholtz sê Grobbelaar dat Mosjwesjwe hom "voorgedoen [het] as die apostel van vrede en as sy onderdane hulle aan oortredings skuldig maak, beloof om hulle terug te roep en te straf, maar dit het altyd agterweë gebly".[70]

In aansluiting by Orpen en Lagden se eietydse standpunt dat die blaam vir die verslegtende blank-swart-verhoudinge voor die deur van ongure blanke en swart burgery geplaas moet word,[71] skryf Theal:

> *[T]he farmers and the Basuto were in some parts intermingled, and neither were the best specimens of their class. The farmers were sometimes guilty of hasty and imprudent acts that drew upon them the hostility of their neighbours. The Basuto were mainly adherents of two of the most notorious robber captains in all South Africa.*[72]

Drie vroeg 20ste eeuse publikasies, een deur 'n geskiedskrywer wat feitlik deurgaans skerp kritiek teen die Basoeto lewer, is minder eensydig in hulle blaamlegging vir die konflik in die Vrystaat tydens Hoffman se regeringstydperk as die meerderheid professionele Afrikanersentriese geskiedskrywers.

Die meerderheid geraadpleegde geskiedskrywers gee dus toe dat die Vrystaat se strewe na positiewe blank-swart-verhoudinge Hoffman die aangewese keuse gemaak het. Die pro-swart skrywers glo dat Hoffman, as hy die nodige steun van die Vrystaters gekry het, vrede in die gebied kon vestig. Hoffman word as 'n Afrikaner wat sy tyd vooruit was met betrekking tot optrede teenoor swartes geskets. Hy het Mosjwesjwe nie as sy mindere nie, maar as 'n medestaatsleier, behandel. Dat blank en swart as gelykes kan optree is vir sommige Afrikanersentriese geskiedskrywers onaanvaarbaar. Dié persepsie dat die blankes meerderwaardig is en gevolglik swartes (al is dit 'n staatshoof) as hulle minderes moet

---

69 Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 351 verwys na die ORS-tydperk.

70 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 25 baseer die uitspraak op 'n brief van Mosjwesjwe aan Hoffman en die Volksraad Notule van 12 Augustus 1857. *Vide* ook SF Malan, *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*, p. 20.

71 Lagden, *The Basutos,* vol I, pp. 185-187. *Vide* Orpen, *Reminiscences*, p. 221. Gesien teen die agtergrond van die feit dat Hoffman en later Boshof Orpen versoek het om as bemiddelaar tussen die Vrystaatse regering en Mosjwesjwe op te tree en aanvoorwerk te doen vir die vasstelling van 'n grens tussen die Vrystaat en Basoetoland, skets Orpen eie rol en ook die verhoudinge tussen die twee state positief (*vide ibid.*, pp. 266-269; 327).

72 Theal, *History of South Africa*, vol III, p. 452 verwys na Poshuli en Kuane (Jan Letele).

behandel sal ook blyk uit Afrikanersentriese geskiedskrywers se bespreking van Boshoff se optrede teenoor Mosjwesjwe by Smithfield.[73]

Blank-swart-samewerking is vir Afrikanersentriese geskiedskrywers problematies,[74] gevolglik lewer hulle teenstrydige uitsprake oor die samewerking tussen Hoffman en Mosjwesjwe. Grobbelaar gaan selfs so ver om Hoffman se pogings om vrede deur onderhandelings te bewerkstellig geheel en al te verwerp en kragdadige optrede as die enigste werkbare alternatief aan te beveel "'n primitiewe ras behoort (soos) 'n kind regverdig dog streng behandel (te) word". Sommige Afrikanersentriese skrywers gee toe dat daar wedersydse agting en respek tussen Mosjwesjwe en Hoffman geheers het; ander beweer dat Mosjwesjwe die vriendskap tot sy eie voordeel uitgebuit het. Met die uitsondering van Scholtz gee geskiedskrywers toe dat Hoffman en Mosjwesjwe aanvanklik suksesvol was in die daarstelling van vreedsame blank-swart-verhoudinge.

Voorts blyk dit dat verskillende geskiedskrywers verskillende rolspelers verantwoordelik hou vir die verslegting van verhoudinge. Skynbaar was almal skuldig, want terwyl van die tydgenootlike liberale geskiedskrywers en 'n koloniale geskiedskrywer die blaam op die blanke én swarte burgerlikes plaas, reken van die Afrikanersentriese geskiedskrywers dat Hoffman se kragtelose beleid en Mosjwesjwe se uitbuiting van dié beleid en sy grondhonger tot die verslegting van verhoudinge gelei het.

Uit die literatuurstudie blyk dit dat liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywer nie blank-swart-verhoudinge tydens die presidentskap van Hoffman aanspreek nie. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat geen grense bepaal is óf 'n oorlog plaasgevind het tydens Hoffman se kort presidentskap nie.

Dit is ironies dat Grobbelaar in die voorwoord tot sy proefskrif skryf dat hy die geskrifte van die Franse sendelinge in sy navorsing geraadpleeg het en dit "'n onskatbare bron vir die begrip van die standpunt en die gevoelens van die teenooorgestelde party" vorm.[75] Grobbelaar se rassistiese uitsprake oor blank-swart-verhoudinge tydens Hoffman se presidentskap dui nie op begrip vir die standpunte en gevoelens van die swartes nie.

Theal se publikasies is belangrike navorsingsmateriaal vir Afrikanersentriese geskiedskrywers. Tog blyk dit dat nie een van hierdie skrywers wat oor blank-swart-konflik tydens Hoffman se presidentskap geskryf het, sy observasie "raakgelees" dat blank en swart medeverantwoordelik was vir die konflik het nie. Inligting wat geredelik beskikbaar is en nie met 'n geskiedskrywer se standpunt ooreenstem nie, word maklik geïgnoreer.

---

73 *Vide* par 3.3.1.2.
74 *Vide* par 2.3.4.1.
75 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. iii.

### 3.2.2 Hoffman se gedwonge bedanking

Tydens 'n besoek van Hoffman aan Mosjwesjwe vereer die opperhoof Hoffman met 'n drie uur lange geweersaluut. As 'n erkentlikheidsgebaar skenk Hoffman 50 pond buskruit aan Mosjwesjwe. Hy laat na om die Volksraad oor hierdie skenking in te lig. Die insident is deur Hoffman se teenstanders gebruik om sy politieke loopbaan te beëindig. Hy bedank as president.[76]

In geskiedskrywers se uitsprake oor die buskruitinsident en Hoffman se bedanking sal eerstens na die teenstrydige uitsprake van Afrikanersentiese geskiedskrywers gelet word. Hofstede en Malan keur Hoffman se buskruitgeskenk aan Mosjwesjwe goed. Hofstede voer "[t]ot verontschuldiging, indien er eenige noodig is, voor het maken van een klein present aan Moshesh" die volgende aan: "Indien eenig persoon van aanzien een bezoek brengt bij een Kaffer-opperhoofd of kaptein, verwacht deze een geschenk."[77] Vir Malan is die geskenk "geen 'Hooge Misdaad' hoegenaamd" nie.[78]

Daarteenoor keur Van Ittersum die Vrystaatse burgers se optrede, wat gelei het tot Hoffman se bedanking, goed.[79] Dit is ironies dat geskiedskrywers klem lê op die noodsaaklikheid van goeie verhoudinge met die Basoeto, maar hulle kritiseer Hoffman omdat hy dié verhouding verder uitbou en versterk.

Terwyl die twee voorwetenskaplike geskiedskrywers uit hoofde van hulle besondere agting vir die amp van die presedent regverdiging vind vir Hoffman se optrede; vind nog 'n voorwetenskaplike, asook professionele en amateurgeskiedskrywers regverdiging vir die Volksraad se optrede. Hierdie geskiedskrywers is dus gekant teen die vestiging van positiewe blank-swart-verhoudinge. Grobbelaar se bespreking van Hoffman se bedanking toon 'n dualisme. Grobbelaar se regverdiging van Hoffman se skenking van kruit aan Mosjwesjwe stem ooreen met die van Hofstede,[80] maar voorts sê hy dat Mosjwesjwe "Hoffman om die bos probeer lei [het], want hy wou die kruit hê om 'n klomp lastige Boesmans in die distrik Winburg te verwilder". Voorts toon hy begrip vir die Vrystaters se ontevredenheid met die buskuitgeskenk. Sonder die verskaffing van bewyse skryf hy dat die geskenk in stryd met die "versigtige gedragslyn" was wat die Volksraad teenoor Mosjwesjwe gevolg het.[81] In die populêre publikasie *Die Vrystaatse presidente* word die

---

76 Lamb, *The Republican Presidents*, vol I, p. 24.
77 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 112.
78 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 247.
79 Van Ittersum, *De Vrijstaters en hun Geskiedenis*, p. 18. *Vide* ook Gerdener, *Deur 'n eeu gelei*, p. 25; Oberholster & Stemmet, *Senekal se eerste honderd jaar, 1877-1977*, p. 29.
80 Grobbelaar, *Die Vrystaatse presidente*, p. 21.
81 *Ibid.*

presidente tot nasionale simbole verhef. Gevolglik is Grobbelaar meer gereserveerd in sy kritiek teen Hoffman as in sy doktorale proefskrif.[82] Ten spyte van sy kritiek vind hy regverdiging vir die buskuitgeskenk.

Orpen, wat goeie persoonlike verhoudinge met Hoffman en Mosjwesjwe gehad het, betreur die Volksraadoptrede wat tot Hoffman se bedanking gelei het, want dit het blank-swart-verhoudinge negatief beïnvloed:

> *[T]he Basutus' [confidence] in the Boer Government was greatly shaken, for they had hoped for justice in the arrangement of the boundary with a man whose opinion on the justice of their cause they knew.*[83]

Die eietydse kritiek deur Orpen word in 1949 en 1974 respektiewelik deur Attree en Lamb onderskryf. Volgens hierdie twee geskiedskrywers het die 50 pond buskruit wat Hoffman aan Mosjwesjwe geskenk het weinig intrinsieke waarde gehad. Dit was nie naastenby genoeg om die te vervang wat gebruik is gedurende die saluut nie.[84] Lamb betreur die gedwonge bedanking van 'n persoon teenoor wie die Basoeto met "the greatest respect and hospitality" opgetree het.[85] Attree noem die buskruitskenking as "the first piece of diplomacy on the part of the Boers".[86] Voorts insinueer Lamb dat blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat vreedsaam sou gewees het indien Hoffman nie bedank het nie: "Hoffman had never thought of war with Moshesh; the thought of it was never far from Boshof's mind."[87]

Eric Rosenthal se siening in 1948 dat die geskenk 'n "grave political mistake" was, want "by the law of the frontier, Hoffman had sinned beyond forgiveness",[88] is reeds deur pro-swart skrywers van herinneringswerke geopper. Volgens hierdie eietydse skrywers het die buskruitgeskenk tot Hoffman se bedanking gelei en gevolglik die kanse op vreedsame naasbestaan in die wiele gery.[89] Hoewel dié skrywers Hoffman se optrede veroordeel as dié van 'n leier wat nie met sy onderdane se vooroordele rekening gehou het nie, is hulle kritiek in werklikheid teen die blanke Vrystaters se rassevooroordele gerig.

Swart en neo-liberale geskiedskrywers spreek nie blank-swart-verhoudinge tydens Hoffman se presidentskap of die buskruitinsident aan nie. Enkeles wys saaklik daarop dat Hoffman

---

82 *Vide* par 3.2.1.

83 Orpen, *History of the Basutus of South Africa*, p. 113. Hierdie siening word ongeverifieerd deur Williams, *Moshesh*, p. 130 herhaal.

84 Gebaseer op die getuienis van Orpen, wys Attree, *The closer union movements*, p. 327 daarop dat daar volgens ooggetuies meer as 'n vaatjie kruit uitgeskiet is om die president te verwelkom. Lamb, *The Republican Presidents*, vol I, p. 19.

85 Lamb, *The Republican Presidents*, vol I, p. 19.

86 Attree, *The closer union movements*, p. 327.

87 Lamb, *The Republican Presidents*, vol I, p. 44.

88 Rosenthal, *African Switzerland: Basutoland of to-day*, p. 54.

89 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 97; Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 187. Gustav Baumann & Elfrieda Bright, *The lost Republic. The biography of a land-surveyor*, p. 22.

moes bedank omdat hy, volgens die siening van die blanke Vrystaters op 'n té goeie voet met Mosjwesjwe verkeer het. Die buskruitgeskenk is bloot as 'n rookskerm gebruik.[90] Hiedie skrywers insinueer dat blanke meerderwaardigheid en rassevooroordeel tot Hoffman se bedanking gelei het.

Samevattend kan daarop gewys word dat terwyl sommige Afrikanersentriese geskiedskrywers die buskruitgeskenk regverdig, van die ander die hand van vriendskap wat Hoffman na Mosjwesjwe uitgereik het, kritiseer. Die Volksraadslede se rassevooroordele word dus geregverdig. Weer eens is dit duidelik dat blank-swart-samewerking vir baie Afrikanersentriese geskiedskrywers problematies is. Swart, eietydse, liberale en neo-liberale geskiedskrywers betreur Hoffman se gedwonge bedanking. Dit het tot gevolg gehad dat hy nie sy regeringsmandaat om positiewe blank-Basoeto-verhoudinge te vestig ten uitvoer kon bring nie. Van die liberale geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke gebruik die buskruitinsident as vertrekpunt vir kritiek teen die 19de eeuse Afrikaner se rasse-ideologie.

### 3.2.3 Ten slotte

Die beperkte aantal publikasies waarin daar meer as net kriptiese verwysings na Hoffman se presidentskap is, het tot gevolg dat daar nie 'n volledige beeld van geskiedskrywers se persepsies oor blank-swart-verhoudinge tydens Hoffman presidentskap verkry kon word nie. Voorts is die boeke, met die uitsondering van Grobbelaar en Van Aswegen se proefskrifte en Attree se M.A.-verhandeling, dié deur die tydgenootlike geskiedskrywers, oorsigwerke en publikasies gerig tot die breë leserspubliek. Gevolglik is daar van die verifiëring van gegewens of wetenskaplike analise feitlik geen sprake nie. Die uitsondering is die publikasies deur die amateur geskiedskrywer Lamb en Van Aswegen se proefskrif. Lamb het getuienisse teen mekaar opgeweeg om te bepaal of Hoffman se buskruitgeskenk aan Mosjwesjwe buitensporig was. Van Aswegen het deur 'n deeglike studie Hoffman en Mosjwesjwe se positiewe verhouding uitgelig.

## 3.3 Blank-swart-verhoudinge tydens die presidentskap van JN Boshof, 1855-1859

Na Hoffman se bedanking as president is 'n Uitvoerende Komitee in die lewe geroep om die administrasie van die land waar te neem. Op 27 Augustus 1855 word JN Boshof as die tweede president van die Vrystaat ingesweer.

Van die Afrikanersentriese geskiedskrywers beskou Boshof as 'n "verstandige keuse"[91] en gebruik woorde soos *versigtig, regverdig, ferm* en *streng* om sy beleid teenoor die Basoeto

90 Bhebe, *The British, Boers and Africans in South Africa, 1850-80*, p. 157; Davenport, *South Africa*, p. 135; Stanlake Samkange, Wars of resistance, in Alvin M Josephy (ed), *The horizon history of Africa*, p. 415; Debroey, *Zuid-Afrika*, p. 256.

91 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 32.

te beskryf.[92] Voorts was Boshof 'n "groot verbetering",[93] en sou hom nie "soos Hoffman om die bos laat lei deur Mosjwesjwe nie".[94]

In die historiografiese analise van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat tydens Boshof se presidentskap sal aan die Smithfieldooreenkoms; asook die oorsake, verloop en gevolge van die 1858-oorlog aandag gegee word.

### 3.3.1 Die Smithfieldooreenkoms

Uit die beskrywings deur koloniale[95] en Afrikanersentiese[96] geskiedskrywers skyn dit asof Basoeto-aggressie hoogty gevier het ten tye van Boshof se bewindsaanvaarding.

'n Verhouding van wedersydse haat en agterdog het geheers: "[T]he average border farmer in those days ... was as ready to shoot a native on sight as the latter was ready to assegai the white man."[97] Om te voorkom dat hierdie konflikverhouding kulmineer in 'n militêre botsing, ontmoet Boshof, vergesel van die Kaapse goewerneur, sir George Grey, Mosjwesjwe in Oktober 1855 te Smithfield.

Die samesprekings het gehandel oor die erkenning en beskerming van grondregte en grense, maatreëls ter voorkoming van veediefstal en die beginsel van gewelddadige verdrywing van Basoeto wat hulle op Vrystaatse grondgebied gevestig het. Die samesprekings loop uit op 'n *modus vivendi*.[98]

Geskiedskrywers lê in hulle bespreking van die Smithfieldooreenkoms klem op die interpersoonlike verhouding tussen die onderhandelaars en die redes waarom die ooreenkoms nie daarin geslaag het om ordelike blank-swart-verhoudinge te vestig nie.

---

92 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 9; 145; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 32; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 10; Barlow, *President Brand*, p. 30; Eksteen, *Lesotho in uitwaartse beweging*, p. 27; Scholtz, *President Brand*, p. 33; Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 25; Lamb, *The Republican Presidents*, vol I, p. 52.

93 Van Ittersum, *De Vrijstaters en hun Geskiedenis*, p. 18.

94 Grobbelaar, *Die Vrystaatse presidente*, p. 31.

95 Trollope, *South Africa*, p. 388; Cory, *The rise of South Africa*, vol VI, p. 118.

96 Barlow, *President Brand*, p. 31; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 10; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 34; 39; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 147; McCord, *South African struggle*, p. 53; Van der Walt, *Die ontstaan en groei van Winburg*, p. 22; Spies, *Hamelberg*, p. 106; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 71; A Kieser, Swaar jare in die Oranje-Vrystaat, in A Böeseken, DW Kruger, A Kieser (reds), *Drie eeue. Die verhaal van ons vaderland*, deel III, p. 49.

97 Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 71.

98 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 258; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 10. *Vide* Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 190 en Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 33 vir die bepalings van Smithfieldooreenkoms.

### 3.3.1.1 Interpersoonlike verhoudinge

Drie staatsleiers ontmoet mekaar te Smithfield om intervolkere verhoudinge te reël. Boshof se skynbare gebrek aan agting teenoor Mosjwesjwe, asook Grey se dreigende houding teenoor die Basoeto-opperhoof lê geskiedskrywers se persepsies oor blank-swart-interpersoonlike verhoudinge bloot.

Mosjwesjwe se vriend Orpen kritiseer Boshof se optrede teenoor Mosjwesjwe en beskryf hom as 'n rassis:

> *Mr Boshof is not particularly happy in his manner and mode of expressing himself towards a Kafir chief, and falls too easily into the boer fashion of addressing him as an inferior or as a child, forgetting that, though uneducated, the pride and the reasoning facilities of the chief he addresses are equal to his own.*[99]

Orpen se siening vind weerklank in die Mosjwesjwe-biografieë gedurende die sewentigerjare. Boshof se optrede teenoor Mosjwesjwe was "typical of those of the majority of the Free State burghers".[100] Hy behandel Mosjwesjwe met agterdog, ongeduld en 'n gebrek aan agting[101] en "arraigned Moshoeshoe as if he were a criminal at the bar."[102] Nie net Boshof nie, maar ook Grey tree aggressief op. Grey waarsku Mosjwesjwe dat oorlog tussen die Vrystaat en die Basoeto sal uitbreek indien hy nie die ooreenkoms onderteken nie. Uit vrees vir 'n oorlog onderteken Mosjwesjwe die ooreenkoms.[103] Uiteenlopende leiers word naas mekaar gestel: die arrogante en aggresiewe Boshof en Grey teenoor die vredeliewende Mosjwesjwe.

Daarteenoor beeld die Afrikanersentriese geskiedskrywers die blanke rolspelers positief uit. Grey het "over het algemeen een veel beter inzicht had omtrent de Boeren dan zijn voorgangers"[104] en is "een van die bekwaamste wat die Kaap ooit gesien het", want hy "het gesien hoe gevaarlik die gevolge van Mosjesj se politiek sou wees". Gevolglik het hy Mosjwesjwe "geforseer" om die ooreenkoms te onderteken.[105] Boshof het "nooit vir

---

99 Orpen, *History of the Basutus of South Africa*, p. 114.

100 *Vide* Thompson, *Survival in two worlds*, pp. 228-229 vir 'n kort vergelyking tussen Boshof en Hoffman se optrede teenoor Mosjwesjwe.

101 *Vide* Becker, *Hill of destiny*, pp. 211-212 gee in dialoogvorm die gesprekke tussen Boshof, Grey en Mosjwesjwe weer; Thompson, *Survival in two worlds*, p. 230.

102 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 215 baseer sy beskuldiging op Orpen en die notule van die samesprekings.

103 *Ibid.*, baseer gegewens op briewe van Orpen in *History of the Basutus of South Africa*; Thompson, *Survival in two worlds*, p. 231.

104 Van Ittersum, *De Vrijstaters en hun Geskiedenis*, p. 17.

105 FDJ Wepener, *Louw Wepener*, p. 27. In 'n veralgemenende beoordeling van die Britse beleid teenoor die swartes beskryf Wepener die beleid as 'n "mislukking" omdat die Britte "altyd

Moshesh gekruip nie" en hom duidelik "laat verstaan dat hy as barbaar die mindere teenoor die witman" is[106] en het "die barbaar laat voel dat hy sy meerdere is".[107] Die uitsprake is in ooreenstemming met die ideologie dat die blanke die meerwaardige ras is, dus word Boshof se rassistiese optrede goedgekeur as dié van 'n sterk leier.[108] Daarteenoor het Mosjwesjwe "met sy ontwykende antwoorde 'n powere figuur geslaan en feitlik as 'n boeteling daar gestaan, ontmasker in al sy naaktheid".[109] Optrede wat deur van Orpen en neo-liberale geskiedskrywers afgekeur word, word geprys. Liberale en neo-liberale geskiedskrywers skets Mosjwesjwe as 'n vredesleier, Afrikanersentriese skrywers kraak hom af as 'n swakkeling.

Sanders, Prinsloo en Grobbelaar gebruik dieselfde primêre bron - die Smithfieldbyeenkoms se notules - ter verifiëring van hulle sieninge. Maar vanuit verskillende verwysingsraamwerke beoordeel die twee Afrikanersentriese en die neo-liberale geskiedskrywers die optrede van die rolspelers verskillend.

### 3.3.1.2 Geskiedskrywers se beoordeling van die Smithfieldooreenkoms

Slegs enkele geskiedskrywers huldig die siening dat die Smithfieldooreenkoms die potensiaal gehad het om vreedsame blank-swart-verhoudinge te vestig. Terwyl van die imperiale geskiedskrywers geen redes vir hulle positiewe beoordeling van die ooreenkoms gee nie, en hulle siening waarskynlik gemotiveer is uit hulle lojaliteit vir die Britse onderhandelaar,[110] noem enkele Afrikanersentriese skrywers redes vir hulle positiewe beoordeling van die ooreenkoms, naamlik die wedersydse erkenning en beskerming van grondregte, grense en eiendom,[111] asook die feit dat Mosjwesjwe en sy onderdane "besef het dat die nuwe President verdere grensoortredings en diefstalle nie ongestraf sou laat nie".[112]

---

die naturelle op 'n gelyke voet met die blanke wou stel", maar Grey, wat in ooreenstemming met die wense van die blankes opgetree het, word positief beoordeel (*ibid.*, p. 19).

106 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 278.

107 Prinsloo, *Smithfield*, p. 159. Prinsloo haal 'n verbatimverslag van die konferensiegebeure aan ter ondersteuning van sy siening (*ibid.*, pp. 159-162).

108 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 145-146; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 32 baseer sy siening op die notule van die samesprekings; Attree, *The closer union movements*, p. 332; Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 25.

109 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 32-33. Hierdie beskrywing van Mosjwesjwe word woordeliks deur Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 25 herhaal. Attree, *The closer union movements*, p. 332 beskryf Mosjwesjwe se optrede as "particularly evasive".

110 Scully, *South Africa*, p. 191; A Wilmot, *South Africa*, p. 259.

111 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 33. Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 10 huldig dieselfde siening. Ter ondersteuning van sy siening verwys Eloff na Grobbelaar.

112 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 146. As bewys vir hierdie siening word gemeld dat toestande op die grens teen die einde van 1855 rustig was.

Dit is opmerklik dat Afrikanersentriese geskiedskrywers in hulle eensydige beoordeling van die ooreenkoms nie verwys na die invloed wat die reëlings op die Basoeto sou hê nie.[113]

Wie was verantwoordelik vir die mislukking van die ooreenkoms: Mosjwesjwe én sy onderdane óf slegs sy onderdane?

Van die koloniale[114] en Afrikanersentriese[115] geskiedskrywers beweer dat Mosjwesjwe hom nie aan bindende ooreenkomste gesteur het nie, gevolglik was die ooreenkoms van die begin af tot mislukking gedoem. Theal skryf:

> *Moshesh signed the agreement ..., but he took no trouble to observe it. He had no scruples in the matter, for an agreement or a promise had no binding force on him.*[116]

N Bhebe toon begrip vir Mosjwesjwe se besluit om nie die ooreenkoms gestand te doen nie. Gerugsteun deur Theal postuleer hy dat Mosjwesjwe die verdrag bloot onderteken het uit agting vir Grey. Hy het hom gevolglik nie gebonde gevoel om sy onderdane daarvan te weerhou om met die blanke boere te bots nie.[117]

Lagden beklemtoon dat Mosjwesjwe in 'n uiters moeilike posisie was, hy wou goeie verhoudinge met die Britte handhaaf, maar hy wou hom nie aan 'n formele ooreenkoms bind sonder die goedkeuring van sy onderdane nie.[118] Hoewel Lagden Mosjwesjwe as 'n vredeliewende leier uitbeeld, betwyfel hy sy erns ten opsigte van die nakoming van die Smithfieldooreenkoms.[119]

Ten spyte van Lagden se bevraagtekening van Mosjwesjwe se erns om die ooreenkoms ten uitvoer te bring, sê hy Mosjwesjwe het alles in die stryd gewerp om blank-swart-konflik af te weer. Hy het egter beheer oor sommige van sy onderdane verloor.[120]
Dié empatiese uitbeelding van Mosjwesjwe as vredesleier deur 'n amateur liberale geskiedskrywer[121] en neo-liberale geskiedskrywers[122] staan lynreg teenoor die siening van Afrikanersentriese geskiedskrywers, naamlik dat Mosjwesjwe 'n leidende rol in die

---

113 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 32-33; Attree, *The closer union movements*, p. 332; Eksteen, *Lesotho in uitwaartse beweging*, p. 27; Scholtz, *President Brand*, p. 33.
114 Theal, *History of South Africa*, vol III, p. 459; Cory, *The rise of South Africa*, vol VI, p. 119.
115 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 259; Attree, *The closer union movements*, p. 332; Prinsloo, *Smithfield*, p. 162.
116 Theal, *History of South Africa*, vol III, p. 459.
117 Bhebe, *The British, Boers and Africans in South Africa, 1850-80*, p. 158.
118 Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 189.
119 Cf *ibid.*, pp. 186; 190.
120 *Ibid.*, p. 193. Mosjwesjwe het openlik sy afkeur in Witsi se rooftogte in die Vrystaat uitgespreek.
121 Williams, *Moshesh*, p. 133.
122 Becker, *Hill of destiny*, p. 214. Thompson, *Survival in two worlds*, p. 231 verwys na sendelingkorrespondensie ter verifiëring van sy siening.

grensskendings gespeel het. Volgens hierdie geskiedskrywers het Mosjwesjwe sy onderdane aangemoedig om die ooreenkoms te verbreek. Van die Afrikanersentriese geskiedskrywers beweer dat Mosjwesjwe geen waarde aan die ooreenkoms geheg het nie. Hy het sy onderdane aangemoedig om hulle aan grensskendings skuldig te maak en diefstalle te pleeg.[123] Ongeverifieerd sê Prinsloo dat dit vir Mosjwesjwe "onmoontlik" was om die ooreenkoms te eerbiedig, want hy was besig om hom gereed te maak vir 'n oorlog en "hy [het] nog te min perde gehad ... en daarom het hulle perde gesteel".[124]

Hoewel ongeverifieerd, is Lagden (1909) en Becker (1969) die enigste twee geskiedskrywers wat poog om die blanke én swart perspektief weer te gee. Beide skrywers wys op die lyding van die blanke boere as gevolg van die Basoeto se ignorering van die Smithfieldooreenkoms, maar hulle toon ook begrip vir die Basoeto se ignorering van die reëlings en Mosjwesjwe se ondertekening van 'n verdrag wat hy geweet het hy nie gestand kan doen nie. Daarenteen toon die Afrikanersentriese geskiedskrywers geen begrip vir Mosjwesjwe se optrede nie. Hy was bewustelik oneerlik in die ondertekening van die verdrag en is die inisieerder van die Basoeto se grensskendings. Die liberale en neo-liberale geskiedskrywers toon empatie met 'n opperhoof wat marionet van omstandighede geword het - hoe hy en sy onderdane se optrede die blanke boere geraak het, is nie vir hierdie geskiedskrywers van belang nie.

Die ooreenkoms het nie daarin geslaag om vreedsame interstaatlike verhoudinge te vestig nie. In 1858 breek oorlog uit.

### 3.3.2 Die 1858-Vrystaat-Basoeto-oorlog

#### 3.3.2.1 Oorsake van die oorlog

Basoeto-aggressie

In werke deur koloniale en imperiale geskiedskrywers word Basoeto-aggressie as die belangrikste rede vir die uitbreek van die 1858-oorlog genoem.[125] 'n Toestand van "unchecked lawlessness"[126] het geheers en moorde van "peculiarly barbarous nature" is

123 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 259; Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 352; Attree, *The closer union movements*, p. 332; Prinsloo, *Smithfield*, p. 162.
124 Prinsloo, *Smithfield*, p. 162.
125 Theal, *History of South Africa*, vol III, p. 462; Cory, *The rise of South Africa*, vol VI p. 122; Scully, *South Africa*, p. 192; Wilmot, *South Africa*, p. 259; Moodie, *The History of the battles and adventures of the British, the Boers, and the Zulus, sc., in Southern Africa*, vol II, p. 104.
126 Theal, *History of South Africa*, vol III, p. 463.

gepleeg.[127] Hierdie geskiedskrywers toon simpatie met die blanke boere wat verplig was om hulle huise te verlaat en laer te trek teen die aanvalle van die Basoeto.[128]

JA Collins (1925) se redes vir die uitbreek van die 1858-oorlog is 'n samevatting van die siening van Afrikanersentriese geskiedskrywers uit die voorwetenskaplike fase:

> *The uninterrupted thefts, for a long period, by the Basutos, the invasion of the State in a time of peace, by a large number of armed and mounted Basutos ... under the pretext of hunting game, and then the killing and maiming of game in large numbers on private farms, and leaving their carcases to rot in the open veld; the forcible ejectment of lawful owners off their own cultivated farms, the destruction of their farms, with their houses, orchards, and gardens, for which compensation was refused by the Basutos, and the non-fulfilment of the many and oft-repeated promises to compensate for the stolen stock.*[129]

Alle blaam word op die skouers van die Basoeto plaas. Die Vrystaat was "in 'n jammerlike toestand" as gevolg van die optrede van die Basoeto.[130]

Om die aanvalle van "de wrede kaffers" op die blankes te illustreer, beskryf PS van Heerden (1908) die dood van 'n gewonde, ongewapende boer, Albert van der Westhuizen:

> *De aanval der kaffers op den verlaten wagen, hun woest gescreeuw, hun bloeddorstige geweld;- aan den anderen kant, de hulpelooze man, alleen gelaten van elk aardschen vriend, een slachtoffer der barbaren, roepen tot God, en smeekende om genade;- en eindelijk, het dodelijke schot, de stervenspijn, de laaste snik, de ruwe mishandeling - dit alles verhaalt de historie niet! Dat kan alleen worden geteekend door het penseel onzer verbeelding!*[131]

In teenstelling met die koloniale, imperiale en Afrikanersentriese geskiedskrywers uit die voorwetenskaplike geskiedskrywers wat geweld ter wille van geweld as oorsaak vir die

---

127 Moodie, *The History of the battles and adventures of the British, the Boers, and the Zulus, sc., in Southern Africa*, vol II, p. 106.

128 Theal, *History of South Africa*, vol III, pp. 463; 469; Cory, *The rise of South Africa*, vol VI, p. 123; Bryce, *Impressions of South Africa*, p. 143; Moodie, *The History of the battles and adventures of the British, the Boers, and the Zulus, sc., in Southern Africa*, vol II, p. 105.

129 Collins, *Free Statia*, pp. 121- 127; 137-138 haal 'n brief van Boshof aan Mosjwesjwe en 'n presidentsproklamasie aan ter ondersteuning van sy siening dat Basoeto-aggressie verantwoordelik was vir die oorlog. *Vide* ook Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 130-132 vir 'n toespraak van Boshof aan die Volksraad (6 Oktober 1856); Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 348; Muller, *Oranje-Vrystaat*, p. 111; Van Ittersum, *De Vrijstaters en hun Geskiedenis*, p. 19; PS van Heerden, *Herinneringen uit den tijd der Vrijstaatsche Voortrekkers*, p. 29.

130 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 348.

131 Van Heerden, *Herinneringen uit den tijd der Vrijstaatsche Voortrekkers*, p. 29.

1858-oorlog voorhou, beskou van die professionele Afrikanersentriese geskiedskrywers die Basoeto se geweldsoptrede as simptomaties van dieperliggende redes, naamlik die Basoeto se grondhonger, grensskendings as gevolg van die Basoeto se foutiewe interpretasie van grensreëlings en die onvermoë om deur onderhandelinge tot 'n skikking te kom.[132] Van die Afrikanersentriese geskiedskrywers plaas die blaamlegging vir die geweld ongeverifieerd en eensydig op die skouers van die Basoeto.[133]

Terwyl die professionele geskiedskrywers hulle daarvan weerhou om deur die beskrywing van die lyding van die blankes 'n beeld van swart barbarisme op te roep, sluit Eric Stockenström se beskrywing by die van sy voorwetenskaplike geesgenote aan:

> *Die onrus en ellende van die vroue en kinders op die Basoetoegrens gedurende die invalle van die barbare in die land was vreeslik. Wanneer die Kaffers in groot massa's* [sic] *die land ingestroom het, dan het hulle die burgers, wat in hul hande geval het, almal vermoor. Na die moord van die manne het hulle die gruwelikste gewelddade gepleeg, die onskuldige kindertjies gemartel, en die vroue onteer en verkrag.*[134]

Becker se beskrywing van Basoeto-aggressie stem grootliks ooreen met die van die professionele Afrikanersentriese geskiedskrywers.[135] 1857 sal onthou word as "The Year of Endless Plunder".[136] Maar hy wek ook simpatie met Mosjwesjwe wat beheer oor sy onderdane verloor het en voortdurend, uit vrees vir vergeldingsaanvalle, aan die Vrystaters se skadevergoedingseise voldoen het.[137] Hierdié optrede was egter vrugteloos, want "he could not really have expected peace to prevail while his subjects continued to plunder Boer farms".[138] Becker ontken nie die Basoeto se aggressie nie, hy regverdig dit nie, hy toon slegs simpatie met Mosjwesjwe.

---

132 Kruger, *Britse kolonies en Boererepublieke*, p. 254; Van Schoor, *Die Oranje-Vrystaat*, p. 208; Barlow, *President Brand*, p. 31; Spies, *Hamelberg*, p. 134; Van Rensburg, *Bethlehem*, p. 113; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 54 baseer siening op die Volksraadnotule van 22 November 1858; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 11 baseer siening op *Basutoland Records* II, pp. 181; 267; Kruger, *Britse kolonies en Boererepublieke*, p. 256; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 151.

133 Oosthuizen, *Die Basoeto-oorloë*, p. 2; Oberholster, *Wepener 1869-1969*, pp. 32-33; Wepener, *Louw Wepener*, pp. 27-32; EA Venter, *Ons geskiedenisalbum*, p. 389; Annette Joelson, *South African yesterdays*, p. 136. Laasgenoemde werk boekstaaf grepe uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hoewel daar in die voorwoord daarop aanspraak gemaak word dat die werk op "the works of well known authors, the observations of early travellers and archive sources" berus, ontbreek 'n bibliografie en wetenskaplike verwysings *(ibid.*, pp. i; vii).

134 Eric Stockenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk*, pp. 107-108. Aan hierdie ongeverifieerde beskrywing gee die amateur geskiedskrywer legitimiteit deur Carlyle op die titelblad aan te haal: "Gee my feite, voed my op feite".

135 Becker, *Hill of destiny*, pp. 215-219.

136 *Ibid.*, p. 219.

137 *Ibid.*, p. 220.

138 *Ibid.*

Van die ander neo-liberale geskiedskrywers ontken ook nie die Basoeto se veediefstalle nie, maar hulle regverdig dit as algemene praktyk waaraan blank én swart skuldig was,[139] 'n poging van die Basoeto om hulle verlore grondgebied terug te kry[140] en as vergeldingsoptrede teen die blankes se veediefstalle.[141] Eldredge maak die ongeverifieerde beskuldiging dat die omvang van die Basoeto se diefstalle nie 'n oorlogsverklaring geregverdig het nie. Die blankes wou in 'n oorlog met die Basoeto betrokke raak sodat hulle Basoetogrondgebied kon inpalm.[142]

Geskiedskrywers is dus eens dat Basoeto-aggressie plaasgevind het, maar terwyl die koloniale, imperiale, voorwetenskaplike en amateur, asook sommige professionele Afrikanersentriese geskiedskrywers die persepsie skep dat dit sinnelose geweld was, is daar neo-liberale geskiedskrywers wat die gebeure in konteks plaas deur die motivering vir die Basoeto se optrede uit te lig.

Hoewel Becker nie sy bespreking verifieer nie, gee hy 'n uiters gebalanseerde uitbeelding van Basoeto-aggressie. Hy kritiseer die Basoeto, toon empatie met die blanke boere en voer redes aan waarom Mosjwesjwe magteloos was om die aggressie hok te slaan.

Die Afrikanersentriese skrywers wat hulle aanklagte teen die Basoeto verifieer, naamlik Grobbelaar, Eloff, Collins en Hofstede, steun uitsluitlik op Volksraadnotules en uitsprake deur Boshof. Eensydige aanklagtes deur 19de eeuse Afrikaners word kritiekloos deur Afrikanersentriese geskiedskrywers oorgeneem en tot historiese waarhede verhef.

Indien die genuanseerde geskiedskrywing van Becker met dié van laasgenoemde drie Afrikanersentriese geskiedskrywers vergelyk word, blyk dit weer eens dat die verifiëring van historiese gebeure nie 'n waarborg vir 'n gebalanseerde verledebeeld is nie. Becker poog werklik om in sy populêr-wetenskaplike Mosjwesjwe-biografie die belewing van al die rolspelers weer te gee. Daarteenoor is beide Grobbelaar en Eloff se deeglik geverifieerde akademiese studies grotendeels eensydig afgestem op blankes se belewinge en ter ondersteuning van die blankes se standpunte.

Poshuli se optrede

Basoeto-aggressie in die algemeen, en Poshuli se optrede in die besonder, word as 'n oorsaak vir die 1858-oorlog genoem, maar het Poshuli met die medewete van Mosjwesjwe

---

139 Thompson, *Southern Africa (1795-1870)*, p. 327; Shillington, *A History of Southern Africa*, p. 77.

140 Thompson, *Southern Africa (1795-1870)*, p. 327; Thompson, *A History of South Africa*, p. 106 Samkange, *Wars of resistance*, p. 416; Shillington, *A History of Southern Africa*, p. 77; Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 111.

141 Thompson, *A History of South Africa*, p. 106.

142 Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 53.

op 'n goed georkestreerde wyse oorlog onafwendbaar gemaak, of was Poshuli se plundertogte die van 'n wettelose individu, of was Poshuli in 1858 bloot op 'n jagtog in die Vrystaat?

Volgens Ellenberger het Poshuli besluit om deur grootskaalse veediefstalle die blankes te dwing om die Caledonriviervallei te verlaat omdat hy geglo het dit is Basoetogrondgebied. Mosjwesjwe het aanvanklik nie hierdie optrede goedgekeur nie, maar onder druk van sy volgelinge het hy Poshuli toegelaat om die veediefstalle voort te sit. Ellenberger huldig dus die siening dat Poshuli hom met indirekte Mosjwesjwe-goedkeuring aan diefstalle skuldig gemaak het.[143]

'n Tydgenoot van Ellenberger, Lagden, se siening verskil van syne. Die botsing tussen die Vrystaat en die Basoeto is op die spits gedryf deur Poshuli se aggressiewe betreding, onder die voorwendsel dat hy en sy volgelinge op 'n jagtog was.[144] Poshuli se optrede is tydens 'n Vrystaat-Basoetoland-konferensie (3 Maart 1858) eenparig afgekeur.[145] Poshuli se optrede het dus sonder die goedkeuring of hulp van Mosjwesjwe plaasgevind.

Of Van der Poel Poshuli se optrede in die Vrystaat as 'n blote jagtog sien of 'n bewuste poging om oorlog uit te lok, is nie duidelik as gevolg van haar teenstydige uitsprake. Daar het in die Vrystaat 'n "sanctioned orgy of plunder and crime"[146] geheers as gevolg van Poshuli se optrede.[147] Sy insinueer dat Poshuli se optrede deel van Mosjwesjwe se diplomatieke spel was, want Mosjwesjwe wou as 'n man van vrede bekend staan. Hy sou dus nooit tot 'n oorlogverklaring oorgaan nie. Gevolglik het hy alles in sy vermoë gedoen om die Vrystaat tot 'n oorlogsverklaring uit te lok. Sy sê egter ook dat die teenwoordigheid van Poshuli en 'n groot gewapende kontingent van sy ondersteuners in die Vrystaat daartoe gelei het dat die Vrystaat besluit het om 'n ultimatum aan Mosjwesjwe te rig ten spyte van Poshuli se protes dat hy en sy volgelinge bloot op 'n jagtog was.[148] Van der Poel bevraagteken nie die geldigheid van Poshuli se aanspraak nie. Die indruk word gevolglik geskep dat die Vrystaat bloot na 'n verskoning gesoek het om oorlog teen die Basoeto te verklaar.[149] Die persepsie dat die Vrystaat die aggressor in die stryd was, word versterk as Van der Poel meld dat Mosjwesjwe hom bereid verkaar het tot arbitrasie. Hierdié arbitrasie-

---

143 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 100.
144 Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 210.
145 *Ibid.*, p. 211. Die konferensie is op inisiatief van Nehemiah, Mosjwesjwe se seun, gereël.
146 Van der Poel, *Basutoland*, p. 181.
147 *Ibid.*, pp. 180; 181 beskou Letelle, Poshuli en Seperi as professionele diewe, daarteenoor het sy die diefstalle van die grootste persentasie Basoeto as "part of their half unconscious, half deliberate movement into the white man's land" beskou.
148 *Ibid.*, p. 181.
149 Terwyl *ibid.*, p. 180 krities staan teenoor Poshuli se veediefstalle, word sy aanspraak dat hy bloot op 'n jagekspedisie was, nie bevraagteken nie.

aanbod het die Vrystaat eers bereik nadat oorlog verklaar is.[150] Aangesien Van der Poel nalaat om die moontlike redes vir die vertraging in die korrespondensie aan te voer, word die indruk geskep dat Mosjwesjwe bereid was om te onderhandel. Daarteenoor was die optrede van die Vrystaat onbuigbaar. Uit Van der Poel se verwarrende en ongeverifieerde bespreking blyk dit dat Mosjwesjwe oorlog wou afdwing, maar hy was ook bereid om in gesprek met die Vrystaat te tree om konflik af te weer. Poshuli is 'n plunderaar en dief, *maar* op die vooraand van die 1858-oorlog was hy slegs op 'n jagtog.

In 'n analitiese bespreking wat op primêre bronne berus sê Sanders dat Poshuli se 20 Januarie 1858-jagtog 'n *molutsoane*, 'n jagtog-vir-reën, vir die droogtegeteisterde Basoetoland was. Poshuli het in die beplanning van die jag sorg gedra dat die geselskap nie in kontak met blankes sou kom nie. 'n Groepie van dertig jagters het egter in die gesigsveld van 'n Vrystaatse laer gekom. Dit het tot paniek onder die blankes gelei. Ten spyte van gesprekke tussen die dertig jagters en lede van die laer, waaruit dit volgens Sanders duidelik geblyk het dat die Basoeto slegs op 'n jagtog was, het gerugte die rondte gedoen dat Poshuli met 'n gewapende bende die Vrystaat inbeweeg het met die doel om die blankes te beroof en uit te moor.[151] Dié gerugte was ongegrond, want "had he been trying to provoke the Afrikaners he would surely have sent his entire force towards the laager, rather than a stray party of only thirty men".[152] Dié wanopvatting van die Vrystaat lei tot die uitvaardiging van 'n ultimatum en die uitbreek van die oorlog.[153]

Die voorafgaande bespreking van Sanders word deur Thompson en Becker weerlê. Aan die begin van 1858 het Poshuli se kommandos, onder die voorwendsel dat hulle op 'n jagtog was, 'n skrikbewind in die Vrystaat gevoer.[154] Hierdie twee neo-liberale geskiedskrywers toon gevolglik begrip vir die Vrystaat se oorlogsverklaring.

Afrikanersentriese geskiedskrywers wat direk of indirek na Poshuli se optrede in die Vrystaat verwys, lê klem op die pyn, lyding en verliese van die blankes as gevolg van Poshuli se aggressiewe optrede.[155] Nóg die motivering vir Poshuli se optrede nóg die

---

150 *Ibid.*, p. 181.
151 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 224.
152 *Ibid.*, p. 225.
153 *Ibid.*, pp. 224; 227.
154 Thompson, *Survival in two worlds*, p. 328 baseer hierdie beskuldigings op skrywes van Sauer, die landdros van Smithfield aan Letsie en Sekhonyana, asook briewe van 'n Franse sendeling, LJ Crochet, wat by die Hebronsendingstasie woonagtig was. *Vide* ook Becker, *Hill of destiny*, p. 220.
155 Oosthuizen, *Die Basoeto-oorloë*, p. 2; Wepener, *Louw Wepener*, pp. 27-32; Oberholster, *Wepener 1869-1969*, pp. 32-33; Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 348. Muller, *Oranje-Vrystaat*, p. 111; Van Ittersum, *De Vrijstaters en hun Geskiedenis*, p. 19; Collins, *Free Statia*, pp. 121- 127; Barlow, *President Brand*, p. 31. Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 49; 52 is die enigste van die Afrikanersentriese publikasies wat die aanvalle deur Poshuli deur argivale bronne verifieer (G.S. 296, Sauer aan Grey, 21 Februarie 1858 en G.H. 34/3, Burnet aan Bates, 22 Februarie 1858).

moontlikheid dat hy op 'n wettige jagtog was, word deur hierdie skrywers aangespreek. Dit is ook nie vir hierdie skrywers ter sake of Poshuli met of sonder Mosjwesjwe se toestemming opgetree het nie. Poshuli se optrede is vir hulle eksemplaries van die geweld waaraan die blankes blootgestel is.

Op drie die inleidende vrae kan bevestigend beantwoord word. Ellenberger glo dat Poshuli met Mosjwesjwe se toestemming oorlog wou afdwing. Lagden, Becker en Thompson is die siening toegedaan dat Poshuli 'n wettelose individu was. Sanders is van mening dat Poshuli op 'n jagtog-vir-reën was. Van der Poel antwoord "ja" op al drie vrae: Poshuli was dief, maar hy het met Mosjwesjwe se geïmpliseerde goedkeuring gepoog om oorlog onafwendbaar te maak, maar skynbaar was hy in 1858 op 'n bona fide-jagtog.

Sanders is die enigste skrywer wat sy bespreking deeglik verifieer. Hy baseer sy bespreking op skrywes van Poshuli aan veldkornet Fouché, koerantberigte en korrespondensie deur blanke regeringsamptenare. Blanke en swart bronne is bestudeer en vergelyk voordat Sanders daarop wys dat Poshuli bloot op 'n jagtog was.[156] Thompson, ook 'n neo-liberale geskiedskrywer, steun uitsluitlik op blanke bronne; hy veroordeel Poshuli se optrede. Geskiedskrywers van dieselfde historiografiese skool se gebruik van verskillende bronne kan dus tot teenstrydige gevolgtrekkings lei.

Skadevergoedingseise

Volgens die Smithfieldooreenkoms het die Vrystaatregering die reg gehad om skadevergoeding van Mosjwesjwe te eis indien sy onderdane blanke boere se vee geroof het.

In S Hofmeyr se gepubliseerde doktorale proefskrif (1933) wys die skrywer daarop dat die volkereg die verpligting op elke staat lê om nie skadelike dade teen ander state te pleeg nie. Indien sulke dade ten spyte van behoorlike sorg tog plaasvind, is die gekrenkte staat geregtig om te eis dat die skuldenaars gestraf word en gedwing word om skadevergoeding te betaal. Omdat Mosjwesjwe nie aan dié eis voldoen het nie, het die Vrystaat 'n prosedure, in die Volkereg bekend as 'n "vorm van straf-ekspediesie [sic] met die naam van 'co-operation' of 'vicarious fulfilment of the duties of the local sovereign'" gevolg wat die Vrystaat in staat gestel het om "verhaal van haar regte te verkry", aldus Hofmeyr.[157] Hofmeyr regverdig die 1858-oorlogsverklaring op grond van die wanbetaling van eise.

Eldredge se beskuldiging 60 jaar na die verskyning van Hofmeyr se proefskrif dat die skadevergoedingseise neergekom het op die blankes se inmenging in die Basoeto se

156 Sanders, *Moshoeshoe*, pp. 223-225.

157 Hofmeyr, *Die Boere-republieke en die Volkereg*, pp. 126-127. *Vide* par 3.3.1. In ooreenstemming met die Smithfieldooreenkoms was Mosjwesjwe verplig om skadevergoeding te betaal vir vee deur sy onderdane gesteel.

huishoudelike aangeleenthede, staan in kontras met Hofmeyr se volkeregtelike regverdiging van skadevergoedingseise. Die blankes wou volgens haar Mosjwesjwe dwing om sy eie onderdane te straf.[158]

Vervolgens sal gelet word op geskiedskrywers se uitsprake oor die regverdigheid van die skadevergoedingseise en Mosjwesjwe se bereidwilligheid om daaraan te voldoen.

Verskeie pro-swart geskiedskrywers, maar ook Van Aswegen sê dat die eise wat aan Mosjwesjwe gestel is, onuitvoerbaar was as gevolg van 'n gebrek aan tyd, die omvang die eise en die teenstand van sy kapteins. Mosjwesjwe het alles in sy vermoë gedoen om aan Boshof se skadevegoedingseise te voldoen.[159] Orpen se uiteensetting van die redes waarom Mosjwesjwe nie in staat was om die verlangde getal perde te lewer nie, is illustatief van die landmeter se intieme kennis van die Basoeto se lewensomstandighede. Eerstens was daar nie skudbewyse teen spesifieke opperhoofde nie, gevolglik kon hy hulle nie dwing op van hul perde afstand te doen nie. Tweedens was perde 'n noodsaaklike militêre kommoditeit en die Basoeto het besef oorlog met die Vrystaters is onafwendbaar. Orpen meen dat indien Mosjwesjwe genoeg tyd gegun sou word, hy wel in staat sou wees om die oortollige beeste met perde te vervang.[160] Hoewel Orpen daarop sinspeel dat oorlog tussen die Basoeto en die Vrystaat onafwendbaar gemaak is deur Boshof se weiering om die beeste in plaas van die perde te ontvang, het *History of the Basutus of South Africa* in 1857, dus voor die uitbreek van die oorlog, verskyn.

Daarenteen tipeer Grobbelaar Mosjwesjwe op grond van Volksraadnotules en skrywes van Burnet aan Grey as 'n onderduimse leier, want die betaling van skadevergoeding vir gesteelde vee was slegs "oëverblindery" en "die kalmte voor die storm".[161] Die vee wat Mosjwesjwe aangebied het was "heeltemal ... onvoldoende"[162] en "armsalig",[163] voorts het hy te min perde, maar te veel beeste gelewer.[164] Op grond van die feit dat Mosjwesjwe

---

158 Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 53 maak die ongeverifieerde beskuldiging dat die blanke boere die veediefstalle slegs as 'n rookskerm gebruik het om teen die Basoeto oorlog te verklaar, die werklike doel vir aggressie teen die Basoeto was die verkryging van die vrugbare Caledonriviervallei.

159 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 222 skryf dat alle gerapporteerde veediefstalle is deur Mosjwesjwe se seun Sekhonyana ondersoek is, en indien die skuldiges opgespoor is, is die gesteelde vee aan die blanke boere teruggegee en die oortreders gestraf (Volksraadsnotules, 11 Augustus 1857: 'n toespraak deur Boshof); Debroey, *Zuid-Afrika*, p. 260 baseer die aanname op Theal, *History of South Africa*, vol IV; Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 111; Williams, *Moshesh*, p. 136; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 150 verwys na die Volksraadnotules van 17 Oktober 1856; Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 100.

160 Orpen, *History of the Basutus of South Africa*, p. 130.

161 Grobbelaar, *Die Vrystaatse presidente*, p. 33. *Vide* ook *ibid.*, p. 113 en Spies, *Hamelberg*, p. 110 vir dieselfde siening.

162 Spies, *Hamelberg*, p. 110.

163 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 42.

164 Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 72; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 42.

by geleentheid (Augustus 1857) aan 'n skadevergoedingseis voldoen het, kom Grobbelaar tot die gevolgtrekking dat Mosjwesjwe aan al die skadevergoedingseise kon voldoen het.[165] Die koloniale geskiedskrywer Scully beweer selfs dat Mosjwesjwe se onwilligheid om teen sy onderdane op te tree spruit uit selfverryking.[166] Dié aanname baseer hy op bewerings dat die Basoeto vee van goeie gehalte van die blanke boere gesteel het; Mosjwesjwe het slegs soms en dan ook net enkele minderwaardige diere as skadevergoeding betaal en slegs as die Vrystaat daarop aangedring het.[167]

Uit voorafgaande historiografiese analise blyk dit dat nie net die tydgenootlike liberale en neo-liberale geskiedskrywers nie, maar ook Van Aswegen glo dat Mosjwesjwe alles in die stryd gewerp het om aan die skadevergoedingseise te voldoen. Faktore buite sy beheer het dit onmoontlik gemaak. Van die Afrikanersentriese en koloniale geskiedskrywers reken dat Mosjwesjwe in staat was om aan die eise, waartoe hy volkeregtelik verbind was, te voldoen. Hy wou nie, want hy was besig om vir die oorlog voor te berei.

Sanders, Van Aswegen en Grobbelaar gebruik hoofsaaklik Volksraadsnotules ter stawing van hulle standpunte. Maar terwyl Sanders en Van Aswegen op grond van die notules glo dat Mosjwesjwe alles in die stryd gewerp het om aan die skadevergoedingseise te voldoen, bewys Grobbelaar die teendeel. Ooreenstemmende bronne is dus uiteenlopend geïnterpreteer ter verifiëring van uiteenlopende standpunte.

Twee redelik teenstrydige publikasies wat geanaliseer is, is die van die regsgeleerde Hofmeyr en die landmeter Orpen. Hofmeyr voer internasionale regsbeginsels aan waarom Mosjwesjwe verplig was om aan die skadevergoedingseise te voldoen; Orpen voer redes aan waarom Mosjwesjwe nie aan hierdie eise kon voldoen nie. Objektiewe regsbeginsels word teenoor die realiteite van die 19de eeuse stamlewe gestel.

Die uiteenlopende sieninge van Hofmeyr en Eldredge is tekenend van hulle onderskeie verwysingsraamwerke. Hofmeyr steun uitsluitlik op regsbeginsels en die reg, nie die individu nie, word tot norm verhef. Vir Eldredge is die individu (of menseregte) die belangrikste entiteit en word verhef bo die belange van 'n buurland.

Geskiedskrywers se insinuasies dat die omvang van die eise, Mosjwesjwe se onwilligheid of bereidwilligheid om daaraan te voldoen, tekenend is van die leiers se begeerte na vrede of oorlog is, sluit aan by hulle persepsies dat Boshof en/of Mosjwesjwe vrede/oorlog nagestreef het.

---

165 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 47.
166 *Vide* Scully, *South Africa*, p. 192.
167 *Ibid. Vide* Spies, *Hamelberg*, p. 110 en Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 42 vir dieselfde beskuldiging.

### 3.3.2.2 Oorlog was onafwendbaar

Koloniale[168] en Afrikanersentriese geskiedskrywers[169] huldig die standpunt dat Boshof alles in sy vermoë gedoen het om deur middel van onderhandelinge konflik af te weer. Maar Mosjwesjwe, die aggressor, wou in 'n oorlog met die Vrystaat betrokke raak. Gevolglik het hy nie teen sy onderdane, wat hulle aan grensskendings en diefstalle skuldig gemaak het, opgetree nie.[170] Terwyl hierdie skrywers Boshof as 'n vredesleier skets, gee Van Aswegen toe dat Boshof gedwing was om 'n "verdraagsame en versagtende houding" teenoor die Basoeto te openbaar omdat hy bewus was van die Vrystaat se relatief swak ekonomiese en militêre posisie en die negatiewe gevolge wat 'n botsing vir die staat sou inhou.[171] Koloniale[172] en Afrikanersentriese geskiedskrywers[173] glo die Vrystaat wou nie in 'n oorlog betrokke raak nie, maar was verplig om te veg ter wille van oorlewing. Slegs deur oorlog sou die blanke "beskawing" in die Vrystaat kon voortbestaan:

> *If the hostile conduct of the Basuto tribe was not checked, civilisation must recede, and barbarism ... would extend and flourish.*[174]

Voorts moes

> *blanke prestige ... naas blanke regte gehandhaaf word en die enigste weg wat vir hulle oopgelaat is, was om die wapens op te neem.*[175]

Koloniale en Afrikanersentriese geskiedskrywers skep die persepsie dat die Vrystaat geen ander uitweg gehad het as om oorlog te verklaar nie. Die draers van die "beskawing" was gewikkel in 'n oorlewingstryd. Voorts word die oorlogsverklaring geregverdig op grond van

---

168 Theal, *History of South Africa*, vol III, p. 463; Cory, *The rise of South Africa*, vol VI, pp. 122; 126; Scully, *South Africa*, p. 192.

169 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 11; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 55; Attree, *The closer union movements*, p. 343; Barlow, *President Brand*, p. 31; Spies, *Hamelberg*, p. 108; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 147; 149; 150; 151; McCord, *South African struggle*, p. 53; Prinsloo, *Smithfield*, pp. 169; 176; 184; Lamb, *The Republican Presidents*, vol I, p. 53.

170 *Vide* par 3.3.2.1.

171 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 150-151.

172 Theal, *History of South Africa*, vol III, p. 470; Cory, *The rise of South Africa*, vol VI, p. 126; Scully, *South Africa*, p. 193.

173 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 349; Muller, *Oranje-Vrystaat*, p. 111; Wepener, *Louw Wepener*, p. 27; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 151; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 55; Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 354; McCord, *South African struggle*, p. 53; Spies, *Hamelberg*, p. 139; Lamb, *The Republican Presidents*, vol I, p. 53; Joelson, *South African yesterdays*, p. 137; Venter, *Ons geskiedenisalbum*, p. 389.

174 Theal, *History of South Africa*, vol III, p. 473.

175 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 151. *Vide* ook Spies, *Hamelberg*, p. 139.

die Basoeto se aggressie, die blankes se rassebeskouing, wanbetaling van skadevergoedingseise en die Volkereg.[176]

In teenstrydige uitsprake toon Van der Poel ooreenkomste met die pro-blanke en pro-swart geskiedskrywers. Mosjwesjwe wou die situasie vir die Vrystaters só onleefbaar maak dat laasgenoemde oorlog sou verklaar, maar hy wou ook deur arbitrasie konflik afweer.[177] Hy is dus aggressor én vredesleier.

Die neo-liberale geskiedskrywers skets Mosjwesjwe as die slagoffer. Hy het alles in sy vermoë gedoen om aan die skadevergoedingseise te voldoen en om sy oproerige onderdane onder beheer te bring. Sy pogings kon egter nie 'n militêre konflik afweer nie, want die Vrystaat wou in 'n oorlog met die Basoeto betrokke raak. Mosjwesjwe se opbou van sy militêre magte word geregverdig, want Mosjwesjwe "experienced the failure of white authorities to stand by their engagements".[178]

### 3.3.2.3 Militêre konfrontasie

Op 19 Maart 1858, na die verstryking van Boshof se ultimatum,[179] breek oorlog tussen die Vrystaat en Basoetoland uit. Aangesien die doel van hierdie proefskrif nie die rekonstruksie van die verlede is nie, sal nie aan die verloop van die oorlog aandag geskenk word nie. Geskiedskrywers se sieninge oor faktore wat die onderskeie magte se oorlogspogings positief en/of negatief beïnvloed het en soldate se gevegsetiek in die algemeen en optrede teenoor burgerlikes in die besonder, sal onder die loep geneem word.

Geskiedskrywers wat simpatiek gesind is teenoor die Vrystaat[180] noem verskeie faktore wat die blankes se oorlogpoging negatief beïnvloed het:

- 'n Gebrek aan geld.[181]

---

176 *Vide* par 3.3.2.1.
177 *Vide* par 3.3.2.1.
178 Thompson, *The High Veld*, p. 443 verwys veralgemenend na ooreenkomste.
179 *Vide* Lagden, *The Basutos,* vol I, pp. 218-219 vir die bepalings van die ultimatum aan Mosjwesjwe.
180 Molema, *Chief Moroka* skets Mosjwesjwe feitlik deurgaans negatief omdat die Basoeto-opperhoof nie Moroka se onafhanklikheid en grondregte erken het nie. Sy simpatie met die blankes moet dus eerder in die lig van die Vrystaters se toegeneentheid teenoor Moroka as 'n pro-blanke houding gesien word.
181 Barlow, *President Brand*, p. 31; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 55 steun op Volksraadnotules; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 73; Molema, *Chief Moroka*, p. 112.

- Die getalle-oorwig van die Basoeto.[182] Vir elke 100 Vrystaatse soldate het Mosjwesjwe meer as 1000 gehad.[183]

- Die Vrystaat het geen georganiseerde polisie- of verdedigingsmag of artillerie gehad nie.[184] Die mag het uit "eenvoudige vee- en saaiboere" bestaan.[185]

- Onvoldoende ammunisie.[186] Daarenteen het die Basoeto voldoende wapens en ammunisie tot hulle beskikking gehad.[187]

- Die bevolking was verdeeld as gevolg van die inmenging van Pretorius.[188]

- Die Vrystaat het 'n lang en onbeskermde grens gehad wat ter eniger tyd deur die Basoeto oorgesteek kon word.[189]

- Die Basoeto het sterk natuurlike bergvestings gehad wat as skuilplek vir hulle vrouens en kinders en as stoorplek vir lewensmiddele kon dien.[190]

- Die Vrystaat se pogings om bondgenote te bekom, het misluk.[191]

Empatie word met die Vrystaters gewek, wat "gereed of nie, ... die storm wat op hulle afkom, probeer tegemoet gaan"[192] en 'n oorlog "wat baie duidelik te veel vir sy kragte was",[193] moes voer.

---

182 Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 224; Attree, *The closer union movements*, p. 344; Molema, *Chief Moroka*, p. 112; Van Rensburg, *Bethlehem*, p. 113 verifieer nie hulle gegewens en verskaf nie vergelykende getalsterktes nie.

183 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 55; Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 355 en Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 73 baseer hulle getalle op Volksraadsnotules waarin Boshof 'n skatting van die Basoetomagte se getalsterkte gegee het. Barlow, *President Brand*, p. 31.

184 Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 224. Hoewel Lagden se uitsprake ten opsigte van blank-swart-verhoudinge feitlik deurgaans liberaal is, is hy in sy bespreking van die 1858-oorlog Afrikanersentries. *Ibid.*, p. 230 verwys na die Vrystaatse burgers se "bold and fearless spirits who quailed not before danger". Voorts meld hy dat "all annals bear witness that no finer men and women ever went forth to pioneer the wild regions of the earth".

185 Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 355.

186 Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 224; Molema, *Chief Moroka*, p. 112; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 73.

187 Barlow, *President Brand*, p. 31; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 55; Attree, *The closer union movements*, p. 344; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 73; Molema, *Chief Moroka*, p. 112; Van Rensburg, *Bethlehem*, p. 113.

188 Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 224; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 73.

189 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 56; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 73; Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 224.

190 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 56; Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 355; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 73; Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 224; Molema, *Chief Moroka*, p. 112.

191 Barlow, *President Brand*, p. 31; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 55-56 Attree, *The closer union movements*, pp. 343; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 73; Van Rensburg, *Bethlehem*, p. 113.

192 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 349.

193 Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 355.

Tylden en Grobbelaar is die enigste van die Afrikanersentriese geskiedskrywers wat strewe na 'n meer genuanseerde uitbeelding. Nie net die probleme van die blankes word uitgewys nie. Die ammunisie waaroor die Basoeto beskik het, was van minderwaardige gehalte aangesien diegene wat verantwoordelik was vir die vermenging van die buskruit nie oor die nodige kennis beskik het nie.[194]

Sanders se vergelykende bespreking van die militêre sterkte van die strydende magte is in baie opsigte 'n antwoord op die pro-blanke geskiedskrywers se siening dat die Vrystaat nie gereed was vir 'n oorlog nie. Volgens hom het die getalsterkte van die Basoetomagte teoreties die Vrystaatse magte in die verhouding agt tot een oorskadu, maar Mosjwesjwe het nooit al sy manskappe gemobiliseer nie.[195] Sanders gee toe dat die getalsterkte van die Basoetomagte ongeveer 20000 was. Die meeste van die soldate was berede. Boshof daarenteen was nooit in staat was om meer as 1500 man op 'n slag te mobiliseer nie.[196] Ongeverifieerd reken Sanders dat die Basoetomagte se wapens en ammunisie "hopelessly inadequate" was. Die infanterie was hoofsaaklik bewapen met spiese, knopkieries en byle. Die Vrystaatse magte was goed toegerus.[197]

Die ontleding van die militêre slaankrag van strydende magte deur geskiedskrywers dien 'n tweeledige doel, naamlik die regverdiging van neerlae, maar ook die aanprysing van 'n mag wat ten spyte van militêr-logistieke probleme suksesse op die slagveld behaal het. Dit is opmerklik dat pro-blanke geskiedskrywers van mening is dat die Basoeto oor die meerdere militêre slaankrag beskik het; Sanders huldig die teenoorgestelde siening.

Van die Afrikanersentriese geskiedskrywers verifieer slegs Tylden, Scholtz en Grobbelaar hulle sieninge. Blanke bronne, te wete Volksraadsnotules en skrywes van Vrystaatse burgers aan Boshof, word deur hierdie skrywers gebruik om simpatie vir die blanke (Afrikaner) se posisie op die vooraand van die oorlog te wek. Maar ook Sanders maak van blanke bronne - die 1856-bevolkingsensusdata - gebruik ter verifiëring van sy siening.

Skynbaar het beide lande probleme gehad. Maar wat was hulle suksesse ten spyte van hierdie probleme?

---

194 Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 73. Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 56 meld die gegewens in 'n voetnota.

195 *Vide* Sanders, *Moshoeshoe*, pp. 228-299 vir sy ongeverifieerde bewyse aangaande die getalsterkte van die Basoetomagte. Die sterkte van die Vrystaatse magte baseer hy op die 1856-sensusdata.

196 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 229.

197 *Ibid.* Williams, *Moshesh*, p. 136 onderskryf hierdie siening.

Die siening van LB van der Walt dat "waar die Vrystaatse leërs met die Kaffers geveg het, het hulle gewoonlik die oorwinning behaal"[198] word deur van die koloniale[199] en Afrikanersentries geskiedskrywers uit die voorwetenskaplike fase,[200] asook hulle professionele[201] en amateur[202] geesgenote onderskryf. Hulle lig die Vrystaat se aanvanklike suksesse uit.[203]

Na die aanvanklike suksesse van die Vrystaatse magte kon hulle nie Mosjwesjwe se bergvesting Thaba Bosigo inneem nie. Die burgers verlaat die slagveld en keer terug huis toe. Weens Afrikanersentriese geskiedskrywers se besondere agting vir die Vrystaatse magte word mislukkings dikwels óf geregverdig óf verswyg. Volgens verskeie skrywers het die Vrystaat op die rand van 'n oorwinning gestaan. Hierdie skrywers kritiseer die Vrystaatse burgers omdat hulle gedros het, maar toon ook begrip vir hulle optrede, "want die veiligheid van huis en haard ... weeg [swaar] by die grensboer"[204] en die Basoeto het plundertogte onderneem terwyl die weerbare manne aan die oorlogsfront was.[205] Van die skrywers wys bloot daarop dat die burgerlikes verplig was om die huis toe te gaan omdat hul vrouens en kinders deur die Basoetomagte bedreig is.[206] Die wanpersepsie word geskep dat die burgers toestemming gehad het om die slagveld te verlaat. Sommige geskiedskrywers verswyg selfs die feit dat enige manskap die gevegsfront verlaat het.[207]

Nie alle Afrikanersentriese geskiedskrywers staan kritiekloos teenoor die Vrystaters se swak militêre vertoning nie. Hulle wys onder andere op gebrekkige krygsdissipline, swak militêre leierskap, die afwesigheid van 'n algemene strategie en koördinasie, tweedrag en

---

198 Van der Walt, *Die ontstaan en groei van Winburg*, p. 28.

199 Cory, *The rise of South Africa*, vol VI, pp. 131-134; WL Rees & L Rees, *The life and times of Sir George Grey, K.C.B.*, vol I, p. 269.

200 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 133; Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, pp. 352-354; Collins, *Free Statia*, pp. 127-130.

201 McCord, *South African struggle*, p. 53; Kruger, *Britse kolonies en Boererepublieke*, p. 256; Attree, *The closer union movements*, p. 344.

202 HC Hopkins, *Maar één soos hy. Die lewe van kommandant C.A. van Niekerk*, p. 20; Van der Walt, *Die ontstaan en groei van Winburg*, p. 28.

203 Oorwinnings is behaal by Vegkop, Korannaberg en Morija.

204 Grobbelaar, *Die Vrystaatse presidente*, p. 38.

205 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 357; Collins, *Free Statia*, p. 130; Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 133; Grobbelaar, *Die Vrystaatse presidente*, p. 38; Du Plessis, *The life of Andrew Murray of South Africa*, p. 173; Van der Walt, *Die ontstaan en groei van Winburg*, p. 28.

206 Aitton, *Republieken in Zuid-Afrika*, p. 74; Kruger, *Britse kolonies en Boererepublieke*, p. 256. McCord, *South African struggle*, p. 53; Attree, *The closer union movements*, p. 344; Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 28; Du Plessis, *The life of Andrew Murray of South Africa*, p. 173. Nie net Afrikanersentriese geskiedskrywers huldig dié siening nie, *vide* o.a. Lagden, *The Basutos*, vol I, pp. 235-236 en Van der Poel, *Basutoland*, p. 182.

207 Steytler, *Harrismith*, p. 49; Oberholster & Stemmet, *Senekal se eerste honderd jaar, 1877-1977*, p. 31; Prinsloo, *Smithfield*, p. 193.

drostery.[208] Die beleg van Thaba Bosigo het "getoon dat die Vrystaters nie altyd goeie vegsmanne was nie", want hulle "gebrek aan dissipline [het] feitlik aan lafhartigheid gegrens".[209]

Van die skrywers van herinneringswerke,[210] liberale,[211] neo-liberale,[212] asook swart[213] geskiedskrywers se negatiewe beoordeling van die Vrystaatse magte sluit by voorafgaande skrywers aan. Voorts word kripties, veralgemenend in oorsigwerke op die Basoetomagte se militêre suksesse gewys.[214] Die Basoeto was "gedugte teenstanders"[215] en "the white forces were in poor strength and no match for the Sotho".[216] In Becker se beskrywing van die oorlog word na die suksesse en mislukkings van beide magte verwys.[217] Hy poog dus om 'n gebalanseerde beeld van die oorlog te verskaf.

Uit Sanders en Thompson se ongeverifieerde bespreking van Mosjwesjwe se militêre strategie tydens die 1858-oorlog blyk hulle agting vir Mosjwesjwe as strateeg. Deur defensief en op eie grondgebied op te tree, kon Mosjwesjwe die gevegsituasie manupileer.[218] Die oorlog was vir Mosjwesjwe 'n militêre en morele oorwinning.[219] Sy "greatest triumph ... was symbolised by Boshoff's resignation in 1859".[220] Na die oorlog was Mosjwesjwe weer "master of his land".[221]

Uit die bespreking van die suksesse en/of mislukkings van die strydende magte skyn dit asof die 1858-oorlog 'n oorlog-van-wenners was. Die pro-blanke geskiedskrywers beklemtoon die Vrystaters se oorwinnings; die pro-swart skrywers die meerdere strategie en suksesse

---

208 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 152; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 63; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 75; Van Schoor, *Die Oranje-Vrystaat*, p. 208; Malan, *Politieke strominge*, p. 24; Moll, *Hennenman*, p. 7; Oosthuizen, *Die Basoeto-oorloë*, p. 3; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 12; WB van der Vyver, *Eeufeesalbum Boshof. 'n Bekonopte oorsig van die geskiedenis van die Ned. Geref. gemeente 1856-1956*, p. 15; Lamb, *The Republican Presidents*, vol I, p. 56.

209 Volgens Van der Vyver, *Eeufeesalbum Boshof*, p. 15 het 'n aantal burgers kmdt. CJ de Villiers se opdragte geïgnoreer. De Villiers rig 'n kanon op hulle.

210 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 103.

211 De Kiewiet, *The period of transition*, p. 414; Willcox, *Southern land*, p. 213.

212 Heydenrych, *Die Boererepublieke, 1852-1881*, p. 147; Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, p. 123; Thompson, *Survival in two worlds*, p. 240; *Sanders Moshoeshoe*, p. 228; Williams, *Moshesh*, p. 136.

213 Bhebe, *The British, Boers and Africans in South Africa, 1850-80*, p. 158; Molema, *Chief Moroka*, p. 112.

214 De Kiewiet, *The period of transition*, p. 414; Willcox, *Southern land*, p. 213; Samkange, *Wars of resistance*, p. 416; Davenport, *South Africa*, p. 135; Heydenrych, *Die Boererepublieke, 1852-1881*, p. 147; Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, p. 123.

215 Heydenrych, *Die Boererepublieke, 1852-1881*, p. 147.

216 Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, p. 123.

217 *Vide* Becker, *Hill of destiny*, pp. 220-224.

218 Thompson, *Survival in two worlds*, p. 240; *Sanders Moshoeshoe*, p. 228.

219 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 233.

220 Davenport, *South Africa*, p. 135.

221 Samkange, *Wars of resistance*, p. 416.

van die Basoeto. Met enkele uitsondering na regverdig Afrikanersentriese geskiedskrywers die mislukkings van die Vrystaatse magte op grond van ongeoorloofde aanvalle op burgerlikes en faktore wat 'n negatiewe invloed op die militêre slaankrag van die Vrystaat uitgeoefen het.

Die lyding van burgerlikes as gevolg van aanvalle op nie-militêre teikens word deur geskiedskrywers as 'n aanklag teen die vegtende magte gebruik. Terwyl twee tydgenootlike geskiedskrywers op aanvalle van beide blanke en swart soldate op blanke en swart burgerlikes tydens die 1858-oorlog wys én beide strydende magte vir sodanige optrede veroordeel,[222] is ander geskiedskrywers eensydig in hulle kritiek en blaamlegging.

Verskeie pro-blanke geskiedskrywers wys op die Basoeto se aanvalle op blanke burgerlikes.[223] Die Basoeto het soos "roofsugtige wolwe" opgetree.[224]

Gesteun deur koerantberigte, publikasies deur van die Franse sendelinge en skrywes van Mosjwesjwe aan Grey wys Sanders daarop dat nie die Basoeto nie, maar die blankes hulle aan aanvalle op burgerlikes skuldig gemaak het:

> *Weber's men in the south were leaving behind a wide swathe of ruined villages and crops, and soon evidence emerged of the needless killing of the old and the wounded, of prisoners of war, and even of women and children.*[225]

Ongeverifieerd beklemtoon Thompson die Vrystaat se magte se vernietigingstrategieë tydens die 1858-oorlog:

> *The Free State army had destroyed numerous villages with their grain reserves and standing crops. Large numbers of BaSotho women and children had fled from their homes. They were so short of food that they depended largely on wild plants, and there was an outbreak of thyphus or typhoid.*[226]

---

222 Lagden, *The Basutos,* vol I, pp. 225-226; 233-234; Ellenberger, *Mission work in Basutoland,* pp. 101-105.

223 *Vide* Afrikanersentriese geskiedskrywers se regverdiging vir die blanke burgers se drostery by Thaba Bosigo, asook Cory, *The rise of South Africa,* vol VI, pp. 131-134; Van der Poel, *Basutoland,* p. 182; Malan, *Die opkoms van 'n Republiek,* p. 355; Van Rensburg, *Bethlehem,* p. 114; WD van der Sesser, Wrede moorde, in Pieter J Germishuys (red), *Kroonstad eeufees/centenary,* pp. 41; 42; Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 262. Hoewel Lagden *The Basutos* se uitsprake feitlik deurgaans liberaal is, toon hy groot empatie met die blankes tydens die 1858-oorlog. Hy meld dat "in the light of subsequent history which records the bloodthirsty raids by savage tribes and the murders of inoffensive people on their homesteads in different parts of South Africa, our sympathies are bound to flow towards the settlers of 1858 in the Orange Free State" (*ibid.*, p. 230).

224 Van der Sesser, *Wrede moorde,* p. 42 verwys na aanvalle op blankes in die Kroonstaddistrik.

225 Sanders, *Moshoeshoe,* p. 230.

226 Thompson, *Survival in two worlds,* p. 244.

Thompson toon nie net empatie vir die Basoeto nie, hy regverdig ook die Basoeto se aanvalle op blanke burgerlikes:

> *[T]he Sotho defended their fortress and raided Afrikaner farms, seizing livestock and burning homesteads as the Afrikaners had been doing to them.*[227]

Die optrede teen burgerlikes wat sekerlikes die skerpste reaksie by geskiedskrywers uitlok, is die aanval van die Vrystaatse magte op die Bersebasendingstasie.[228]

Die invloed van bronkeuse op geskiedskrywing word duidelik deur geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se bespreking van die Vrystaat se magte se aanval op die Bersebasendingstasie geïllustreer. Daar bestaan twee "amptelike" ooggetuie weergawes van wat by Berseba plaasgevind het, naamlik die van Samuel Rolland, hoof van die sendingstasie, en die verslag van Johannes Sauer, landdros van Smithfield en bevelvoerder van die Vrystaatmagte wat die aanval geloods het.

Die Samuel Rolland-weergawe

Dit is begryplik dat Rolland se biograaf asook sy eggenote subjektief aandag sal skenk aan die aanval.[229] Die inwoners van die stasie en die blanke boere het "in onderlinge vrede en op goeie voet" naas mekaar gelewe ten spyte van die blanke boere se "geleidelike toenemende oortredings"[230] en ongegronde veediefstalklagtes teen die inwoners van Berseba. Ten spyte van provokasie het die Basoeto nie vergeldingstappe geneem nie.[231]

Op 23 Maart 1858 het Vrystaat se soldate die stasie omsingel en geëis dat die swartes onmiddellik hul wapens moet oorhandig. Rolland is 'n paar minute gegun om die wapens in te samel. Voor die verstryking van die spertyd het die Vrystaters begin skiet en 'n aantal ongewapende persone gedood. Die swartes se hutte is aan die brand gesteek, die vee verdryf

---

227 Thompson, *A History of South Africa*, p. 106.

228 Eerwaarde Rolland en sy volgelinge het geglo dat die sendingstasie in Basoetoland geleë is en hulle gevolglik onder die beskerming van Mosjwesjwe was. Volgens Ellenberger was die siening om twee redes gegrond. Tydens die vasstelling van die Wardenlyn is dit uitgespel dat Berseba deel van Mosjwesjwe se grondgebied is. Tweedens het die Vrystaat sedert 1854 nooit gepoog om hulle gesag in die gebied te vestig nie. Maar in 1858 maak die blankes aanspraak daarop dat Berseba op Vrystaatse grondgebied geleë is (Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 101). Die Eerste Verdrag van Aliwal-Noord gee erkenning aan die Vrystaters se aanspraak. *Vide* ook Kaart 3.

229 Balfet, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, pp. 94-99. *Vide ibid.*, p. 96 vir 'n betoog dat Theal nie die ware feite oor die aanval op Berseba gerapporteer het nie. Elizabeth Rolland, *Recollections* (1803-1901), pp. 90-92.

230 Balfet, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, p. 94.

231 Rolland, *Recollections* (1803-1901), p. 91.

en die hele bevolking is weggevoer as prisoniers. Rolland is gevange geneem. Slegs die kerkgebou en die huise van die sendelinge is nie vernietig nie.[232]

Elizabeth Rolland wend geen poging aan om objektief te wees in haar beskrywing van die aanval nie:

> *Maddened by envy, [the Free Staters] rushed upon this unoffending people, cruelly snatched by violence all they had possessed, not even leaving provision for a single day. The 5000 head of cattle, 4000 sheep and 500 horses and many goats, the property which the authorities had declared should be respected, were taken; not a hoof were left behind, the ruthless destroyers shot even pigs, pigeons and poultry for their amusement.*[233]

Balfet beweer dat die Vrystaat om twee redes besluit het om die sendingstasie aan te val. Eerstens was dit op die pad na Basoetoland en tweedens wou hulle die onkostes van die oorlog betaal deur op die grond en kuddes van die Berseba-inwoners beslag te lê.[234] Die Basoeto en sendelinge word as die onskuldige slagoffers in die Vrystaat se selfsugtige magstryd geskets. Die optrede van die Vrystaat word veroordeel en klem word geplaas op die lyding van die swart Christene aan die hand van "their cruel enemies".[235]

Die Sauer-weergawe

Die Bersebastasie het huisvesting aan Mosjwesjwe-lojaliste verskaf. Dit was dus noodsaaklik vir die Vrystaat om die Basoeto, woonagtig op 'n sendingstasie geleë in Vrystaatse grondgebied, te ontwapen.[236] Met sy aankoms by Berseba het Sauer onmiddellik 'n bevel uitgevaardig dat die inwoners hulle wapens binne vyf minute moes uitlewer. Volgens Grobbelaar is hierdie bevel drie maal binne twee uur herhaal;[237] Theal konstateer dat "sufficient time" gegee is vir die uitvoering van hierdie opdrag.[238] Die Basoeto is dus meer as voldoende tyd gegun voordat die Vrystaters begin skiet het. Collins beweer selfs dat "the first shot - 'in anger' came from the Beerseba Natives".[239]

---

232 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, pp. 101-102; Lagden, *The Basutos*, vol I, pp. 225-226; Balfet, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, p. 96.

233 Rolland, *Recollections* (1803-1901), p. 91.

234 *Vide* Balfet, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, p. 95. Die redakteur van die publikasie, Karel Schoeman, bevestig dié gegewens deur in 'n voetnota na die *Basutoland Records* te verwys.

235 Rolland, *Recollections* (1803-1901), p. 92. *Vide* ook Lagden, *The Basutos*, vol I, pp. 225-226; Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 105; J du Plessis, *A History of Christian missions in South Africa*, p. 313.

236 Theal, *History of South Africa. The Republics and Native territories from 1854-1872*, p. 56; Collins, *Free Statia*, p. 127.

237 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 58.

238 Theal, *History of South Africa. The Republics and Native territories from 1854-1872*, p. 56.

239 Collins, *Free Statia*, p. 127.

Terwyl die tydgenootlike geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke die aanval in detail beskryf, noem Grobbelaar en Theal saaklik dat dertig Basoeto gedood is.[240] Hierdie aanval het "without any undue violence" geskied.[241] Grobbelaar verwerp die "oordrewe en verdraaide verslae" deur Rolland oor die "wreedheid en onmenslikheid van die Boer" deur te verwys na getuienisse deur Rolland se swaer, eerw. Schreiner, aan Burnet.[242]

Hoewel Grobbelaar en Theal die aanval betreur, regverdig hulle dit op strategiese gronde. Sauer moes verseker dat die Vrystaatmagte nie van agter aangeval word nie.[243]

Debroey se kort beskrywing van die Berseba-aanval steun uitsluitlik op Sauer se verslag. Hierdie verslag dien vir hom as bewys dat die Vrystaatmagte met "enhousiasme" die stasie vernietig het.[244] Die Sauer-verslag word dus 'n klagstaat in die hande van 'n neo-liberale geskiedskrywer.

Geskiedskrywers wat op beide verslae steun

Drie geskiedskrywers gee beide Rolland en Sauer se weergawes van die gebeure by Berseba.[245] Terwyl Cory en MTR Smit geen kommentaar op die gebeure lewer nie, regverdig Barlow die Vrystaat se optrede op strategiese gronde. Weens die uiteenlopendheid van die verslae van die twee hooffigure, is hierdie naasmekaarstelling van gegewens waarskynlik 'n alternatief vir skrywers wat na objektiwiteit strewe. Geskiedskrywing is egter méér as die naasmekaarstelling van teenstrydige gegewens. Navorsing oor die Berseba-aanval, waarin 'n geskiedskrywer alle bronne navors, teenoor mekaar opweeg en tot 'n genuanseerde konklusie kom, is noodsaaklik.

* * *

Samevattend kan daarop gewys word dat terwyl van die neo-liberale geskiedskrywers die lyding van die Basoeto as gevolg van die vernietigingswerk van die blankes uitbeeld, Grobbelaar dit minimaliseer: "Hoeveel die Basoetoes onder die oorlog gely het, kan moeilik vasgestel word."[246] Daarenteen was "die verliese [van die blankes], nie so seer aan

---

240 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 59; Theal, *History of South Africa. The Republics and Native territories from 1854-1872*, p. 56.

241 Theal, *History of South Africa. The Republics and Native territories from 1854-1872*, p. 56.

242 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 59.

243 Theal, *History of South Africa. The Republics and Native territories from 1854-1872*, p. 56; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 58.

244 Debroey, *Zuid-Afrika*, p. 260.


245 Cory, *South Africa*, vol VI, pp. 131-132; Barlow, *President Brand*, p. 31; Smit, *African Greatheart. The story of Cornelius Sejosing*, pp.49-52. Hoewel die tema van hierdie publikasie, naamlik die lewensgeskiedenis van 'n geestelike en politieke leier van gemengde Barolong-Basoeto-afkoms, neo-liberaal skyn te wees, is die skrywer se interpretasie van gebeure Afrikanersentries.

246 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 69.

menselewens nie as aan eiendom en vee ... skrikwekkend".[247] Gebaseer op die getuienis van Theal sê Attree dat die Vrystaat na die oorlog in 'n "pitiful condition" was.[248] Twee tydgenootlike pro-swart geskiedskrywers, Lagden en Ellenberger, slaag die beste daarin om objektief oor die lyding van die burgerlikes, blank en swart, te skryf. Hulle spreek ook hulle afkeur uit teen die optrede van die Vrystaatse en Basoetomagte.

### 3.3.2.4 Die Eerste Verdrag van Aliwal-Noord

Na die Vrystaat se mislukte beleg van Thaba Bosigo word Mosjwesjwe om vrede genader. Deur die bemiddeling van sir George Grey word 'n vredesverdrag te Aliwal-Noord (29 September 1985) gesluit. Volgens hierdie verdrag moes die Vrystaat vyftig plase afstaan in die gebied tussen die Oranje- en Caledonrivier,[249] beide groepe moes onderneem om hulle onderdane uit die ander se gebied te onttrek en die Wardenlyn sou van krag bly.[250]




KAART 3
DIE VERANDERENDE BASOETOGRENSE, 1858-1869
(Bron: Eldrege, *A South African Kingdom*, p. 54.)

---

247 *Ibid.*, p. 66. Grobbelaar baseer die siening op 'n dokument wat deur die Goewernment-Sekretaris van die geroofde vee en vernielde plaaswonings opgestel is.

248 Attree, *The closer union movements*, p. 348.

249 In die huidige distrikte Zastron en Wepener.

250 *Vide* Lagden *The Basutos*, vol I, pp. 267-273 vir die bepalings van die vredesverdrag. Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 79-80; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 12. Kaart 3.

In werke deur koloniale geskiedskrywers word positief verwys na die rol wat Grey gespeel het om die botsende eise van die twee partye te versoen.[251] Die Grey-biograwe beweer selfs dat die ondertekening van die verdrag blywende vrede tussen die Vrystaat en die Basoeto tot gevolg gehad het.[252] Deur die verswyging van verdere botsings tussen Basoetoland en die Vrystaat, skep WL en L Rees die wanpersepsie dat Grey permanente vrede bewerkstellig het.

'n Tydgenootlike en 'n professionele geskiedskrywer reken dat die verdrag regverdig was én die potensiaal gehad het om vrede te bewerkstellig, want dit het nóg aan die blankes nóg aan die Basoeto se verwagtinge voldoen. Die Vrystaat het die grond ontvang wat hulle geëis het, maar het gehoop om meer te kry; daar is nie aan die Basoeto se eise voldoen nie ten spyte van die feit dat hulle die oorlog gewen het.[253] Lagden en Tylden lewer genuanseerde besprekings van die vredesverdrag. Hulle beoordeel dit positief op grond van die verloor-verloor-situasie. Ander geskiedskrywers beskou die verdrag 'n wen-verloor-ooreenkoms.

Ellenberger beweer dat Grey graag geregtigheid wou laat geskied deur aan die Basoeto se grondeise te voldoen. Geregtigheid kon om drie redes nie seëvier nie. Dit sou die aansien van die blankes verlaag,[254] 'n gevaar vir die Kaapkolonie inhou[255] en die teruggawe van blanke plase aan die Basoeto sou 'n vraagteken op Brittanje se aanvanklike optrede plaas, aangesien Brittanje verantwoordelik was vir die toekenning van die plase aan blankes.[256] Voorts is die vredesverdrag op Mosjwesjwe afgedwing. Hy het slegs 'n gedeelte van die grondgebied waarop hy geregtig was, ontvang en is gedwing om die res aan die Vrystaat af te staan. Ellenberger toon begrip vir Mosjwesjwe se beware teen die bepalings en sy verbitterde houding, want "every time a British Governor intervened on the pretence of helping him, it ended in his giving up a portion of his territory".[257] Ellenberger se vroeg

---

251 Theal, *History of South Africa*, vol III, pp. 491-495; Rees & Rees, *The life and times of Sir George Grey, K.C.B.*, vol I, pp. 269-270; Noble, *South Africa*, p. 164.

252 Rees & Rees, *The life and times of Sir George Grey, K.C.B.*, vol I, p. 270. Die biografie in twee volumes is in 1892 gepubliseer. Die biografie bespreek sir George Grey se lewe en werk gedurende die periode 1812-1892. Die werk maak geen melding van konflik tussen blank en swart in die Vrystaat na 1858 nie.

253 Lagden, *The Basutos*, vol I, pp. 277-278 verwys na gesprekke tussen Mosjwesjwe en John Burnet (die burgerlike kommissaris van Aliwal-Noord) te Thaba Bosigo op 12 Oktober 1858 en Boshof se toespraak in die Vrystaatse Volksraad op 22 November 1858 ter verifiëring hulle ooreenstemmende standpunt; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 77 verwys na *Basutoland Records*. Ongeverifieerd onderskryf die liberale geskiedskrywer Willcox, *Southern land*, p. 213 hierdie siening.

254 Cf Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 89 vir die outeur se siening dat die Basoetospreekwoord: "The White people do not condemn each other" verskeie kere deur die bepaling van grense as waar bewys is.

255 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 104 meld nie wat die "gevaar" is nie.

256 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 104.

257 *Ibid.*, p. 104.

20ste eeuse insinuasie dat blankes saamspan om swartes te onderdruk en uit te buit, word in 1993 deur 'n neo-liberale geskiedskrywer onderskryf:

> *Moshoeshoe's trust in the British backfired on him ... when the British settled the 1st Sotho-Boer war in the advantage of the Free State losers rather than the Sotho victors.*[258]

Enkele neo-liberale geskiedskrywers wys ongeverifieerd daarop dat Mosjwesjwe, ten spyte van die feit dat daar nie aan die eise van die Basoeto gehoor gegee is nie, die vredesbepalings ter wille van goeie betrekkinge onderteken het.[259] Hierdie siening staan lynreg teenoor dié van Afrikanersentriese geskiedskrywers wat glo dat die Vrystaat ter wille van vrede 'n verdrag aanvaar het wat ten gunste van die Basoeto was.

Grobbelaar voer verskeie bewyse aan ter ondersteuning van sy siening dat die verdrag "geheel en al" ten gunste van die Basoeto was. Eerstens het die blanke boere 'n aansienlike stuk grond verloor - volgens die Volksraadnotule van 22 November 1855 het dit 50 plase ingesluit. Mosjwesjwe is vrygeskeld van skuld wat hy nog moes vereffen, naamlik 681 perde. Derdens is nie van Mosjwesjwe kompensasie geëis vir die diefstalle wat sy onderdane sedert die wapenstilstand gepleeg het nie. Laastens is geen oorlogsvergoeding aan die Vrystaat toegestaan nie.[260]

Verskeie Afrikanersentriese geskiedskrywers onderskryf, sonder die verskaffing van bewyse, Grobbelaar se siening dat die verdrag ten gunste van die Basoeto was.[261] Ten spyte hiervan het die Vrystaat "ter wille van vrede" grond wat "reeds jare" deur blankes bewoon is, afgestaan en die verdrag aanvaar.[262]

Samevattend kan daarop gewys word dat slegs Lagden en Tylden daarin slaag om beide die Basoeto en die blankes se belewing van die verdrag weer te gee. Grobbelaar gebruik blanke

---

258 Parsons, *A new History of Southern Africa*, p. 128.

259 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 241; Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 111; Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, p. 123.

260 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 80.

261 Kruger, *Britse kolonies en Boererepublieke*, pp. 260-261; MH de Kock, *Selected subjects on the economic history of South Africa*, p. 103; Grobbelaar, *Die Vrystaatse presidente*, p. 38; Oberholster, *Wepener 1869-1969*, p. 34; Prinsloo, *Smithfield*, pp. 197-178; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 13; Steytler, *Harrismith*, p. 51. Vide ook Balfet, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, p. 108; Van der Poel, *Basutoland*, p. 183; Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 53 en Bhebe, *The British, Boers and Africans in South Africa, 1850-80*, p. 158. In Bhebe se bespreking van blank-swart-verhoudinge tydens die presidentskap van Boshof steun hy, met die uitsondering van 'n enkele verwysing na Sanders en Thompson, uitsluitlik op Theal. Ten spyte van die verwysing na die werke van hierdie neo-liberale geskiedskrywers toon Bebe se werk 'n Afrikanersentriese eerder as 'n swart perspektief. Historiese gegewens word slegs gerapporteer, daar is geen interpretasie nie.

262 Oberholster, *Wepener 1869-1969*, p. 34.

bronne ter ondersteuning van die blankes se besware - sy siening word onkrities deur verskeie Afrikanersentriese geskiedskrywers aanvaar en herhaal. Ongeverifieerd kritiseer van die pro-swart geskiedskrywers die verdrag omdat dit volgens hulle nie aan Mosjwesjwe se eise voldoen het nie; ander beoordeel die verdrag positief op grond van die Basoeto se grondwinste.

### 3.3.3 Blank-swart-verhoudinge na afloop van die 1858-oorlog

In werke deur koloniale[263] en Afrikanersentriese[264] geskiedskrywers word beklemtoon dat die Basoeto se betreding van blankes se eiendom en diefstalle na die ondertekening van die verdrag voortgeduur het. Nadat Grobbelaar verwys het na hernude aanvalle op Vrystaatse plase, kom hy tot die gevolgtrekking dat die blanke boere:

> *tot die smartlike besef [ge]kom [het] dat alle opofferinge gedurende die oorlog en by die vredesluiting tevergeefs gemaak was, want daar het geen verandering in die toestand gekom nie aangesien die Basoetoes hulle nie aan die geslote verdrag gesteur het nie.*[265]

Die Basoeto oorwinning was 'n impetus vir aggressie: "If the Basuto had been insufferable before, their arrogance now knew no bounds."[266]

Daarteenoor word die optrede van die Vrystaters as tegemoetkomend en vredeliewend beskryf.[267] Maar dit het geen effek op die "arrogant" Mosjwesjwe gehad nie.[268]

Nie Mosjwesjwe nie, maar enkele weerbarstige Basoeto (Poshuli, Molitsane en Letelle) word deur Lagden, Van der Poel en Williams verantwoordelik gehou vir die Basoeto se aggressiewe optrede.[269] Met die uitsondering van hierdie drie skrywers spreek pro-swart

---

263 Theal, *The Republics and Native territories*, p. 74; Cory, *The rise of South Africa*, vol VI, pp. 140-141.

264 Muller, *Oranje-Vrystaat*, p. 132; Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 360; Collins, *Free Statia*, p. 147; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 13; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 81; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 152; Kruger, *Britse kolonies en Boererepublieke*, pp. 260-261; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 76; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 13; Van Rensburg, *Bethlehem*, p. 114; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 13.

265 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 81.

266 Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 76. Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 69 onderskryf hierdie siening.

267 Theal, *The Republics and Native territories*, p. 74. *Vide* ook Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 152 en Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 13. Ter ondersteuning van sy siening dat die Vrystaat alles in die stryd gewerp het om orde te handhaaf, verwys Eloff na die Volksraadnotules en Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek.*

268 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 13.

269 Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 278 wys daarop dat een van Mosjwesjwe se seuns 'n Poshuli-bendelede op heterdaad betrap het. Hy het hom in die teenwoordigheid van Pohuli tereggestel en die gesteelde vee aan die wettige blanke eienaar terugbesorg. Soortgelyke

skrywers hulle nie uit oor die toestande in die Vrystaat na afloop van die oorlog nie; die lyding van die Basoeto as gevolg van die 1858-oorlog word beklemtoon.[270] De Kiewiet skryf:

> *Within their own recognised territory there was a greater congestion of horses and cattle than the country could carry since the tribes had been deprived of free movement over the wide pastures of their other western frontier lands.*[271]

Hierdie situasie, wat die gevolg van territoriale bevoordeling van die blankes was, is vererger deur die blanke boere, "ever hungry for extensive farms and ever clamorous to thrust back the expanding Basuto".[272] Ten spyte hiervan Mosjwesjwe "found and enjoyed the peace of mind he had craved so long", aldus Becker.[273] Becker verwerp dus die aanspraķe van Afrikanersentriese en koloniale geskiedskrywers dat Mosjwesjwe die inisieerder van die Basoeto-aggressie na die oorlog was.

Slegs Becker skep die illusie dat daar na die oorlog stabiliteit geheers het. Pro-blanke geskiedskrywers insinueer dat Basoeto-aggressie as gevolg van die Basoeto se oorwinnings in felheid toegeneem het. Pro-swart skrywers ontken nie die aggressie nie, maar dit het sonder die goedkeuring van Mosjwesjwe plaasgevind. Laastens lê pro-swart skrywers klem op die lyding van die Basoeto as gevolg van die oorlog.

### 3.3.4 Samevatting

Die historiografiese analise van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gedurende die periode 1855-1859 het gewentel rondom die Smithfieldooreenkoms, asook die oorsake, verloop en gevolge van die 1858-Vrystaat-Basoeto-oorlog. Geskiedskrywers van die verskillende historiografiese skole interpreteer die gebeure verskillend.

Die Afrikanersentriese geskiedskrywers toon bewondering vir Boshoff, want hy is 'n sterk leier wat in ooreenstemming met hierdie skrywers se siening dat die blanke Afrikaners die superieure ras is, Mosjwesjwe as sy mindere behandel het. Boshoff se optrede teenoor Mosjwesjwe word deur vriende van Mosjwesjwe en neo-liberale geskiedskrywers veroordeel as die van 'n rassis.

---

drastiese optrede het, hoewel dit nie algemeen bekend bekend was nie, gereeld plaasgevind; Van der Poel, *Basutoland*, p. 184 toon ooreenkomste met die Afrikanersentriese geskiedskrywers. Die blankes moes alles in die stryd werp om hulleself teen voortgesette Basoeto-aggressie te beskerm; Williams, *Moshesh*, p. 138.

270 *Vide* par 3.3.2.

271 De Kiewiet, *The period of transition*, p. 423.

272 *Ibid.*

273 Becker, *Hill of destiny*, p. 228.

Terwyl Afrikanersentriese en koloniale geskiedskrywers glo dat die Smithfieldooreenkoms van die begin af tot mislukking gedoem was omdat Mosjwesjwe 'n oneerbare leier is, toon liberale en neo-liberale geskiedskrywers empatie met Mosjwesjwe, die vredesleier, wat alles in sy vermoë gedoen het om vrede te handhaaf - maar hy het beheer oor sy onderdane verloor.

Afrikanersentriese en koloniale geskiedskrywers skets die blanke boere met empatie. Hulle is deur die oorlogslustige optrede van die Basoeto gedwing om ter wille van oorlewing tot 'n oorlog toe te tree waarvoor hulle nie gereed was nie. Pro-swart geskiedskrywers ontken nie die Basoeto se betreding van blankes se eiendom nie, hulle regverdig dit as desperate pogings om hulle verlore grondgebied terug te kry.

Die Vrystaat het ten spyte van 'n gebrek aan militêre slaankrag skitterende oorwinnings tydens die 1858-oorlog behaal, aldus pro-blanke geskiedskrywers. Die pro-swart geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke daarenteen reken dat die Basoeto, ten spyte van die blankes se meerdere militêre slaankrag, suksesvol die aanslae van die blankes afgeweer het.

Terwyl die pro-blanke geskiedskrywers gewag maak van die lyding van blanke burgerlikes aan die hand van swart krygers, beskryf pro-swart geskiedskrywers die lyding van die swart burgerlikes as gevolg van die optrede van die blanke soldate.

Die 1858-oorlog was skynbaar 'n oorlog van wenners, omdat pro-blanke geskiedskrywers slegs klem lê op die militêre suksesse van die blankes en die pro-swart op die suksesse van die Basoetomagte. Daarom is dit begryplik dat die Afrikanersentriese geskiedskrywers die vredesverdrag kritiseer omdat dit nie aan die blankes se verwagtinge voldoen het nie. Pro-swart geskiedskrywers lewer *mutatis mudandis* dieselfde kritiek teen die verdrag.

Die samevatting het nie ten doel om die fyner nuanses in die werke van die verskillende pro-swart en pro-blanke geskiedskrywers uit te wys nie, slegs om aan te dui dat daar twee aparte, byna onversoenbare verledebeelde oor blank-Basoeto-verhoudinge in die Vrystaat vir die tydperk 1855-1859 bestaan. Slegs enkele geskiedskrywers, onder andere Lagden, Van der Poel, Tylden, Van Aswegen en Becker slaag daarin om met betrekking tot sekere gebeure die standpunte en belewing van blank en swart te akkommodeer.

### 3.4 Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat ten tye van die presidentskap van MW Pretorius, 1860-1863

MW Pretorius sien Boshof se bedanking as president van die Vrystaat (1859) as 'n geleentheid om sy ideaal te verwesenlik om die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en die Vrystaat te verenig. Hy stel homself as kandidaat vir die presidentskap beskikbaar. Hy word

met 'n oorweldigende meerderheid tot derde president van die Vrystaat verkies. Skynbaar was een van die redes vir Pretorius se verkiesing sy vermoë "om met naturelle om te gaan".[274]

In die historiografiese analise van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gedurende Pretorius se presidentskap sal slegs aan drie sake aandag geskenk word, naamlik die konsiliasiebeleid van Mosjwesjwe en Pretorius, die pogings om konflik te verminder deur die instelling van 'n gesamentlike polisiemag, asook die beoordeling van die leiers se pogings om blank-swart-verhoudinge te stabiliseer.

### 3.4.1 Konsiliasiebeleid

Gedurende die presidentskap van Pretorius is verskeie samesprekings,[275] waarvan die eerste uitloop op die Wonderkopooreenkoms,[276] tussen Pretorius en Mosjwesjwe gevoer.

Hoewel Spies sê dat dit duidelik uit die Wonderkopsamesprekings blyk "met hoeveel vaardigheid Pretorius kaffersake behandel",[277] kritiseer hy Pretorius se gebrek aan kragdadige optrede[278] en verwys na Pretorius se "politiek van vrugtelose onderhandelinge".[279] Hierdie negatiewe beoordeling vind neerslag in die werke van Lagden[280] en sommige Afrikanersentriese geskiedskrywers uit die voorwetenskaplike fase[281] en hulle professionele geesgenote.[282] Pretorius se beleid toon ooreenkomste met die koloniale beleid "in which the natives were treated as 'noble savages'".[283] Ook Molema kritiseer Pretorius se konsiliasiebeleid, want "in his nervous anxiety" om die guns van Mosjwesjwe te wen, was hy bereid om Moroka se belange te ondermyn.[284]

---

274 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 92 baseer dié siening op 'n berig in *The Friend* van 12 April 1861. *Vide* ook EA Venter, *400 leiers in Suidd-Afrika oor vier eeue*, p. 136; Van Ittersum, *De Vrijstaters en hun Geskiedenis*, p. 21; Spies, *Hamelberg*, p. 181 vir ooreenstemmende sieninge.

275 Op 2 April 1861 bespreek die leiers die instelling van 'n grenspolisie te Mabolela (Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 155) en Vrystaatse afgevaardigdes en Mosjwesjwe het die uitlewering van die moordenaars van die Vrystaat boer, PA Venter, bespreek (Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 102).

276 Cf Lagden, *The Basutos*, vol I, pp. 282-285 vir 'n verslag van die konferensie gehou te Wonderkop in die Winburgdistrik gedurende April 1860.

277 Spies, *Hamelberg*, p. 181.

278 *Ibid.*, p. 183.

279 *Ibid.*, p. 191.

280 Lagden, *The Basutos*, vol I, pp. 282; 287-288.

281 Van Oordt, *President J.H. Brand*, p. 17; Van Oordt, *Zwart en wit*, p. 51; Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 136.

282 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 155; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 95; Attree, *The closer union movements*, p. 362.

283 Attree, *The closer union movements*, p. 362 baseer die uitspraak op Grobbelaar.

284 Molema, *Chief Moroka*, p. 115. Tydens onderhandelings tussen Mosjwesjwe en Pretorius het laasgenoemde Mosjwesjwe se grondgebied vergroot ten koste van Moroka. Voorts het Pretorius Boshof se reëling dat Moroka onbeperkte ammunisieaankope mag doen, herroep.

Pretorius se "biezonder zwak"[285] en "saghandige"[286] optrede is deur Mosjwesjwe uitgebuit. Mosjwesjwe het "by die dag astranter en brutaler geword"[287] en hy het "kat en muis met die blankes gespeel".[288] Ter ondersteuning van hierdie siening voer Afrikanersentriese geskiedskrywers verskeie bewyse aan. Mosjwesjwe het die Morobelasamesprekings (2 April 1861)[289] bloot as 'n "dekmantel van vredeliewendheid" gebruik, want hy was besig met voorbereidings vir 'n oorlog teen die Vrystaat.[290] Mosjwesjwe het belowe om sy onderdane onmiddellik te beveel om die plase te ontruim wat hulle in die Winburgdistrik beset het, maar "dit [was] alles egter weer slegs soveel verspilde sinne".[291] Na die moord op PA Venter het die Vrystaat by twee geleenthede afgevaardigdes gestuur om met Mosjwesjwe te onderhandel oor die uitlewering van die moordenaars.[292] Mosjwesjwe se optrede tydens die onderhandelings was nie net minagtend nie, maar ook uitdagend.[293] Pogings van die Vrystaat om met die bemiddeling van sir Philip Wodehouse die grens af te baken, is telkens deur Mosjwesjwe se vertragingstaktiek in die wiele gery.[294] Ongeverifieerd beskuldig Grobbelaar Mosjwesjwe daarvan dat hy die vasstelling van die grens so lank as moontlik wou uitstel, want hy het sy onderdane "steeds verder oor die grenslyn [ge]stoot en later wanneer die grenslyn eendag vasgestel word, [kon hy] op die gebied deur die Basoetoes beset, aanspraak maak".[295] Na aanleiding van 'n berig in *The Friend* van 24 Oktober 1862[296] kom Grobbelaar tot die gevolgtrekking dat Mosjwesjwe die boere wou "verplig" om te trek deur "op groot skaal jagpartye [te] organiseer".[297]

---

285 Van Oordt, *President J.H. Brand*, p. 17. *Vide* Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 95 vir 'n ooreenstemmende tipering van Pretorius.

286 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 155.

287 *Ibid.* *Vide* ook Van Oordt, *President J.H. Brand*, p. 17.

288 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 155. *Vide* Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 103 vir 'n soortgelyke uitspraak.

289 Die leiers het die instelling van 'n grenspolisiemag bespreek.

290 Ter ondersteuning van sy siening dat die Basoeto besig was om hulle vir 'n oorlog voor te berei, wys Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 99 op 'n brief van Orpen aan Burnet, 26 Junie 1861, waarin melding gemaak word van twee Engelse wat in die geheim besig was om in die Malutis kanonne en kanonkoeëls te maak.

291 Spies, *Hamelberg*, p. 184.

292 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 102.

293 Mosjwesjwe het aanvanklik nie die eerste afgevaardigdes te woord gestaan nie aangesien hy besig was om koffie te drink. Hy het geweier om PA Venter se moordenaars uit te lewer, maar was gewillig om volgens die Basoetotradisie 10 beeste te betaal "om die trane te droog" (Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 102-103). Tydens die tweede ontmoeting weier hy weer eens om die oortreders uit te lewer en regverdig hulle optrede (Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 155 baseer die beskuldigings op 'n bylae tot die Volksraadnotule, 1862).

294 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 104-106.

295 *Ibid.*, p. 104.

296 Die berig, wat deur Grobbelaar aangehaal word, lui soos volg: "Last week the Basuto to the number of some thousands made a grand hunt in the Free State Territory. In passing the various farms they behaved in the most reckless and audacious manner, giving no heed whatever to the remonstrances of the farmers, that they should respect the carefully husbanded dams of water."

297 *Ibid.*

Hierdie geskiedskrywers sinspeel dat Mosjwesjwe nie erns gehad het om tot 'n werkbare ooreenkoms met die Vrystaat te kom nie. Hulle bevraagteken nie Pretorius se integriteit nie. Hy was bloot onbeholpe. Van der Poel huldig die siening dat nóg Pretorius nóg Mosjwesjwe erns met die onderhandelingspolitiek gehad het. Sy gee verskeie redes waarom Pretorius nooit daarin kon slaag om 'n bindende ooreekomste met Mosjwesjwe te sluit nie. Sy noem onder andere dat Pretorius nie sy onverdeelde aandag aan die Vrystaat se probleme kon skenk nie as gevolg van sy verpligtinge as ZAR-president. Pretorius was skynbaar nie ten gunste van 'n defnitiewe grenslyn tussen die blankes en swartes nie, want hy wou nie afstand van grondgebied ten voordele van die Basoeto doen nie. Groot gebiede aangrensend aan die Wardenlyn is nie deur blankes bewoon nie, gevolglik kon die Basoeto hulle ongehinderd in die gebied vestig. Dié vestiging van die Basoeto in die Vrystaat het aan hulle, in ooreenstemming met Basoetotradisie, eiendomsreg verskaf. Die gebruikmaking van Basoeto-arbeiders deur Vrystaatse boere het tot gevolg gehad dat van die Basoeto permanent in die Vrystaat gebly het.[298]

As bewyse vir Mosjwesjwe se onwilligheid op tot 'n skikking te kom, wys Van der Poel op Mosjwesjwe se onwilligheid om skadevergoedingseise vir gesteelde vee te betaal en nie Venter se moordenaars uit te lewer nie. Grensonderhandelings, deur bemiddeling van die Kaapse goewerneur is telkens deur hom op die lange baan geskuif.[299] Hoewel Van der Poel weinig bronne vir haar gegewens verskaf, slaag sy daarin om op 'n genuanseerde wyse die onwilligheid van beide party bloot te lê.

Terwyl voorafgaande skrywers klem op die gebreke van die onderhandelingsbeleid lê, wys Becker en Sanders in baie kort besprekings slegs op die positiewe, naamlik beide leiers se pogings om vriendskaplike verhoudinge te handhaaf.[300] Onderhandelings tussen die leiers is in "a warm and friendly atmosphere" gevoer.[301]

Geskiedskrywers, in besonder dié van die Afrikanersentriese skole, se beoordeling van Pretorius se konsiliasiebeleid is feitlik 'n spieëlbeeld van hulle sieninge oor Hoffman. Daarom is dit begryplik dat Grobbelaar skryf: "'n Mens mis hier by Pretorius die flinke en besliste optrede van Boshof".[302] Pretorius het nie met die nodige krag ("kracht") teen Mosjwesjwe opgetree nie.[303]

---

298 Van der Poel, *Basutoland*, pp. 188-189. *Ibid.*, baseer die aanname oor swartes se interpretasie van eiendomsreg op Maurice Evans, *Black and white in S.E. Africa*, p. 139.
299 Van der Poel, *Basutoland*, pp. 190-191.
300 *Vide* Becker, *Hill of destiny*, pp. 230-239; Sanders, *Moshoeshoe*, pp. 247-248.
301 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 248.
302 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 94. Die argument word onveranderd, maar sonder erkenning aan Grobbelaar, deur Attree, *The closer union movements*, p. 363 oorgeneem.
303 Van Oordt, *Zwart en wit*, p. 51.

### 3.4.2 Polisiemag

Daar is tydens die Wonderkopsamesprekings onder andere besluit op die instelling van 'n gemengde polisiemag. Tydens samesprekings op 2 April 1861 te Mabolela word hierdie aangeleentheid weer bespreek.[304]

Hoewel 'n gebrek aan erns by al die rolspelers tot gevolg gehad het dat die polisiemag nooit op die been gebring is nie,[305] lê geskiedskrywers se uitsprake oor hierdie mag hulle perspesies oor blank-swart-samewerking bloot.

Volgens Grobbelaar is dit "twyfelagtig" of die grenspolisie suksesvol sou wees, dit was "'n kwessie van 'wolf skaapwagter maak'".[306] Hy insinueer dus dat polisiëring deur swartes van die begin af tot mislukking gedoem was en swartes nie vertrou kan word om wet en orde te handhaaf nie. In teenstelling met Grobbelaar se negatiewe en rassistiese uitsprake, wat 'n refleksie is van die Afrikaner se rassebeskouing gedurende die laat dertigerjare, beskou Van Aswegen sodanige mag as "oorspronklik en prakties".[307] Dit wat deur Van Aswegen as die meriete van die mag beskou, naamlik om "die Basoeto op hulle plek te hou"[308] en so blanke dominansie te bevestig, word deur Sanders voorgehou as regverdiging vir die Basoeto se onwilligheid om deel van die polisiemag te wees: "it was evident that the official appointed would be a European and that the offenders brought to trail would be almost exclusively Africans".[309] Die siening van al die rolspelers (én by implikasie dié van die Afrikanersentriese en neo-liberale geskiedskrywers) word deur Van der Poel uitgewys, naamlik 'n wedersydse gebrek aan vertroue en rassevooroordele.[310]

Die geskiedskrywers se bespreking van die meriete van 'n gesamentlike polisiemag reflekteer hulle sieninge oor rasseverhoudinge, asook die tydsgees waarin hulle geleef en gewerk het. Die laat dertigerjare word gekenmerk deur die opbloei van Afrikanernasionalisme. Hierdie Afrikaners verwerp alle blank-swart-samewerking. Gedurende die sewentigerjare is die swartes in al hoe groter mate opgeneem in die land se apartheidstelsel via die tuislandbeleid. Dit is dus vir Van Aswegen logies dat blank en swart kan saamwerk in 'n blank-dominante milieu. Dit is juis hierdie bevestiging van blanke

---

304 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 94; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 153. Voorsiening is gemaak vir die aanstelling van 'n resident-magistraat, 'n gemengde blanke-Basoetohof van vier persone en 'n polisiemag om alle geskille tussen die twee groepe op die grens te ondersoek.

305 Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 287; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 94; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 153; Van der Poel, *Basutoland*, p. 186; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 249.

306 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 94.

307 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 153.

308 *Ibid.*

309 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 249 verwys na die aanstelling van 'n magistraat.

310 Van der Poel, *Basutoland*, p. 186.

dominansie met behulp van die swartes wat die instelling van 'n gesamentlike polisiemag vir Sanders onaanvaarbaar maak.

### 3.4.3 Toestande in die Vrystaat tydens die presidentskap van Pretorius

Van Aswegen se siening dat blank-swart-verhoudinge tydens die presidentskap van Pretorius 'n "laagwatermerk" bereik het as gevolg van Basoeto-aggressie,[311] word deur Theal[312] en verskeie Afrikanersentriese geskiedskrywers uit die voorwetenskaplike fase,[313] asook hulle professionele[314] en amateur[315] geesgenote onderskryf.

Terwyl hierdie skrywers alle blaam vir die konflik op die skouers van die Basoeto plaas en empatie met die blankes toon, strewe Lagden en Van der Poel na 'n meer gebalanseerde interpretasie. Lagden se siening dat "the locality was a hot bed of bad characters, white and black, always ready to receive and dispose of stolen property or to forment disturbance,"[316] word deur Van der Poel onderskryf.[317]

Mosjwesjwe se onvermoë om Poshuli te beheer, beskuldigings deur sy kapteins dat hy die kant van die blankes teen sy eie onderdane kies, en 'n ernstige droogte in Basoetoland gedurende 1862, wat daartoe gelei het dat die Basoeto die Vrystaat betree het op soek na voedsel, het volgens Becker tot hernude spanning tussen die blankes en die Basoeto gelei.[318] Becker ontken dus nie die Basoeto se betreding van blankes se eiendom nie, maar hy regverdig dit. Sanders plaas alle blaam vir die gespanne verhoudinge op die skouers van die blankes. Op grond van koerantberigte en korrespondensie deur Orpen en van die sendelinge wys Sanders daarop dat die Vrystaters bewustelik oordrewe en ongegronde klagtes van veediefstalle en beweerde moorde deur die Basoeto die spanning vererger het.[319]

Terwyl Becker Basoeto optrede regverdig, regverdig Van Aswegen die optrede van die blankes wat die reg in eie hande geneem het, want

> *groot eise is aan die uithouvermoë en geduld van die reeds swaar geteisterde grensboere gestel. Veral die gebrek aan hulp en beskerming van*

311 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 157.
312 Theal, *The Republics and Native territories*, pp. 94-104.
313 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 137; Van Ittersum, *De Vrijstaters en hun Geskiedenis*, p. 21; Collins, *Free Statia*, p. 197; Van Oordt, *Zwart en wit*, p. 51; Van Oordt, *President J.H. Brand*, p. 17; Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 421.
314 Spies, *Hamelberg*, p. 183; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 94.
315 Prinsloo, *Smithfield*, p. 213; Van der Walt, *Die ontstaan en groei van Winburg*, p. 35; Wepener, *Louw Wepener*, p. 35.
316 Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 290.
317 Van der Poel, *Basutoland*, p. 186 baseer die aannames op die *Basutoland Records*.
318 Becker, *Hill of destiny*, pp. 233-234; 239.
319 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 251. *Vide* ook Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 290.

> *regeringskrag het sake vir hulle baie bemoeilik. Die mense moes gevolglik op eie krag staatmaak.*[320]

Die stryd tussen die Vrystaters en die Basoeto was "'n stryd om te bestaan waarin die sterkere sou seëvier", gevolglik het die "wet van die grens" en nie "die normale landswette wat vir normale situasies bedoel was nie", gegeld. Van Aswegen keur die blanke boere se navolging van die "wet van die grens" goed, want "dit was vir die grensboer noodsaaklik om ... homself te beskerm".[321]

Blank-swart-konflik het dus voortgeduur ten spyte van Pretorius en Mosjwesjwe se pogings om tot 'n vreedsame vergelyk te kom.

Hoewel slegs enkele geskiedskrywers hulle beskrywings oor blank-swart-verhoudinge tydens die presidentskap van Pretorius verifieer, is hierdie skrywers se bronseleksie 'n refleksie van hulle beskuldigings. Pro-blanke geskiedskrywers plaas alle blaam vir die voortgesette aggressie voor die deur van die Basoeto op grond van inligting verkry uit blanke bronne. Pro-swart geskiedskrywers ontken nie Basoeto-aggressie nie, maar hulle regverdig dit en hou die blankes mede-verantwoordelik. Sanders steun op pro-swart (blanke) bronne om sy beskuldigings teen die blankes te verifieer. Slegs enkele geskiedskrywers wys daarop dat blank én swart verantwoordelik was vir die gespanne verhoudinge.

Die gespanne verhoudinge tussen die Vrystaat en die Basoeto loop tydens die presidentskap van Pretorius se opvolger op twee oorloë uit.

---

320 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 156.
321 *Ibid.*

# Hoofstuk 4

# Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat, 1864-1899

## 4.1 Blank-Basoeto-verhoudinge tydens die presidentskap van JH Brand, 1864-1888

Die vierde president van die Vrystaat, JH Brand, word deur verskeie geskiedskrywers op grond van sy leierskapsvermoëns in die algemeen[1] en sy optrede teen die Basoeto in die besonder[2] hoog geag. Brand was "'n man van die daad"[3] wat "nie geaarsel [het] om die Vrystaat se goeie reg met die wapen te verdedig nie".[4] Dié kragdadige optrede van Brand was noodsaaklik, want "dit was die enigste manier om by die Basoetoe weer respek in te boesem vir die witman".[5] Brand het deur sy kragdadige optrede daarin geslaag om "die nek en mag van die trotse despoot te breek".[6]

In teenstelling met voorafgaande positiewe uitbeelding van Brand, verwys MJ Boon (1885) neerhalend na hom as die president van die "Dutch Government ... which was only an organised armed force for robbing the natives".[7] Nog 'n negatiewe siening van Brand is dié van Vrystaatse landmeter Gustav Baumann.[8] Volgens hom het Brand doelbewus aggressie met die Basoeto aangewakker. Deur saam te staan teen 'n gemeenskaplike vyand, die Basoeto, wou Brand nasionale eenheid onder die blankes in die Vrystaat verkry.[9] Hierdie negatiewe siening deur twee tydgenootlike skrywers word feitlik 'n eeu later deur Debroey (1982) onderskryf. Na die verskaffing van Brand se *curriculum vitae* skryf hy:

> *Oranje-Vrijstaat kreeg dus een leider, van wie men mocht verwachten dat hij het schip van staat met bekwaamheid zou besturen. Toch behoorden de eerste jaren van zijn beleid tot de meest betreurenswaardige uit de geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat.*[10]

---

1 Rosenthal, *African Switzerland: Basutoland of to-day*, p. 59; Lagden, *The Basutos,* vol I, p. 323; Spies, *Hamelberg*, p. 251; Tylden, *The rise of the Basuto*, pp. 82; 88; Attree, *The closer union movements*, p. 367; Molema, *Chief Moroka*, p. 174; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 260; Davenport, *South Africa*, p. 137.

2 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 157; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 113; 191; Prinsloo, *Smithfield*, pp. 215; 246; JC de Waal, *Herinneringe*, p. 21. In 1866 vestig die 22-jarige De Waal hom in die Vrystaat. Volgens Karel Schoeman, Inleiding, in *ibid.*, p. 6 is De Waal se "lotgevalle nou verweef met die Vrystaatse geskiedenis".

3 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 113.

4 *Ibid.*, p. 191.

5 *Ibid.*

6 De Waal, *Herinneringe*, p. 21.

7 MJ Boon, *The immortal History of South Africa*, deel I, p. 77.

8 Baumann & Bright, *The lost Republic*, pp. 78; 159; 196. Gustav Baumann het op 1 Januarie 1880 as landmeter in die Vrystaat begin werk, in 1896 word hy aangestel as landmeter-generaal. As Vrystaatse burger het hy aktief deelgeneem aan die Anglo-Boereoorlog. Na die oorlog doen hy onsuksesvol aansoek om heraanstelling as landmeter-generaal.

9 *Ibid.*, p. 25.

10 Debroey, *Zuid-Afrika*, p. 265.

Brand se kragdadige optrede teenoor die Basoeto, wat óf aangeprys óf veroordeel word, het blank-Basoeto-verhoudinge op die spits gedryf. Gedurende sy presidentskap is daar nie net 'n grensooreenkoms gesluit en twee oorloë tussen die Vrystaat en die Basoeto gevoer nie, maar het Brittanje ook deur direkte ingrype in die Vrystaat-Basoeto-konflik gepoog om 'n einde aan die konflik te bring. In die historiografiese analise van blank-swart-verhoudinge sal aan genoemde gebeure aandag gegee word.

### 4.1.1 Wodehouse se grensreëlings

Op versoek van Brand en met die instemming van Mosjwesjwe lê die Kaapse goewerneur, sir Philip Wodehouse, na uitgerekte korrespondensie met die betrokke leiers, 'n ontmoeting met Mosjwesjwe te Thaba Bosigo en 'n konferensie by Jammersberdrif, op 28 Oktober 1864 die grens tussen Basoetoland en die Vrystaat neer. In praktyk was Wodehouse se grensreëlings die handhawing van die 1849-Wardenlyn.[11]

Geskiedskrywers wat hulle uitspreek oor die grensreëlings is dit eens dat dit tot voordeel van die Vrystaat was.[12] Hulle verskil egter in hulle sieninge oor wat Wodehouse gemotiveer het om ten gunste van die Vrystaat uitspraak te lewer en oor die meriete van die reëlings.

#### 4.1.1.1 Faktore wat Wodehouse se uitspraak beïnvloed het

Die kwaliteit van die voorleggings. Die Vrystaat se eise dat die Wardenlyn herbevestig moes word, is gerugsteun deur 'n deeglik voorbereide memorandum. Daarteenoor het die Basoeto 'n vae eis ingestel op 'n stuk grond wat so ver as Bloemfontein en die Vaalrivier gestrek het.

Lagden toon simpatie vir Mosjwesjwe en meld dat sy ondeurdagte eis ingestel is as gevolg van druk deur sy seuns en 'n gebrek aan leiding:

> *It must be remembered that there were no strong minds at hand ready to advise him though many perhaps were willing. His prompters on the other*

---

11 *Vide* Lagden, *The Basutos*, vol I, pp. 324-335 vir 'n uiteensetting van die onderhandelings asook die grensreëlings; asook Kaart 3.

12 *Vide* o.a. Wilmot, *South Africa*, p. 260; Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 132; Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 337; Balfet, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, p. 113; Van Oordt, *Zwart en wit*, p. 55; Van Ittersum, *De Vrijstaters en hun Geskiedenis*, p. 23; Aitton, *Republieken in Zuid-Afrika*, p. 78; Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 137; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 158; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 119; Lamb, *The Republican Presidents*, vol I, p. 97; Van der Poel, *Basutoland*, p. 193; Davenport, *South Africa*, p. 137; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 261; Thompson, *Survival in two worlds*, p. 273; Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, p. 124.

> *hand were his headstrong sons and Chiefs elated with success at the successful defiance of all previous agreements.*[13]

Terwyl Lagden glo dat die Vrystaat se weldeurdagte voorlegging en die afwesigheid van die sendelingraadgewers Wodehouse se uitspraak beïnvloed het,[14] word die potensiële rol van die sendelinge deur Ellenberger verswyg. Nie die afwesigheid van die sendelinge nie, maar Mosjwesjwe se onkunde oor die bindingskrag van ooreenkomste, word deur hom voorgehou as rede waarom die Basoeto se aanspraak misluk het.[15] Hoewel Ellenberger pro-Basoeto is as hy die verhouding tussen die Basoeto en die Vrystaat bespreek, lê sy lojaliteit in die eerste instansie by die sendelinge; hy wil hulle op geen wyse betrek by die mislukking van Mosjwesjwe se voordrag nie.

In aansluiting by voorafgaande tydgenootlike skrywers is Davenport van mening dat die gesofistikeerde Westerse onderhandelingsproses, wat gebaseer is "on the possession of powerful friends and an ability to outwit one's opponents" vir Mosjwesjwe "a nightmare world" was.[16] In teenstelling met Brand se omvattende en deursigtige memorandum het Mosjwesjwe volgens Sanders in sy argumentering staat gemaak op "what he and his people regarded as their inalienable rights".[17] Mosjwesjwe se argumente vir die behoud van sy grond het misluk: "To the ordinary Sotho his argument was almost unanswerable: to the High Commissioner it was of no consequence at all."[18]

Daarteenoor toon Grobbelaar geen empatie met Mosjwesjwe se optrede tydens die onderhandelings nie en hy meld bloot dat die opperhoof "sy saak besonder swak voorgedra" het.[19]

Neo-liberale geskiedskrywers, asook 'n Britse amptenaar toon dus simpatie met Mosjwesjwe, want hy moes eerstens sonder die hulp van sy sendelingvriende Casalis en Arbousset wat Basoetoland in 1855 en 1860 respektiewelik verlaat het, met die blankes onderhandel. Tweedens moes die Basoeto-opperhoof met onsimpatieke blankes volgens blanke onderhandelingsbeginsels onderhandel - dus 'n ongelyke speelvlak. Mosjwesjwe se belewing van die Westerse onderhandelingsproses, asook sy interpretasie van die grense word voorgehou.

---

13 Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 329.
14 Volgens Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, pp. 106; 107 het Mosjwesjwe se sendelingraadgewers en vertrouelinge, Casalis en Arbousset, Basoetoland in 1855 en 1860 respektiewelik verlaat.
15 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, pp. 132-133.
16 Davenport, *South Africa*, p. 137. Thompson, *Survival in two worlds*, p. 273 huldig dieselfde siening.
17 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 261.
18 *Ibid.*, p. 262. *Vide ibid.*, pp. 261-262 vir 'n uittreksel uit Mosjwesjwe se argumente.
19 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 116.

In teenstelling met neo-liberale geskiedskrywers se agting vir Mosjwesjwe as tradisionele leier toon Grobbelaar geen begrip vir Mosjwesjwe se onkunde met blanke gebruike nie. Hierdie onkunde is vir hom 'n bewys van Mosjwesjwe se onvermoë as leier. Blanke gebruike word tot norm verhef en diegene wat nie oor die nodige kennis van dié gebruike beskik nie, word gekritiseer.

Wodehouse se beweerde pro-Mosjwesjwe sentimente.[20] Die feit dat 'n negrofilis uitspraak ten gunste van die Vrystaat gelewer het, is vir Afrikanersentriese geskiedskrywers 'n bewys van die geldigheid van die blankes se aansprake.[21]

Hierdie siening word in 'n mate deur Thompson gedeel. Wodehouse het sy taak benader

> *with considerable sympathy for Moshoeshoe and his people, but being rooted in a culture of written contractual obligations it was virtually inevitable that he should accept the premises and with them the conclusions of the Free State memorandum.*[22]

Nie lojaliteit nie, maar realiteit gee die deurslag.

Die siening dat Wodehouse pro-Mosjwesjwe sentimente gehad het, word nie deur alle geskiedskrywers gedeel nie. Wodehouse word onder andere in 1975 as 'n onsimpatieke onderhandelaar uitgebeeld wat nie die Basoeto se wense in ag geneem het in die vasstelling van die grens nie.[23] Edwin W Smith (1950) vergelyk Wodehouse met 'n onbetrokke skaakspeler wat geen kennis of begrip vir die Basoeto se liefde vir en afhanklikheid van die grond toon nie.[24]

Die gevolg was 'n

> *vaguely-worded decision ... wholly in favour of the Boers. ... It was the award of a lawyer, based upon questionable land titles, and took little account of the equities of the case as far as the Basuto were concerned.*[25]

---

20 Lagden, *The Basutos*, vol I, p. 337.

21 Van Oordt, *Zwart en wit*, p. 54 beweer dat Mosjwesjwe deur die Franse sendelinge ingelig is oor Wodehouse se simpatieke houding teenoor swartes; Van Ittersum, *De Vrijstaters en hun Geskiedenis*, p. 23; Lamb, *The Republican Presidents*, vol I, p. 97; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 119 baseer hierdie siening op die feit dat Wodehouse 'n vaatjie buskruit aan Mosjwesjwe present gegee het, maar in *Die Vrystaatse presidente*, p. 21 regverdig Grobbelaar egter Hoffman se skenking van kruit aan Mosjwesjwe. Hy meld dat dit "'n gewoonte is wanneer 'n besoek aan 'n kafferkaptein afgelê word, hy 'n present moet ontvang".

22 Thompson, *Survival in two worlds*, p. 273.

23 *Vide* Sanders, *Moshoeshoe*, p. 262.

24 Smith, *The Mabilles of Basutoland*, p. 141.

25 *Ibid.*

Nóg pro-Mosjwesjwe nóg anti-Basoeto sentimente het Wodehouse se uitspraak beïnvloed; Wodehouse was 'n bekwame onderhandelaar en het in ooreenstemming met die "rules of justice" opgetree.[26] Die imperiale en koloniale geskiedskrywers wat hierdie siening deel, beoordeel die grensreëlings in die eerste instansie uit hulle lojaliteit teenoor die Britse onderhandelaar, en nie op grond van die invloed van die reëlings op die blanke Vrystaters of die Basoeto nie.

Uit die kort oorsig van Wodehouse se beweerde lojaliteite wil dit byna voorkom asof geskiedskrywers drie verskillende persone beskryf: die een 'n negrofilis, die ander een was kop en een mus met die blankes, en die laaste persoon 'n regverdige onderhandelaar wat omgesien het na die belange van blank en swart. Hierdie teenstrydighede onderstreep weer eens dat objektiewe geskiedskrywing 'n mite is.

#### 4.1.1.2 Die meriete van die grensreëlings

Soos reeds vermeld, is geskiedskrywers dit eens is dat die grensreëlings tot voordeel van die Vrystaat was. Die pro-blanke en pro-swart geskiedskrywers se beoordeling van die grensreëlings toon egter twee uiteenlopende tendense: Grobbelaar en Hofstede voer argumente aan ter ondersteuning van Wodehouse se reëlings; van die pro-swart skrywers wys op die negatiewe invloed van die grensreëlings op die voortbestaan van die Basoeto.

Terwyl Hofstede kort en saaklik daarop wys dat Wodehouse se uitspraak gegrond was op 'n ooreenkoms tussen Mosjwesjwe en die ORS en Britse grondsertifikate,[27] voer Grobbelaar bewyse aan om aan te toon dat Mosjwesjwe se grondaansprake, wat gestrek het tot by Bloemfontein en in die noorde tot aan die Vaalrivier, ongeldig was. Die gebied was blanke eiendom, omdat 'n dokument in die Vrystaatse Argief toon dat 'n deel van die grond waarop Mosjwesjwe in 1864 aanspraak gemaak het, reeds tydens die Groot Trek deur Makkawaan aan Potgieter verkoop is.[28] Volgens die getuienisse van twee grensboere, W du Plooy en J Schutte, het die grond waarop hulle geboer het gedurende die dertigerjare aan Moroka en Rantsani, familie van Mosjwesjwe, behoort. Die boere het die grond deur wettige kooptransaksies bekom.[29] Mosjwesjwe se aanspraak op die gebied is dus ongeldig. Voorts was die gebied waarop Mosjwesjwe in 1864 aanspraak gemaak het, "woes en ledig" toe die Voortrekkers in 1836 daar ingetrek het.[30] Volgens die reg van eerste inbesitname is die grond dus die blankes se eiendom. 'n Berig in *Friend of the Free State* (16 September 1864)

---

26 Theal, *The Republics and Native territories*, p. 116. *Vide* ook Noble, *Illustrated official handbook of the Cape and South Africa*, p. 447; Wilmot, *South Africa*, p. 260; Anthony Nutting, *Scramble for Africa, The Great Trek to the Boer War*, pp. 68; 75.

27 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 137.

28 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 116.

29 *Ibid.*, pp. 116-117.

30 *Ibid.*, p. 117. *Vide* ook Hoofstuk 1.

wys ook daarop dat die blanke boere hulle "reg" op die grond "versterk het omdat hulle dit teen aanvalle van buite beskerm het".[31] Grobbelaar meld nie wie die aanvallers is nie. Indien hy egter na die Basoeto verwys, kan die teenargument ook geld, naamlik dat die Basoeto die grond wat hulle as hul s'n beskou het, wou herbeset. Blanke bronne, wat die blankes se aanspraak bevestig, word dus deur Grobbelaar ontgin ter ondersteuning van sy positiewe beoordeling van die grensreëlings. Omdat hy nie swart bronne raadpleeg nie, word die Basoeto se belewing van die grensreëlings nie aangespreek nie.

Van die liberale[32] en neo-liberale[33] geskiedskrywers, asook Van Aswegen[34] reken dat Wodehouse geen ag op die getalle en behoeftes van die blanke en swart grensbewoners geslaan het nie. Die gedwonge migrasie na Basoetoland as gevolg van die grensreëlings het daartoe gelei dat 'n gebied "already overpopulated to bursting point" geheel en al oorbevolk was.[35]

Hierdie grensreëlings het dus volgens van die liberale en neo-liberale geskiedskrywers asook Van Aswegen net die behoeftes van een van die partye - die blankes - in ag geneem. Binne agt maande na die sluiting van die ooreenkoms breek oorlog tussen die Vrystaat en die Basoeto uit.

### 4.1.2 Die 1865-Vrystaat-Basoeto-oorlog

#### 4.1.2.1 Oorsake van die oorlog

Aangesien geskiedskrywers se sieninge oor wat die oorsake van die 1858-oorlog was, tot groot hoogtes ooreenstem met wat hulle as oorsake vir die 1865-oorlog noem, naamlik die Basoeto se veediefstalle en weiering om skadevergoedingseise te betaal, sal hierdie aspekte kripties aangeraak word.

Die pro-blanke geskiedskrywers, te wete die koloniale,[36] Afrikanersentriese geskiedskrywer uit die voorwetenskaplike fase,[37] hulle professionele[38] en amateur[39] eweknieë, asook

---

31 *Ibid.*
32 De Kiewiet, *The period of transition*, p. 425; Walker, *A History of Southern Africa*, p. 318.
33 Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, p. 124.
34 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 158.
35 Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, p. 124.
36 Theal, *The Republics and Native territories*, pp. 118-123; Scully, *South Africa*, pp. 197-198; Wilmot, *South Africa*, p. 260.
37 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 140; Aitton, *Republieken in Zuid-Afrika*, p. 80; Van Oordt, *Zwart en wit*, pp. 60-61; Hope, *Onze Plaats in de Geschiedenis*, p. 171; Muller, *Oranje-Vrystaat*, p. 160; GS Preller, Louw Wepener, in PJ Nienaber (samest), *Manne van betekenis*, p. 121; Van Ittersum, *De Vrijstaters en hun Geskiedenis*, p. 23; The Orange Free State Commission, *Sketch of the Orange Free State of South Africa*, p. 20.
38 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 130; Van Schoor, *Die Oranje-Vrystaat*, p. 212; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 14; Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 386; Malan, *Die rol van J. Geo. Fraser in die Vrystaat, 1863-1927*, p. 153; Malan, *Politieke*

Lagden[40] plaas alle blaam vir die uitbreek van die oorlog voor die deur van die Basoeto. Die Basoeto het hulle skuldig gemaak aan betreding van blanke eiendom; diefstalle en moorde; Mosjwesjwe het geweier om aan Brand se skadevegoedingseise te voldoen of teen die skuldiges op te tree. Die Vrystaat was die lydende party en is deur Basoeto-aggressie tot die oorlogsverklaring gedwing "tot redding van land en volk".[41]

Nie alle Afrikanersentriese geskiedskrywers plaas die blaam vir die oorlog slegs op die skouers van die Basoeto nie. DJ Jacobs meld dat daar bewyse bestaan dat "'n aantal Vrystaters van die Basoeto's se vee gesteel het".[42] Hierdie genuanseerde uitbeelding is ook te vinde in twee herinneringswerke.[43] Blank én swart word deur Jacobs, MJ Kirk en die Kaapse senator RW Murray verantwoordelik gehou vir die uitbreek van die oorlog.

Molema lewer teenstrydige uitsprake oor wie verantwoordelik was vir die uitbreek van die 1865-oorlog. In sy boek oor die lewe van Moroka verklaar hy dat die Basoeto na die vasstelling van die grens deur Wodehouse hul toevlug tot "harrassing tactics" geneem het. Die Basoeto se uittarende houding het tot Brand se oorlogsverklaring gelei.[44] Maar in 'n pro-Basoeto publikasie plaas Molema alle skuld vir die konflik op die skouers van die Vrystaat: "The independent Boer State ... renewed its land troubles with the Basuto".[45] Hoewel Molema nie vermeld wat die blanke boere gedoen het nie, het hulle optrede volgens hom gelei tot die uitbreek van die 1865-oorlog.[46]

Ten spyte van sy lojaliteit jeens Mosjwesjwe, onthef Ellenberger nie die Basoeto van blaam vir die uitbreek van die oorlog nie: veediefstalle het op groot skaal voorgekom en Mosjwesjwe was nóg in staat nóg opreg in sy begeerte om dit te voorkom, want nóg hy nóg

---

*strominge*, p. 35; Barnard (red), *Vrystaatse Artillerie: geskiedenis van 6 Veldregliment*, p. 25; Grobbelaar, *Die Vrystaatse presidente*, p. 57; Van Rensburg, *Bethlehem*, p. 114; Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 29; Nutting, *Scramble for Africa*, p. 75 (hoewel Nutting pro-Brits is, is sy uitsprake met betrekking tot blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat pro-blank).

39 Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 15; Henry Taylor, *Doctor to Basuto, Boer & Briton, 1877-1906. Memoirs of Dr. Henry Taylor*, p. 121; Wepener, *Louw Wepener*, p. 41.

40 Lagden, *The Basutos*, vol II, pp. 342-345. *Vide* Hoofstuk 3 vir soortgelyke simpatie vir die Vrystaat tydens Lagden se bespreking van die 1858-oorlog.

41 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 171. Theal, *The Republics and Native territories*, p. 123; Muller, *Oranje-Vrystaat*, p. 160; Van Oordt, *Zwart en wit*, p. 54; Grobbelaar, *Die Vrystaatse presidente*, p. 57; HN Conradie, *Lewensgeskiedenis van Komdt.-Genl. J.I.J. Fick. Veroweraar van die Verowerde Gebied*, p. 32; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 161 en Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 386 deel die siening.

42 DJ Jacobs, *Landbou en veeteelt in die Oranje- Vrystaat, 1864-188*, p. 194 verskaf nie die bewyse nie. Die siening dat blank en swart hulle aan diefstalle skuldig gemaak het, word deur die swart geskiedskrywer Bhebe, *The British, Boers and Africans in South Africa, 1850-80*, p. 164 onderskryf.

43 Kirk, *Memoirs of Grannie Kirk (1823-1906)*, p. 79; RW Murray, *South African reminiscences*, p. 71.

44 Molema, *Chief Moroka*, p. 117.

45 Molema, *The Bantu - past and present*, p. 62.

46 *Vide ibid.*

sy volgelinge wou die verlies van hul grondgebied lydelik aanvaar. Hoewel Ellenberger die redes vir die konflik net voor die deur van die Basoeto plaas, dien die vermelding van die verlies aan grondgebied as regverdiging vir hulle optrede.[47]

Die neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers plaas óf die blaam vir die uitbreek van die oorlog voor die deur van die blankes óf hulle regverdig Basoeto-aggressie. Sanders minimaliseer en regverdig Basoeto aanvalle op die blankes,[48] want hulle gesaaides was oesgereed en "the Sotho had only harassed the Afrikaners because the Afrikaners had taken their land".[49] Daarteenoor is die Vrystaat se optrede volgens van die neo-liberale geskiedskrywers gemotiveer deur hulle grondhonger "of course the Free Staters' progress to war was hastened by the prospect of more land"[50] en wraak, want "many Free State burghers were longing to avenge their humilation of 1858".[51] Voorts word die bewering gemaak dat beide blank en swart hulle skuldig gemaak het aan grensskendings as gevolg van die afwesigheid van effektiewe grensbeheer.[52] Die pro-swart geskiedskrywers se regverdiging van die Basoeto se optrede en hulle beskuldigings teen die blankes sal in die bespreking van Brand se ultimatum aan die Basoeto weer aan die orde gestel word.

Afrikanersentriese, koloniale en imperiale geskiedskrywers plaas dus alle blaam op die skouers van die Basoeto. Slegs die blankes se belewing van gebeure word weergegee. Die blanke (Afrikaners) was in 'n stryd om oorlewing teen die Basoeto gewikkel. Pro-swart geskiedskrywers ontken op hulle beurt nie Basoeto-aggressie nie, maar hulle regverdig dit as reaktiewe optrede teen blanke ekspansionisme. Voorts móés die Basoeto ter wille van oorlewing blanke grondgebied betree. Twee skrywers van herinneringswerke en 'n Afrikanersentriese geskiedskrywer verskaf genuanseerde uitbeeldings en wys daarop dat blank én swart vir die oorlog verantwoordelik gehou moet word. Dit is opmerklik dat Molema se blaamlegging deur die hoofkarakter(s) van sy boeke bepaal is. Moroka en die boere het tydens die 1865-oorlog 'n samewerkingsooreenkoms[53] gehad en Mosjwesjwe wou

---

47 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, pp. 131-132. *Vide ibid*, pp. 103-104 vir kritiek teen die Vredesverdrag van Aliwal-Noord. Ten spyte van die Basoeto se oorwinning het Grey Mosjwesjwe gedwing om Basoetogrondgebied aan die Vrystaat af te staan.

48 *Vide* Sanders, *Moshoeshoe*, p. 266 vir 'n kort bespreking van die gebeure wat deur Sanders beskryf word as "though petty in themselves, had not only fed the fires of the burghers' indignation, but also provided Brand with the new grounds of complaints that he needed if he was to force on a general war and so maintain his position".

49 *Ibid.*, p. 267. *Vide* ook Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 53 en Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 111.

50 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 268. Cf ook Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, p. 124; Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 111; Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 53.

51 Thompson, *Survival in two worlds*, p. 276.

52 Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 111. Heydenrych, *Die Boererepublieke, 1852-1881*, p. 148 verwys na "ongedissiplineerde optrede van die Vrystaatse grenspatrolliemag" wat tot spanning tussen die bevolkingsgroepe gelei het.

53 *Vide* JM Wales, *The relationship between the Orange Free State and the Rolong of Thaba 'Nchu during the Presidency of J.H. Brand, 1864-1888*, pp. 212-227 vir die samewerking

nie Moroka se onafhanklikheid erken nie, gevolglik hou hy die Basoeto verantwoordelik vir die uitbreek van die oorlog in sy Moroka-biografie. In *The Bantu - past and present* stel hy die belange van die swartes voorop, dus word die blankes verantwoordelik gehou vir die oorlog.

Nóg die pro-blanke nóg die pro-swart geskiedskrywers staaf hulle beskuldigings oor wie verantwoordelik gehou moet word vir die uitbreek van die 1865-oorlog. Hulle teenstrydige "historiese feite" word dus as gegewe aanvaar.

#### 4.1.2.2 Brand se ultimatum aan die Basoeto

Brand het na Wodehouse se vasstelling van die Vrystaat-Basoetolandgrens Mosjwesjwe voor 'n keuse gestel: die Basoeto moet binne 'n maand na die vasstelling van die grens hulle besittings uit die Vrystaat verwyder en die grensreëlings gehoorsaam, óf die Vrystaat verklaar oorlog.[54] In geskiedskrywers se bespreking van hierdie ultimatum kom twee teenstydige standpunte na vore, naamlik dat die ultimatum regverdig en menslik was, of dat onrealistiese eise aan die Basoeto gestel is.

Hofstede se siening dat Brand die Basoeto "bilijk verzoek" het om die gebied te verlaat en selfs die spertydperk vir die ontrekking "gedurig verlengd" het om die Basoeto tyd te gun om hulle oeste van die lande te kry,[55] word deur koloniale[56] en Afrikanersentriese[57] geskiedskrywers onderskryf. Brand word as tegemoetkomend en menslik geskets, maar "as had been the experience of the white man in South Africa, he received no thanks for his pains".[58] Hierdie blank-meerderwaardige uitspraak deur Trafford B Barlow reflekteer die siening van wat sommige Afrikaners in die 1970's gehuldig het.

Terwyl Brand as tegemoetkomend geskets word, word Mosjwesjwe in 'n negatiewe lig gestel. Daar was geen aanduiding van 'n houdingsverandering by Mosjwesjwe en sy kapteins te bespeur nie. Dit wou eerder voorkom asof die Basoeto oorlog verkies het bo die

---

tussen die Barolong en die Vrystaat tydens die 1865-oorlog. Die Barolong was nie direk by die stryd betrokke nie, want Moroka wou nie Thaba Nchu onbeskerm laat teen 'n moontlike aanval deur Mosjwesjwe nie.

54 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 121.

55 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 137

56 Theal, *The Republics and Native territories*, p. 118; Noble, *Illustrated official handbook of the Cape and South Africa*, p. 447.

57 Van Oordt, *Zwart en wit*, pp. 56-57; Spies, *Hamelberg*, p. 255; Attree, *The closer union movements*, p. 367; SF Malan, *Die rol van J. Geo. Fraser in die Vrystaat, 1863-1927*, p. 153; Conradie, *Lewensgeskiedenis van Komdt.-Genl. J.I.J. Fick. Veroweraar van die Verowerde Gebied*, p. 33; Barlow, *President Brand*, p. 52; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 160.

58 Barlow, *President Brand*, p. 52.

ontruiming van die gebied.[59] Eloff konkludeer na aanleiding van die redaksionele kommentaar in *The Friend* van 25 November 1864 dat die algemene gevoel in die Vrystaat was dat "everything had been done on its part to maintain peace and that the onus for averting the threatened armed conflict thus rested upon Moshweshwe and his subjects".[60] Na Mosjwesjwe se ignorering van Brand se ultimatum breek oorlog op 9 Junie 1865 uit.

Met die uitsondering van Grobbelaar en Van Aswegen wend pro-blanke geskiedskrywers geen poging aan om die Basoeto se belewing van hul uitsetting uit die gebied weer te gee nie. Grobbelaar gee toe dat 'n maand te min tyd vir die Basoeto gelaat het om hulle besittings uit die gebied te verwyder. Die vervoer van die Basoeto se besittings met behulp van pakdiere is baie tydrowend.[61] Grobbelaar toon ook empatie met die Basoeto se versoek gedurende Februarie 1865 om hul sorghum in te samel. Gerugsteun deur skrywes van die Franse sendelinge wys hy daarop dat sorghum as die "lewensvraag [en] stapelvoedsel" van die Basoeto beskou kan word. Ten spyte van sy empatie meld hy dat die versoek genoodsaak is omdat die Basoeto "nooit voorsiening gemaak het vir die toekoms nie".[62] Grobbelaar se empatie vir die Basoeto is dus nie onvoorwaardelik nie. Hy gee toe dat hulle van die sorghum afhanklik is vir hulle voortbestaan, maar hy spel dit uit dat die Basoeto nie die vermoë besit om langtermynbeplanning te doen nie. Van Aswegen wys daarop dat die Basoeto reeds jare redelik ongestoord die grond bewerk en as hulle eiendom beskou het. Dit is dus begryplik dat hulle onwillig was om aan die ontruimingsbevel gehoor te gee.[63]

Lagden (1909) toon begrip vir die beide die Basoeto en die Vrystaters. Eendersyds was die Basoeto verbitterd en onwillig omdat hulle hulle standplase moes ontruim en verbied is om in hul ou jaggebiede te beweeg.[64] Andersyds was Brand se optrede nie net in ooreenstemming met die Wodehouse-bepalings nie, maar "was dictaded by the knowledge that, in dealing with a savage tribe ... the soundest policy was to allow no latitude for demur but rather to charge home at once, trusting in a righteous cause having the sanction of authority behind it".[65]

Balfet, 'n tydgenoot van Lagden en fel kritikus van die blanke Vrystaters, deel nie hierdie genuanseerde siening nie. Die doel van die ultimatum was om die Basoeto van hulle

---

59 Theal, *The Republics and Native territories*, p. 180; Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, pp. 183; 140; Van Oordt, *Zwart en wit*, p. 57; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 14 baseer die siening op die *Basutoland Records* III, pp. 312-313; Scholtz, *President Brand*, p. 45; Van Schoor, *Die Oranje-Vrystaat*, p. 212; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 125-126.

60 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 14.

61 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 121.

62 *Ibid.*, p. 123.

63 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 160.

64 Lagden, *The Basutos*, vol II, p. 340.

65 *Ibid.* Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 121 haal hierdie gedeelte aan ter regverdiging van Brand se ultimatum. Grobbelaar beskou Lagden se beoordeling as "die juiste verklaring" van Brand se "strengheid" teenoor die Basoeto.

grondgebied te verwyder voordat hulle hul gesaaides kon oes. Hoewel hy dit nie pertinent uitspel nie, skep Balfet die persepsie dat die blanke boere hulself wou verryk deur onregmatig beslag op die Basoeto se gesaaides te lê. Hy toon begrip vir die Basoeto se onwilligheid om die gebied te verlaat; hulle wou slegs hulle regmatige eiendom en vrug op hul arbeid behou.[66]

Ellenberger is oortuig daarvan dat 'n oorlog afgeweer kon word indien die Vrystaat nie daarop aangedring het dat die Basoeto onmiddellik die Vrystaat moet verlaat nie. Die Basoeto is toestemming geweier om hulle oeste in te samel en "early in 1865 a boer commando expelled them brutally from their homes, before they could even begin reaping their crops, and they were thus reduced to a state of famine".[67] Die onbewese gegewens oor die ongenaakbare optrede van die Vrystaat weerspreek die gegewens van die pro-blanke geskiedskrywers wat dit beklemtoon dat Brand medemenslik teenoor die Basoeto opgetree het en hulle toegelaat het om hulle oeste in te samel, maar vind weerklank in die werke van liberale en neo-liberale geskiedskrywers. Hierdie skrywers wys ongeverifieerd daarop dat die Basoeto onmiddellik na die uitvaardiging van die Wodehousegrensreëlings teruggetrek het[68] ten spyte van die feit dat "the time allowed to them was extremely short" en "even with the best will in the world it would be difficult for them to comply with the President's demand".[69] Die ignorering van die grensreëlings word geregverdig - die Basoeto is tot sodanige optrede verplig as gevolg van 'n gebrek aan lewensruimte en die begeerte om hul eiendom (die oeste en hutte) te behou en te beskerm.[70] Voorts beweer Sanders dat van die blanke boere hulself die reg toegeëien het om die verlate gesaaides van die Basoeto te oes, dit moes noodwendig tot konflik lei toe die Basoeto teruggekeer het om hul gesaaides te oes.[71] Die persepsie wat geskep word, is dat die Basoeto slegs ter wille van oorlewing die ultimatum geïgnoreer het, daarteenoor het die blanke boere oneties opgetree.

Uit voorafgaangde historiografiese analise blyk dit dat sommige pro-blanke geskiedskrywers van mening is dat Brand se versoek dat die Basoeto hulle aan die Wodehousereëlings moet hou, redelik was. Voorts het hy het ook medemenslik opgetree en hulle meer as genoeg tyd gegee om die gebied te verlaat. Hulle ignoreer die versoek. Brand het geen ander keuse gehad as om oorlog te verklaar nie. Hoewel Van Aswegen en

---

66 Balfet, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, p. 113.

67 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 133.

68 JP Bruwer, *Manne van die Bantoe*, p. 75; Walker, *A History of Southern Africa*, p. 318; De Kiewiet, *The period of transition*, p. 425; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 264; Thompson, *Survival in two worlds*, p. 276; Heydenrych, *Die Boererepublieke, 1852-1881*, p. 148. Smith, *The Mabilles of Basutoland*, p. 142 baseer sy siening op 'n ooggetuieverslag deur Orpen.

69 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 263. Smith, *The Mabilles of Basutoland*, p. 142 onderskryf hierdie siening.

70 Smith, *The Mabilles of Basutoland*, p. 142; Walker, *A History of Southern Africa*, p. 318; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 266.

71 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 266.

Grobbelaar toegee dat daar logistieke probleme met die ontruiming was, gebruik Grobbelaar hierdie probleme as vertrekpunt vir kritiek teen die Basoeto se lewenswyse. Hierdie twee professionele geskiedskrywers openbaar 'n groter genuanseerdheid as hulle geesgenote.

Hoewel van die tydgenootlike geskiedskrywers begrip toon vir Brand se oorlogsverklaring, is alle pro-swart skrywers dit eens dat die Basoeto te min tyd gegun is om aan Brand se ontruimingsbevel gehoor te gee. Hierdie geskiedskrywers regverdig die Basoeto se terugkoms na die ontruimde gebied as 'n oorlewingsbesluit. In ooreenstemming met die liberale en neo-liberale geskiedskrywers se persepsie dat blank-swart-konflik die gevolg van blanke ekspansionisme is, suggereer verskeie van hierdie skrywers dat die boere wederregtelik die Basoeto se gesaaides vir hulleself wou opeis. Die swartes se belewing van hoe die ultimatum hulle lewenskwaliteit sou beïnvloed indien aan die onredelike eise gehoor gegee sou word, word gegee. Hierdie skrywers toon geen begrip vir die redes waarom Brand die ultimatum uitgevaardig het nie.

Dit is opmerklik dat weinig van die geskiedskrywers hulle beskuldigings verifieer. Terwyl Eloff blanke bronne gebruik om Basoeto-aggressie aan die kaak te stel, benut Grobbelaar pro-swart skrywes as vertrekpunt vir 'n aanval teen die Basoeto. Tog toon hy 'n mate van begrip vir hulle. Hoewel Sanders se Mosjwesjwe-biografie op deeglike navorsing berus, het hy nie sy kritiek teen die blankes of regverdiging van Basoeto-optrede geverifieer nie.

Op 9 Junie 1865 breek oorlog tussen die Vrystaat en Basoetoland uit.

#### 4.1.2.3 Die verloop van die 1865-Vrystaat-Basoeto-oorlog

In die historiografiese ontleding van die 1865-oorlog sal aandag aan die relatiewe sterkte van die strydende magte, asook die blanke en swart soldate se optrede op die slagveld en teenoor die burgerlike bevolking gegee word.

##### 4.1.2.3.1 Die relatiewe sterkte van die Vrystaat- en Basoetomagte

Van die gespesialiseerde werke bevat vergelykende besprekings van die twee strydende magte op die vooraand van die oorlog. 'n Opvallende tendens van hierdie besprekings is dat die pro-swart geskiedskrywers klem lê op die meerderwaardige posisie van die blanke magte, terwyl die pro-blanke geskiedskrywers die persepsie wil skep dat die Vrystaatse magte suksesse behaal het ten spyte van logistieke probleme en geografiese faktore.

Lagden huldig die siening dat die relatiewe sterkte van beide magte gedurende die agt jaar sedert die vorige oorlog aansienlik verander het. Interne verdeeldheid as gevolg van die inmenging van Pretorius in die Vrystaat se huishoudelike sake het verdwyn, en die Vrystaters onder Brand was verenig teen 'n gemeenskaplike vyand. Die blanke bevolking

het in getalsterkte aansienlik toegeneem en was beter bewapen.[72] Daarteenoor het die Basoeto se militêre krag as gevolg van veral leierskapsprobleme afgeneem.[73]

Terwyl Lagden in 1909 die Basoeto se probleme en die Vrystaat se groeiende mag uitlig, voer Grobbelaar (1939) bewyse aan ter ondersteuning van sy siening dat die Basoeto "etlike voordele bo die Boere gehad" het. Die Basoeto kon hulle "vrouens, kinders en vee na die Malutiberge stuur, terwyl die onbeskermdheid van die grense die Boer se familie en besittings in gevaar gestel het".[74] Uit 'n blanke perspektief wek hy empatie vir die blankes wat weerloos teen aanvalle deur die Basoeto was. Voorts "was die behoeftes van die Basoetoe-kryger minder as dié van die Boer en hul uithoudingsvermoë daarom groter".[75] Die argument, wat Grobbelaar baseer op 'n skrywe van Orpen, dui op 'n ongegronde veralgemening oor die fisiese vermoëns en behoeftes van swartes.

Gerugsteun deur blanke bronne sê Grobbelaar dat die magte ongeveer ewe sterk was wat betref krygsmateriaal.[76] Daarteenoor beweer EA Venter dat die Basoeto se militêre slaankrag beter as dié van die Vrystaatse magte was as gevolg van die feit dat van die Basoeto goed bewapen was met "gewere en selfs twee kannonetjies" gehad het. Van hulle was selfs in "rooi baadjies en swart broeke" geklee.[77] Van die Afrikanersentriese geskiedskrywers maak gewag daarvan dat die Basoeto Westerse wapentuig bekom het.[78]

Die neo-liberale geskiedskrywers se bespreking van die potensiële militêre krag van die strydende magte vorm die teenpool vir dié van Afrikanersentriese geskiedskrywers, maar sluit aan by dié van Lagden. Hulle lê veral klem op die Basoeto se gebrek aan voldoende en moderne wapenrusting. Die Basoeto moes die stryd aanknoop met minderwaardige wapens as gevolg van die Britse verbod op die verkoop van wapens aan hulle.[79] Hierdie verbod het die Basoeto gevolglik weerloos teen blanke aggressie gelaat. 'n Gevolg van die gebrek aan wapens was dat Mosjwesjwe se militêre suksesse eerder toegeskryf kan word aan gebrek aan

---

72 Lagden, *The Basutos*, vol II, p. 252 verskaf geen bewyse vir die gegewens nie.

73 *Ibid.*, p. 253 beweer dat Mosjwesjwe nie meer geestelik of fisies in staat was om sy volk te lei nie. Mosjwesjwe het nie net kontak met sy kapteins verloor nie, maar die afwesigheid van 'n sterk leiersfiguur om sy plek in te neem en as koördineerder van die Basoetomagte op te tree, het tot gevolg gehad dat die verskillende Basoetokapteins onafhanklik van mekaar opgetree het.

74 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 132.

75 *Ibid.*

76 *Ibid.*

77 Venter, *Ons geskiedenisalbum*, p. 390.

78 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 132; Venter, *Ons geskiedenisalbum*, p. 390; Conradie, *Lewensgeskiedenis van Komdt.-Genl. J.I.J. Fick. Veroweraar van die Verowerde Gebied*, pp. 36-53. Volgens die Bloemfontein Konvensie mag daar nie wapens aan die Basoeto verkoop/verskaf word nie.

79 Troup, *South Africa*, p. 138; Thompson, *Survival in two worlds*, p. 281; Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 111; Kevin Shillington, *A History of Southern Africa*, p. 77; Anthony Atmore, The passing of Sotho independence 1865-70, in Leonard Thompson (ed), *African societies in Southern Africa*, p. 283.

deursettingsvermoë by die Vrystaatse magte[80] asook onderlinge verdeeldheid, as die militêre slaankrag van die Basoeto, aldus Sanders.[81] Hierdie geskiedskrywers toon empatie met die Basoeto wat betrokke geraak het in 'n oorlog teen 'n vyand wat beter as hulle bewapen was.

In gedetailleerde, genuanseerde besprekings wys Tylden (1950) en Van der Poel (1941) op die swak- en sterkpunte van beide die Vrystaat- en Basoetomagte. Hoewel Tylden se bespreking uitsluitlik op blanke bronne berus en Van der Poel haar ontleding van die relatiewe sterkte van die twee magte nie verifieer nie, bereik hierdie twee skrywers 'n groot mate van geloofwaardigheid as hulle tot die gevolgtrekking kom dat beide die blankes en die Basoeto, ten spyte van tekortkominge, gereed was vir die stryd.[82]

Volgens sommige Afrikanersentriese geskiedskrywers het die Vrystaat dus suksesse behaal ten spyte die feit dat Basoetoland die meerdere slaankrag en geografiese voordele gehad het. Die teendeel word deur neo-liberale geskiedskrywers geopper. Die Vrystaat se mislukkings kan geregverdig word op grond van die vyand se meerdere slaankrag, aldus Afrikanersentriese geskiedskrywers. Daarenteenoor toon die neo-liberale geskiedskrywers empatie met die swartes wat swak bewapen tot die stryd moes toetree. Slegs Tylden en Van der Poel gee toe dat beide magte sterk- en swakpunte gehad het.

Van die skrywers wat hulle feite verifieer - Sanders, Tylden en Grobbelaar - steun uitsluitlik op blanke bronne, maar tog verskil hulle sieninge. Sanders wys op die gunstige posisie van die Vrystaatse magte. Grobbelaar sê dat die Basoeto "etlike voordele" bo die blankes gehad. Tylden wys op die probleme van beide strydende magte. Hierdie drie geskiedskrywers benut dus inligting uit gelyksoortige bronne. Maar terwyl Tylden op beide magte se probleme wys, gebruik Sanders en Grobbelaar die bronne selektief ter ondersteuning van hulle voorafingenome standpunte.

#### 4.1.2.3.2 Die militêre konflik

Aangesien die militêre konfrontasie nie op Vrystaatse grondgebied plaasgevind het nie en geskiedskrywer se bespreking van die 1865-oorlog grootliks ooreenstem met hulle uitbeelding van die 1858-oorlog, sal aandag slegs geskenk word aan die Vrystaters se militêre strategie, asook die soldate se optrede teenoor burgerlikes.

---

80 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 287 verwys na berigte in *The Friend* en Collins, *Free Statia* ter verifiëring.

81 Sanders, *Moshoeshoe*, p. 294.

82 Tylden, *The rise of the Basuto*, pp. 91-92; Van der Poel, *Basutoland*, p. 195.

Die militêre strategie van die Vrystaatmagte

Van die pro-blanke geskiedskrywers, te wete koloniale,[83] Afrikanersentriese geskiedskrywers uit die voorwetenskaplike fase,[84] asook hulle professionele[85] en amateur[86] geesgenote beklemtoon die suksesse wat die Vrystaatse magte behaal het.

Theal beskryf die Vrystaatse burgers as dapper krygers: "the stubborn Batavian race ... over and over again proved its right to rank with the best and the bravest of the nations of Europe".[87] Ten spyte van die positiewe uitbeelding van die Vrystaatse soldate[88] en die beklemtoning van hulle militêre suksesse, meld van die Afrikanersentriese geskiedskrywers dat swak organisasie, swak dissipline en 'n gebrek aan verantwoordelikheidsin daarvoor verantwoordelik was dat die Vrystaters nie in staat was om Thaba Bosigo op 8 Augustus 1865 in te neem nie.[89] Grobbelaar temper sy kritiek: "Dit moet egter vermeld word dat vier burgers werklik die kroon van die berg bestyg het, wat vir Moshesh 'n vingerwysing was dat hy die stryd gaan verloor."[90] Terwyl Grobbelaar die mislukte beleëring van Thaba Bosigo minimaliseer in die lig van latere gebeure, glo GS Preller (1950) weer dat die drostery van die "lafhartige manne"[91] die toekoms van die Vrystaat negatief beïnvloed het:

> *[A]s Wepener in Augustus 1865 voor Thaba Bosigo in bevel was, sou die geskiedenis heeltemal anders gewees het en sou die Unie nie vandag*

---

83 Theal, *The Republics and Native territories*, pp. 159-204; Moodie, *The History of the battles and adventures of the British, the Boers, Sr., in Southern Africa from the time of the Pharaoah Necho to 1880*, vol I, p. 577; Holden, *A brief History of Methodism*, p. 371 skryf die Vrystaat se suksesse toe aan "Englishmen of acknowledged bravery" wat skynbaar van die Vrystaatse magte gelei het. Hy verskaf nie die name van die bevelvoerders of die veldslae nie.

84 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, pp. 141-190; Collins, *Free Statia*, pp. 218-228; Van Oordt, *Zwart en wit*, pp. 111-127; 158-190; 202-234; John George Fraser, *Episodes in my life*, pp. 32-40; Conradie, *Lewensgeskiedenis van Komdt.-Genl. J.I.J. Fick. Veroweraar van die Verowerde Gebied*, pp. 36-53. *Vide* ook Lagden, *The Basuto*, vol II, pp. 376; 382-383. Lagden het groot bewondering vir Mosjwesjwe gekoester, maar nadat hy sy houvas oor sy onderdane verloor het, het Lagden se empatie vanaf die Basoeto na die Vrystaters verskuif (*ibid.*, pp. 464-467).

85 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 135-148; Tylden, *The rise of the Basuto*, pp.93-102; Spies, *Hamelberg*, pp. 261-269.

86 Prinsloo, *Smithfield*, pp. 257-288.

87 GM Theal, *A fragment of Basuto History, 1854 to 1871*, p. 48.

88 Collins, *Free Statia*, p. 214; Van Oordt, *Zwart en wit*, pp. 62; 111-127; 202-205; 209-217; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 15; Prinsloo, *Smithfield*, p. 257.

89 Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 16; Oberholster & Stemmet, *Senekal se eerste honderd jaar, 1877-1977*, p. 34; Oosthuizen, *Die Basoeto-oorloë*, p. 9; Collins, *Free Statia*, p. 215; Van Oordt, *Zwart en wit*, pp. 128-148; 202-207; Preller, *Louw Wepener*, p. 123; 125; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 136; 138-139; Spies, *Hamelberg*, p. 268; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 98; Malan, *Die rol van J. Geo. Fraser in die Vrystaat, 1863-1927*, p. 155; JG Fraser, Diary 16 December 1864-12 January 1868, in Karel Schoeman (ed), *Sotho War Diaries 1864-1865*, pp. 44-57; Lagden, *The Basuto*, vol II, p. 390.

90 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 136.

91 Preller, *Louw Wepener*, pp 123; 125.

> *opgeskeep gesit het met 'n balhorige, brutale, van buite onophoudelike teen ons aangehitste naturelle-protektoraat nie.*[92]

Hierdie Afrikanersentriese geskiedskrywers lê dus nie eensydig klem op die positiewe optrede van die Vrystaters nie. Afrikanersentriese en koloniale geskiedskrywers is egter eensydig negatief in hulle uitbeelding van die Basoetokrygers. Die Basoeto is lafhartig:

> *[I]k had het genoegen te zien ... dat die Kaffers ellendige lafaards zijn, die dadelijk het hazenpad kiezen, als de burgers, hoe weinig ook in getal, slechts moed hebben en eenparig handelen.*[93]

Hulle is ook barbare/"savages".[94] Om die beeld van swart barbarisme te versterk, beweer van die geskiedskrywers veralgemenend dat van die Basoetokrygers tydens die 1865-oorlog kannibalisme bedryf het.[95] Ander wys daarop dat dele van Louw Wepener se liggaam deur die swartes geëet is.[96]

Na die mislukte beleg van Thaba Bosigo verander Brand sy militêre strategie. Voortaan sou die Vrystaat hulle toespits op die vernietiging van die Basoeto se gesaaides en die buitmaking van hulle vee.[97] Grobbelaar spreek hom nie uit oor die meriete van sodanige strategie nie. Hy maak egter die onbewese stelling dat Mosjwesjwe se getuienis aan Wodehouse dat die Basoeto in "onbeskryflike ellende verkeer" as gevolg van dié strategie van alle waarheid ontbloot is[98] en reken dat "die hulpeloosheid van hulle toenmalige toestand oor die algemeen erg oordrewe word".[99] Grobbelaar ontken die negatiewe gevolge van die vernietigingstrategie. Ander Afrikanersentriese geskiedskrywers, met die uitsondering van HN Conradie en 'n dagboekskrywer, verswyg die vernietigingstrategie en die daaropvolgende Basoeto lyding in hulle werke. Ten spyte van Conradie se pro-Vrystaat

---

92 *Ibid.*, p. 126.

93 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 171. *Vide* ook Theal, *The Republics and Native territories*, pp. 159-204; Moodie, *The History of the battles and adventures of the British, the Boers, Sr., in Southern Africa from the time of the Pharaoah Necho to 1880*, vol I, p. 577; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 16.

94 Theal, *The Republics and Native territories*, pp. 159-204; Moodie, *The History of the battles and adventures of the British, the Boers, Sr., in Southern Africa from the time of the Pharaoah Necho to 1880*, vol I, p. 577; Lagden, *The Basuto*, vol II, p. 355.

95 Moodie, *The History of the battles and adventures of the British, the Boers, Sr., in Southern Africa from the time of the Pharaoah Necho to 1880*, vol I, p. 577; A Kieser, Basoeto's en diamante laat pres. Brand swaar lewe, in A Böeseken, DW Kruger & A Kieser (reds), *Drie eeue. Die verhaal van ons vaderland*, deel III, p. 121.

96 In April 1866 is aan Vrystaters toestemming verleen om die gebeendere van Louw Wepener weg te neem. Volgens skrywers is die onvolledige gebeendere van twee lyke gevind (cf o.a. Van Oordt, *Zwart en wit*, p. 233; Preller, *Louw Wepener*, p. 114 baseer sy siening op vertellinge deur pres. MT Steyn; Venter, *400 leiers in Suid-Afrika oor vier eeue*, p. 62).

97 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 139; Fraser, *Episodes of my life*, p. 53.

98 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 144.

99 *Ibid.*, p. 150.

sentimente, beeld hierdie geskiedskrywer in 1927 nie net die lyding van die blankes tydens die 1865-oorlog uit nie:

> *Die toestande was dan ook werklik haaglik [sic] vir die kaffers, want rapporte het gekom dat die klein kaffertjies by Molappe se magies reeds moes ingebind word om die honger te stil. Die stronke van mielies het hulle tot voedsel gedien.*[100]

In 'n belangwekkende publikasie oor die 1865-oorlog kritiseer James Briggs, voormalige lid van die 96ste Britse Regiment en Vrystaatse soldaat tydens die 1865-oorlog,[101] nie net die swart "savages"[102] wat onskuldige burgerlikes vermoor het en op groot skaal diefstal gepleeg het nie,[103] maar ook sy gevegsgenote:

> *I have no hesitation in saying that I consider many of the Boers as great savages as the Kaffirs, for they never give quarter, and there are instances of the most disgusting bloodthirstiness.*[104]

Ter ondersteuning van dié siening gee hy verskeie voorbeelde van die "disgusting cruelty" van die Vrystaters teenoor swartes ten tye van die oorlog.[105] Volgens hierdie dagboekskrywer het hy die Vrystaatse soldate by verskeie geleenthede daarop gewys dat hulle nie kan verwag dat die "savages" vreedsame en goeie bure sou word as die blankes in tye van oorlog én vrede haatdraend en vergeldend teenoor hulle optree nie.[106]

Terwyl die koloniale en Afrikanersentriese geskiedskrywers, met enkele uitsonderings na, Brand se vernietigingsfase van die oorlog ignoreer, is dit juis hierdie fase wat die aandag van pro-swart geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke geniet. Van die tydgenootlike[107] en professionele[108] liberale, asook swart,[109] neo-liberale[110] en

---

100 Conradie, *Lewensgeskiedenis van Komdt.-Genl. J.I.J. Fick. Veroweraar van die Verowerde Gebied*, p. 53.

101 *Vide* Karel Schoeman (ed), *Sotho War Diaries 1864-1865*, pp. 10-11 vir 'n kort biografiese skets van James Briggs.

102 James Briggs, Diary, 17 April-21 July 1865, in Karel Schoeman (ed), *Sotho War Diaries 1864-1865*, pp. 92; 94.

103 *Ibid.*, pp. 89; 94.

104 *Ibid.*, p. 94.

105 *Vide ibid.*, pp. 94-95.

106 *Ibid.* p. 95.

107 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 136; Balfet, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, p. 113.

108 De Kiewiet, *The period of transition*, p. 429; Van der Poel, *Basutoland*, p. 209; Walker, *A History of Southern Africa*, p. 322; Bergh, *Stamme & ryke*, p. 65.

109 Bhebe, *The British, Boers and Africans in South Africa, 1850-80*, p. 164.

110 Were, *A History of South Africa*, p. 110; Parsons, *A new History of Southern Africa*, p. 130; Becker, *Hill of destiny*, p. 257; Heydenrych, *Die Boererepublieke, 1852-1881*, p. 148; Omer-Cooper, *Colonial South Africa*, p. 390; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 294; Shillington, *A History of Southern Africa*, p. 77; Debroey, *Zuid-Afrika*, p. 266; Paton, *The land and people of South Africa*, p. 149; Williams, *Moshesh*, p. 142; Atmore, *Sotho independence*, p. 282.

revisionistiese[111] geskiedskrywers veroordeel Brand se oorlogstrategie. Becker se siening dat "[t]he Basotho were hungry, bewildered and broken, and could hold out no longer"[112] word deur voorafgaande geskiedskrywers gedeel. Die Basoeto was die slagoffers van blanke ekspansionisme:

> *[T]hey lost much property, including cattle and crops. Their homes were destroyed and many lives were lost as the Boers tried to exterminate the whole population in a bid to seize their land.*[113]

Eldredge gee die volgende negatiewe beskrywing van die Vrystaat se militêre strategie:

> *[T]he Boers took by force the food and livestock which they could not obtain through legitimate means of production or trade, and deliberately induced famine by destroying which they could not take for themselves.*[114]

Sy kom tot die gevolgtrekking dat "famines were governed by human factors, caused by war and used in war".[115]

Terwyl voorafgaande geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke geen begrip vir die blankes se optrede toon nie, lewer Van der Poel weer eens teenstrydige uitsprake. Sy beweer dat geïsoleerde Boerekommando's op 'n ongekontroleerde wyse beslag gelê het op swartes se vee en waarsku: "this kind of warfare, involving inevitable reprisals ... was a most dangerous thing - an opportunity for non-belligerent marauders to carry off cattle no matter to whom they belonged, and for every little revengeful tribe to pay off old scores".[116] Ten spyte van hierdie kritiek skryf sy: "It is useless to regard Brand's action and that of the Volksraad merely as a ruthless and selfish attempt to swallow up the land of the Basuto regardless of consequences."[117] Sy beweer dat Brand se optrede slegs gemotiveer is deur sy begeerte om permanente vrede tussen die bevolksingsgroepe daar te stel. Volgens haar het sy oogmerk, naamlik om die Basoetomag te verswak en deur 'n beleid van verdeel en heers vrede te bewerkstellig, die potensiaal gehad om vrede te bewerkstellig.[118]

Uit die historiografiese analise van die Vrystaters se militêre strategie blyk die beklemtoning van die Vrystaat se suksesse deur Afrikanersentriese geskiedskrywers. Hierdie geskiedskrywers is nie almal onkrities in hulle beoordeling van die blankes nie. Swak

---

111 Pampallis, *Foundations of the New South Africa*, p. 7; Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 80.
112 Becker, *Hill of destiny*, p. 259.
113 Were, *A History of South Africa*, p. 110.
114 Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 80.
115 *Ibid.*
116 Van der Poel, *Basutoland*, p. 201.
117 *Ibid.*, p. 209.
118 *Ibid.*

dissipline, gebrekkige verantwoordelikheidsin en onvoldoende organisatoriese vermoëns word uitgewys. Hierdie skrywers strewe dus na 'n meer gebalanseerde uitbeelding van die blankes.

Terwyl die pro-swart geskiedskrywers empatie toon met die lyding van die Basoeto as gevolg van die blankes se vernietigingstrategie, word hierdie lyding deur Grobbelaar afgemaak as oordrewe.

Drie werke, 'n 1927-publikasie deur 'n Afrikanersentriese amateur geskiedskrywer, 'n dagboek deur die pro-blanke tydgenoot en 'n gepubliseerde M.A.-verhandeling het twee sake in gemeen. Nie een van hierdie skrywers verifieer hulle sieninge nie, tog is hulle uitsprake geloofwaardig. Conradie en Biggs kritiseer beide blank en swart vir hulle onmenslike optrede op die slagveld. Van der Poel kritiseer Brand se krygstrategie, maar toon ook begrip vir sy optrede. Verifiëring van historiese feite is dus nie noodwendig 'n waarborg vir gebalanseerde geskiedskrywing nie, eerder die seleksie en interpretasie van gegewens uit beskikbare en/of geselekteerde bronne.

Die populêre volkshistorikus GS Preller gebruik gebeure in die Vrystaat se verlede om blank-swart-verhoudingsprobleme gedurende die 20ste eeu te verklaar.

Die optrede van die soldate teenoor burgerlike

Die aard en lokaliteit van die oorlog het tot gevolg gehad dat die Vrystaat se vernietigingstrategie tot groot hoogtes op burgerlikes gerig was. Pro-Basoeto geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke is, soos reeds aangetoon, skerp in hulle kritiek teen Vrystaatmagte en empaties teenoor die Basoeto wat op die rand van uitwissing was. Daarenteen verswyg hulle die lyding van die blankes as gevolg van Basoeto-aggressie.

Vervolgens sal kortliks na die persepsies van Afrikanersentriese geskiedskrywers oor Basoeto-optrede teenoor blanke burgerlikes gelet word.

In die bespreking van die oorlog verwys voorwetenskaplike,[119] amateur[120] en professionele[121] Afrikanersentriese geskiedskrywers telkens na die Basoeto se aanvalle op

---

119 *Vide* Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, pp. 143; 146-153; 161; 170; 170; 174; 183; Aitton, *Republieken in Zuid-Afrika*, p. 80; Gustav S Preller, *Daglemier in Suid-Afrika*, pp. 298-299; Van Oordt, *Zwart en wit*, pp. 73-90; 104-110.

120 ML Malan, *Ned. Geref. Gemeente, Edenville (Gedenkboek)*, p. 12 baseer sy vertelling van moorde op burgers in die Edenvilledistrik op 'n berig in *The Friend*, 3 November 1865; Van der Vyver, *Eeufeesalbum Boshof*, p. 23.

121 Spies, *Hamelberg*, p. 262; Oberholster & Stemmet, *Senekal se eerste honderd jaar, 1877-1977*, p. 34; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, pp. 134-135 beskryf "by wyse van voorbeeld" die moorde op 25 Basters van Platberg en vyf ZAR-burgers tussen die Drakensberge en Harrismith.

burgerlikes. Die Vrystaters het "groot offers" op die "volksaltaar" gelê, aangesien die grensdistrikte "ontsettend" gely het as gevolg van Basoeto-aanvalle.[122]

Hoewel WP van der Vyver nie die aanvalle van die Basoeto op blanke burgerlikes tydens die oorlog ontken nie, beweer hy dat "baie van die berigte ... hopeloos oordrewe [was], terwyl ander blote wolhaarstories was".[123] Ten spyte van die feit dat Van der Vyver nie deur 'n wetenskaplike vergelyking van verskillende bronne sy bewering staaf nie, tree hy in 1966 bevraagtekenend op ten opsigte van die Afrikaner se weergawe van gebeure.

Prinsloo lewer teenstydige uitsprake oor die optrede van swartes tydens die 1865-oorlog. Hy verwys na die "lyding en ontberings van hierdie distrik en dorpie"[124] en "die smart en angs wat die vrouens en kinders by die huise moes ondervind".[125] Voorts het "baie van die vrouens en kinders na die naburige plase gevlug wat in hul oog [sic] die veiligste was".[126] Maar hy wys ook daarop dat die Basoeto "nooit eintlik vrouens en kinders [ge]molesteer [het] nie".[127] Hy kom tot dié positiewe siening van die Basoeto na 'n beskrywing van 'n insident waar van die Basoeto blanke kinders wat hulle in die veld gekry het, ongedeerd gelaat het.[128]

Nog 'n positiewe uitbeelding van blank-swart-verhoudinge tydens die oorlog is die verhaal van 'n seun van Mosjwesjwe, Tsekelo, wat na 'n aanval deur "basters" deur 'n blanke boer van die Smithfielddistrik, Jan Wilken, gered en na veiligheid gebring is. Wilken se verloofde en haar gesin het Tsekelo verpleeg.[129] Gedurende die 1865-oorlog het Tsekelo dié gesin van uitwissing deur 'n bende plunderende Basoeto gered.[130] Van Oordt beeld Tsekelo, hoewel paternalisties, uit as 'n man wat sy ereskuld betaal.[131] Die aanhaal van die Bybelvers "Zalig zijn de barmhartigen, want hun zal barmartigheid geschieden",[132] wat as 'n subtiele pleidooi vir groter medemenslikheid oor die kleurgrens heen geïnterpreteer kan

---

122 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 134 verwys na skrywes deur Burnet aan Wodehouse.

123 Van der Vyver, *Eeufeesalbum Boshof*, p. 23. *Ibid.* vermeld dat "berigte oor die Basoeto's se wandade ... op almal se lippe [was] en het die nuuskolomme van die koerante gevul".

124 Prinsloo, *Smithfield*, p. 266. Smithfield en Caledonrivierdistrik.

125 *Ibid.*

126 *Ibid.*, p. 295.

127 *Ibid.*, p. 260. *Vide* Van Oordt, *Zwart en wit*, p. 100 vir 'n soortgelyke uitspraak.

128 *Vide* Prinsloo, *Smithfield*, p. 260 vir 'n kort beskrywing van die gebeure. Die kinders was van die plaas Rietput.

129 *Vide* Van Oordt, *Zwart en wit*, pp. 18-28 vir die verhaal. Volgens Van Oordt is die reddingsverhaal van Tsekelo blote fiksie, gebaseer op 'n ware gebeurtenis wat in die Rouxvilledistrik plaasgevind het.

130 Van Oordt,, pp. 73-90.

131 *Ibid.*, p. 86.

132 *Ibid.*, p. 90.

word, is moeilik versoenbaar met Van Oordt se uitbeelding van die "woeste kaffernatuur".[133]

Met die uitsondering van die amateur geskiedskrywer ML Malan en die akademikus Grobbelaar, wat hulle sieninge uit blanke bronne verifieer, maak die Afrikanersentriese geskiedskrywers ongeverifieerde beskuldigings oor die Basoeto se aanvalle op blanke burgerlikes. Dit is ironies dat 'n amateur geskiedskrywers daarop wys dat van die koerantberigte oor die Basoeto se wandade oordrewe of selfs vals was. Ongelukkig het Van der Vyver nie hierdie siening deur statistiese gegewens of vergelykbare inligting uit blanke en swart bronne oor byvoorbeeld moorde en diefstalle geverifieer nie. Sy standpunt dat die berigte oordrewe was, berus dus op sy persepsie van wat die omvang van die aanvalle op die blankes was.

Ten spyte van hulle diepgewortelde rassevooroordele bied Van Oordt en Prinsloo genuanseerde beskrywings van blank-swart-verhoudinge tydens die oorlog. Hierdie twee Afrikanersentriese geskiedskrywers wys nie net op die Basoeto-aggressie nie, maar lig ook voorbeelde van medemenslikheid oor die kleurlyn uit.

#### 4.1.2.3.3 Vredesverdrag van Thaba Bosigo

Na twee mislukte aanvalle op Thaba Bosigo en die dood van Louw Wepener nader Brand Mosjwesjwe om vrede. Mosjwesjwe verwerp wat Walker en Lagden onrealistiese terme noem.[134] Die verandering in Brand se militêre strategie noop Mosjwesjwe om Brand om vrede te vra. Op 3 April 1866 is die Verdrag van Thaba Bosigo gesluit. Mosjwesjwe moes van die sogenaamde Verowerde Gebied afstand doen, die nuwe grense tussen die twee state erken, sy onderdane uit die geannekseerde gebied verwyder en oorlogskuld betaal.[135]

In die historiografiese analise van die vredesverdrag sal aan twee sake aandag geskenk word, naamlik die motivering vir Mosjwesjwe se aanvaarding van die vredesvoorwaardes en die invloed van die grensreëlings op die Basoeto.

Theal se siening dat die vredesluiting "the greatest mistake that could be made by the Free State" was,[136] word deur Afrikanersentriese geskiedskrywers onderskryf. Die vredesverdrag was "slechts een koren-vrede"[137] en 'n "skelmstreek",[138] want Mosjwesjwe

133 Cf Van Oordt, *President J.H. Brand*, p. 35; Van Oordt, *Zwart en wit*, pp. 78; 91-110.
134 Walker, *A History of Southern Africa*, p. 321; Lagden, *The Basutos*, vol II, p. 394. Die Basoeto moes hoë boetes betaal; afstand doen van hulle wapens en onafhanklikheid; Thaba Bosigo moes ontruim word (Augustus 1865).
135 *Vide* Lagden, *The Basutos*, vol II, pp. 395-398 vir die bepalings van die verdrag, asook Kaart 3.
136 Theal, *The Republics and Native territories*, p. 204.
137 Die vrede is deur Mosjwesjwe gesluit met die doel om sy onderdane in staat te stel om die ryp koring op die lande te oes (*vide* Van Oordt, *President J.H. Brand*, p. 42).

het die Vrystaters se "tractaten bespotte en zijne beloften verbrak".[139] Die Basoeto het die verdrag as van geen waarde en bloot as 'n tydelike maatreël beskou. Hulle wou hulle koring oes en hermobliliseer.[140] Terwyl hierdie geskiedskrywers die persepsie skep dat Basoeto hulle nie aan wettige ooreenkomste gesteur het nie en doodeenvoudig voortgegaan het met die betreding van Vrystaatse grondgebied, toon pro-swart geskiedskrywers en 'n skrywer van 'n herinneringswerk begrip vir die opperhoof se optrede.

Om sy onderdane van 'n hongerdood te red, was Mosjwesjwe verplig om die vredesvoorwaardes van die Vrystaat te aanvaar, aldus Ellenberger,[141] asook liberale[142] en neo-liberale[143] geskiedskrywers. Hierdie skrywers se begrip vir die Basoeto se ignorering van die vredesbepalings word deur Ellenberger uitgespel. Mosjwesjwe het die vredesverdrag onderteken om tyd te wen en die gesaaides te red: "Even the blindest could have realised that such a peace could never be of a lasting nature."[144] Ellenberger wys daarop dat geskiedskrywers Mosjwesjwe kritiseer omdat hy 'n vredesverdrag, wat hy geweet het hy gaan nie nakom nie, onderteken het.[145] Hy verdedig Mosjwesjwe se optrede deur daarop te wys dat daar in die geskiedenis van verskeie beskaafde en Christelike lande voorbeelde is van lande wat verdrae onderteken het sonder dat hulle van plan was om dit gestand te doen.[146] Hy stel die retoriese vraag:

> *Besides, what else could Moshesh do in the circumstances under which he was placed? The knife was at his throat and in order to prevent total destruction, he had to submit to any conditions imposed upon him by the victors.*[147]

Die pro-swart geskiedskrywers se begrip vir opperhoof se ignorering van die vredesbepalings blyk voorts uit hulle beoordeling van die grensreëlings. Ellenberger se siening dat die Basoeto groot grondgebied, wat feitlik al hulle bewerkbare landbougrond ingesluit het, verloor het en dat die Vrystaters hulself ten koste van die Basoeto verryk

---

138 Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 18.
139 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 227.
140 Theal, *The Republics and Native territories*, p. 204; Spies, *Hamelberg*, p. 299; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 103; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 163; Grobbelaar, *Die Vrystaatse presidente*, p. 58; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 18.
141 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 137.
142 Nutting, *Scramble for Africa*, p. 76; De Kiewiet, *The period of transition*, p. 430.
143 Thompson, *Survival in two worlds*, pp. 290; 293; Atmore, *Sotho independence*, p. 285; Troup, *South Africa*, p. 139; Becker, *Hill of destiny*, p. 263; David Ambrose, *Maseru, an illustrated History*, p. 31; Thompson, *The High Veld*, p. 445; Davenport, *South Africa*, p. 137; Danziger, *A History of Southern Africa*, p. 61.
144 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 138.
145 *Ibid.* meld nie wie die geskiedskrywers is nie.
146 *Ibid.*, p. 138 skryf veralgemened en gee nie spesifieke voorbeelde nie.
147 *Ibid.*, pp. 138-139.

het,[148] vind weerklank by Lagden[149] en 19de eeuse skrywers van herinneringswerke,[150] asook swart,[151] liberale,[152] neo-liberale[153] en revisionistiese[154] geskiedskrywers. Hierdie geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke is skerp in hulle kritiek teen die Vrystaat. Terwyl Ellenberger sê dat die Vrystaters géén empatie met die Basoeto getoon het nie ("little did it matter to the Free State whether such a restricted territory could or could not feed such a population"),[155] beweer 'n skrywer van 'n herinneringswerk (1894) dat "the Free State Government ... made a pretty good thing out of the war in cattle and land".[156] Tagtig jaar na dié aanklag skryf Thompson dat Basoeto grondverlies daartoe gelei het dat "many hungry, displaced BasSotho roamed around begging and pilfering".[157]

Van der Poel gee ook toe dat die Basoeto groot grondverliese gely het, maar sê dat gesien teen die agtergrond van statistiese gegewe,[158] dit nie duidelik is of die verlies aan grond 'n wensenlike invloed op die lewenskwaliteit van die Basoeto sou hê nie.[159] Sy kritiseer die grensreëlings omdat dit volgens haar nie met die geografiese formasie van die gebied rekening gehou het nie.[160] Ten spyte van die feit dat Van der Poel toegee dat die verdrag neergekom het op groot grondverlies deur die Basoeto, is sy ten gunste van hulle onttrekking uit die gebied. Dit sou volgens haar verdere wrywing voorkom.[161]

Grobbelaar se beoordeling van die vredesverdrag is tweeledig. In die eerste instansie gee hy reeds in 1939 "antwoorde" op die beskuldigings van tydgenootlike en resente pro-swart geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke dat die verdrag tot die ondergang van die Basoeto kon lei, maar andersyds stem hy saam met hierdie skrywers dat grensreëlings

148 *Ibid.*
149 Lagden, *The Basutos*, vol II, p. 394.
150 Kirk, *Memoirs of Grannie Kirk (1823-1906)*, p. 80; Murray, *South African reminiscences*, p. 70.
151 Bhebe, *The British, Boers and Africans in South Africa, 1850-80*, p. 164.
152 De Kiewiet, *The period of transition*, p. 430; Bergh, *Stamme & ryke*, p. 66; Campbell, *The South African frontier, 1865-1885. A study in expansion*, p. 103; Hofmeyr, *South Africa*, p. 86.
153 Atmore, *Sotho independence*, p. 285; Troup, *South Africa*, p. 139; Becker, *Hill of destiny*, p. 263; Ambrose, *Maseru, an illustrated History*, p. 31; Thompson, *The High Veld*, p. 445; Thompson, *Survival in two worlds*, pp. 290; 293; Davenport, *South Africa*, p. 137; Danziger, *A History of Southern Africa*, p. 61.
154 Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 53; Pampallis, *Foundations of the New South Africa*, p. 7; Judy Kimble, Labour migration in Basutoland c.1870-1885, in Shula Marks & Richard Rathobone, *Industrialisation and social change in South Africa. African class formation, culture and consciousness 1870-1930*, p. 127.
155 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 137.
156 Murray, *South African reminiscences*, p. 70.
157 Thompson, *Survival in two worlds*, p. 293.
158 Geen statistiese gegewens of ander bewyse word deur Van der Poel verskaf om dié aanname te steun nie. Cf Van der Poel, *Basutoland*, p. 228.
159 *Ibid.*
160 *Ibid.* Die lyn het volgens Van der Poel die Malutibergreeks in twee verdeel en slegs klein gedeeltes bewerkbare grond aan die Basoeto toegesê.
161 *Ibid.*, p. 209.

die Basoeto met onvoldoende grond gelaat het. Op grond van uitsprake deur De Kiewiet en 'n brief van Burnet aan Wodehouse kom hy tot die gevolgtrekking dat die blankes met die inlywing van die Caledonriviervallei by die Vrystaat nie die "uitroeiing van die Basoetoe as volk beoog [het] nie, maar wou langs dié weg die Basoetoe minder gedug en uiteindelik onskadelik maak".[162] Op sterkte van 'n berig in *The Friend* glo Grobbelaar dat die hoofdoel van die blankes die daarstelling van orde en vrede was, nie ekspansionisme nie: "Hier kan geen sprake van behoefte aan grond wees nie, aangesien daar destyds nog groot stukke grond in die Noordoostelike Vrystaat braak gelê het."[163] Grobbelaar toon ook begrip vir die Basoeto as hy, op grond van 'n kaart waarop die grense uiteengesit is, en 'n skrywe deur Mosjwesjwe aan Wodehouse tot die gevolgtrekking kom dat die Basoeto met "te min bewerkbare grond gelaat is".[164] Hy gee toe dat Mosjwesjwe "met reg" sy lot by Wodehouse bekla het oor die gebrek aan grondgebied[165] en toon begrip vir die siening van die Basoeto.[166]

Ook Scholtz toon empatie vir die Basoeto se grondverlies. Ongeverifieerd skryf hy dat dié grensreëlings "in die praktyk ... onuitvoerbaar" was, want die Basoetogrondgebied "was so klein in omvang dat daar nie meer vir al die onderdane van Mosjesj plek was nie."[167] Spies onderskryf dié siening: "Die kaffers is teruggedring binne hulle nuwe grense op 'n gebied wat werklikheid te klein was vir die ras."[168]

Die standpunt dat die Basoeto na die Verdrag van Thaba Bosigo 'n gebrek aan lewensruimte gehad het, word sonder die verskaffing van enige bewyse deur Barlow verwerp:

> *It is possible to argue that the Third Basuto War had its origin in the fact that the Free State had annexed the Conquered Territory. The Basuto were a growing people and needed room for expansion. Such an argument is superficial and similar to the one that was later to be used by Hitler to justify his acts of aggression.*[169]

Met die uitsondering van Barlow gee pro-swart en pro-blanke geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke toe dat die Basoeto te min grond gehad het om op te lewe. Maar

---

162 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 149.
163 *Ibid.*
164 *Ibid.*, p. 149 en kaart 10, teenoor p. 148.
165 *Vide ibid.*, p. 149. vir 'n aanhaling uit 'n brief van Mosjwesjwe aan Wodehouse waarin die Basoeto-opperhoof sy lot bekla.
166 Uit Grobbelaar se beoordeling van blank-swart-verhoudinge is dit egter duidelik dat begrip vir die swarte se omstandighede eerder die uitsondering as die reël is.
167 Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 388; cf ook Scholtz, *President Brand*, p. 60 waar hy ook meld dat dit "besonder harde voorwaardes" was.
168 Spies, *Hamelberg*, p. 292. *Vide* ook Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 161.
169 Barlow, *President Brand*, pp. 74-75.

terwyl die pro-swart geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke begrip toon vir Mosjwesjwe se besluit om die verdrag bloot ter wille van oorlewing te onderteken, is die Afrikanersentriese geskiedskrywers afkeurig van sodanige optrede.

Vanaf die vroegste herinneringswerke deur Ellenberger, Kirk en Murray tot en met resente werke deur liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers is die beskuldiging dat die blankes ten koste van die swartes by Thaba Bosigo verryk is, 'n refrein in die pro-swart historiografie. Ekonomiese ongelykhede is vir hierdie (20ste eeuse) geskiedskrywers 'n kernoorsaak vir konflik. Die degradering van die swartes tot die arbeidersklas is vir hierdie skrywers, wat vanuit óf 'n liberale óf 'n neo-marxistiese ekonomiese verwysingsraamwerk die geskiedenis interpreteer, 'n direkte gevolg van die Verdrag van Thaba Bosigo.

### 4.1.3 Die 1867-Vrystaat-Basoeto-oorlog

Vir enkele maande het daar 'n onsekere vrede geheers. Volgens die vredesverdrag moes die Basoeto die Verowerde Gebied onmiddellik ontruim. Die Vrystaat was egter kragteloos om die bepalings af te dwing; slegs enkele blanke boere het hulle in die gebied gevestig. Die Basoeto het nie net genoeg tyd gekry om hulle oeste in te samel nie, maar hulle was ook in staat om mielies te plant.[170]

#### 4.1.3.1 Oorsake van die 1867-oorlog

Aangesien geskiedskrywers se besprekings van die oorsake en verloop van die 1867-oorlog feitlik 'n herhaling van hulle besprekings van die 1865-oorlog is, sal dit, met die uitsondering van afwykings, oorsigtelik aangeraak word.

Lagden slaag daarin om op 'n genuanseerde wyse die doelstellinge van beide die blankes en die Basoeto na die vredesluiting weer te gee. Volgens hom was dit die doel van die blanke Vrystaters om die Basoeto uit die gebied te verdryf en al die Basoeto se gesaaides te vernietig voordat laasgenoemde dit kon oes. Die Basoeto wou weer hulle gesaaides ten alle koste beskerm. Hy kom tot die gevolgtrekking dat

> *[i]f the Free State could destroy the harvest they might bring the Basuto to their knees; it the latter could save it their resisting power was indefinitely prolonged.*[171]

Hierdie uiteenlopende doelstellinge lei tot die hervatting van vyandelikhede. Uit onderstaande bespreking sal dit blyk dat geskiedskrywers dit eens is dat die weiering van die Basoeto om die Verowerde Gebied te verlaat, 'n oorsaak vir die oorlog is. Maar moet hierdie weiering en die Basoeto se betreding van Vrystaatse grondgebied, veroordeel word of kan

---

170 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 139.
171 Lagden, *The Basutos*, vol II, p. 412.

dit geregverdig word? Die standpunte van die pro-blanke geskiedskrywers sal eerste aan die orde gestel word.

Die Vrystaat was op 'n indirekte wyse self verantwoordelik vir die toestande wat gelei het tot die 1867-oorlog, want Brand het na die vredesluiting "in mistaken pity"[172] die Basoeto toegelaat om hul ryp gesaaides in die Verowerde Gebied te oes.[173] Na die insameling van hulle oeste het die Basoeto nie net 'n dreigende houding ingeneem nie, maar ook geweier om die gebied te ontruim.[174] Naas die Basoeto se weiering om die Verowerde Gebied te verlaat, word die lyding van die blankes as gevolg van Basoeto-aggressie,[175] asook diefstalle[176] en moorde[177] as oorsake vir die oorlog genoem.

Die moorde op 'n Engelse handelaar en Vrystaatse boere[178] deur die Basoeto en Mosjwesjwe se brief aan Brand waarin hy verklaar dat hy geen grondgebied afgestaan het nie en dat geen blanke sonder sy toestemming in sy gebied mag woon nie, word as die direkte oorsaak van die oorlog genoem.[179]

Die pro-swart geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke ontken nie dat die Basoeto geweier het om hulle uit die Verowerde Gebied te onttrek nie. Die rypwordende koring was egter die Basoeto se eiendom en hulle het die reg gehad het om dit in te samel.[180] Voorts was die toestande waaronder die Basoeto moes leef na afloop van die 1865-oorlog haglik as gevolg van Brand se vernietigingstrategie. Die gevolg was dat

---

172 Theal, *The Republics and Native territories*, p. 252.

173 Theal, *The Republics and Native territories*, p. 252. Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 161 haal Theal, *Basuto History*, p. 110 aan; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 105 verwys na Theal, *History of South Africa: The Republics and Native territories from 1854 to 1872* ter ondersteuning van dieselfde siening. Van Schoor, *Die Oranje-Vrystaat*, p. 213 en Spies, *Hamelberg*, p. 301 deel hierdie siening ongeverifieerd.

174 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 162; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 27; Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 202; Van Ittersum, *De Vrijstaters en hun Geskiedenis*, p. 24.

175 Noble, *South Africa*, p. 164; Wilmot, *South Africa*, p. 260; Aitton, *Republieken in Zuid-Afrika*, p. 84; Fraser, *Episodes in my life*, p. 57; Van Ittersum, *De Vrijstaters en hun Geskiedenis*, p. 24; Malan, *Die rol van J. Geo. Fraser in die Vrystaat, 1863-1927*, p. 158.

176 Fraser, *Episodes in my life*, p. 57.

177 Van Oordt, *President J.H. Brand*, p. 43; Aitton, *Republieken in Zuid-Afrika*, p. 84; Fraser, *Episodes in my life*, p. 57.

178 'n Britse handelaar, M Bush, en twee boere, J Krynaauw en Pienaar (Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 27).

179 Theal, *The Republics and Native territories*, p. 255; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 165; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 27; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 163; Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 105; JF Jacobs, *Oranje, blanje blou: die romantiek van die Vrystaatse dorpe*, pp. 85; 88; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 19; Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, p. 36.

180 John Fisher, *The Afrikaners*, p. 101; Walker, *A History of Southern Africa*, p. 322; Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 53; De Kiewiet, *A History of South Africa*, p. 78; Van der Poel, *Basutoland*, p. 211 baseer haar siening op 'n brief van Burnet aan Wodehouse, 27 Augustus 1866.

"thousands of dispossessed refugees, driven by lack of food, were making counter raids".[181] Becker skryf: "In March 1867 thousands of hunger-stricken Basotho poured into the Free State in search of food".[182] In ongeverifieerde besprekings toon hierdie skrywers meelewing met die Basoeto. Die Basoeto het geen ander keuse gehad nie. Hulle het ter wille van oorlewing blanke grondgebied betree.

Hierdie geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke toon nie net begrip vir die Basoeto se grensskendings en weiering op die vredesverdrag gestand te doen nie, maar hulle plaas by implikasie die blaam vir die Basoeto se optrede voor die deur van die blankes. Die invloed wat die Basoeto se optrede op die blankes gehad het, die omvang van die aggressie en die moorde word verswyg.

Daarenteen lê van die koloniale en Afrikanersentriese geskiedskrywers klem op die Basoeto-aggressie en die lyding van die blankes. Daar is egter 'n anomalie in die argumentasie van die Afrikanersentriese geskiedskrywers. Met die uitsondering van Barlow gee hulle toe dat die Basoeto se grondverliese as gevolg van die Verdrag van Thaba Bosigo die Basoeto met te min lewensruimte gelaat het,[183] maar hulle toon nie begrip vir die Basoeto se weiering op hulleself uit hierdie gebied te verwyder nie.

Basoeto-aggressie én die reg van die Basoeto om te weier om aan die Verdrag van Thaba Bosigo gehoor te gee, word as historiese gegewe aanvaar, want slegs Grobbelaar, Tylden en Van der Poel verifieer hulle standpunte oor genoemde aangeleenthede.

### 4.1.3.2 Verloop van die 1867-oorlog

Die Vrystaat het met die 1867-oorlog die finale onderwerping van Basoetoland beoog. Hulle kontinueer gevolglik die vernietigingstrategie wat hulle gedurende die tweede fase van die 1865-oorlog gevolg het. Afrikanersentriese en pro-swart geskiedskrywers, asook skrywers van herinneringswerke se benaderings in hulle besprekings van hierdie oorlog verskil. Terwyl eersgenoemde geskiedskrywers die Vrystaat se militêre suksesse uitlig, konsentreer die pro-swart geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke op die gevolge van die Vrystaat se militêre strategie op die inheemse bevolking.

Grobbelaar se siening dat die 1867-oorlog "gekenmerk [is] deur die verenigde optrede van die Vrystaat en glansryke Vrystaatse oorwinnings",[184] vind weerkland in die werke van

---

181 Troup, *South Africa,* p. 139. Hierdie siening word feitlik woordeliks deur Atmore, *Sotho independence*, p. 285 herhaal: "Many tens of thousands of people might be forced by lack of food to make counter raids into the Free State."

182 Becker, *Hill of destiny*, p. 263.

183 *Vide* par 4.1.2.3.3.

184 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 175.

Theal[185] en verskeie Afrikanersentriese geskiedskrywers uit die voorwetenskaplike fase[186] en hulle professionele[187] en amateur geesgenote.[188]

Enkele van die Afrikanersentriese geskiedskrywers regverdig die Vrystaat se vernietigingstrategie; dit was noodsaaklik om die Basoeto finaal te verslaan ter wille van die vreedsame ontwikkeling van die Vrystaat.[189] Met die uitsondering van Grobbelaar en Tylden verwys hierdie skrywers nie na lyding van die Basoeto nie.[190] Maar dié verwysings moet nie as empatie vir die Basoeto óf kritiek teen die Vrystaat se militêre strategie gesien word nie. Inteendeel. Tylden skryf:

> *The tribe, no doubt, paid heavily for their years of looting and raiding in the Free State. ... To this pass had their greed for land and their disregard of any attempt to make them listen to reason brought the Basuto.*[191]

Die blankes se optrede word geregverdig; die Basoeto pluk die wrange vrugte van hulle aggressiewe optrede. Grobbelaar plaas die skuld vir die Basoeto lewensverliese voor die deur van die Basoeto self; daar "is nie voor die tyd vir hulle veiligheid gesorg ... nie".[192] Tylden beweer dat daar voldoende voedsel in Basoetoland was, maar geen verspreidingstelsel nie. Die kapteins het slegs die militêre bergvestings en hulle eie families van voedsel voorsien. Dit het daartoe gelei dat die deursnee Basoeto burger, ten spyte daarvan dat daar genoeg voedsel was om in almal se behoeftes te voorsien, honger gely het.[193] Hoewel Tylden geen bewyse verskaf vir sy siening dat daar voldoende voedsel was nie, baseer hy sy kritiek op die verspreiding van voedsel op uitsprake deur Theal en Ellenberger oor die Basoeto se lewenswyse.

Voorts verwerp Grobbelaar, sonder die verskaffing van stawende dokumente om die teendeel te bewys, Mosjwesjwe se klagtes by die Britse regering oor die lyding van

---

185 Theal, *The Republics and Native territories*, pp. 257-267.

186 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, pp. 202-211 haal o.a. aan uit 'n brief van Fricke, sekretaris van die Krygsraad, en die dagboek van hoofkommandant Joubert aan om die oorwinnings toe te lig; Fraser, *Episodes in my life*, p. 57 (as gevolg van hartprobleme is Fraser vrygestel van kommandodiens. Hy het nie aktief aan die oorlog deelgeneem nie. Terwyl hy die 1865-oorlog in besonderhede bespreek, verwys hy bloot veralgemend na die 1867-oorlog). Van Ittersum, *De Vrijstaters en hun Geskiedenis*, p. 24; Preller, *Daglemier in Suid-Afrika*, p. 300.

187 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 168; Grobbelaar, *Die Vrystaatse presidente*, p. 58; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 29; Tylden, *The rise of the Basuto*, pp. 105-106.

188 Prinsloo, *Smithfield*, pp. 299-302; 305-508; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 20.

189 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 168 baseer hierdie siening op korrespondensie van Brand aan Mosjwesjwe; Tylden, *The rise of the Basuto*, pp. 105-106; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 29 verifieer sy siening deur na Grobbelaar te verwys.

190 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 169; Tylden, *The rise of the Basuto*, pp. 106-107.

191 Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 108.

192 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 167.

193 Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 106.

Basoetovrouens en -kinders as gevolg van die Vrystaat se militêre strategie.[194] Grobbelaar noem hierdie beskuldigings "skromelik oordrewe of valse berigte".[195] Volgens hom wou Mosjwesjwe bloot Britse simpatie wek.[196] Grobbelaar en Tylden toon dus geen empatie met die lyding van die swart burgerlikes tydens die oorlog nie. Grobbelaar spreek egter kritiek uit teen die Basoeto se aanvalle op blanke burgerlikes tydens die vorige twee oorloë.[197]

Nie die blankes nie,[198] maar die Basoeto het volgens Attree 'n "scorched earth" beleid gevolg. Ongeverifieerd skryf sy dat "the Basutos were already burning grass within an hour from the stronghold" toe Wodehouse toestemming ontvang het om Basoetoland te annekseer.[199] Nie net die seleksie van onbewese gegewens nie, maar ook die verswyging van soortgelyke dade wat deur die blankes gepleeg is, plaas 'n vraagteken oor die objektiwiteit en wetenskaplikheid van Attree se 1949-publikasie.[200]

In teenstelling met voorafgaande eensydige uitbeeldings, bereik Wilmot (1881) 'n groter mate van legitimiteit. Blank en swart het as gevolg van die oorlog gely. Die Vrystaat se ekonomie het stilgestaan en die burgers het groot offers gebring. Die Basoeto was swak bewapen; baie sterf in die gewapende konflik; hul gesaaides is vernietig en vrouens, oues van dae en kinders sterf 'n hongerdood.[201]

Hoewel Noble (1877 en 1893) krities staan teenoor Mosjwesjwe se optrede teenoor die blankes,[202] kritiseer hy die Vrystaatse militêre strategie tydens die 1867-oorlog, want dit het tot hongersnood gelei.[203] Hy skets die invloed van die oorlog op die Basoeto met deernis:

> *The remnants were crushed and humbled. They were in an impoverished state, and their outward aspect most miserable; many of them nearly naked, sick and emaciated, they seemed the lowest of human beings.*[204]

---

194 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 166 haal aan uit 'n brief van Mosjwesjwe aan Burnet.
195 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 166.
196 *Ibid.*, pp. 166-167.
197 *Vide* par 3.3.2.3 en 4.1.2.3.2.
198 *Vide* Attree, *The closer union movements*, p. 363. Geen melding word van die feit dat die Vrystaatse magte sodanige strategie gebruik het, gemaak nie.
199 Attree, *The closer union movements*, p. 368. Die vesting verwys na Thaba Bosigo.
200 Volgens *ibid* is die Vrystaat se onafhanklikheid deur die Sandrivier Konvensie erken.
201 Wilmot, *South Africa*, p. 260.
202 *Vide* Noble, *South Africa*, pp. 163-164; Noble, *Illustrated official handbook of the Cape and South Africa*, p. 418.
203 Noble, *South Africa*, p. 165.
204 Noble, *Illustrated official handbook of the Cape and South Africa*, p. 418.

In aansluiting by voorafgaande twee imperiale geskiedskrywers toon van die tydgenootlike liberale geskiedskrywers empatie met die lot van die Basoeto tydens die oorlog. Die Basoeto het weinig weerstand gebied, die een vesting na die ander het voor "the might of the enemy" geval[205] en Vrystaters het hulle skuldig gemaak aan die "destruction [of] life and property,"[206] "the indiscriminate shooting of women and children",[207] voorts het die blankes hulleself verryk deur die Basoeto se vee te buit en oeste in te samel.[208] KJ de Kok[209] toon besondere empatie met die swart vrouens en beweer dat hulle selfs gras moes eet om nie van die honger om te kom nie.[210]

MJ Boon[211] staan besonder krities teenoor die Vrystaters se krygstaktiek tydens die 1867-oorlog. Hy beweer dat die Vrystaters geglo het dat hulle die reg het om, as die uitverkore volk van God, "the sons of Ham" te vernietig.[212] Die gevolg was dat "the natives with the usual thanks and prayers, were offered up to the God of battle, who is stated to be Man-of-war".[213] Die Vrystaatse burgers was onmenslik, onbekwaam en lafhartig: "A Dutchman is only brave when he has no brave enemy to fight".[214] Gevolglik wend hulle hulle tot die vernietiging van die Basoeto se voedselvoorrade[215] en "lets starvation do the rest, until in hunger the natives surrender".[216] Karel Schoeman som die toonaard van Boon se publikasies raak op, naamlik dat dit "slegs 'n lang, verbitterde en uiters persoonlike tirade ... teen die land en sy mense en veral die hoofstad" is.[217] Boon is eerder anti-Vrystaat as pro-Basoeto.

Thompson se beskrywing en veroordeling van die Vrystaat se oorlogstrategie sluit by die van imperiale en tydgenootlike liberale geskiedskrywers aan:

---

205 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 145.
206 Lagden, *The Basutos*, vol II, pp. 417; 423.
207 *Ibid.*, p. 423.
208 Lagden, *The Basutos*, vol II, p. 433; KJ de Kok, *Empires of the veld*, pp. 33-34; Whiteside, *History of the Wesleyan Methodist Church of South Africa*, p. 338.
209 KJ de Kok was vir 45 jaar (1855-1900) woonagtig in die Vrystaat. Hoewel hy as landmeter in diens van die Vrystaatse regering was, is hy uitgesproke pro-Brits (cf De Kok, *Empires of the veld*, pp. vii-viii.)
210 *Vide* De Kok, *Empires of the veld*, pp. 33-34.
211 Boon het in die vroeë tagtigerjare 'n kruidenierswinkel in Fonteinstaat, Bloemfontein, gehad. Na die ontdekking van goud vestig hy hom in Johannesburg. In 1889 pleeg hy selfmoord deur by 'n mynskag af te spring. Karel Schoeman, *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*, p. 104.
212 Boon, *The immortal History of South Africa*, deel I, p. 76.
213 *Ibid.*, p. 77.
214 MJ Boon, *The immortal History of South Africa*, deel II, p. 570.
215 Boon, *The immortal History of South Africa*, deel I, p. 77 & Boon, *The immortal History of South Africa*, deel II, p. 570.
216 Boon, *The immortal History of South Africa*, deel I, p. 77.
217 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 104.

> *This time the Free Staters fought with the utmost ruthlessness, destroying villages and crops, seizing livestock and showing no mercy to women or children.*[218]

Die oorlog "ontaarde langsamerhand in moorden en plunderen"[219] en "hundreds of people (mainly the very young and the very old) had died of starvation".[220]

Eldredge verwys ook na die invloed van die Vrystaat-Basoeto-oorloë op die voortbestaan van die Basoeto. Basoetoland was 'n ekonomies vooruitstrewende land as gevolg van Mosjwesjwe se beleid van herdistrubering van rykdom.[221] Gesofistikeerde landboumetodes soos wisselbou en -weiding is gevolg. Gevolglik kon voedsel opgegaar word spyte van droogtes.[222] Hongersnood en die onvermoë van die Basoeto om selfonderhoudend te wees, moet volgens Eldredge toegeskryf word aan die staking van voedselproduksie as gevolg van die oorloë teen die blankes.[223]

Uit die historiografiese ontleding blyk dit dat Afrikanersentriese geskiedskrywers klem lê op die blankes se oorwinnings. Voorts wys slegs enkele Afrikanersentriese geskiedskrywers op die Vrystaters se vernietigingstrategie. Hierdie optrede word egter uit blanke bronne geregverdig - die Vrystaat moes 'n "veilige plek" vir die blankes gemaak word. Sommige Afrikanersentriese geskiedskrywers gee toe dat die Vrystaters se vernietigingstrategie lyding onder die Basoeto veroorsaak het, maar die lyding word óf geminimaliseer óf toegeskryf aan swak interne beplanning deur die Basoeto. Van die imperiale, tydgenootlike liberale en neo-liberale geskiedskrywers is fel in hulle kritiek teen die blankes se militêre strategie. Die ekonomiese agteruitgang van die Basoeto as gevolg van die oorloë word deur liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers beklemtoon, aangesien ekonomiese faktore 'n wesenlike invloed op hierdie geskiedskrywers se interpretasie van die verlede het. Liberale en neo-liberale geskiedskrywers glo dat vrede en vooruitgang afhanklik is van die ekonomiese opbou van blank en swart. Revisionistiese geskiedskrywers is van mening dat die geskiedskrywers 'n stryd tussen ekonomiese kragte is.

Dit is insiggewend dat daar se vroeg as 1881 reeds 'n werk verskyn het wat daarin slaag het om beide die blankes en Basoeto se oorlogsbelewing weer te gee.

---

218 Thompson, *Survival in two worlds*, p. 295.
219 Debroey, *Zuid-Afrika*, p. 266.
220 Thompson, *Survival in two worlds*, p. 295.
221 Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 6 wys daarop dat Mosjwesjwe beeste aan sy onderdane geleen het en hulle deur middel van die vassalstelsel in staat gestel het om ekonomies onafhanklik te word.
222 *Ibid.*, pp. 6-7.
223 *Ibid.*, p. 7.

Geskiedskrywing word gekenmerk deur botsende sieninge, want die tydgenootlike liberale en neo-liberale geskiedskrywers toon begrip vir Basoeto-aggressie as 'n poging om hulle grondgebied van die blankes terug te wen. Hierdie skrywers toon geen begrip vir die Vrystaters se pogings om die Basoeto te verslaan ter wille van die vestiging van vrede in die Vrystaat nie. Daartenteen toon Afrikanersentriese geskiedskrywers geen begrip vir die Basoeto se grensskendings en diefstalle nie, maar hulle prys die Vrystaatmagte se oorwinnings oor die Basoeto aan - ongeag die militêre strategie wat gevolg is. Die cliché - die doel heilig die middele - is waar vir sommige geskiedskrywers.

Die Vrystaat se vernietingingstrategie, wat deur die pro-blanke geskiedskrywers aangeprys word, het die gewenste uitwerking gehad - Basoetoland was, soos uitgewys deur die pro-swart geskiedskrywers, op die rand van 'n ineenstorting. Mosjwesjwe wend hom tot Brittanje om hulp.

### 4.1.4 Basoetoland word Britse gebied

Na verskeie versoeke deur Mosjwesjwe om die Basoeto tot Britse onderdane te verklaar gee Wodehouse gehoor. Met die ondertekening van die Tweede Verdrag van Aliwal-Noord (12 Februarie 1869) is Basoetoland tot Britse gebied verklaar en die grense tussen die Vrystaat en Basoetoland vasgestel.[224]

In die historiografiese studie van die invloed van die Britse anneksasie van Basoetoland op blank-swart-verhoudinge sal eerstens gelet word op geskiedskrywers se kritiek of begrip vir Brittanje se besluit om in die konflik betrokke te raak, daarna sal die bepalings van die verdrag onder die loep geneem word.

#### 4.1.4.1 Brittanje se besluit om tot die konflik toe te tree

DCF Moodie, seun van 'n Britse amptenaar in die ORS en deelnemer aan die Vrystaat-Basoeto-oorloë, wys op die teenstrydige beoordeling van die Britse ingrype deur die belanghebbendes. Die Vrystaters beskuldig Brittanje daarvan dat hulle ingegryp het toe 'n oorwinning vir die Vrystaat in die vooruitsig was. Daar is egter ook die siening dat die Britse anneksasie die Basoetonasie, wat as gevolg van oorlogslyding besig was om van die honger te sterf óf hulle aan kannibalisme skuldig te maak, van uitwissing gered het.[225]

---

224 *Vide* Lagden, *The Basutos*, vol II, pp. 452-457; Eybers, *Select Constitutional documents illustrating South African History 1795-1910*, pp. 336-341 vir die bepalings van die verdrag. *Vide* ook Kaart 3 vir grensreëlings.

225 Moodie, *The History of the battles and adventures of the British, the Boers, and the Zulus, sc., in Southern Africa*, vol II, p. 120. Naas genoemde argumente wys Moodie daarop dat, hoewel die Vrystaters groot suksesse tydens die oorlog behaal het, hul magte uitgeput was. 'n Oorwinning was dus nie 'n sekerheid nie. Voorts was die Vrystaat, as gevolg van die lang oorloë teen die Basoeto waarskynlik te swak om die gebied suksesvol te regeer.

Hierdie teenstrydigheid, naamlik die veroordeling of regverdiging van die Britse anneksasie van Basoetoland, vind neerslag in die werke van geskiedskrywers.

Nadat Theal se kritiek teen, asook imperiale geskiedskrywers se regverdiging die Britse anneksasie van Basoetoland aan die orde gestel is, sal na die uitsprake van Afrikanersentriese en pro-swart geskiedskrywers gelet word.

Die Britse ingrype word deur Theal veroordeel:

> *The little Free State, whose total white population was only thirty-seven thousand souls, had nearly succeeded in doing that which Great Britain herself had failed to accomplish, and just when victory was certain its fruits were snatched away by the hand that ought to have been most friendly.*[226]

Dié uitspraak, wat getuig van empatie en bewondering vir die Vrystaat wat teen 'n oormag staande gebly het, net om die vrugte van 'n oorwinning ontneem te word, word vanuit 'n pro-Britse perspektief deur sommige imperiale geskiedskrywers verwerp. Redes word deur hulle aangevoer vir hulle positiewe beoordeling van die Britse ingrype. Eerstens het Brittanje se "generous interference" die uitwissing van die Basoetonasie voorkom.[227] Hierdie siening is in lyn met die persepsie dat Brittanje "the protector of the weak" is.[228] Die Vrystaat was ook nie in staat om die konflik met die Basoeto op te los nie: "It is certain that by putting an end to a struggle which had lasted intermittently for twenty-five years Great Britain was doing nothing injurious or prejudicial to the interest of the Free State."[229] Die Britse anneksasie van Basoetoland het voorts tot die voordeel van Suidelike Afrika gestrek en moet nie as verskuilde vyandelike optrede teen die Vrystaat gesien word nie.[230] Laastens dien hierdie optrede as korrektief vir Brittanje se 1854-onttrekking uit die Vrystaat.[231]

Die kritiek wat Anthony Nutting in 1970 teen die Vrystaters se besware teen die Britse anneksasie lewer, reflekteer die sieninge van 19de eeuse imperiale geskiedskrywers:

> *In the past, when the war had been going against them, the Free Staters had been ready to accept anything which would have got the Basutos off their back. ... But now, with the tables turned in their favour, they felt baulked of*

---

226 Theal, *The Republics and Native territories*, p. 269.
227 Noble, *South Africa*, p. 166. Holden, *A brief History of Methodism*, p. 371 onderskryf hierdie siening.
228 Noble, *South Africa*, p. 145.
229 Frank R Cana, *South Africa from the Great Trek to the Union*, p. 44. *Vide* ook Worsfold, *The story of South Africa*, p. 100; Wilmot, *South Africa*, p. 261.
230 CL Norris-Newman, *With the Boers in the Transvaal and Orange Free State in 1880-1*, p. 54. (CL Norris-Newman was 'n korrespondent vir die *London Standard* in Suid-Afrika ten tye van die 1880-1881-oorlog tussen die ZAR en Brittanje.)
231 Cf Worsfold, *South Africa. A study in colonial administration and development*, p. 72.

> *their prey and loudly avowed that Wodehouse's action was a breach of the Bloemfontein Convention.*[232]

Nes die imperiale geskiedskrywers is Nutting die mening toegedaan dat slegs Britse ingrype wet en orde na die gebied sou bring:

> *The only effective solution was for Britain to arrest the drift towards 'disorder and barbarism' and accept responsiblility for holding the ring between colonist and native at least in the Orange Free State.*[233]

Tewyl pro-Britse geskiedskrywers Britse inmenging regverdig, loods Boon 'n aanval teen die Vrystaters se besware teen die Britse annekasasie van Basoetoland:

> *Bitter and long curses were uttered ... against the English interfering, in not letting the Boer kill out the natives, and take possession and spread hovoc and desolation.*[234]

Boon se uitbeelding van die Vrystaters se besware dui weer eens op sy negatiewe ingesteldheid jeens die Vrystaters.

Daarenteen toon Afrikanersentriese geskiedskrywers begrip vir die Vrystaters se besware en opper kritiek teen die Britse ingrype. In aansluiting by die 1867-Vrystaters se besware teen die anneksasie skryf Grobbelaar dat "onpartydig van sedelike standpunt beoordeel, kom 'n mens tot die besluit dat teenoor die Vrystaat, die anneksasie van Basoetoeland 'n daad van onregverdigheid was."[235] Op grond van uitsprake in verskeie Afrikanersentriese publikasies[236] sê Grobbelaar die "onregverdigheid" lê daarin dat die Britte tydens die ORS-tydperk nie in staat was om "die Basoetoe in toom [te] hou nie". Die Vrystaat het egter na drie oorloë daarin geslaag om die Basoeto te verslaan en noudat die Vrystaat "op die punt gestaan het om die vrug van sy oorwinning te pluk, kom Engeland tussenbei om dit voor sy neus weg te raap".[237] Voorts is Britse inmenging 'n bewys van Brittanje se pro-swart

---

232 Nutting, *Scramble for Africa*, p. 77.
233 *Ibid.*, p. 68.
234 Boon, *The immortal History of South Africa*, deel I, p. 78.
235 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 172.
236 *Ibid.* verwys na Theal, *Basuto History*, p. 130; Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 228; Muller, *Oranje Vrijstaat*, p. 170; Lagden, *The Basutos*, vol II, p. 432. Ten opsigte van Lagden se uitspraak merk Grobbelaar op dat "selfs Lagden wie se oordeel gewoonlik ten gunste van die Basoetoe [is], moet beken" dat die Britte die Vrystaat die vrug van sy oorwinning ontneem het.
237 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 172. *Vide* ook Stockenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk*, p. 108; Collins, *An infant state*, p. 51; Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, pp. 228-229; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 30; Barlow, *President Brand*, p. 79; McCord, *South African struggle*, p. 54; Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, deel I, 59; CJ Uys, *In the era of Shepstone. Being a study of British expansion in South Africa (1842-1877)*, p. 50; Steytler, *Harrismith*,

sentimente ten koste van die Vrystaters.[238] Laastens word Britse inmenging veroordeel omdat dit in stryd met die internasionale reg van anneksasie van verowerde gebiede en die Bloemfontein Konvensie was.[239]

Van die pro-swart geskiedskrywers, te wete die tydgenootlike liberale,[240] swart,[241] liberale[242] en neo-liberale geskiedskrywers[243] toon empatie met Mosjwesjwe wat ter wille van die voortbestaan van die Basoetonasie sy volk se vryheid opgeoffer het. Mosjwesjwe moes 'n keuse tussen twee euwels maak: "Now that White domination looked inevitable, the aged chief settled firmly for the British rather than Afrikaner boss."[244] Freda Troup (1972) veroordeel nie net die Suid-Afrikaanse 20ste eeuse apartheidsbeleid ("boss") nie, maar verwys ook na "the tragedy and shame"[245] van Brittanje, want hierdie koloniale moondheid het nie aktief teen diskriminasie in Suid-Afrika opgetree nie.

As teenargument vir Afrikanersentriese geskiedskrywers se kritiek dat die Britse annekasasie die Vrystaat van 'n oorwinning ontneem het, wys Walker en Thompson daarop dat die Vrystaters nóóit daarin kon slaag om Thaba Bosigo in te neem nie.[246]

Geskiedskrywers se beoordeling van die Britse anneksasie van Basoetoland is 'n spieëlbeeld van hulle lojaliteite. Afrikanersentriese geskiedskrywers en Theal veroordeel die Britse anneksasie, want die Vrystaat is die "vrugte" van sy "triomf" ontneem. Die teendeel word deur pro-swart geskiedskrywers geopper - die Vrystaters het nie die Basoeto oortuigend verslaan nie, want Thaba Bosigo is nooit deur hulle ingeneem nie. Die imperiale geskiedskrywers skets Brittanje as die sterk koloniale moondheid wat vrede en stabiliteit in

---

p. 59; Wepener, *Louw Wepener*, p. 97; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 21; Van Rensburg, *Bethlehem*, p. 119 vir ooreenstemmende uitsprake.

238 JD Weilbach & CNJ du Plessis, *Geschiedenis van de emigranten-Boeren en van den Vrijheids-oorlog*, pp. 26-27; McCord, *South African struggle*, p. 54. Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, pp. 228-229 loods 'n sterk bewoorde aanval teen Wodehouse.

239 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 30; Barlow, *President Brand*, p. 91.

240 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 148; Lagden, *The Basutos*, vol II, pp. 356-357.

241 Molema, *The Bantu - past and present*, p. 62.

242 Fisher, *The Afrikaners*, p. 101; John Selby, *A short History of South Africa*, p. 113; Edna Bradlow, *The Cape Government's rule of Basutoland 1871-1883*, p. 123; Walker, *A History of Southern Africa*, p. 323; Edward Roux, *Time longer than rope. A History of the Black man's struggle for freedom in South Africa*, p. 52 (Hoewel die werk slegs enkele teksverwysings het, gee die skrywer in die voorwoord te kenne dat sy bespreking van die 19de eeuse geskiedenis hoofsaaklik op Cory en Theal berus (cf *ibid.*, p. vii). Ten spyte van die verwagting wat deur die titel geskep word, naamlik dat die swartes se stryd om vryheid vanuit 'n swartsentriese perspektief aangebied sal word, toon dit groot ooreenkomste met liberale geskiedskrywers s'n.)

243 Troup, *South Africa*, p. 139; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 302; Robin Hallett, *Africa since 1875*, p. 618; Kevin Shillington, *History of Africa*, p. 272; Shillington, *A History of Southern Africa*, p. 78.

244 Troup, *South Africa*, p. 139.

245 *Ibid.*, p. xii.

246 Walker, *A History of Southern Africa*, p. 323; Thompson, *Southern Africa (1795-1870)*, p. 328.

Suidelike Afrika gevestig het. Die pro-swart geskiedskrywers toon empatie met die Basoeto wat ter wille van oorlewing van hulle vryheid afstand moes doen. Swart vryheid moes swig voor blanke ekspansionisme.

Hierdie geskiedskrywers, met die uitsondering van Grobbelaar, verifieer nie hulle sieninge nie. En Grobbelaar neem bloot die standpunt van geesgenote kritiekloos oor.

#### 4.1.4.2 Die Tweede Verdrag van Aliwal-Noord

Tydens die Tweede Verdrag van Aliwal-Noord (12 Februarie 1869) is Basoetoland as Britse gebied erken en die grense tussen die Vrystaat en Basoetoland is vasgestel.[247]

Hofstede se siening, naamlik dat die grensreëlings "gunstig [was] al verkregen wij niet alles wat wij wellicht billjik hadden mogen verwachten",[248] reflekteer die persepsies van die pro-blanke geskiedskrywers, naamlik dat die reëlings die Vrystaat ten koste van die Basoeto bevoordeel het, maar ook dat die Vrystaat nie al die grondgebied ontvang het nie waarop hulle geregtig was.

Die professionele Afrikanersentriese geskiedskrywers openbaar verskillende benaderings in hulle uitwysing van Basoetogrondverlies. Grobbelaar wys daarop dat die Basoeto hulle beste saaigrond wes van die Caledonrivier, 'n oppervlakte van meer as 600 plase, verloor het.[249] Op grond van Grobbelaar se navorsing wys Eloff ook op die Basoeto se grondverliese. Maar anders as Grobbelaar wat geen kommentaar lewer nie, reken Eloff dat die Basoeto die verliese op hulleself gebring het as gevolg van hulle ignorering van ooreenkomste.[250] Scholtz beskou die Basoeto se grondverlies as deel van die Vrystaat se "kortsigtige" beleid om die Basoeto te vernietig. Hy verklaar onomwonde dat die Basoeto nou te min gebied gehad het. Dit sou volgens hom "die vraagstuk op die duur slegs vererger".[251] Hierdie uitwysing van Basoetogrondverlies moet nie as empatie met die Basoeto gesien word nie. Scholtz se politieke visie was algehele skeiding op alle lewensterreine. Daarom verwys hy verwys onder andere na die "Basoeto-vraagstuk", naamlik die "onbeskaafde nie-blankes [wat] vir die voortbestaan van die blankes 'n ernstige bedreiging gevorm".[252] Tylden skryf op sy beurt weer dat "[t]he O.F.S. had gained, as they well deserved, a strip of excellent land to the west of the Caledon".[253] Ongeverifieerd verwerp hy enige argumente wat moontlik daarop kon dui dat die Basoeto te min grond gehad het om 'n lewensvatbare

247 *Vide* Lagden, *The Basutos*, vol II, pp. 452-457; Eybers, *Select Constitutional documents illustrating South African History 1795-1910*, pp. 336-341 vir die bepalings van die verdrag.
248 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 240.
249 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 190 baseer hierdie gegewens op Volksraadnotules.
250 Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 32.
251 Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 391.
252 *Ibid.*
253 Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 109.

bestaan te kan voer: "The Basuto had kept enough fertile land to grow food for themselves without at that time having to break ground in the mountains".[254]

Hoewel Eloff en Grobbelaar toegee dat die Basoeto groot grondverliese gely het, onderskryf hulle by implikasie Louw Wepener se seun se bewering dat die Vrystaat ongeveer een derde van die onbewoonde grensplase weer aan die Basoeto's moes teruggegee. Die Vrystaat moes 'n gedeelte van die gebied wat in 1865-1866 verower is, prysgee. Dit het 'n verlies aan 142 plase beteken.[255]

In aansluiting by Eloff, Grobbelaar en Scholtz lê van die tydgenootlike liberale,[256] professionele liberale[257] en neo-liberale[258] geskiedskrywers klem op die Basoeto se grondverliese.

Die omvang van die empatie wat die liberale geskiedskrywers aan die Basoeto toon, wissel. Hoewel die verdrag ten voordele van die Vrystaat was, was dit "an agreement of 'split the differences'".[259] Terwyl De Kiewiet postuleer dat "they had lost much of their best grazing and ploughing land", maak hy die toegewing dat hulle "were given enough to preserve them from the worst effects of congestion"[260] en hulle het steeds eienaarskap behou van "an appreciable tract containing much excellent land".[261] Daarteenoor is daar liberale geskiedskrywers wat reken dat die Basoeto feitlik al hulle bewerkbare grond aan die blanke boere moes afstaan en slegs besit behou het van onbewerkbare berggebied.[262]

Die toonaard van die pro-swart publikasies word waarskynlik die beste deur Sarah Gertrude Millin gedurende 1937 en 1951 verwoord. Mosjwesjwe het die stryd teen die blanke ekspansionisme verloor: "Into corners, across rivers, over mountains, he was pushing the

---

254 *Ibid.*

255 Wepener, *Louw Wepener*, p. 81; Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 190 baseer gegewens op Volksraadsnotules; Eloff, *The so-called conquered territory*, p. 31 verwys na Grobbelaar ter verifiëring van sy feite.

256 Holden, *A brief History of Methodism*, p. 371; Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 153.

257 De Kiewiet, *The period of transition*, p. 434; De Kiewiet, *British colonial policy and the South African Republics 1848-1872*, p. 234; Eric A Walker, *Britain and South Africa*, p. 25; Stevens, *Lesotho, Botswana & Swaziland*, p. 25; Marais, *The imposition and nature of European control*, p. 346; Macmillan, *Complex South Africa. An economic foot-note to History*, p. 14; Smith, *The Mabilles of Basutoland*, p. 177; JAI Agar-Hamilton, *South Africa*, p. 24; Campbell, *The South African frontier, 1865-1885. A study in expansion*, p. 117.

258 Heydenrych, *Die Boererepublieke, 1852-1881*, p. 149; Thompson, *Survival in two worlds*, p. 306; Thompson, *A History of South Africa*, p. 107; Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, p. 126; Davenport, *South Africa*, p. 106; Saunders (ed), *Reader's Digest History*, p. 161; Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 115; Hallett, *Africa since 1875*, p. 619.

259 De Kiewiet, *British colonial policy and the South African Republics 1848-1872*, p. 234.

260 De Kiewiet, *The period of transition*, p. 434.

261 De Kiewiet, *British colonial policy and the South African Republics 1848-1872*, p. 234.

262 Agar-Hamilton, *South Africa*, p. 24; Campbell, *The South African frontier, 1865-1885. A study in expansion*, p. 117; Holden, *A brief History of Methodism*, p. 371.

black man, forever making new boundaries."[263] Voorts is daar is "no longer any question who owned South Africa. It might be ... a black man's country, and always had been, and always would be, but the immediate fact was that the white man was in possession of it."[264]

Hoewel De Kiewiet meer genuanseerd in sy beoordeling van die grensreëlings is as sy geesgenote, deel hy die siening van ander liberale[265] en neo-liberale[266] geskiedskrywers oor die invloed van die grondverliese op die Basoeto. Die Basoeto moes ter wille van oorlewing deel van die blankes se ekonomiese stelsel word:

> *Basutoland became a dormitory for migrant workers, who cummuted between their rural homes and white South Africa's farms, mines and factories, where they encountered such rigid colour bars in employment and wage levels that they could not acquire sufficient skills nor earn enough money to generate economic growth at home.*[267]

Die grondverlies en gevolglike ekonomiese afhanklikheid van die Basoeto van die blankes het volgens Allister Sparks (1990) 'n negatiewe psigologiese invloed op die swartes se selfbeeld gehad. Hulle het na hulleself begin kyk deur die oë van die witman.[268]

Dit is ironies dat Grobbelaar se samevattende siening oor die blank-Basoeto-konflik die siening van die pro-swart geskiedskrywers, hoewel vanuit 'n blanke verwysingsraamwerk, reflekteer. Die blank-swart-konflik is vir Grobbelaar meer as 'n stryd om grond en lewensruimte, dit was 'n "dieper" stryd:

> *Dit was 'n stryd tussen beskawing en barbarisme oor die behoud van 'n gedeelte van die binneland van Suid-Afrika. Die stryd het die Vrystaat 'n witmansland en die Basoetoe 'n bruikbare naturellestam gemaak.*[269]

---

263 Sarah Gertrude Millin, *The people of South Africa*, p. 39.

264 Sarah Gertrude Millin, *The South Africans*, pp. 36-37 baseer dié beoordeling op 'n uitspraak deur Anthony Trollop.

265 Willcox, *Southern land*, p. 217; Stevens, *Lesotho, Botswana & Swaziland*, p. 25 baseer die aanname op *Cambridge History*, p. 434; Marais, *The imposition and nature of European control*, p. 347; Campbell, *The South African frontier, 1865-1885. A study in expansion*, p. 117; Roux, *Time longer than rope. A History of the Black man's struggle for freedom in South Africa*, p. 51.

266 Thompson, *Survival in two worlds*, pp. 326-327; Thompson, *Southern Africa (1795-1870)*, p. 321; Parker & Pfukani, *History of Southern Africa*, pp. 120; 127; Davenport, *South Africa*, p. 137; Saunders (ed), *Reader's Digest History*, p. 161; Omer-Cooper, *Moshesh*, p. 115; Hallett, *Africa since 1875*, p. 619.

267 De Kiewiet, *British colonial policy and the South African Republics 1848-1872*, p. 234.

268 Sparks, *The mind of South Africa. The story of the rise and fall of apartheid*, pp. 108-109.

269 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 199.

Dit wat Grobbelaar as 'n positiewe gevolg van die oorlog sien, naamlik "'n bruikbare naturellestam" vir die "witmansland", word deur Omer-Cooper veroordeel as swartes wat verlaag is tot "labour reserves for the white dominated economy".[270]

Boon (1885) se uitsprake oor die grondreëlings sluit by dié van 20ste eeuse pro-swart geskiedskrywers aan. Die toesegging van grondgebied aan die Vrystaat ten koste van die Basoeto word as vertrekpunt vir 'n fel aanval teen die blanke boere van die Vrystaat geneem:

> *The very territory that [the farmers] took in violence from the Basutos, which they hungered after - was like David did for the vineyard of Naboth - was taken simply because it was the garden of the Basutos' territory, although they justified the seizure on the ground that the Basutos were a nation of thieves, ignoring the fact that they themselves had not only stolen the cattle on a thousand hills, but like our Norman conquerors, had also robbed the inhabitants of the land on which the cattle grazed, and when the rightful owners asked for restitution they were designated rebels, thieves and vagabonds. The 'garden' stolen from the Basutos by the much vaunted Free State, was considered the Alsatia of Basutoland, full of land, cattle and merchandise thieves and swindlers, and with all the opportunities it presented for men who would work for an honest living.*[271]

Dat die blanke boere nie dié geleenthede wat dié gebied bied, sou benut nie, is vir Boon voor die hand liggend, want "the white adult Africander population is lazy, thriftless, and roguish."[272] Die blanke boere het die Basoeto se diefstalle as 'n skuiwergat gebruik het om "Nabot se wingerd" te bekom.

Terwyl die pro-swart geskiedskrywers die ekonomiese verval van die Basoeto as belangrikste gevolg van die eensydige grensreëlings uitwys,[273] noem Afrikanersentriese geskiedskrywers verskeie gevolge. Terwyl sommiges reken dat die grensvraagstuk opgelos is, en die stryd tussen die Vrystaat en die Basoeto beëindig is,[274] is ander van mening dat die konflik op die Vrystaat-Basoetolandgrens voortgeduur het.[275] Die persepsie word geskep dat blank-swart-verhoudinge 'n ewigdurende konflikverhouding is. Die Vrystaat was

---

270 Omer-Cooper, *Colonial South Africa*, p. 391.
271 MJ Boon, *The History of the Orange Free State*, pp. 55-56.
272 *Ibid.*, p. 101.
273 Cf Troup, *South Africa*, p. 139; Saunders (ed), *Reader's Digest History*, p. 161; Thompson, *A History of South Africa*, p. 107; Atmore, *Sotho independence*, p. 296 vir beskuldigings dat die blankes eensydig, sonder om die belange van die Basoeto in ag te neem, die grensreëlings opgestel het. Die Basoeto is nóg direk nóg indirek tydens die onderhandelings wat die verdrag voorafgegaan het, verteenwoordig.
274 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 190; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 164; Van Rensburg, *Bethlehem*, p. 121.
275 Van der Walt, *Die ontstaan en groei van Winburg*, p. 38; Eloff, *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, pp. 6-8; 37-39; 79-81; 131.

van "die oorlas van die Basoetoes bevry"[276] en "'n lastige buurman [is] verwyder".[277] Die "griewende en moordende Basoeto-oorloë" het 'n negatiewe invloed op die ekonomiese ontwikkeling van die Vrystaat gehad.[278] Ongeverifieerd word verwys na die "verwydering en verarming" van die mense van Smithfield as die "haglike nasleep van hierdie uitgerekte lydensgeskiedenis".[279] Maar "die Afrikaner, bekend vir sy wonderlike herstelvermoë, kon die spore van die oorloë uitwis".[280] 'n Belangrike gevolg van die stryd tussen die Vrystaat en Mosjwesjwe "met sy barbaarse hordes" was die totstandkoming van nasionale eenheid in die Vrystaat. Die blankes moes teen die swartes, wat nie net die onafhanklikheid van die staat bedreig het nie, maar ook 'n gevaar vir die "lewe en bestaansreg van iedere burger" was, konsolideer.[281]

Uit die historiografiese ontleding van die Tweede Verdrag van Aliwal-Noord blyk dit dat sommige Afrikanersentriese geskiedskrywers toegee dat die Basoeto grondverliese gely het. Hierdie skrywers beklemtoon egter dat die Vrystaat ook grond aan die Basoeto moes afstaan. Met die uitsondering van De Kiewiet wat nes die Afrikanersentriese geskiedskrywers op die blankes en swartes se grondverliese wys, wys die ander liberale en neo-liberale geskiedskrywers egter slegs op die Basoeto se verliese. Die negatiewe invloed van die Basoeto se grondverlies word deur die pro-swart skrywers as vertrekpunt vir 'n aanval teen die blankes gebruik. Die swartes moes hulle tot die blanke Vrystaters wend om te oorleef. Hulle word opgeneem in die blankes se rasgebaseerde, onderdrukkende ekonomiese stelsel.

Die bespreking van die Tweede Verdrag van Aliwal-Noord word deur sommige Afrikanersentriese geskiedskrywers as vertrekpunt gebruik om hulde aan die 19de eeuse blanke Vrystaters te bring. Ten spyte van die oorlogslyding en die feit dat die "Basoetogevaar" nog teenwoordig was, kon die blankes as gevolg van hulle "wonderlike herstelvermoë" ekonomies vooruitgaan en oorgaan tot nasiebou. Daarteenoor bevraagteken Boon die herstelvermoë van die Vrystaters op grond van sy negatiewe siening van hulle swak persoonlikheidsamestelling.

'n Enkele gedagte oor bronbenutting: Terwyl Grobbelaar die siening van blank en swart met 'n blanke bron (Volksraadnotules) verifieer, interpreteer Eloff hierdie gebalanseerde

---

276 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 190.
277 Van Rensburg, *Bethlehem*, p. 121.
278 Venter, *Ons Vrystaatse kerke*, p. 166. *Vide* ook Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 190; Gerdener, *Deur 'n eeu gelei*, p. 25.
279 Gerdener, *Deur 'n eeu gelei*, p. 25.
280 Van Rensburg, *Bethlehem*, p. 121.
281 GD Scholtz, *Die konstitusie en die staatsinstellings van die Oranje-Vrystaat 1854-1902*, p. 40. *Vide* Spies, *Hamelberg*, pp. 309; 323 en Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, p. 22 vir dieselfde siening.

perspektief subjektief - die Basoeto het grond verloor omdat hulle nie ooreenkomste nagekom het nie.

## 4.2 Die verhouding tussen die Vrystaat en die Barolong van Thaba Nchu, 1880-1888

Die Barolong van Thaba Nchu was 'n onafhanklike volk met eie wette en gebruike en 'n eie gebied, duidelik begrens en van die Vrystaat afgesluit. Die Vrystaat het die onahanklikheid van die gebied erken.[282] Die dood van opperhoof Moroka op 8 April 1880 lei tot 'n leierskapstryd tussen Samuel Lehulere Moroka, Moroka se seun, en Tsipinare, Moroka se oudste broer se seun. Tsipinare is deur Moroka as sy opvolger aangewys. Nadat ingewikkelde sesessiebeginsels en -getuienisse vir mediasie voor Brand gelê is, verwys hy die saak na 'n arbitrasiehof. Op 17 Julie 1880 word uitspraak ten gunste van Tsipinare se leierskapaanspraak gelewer. Samuel, wat hom in die Vrystaat gevestig het, se volgelinge val Thaba Nchu op 10 Julie 1884 in. Tsipinare is in die skermutseling gedood. Op 11 September 1884 keur die Vrystaatse Volksraad die anneksasie van Thaba Nchu goed.[283]

In geskiedskrywers se bespreking van blank-Barolong-verhoudinge sal aandag aan die Vrystaat se motivering vir die anneksasie van Thaba Nchu en die herverdeling van grond geskenk word.

### 4.2.1 Die anneksasie van Thaba Nchu deur die Vrystaat

Was die anneksasie van Thaba Nchu deur die Vrystaatse regering noodsaaklik?

KJ de Kok, wat in 'n gesprek met Brand betrokke was toe die nuus van die moord op Tsipinare aan die president meegedeel is, noem redes vir die anneksasie van Thaba Nchu. Hoewel De Kok nie poog om 'n gebalanseerde beeld van gebeure te skets deur die gebeure vanuit blanke én Barolong perspektief te belig nie en dit nie uit die oog verloor moet word dat hy 'n landmeter in diens van die Vrystaatregering was nie, slaag hy tog daarin om homself van die gebeure te distansieer deur dit onomwonde te stel dat die redes wat hy verskaf, nie syne is nie, maar dié van die Vrystaat. Sonder om kommentaar te lewer, noem hy drie redes. Eerstens het verskeie inwoners van Bloemfontein grondregte van Moroka ontvang. Hulle vrees dat Samuel die grondregte sal misken. As gevolg van die relatiewe kort afstand tussen Thaba Nchu en Bloemfontein het die regering gevrees dat die onluste destabiliserend op die Vrystaat se hoofstad sou inwerk. Laastens moes die Barolonggebied

---

282 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 128; 133. *Vide ibid.*, pp. 128-133 vir die sluiting van ooreenkomste tussen die Vrystaat en die Barolong.

283 *Vide* Wales, *The relationship between the Orange Free State and the Rolong*, pp. 267-283 vir 'n goed gedokumenteerde bespreking van die sesessiestryd en bevindinge van die arbitrasiehof, asook die daaropvolgende magstryd; asook Baumann & Bright, *The lost Republic*, pp. 103-104; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 134-135; Molema, *Chief Moroka*, pp. 151-153.

in besit geneem word voordat die Basoeto, onder die voorwendsel dat Moroka Mosjwesjwe se onderdaan was, tot die stryd toetree.[284]

Redes deur die Vrystaatregering aangevoer vind weerklank in werke van Afrikanersentriese geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke. Die Vrystaat móés die gebied annekseer ter wille van die daarstelling van wet en orde[285] en om Basoeto inmenging te voorkom.[286] Hierdie geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke onderskryf dus die siening dat die blankes 'n stabiliserende rol as vredemakers en handhawers van orde gespeel het. Voorts glo Barlow dat "the act of annexation was one not of aggression but of self-defence and it is difficult to see how Brand could have acted in any other way."[287]

JM Wales sluit by voorafgaande skrywers aan in sy begrip vir Brand se optrede, naamlik die ineenstorting van die regering en die vrees dat die konfliksituasie na die Vrystaat kon uitbrei.[288] Sy begrip moet nie as goedkeuring gesien word nie. Ongeverifieerd sê Wales dat die anneksasie tot gevolg gehad het dat die Barolong verarm het, hulle tradisionele regeringstelsel is hulle ontneem, hulle leiers is verneder en hulle het twee derdes van hulle grondgebied verloor.[289] Hy kom tot die volgende gevolgtrekking:

> *Thaba 'Nchu was annexed to safeguard the interests of the Free State and the Rolong were, in a large measure, harnessed to serve the needs of the Boer Republic.*[290]

Daarenteen toon Van Aswegen nie begrip vir die Brand se besluit om die gebied te annekseer nie. Hy bevraagteken die geldigheid van die redes wat die regering aangevoer het vir die anneksasie van Thaba Nchu.[291] Dit is volgens hom sterk te betwyfel of anneksasie die enigste oplossing vir die gebeure in Thaba Nchu was. As motivering vir hierdie siening wys hy daarop dat die versetbeweging nie teen die Vrystaat gemik was nie, en dat die Vrystaat oor die nodige militêre vermoëns beskik het indien die gebeure die posisie van die Vrystaat sou bedreig. Volgens hom het daar "geen gevaar" vir die Vrystaat bestaan nie. Trouens die Vrystaat het 'n troepemag tot sy beskikking gehad wat hy kort na die gebeure

---

284 De Kok, *Empires of the veld*, p. 42.
285 Aitton, *Republieken in Zuid-Afrika*, p. 92; Fraser, *Episodes in my life*, p. 70; Scholtz, *President Brand*, p. 256; Barlow, *President Brand*, p. 226.
286 Barlow, *President Brand*, p. 226.
287 *Ibid.*
288 Wales, *The relationship between the Orange Free State and the Rolong*, p. 272.
289 *Ibid.*, p. 286. *Vide* Baumann & Bright, *The lost Republic*, p. 105 vir ooreenstemmende kritiek teen die Vrystaat se anneksasie van Thaba Nchu.
290 Wales, *The relationship between the Orange Free State and the Rolong*, p. 301.
291 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 138: dit was nodig om die wet, orde, rus en veiligheid van die gebied te handhaaf en daarom moes 'n wettige en gereelde regering daargestel word; die inwoners van die gebied moes beskerm word en dit kon die beste geskied en bevorder word deur dié gebied te annekseer (Volksraadnotules, 11 September 1884).

huis toe gestuur het.[292] Van Aswegen verwerp nie net die Vrystaters se regverdiging vir die anneksasie van Thaba Nchu nie, maar voer verskeie argumente aan om te bewys dat die Vrystaat se optrede "streng gesproke ... 'n skending van die volkereg" was.[293] Hy kom tot die gevolgtrekking dat die Vrystaat se optrede 'n daad van imperialisme was.[294] In 'n geverifieerde bespreking lê Van Aswegen die negatiewe optrede van die Vrystaters regering bloot. Die optrede het volgens hom tot gevolg gehad dat die goeie verhoudinge "vertroebel" is.[295] Die blaam vir die beëindiging van goeie verhoudinge word voor die deur van die blankes geplaas.

Van Aswegen se siening dat die Vrystaat deur imperialisme gemotiveer is, word deur Molema onderskryf. Molema maak die ongeverifieerde beskuldiging dat die Vrystaat vir baie jare na Thaba Nchu gekyk het "with necessitous longing" aangesien die bestaan van die onafhanklike staat binne die grense van die Vrystaat vir baie blankes 'n anachronisme was.[296] Molema veroordeel die anneksasie as 'n onnodige en oorhaastige ingrype deur die blankes in die interne politiek van 'n onafhanklike staat. Sonder die vermelding van spesifieke voorbeelde, wys Molema daarop dat Afrikastate nog altyd in staat was om na afloop van 'n leierskapstryd terug te keer na 'n toestand van orde en stabiliteit. Die vrede wat dan verkry word, is volgens hom "real peace from within".[297]

Sonder om die gebeure in konteks te plaas beskou die 20ste eeuse swart politikus Nelson Mandela die anneksasie van Thaba Nchu as politieke verraad deur die blankes:

> *[Moroka] had greeted the Afrikaner voortrekkers of the nineteenth century with open arms and gifts of land, and then been betrayed.*[298]

In antwoord op die inleidende probleemvraag of die anneksasie van Thaba Nchu onafwendbaar was, bied geskiedskrywers die volgende antwoorde:

- Die Vrystaat het volgens van die Afrikanersentriese geskiedskrywers geen ander keuse gehad nie, ter wille van wet en orde móés die blankes ingryp.

- Wales toon begrip vir die Vrystaat se anneksasie van Thaba Nchu, maar hy wys ook op die negatiewe gevolge wat die stap vir die Barolong ingehou het.

---

292 *Ibid.*, p. 139.
293 *Ibid.*
294 *Ibid.*, pp. 139; 166.
295 *Ibid.*, p. 140.
296 Molema, *Chief Moroka*, p. 159.
297 *Ibid.*, p. 160.
298 Nelson Mandela, *Long walk to freedom*, p. 108. Dié uitspraak van Mandela is bloot agtergrondgegewens by sy bespreking van die 20ste eeuse ANC-leier dr. JS Moroka. Hy gee geen verduideliking vir sy siening nie en gaan van die voorveronderstelling uit dat die leser vertroud is met die geskiedenis van die Barolong.

- Die Vrystaat het die staatsgreep in Thaba Nchu as rookskerm gebruik om hulle imperialistiese oogmerke te realiseer, aldus Van Aswegen en Molema.

### 4.2.2 Herverdeling van grond

Na die anneksasie van Thaba Nchu is aanvanklik 'n vyfman- en later 'n driemankommissie aangestel om die grond in Thaba Nchu te herdistrubeer. Enkele geskiedskrywers skryf veralgemenend, ongeverifieerd dat die herverdeling tot voordeel van die blankes was.[299] Van Aswegen, Collin Murray, Wales en Molema toon in hulle redelik volledig besprekings van die herverdeling van grond empatie vir die swartes se grondverliese.[300] Daar is egter nuanseverskille tussen hierdie skrywers.

Van Aswegen wys daarop dat die grondreëling die Barolong se lewenswyse ingrypend verander het, want hulle het nie net besitreg nie, maar ook woonreg verloor op gronde waarop hulle voorheen woonagtig was. Hulle moes in veel kleiner reservate 'n bestaan maak. Dié optrede van die Vrystaatregering is "nie juis 'n faset van billike en eerbare optrede nie. Dit kan daarom nie sonder sterk kritiek deurgelaat word nie."[301] Die Barolong was "verslae" en het op "'n waardige beskaafde, maar ernstige toon" vertoë tot Brand gerig.[302] Nadat 'n driemanskommissie, in opdrag van die Volksraad, 'n opvolgondersoek geloods het,[303] kom Van Aswegen tot die gevolgtrekking dat "die Barolonggrondregte voorlopig tot almal se tevredenheid gereël is".[304]

Hierdie siening dat die herverdeling van grond tot almal se bevrediging opgelos is, word nie deur Wales, Murray en Molema gedeel nie. Hierdie skrywers wys op die groot grondverliese van die Barolong as gevolg van die herverdelingprogram.[305] Wales skryf:

> *The tragedy lay in the fact that the Free State did not proclaim the Moroka District as a Rolong reserve. Instead, the Free State appropriated 65% of the Rolong's land and set aside only 6% of this reserves for the dispossessed. The*

---

299 EF Knight, *South Africa after the War*, p. 152; Plaatje, *Native life in South Africa*, pp. 130-131; Baumann & Bright, *The lost Republic*, p. 105.

300 *Vide* Murray, *Black Mountain*, pp. 33-51; Wales, *The relationship between the Orange Free State and the Rolong*, pp. 286-299 en Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 189-193 vir deeglik geverifieerde besprekings. Molema, *Chief Moroka*, pp. 166-170 verifieer nie sy gegewens nie.

301 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 190.

302 *Ibid.*, pp. 190-191.

303 *Vide ibid.*, pp. 191-193 vir 'n bespreking van hul verslag.

304 *Ibid.*, p. 193. Volgens die aanvanklike reëlings kon grond slegs aan die regering verkoop word. Voortaan kon grond aan blanke burgerlikes verkoop word.

305 Wales, *The relationship between the Orange Free State and the Rolong*, p. 299. Molema, *Chief Moroka*, pp. 167-170; Murray, *Black Mountain*, pp. 34; 36.

> *land settlement resulted in a massive exodus from the territory and left those who remained scattered and leaderless.*[306]

In aansluiting by Wales sê Murray en Molema dat etlike duisende Barolong eiendom moes verlaat wat sommige van hulle vir meer as dertig jaar bewoon het.[307] As rede vir die siening meld Murray dat die Vrystaatregering slegs twee reservate geskep het uit van die regeringsplase. Alle swartes wat op ander regeringsplase woonagtig was, was verplig om die plase te verlaat. Die enigste heenkome vir die swartes was oorvol reservate.[308] Murray en Molema deel dus Wales se siening dat "the Free State rule was traumatic years for the Rolong and many felt betrayed by their old 'bondgenoot'".[309]

In teenstelling met voorafgaande skrywers se empatie met die swartes se grondverliese, huldig Barlow die standpunt dat Brand die grondregte van die Barolong beskerm het. Ter verifiëring van hierdie siening wys hy daarop dat slegs 15 plase aan blankes afgestaan is, die res is vir swartes gereserveer.[310] Murray plaas hierdie 15 plase in konteks as hy op die totale verdeling van die 152 plase wys: 15 aan blankes, 3 aan sendinggenootskappe, 95 van individuele swart boere, die Vrystaatregering het 39 plase ontvang. Van die 95 plase wat aan swartes toegeken is, het vriende en familielede van Tshipinare ongeveer 63 ontvang.[311] Dit wat Barlow as die beskerming van die swartes se belange voorhou, wys Murray uit as nepotisme. Die meerderheid swartes het geen eiendomsreg gehad nie.

Met die uitsondering van Barlow is geskiedskrywers wat hulle uitspreek oor die herverdeling van grond dit eens dat die Barolong groot verliese ten koste van die blankes gely het. Die blank-Barolong-verhouding was 'n wen-verloor-verhouding. Die Vrystaat het grondgebied bygekry; die Barolong het hulle grond en onafhanklikheid verloor.

Ten slotte moet daarop gewys word dat terwyl blank-Basoeto-verhoudinge deur oorsig en gespesialiseerde werke aangespreek word, is geskiedskrywing oor blank-Barolong-verhoudinge feitlik beperk tot gespesialiseerde werke.

Dat die swartes in die Vrystaat gedurende die laaste dekade van die 19de eeu feitlik deur geskiedskrywers geïgnoreer is, sal blyk uit die bespreking van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gedurende die presidentskappe van FW Reitz en MT Steyn.

---

306 Wales, *The relationship between the Orange Free State and the Rolong*, p. 301.
307 Murray, *Black Mountain*, p. 40; Molema, *Chief Moroka*, p. 169.
308 Murray, *Black Mountain*, p. 40.
309 Wales, *The relationship between the Orange Free State and the Rolong*, p. 299.
310 Barlow, *President Brand*, p. 226.
311 Murray, *Black Mountain*, pp. 34; 36 baseer gegewens op titelaktes (Thaba Nchu).

## 4.3 Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat tydens die presidentskap van FW Reitz, 1889-1895

Die Reitz-biograaf JC Moll merk tereg op dat Reitz "nie meer een van die bekendste figure in die geskiedenis van Suid-Afrika [is] nie".[312] Ten spyte van die feit dat Moll die siening huldig dat Reitz die grondslae vir ekonomiese en politieke samewerking in Suid-Afrika gelê het en baanbrekerswerk in die vestiging van die Vrystaatse regspleging verrig het,[313] is daar min geskiedenisboeke wat pertinent aandag aan Reitz as president skenk. Blank-swart-verhoudinge figureer nie in van hierdie publikasies nie.[314] Selfs in FW Reitz *Outobiografie en 62 gedigte*, asook sy seun se publikasie *The conversion of a South African Nationalist* is daar geen verwysing na swartes in die Vrystaat nie.[315]

Die enigste Reitz-publikasie wat wel na blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat verwys, is Moll se gepubliseerde doktorale proefskrif. Hoewel Moll op tematiese gronde as Afrikanersentriese getipeer kan word, moet hy ten opsigte van sy uitsprake oor Reitz se beleid teenoor die swartes as 'n liberale geskiedskrywer geklassifiseer word. Volgens Moll was Reitz "een van die weinige Vrystaters wat die erns en omvang van die rasse-vraagstuk ingesien het"[316] en was hy "die enigste Vrystaatse President wat openlik die breë riglyne vir 'n moontlike Bantoebeleid geformuleer en gepropageer het".[317] Dié beleid, wat onder andere gestrewe het na die vernietiging van die stamstelsel en die opperhoofskap onder die swartes, die onderdrukking van "heidense rites," die ontmoediging van veelwywery, die beginsel van "geen gelykheid" en aparte woongebiede,[318] word deur Moll gekritiseer: "[s]y beleid spreek van weinig subtiliteit en menslikheid: die nie-blanke moet alle regte ontneem word en in totale onderhorigheid en diensbaarheid aan die blanke gestel word."[319] Voorts verwys Moll veralgemenend daarop dat "persone wat oor 'n diepgaande kennis van die Bantoe beskik het, kon onmiddellik op die onhoudbaarheid van talle van sy argumente wys."[320] Moll kritiseer dus, ten spyte van sy toegeneentheid jeens Reitz,[321] Reitz se blanksentriese, onsimpatieke beleid teenoor die swartes.

---

312 JC Moll, Voorwoord, in FW Reitz, *Outobiografie en 62 gedigte,* p. i.
313 *Ibid.*, pp. i-ii.
314 Cf Malan, *Die rol van J. Geo. Fraser in die Vrystaat, 1863-1927*, pp. 197-209; Fraser, *Episodes in my life*, pp. 161-190 (Fraser was lid van die Vrystaatse Volksraad tydens die presidentskap van Reitz); Frederik Rompel, *Heroes of the Boer War*, pp. 87-92; Molema, *Moroka*, p. 175; Venter, *400 leiers in Suid-Afrika oor vier eeue*, pp. 131-133.
315 *Vide* Hjalmar Reitz, *The conversion of a South African Nationalist*, pp. 190-250. Dié gedeelte konsentreer op persoonlike anekdotes eerder as op Reitz se politieke loopbaan.
316 JC Moll, *Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat*, p. 219.
317 *Ibid.*, p. 101.
318 *Vide ibid.*, pp. 101-102 vir 'n uiteensetting van dié beleid.
319 *Ibid.*, p. 102.
320 *Ibid.*
321 Cf *ibid.*, p. 219.

Die feit dat Reitz-publikasies min aandag aan blank-swart-verhoudinge skenk, beteken nie dat geskiedskrywers blank-swart-verhoudinge tydens sy presidentskap ignoreer nie. Die meerderheid geskiedskrywers wat blank-swart-verhoudinge gedurende die periode 1889-1995 aanraak, se publikasies word deur 'n probleemgesentreerde, tematiese benadering gekenmerk. Die probleme en/of temas wat deur hulle geanaliseer en bespreek word, val nie binne vaste tydsgrense nie. Die historiografiese studie van sosiale, onderwys-, mediese, ekonomiese, staatkundig-politieke, asook juridiese blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat tydens die presidentskap van Reitz sal tematies en nie chronologies nie, in hoofstukke 6, 7 en 8 onderneem word.

## 4.4 Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat ten tye van die presidentskap van MT Steyn, 1896-1899

Geskiedskrywing oor die lewe en werk van MT Steyn wentel hoofsaaklik rondom die "worstelstryd" tussen Afrikaner-nasionalisme en Britse imperialisme.[322] Die gevolg is dat hierdie skrywers óf geen aandag skenk aan blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat nie[323] óf slegs enkele reëls wy aan die rol van swartes in die Anglo-Boereoorlog in die Vrystaat.[324] Die erkenning/miskenning van die rol van swartes in die Anglo-Boereoorlog sal in hoofstuk 5 aan die orde gestel word. Die verhoudinge tussen blanke en swart Vrystaters op sosiale, onderwys-, mediese, ekonomiese, staatkundig-politieke, en juridiese terreine tydens die presidentskap van Steyn sal in hoofstukke 6, 7 en 8 historiografies ontleed word.

---

322 A Kieser, *President Steyn in die krisisjare 1896-1899*; JJ Oberholster & MCE van Schoor (samest), *President Steyn aan die woord. Openbare geskrifte en toesprake van Marthinus Theunis Steyn*, pp. 14-15.

323 Afrikanersentriese geskiedskrywers van algemene geskiedeniswerke skenk geen aandag aan blank-swart-verhoudinge tydens die presidentskap van Steyn nie. Gespesialiseerde werke wat nie melding maak van blank-swart-verhoudinge tydens sy presidentskap, is o.a. A Kieser, *President Steyn in die krisisjare 1896-1899*; Malan, *Die rol van J. Geo. Fraser in die Vrystaat, 1863-1927*, pp. 213-266; NJ van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing*, deel I; Anoniem, *President M.T. Steyn. Lewe en strewe van die groot Afrikaner staatsman.*

324 NJ van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing*, deel II, p. 37; Frederik Rompel, *Marthinus Theunis Steijn*, p. 72; JJ Oberholster & MCE van Schoor (samest), *President Steyn aan die woord. Openbare geskrifte en toesprake van Marthinus Theunis Steyn*, pp. 160; 163; Johannes Meintjes, *Vader van sy volk. Die lewe van president M.T. Steyn*, pp. 41; 44.

# Hoofstuk 5

# Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902

In die bespreking van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gedurende die Anglo-Boereoorlog (ABO) sal van die standaard historiografiese klassifisering van skrywers afgewyk word. Met die uitsondering van die neo-liberale geskiedskrywers, wie se uitsprake oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gedurende die ABO grotendeels deur hulle swartsentriese verwysingsraamwerk bepaal word, is al die geraadpleegde werke blanksentries. Laasgenoemde skrywers se uitsprake oor blank-swart-verhoudinge gedurende die ABO word óf deur hulle pro-Britse óf pro-Boere lojaliteite bepaal. Die blanksentriese geskiedskrywers, skrywers van herinneringswerke en dagboekskrywers sal in twee breë kategorieë, naamlik pro-Brits of pro-Boer, geklassifiseer word. 'n Onderskeid sal ook getref word tussen publikasies deur professionele geskiedskrywers, en die deur skrywers van herinneringswerke en dagboeke. Laasgenoemde sluit onder andere memoires, dagboeke en kwasi-historiese werke deur lede van die Britse en Boeremagte of hulle gades, verteenwoordigers van die buitelandse pers en mediese personeel in.

In die historiografiese studie van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gedurende die ABO sal aandag aan die deelname van die swartes aan die oorlog, die verhouding tussen die swartes en die Britse en Boeremagte, die verhouding tussen die blanke burgerlike bevolking en die swartes, asook konsentrasiekampe geskenk word.

## 5.1 Die deelname van die swartes aan die ABO in die Vrystaat

### 5.1.1 "Die ABO was 'n witmansoorlog"

Nie net die interpretasie van gebeure nie, maar ook die seleksie van gegewens is belangrik by geskiedskrywing. Deur die nie-vermelding van die rol wat swartes in die ABO gespeel het en die ignorering van die invloed van die oorlog op die swart burgerlike bevolking, reduseer geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke die ABO tot 'n "witmansoorlog".

In 1988 verwerp Thomas Pakenham enige aansprake dat die ABO 'n "witmansoorlog" was en wys daarop dat "no one will ever know the total number of black 'Boers', or black British, many of whom were forced labourers during the war on each side".[1] Gerugsteun deur *War and society in Africa*,[2] wys SB Spies daarop dat die ABO 'n invloed op alle

1 Thomas Pakenham, *The Boer War*, p. 547.

2 *Vide* Donald Denoon, Participation in the "Boer War": people's war, people's non-war or non-people's war?, in Bethwell A Ogot (ed), *War and society in Africa*, pp. 109-122 vir 'n neo-liberalistiese bespreking van die deelname en lyding van die swartes tydens die ABO. In

inwoners van Suid-Afrika gehad het. Die swartes was nie slegs "an animated geographical background to a white man's war" nie.[3] Hierdie siening word deur Peter Warwick onderskryf in 'n hoofstuk getitel *Myth of a white man's war.*[4] Spies en Warwick skets die rol van blank en swart in die ABO in die Vrystaat.[5] Terwyl hierdie skrywers in boeke wat sedert die laat sewentigerjare die lig gesien het, daarin slaag om die geheelbeeld van alle rolspelers se bydraes en lyding tydens die oorlog weer te gee, is daar pro-Boere en pro-Britse geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke wat die swartes uit die boeke oor die ABO skryf.

In verskeie pro-Britse memoires en dagboeke fokus die bespreking en/of beskrywings van veldslae, troepebewegings asook persoonlike waarnemings van gebeure in die Vrystaat gedurende die ABO eksklusief op die blankes.[6]

Dieselfde tendens is opmerklik in verskeie publikasies deur pro-Britse geskiedskrywers oor die ABO[7] en biografieë oor Britse militariste.[8]

---

die werk is daar geen direkte verwysing na blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat nie. Daar word slegs verwys na die verhouding tussen die Vrystaat en Basoetoland (cf *ibid.*, p. 112).

3 SB Spies, British supremacy and South African unification, in BJ Liebenberg & SB Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, p. 10.

4 Peter Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902*, p. 6. Warwick herhaal dieselfde argumente in Peter Warwick, Black people and the War, in Peter Warwick & SB Spies (eds), *The South African War. The Anglo Boer War 1899-1902*, pp. 194-203. Warwick verwys na Rayne Kruger, *Good-Bye Dolly Gray* en *Oxford History of South Africa* se ignorering van die rol wat swartes in die ABO gespeel het en die miskenning van die invloed van die oorlog op dié bevolkingsgroep.

5 *Vide* SB Spies, *Methods of Barbarism? Roberts and Kitchener and Civilians in the Boer Republics: January 1900-May 1902*, pp. 154; 157; 183; 192-193; 227-229; 252; 304-305; Spies, *British supremacy*, pp. 3-20; Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, pp. 19; 21-26; 60-72; 137-138; 145-162; 167-168; 175; 183.

6 *Vide* Edgar Wallace, *Unofficial dispatches,* pp. 170-187 (Edgar Wallace, skrywer van speurverhale, doen tydens die ABO diens as oorlogskorrespondent vir die *Daily Mail* in Londen); AMS Methuen, *Peace or war in South Africa*, pp. 90; 116-117; 123; 127-131; JG Maydon, *French's Cavalry Campaign*, pp. 15-69; Pamela Todd & David Fordham (samest), *Private Tucker's Boer War Diary*, pp. 76-82; CG Goldmann, *With General French and the Cavalry in South Africa*, pp. 98-261; Maud Rolleston, *Yeoman service. Being the diary of the wife of an Imerial Yeomanry Officer during the Boer War,* pp. 205-310; Charles Stoneham, Imperial Yeomanry Field Hospital and Bearer Company, in Georgina Howe (ed), *The Imperial Yeomanry Hospitals in South Africa 1900-1902*, vol II, pp. 20-96; Violet Brooke-Hunt, *A woman's memories of the War,* pp. 152-165; *The Viscountess* Milner, *My picture gallery 1886-1901*, pp. 171-182; Henry Johnson, *With our soldiers at the front. Or conflict and victory in South Africa*, pp. 130-131; 167-184; 189-190; PT Ross, *A Yeoman's letters*, pp. 167-170; Leslie O Wilson, The advance from Bloemfontein, in TT Jeans (ed), *Naval Brigades in the South African War 1899-1900*, pp. 102-117; JFH Erskine, *Twice captured*, pp. 214-275.

7 *Vide* AT Mahan, *The story of the war in South Africa 1899-1900.* pp. 269-316 (Mahan is 'n Britse militêre historikus); Peter Gibbs, *Death of the last Republic. The story of the Anglo-Boer War*, pp. 16; 121; 226-227; 230; 242-245; 260-273; Murat Halstead, Trouble between the Boers and Great Britain, in J Castell Hopkins & Murat Halstead (eds), *South Africa and the Boer-British War*, pp. 424-439; 541-543; 582-589; 649-651; 780;782; 805-807; Edgar Holt, *The Boer War*, pp. 200-212; 231-243; 238-242; 255-262; Anoniem, *The Boer War,*

Die persepsie dat die Britte 'n "witmansoorlog" gevoer het, word waarskynlik die beste deur John Stirling (1903) geïllustreer. Hy gee 'n oorsig van die verskillende Britse regimente, hul bevelstruktuur, getalsterkte, bewapening en die veldslae waaraan die onderskeie regimente deelgeneem het. Geen melding word gemaak van swartes, gewapen of ondersteuningspersoneel, wat betrokke was by regimente wat aan veldslae in die Vrystaat deelgeneem het nie.[9]

Die biograaf van die Britse bevelvoerder Lord Roberts impliseer nie slegs deur die nievermelding van swartes dat die ABO 'n "witmansoorlog" was nie. In 1954 skryf hy: "[the] convention of keeping the struggle a 'white man's war' was observed by both sides".[10] Ten spyte van die tendens om die swartes uit die ABO te skryf, het GB Beak reeds in 1906 daarop gewys dat miskenning van die rol wat die swartes tydens die oorlog gespeel het, geensins met die praktyk rekening hou nie:

> *In the war, although he did not appear on the surface, although he was not eulogized in the colums of the press, and although he did not receive the decorations granted to others, the native had played no insignificant part.*[11]

Inteendeel, die swartes het 'n belangrike rol gespeel:

> *Regarded, at least theoretically as a non-belligerent, he was in constant requisition by both sides for the performance of duties which were none the less arduous and important.*[12]

---

*1899-1900. From the ultimatum to the occupation of Bloemfontein*, pp. 286-316; Edgar Sanderson, *The fight for the flag in South Africa*, pp. 128-129; Denis Judd, *The Boer War*, pp. 115-126; 135-146; Eversley Belfield, *The Boer War. Concise campaigns*, pp. 81-88; 94-98; 105-108; 117-125; 135-136; GR Kesteven, *The Boer War*, pp. 67-69; 75-76; Wentworth Huyshe, *The graphic History of the South African War 1899-1902*, pp. 11-12; 18-21; 76-95; Jean de Block, *Lord Roberts's campaign and its consequences*, pp. 4-16; 31.

8 ES Grew, *Field-marhal Lord Kitchener. His life and work for the Empire*, vol II, pp. 83-110; 165-166; 172-177; Geoffrey Powell, *Buller: A scapegoat? A life of General Sir Redvers Buller 1839-1908*, pp. 171-174; 178-186; George Forrest, *The life of Lord Roberts, K.G., V.C.*, pp. 219-281; Violet Brooke-Hunt, *Lord Roberts. A biography*, pp. 304-315; 318-329; Donald A MacKenzie, *Lord Kitchener. The story of his life and work*, pp. 121-124; CR Ballard, *Kitchener*, pp. 117-146.

9 John Stirling, *Our regiments in South Africa 1899-1902. Their record, based on the despatches*, pp. 1-19; 52-58; 77-87; 109-115; 195-209; 233-258; 263-277. William T Stead, *How Britain goes to war* vorm 'n teenpool vir die werk van Stirling. Stead konsentreer uitsluitlik op die negatiewe aspekte van die Britse militêre magte [cf hoofstuktitels: "At war and unprepared" (*ibid.*, p. 87); "The emptiness of our arsenals" (*ibid.*, p. 100); "An army below par" (*ibid.*, p. 130) en "The deficiency and defects of officers" (*ibid.*, p. 140)].

10 David James, *Lord Roberts*, p. 277. Ter ondersteuning van die siening is daar in die bespreking van Roberts se betrokkenheid by die stryd in die Vrystaat geen verwysing na swartes nie (*vide ibid.*, pp. 278-323).

11 GB Beak, *The aftermath of War. An account of the repatriation of Boers and Natives in the Orange River Colony 1902-1904*, p. 158.

12 *Ibid.*, p. 159.

Geskiedskrywers, asook skrywers van herinneringswerke en dagboeke se bespreking en/of beskrywings van die sake wat deur Beak uitgelig is, naamlik dat beide magte van die dienste van gewapende en ongewapende swartes gebruik gemaak het, sal in paragrawe 5.1.2 en 5.1.3 aangeraak word.

Die rol van die swartes tydens die ABO word nie net deur pro-Britse skrywers van herinneringswerke en dagboeke geïgnoreer misken nie. In sommige pro-Boere herinneringswerke of joernale is daar geen verwysing na die direkte of indirekte betrokkenheid van swartes by die Britte of Boere se oorlogspogings in die Vrystaat nie.[13]

Verskeie oorsig- en gespesialiseerde werke deur pro-Boer geskiedskrywers verwys ook nie na die rol wat swartes gedurende die oorlog in dié gebied gespeel het nie.[14]

---

13 *Vide* Fraser, *Episodes in my life*, pp. 258-298; SJ Burger, *Oorlogsjoernaal 1899-1902*, pp. 21-29-67-90; Johannes Dreyer, *Bittereinders onder die vroue*, pp. 28-31 [Dreyer het sy ervaringe as jong Wes-Transvaalse seun tydens die oorlog geboekstaaf. Hy en sy gesin het, in 'n poging om gevangenisneming deur die Britse magte vry te spring, tydelik - 12 September 1901-24 September 1901 - in die Vrystaat rondgeswerwe (cf *ibid.*)]; Howard C Hillegas, *With the Boer Forces*, pp. 141-172 (Hillegas was 'n korrespondent vir *The New York World*); N Viklund, M Gustafsson, WJ Baerentzen & E Lindblom, *Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1902*, pp. 17-19; 30; 69-70; 100-106; MCE van Schoor, SI Malan & JJ Obeholster (samest), *Christiaan Rudolph de Wet 1854-1922*, pp. 11-117 (Die werk is 'n samevoeging van uitsprake deur De Wet self en tydgenote, o.a. Oskar Hintrager, JD Kestell, kmdt. PD Potgieter, Victor Pohl en MT Steyn); Hugo H van Niekerk, *Dagboek*, pp. 14-39; Luitenant-kolonel Gurko, *Dépêches*, pp. 191-195 (lt.-kol. Gurko was lid van die Russiese Generale Staf by die Boeremagte); CH Bidwell, Recollections of the Anglo-Boer War, in Maude Bidwell, *Pen pictures of the past*, pp. 93-96; HJ May, *Music of the Guns. Based on two journals of the Boer War*, pp. 65-69 (in alternatiewe hoofstukke word dieselfde gebeure uit die dagboeke van Freda Schlosberg, 'n 14-jarige Transvaalse boeredogter en dr. Alexander Kay, Britse medikus, aangespreek).

14 André Wessels, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 16; 23-29; GD Scholtz, *Die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, pp. 61-67; 71-85; 94-96; OJO Ferreira, *Viva os Boers!*, p. 19; Malan, *Die rol van J. Geo. Fraser in die Vrystaat, 1863-1927*, pp. 272-290; Dan Sleigh, *Ruiters teen die Ryk*, pp. 33-37; 42-44; MA Gronum, *Die Engelse oorlog 1899-1902*, pp. 57-63; Elisaveta Kandyba-Foxcroft, *Russia and the Anglo-Boer War 1899-1902*, pp. 58; 64; 72-73; 90; 147; 149-151; 156; 166-167; 179-182; 209; 233-234; Ian Uys, *Heidelbergers of the Boer War*, pp. 35-50; 119-122; GH Priem, *De oorlog in Zuid-Afrika*, pp. 89-90; 95; 99-107; 118-121;134-138; 141-146;149-151; 170-172; 176-180;183-184; 211-222; Arthur Campbell, *Guerillas*, pp. 30-35 (Campbell, 'n Amerikaanse militêre historikus, wys in sy bespreking op die positiewe en negatiewe aspekte van die Boere en Britte se oorlogsvoering); SL Barnard (red), *Vrystaatse Artillerie: geskiedenis van 6 Veldregliment*, pp. 55-56; Rayne Kruger, *Good-bye Dolly Gray*, pp. 264-282; 324-336; 388-399; 427-433; 463-472 (Boere en Britte se oorlogsoptrede word belig); J de Villiers (red), *Rondom die Anglo-Boere-oorlog 1899-1902. 'n Keur uit die fotoversameling van wyle Christofer Kriel*, pp. 32; 39; 43; 48-50; 53; 61-64; 72-84; 88-94; Johannes Meintjes, *The Anglo-Boer War 1899-1902. A pictorial History*, pp. 103-109; 119-121; 127-129; 143-146; Philip Bateman, *Generals of the Anglo-Boer War*; Jacques Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoolog, 1899-1902*; Frederik Rompel, *Heroes of the Boer War*.

Dieselfde tendens is opmerklik in verskeie historiese en herinneringswerke oor Vrystaatse militêre leiers en ander openbare figure.[15] Ter illustrasie sal na boeke oor JBM Hertzog gelet word. Die omvang van die openbare lewe van Hertzog het tot gevolg dat sy biograwe en die samesteller van 'n gedenkboek slegs 'n enkele hoofstuk aan sy betrokkenheid by die ABO wy.[16] Van dié professionele en amateur geskiedskrywers verwys slegs Oswald Pirow saaklik na die gewapende swartes wat 'n struikelblok was in genl. De Wet se pogings om Kaapkolonie toe te gaan.[17]

In boeke wat handel oor militariste wat hoofsaaklik betrokke was by die stryd in óf Transvaal óf die Kaapkolonie óf Natal word óf glad nie[18] óf slegs saaklik[19] na veldslae en/of togte deur die Vrystaat verwys. Ter illustrasie van hierdie tendens sal na enkele publikasies oor JC Smuts gelet word. Smuts het beplan om 'n hoofstuk getitel *Trek through*

---

15 JD Kestell, *Christiaan de Wet. 'n Lewensbeskrywing*, pp. 48-135; Eric Rosenthal, *General De Wet. A Biography*, pp. 64-86; 112-126; GD Scholtz, *In doodsgevaar. Die oorlogservaringe van kapt J.J. Naudé*, pp. 32; 35-38; WA Ackermann, *Opsaal. Herinneringe aan die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 122-125; 314-324; 327 (herinneringe van verskeie Boere bevelvoerders en manskappe); PJ Nienaber, *Dr J.D. Kestell. Vader van die Reddingsdaad*, 53-58; PJ Nienaber, *Vader Kestell. 'n Lewenskets van dr J.D. Kestell*, pp. 21-29; Ben Olivier, *Krygsman Christiaan de Wet. 'n Lewenskets van genl. C.R. de Wet*, pp. 29-57; 63-67; 79-88; JH Breytenbach, *Komdt. Danie Theron. Baasverkenner van die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 131-165; 180-204; AM Heyns, *Lewenskets van generaal ds. Paul H. Roux*, pp. 13-19; GS Preller, *Historiese opstelle*, pp. 96-113 bevat 'n kort biografies opstel oor CR de Wet; JD Killian, *Laat ons veg*, pp. 43; 70-121 (hoewel die verhaal in die eerstepesoon geskryf is, is die herinneringe van PJJD Killian deur sy seun geboekstaaf); Kieser, *President Steyn in die krisisjare 1896-1899*; Malan, *Die rol van J. Geo. Fraser in die Vrystaat, 1863-1927*, pp. 213-266; Oberholster & Van Schoor (samest), *President Steyn aan die woord. Openbare geskrifte en toesprake van Marthinus Theunis Steyn*, pp. 160; 163; Meintjes, *Vader van sy volk. Die lewe van president M.T. Steyn*, pp. 41;44; Van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing*, deel II, pp.2-45.

16 Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, *Gedenkboek generaal J.B.M. Hertzog*, pp. 82-87; LE Neame, *General Hertzog*, pp. 36-48; Oswald Pirow, *James Barry Munnik Hertzog*, pp. 26-38; CM van den Heever, *Generaal J.B.M. Hertzog*, pp. 74-146.

17 Pirow, *James Barry Munnik Hertzog*, p. 36.

18 *Vide* Earl Buxton, *General Botha*, pp. 4-7; CJ Scheepers Strydom, *Held van Colenso. Die verhaal van genl. Louis Botha*, pp. 18-31; SJ Esterhuizen, *Generaal Louis Botha*, p. 6 vir besprekings van Louis Botha se rol in die ABO.

19 FW Engelenburg, *Generaal Louis Botha*, pp. 50-52; Johannes Meintjes, *General Louis Botha*, pp. 62-63; Johannes Meintjes, *De La Rey - Lion of the West*, pp. 152-164; Gustav S Preller, *Talana*, pp. 103-109; Gustav S Preller (red), *Scheepers se dagboek en die stryd in Kaapland*, pp. 14-20; 123-124; Gustav S Preller, *Kaptein Hindon*, pp. 146-156; JF Naudé, *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bôkant" De Wet*, p. 141; Ben Viljoen, *My reminiscences of the Anglo-Boer War*, pp. 26; 27; 75; 78; 86; 96; 152; 256 (Ben Viljoen was assistent kmdt.-genl. van die Transvaalse burgermagte en lid van die Transvaalse Volksraad); JE de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproewingen gedurende den oorlog*, pp. 13-14; PJ du Plessis, *Oomblikke van spanning*, pp. 51-57 (Du Plessis was lid van die Fouché-kommando, dié kommando het hoofsaaklik in die Kaapkolonie opgetree); Jan H Meyer (in samewerking met EP du Plessis), *Kommando-jare. 'n Oud-stryder se persoonlike relaas van die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 115; 195-212 (die werk handel oor die lewe van kol. IJ Meyer van Transvaal; hy was onder andere lid van genl. JC Smuts se kommando); HJC Pieterse, *My tweede vryheidstryd. Herinneringe van P.C. Joubert*, pp. 65-71 (genl. Joubert was lid van die Ermelo-kommando).

*O.V.S. Aug 1901* in sy oorlogsherinneringe op te neem.[20] Dit het nie gerealiseer nie.[21] Dit wat Smuts nagelaat het om te doen, word ook in sy biografieë gereflekteer, naamlik dat weinig[22] of geen aandag[23] aan die generaal se tog deur die Vrystaat geskenk word. Blank-swart-verhoudinge word nie aangeraak nie.

Naas tematiese oorwegings,[24] kan verskeie redes aangevoer word vir geskiedskrywers, asook skrywers van herinneringswerke en dagboeke se nie-vermelding van die rol wat swartes tydens die ABO gespeel het.

Eerstens staan laat 19de en voeg 20ste eeuse pro-Britse ABO-publikasies deur geskiedskrywers, joernaliste en deelnemers aan die oorlog in die tradisie van die Britse imperiale historiografie. Die Britse imperiale historiografie vertolk die Suid-Afrikaanse geskiedenis as deel van die geskiedenis van die Britse ryk. Die handhawing en uitbreiding van Britse belange word voorop gestel. Omdat die 19de en vroeg 20ste eeuse Europeër nie 'n kritiese ingesteldheid oor blank-swart-verhoudinge gehad het nie, bevraagteken die imperiale geskiedskrywers nie die verhouding van die blanke (Afrikaner) en die swartes nie, behalwe as hulle sodanige verhouding, of eerder wanverhouding kan gebruik ter bevordering van die belange van die Ryk.[25] Hoewel daar sedert die 1930's 'n groter bewustheid van die rol van die swartes in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is,[26] blyk dit dat

---

20 SB Spies & Gail Nattrass, in Jan Smuts, *Memoirs of the Boer War*, p. 31.

21 *Vide* Jan Smuts, *Memoirs of the Boer War*, pp. 39-170.

22 WC Hancock, *Smuts. The sanguine years 1870-191*, deel I, pp. 135-138; HC Amstrong, *Grey Steel*, p. 84; FS Crafford, *Jan Smuts. 'n Biografie*, pp. 51-52; Sara Gertrude Millin, *General Smuts*, pp. 147-151; Kenneth Ingham, *Jan Christiaan Smuts. The conscience of a South African*, p. 37; JC Smuts, *Jan Christian Smuts*, p. 51.

23 Piet Meiring, *Jan Smuts. Die Afrikaner*, pp. 42-51; Zelda Friedlander (ed), *Jan Smuts remembered. A centennial tribute* (kort huldigingsblyke aan Smuts); Christopher Danziger, *Jan Smuts*.

24 Onder andere Kieser, *President Steyn in die krisisjare 1896-1899*; Meintjes, *Vader van sy volk. Die lewe van president M.T. Steyn*, pp. 41; 44; Van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing*, deel II, pp. 2-45; Nienaber, *Vader Kestell. 'n Lewenskets van dr J.D. Kestell,*, pp. 21-29; Nienaber, *Dr J.D. Kestell. Vader van die Reddingsdaad*, pp. 53-58; Dreyer, *Bittereinders onder die vroue*, pp. 28-31; Viklund *et al*, *Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1902*, pp. 17-19; 30; 69-70; Kandyba-Foxcroft, *Russia and the Anglo-Boer War 1899-1902*, pp. 58; 64; 72-73; 90; 147; 149-151; 156; 166-167; 179-182; 209; 233-234; Uys, *Heidelbergers of the Boer War*, pp. 35-50; 119-122; Bateman, *Generals of the Anglo-Boer War*; Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoolog, 1899-1902*; Rompel, *Heroes of the Boer War*; Barnard (red), *Vrystaatse Artillerie: geskiedenis van 6 Veldregliment*, pp. 55-56; De Villiers (red), *Rondom die Anglo-Boere-oorlog 1899-1902. 'n Keur uit die fotoversameling van wyle Christofer Kriel*, pp. 32; 39; 43; 48-50; 53; 61-64; 72-84; 88-94.

25 Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p. 307; Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, pp. 55-59; Van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, pp. 33-34; Smith, *The changing past. Trends in South African Historical writing*, pp. 91-31.

26 Moll *et al*, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, pp. 30-37; Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, pp. 74-80; Van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, pp. 38-52; Van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms*, pp. 140-141; Smith, *The changing past*, pp. 103-104; Saunders, *The making of*

die tendens nie neerslag by van die pro-Britse ABO-geskiedskrywers vind nie. Werke deur dié geskiedskrywers word nog steeds deur die imperiale motief oorheers, want die Britse optrede word verdedig, geregverdig en aangeprys.

Hoewel die Afrikaner geskiedskywing oorheers word deur twee politieke paradigmas, te wete die stryd teen die Britte én die stryd teen die swartes is in die geskiedskrywing, herinneringswerke en dagboeke nie 'n hoë priotiteit geplaas op die rol wat die swartes tydens die oorlog gespeel het nie. Die geskiedenis van die ABO wentel vir baie Afrikaner-geskiedskrywers en betrokkenes by die oorlog om die politieke en kulturele stryd vir die handhawing van 'n eie Afrikaneridentiteit in die stryd teen Britse imperialisme.[27] In 1940 skryf Hendrina Rabie-van der Merwe, Rooikruisverpleegster, krygsgevangene in die Port Elizabeth-kamp en gevangene in die Bethulie- en Bloemfonteintronke dat die doel van haar outobiografie is om

> *nasieliefde in die boesem van ons opkomende geslagte aan te kweek, totdat hulle die toppunt bereik het en ook bereid is om hul lewe neer te lê, soos ons voorgeslagte gedoen het, vir VADERLAND, VRYHEID en REG.*[28]

Die 20ste eeuse Afrikanergeskiedskrywers is meegesleur deur die nasionalistiese volksbewegings na 1934, wat 'n hoogtepunt in 1948 bereik het. Maar die Afrikaner se stryd om politieke en kulturele identiteit is eers in 1961 met republiekwording afgesluit, daarom die magdom publikasies oor die ABO sedert die vyftigerjare.

Die omvang van die oorlog het tot gevolg dat van die oorsigwerke slegs kerngebeure kripties aanraak. Dié argument is *mutatis mutandis* van toepassing op politieke leiers se biografieë.

Laastens kan gemeld word dat skrywers nie 'n hoë priotiteit plaas op die rol van die swartes tydens die oorlog nie. Pro-Boere werke wat net na afloop van die oorlog verskyn het, het ten doel gehad die verslane Afrikaners saam te snoer, want

> *die Afrikaners moes hulle identiteit binne 'n groter, deur die Britte oorheerste, Suid-Afrika bewaar. Deur middel van die geskiedenis kon weerstand gebied word teen liberale en verengelsende invloede.*[29]

---

*the South African past. Major historians on race and class*, pp. 65-66; 75; 96-101; Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, pp. 308-309.

27 Moll *et al*, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, pp. 17-18; Van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms*, pp. 140-141; Smith, *The changing past*, p 197-198; Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, pp. 66-67.

28 Hendrina Rabie-van der Merwe, *Onthou! In die skadu van die galg*, p 5.

29 Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, p. 63.

### 5.1.2 Die rol van swart ondersteuningspersoneel in die ABO in die Vrystaat

Nie alle publikasies oor die ABO misken die rol wat swartes in die oorlog in die Vrystaat gespeel het nie. In sommige pro-Britse herinneringswerke word saaklik verwys na swartes wat in die Britse magte diens gelewer het as koeriers,[30] touleiers[31] of persoonlike bediendes vir lede vir die Britse magte[32] in die Vrystaat.

'n Britse deelnemers aan die oorlog,[33] asook 'n vroeg 20ste eeuse pro-Britse geskiedskrywers[34] wys daarop dat beide die Boere- en Britse magte van swart ondersteuningspersoneel gebruik gemaak het. Die swartes het dus slegs 'n ondersteuningsfunksie vervul, want daar is geen direkte of geïmpliseerde verwysing na hulle betrokkenheid by die gewapende stryd in die Vrystaat nie.[35]

Terwyl HW Wilson dit in 1902 nodig ag om die ondersteuningsrol van swartes te regverdig op grond van die Britte se onbekendheid met die Vrystaatse landskap,[36] word hulle bydrae in 'n 1936-publikasie deur Arthur Hodges verkleineer. Die enkele, irrelevante verwysing na 'n swarte in die bespreking van lord Kitchener se betrokkenheid in die oorlog in die Vrystaat,[37] grens aan die absurde. 'n Swart seun op 'n ponie, wat 'n koei en 'n kalf moes oppas, het Kitchener orals vergesel, want Kitchener wou elke aand vars melk drink.[38]

---

30 HE Colvile, *The work of the Ninth Division*, p. 188 (genl.-maj. Colvile was bevelvoerder van die 9de Britse Divisie).

31 J Barklay Lloyd, *One thousand miles with the C.V.I*, p. 107 (onderkorporaal Lloyd was verbonde aan die Britse fietsafdeling); EP Lowry, *With the Guards' Brigade*, p. 59; Rudyard Kipling, *Something of myself for my friends known and unknown*, p. 158; Francis E Fremantle, *Impressions of a doctor in Khaki*, pp. 330-301; JA Fergusson, With Grant's guns north of Bloemfontein, in TT Jeans (ed), *Naval Brigades in the South African War 1899-1900*, p. 156 (die Britse kontingent wat op 22 Mei 1900 tussen Winburg en Ventersburg beweeg het, het onder andere uit 42 swartes bestaan, of al 42 touleiers was, word nie uitgespel nie).

32 Lionel Curtis, *With Milner in South Africa*, p. 83.

33 MC Jackson, *A soldier's diary South Africa 1899-1901*, pp. 131; 151; 165; 171; 179; 228 (Jackson was verbonde aan die 7de Berede Divisie).

34 Frederick Maurice & Maurice Harold Grant (samest), *History of the War in South Africa 1899-1902*, vol II, pp. 165; 263-264; vol III, pp. 121; 133; vol VI, p. 386; Harold Brown, *War with the Boers*, vol III, p. 242; vol IV, p. 181.

35 Cf Colvile, *The work of the Ninth Division*, pp. 1-190; 202-228 ; Lloyd, *One thousand miles with the C.V.I.*, pp. 95-176; 251-273; Lowry, *With the Guards' Brigade*, pp. 151-198; Kipling, *Something of myself for my friends known and unknown*, pp. 151-166; Curtis, *With Milner in South Africa*, pp. 44-104; 142-156; 230-233; Fremantle, *Impressions of a doctor in Khaki*, pp. 232-324; Fergusson, *With Grant's guns north of Bloemfontein*, pp. 153-170; Jackson, *A soldier's diary South Africa 1899-1901*, pp. 9-69; 110-289; Maurice & Grant (samest), *History of the War in South Africa 1899-1902*, vol II, pp. 73-333; vol III, pp. 27-73; 104-139; 286-306; 325-334; 469-496; vol IV, pp. 45-59; 93-109; 156-170; 245-268; 316-337; 382-404; 423-434; 475-498; Brown, *War with the Boers*, vol III, pp. 204-248; vol IV, pp. 1-40; 76-186.

36 HW Wilson, *After Pretoria: The Guerilla War*, p. 417.

37 Athur Hodges, *Lord Kitchener*, pp. 126-131.

38 *Ibid.*, p. 130.

Gedurende 1920 en 1969 skep twee Britse geskiedskrywers die persepsie dat die Britte 'n "witmansoorlog" gevoer het,[39] terwyl die Boeremagte in die Vrystaat van swart ondersteuningspersoneel gebruik gemaak het.[40] Dié skrywers verswyg dus die rol wat swartes in die Britse oorlogspoging gespeel het, maar gee voorbeelde van hulp aan die Boere. In aansluiting by voorafgaande geskiedskrywers postuleer die gesaghebbende *The Times History of the War in South Africa* dat die swartes 'n belangrike rol in die Boeremagte se oorlogspoging gespeel het:

> *[The Blacks] played a by no means unimportant part in the Boer military system. In very few cases were they actually used to fight, but they acted as spies, as transport drivers, as cattle herds, grooms and servants, they dug trenches, and in fact performed all these laborious duties which absorb so large a portion of the men in a British force.*[41]

Die insinuasie dat slegs die Boeremagte van swart ondersteuningspersoneel gebruik gemaak het tydens die oorlog, en gevolglik 'n voordeel bo die Britte gehad het, word onderstreep deur die uiteensetting van die samestelling van die Britse magte in Suid-Afrika tydens ABO. In dié uiteensetting is daar geen verwysing na swartes nie.[42] Tog is daar enkele verwysings na swartes wat as staljongens,[43] agterryers,[44] drywers[45] en arbeiders[46] vir die Britte in die Vrystaat diens gelewer het. Die verwysings word deur statistiese gegewens geverifieer: op 3 Maart 1900 het die Britse magte in die Vrystaat uit 33958 blankes en 2668 swartes bestaan.[47] Daarenteen is daar in die bespreking van die stryd in die Vrystaat geen verwysing na swartes wat aan die Boerekommando's hulp verleen het nie.[48]

In verskeie pro-Boere memoires en dagboeke word daarop verwys dat swartes in die Vrystaat, dikwels bewapen, opgetree het as Britse gidse,[49] wadrywers[50] of die Britte

---

39 George Arthur, *Life of Lord Kitchener*, vol I, pp. 269-307; 314-326; vol II, pp. 16-17; 61-65; Hubert du Cane, *The War in South Africa*, pp. 3-55; 290-307;

40 Arthur, *Life of Lord Kitchener*, vol I, p. 279; Du Cane, *The War in South Africa*, p. 5.

41 Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol II, p. 87.

42 *Vide ibid.*, vol II, pp. 1-47.

43 *Ibid.*, vol V, p. 13; vol IV, p. 437.

44 *Ibid.*, vol V, p. 442.

45 *Ibid.*, vol IV, p. 36.

46 *Ibid.*, vol IV, p. 126 verwys na swartes wat die spoorlyn tussen Kroonstad en Bloemfontein herstel het.

47 *Ibid.*, vol III p. 553.

48 *Ibid.*, vol III pp. 420-456; 473-494; 553-597; vol IV, pp. 23-134; vol V, pp. 1-43; 234-241; 285-290; 300-302; 413-446; 467-494; 554-557; 577-582; vol VI, pp. 33-36; 44-56; 97-98; 101-103; 136-149; 191-192.

49 Sarah Raal, *Met die Boere in die veld*, pp. 50-51. Raal, 'n Vrystaatse boerevrou het, uit vrees dat sy in 'n konsentrasiekamp geplaas sou word, by die Vrystaatse magte onder bevel van kmdt. Nieuwoudt, aangesluit.

50 FW Unger, *With "Bobs" and Krüger*, p. 257 (hoewel Uger tydens die oorlog die Boere- én Britse magte besoek het, toon hy groter simpatie met die Boeremagte (cf skutblad); Kolonel

vergesel het in hulle besoeke aan boerewonings.[51] Van hierdie skrywers van herinneringswerke en dagboeke maak geen melding van die teenwoordigheid van swartes by die Boerekommando's nie. Die implikasie is dus dat die Boere 'n "witmansoorlog" gevoer het.[52] Sommige skrywers van dagboeke en herinneringsgeskrifte wys egter daarop dat die Vrystaatse magte[53] ook van swartes gebruik gemaak het, en wel as koeriers,[54] touleiers[55] en persoonlike bediendes.[56] JG van den Heever, lid van die Buys-kommando,[57] sê dit was algemene praktyk dat byna elke Boer wat dit kon bekostig, 'n agterryer gehad het. Dié agterryer het nie net die Boer se perd versorg nie, maar ook as wapendraer, kok en algemene bediende opgetree. Gevolglik was "'n taamlike getal" swartes deel van die Buys-kommando.[58] Volgens genl. De Wet se seun, Izak JC de Wet, was "honderde kaffers" deel van sy vader se kommando.[59]

Dit is opmerklik dat van die pro-Boere professionele en amateur geskiedskrywers verwys na die ondersteuningsrol[60] of direkte betrokkenheid[61] van swartes by die Britse oorlogspoging in die Vrystaat. Hoewel verskeie van die pro-Boere geskiedskrywers geen verwysing maak

---

Stakhovitch, *Dépêches*, p. 161 (kol. Stakhovitch, lid van die Russiese Generale Staf, het die Britse magte tydens die oorlog vergesel. Hy toon simpatie met die Boeremagte wat moes ly as gevolg van die "walglike tonele van plundery" van Boerewonings deur die Britte (cf *ibid.*, p. 167)); Rocco de Villiers, *Dagboek*, p. 32 (De Villiers het met die uitbreek van die oorlog die amp van sekretaris van die Uitvoerende Raad van die Vrystaat beklee en was tot en met sy gevangeneming te Reitz op 10 Julie 1901 'n vertroueling van pres. Steyn (*vide* MCE van Schoor, Lewenskets van Rocco de Villiers, in De Villiers, *Dagboek*, pp. 5-16).

51 JD Kestell, *Through shot and flame*, p. 239; FL Rothmann, *Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901*, p. 65; JD de Waal, *Herinneringe*, p. 77;

52 PS Lombaard, *Uit die dagboek van 'n wildeboer*, pp. 45-50; 52-71; 90-116; Unger, *With "Bobs" and Krüger*, pp. 61-64; 79-87; 105-279; Rothmann, *Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901*, pp. 61-65; De Villiers, Dagboek, pp. 19-38.

53 *Vide* Raal, *Met die Boere in die veld*, pp. 1-86; Jan FE Celliers, *Oorlogsdagboek 1899-1902*, pp. 79-110; Margret Marquard, *Letters from a Boer parsonage*, pp. 33-124; Oskar Hintrager, *Dagboek. Saam met Christiaan de Wet Mei-September 1900*, pp. 32-101; CJ Asselbergs, *Dagboek*, pp. 35;40 (Asselbergs was militêre attaché van die Nederlands-Indiese leër by die Boeremagte); De Waal, *Herinneringe*, pp. 72-80; RD McDonald, *In die skaduwee van die dood*, pp. 11-22; 30-34; 38-45; 65-69 (McDonald was lid van genl. PH Kritzinger se kommando); RH Davies, *With both armies in South Africa*, pp. 171-212 vir beskrywings veldslae en persoonlike waarnemings in die Vrystaat tydens die oorlog.

54 Raal, *Met die Boere in die veld*, p. 30; 33.

55 Celliers, *Oorlogsdagboek 1899-1902*, pp. 92; 103; Hintrager, *Dagboek. Saam met Christiaan de Wet Mei-September 1900*, p. 82.

56 Celliers, *Oorlogsdagboek 1899-1902*, pp. 105; 108-109; Asselbergs, *Dagboek*, pp. 35; 40; De Waal, *Herinneringe*, p. 78; Davies, *With both armies in South Africa*, p. 189.

57 *Vide* JG Van den Heever, *Op kommando onder kommandant Buys*, pp. 35-39; 57-58; 97-102 vir beskrywings wat betrekking het op die Vrystaat.

58 *Ibid.*, p. 37.

59 Izak JC de Wet, *Met genl. De Wet op kommando*, p. 18 verwys na swart touleiers en drywers wat tydens 'n Boer-Brit-skermutseling naby Jacobsdal skuiling in die rivierwalle en bosse gaan soek het. *Vide ibid.*, pp. 1-2; 11-80; 94-133 vir beskrywings van die wedervaringe van die De Wet-kommando in die Vrystaat.

60 MA Gronum, *Die ontplooiing van die Engelse Oorlog 1899-1900*, p. 148; CJ Scheepers Strydom, *Ruitervuur*, p. 104; PHS van Zyl, *Die helde-album*, p. 203.

61 *Vide* par 5.1.3.

na moontlike hulp wat swartes aan die Boeremagte verleen het nie,[62] is daar tog van hulle wat erkenning verleen aan die swartes se ondersteuningsrol[63] by die Boeremagte in die Vrystaat.[64] Met enkele uitsondering na lewer hierdie geskiedskrywers nie kommentaar oor die bekwaamheid van die swartes nie. Hulle wys slegs saaklik, byna terloops, op die swartes se teenwoordigheid by die onderskeie magte in die Vrystaat.

Die geringskatting van die rol van die swartes in die ABO word deur die 1990-publikasie van die staatshistorikus J Ploeger gereflekteer. In die voorwoord word daarop aanspraak gemaak dat die werk ook "die rol en posisie van die swart bevolking gedurende die oorlog" onder die loep sal neem.[65] Slegs twee van die 44 hoofstukke in die vyf boekdele, onderskeidelik getitel *Die rol van die swartes in oorlogstyd*[66] en *Kampe vir swartes in Transvaal, die Oranje-rivier-kolonie, Natal en die Kaapkolonie*,[67] word aan die onderwerp gewy. Ploeger is die mening toegedaan dat die swartes in die Boererepublieke op militêre gebied "beskeie take as ongewapende helpers" verrig het. Die take lys hy as agterryers, wadrywers, grawers van loopgrawe en opgekommandeerde werkkragte.[68]

Hoewel Ploeger in 'n 1990-publikasie nog die omvang van die swartes se betrokkenheid as ondersteuningspersoneel geringskat, is daar reeds sedert die publikasie van SB Spies se doktorale proefskrif *Methods of Barbarism? Roberts and Kitchener and Civilians in the Boer Republics: January 1900-May 1902* in 1977 'n groter bewustheid by geskiedskrywers

---

62 *Vide* Gronum, *Die ontplooiing van die Engelse Oorlog 1899-1900*, pp. 129-130; 139-152; MA Gronum, *Die Bitter-einders Junie 1901-Mei 1902*, pp. 50-85; Michael Davitt, *The Boer fight for freedom*, pp. 51-55; 143; 185-186; 306-311; 334-335; 383-420; 445-455;; 462-466; 476-477; 480-484; 510-524; 537-543; 553; Strydom, *Ruitervuur*, pp. 94; 102-107; 195-199; Van Zyl, *Die helde-album*, pp. 111-131; 139-157; 193-211; 219-253; 375-389; Byron Farwell, *The great Boer War*, pp. 205-216; 234-269; 348-365; 384-386; Francois D Conradie, *Met Cronjé aan die Wesfront (1899-1900)*, pp. 118-171; 229-234 (Conradie was in lewe 'n prokureur van Potchefstroom en is 'n amateur geskiedskrywer); Fransjohan Pretorius, *Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet*, pp. 1-88; 98-117.

63 W van Everdingen, *De oorlog in Suid-Afrika. Tweede tijdvlak, eerste deel: van Maart-Juli 1900*, pp. 144; 174; *Tweede tijdvak, tweede deel: van Juli-October 1900*, p. 275; J Klok, *De Boeren-Republieken in Zuid-Afrika. Hun ontstaan, geschiedenis en vrijheidsoorlogen*, p. 800; AM Grundlingh, *Die "Hensoppers" en "Joiners"*, pp. 217; 254; Klinck-Lütetsburg, *Christiaan de Wet. De Held van Zuid-Afrika*, p. 108.

64 *Vide* Van Everdingen, *De oorlog in Suid-Afrika. Eerste tijdvlak: van October 1899-Maart 1900*, pp. 259-369; *Tweede tijdvlak, eerste deel: van Maart-Juli 1900*, pp. 1-28; 36-57; 69-80; 91-128; 136-`53; 156-166; 169; 194; 222-232; 255-258; 272-283; 297-338; *Tweede tijdvlak, tweede deel: van Juli 1900-October 1900*, pp. 1-24; 32-74; 252-284; Klok, *De Boeren-Republieken in Zuid-Afrika. Hun ontstaan, geschiedenis en vrijheidsoorlogen*, pp. 741-755; 799-803 (Klok verwys na die Vrystaters as "onzer vriende" (*ibid.*, pp. 742; 745)); Klinck-Lütetsburg, *Christiaan de Wet. De Held van Zuid-Afrika*, p. 108 vir beskrwyings van gebeure in Vrystaat tydens ABO.

65 J Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel I, p. v.

66 *Ibid.*, deel II, pp. 18:1-18:48.

67 *Ibid.*, deel V, pp. 43:1-43:51.

68 *Ibid.*, deel II, p. 18:4.

oor die betrokkenheid van swartes by die ABO. In geverifieerde en genuanseerde besprekings wys Spies (1977 en 1993),[69] Peter Warwick (1983),[70] Fransjohan Pretorius (1991)[71] en André Wessels (1998)[72] op die bydrae wat swart ondersteuningspersoneel in die Boere en Britte se oorlogspogings gespeel het.

Dat die omvang van die swartes se betrokkenheid as ondersteuningspersoneel nie so beskeie was as wat Ploeger reken nie, word deur Spies, Warwick en Wessels uitgespel. Ongeveer 100000 swartes en kleurlinge het gedurende die oorlog as arbeiders, wadrywers, touleiers en agterryers, gidse en spioene diens gedoen.[73]

Naas die pro-Britse en pro-Boere dagboek- en geskiedskrywers, asook skrywers van herinneringswerke wat die teenwoordigheid van swartes in die Vrystaat tydens die oorlog negeer en diegene wat slegs saaklik na hulle ondersteuningsrol verwys, is daar skrywers wat in hulle bespreking van die oorlog in die Vrystaat uitsprake lewer oor die bekwaamhede van die swart ondersteuningspersoneel.

Uitsprake deur pro-Britse skrywers van herinneringswerke[74] en geskiedskrywers[75] sal eerste onder die loep geneem word. Slegs enkele van hierdie skrywers gee toe dat die swartes bekwaam was in die uitvoering van hulle pligte. Volgens TT Jeans was die swart touleiers wat die Britte op hul togte deur die Vrystaat vergesel het, bekwaam.[76] AG Hales

---

69 Spies, *Methods of Barbarism?*, pp. 154; 157; 183; 192-193; 227-229; 252; 304-305 en Spies, *British supremacy and South African unification*, p. 11.

70 Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, pp. 25-26; 60; 68-69; 80-82; 107; 130-141.

71 Fransjohan Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 306-307.

72 André Wessels, *Die militêre rol van swart mense, bruin mense en Indiërs tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)*, pp. 8; 12.

73 Spies, *British supremacy*, p. 11; Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, p. 4; Wessels, *Die militêre rol van swart mense*, pp. 9; 13.

74 *Vide* o.a. Sidney Peel, *Trooper 8008 IY*, pp. 29-140; LE du Moulin, *Two years on trek*, pp. 1-59; 110-323; HFP Battersby, *The web of war*, pp. 29-191; The Intelligence Officer, *On the heels of De Wet*, pp. 246-346 (nêrens in die boek word die naam van die outeur genoem nie); AG Hales, *Campaign pictures of the war in South Africa (1899-1900)*, pp. 15-28; 116-193; 242-263; 280-298 vir beskrywings van gebeure in die Vrystaat ten tye van die ABO.

75 *Vide* Julian Ralph, *Towards Pretoria*, pp. 142-169; 326-332; Julian Ralph, *At Pretoria*, p. 13-14; 18-28; 122-272; 290-309; *Cassell's History of the Boer War 1899-1902*, vol I, pp. 583-587; 595-606; 797-807; 817-928; vol II, pp. 1-35; 95-151; 192-231; 269-287; 335-345; 352-392; 492-504; 512-555; 652-663; 771-778; 808-816; 862-869; 891-915; Louis Creswicke, *South Africa and the Transvaal War*, vol IV, pp. 30-79; 95-111; 171-193; vol V, pp. 32-38; 64-68; 70-91154-168; vol VI, pp. 37-40; 43-54; 112-115; 126-136 vir 'n beskrywings en/of besprekings van gebeure in die Vrystaat tydens die ABO.

76 TT Jeans, From Enslin to Bloemfontein, in TT Jeans (ed), *Naval Brigades in the South African War 1899-1900*, pp. 54; 95.

skets die touleiers wat die Australiese troepe-afdeling in die Vrystaat vergesel het as bekwame, vreeslose manne, wat selfs onder hewige bombardement kalm gebly het.[77]

Verskeie pro-Britse skrywers van herinneringswerke en geskiedskrywers spreek kritiek uit oor die swart ondersteuningspersoneel. Uit hulle beskrywings blyk dit dat die swart drywers wat die Britse magte in die Vrystaat vergesel het, 'n onbekwame,[78] "lazy lot"[79] was, wat hulle herhaaldelik aan dieremishandeling skuldig gemaak het.[80] Voorts word die swartes van lafhartigheid beskuldig: 'n Konvooi Britse waens is op 31 Mei 1900 by Koornspruit in 'n lokval gelei en "the Kaffir boys, very naturally, surrendered at once".[81] Dat die swart drywers, wat lord Roberts se magte tydens hulle opmars deur die Vrystaat vergesel het, gevlug het tydens 'n konflik in die Suid-Vrystaat, is vir Louis Creswick onverskoonbaar:

> *The nigger drivers are terrible cowards, and all fled to the hills and kopjes near at hand, leaving the waggons and oxen at the mercy of the Boers.*[82]

As gevolg van hulle lafhartigheid is dit maklik om inligting van die swartes te bekom. Die Britte het sonder veel probleme, met enkele dreigemente en omkoopgeld, by swartes inligting bekom oor waar die Boere hulle gewere verskuil het.[83]

Die uitsprake van die pro-Boere skrywers van herinneringswerke en geskiedskrywers stem grootliks ooreen met hulle pro-Britse kollegas s'n, naamlik dat die swartes onbekwaam was. Daar is egter 'n nuanseverskil. Terwyl die met Britse lojaliteite hulle kritiek toespits op hulle eie ondersteuningspersoneel, lewer die pro-Boere skrywers van herinneringswerke en geskiedskrywers kommentaar op hul eie en Britse ondesteuningspersoneel.

In CR de Wet se beskrywing van sy oorlogservaringe in die Vrystaat[84] gee hy toe dat die swartes 'n onmisbare hulp vir die Boeremagte was:

> *The loading of the waggons was simple enough, but when it came to inspanning it was another matter. The Kaffir drivers alone knew where each span had to be placed.*[85]

---

77 Hales, *Campaign pictures of the war in South Africa (1899-1900)*, pp. 132-134. Hales was spesiale korrespondent van die *Daily News* en het die Australiese magte tydens die oorlog vergesel.
78 *Cassell's History of the Boer War 1899-1902*, vol I, pp. 838; 852; 870; vol II, p. 376.
79 Peel, *Trooper 8008 IY*, p. 51. Peel was lid van die 10de bataljon van die *Imperial Yeomanry*.
80 Du Moulin, *Two years on trek*, p. 17. *Vide* ook *ibid.*, pp. 16; 53; 58; BN Reckitt, *The Lindley affair. A diary of the Boer War*, p. 11 (Reckitt was lid van die 13de bataljon van die *Imperial Yeomanry*); Battersby, *The web of war*, p. 173 (Battersby was lid van die Berede Infanterie); Ralph, *At Pretoria*, p. 136 (Ralph was oorlogskorrespondent van die *Daily Mail*).
81 *Cassell's History of the Boer War 1899-1902*, vol I, p. 839.
82 Creswicke, *South Africa and the Transvaal War*, vol IV, p. 45.
83 *Cassell's History of the Boer War 1899-1902*, vol I, p. 879.
84 CR de Wet, *Three Years War (October 1899-June 1902)*, pp. 35-175; 192-368.
85 *Ibid.*, p. 49.

Ten spyte van sy afhanklikheid van die swart drywers, reken De Wet dat hy nie baie geduld met hulle het nie, want van hulle het gedros, ander het sy uitdruklike bevele geïgnoreer.[86]

Die gewapende swartes (by die Britse magte) is nie net lafhartig nie, maar ook onhandige wapenhanteerders:

> *Natives, even when armed with with rifles (which incidentally they very seldom knew how to use properly) had a holy dread of firearms.*[87]

Daar word ook beweer dat die inherente swak selfdissipline van swartes tot gevolg gehad het die Britte se strategie om gewapende swartes te gebruik om die blokhuise te bewaak, misluk het.[88]

De Villebois-Mareuil se luitenant het dié twee Franse burgers se ervaringe tydens die ABO geboekstaaf.[89] Enkele dae voordat hulle by die Boeremagte in die Vrystaat aangesluit het,[90] het die Boere drie swartes tot hulle beskikking gestel om hulle tydens hulle verblyf in Suid-Afrika by te staan.[91] Die luitenant se beskrywing van kontak met swartes in die Vrystaat is, met een uitsondering na,[92] beperk tot dié swartes: "The boys are stupid, and speak neither Dutch nor English, nothing but Kaffir."[93] Tydens hulle verblyf in Kroonstad het die Franse luitenant 'n daadwerklike poging aangewend om die swartes, wat intussen vermeerder het tot ses, "op te voed". Dit is duidelik dat hy sy negatiewe siening van die swartes gewysig het. Hy gee kort, positiewe sketsies van elk van die ses.[94] Een van hulle, Charlie, word as baie intelligent beskryf.[95] Oppervlakkig beskou is die verhouding tussen die skrywer en die swart bediendes positief. Paternalistiese en rassistiese ondertone is egter duidelik aanwesig.

---

86 *Ibid.*, pp. 49; 209. verwys na insidente in Suid-Vrystaat en die Bothavilledistrik.
87 Victor Pohl, *Adventures of a Boer Family*, p. 96.
88 Farwell, *The great Boer War*, p. 351.
89 In die titelblad van die werk word die skrywer bloot as *An Ex-Lieutenant of General de Villebois-Mareuil* aangedui. Nêrens in die boek is 'n aanduiding van die naam van die skrywer nie. Ter wille van eenvormigheid sal deurgaans na die skrywer as die Franse luitenant verwys word. *Vide Cassell's History of the Boer War 1899-1902*, vol II, pp. 86-90: De Villebois-Mareuil was bevelvoerder van die buitelandse vrywilligerkorps. Hy sneuwel op 5 April 1900 naby Boshof in 'n skermutseling teen lord Methuen se magte.
90 *Vide* Franse luitenant, *Ten months in the field with the Boers*, pp. 58-59; 69; 79-139; 161-190; 237-293 vir beskrywings van die twee Franse se ervarings in die Vrystaat tydens die oorlog.
91 *Ibid.*, pp. 85-86.
92 Cf *ibid.*, p. 169.
93 *Ibid.*, p. 86.
94 *Vide ibid.*, pp. 110-111.
95 *Ibid.*, p. 111.

Die skrywer van die Afrikaanse standaardwerk oor die ABO, JH Breytenbach, gee pertinent aan die ondersteuningsrol van swartes aan die Boeremagte erkenning.[96] Die erkenning beteken nie dat Breytenbach in sy bespreking van ABO in die Vrystaat die ondersteuningspersoneel positief uitbeeld nie.[97] Inteendeel, hulle word as onbekwaam en lafhartig uitgebeeld. Ter ondersteuning van sy siening dat die swart drywers wat lord Roberts se troepe vergesel het, onbekwaam en ongeduldig was, beskryf Breytenbach in redelike besonderhede hulle pogings om die Rietrivier oor te steek.[98] In reaksie op swaar bombardament deur genl. French se manskappe op die Boere by Vandisiedrif (naby Paardeberg) op 17 Februarie 1900 het Cronjé se swart drywers en touleiers "doodverskrik in die rigting van die Britse kanonne padgegee en allerhande wit voorwerpe opgesteek as teken van oorgawe".[99] Gebaseer op die getuienis van W van Everdingen wys Breytenbach daarop dat swartes op die vooraand van die Slag van Paardeberg gedros het.[100]

In teenstelling met Breytenbach se negatiewe uitbeelding van swart ondersteuningspersoneel blyk dit dat Jan F Cilliers se dagboek, asook H Verloren van Themaat en Deneys Reitz se herinneringeskrifte voorbeelde gee van die dapper, bekwame en lojale optrede van die swart agterryers wat die Boeremagte vergesel het.[101]

In teenstelling met Breytenbach, maar in aansluiting by laasgenoemde drie skrywers, skets Pretorius die besondere verhouding tussen die lede van die Vrystaatse magte en hulle swart ondersteuningspersoneel. Duimpie, die agterryer van David Botes van die Winburgkommando, het tydens 'n skermutseling in die Vrystaat ondanks Britse geweervuur daarin geslaag het om vir die Boere, wie se ammunisie gedaan was, 'n halwe sak ammunisie te bring.[102] Daar het ook dikwels 'n "broederlike" verhouding tussen die Boere en hulle agterryers bestaan.[103] Voorts was die agterryers lojaal. Pretorius haal JF Mentz van die Heilbronkommando aan wat vertel dat sy agterryers Poekoejan en Salmon sy familie getrou gedien het. Soms was hulle "vaal van die honger", maar hulle het nooit gekla nie, want "hulle was vrywilligers nes die burgers". Die burgers het nie betaling gekry nie en het ook

---

96 JH Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, deel I, p. 37.

97 *Vide ibid.*, deel II, pp. 57-95; deel IV, pp. 9-14; 83-86; 169-203; 263-434; deel V, pp. 27-318; 350-384; 391-514 vir besprekings van troepebewegings en veldslae in die Vrystaat.

98 *Ibid.*, deel IV, pp. 183-184.

99 *Ibid.*, deel IV, p. 279.

100 *Ibid.*, deel IV, p. 406.

101 Pretorius, *Kommandolewe*, pp. 306-307; 310-311; 315-316; Celliers, *Oorlogsdagboek 1899-1902*, pp 17-27; 79-110; Deneys Reitz, *Commando. A Boer journal of the Boer War*, pp. 93-105; 176-200; H Verloren van Themaat, *Twee jaren in den Boerenoorlog*, pp. 21-85; 107-166; 195-197; 202-264; 291-302; 306-345.

102 Pretorius, *Kommandolewe*, p. 307.

103 *Ibid.*, pp. 310-311 wys op Sophia Izedinova, 'n Russiese ambulanssuster by die Boeremagte, se vertelling van die herontmoeting tussen 'n agterryer en sy meester by Winburg. Pretorius, *Die Angloboereoorlog 1899-1902*, p. 80 verwys bloot veralgemend na die positiewe verhouding tussen die Boere en hulle swart agterryers.

niks gehad om die agterryers mee te betaal nie.[104] Pretorius kon geen bewyse vind dat die gewone Vrystaatse burgers, wat volgens die Krijgs- en Kommandowet van 1899 verplig was om hul agterryers vir hul dienste te betaal, hulle wel betaal het nie.[105] Hoewel Pretorius nie die nie-betaling goedgekeur nie, toon hy begrip vir die Boere se situasie.[106] Pretorius veroordeel ook nie die agterryers wat hulle meesters se diens verlaat het om teen betaling by die Britse magte as wadrywers en arbeiders aan te sluit nie.[107]

Terwyl Breytenbach se geskiedskrywing in ooreenstemming met die Rankeaanse tradisie toegespits is op veldslae en militêre leiers, skryf Pretorius die geskiedenis van *gewone mense*.[108]

Vervolgens sal gelet word na die uitbeelding van die verhouding tussen die Britte en hulle ondersteuningspersoneel. Die pro-Britse amateurgeskiedskrywers Julian Ralph en AG Hales se veroordeling van die Britte se behandeling van swartes verbonde aan die verskillende Britse divisies is 'n refleksie van die 1900-persepsie dat blank-swart-verhoudinge 'n baas-kneg-verhouding moet wees:

> *It is ... true that the British everywhere demoralise the blacks with too generous treatment, which is as bad for them as Boer unkindness.*[109]

Hales gee die volgende beskrywing van die "swams of niggers" wat die verskillende Britse divisies vergesel het:

> *These niggers had a gentleman's life. They were fat, lazy, and cheeky. "Tommy" was treated for the most part like a Kaffir dog, whilst the saucy niggers led the lives of fighting-cocks. ... As a matter of fact, the nigger has had a huge picnic, and had been well paid for attending it.*[110]

---

104 Pretorius, *Kommandolewe*, pp. 315-316.

105 *Ibid.*, p. 311.

106 Cf *ibid.*, pp. 315-316 vir die bespreking van die nie-betaling van agterryers deur Mentz.

107 *Ibid.*, p. 315 baseer die praktyk op onder andere die getuienis van GJ Joubert van die Bethlehemkommando.

108 *Vide* Eloff, "*History from below*": *'n oorsig*, pp. 47-48; FA van Jaarsveld, South Africa as an industrial society. *Historia* 34(1), 1989, pp. 95-96; FA van Jaarsveld, Demokratisering in die geskiedwetenskap. *Historia* 32(1), 1987, p. 31; FA van Jaarsveld, Geskiedenis van die alledaagse lewe - 'n nuwe stroming in die Duitse sosiale geskiedskrywing *Historia*, 35(1), 1990, pp. 3-13; Albert Grundlingh, Sosiale geskiedenis en die dilemma in die Afrikanergeskiedskrywing *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 19, 1987, pp. 32-35; JS Bergh, Uitdagings vir die Afrikaanse historikus *Historia* 32(2), 1987, p. 21; DJ van Zyl, Geskiedenis as vak en wetenskap: nuwe uitdagings *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 19, 1987, p. 1 vir studies oor die geskiedskrywing oor *gewone mense*.

109 Ralph, *Towards Pretoria*, p 100.

110 Hales, *Campaign pictures of the war in South Africa (1899-1900)*, pp. 297-298. Ralph, *Towards Pretoria*, p. 100 deel hierdie siening.

Hierdie kritiek uit Engelse geledere word deur die sekretaris van die Uitvoerende Raad van die Vrystaat bevestig. Tydens sy gevangenskap te Heilbron het die Britse bevelvoerders hul swart drywers en bediendes beter behandel en betaal as die Britse manskappe. Gevolglik was die swartes "zeer brutaal" in hulle optrede teenoor dié manskappe, en indien laasgenoemde daaroor gekla het, is die blanke soldate tronkstaf opgelê. Die soldate moes die verbale treitering van die swartes "voor zoetkoek opeten".[111]

'n 1902-publikasie deur 'n Nederlandse historikus is 'n bewustelike poging aan om die "beschaafde barbaren",[112] te wete die Britte, in 'n swak lig te stel. L Penning beweer dat die swartes in die Kroonstaddistrik by die Boere gekla het dat die Britte hulle "op een liederlijke manier" bedrieg deur voor te gee dat hulle in die myne sou gaan werk het in plaas van aan die gevegsfront.[113] Dié swartes moes dikwels sonder vergoeding werk. Indien hulle geweier het om te werk, is hulle tot arbeid gedwing.[114] Hy insinueer dus dat die swartes in die Vrystaat[115] daartoe gedwing is om as Britse spioene[116] en gidse[117] op te tree.

Soos reeds geïnsinueer was die ABO-geskiedenis tot en met die sewentigerjare vir baie Afrikaner geskiedskrywers 'n intrument om Afrikanernasionalisme te bevorder. Die Britse geskiedskrywers het gedurende dieselfde periode getrou gebly aan die imperiale tradisie. Die blankes staan sentraal in hierdie geskiedskrywers se werke. Gevolglik word daar eers weer sedert die sewentigerjare na die verhouding tussen die Britte en hulle swart ondersteuningspersonnel gelet. In 'n a-paradigmatiese bespreking wys Warwick op die ekonomiese en statusvoordele wat indiensneming deur die Britte vir die swartes ingehou het. Nie net die positiewe word belig nie - dissipline is dikwels onmenslik toegepas; daar was nie voldoende rusdae en rantsoene nie; die swartes moes lang ure werk sonder enige oortydbetaling en moes dikwels gevaarlike of onaangename take verrig.[118] In aansluiting by Warwick verwerp Pakenham die Britte se bewering dat die hoë sterftesyfer onder die swart drywers in lord Roberts se opmars na Bloemfontein die onafwendbare gevolg van oorlogvoering was. Dit moet toegeskryf word aan 'n voedseltekort.[119]

Wat die uitbeelding van die rol van swart ondersteuningspersoneel in die ABO betref, kan dus gekonkludeer word dat die werklike omvang van die swartes se betrokkenheid by die ABO as ondersteuningspersoneel eers blyk uit publikasies wat sedert die 1970's verskyn het.

---

111 De Villiers, *Dagboek*, p. 32.
112 L Penning, *De oorlog in Zuid-Afrika*, deel III, p. 836.
113 *Ibid.*, deel III, p. 840.
114 *Ibid.*, deel III, p. 841.
115 *Ibid.*, deel III, pp. 834-889; 911-916; 957-978; 1129-1175; 1192-1224 vir gesprekings wat betrekking het op die Vrystaat.
116 *Ibid.*, deel III, p. 958.
117 *Ibid.*, deel III, p. 970.
118 Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, pp 138-141.
119 Pakenham, *The Boer War*, pp. 382-383.

Ten spyte van hierdie groter bewuswording van die swartes in die ABO-geskiedskrywing, is daar nog resente geskiedskrywers wat dié rol geringskat. Die siening van 'n Boeregeneraal, sommige skrywers van herinneringswerke, asook van die pro-Boer geskiedskrywers, naamlik dat die swartes onbekwaam was in die uitvoering van hulle pligte, word nie net deur resente geskiedskrywers nie, maar ook deur enkele tydgenootlike skrywers weerlê. Resente navorsing deur Pretorius en Warwick wys op die positiewe en negatiewe aspekte van verhoudinge tussen die strydende (blanke) magte en hulle swart ondersteuningspersoneel.

### 5.1.3 Die swartes se direkte betrokkenheid by die gewapende stryd in die Vrystaat

#### 5.1.3.1 Die verskaffing van inligting aan die vegtende magte deur swartes

Uit die bestudering van die bronne blyk dit dat die Boere- en Britse magte inligting van die swartes verkry het oor die vyand se troepebewegings. Geskied- en dagboekskrywers, asook skrywers van herinneringswerke toon 'n dualisme in hulle uitsprake oor die status van die swartes wat die inligting verskaf het. Was hierdie swartes spioene of het hulle vrywillig inligting verskaf?

Vroeg 20ste eeuse Britse geskiedskrywers[120] en herinneringswerke deur persone met Britse lojaliteite[121] maak gewag daarvan dat die swartes vrywillig inligting aan die Britte verskaf het. Dit is vir hierdie geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke 'n bewys van die swartes se steun vir die Britse oorlogspoging.

Daarenteen word die beskuldiging in pro-Boere herinneringgeskrifte,[122] werke deur tydgenootlike geskiedskrywers[123] en 'n politikus[124] geopper dat swarte spioene deel van die Britse magte in die Vrystaat was. Genoemde dualisme blyk duidelik in publikasies deur twee Nederlanders gedurende die eerste dekade van die 20ste eeu. G Boldingh keur die teregstelling van swartes wat inligting aan die Britse magte verskaf het goed,[125] tog lewer hy geen kritiek as die Boeremagte "kafferberichten" oor Britse troepebewegings in die

---

120 Brown, *War with the Boers*, vol IV, pp. 87; 125; Wilson, *With the flag to Pretoria*, vol II, pp. 554; 670; 671; *Cassell's History of the Boer War 1899-1902*, vol I, p. 887; vol II, p 33.

121 *The Lindley affair. A diary of the Boer War*, p. 14; SE St Leger, *War sketches in colour*, p. 115.

122 FD Conradie, *Met Cronjé aan die Wesfront (1899-1900)*, p. 136; 163; Raal, *Met die Boere in die veld*, pp. 16-20; PS Lombaard, *Uit die dagboek van 'n wildeboer*, pp. 99; 110; Rothmann, *Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901*, p. 65; Margaret Marquard, *Letters from a Boer parsonage*, pp. 109; 114.

123 W van Everdingen, *De oorlog in Zuid-Afrika*, p. 287; Penning, *De oorlog in Zuid-Afrika*, deel III, p. 958.

124 Michael Davitt, *The Boer fight for freedom*, p. 395. Michael Davitt het in Oktober 1899 bedank as lid van die Britse Laerhuis uit protes teen Brittanje se oorlogsverklaring. *Vide* Arthur Davey, *The British Pro-Boers 1877-1902*, pp. 73; 132; 134; 136-138; 143.

125 G Boldingh, *Een Hollandsche officier in Zuid-Afrika. Nagelaten geschriften*, pp. 165; 187.

Ficksburgdistrik ontvang nie.[126] W van Everdingen lewer ook geen kommentaar op die Boeremagte se verkryging van inligting aangaande Britse troepebewegings van swartes nie;[127] dieselfde gebruik onder die Britte dien vir hom as 'n bewys dat Brittanje van "Kaffers teen blanken gebruikt" maak.[128]

Die betroubaarheid van die inligting wat die swartes verskaf het, word deur 'n pro-Britse geskiedskrywer bevraagteken. Tog blyk dit uit inligting vervat in dié publikasie dat die inligting wat swartes verskaf het, waar was.[129]

'n Britse intelligensie offisier wys daarop dat beide die Britte en die Boere van swartes gebruik gemaak het om inligting te bekom.[130] Dit kom egter vir die offisier voor dat die swartes 'n groter mate van lojaliteit teenoor die Boere as die Britte geopenbaar het. Byna elke stat het 'n aantal Boerespioene gehuisves.[131] Van die Britte se swart koeriers het De Wet op hoogte gehou van die Britte se bewegings.[132] Daar het 'n vermoede onder die Britte bestaan dat van die touleiers in diens van die Britte inligting aan die Boeremagte verskaf het.[133]

Van die pro-Boere skrywers van herinneringswerke[134] en geskiedskrywers[135] wys weer daarop dat die swartes vrywillig inligting aan die Vrystaters oor Britse troepebewegings verskaf het. Pro-Boere skrywers lewer verskeie uitsprake oor die swartes as verskaffers van inligting. Die geloofwaardigheid van die inligting aan die Boeremagte word byvoorbeeld bevraagteken.[136] Die Britte se gebruikmaking van swart spioene het geen gevaar vir De

---

126 *Ibid.*, p 141.
127 Van Everdingen, *De oorlog in Suid-Afrika. Tweede tijdvlak, eerste deel: van Maart-Juli 1900*, p 96 verwys na die ondervraging van 'n swarte naby Sannaspos.
128 *Ibid.*, p 148.
129 *Cassell's History of the Boer War 1899-1902*, vol I, p. 903; *Ibid.* vol II, pp. 341; 518.
130 The Intelligence Officer, *On the heels of De Wet*, pp. 302-306; 318-320.
131 *Ibid.*, p. 279.
132 *Ibid.*, p. 305.
133 Du Moulin, *Two years on trek*, p. 192. Hoewel hy die moontlikheid opper, kon hy nie afdoende bewyse vind om sy vermoede te bevestig nie
134 Marquard, *Letters from a Boer parsonage*, p. 111; RD McDonald, *In die skaduwee van die dood*, p. 13; De Wet, *Three Years War (October 1899-June 1902)*, p. 174 (Vredefortdistrik); De Wet, *Met genl. De Wet op kommando*, p. 76 (Kroonstaddistrik).
135 Rosenthal, *General De Wet. A Biography*, p. 74; Grundlingh, *Die "Hensoppers" en "Joiners"*, p. 102; Pretorius, *Kommandolewe*, p. 318 verwys na die getuienis van JA van Niekerk van die Frankfortkommando oor sy agterryer, Stuurman, wat waardevolle inligting verskaf het.
136 De Wet, *Three Years War (October 1899-June 1902)*, p. 174 verwys na swartes in die Vredefortdistrik; Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, deel V, p. 392 baseer die siening op Franse luitenant, *Ten months in the field with the Boers*, p. 121; Gronum, *Die Bittereinders Junie 1901-Mei 1902*, p. 65 reken die swartes was "blote huurlinge by wie nasionale trots ontbreek het en wat derhalwe geen innerlike oortuiging gehad het om hul lewens werklik te waag vir betroubare beriggewing nie".

Wet se militêre optredes in die Vrystaat ingehou nie. Inteendeel, De Wet het dit gebruik om vals inligting aan die Britse magte deur te gee en het hulle so op 'n dwaalspoor geplaas.[137]

Tog maak van die geskiedskrywers spesifiek daarvan melding dat die Britte se gebruikmaking van swart informante en spioene 'n negatiewe invloed op die Boere se oorlogspogings gehad het. Swartes is naby Thaba Nchu gearresteer uit vrees dat hulle inligting oor die Boere se troepebewegings aan die vyand sou oordra.[138] Inligting deur "de verraderlijke Kaffers" oor kommunikasie tussen De Wet en Cronjé het tot die intensifisering van die Britse bombardement by Paardeberg en die gevolglike nederlaag van Cronjé gelei.[139]

Die swartes was nie altyd gewillig om inligting aan die Boeremagte te verskaf nie. Eers na "deeglike ondervraging" het 'n swarte wat deur De Wet se manskappe naby Thaba Nchu gearresteer is, volledige inligting aangaande die Britte se troepebewegings verskaf.[140]

JE Rabie (1980) wys daarop dat die Boere nie die korrekte persepsie oor die swartes se verskaffing van inligting aan die vyand gehad het nie. Volgens De Wet was dit noodsaaklik om sy planne met betrekking tot die Slag van Groenkop geheim te hou aangesien hy gevrees het dat die swartes as Britse informante sou optree.[141] Daarteenoor skryf F Maurice en MH Grant dat die Britte eers ná die gevangeneming van 'n swarte die nodige informasie bekom het.[142] Deur 'n pro-Boer en pro-Britse publikasie oor dieselfde insident te vergelyk, kry Rabie 'n meer gebalanseerde beeld van die swartes se bereidwilligheid om inligting aan die Britte te verskaf.

Tydgenootlike geskiedskrywers en deelnemers aan die oorlog, asook twee pro-Boere geskiedskrywers kritiseer, in ooreenstemming met hulle onderskeie lojaliteite, die gebruik van spioene deur die Britse of Boeremagte. Daarenteen erken Spies, Warwick en Pretorius die gebruik van spioene deur beide die Britse en Boeremagte as 'n oorlogsrealiteit.[143]

---

137 Gronum, *Die Bittereinders Junie 1901-Mei 1902*, p. 55.

138 Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, deel V, p. 202.

139 Van Everdingen, *De oorlog in Zuid-Afrika*, p. 287.

140 Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, deel V, p. 202; JE Rabie, *Generaal C.R. de Wet se krygsleiding by Sannaspos en Groenkop*, p. 22.

141 Rabie, *Generaal C.R. de Wet se krygsleiding by Sannaspos en Groenkop*, p. 46. (*Vide* De Wet, *Three Years War (October 1899-June 1902)*, p. 340).

142 Rabie, *Generaal C.R. de Wet se krygsleiding by Sannaspos en Groenkop*, p. 47. (*Vide* Maurice & Grant (samest.), *History of the War in South Africa 1899-1902*, vol IV, p. 386).

143 Spies, *Methods of Barbarism?*, p. 262; Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, p. 21; Pretorius, *Kommandolewe*, p. 287; Fransjohan Pretorius, *Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet*, pp. 32; 39; 40; 79.

Soos uit resente navorsing blyk, het die Boere en Britte in die Vrystaat van swartes gebruik gemaak om inligting oor vyandelike troepebewegings te bekom. Hoewel van die skrywers van herinneringswerke en geskiedskrywers dié inligting afkraak as onbetroubaar, het dit 'n bepalende rol in beide lande se oorlogspogings gespeel.

### 5.1.3.2 Die bewapening van swartes

'n 1954-standpunt dat beide die Boere- en Britse magte "kept them (die swartes) strictly out of the conflict",[144] word by implikasie in verskeie pro-Britse en pro-Boere boeke bevestig deurdat daar in hierdie werke nêrens in besprekings van die veldslae of troepebewegings in die Vrystaat na gewapende swartes, hetsy aan die kant van die Boere of die Britte, verwys word nie.[145] Daar is wel geskied- en dagboekskrywers, asook skrywers van herinneringswerke wat pertinent na die bewapening van swartes verwys. In onderstaande bespreking sal beskuldigings deur pro-Britse en pro-Boere skrywers dat die vyandelike magte (Boere of Britte) van gewapende swartes gebruik gemaak het, maar dat die land teenoor wie die onderskeie skrywers lojaal staan, 'n "witmansoorlog" gevoer het, uitgewys word. Voorts sal na geskied- en dagboekskrywers, asook skrywers van herinneringswerke se regverdiging vir die bewapening van swartes gelet word. Laastens sal die sieninge van Fransjohan Pretorius en neo-liberale geskiedskrywers, waarin erkenning aan die rol van gewapende swartes in beide strydende magte gegee word, aan die orde gestel word.

Daar bestaan geen twyfel vir een van die Britse oorlogskorrespondente dat die Boeremagte versterk is deur gewapende swartes nie. Op 13 Februarie 1900 rapporteer hierdie korrespondent vanaf die Chieverleykamp in die Suid-Vrystaat:

> *Of the enemy, who remained on the hill till our men reached it, more than half were armed natives - of what tribe it is impossible to say, though probably they were Basutos from the conquered territory. They were undoubtedly fighting. One of them, slightly wounded, remained in the trench when the Durhams reached it. They were about to bayonet him, when Lieutenant Lambton, perceiving that he was wounded, ordered his men to spare him. This was done, and the native promptly picked up his rifle and shot Lieutenant Lambton through the wrist. This is not the first time that armed natives have been seen with the Boers.*[146]

---

144 G Tylden, *The armed forces of South Africa,* p. 20. *Vide ibid.*, pp. 17-20 vir 'n oorsig oor die organisasie en sterkte van die Vrystaatse en Transvaalse magte tydens die ABO.

145 *Vide* par 5.1.1.

146 The War Correspondents, *The Boer War*, p. 155. Die naam van die spesifieke korrespondent word nie in die publikasie genoem nie.

Terwyl die swartes vrywillig, en ongewapen, diens aan die Britte gelewer het,[147] het die Boere gewapende swartes in veldslae teen die Britte gebruik: "Their presence showed that the Boers were really without scruples to arm and employ black men against whites."[148] Die bewering word gemaak dat die Britte alles in hul vermoë gedoen het om nie die swartes by die gewapende stryd te betrek nie.[149] Die Boere daarenteen "exhausted every artifice to induce the Basutos to attack the British".[150] Dié beskuldiging teen die Boere deur HW Wilson ten tye van die eeuwenteling reflekteer die imperiale tydsgees waarin hierdie geskiedskrywer geleef en gewerk het. Die Britse oorlogsoptrede word geregverdig, want hulle het teen 'n eerlose vyand geveg.

Terwyl 'n Britse joernalis en tydgenootlike geskiedskrywers die persepsie skep dat slegs die Boere die swartes bewapen het of onregmatig by die stryd wou betrek, regverdig A Conan Doyle[151] en Sarah Wilson[152] in 1902 en 1909 respektiewelik die Britse bewapening van swartes. Wilson beskryf die swartes wat deur die Britte bewapen is as

> *proud men [that] stalked gravely along the streets with their precious rifles, evidently feeling such a sense of security as they had never experienced before.*[153]

As gevolg van vroeëre blank-swart-botsings was hulle die teiken van Boerehaat. Hulle móés dus ter wille van selfverdediging bewapen word.[154] Ter ondersteuning van dié siening lys Doyle insidente waartydens swartes deur lede van die Boeremagte gedood is. Sewe van die 33 insidente het in die Vrystaat plaasgevind.[155] Die volgende twee insidente, soos verhaal deur Doyle, dien as voorbeelde van die "scandal of the murder of the Kaffers".[156] Agt ongewapende swart seuns, tussen die ouderdomme 12-14, het op 17 Julie 1901 lemoene

---

147 Wilson, *With the flag to Pretoria*, vol I, pp. 166-171; 359-364; vol II, pp. 395-440; 528-588; 630-643; 665-678.

148 Wilson, *With the flag to Pretoria*, vol I, p. 315 verwys na die Slag van Vaalkrans in Natal. Hoewel Natal buite die terreinafbakening van die verhandeling val, dien dit as illustrasie van Wilson se houding jeens die bewapening van swartes en sy houding teenoor die Boere.

149 Volgens Wilson, *After Pretoria: The Guerilla War*, p. 162 sou die Basoeto "gladly have fought with the British" as dit nie vir die tussenkoms van sir Godfrey Lagden was nie. *Vide ibid.*, pp. 3-42; 148-171; 216-239; 346-351 vir bespreking van die oorlog in die Vrystaat.

150 Wilson, *After Pretoria: The Guerilla War*, p. 417.

151 Die doel vir die skryf van *The War in South Africa* (1902) is volgens die outeur om "in view of the persistent slander to which our politicians and our soldiers have been equally exposed ... to lay the facts before the world" (A Canon Doyle, *The War in South Africa*, p. v).

152 Sarah Wilson het in 1900 die Koninklike Rooikruis-medalje van die Britse monarg ontvang vir haar bydrae tot die mediese versorging van Britse soldate tydens die ABO. *Vide* Sarah Wilson, *South African memories. Social, warlike & sporting*, pp. 266-267.

153 Wilson, *South African memories. Social, warlike & sporting*, p. 161.

154 Wilson, *South African memories. Social, warlike & sporting*, p. 161; Doyle, *The War in South Africa*, p. 138.

155 Doyle, *The War in South Africa*, pp. 139-142 meld dat dié inligting bekom is uit amptelike verslae.

156 *Ibid.*, p. 139.

gaan pluk op die plaas *Uitkijk* in die Edenburgdistrik. Die Boere het op hulle geskiet; een gedood, vyf gevange geneem en een het ontsnap. Later is onherkenbaar verminkte lyke gevind, waarskynlik die van die seuns wat gevange geneem is.[157] 'n Swart gevangene is sonder enige rede in die Petrusburgtronk deur twee Boere doodgeskiet.[158] Die swartes se bewapening het dus nie in die eerste instansie die Britse oorlogspoging versterk nie, maar het aan die swartes beskerming verleen.

Die erkenning of ontkenning deur tydgenootlike pro-Britse geskiedskrywers, joernaliste en skrywers van herinneringswerke dat die Britte die swartes onder die wapens gebring het, het tot groot hoogtes as anti-Boer-oorlogspropaganda gedien. Brittanje is inderdaad vir hierdie skrywers, in die woorde van die imperale geskiedskrywer J Noble, "the protector of the weak".[159]

Terwyl die pro-Britse uitsprake deur die Britse imperiale motief geïnspireer is, reflekteer die pro-Boere uitsprake ten tye van die eeuwenteling sterk anti-Britse sentimente. Vir diegene wat lojaal en simpatiek teenoor die blanke Afrikaner gestaan het, hetsy geskiedskrywers, skrywers van herinneringswerke, politici of militariste, is die geskiedenis van die Afrikaner 'n stryd om selfbeveiliging en selfhandhawing teen Brit en swart.

Voor die uitbreek van die oorlog bepleit William T Stead in 'n werk wat vroeg in 1899 verskyn het, versoening tussen Boer en Brit omdat daar die gevaar bestaan dat die Boere en Britte kon swig voor die versoeking om van die dienste van "savages" gebruik te maak. Hy wys daarop dat van die Britse voorstanders van oorlog beweer dat "we can let loose the ... Basutos upon the Orange Free State".[160] Dat Stead se vrees gerealiseer is, blyk uit 'n tweede publikasie wat in 1900 verskyn het. Die werk, wat hoofsaaklik 'n samevoeging van briewe aan die pers en persoonlike getuienenisse van Boere is, word die optrede van gewapende swartes in die vernietiging van boerewonings en die begeleiding van vrouens en kinders na die konsentrasiekampe in onder andere die Vrystaat aan die kaak gestel.[161]

CR de Wet val Brittanje vir gebruikmaking van gewapende swartes aan. Hy skryf: "I have to declare again that if there had been no National Scouts and no Kaffirs, in all human probability matters would have taken another turn."[162] Hy gee geen rede vir die siening nie, maar verwys na 'n groep van 400 of 500 swartes wat, onder die leiding van 'n verraaier (Nasional Scout) anargie in die Winburgdistrik gesaai het. Dié bende het hulle skuldig

---

157 *Ibid.*
158 *Ibid.*, p. 142.
159 Noble, *South Africa, past and present; a short History of the European settlements at the Cape*, p. 145.
160 William T Stead, *Shall I slay my brother Boer?*, p. 54.
161 William T Stead, *How not to make peace*, pp. 49-57.
162 De Wet, *Three Years War (October 1899-June 1902)*, p. 276.

gemaak aan "brutalities" en Boere op "a horrible manner" vermoor. Hy gee nie 'n uiteensetting van die wandade nie, want "the narration of these brutalities I prefer to leave to persons more conversant to the facts than myself".[163]

In aansluiting by De Wet kritiseer verskeie pro-Boere geskiedskrywers[164] en skrywers van herinneringswerke,[165] asook 'n Ierse politikus[166] die Britte se bewapening van swartes. Die kritiek is ineengestrengel met hierdie skrywers se veroordeling van die optrede van die gewapende swartes teen die Vrystaatse blanke burgerlikes.[167] Omdat Afrikaner (geskied)-skrywers dit sedert die dertigerjare ten doel het om die Afrikaner se optrede in die verlede, maar ook sy politieke ideologie te regverdig en aan te prys, word rassistiese aanvalle teenoor die swartes gemaak. Die volgende rassistiese uitsprake is nie net in kwasi-historiese werke wat gedurende die veertigerjare verskyn het opgeteken nie, maar ook in Ploeger, 'n staatshistorikus, se 1990-publikasie. Die swartes, wat deur die Britte onder die wapens gebring is, het hulle aan "perkelose skurkagtigheid"[168] skuldig gemaak en hulle "veral daarop toe[ge]lê om oral die vreedsame blanke bevolking te beledig".[169] Hulle word beskryf as "hordes ... moordlustige barbare"[170] en "vervloekste kaffers".[171] Gewapende swartes het vee gesteel en "weerlose vrouens en kinders op 'n skaamtelose wyse ... behandel" en hulle aan blanke vrouens "vergryp".[172]

S Martins, 'n lid van die Vrystaatse magte, is volgens NGJ Venter naby Steynsrus deur 'n bende swartes onder 'n sekere Croucamp, vermoor. Ongeverifieerd word Martin se marteldood beskryf:

---

163 *Ibid.*, pp. 333-334.

164 Klinck-Lütetsburg, *Christiaan de Wet. De Held van Zuid-Afrika*, p. 162; AM Grundlingh, *Die "Hensoppers" en "Joiners"*, p. 174; Farwell, *The great Boer War*, p. 351; Scholtz, *Die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, p. 111; Eric Stockenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk*, p. 142; Van Zyl, *Die helde-album*, p. 197 verwys na botsings by Jagersfontein; Wessels, *Die militêre rol van swart mense*, pp. 13; 16-17 bespreek die Britse bewapening van swartes in breër Suid-Afrikaanse konteks.

165 Pohl, *Adventures of a Boer Family*, p. 96; NGJ Venter, *Murasies. Herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 103; Buurman (pseud.), *Oorlogswolke oor die Republieke*, pp. 21; 96.

166 Davitt, *The Boer fight for freedom*, p 463 verwys na Brit-Boer-botsings by Philippolis (8-15 Oktober 1900).

167 *Vide* par 5.4.2.

168 Venter, *Murasies. Herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 103.

169 Stockenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk*, p. 142. In Stockenström se verifiëring dié beskuldiging wys hy uitsluitlik na insidente in Transvaal (*vide ibid.*, pp. 142-148).

170 Buurman (pseud.), *Oorlogswolke oor die Republieke*, p. 21

171 *Ibid.*, p. 96.

172 *Vide* Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel II, pp 18:28-18:30.

> *Hy word ... deur die Kaffers aan vier perde vasgekoppel - een aan elke hand en voet - en uitmekaar geskeur. Sy lyk word so afskuwelik vermink dat die burgers hom skaars herken toe hulle later op die toneel verskyn.*[173]

Dié gebeure dien as regverdiging vir die Boere se genadelose optrede teenoor swartes:

> *Dit is byna oorbodig om by te voeg dat die burgers briesend is oor hierdie gemene daad en dat dit 'n gewisse en genadelose dood voorspel vir elke Kaffer wat hulle voortaan in diens van die vyand aantref.*[174]

Terwyl die pro-Britse geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke die bewapening van swartes op grond van selfverdediging regverdig, regverdig die pro-Boere geskiedskrywers, asook skrywers van herinneringswerke en dagboeke die teregstelling van swartes op grond van die bewapening van swartes.[175]

Enkele van die pro-Boere geskiedskrywers ag dit nodig om pertinent daarop te wys dat die Boeremagte in die Vrystaat nie van gewapende swartes gebruik gemaak het nie.[176] Ten spyte van hierdie aanspraak, wys 'n pro-Boer in sy herinneringswerk daarop dat die Boere swartes bewapen het. In JG van den Heever se beskrywing van kmdt. Buys se troepe se tog vanaf Natal na Transvaal deur die Vrystaat keur hy die kommandant se besluit om van die swart touleiers en agterryers as perdewagte te gebruik, goed.[177] Dié perdewagte is snags van wapens voorsien, om "as daar miskien fout kom, alarm te maak". Uit 'n kort staaltjie oor die optrede van die perdewagte blyk dit dat hulle, hoewel die skrywer dit nie pertinent verwoord nie, opdrag ontvang het om op verdagtes wat nie die wagwoord ken nie, te skiet.[178]

Terwyl Van den Heever die bewapening van die Boere se swart perdewagters goedkeur, beskou hy dit as "onbillik" dat die Britte swartes bewapen het.[179] Hy verwerp die Britte se aanspraak dat dit teen hulle beleid was om swartes te bewapen en hulle slegs swart spioene, ter wille van selfverdediging, bewapen het.[180] Die toestande op die Vrystaatse platteland

---

173 Venter, *Murasies. Herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 102-103.
174 *Ibid.*, p. 103.
175 *Vide* ook par 5.2.
176 Rompel, *Marthinus Theunis Steijn,* p. 72 baseer die siening dat pres. MT Steyn gekant was teen die bewapening van swartes op 'n brief van Herbert Torr in die *Times*, November 1899; Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, deel I, p. 36.
177 Van den Heever, *Op kommando onder kommandant Buys*, p. 37 lui o.a. dat kommandant Buys besef het "ledigheid is die duiwel se oorkussing" en daarom het hy besluit om die swartes as perdewagte aan te stel.
178 *Ibid.*
179 *Ibid.*, pp. 102; 124.
180 Cf *ibid.*, pp. 123-126. Die outeur, wat tydens 'n skermutseling in Transvaal gewond is, is in 'n Britse veldhospitaal versorg. Hy konfronteer 'n Britse onderoffisier oor die Britte se bewapening van swartes. Die onderoffisier se verweer was dat die "arme goed in so 'n gevaarlike onderneming ... in staat moet wees om hulle self te verdedig" (*ibid.*, p. 125).

was onveilig, want gewapende swartes het "gemoor, geplunder en geroof van die een plaas na die ander sover as wat hulle in 'n nag kon gaan".[181] Van den Heever openbaar openlik en kru dubbele standaarde. Dit wat hy as aanvaarbaar vir die Boeremagte beskou, naamlik op swartes (perdewagte) te bewapen, word ten sterkste afgekeur as hy na die Britte verwys.

In 'n deeglik gefundeerde, genuanseerde bespreking wys Pretorius daarop dat beide die Britte en Boere swartes bewapen het.

Die bewapening van swartes deur die Britte: Die meeste swart verkenners by die Britse divisies in die Vrystaat en Transvaal was teen die tweede helfte van 1901 met gewere toegerus.[182] Dit het die weg gebaan om ander kategorieë gekleurdes in Britse militêre diens, onder andere diegene wat blokhuise en blokhuislinies bewaak het, van wapens te voorsien.[183] Pretorius gee 'n volledige uiteensetting van die Boere, in besonder genl. JC Smuts, se argumente teen die bewapening van die swartes.[184] Gerugsteun deur Spies wys Pretorius daarop dat Brittanje nie internasionale norme met betrekking tot oorlogvoering verbreek het deur die swartes te bewapen nie. Die Haagse Konvensie (Julie 1899), wat as maatstaf vir oorlogvoering aan die einde van die 19de eeu gedien het, is deur Brittanje onderteken.[185] Hierdie konvensie maak geen melding van die rol wat die swartes of enige ander ras in oorlogvoering moes of kon speel nie.[186]

Die bewapening van swartes deur die Boere: Hoewel swartes in die Vrystaat verbied was om in besit van vuurwapens te wees, bestaan daar "stewige getuienis" dat swartes in die loop van die oorlog met gewere bewapen is om die Boere in hulle oorlogspoging by te staan.[187]

Nóg die Britte nóg die Boere se bewapening van swartes word deur Pretorius veroordeel of geregverdig. Hy ondersoek en rapporteer die oorlogsrealiteite.

In aansluiting by Pretorius wys Warwick, Spies en Wessels in geverifieerde besprekings ook daarop dat beide die Boere en Britte in hul oorlogspogings in die Vrystaat deur gewapende

---

181 *Ibid.*, p. 79.
182 Pretorius, *Kommandolewe*, p. 287; Pretorius, *Die Angloboereoorlog 1899-1902*, p. 78.
183 Pretorius, *Kommandolewe*, p. 287.
184 Cf *ibid.*, p. 293.
185 Cf Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel II, pp. 13:1-13:5 waarin vermeld word dat die konvensie bepaal het wat toelaatbaar of ontoelaatbaar in die oë van die laat-negentiende eeuse "beskaafde" wêreld met betrekking tot oorlogvoering was. Die Boererepublieke is nie na die konvensie uitgenooi nie.
186 Pretorius, *Kommandolewe*, p. 293.
187 *Ibid.*, pp. 320-321 verwys o.a. na Kleinbooi Sabalana, 'n Basoeto van Harrismith, wat volgens CA Cronjé aan vele gevegte deelgeneem het. Goeiman, die agterryer van kmdt. Jan Crowther van Ladybrand het aan die Slag van Biddulphsberg (29 Mei 1900) deelgeneem. In Pretorius, *Die Angloboereoorlog 1899-1902*, p. 78 word slegs na gewapende swartes by Boerekommando's in die Transvaal verwys.

swartes gesteun is.[188] Hoewel Spies en Warwick nie kommentaar lewer oor die Boere se bewapening van swartes nie, keur hulle Brittanje se besluit om die swartes te bewapen goed, want die Boere het groot getalle gewapende en ongewapende swartes om die lewe gebring.[189]

John Pampallis maak in 1991 die ongeverifieerde stelling dat krygswette in die Boererepublieke voorsiening gemaak het vir verpligte militêre diens deur swartes.[190] Pampallis se kritiek teen die Boere moet in die konteks van sy neo-liberale verwysingsraamwerk gelees word. Hy skryf swartsentriese geskiedenis en die Afrikaner is vir hom sinoniem aan die onderdrukker. "Historiese feite" oor die krygswette van die Boererepublieke word gebruik om die Afrikaner af te kraak.[191] Volgens hom is die swartes gestraf as hulle nie aan dié oproepbevele gehoor gegee het nie. Dié swartes het geen vergoeding ontvang nie. Die swartes wat aan die kant van die Britse magte geveg het, het vergoeding ontvang.[192]

Hoewel die meerderheid pro-Britse en pro-Boere geskied- en dagboekskrywers, asook skrywers van herinneringswerke pertinent of by implikasie daarop aanspraak maak dat Britte/Boere nie die swartes onder die wapens gebring het nie en verwyte slinger dat die ander party die swartes bewapen het, is dit duidelik uit resente navorsing dat gewapende swartes deel van beide lande se gewapende magte was.

Pretorius se bespreking van die bewapening van swartes dui op hierdie skrywer se wetenskaplike ingesteldheid. Argivale bewyse word teenoor mekaar opgeweeg voordat hy tot 'n beredeneerde gevolgtrekking kom waarin positiewe en negatiewe aspekte uitgelig word. Daarteenoor gebruik die meerderheid geskied- en dagboekskrywers, asook skrywers van herinneringswerke die bewapening van swartes ter ondersteuning van hulle pro-Britse of pro-Boere lojaliteite. Diegene met Britse lojaliteite regverdig die bewapening van swartes op grond van die Boere se onmenslike optrede teenoor hulle; die pro-Boere skrywers regverdig die Boere se hardhandige optrede teen die swartes juis omdat hulle gewapen was.

---

188 *Vide* Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, pp. 19-27; Spies, *Methods of Barbarism?*, pp. 18-19; 30-31; 154-157;172; Spies, *British supremacy*, p. 11; Wessels, *Die militêre rol van swart mense*, pp. 9-13; 16-19.

189 Spies, *British supremacy*, p. 17; Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, p. 22 verwys spesifiek na die teregstelling van vyf swartes deur die Boere ses myl wes van die Vredefortpad.

190 Pampallis, *The foundations of the New South Africa*, p. 46.

191 Die teendeel is bevind in resente navorsing deur Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, pp. 15-19; Pretorius, *Kommandolewe*, pp. 320-321 en Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, deel I, p. 36.

192 Pampallis, *The foundations of the New South Africa*, p. 46.

### 5.1.4 Die swartes as verskaffers van voedsel aan die Britse en Boeremagte

Naas die verrigting van ondersteuningsdienste was die swartes ook indirek betrokke by die oorlog deur onder andere die verskaffing van voedsel aan die soldate.

Die verskaffing van voedsel is vir van die pro-Britse[193] en pro-Boere[194] geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke 'n bewys van die swartes se lojaliteit jeens die Britte/Boere se oorlogspoging.

Die verkryging van voedsel van swart burgerlikes word deur twee deelnemers aan die oorlog en 'n eietydse geskiedskrywer as vertrekpunt geneem vir kritiek op Boer-swart-verhoudinge en as bewys van positiewe Brit-swart-verhoudinge. Hoewel MC Jackson dit betreur dat die swartes aan die Boere voedsel voorsien,[195] noem hy dit bloot as 'n gegewe dat die Britte hulle voedselvoorrade aangevul het deur eiers en hoenders wat hulle by die swartes gekry het.[196] Hy meld nie of die Boere deur wettige handelstransaksies voedsel van die swartes bekom het nie, maar beklemtoon dit dat die Britte hulle nooit aan diefstal skuldig gemaak het nie:

> *If any of us ... were caught looting so much as a hen's egg from any private person - Dutch, English, or Kaffir - we would be tried by drumhead court-martial and instantly be shot!*[197]

Peel wys ook daarop dat die Britse soldate 'n goeie afset vir die swartes se hoenders en/of eiers was:

> *Remakably little looting went on. The Kaffirs, nearly all of whom have numbers of poultry living with them in their kraal, had never any reason to complain.*[198]

Hierdie aanspraak word in 1901 deur 'n Amerikaanse joernalis bevraagteken in 'n kort beskrywing van 'n handelstransaksie tussen Britse soldate en swartes in die Brandfortdistrik:

---

193 *Cassell's History of the Boer War 1899-1902*, vol II, p. 200; St Leger, *War sketches in colour*, p. 120.

194 Van Everdingen, *De oorlog in Suid-Afrika. Tweede tijdvlak, eerste deel: van Maart-Juli 1900*, p. 52; Lombaard, *Uit die dagboek van 'n wildeboer*, p. 108: die outeur het 'n halwe beker graansorgum en twee hoendereiers by swartes van die Thaba Nchudistrik gekry.

195 Jackson, *A soldier's diary South Africa 1899-1901*, p. 193 wys op die Britte se pogings om die Boere se voedselvoorrade te vernietig, maar dit was nie haalbaar solank as wat daar swartes in die gebied is nie.

196 *Ibid.*, pp. 44; 59.

197 *Ibid.*, p. 38.

198 Peel, *Trooper 8008 IY*, p. 59. *Vide* ook *ibid.*, p. 72.

> *[T]he Tommies were in high glee over an opportunity to buy fresh eggs and chicken from the natives at ridiculously low prices, and the opportunity to loot a few.*[199]

Naas kontantaankope het die Boere en Britte deur 'n stelsel van skuldbriewe voorrade en lewende hawe van die swartes bekom. Ongeverifieerd tref Beak 'n onderskeid. Die Britse magte het altyd skuldbriewe uitgereik en dit na die oorlog vereffen.[200] Die Boere, daarenteen, het selde skuldbriewe uitgereik. Of die Boere hulle verpligtinge nagekom het, word nie genoem nie.[201] Die insinuasie dat die Boere hulle aan ongeoorloofde praktyke skuldig gemaak het om voedsel te bekom, word deur Beak uitgebrei. Sonder die verskaffing van konkrete bewyse beskuldig hy beide die Vrystaatse Boere en swartes van veediefstal.[202] Dié beskuldiging teen die Boere word in 1983 ongeverifieerd deur Warwick onderskryf - 'n groep Boere in Februarie 1902 590 beeste, 32 perde en 6625 skape en bokke van die Thaba Nchugemeenskap gesteel.[203]

Samevattend kan daarop gewys word dat pro-Boere en pro-Britse geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke erken dat die swartes 'n belangrike bron van voedsel tydens die oorlog was. Die pro-Boere geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke laat hulle egter nie uit oor die aard van die handelstransaksies tussen hulle en die swart produsente nie. Sommige van die pro-Britse geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke wil die persepsie skep dat die Britte altyd voedsel deur middel van wettige koopooreenkomste bekom het. Die teendeel word deur 'n Amerikaner geopper. Die bevraagtekening van die integriteit van die Boere teenoor die swart burgerlike bevolking deur 'n pro-Britse skrywer van 'n herinneringswerk en 'n eietydse geskiedskrywer word deur Warwick herhaal.

## 5.2 Die optrede van die Boeremagte teenoor swartes

In die bestudering van die Boeremagte se optrede teenoor die Vrystaatse swartes sal aan die pro-Britse geskied- en dagboekskrywers, asook skrywers van herinneringswerke se beskuldiging dat die Boere onmenslik was, asook die pro-Boere geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se verontskuldiging, maar ook hulle regverdiging van die Boere se optrede aandag geskenk word.

---

199 Unger, *With "Bobs" and Krüger*, pp. 248-249.
200 Beak, *The aftermath of War*, p. 160.
201 *Ibid.*
202 *Ibid.*
203 Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, p. 157.

'n Dagboekinskrywing van 'n Britse soldaat, naamlik dat "Joe always put out a Kaffir if he caught him",[204] word deur sy eie voorbeelde, asook die uit eietydse publikasies geverifieer:

- 'n Slapende swarte is deur die Boere in 'n stat naby Kroonstad doodgeskiet. Die lyke van ses swartes wat 'n Britse intelligensie offisier vergesel het, is naby Koffiefontein gevind.[205]

- Die Boere was klinies en ongevoelig in hulle teregstellings: "[W]e came on the bodies of ... three Kaffirs laid out in a row by the side of the road with a bullet apiece in the brain."[206]

- Die skynbaar sinlose dood en verwonding van twintig ongewapende swart arbeiders deur Boere (naby Kroonstad) word betreur.[207]

- Tydens De Wet se kampanje teen die Britse magte by Langberg, naby Bethlehem, (Desember 1901) het die Boere menslik teenoor Britse gewondes opgetree. Dieselfde kan egter nie van hul optrede teenoor die Britte se swart agterryers gesê word nie: "Twenty-five were afterwards found dead on the field and there is good reason to believe that many were slaugtered in cold blood."[208] Dié aanklag word nie geverifieer nie.

- Amery beskryf die teregstelling van 'n swart perdewagter deur De Wet se manskappe:

  *The Boers chased and seized a Kaffir who was driving in some loose horses. After questioning the native for a minute or two, one of the Boers shot the poor fellow dead.*[209]

  Amery beskryf die daad nie net as "audacious" nie, maar sê pertinent dit was oneties.[210]

- Die Boere het hulle toenemend aan barbaarse oorlogstegnieke skuldig gemaak:

  *We have repeatedly noticed the growing savagery of the Boers in this period (November - December 1900) ... towards acts which can scarcely be described in any other way as murderous atrocities.*[211]

---

204 Jackson, *A soldier's diary South Africa 1899-1901*, p. 229. "Joe" is Jackson se benaming vir 'n Boeresoldaat.
205 *Ibid.*, p. 229.
206 *Ibid.* Die lyke is naby Tweefontein (distrik Boshof) gevind.
207 FT Stevens, *Complete History of the South African War, in 1899-1902*, p. 249. Die titel van die publikasie impliseer wetenskaplike geskiedskrywing, maar die skrywer gebruik voortdurend die voornaamwoorde "I/my" en "we/our" in sy rapportering van gebeure.
208 Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol V, p. 442.
209 *Ibid.*, vol IV, p. 437.
210 *Ibid.*, vol IV, p. 437.
211 Wilson, *After Pretoria: The Guerilla War*, p. 239.

- Tydens die Boere se inval van Jagersfontein (Oktober 1900) is agt ongewapende, nie-vegtende swartes deur die Boere doodgeskiet.[212]

Jackson keur swartes se weerwraak goed:

> *The Kaffir scouts from Koffyfontein got their own back on the Boers once. ... About six of them were out without a white man, and four or five Boers, not seeing till too late that they were Kaffirs, came down to surrender. The Kaffirs took their rifles, and then shot the lot!*[213]

Terwyl die eietydse pro-Britse geskiedskrywers en 'n Britse soldaat verskeie voorbeelde van die onmenslike optrede van die Boeremagte noem en Jackson weerwraak goedkeur, lê pro-Boere geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke klem op die wrede optrede van die swartes teenoor die blanke burgerlike bevolking. Hierdie optrede dien vir hulle as regverdiging vir die Boere se optrede teenoor die swartes.[214] CCJ Badenhorst, assistent-hoofkommandant van die Westelike Afdeling van die Vrystaat, regverdig byvoorbeeld die doodskiet van 'n swart burgerlike in die Bultfonteindistrik, want "den kaffers hebben ons den heelen oorlog reeds soveel nadeel gedoen".[215] PHS van Zyl en MH Grobler vertel ongeverifieerd van 'n bende gewapende swartes wat onder leiding van Klaas in die berge naby Bethlehem geskuil het. Na die moord op twee burgers het die Boere onder kmdt. Michael Prinsloo die bende "uitgeroei". Twaalf bendelede is doodgeskiet, twee het ontvlug en 43 is gevange geneem. Die volwasse lede van die bende is ter dood veroordeel en "dadelik doodgeskiet", terwyl 25 minderjariges elk 25 houe met 'n stiegriem ontvang het en huis toe gestuur is.[216] Terwyl Van Zyl nie meld of die Boere gepoog het om die "bendelede" se skuld vas te stel deur 'n verhoor nie, sê Grobler dat die volwassens deur 'n krygsraad verhoor is.[217] Hierdie optrede word deur die skrywers geregverdig, want die plaasvrouens en kinders was alleen en weerloos.[218] Die marteling van swartes ter verkryging van inligting was ook 'n aanvaarbare praktyk.[219] Dieselfde kan gesê word van

---

212 *Ibid.*, p. 163. *Vide ibid.*, pp. 150; 168 vir Wilson se kritiek teen die gebruik van "expanding bullets". Hy postuleer dat dié koeëls "wounds ... of a horrible nature" tot gevolg gehad het.

213 Jackson, *A soldier's diary South Africa 1899-1901*, p. 285.

214 *Vide* ook par 5.4.2.

215 CCJ Badenhorst, *Uit den Boeren-oorlog, 1899-1902. Ervaringen en aanteekeningen*, p. 62. Badenhorst se manskappe het gepoog om inligting oor Britse troepebewegings by twee swartes te verkry. Dié swartes vlug. Die een word doodgeskiet; die ander een ontvlug.

216 Van Zyl, *Die helde-album*, p. 195.

217 *Vide* MH Grobler, *Met die Vrystaters onder die wapen. Generaal Prinsloo en die Bethlehem-Kommando*, pp. 68-69.

218 Grobler, *Met die Vrystaters onder die wapen. Generaal Prinsloo en die Bethlehem-Kommando*, pp. 69-72; Van Zyl, *Die helde-album*, p. 195.

219 Raal, *Met die Boere in die veld*, p. 77. 'n Groepie Engelse en vyf swartes is deur komdt. Niewwoudt se magte gevange geneem. Slegs die swartes is gemartel in 'n poging om uit te vind wie een van die Boeresoldate, Japie, doodgeskiet het.

die teregstelling, sonder verhoor, van vermeende (swart) Boeremoordenaars.[220] Ploeger regverdig die teregstelling van gewapende swartes[221] en reken dat daar tydens die oorlog

> *te min nadruk gelê [is] op die beginsel van selfbehoud en die opvatting van die regerings en burgers van die Boererepublieke dat die militêre botsing 'n stryd tussen die gewapende Blankes was.*[222]

Rabie slaag weer eens daarin om 'n genuanseerde beeld van die optrede van die Boeremagte teenoor die swartes te verskaf. In sy beskywing van die dood van 'n swart perderuiter in die Bethlehemdistrik deur De Wet se manskappe, haal hy uit De Wet se herinneringswerk aan ter regverdiging van die daad, naamlik vrees dat die swarte hul teenwoordigheid aan die Britte bekend sou maak.[223] As antwoord op dié regverdiging haal Rabie redelik volledig uit Amery se kritiek op die "audacious" daad aan.[224] Hoewel hy hom nie uitspreek oor die meriete van De Wet se regverdiging of Amery se kritiek nie, gee hy die pro-Boere en pro-Britse uitsprake oor die gebeure weer.

Pretorius neem wel standpunt in oor die teregstelling van swartes deur die Boere. Hy wys daarop dat gewapende en ongewapende swartes in die Vrystaat gereeld sonder verhoor deur die Boere tereggestel is.[225] Hy reken dat

> *die Boereteregstellings sonder verhoor van sowel gewapende as ongewapende gekleurdes op geen wyse moreel en wetlik geregverdig was nie.*[226]

Voorts wys hy daarop dat dit moeilik is om vas te stel of die Boereteregstellings na 'n verhoor juridies geregverdig was.[227] Hoewel Pretorius dit nie pertinent uitspel nie, kan uit sy argumentasie afgelei word dat hy nie die teregstellings goedkeur nie.

---

220 Raal, *Met die Boere in die veld*, p. 77. Onder marteling is een swarte as Japie se moordenaar uitgewys. Hoewel Raal nie meld of die swartes verder gemartel is nie, word dit geïmpliseer: "Die ander Kaffer het toe later ook erken dat dit hy was."

221 Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel II, pp. 18:28-18:30 verwys na De Wet se teregstelling van swartes.

222 *Ibid.*, deel II, p. 18:5.

223 Rabie, *Generaal C.R. de Wet se krygsleiding by Sannaspos en Groenkop*, p. 41. (*Vide* De Wet, *Three Years War (October 1899-June 1902)*, pp. 343-344).

224 Rabie, *Generaal C.R. de Wet se krygsleiding by Sannaspos en Groenkop*, p. 41. (*Vide* Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol VI, p. 437).

225 Pretorius, *Kommandolewe*, pp. 294-295; 296 wys daarop dat lt.-genl. Leslie Rundle reeds in September 1900 berig het dat die Boere in die Vrystaat swartes teregstel. Kmdt. SF Haasbroek van die Winburgkommando het "gereeld elke week" 'n paar gewapende swartes doodgeskiet. In opdrag van CC Froneman, het die burgers in die Oos-Vrystaat nie net die gewapende swartes nie, maar ook die ongewapende wat vrouens gemolesteer het, doodgeskiet. In Pretorius, *Die Angloboereoorlog 1899-1902*, pp. 78-80 word nie verwys na die teregstelling van swartes deur Boeremagte nie.

226 Pretorius, *Kommandolewe*, p. 297.

227 *Vide ibid.*, p. 297 vir argumente wat 'n vraagteken plaas op die regsgeldigheid van die Boere se regspleging tydens die oorlog.

Pretorius wys nie net op die negatiewe optrede van die Boere nie:

> *oor die algemeen was die gesindheid van die Afrikaner teenoor die swartman voor en tydens die oorlog ... rassisties, meerderwaardig en paternalisties, maar in baie gevalle ook welwillend.*[228]

Die siening dat daar 'n welwillenheidsgevoel tussen die Boere en swartes geheers het, is reeds deur De Wet in sy herinneringswerk en Van Everdingen (1920) geopper. Hulle skep die persepsie dat die Boere menslik teenoor die swartes opgetree het. De Wet verwys na twee geleenthede waartydens swartes wat deur sy manskappe in die Vrystaat gevange geneem is, weer vrygelaat is. By beide geleenthede het die swartes gesê dat hulle spoorwegwerkers en wadrywers was.[229] De Wet betwyfel die geldigheid van die swartes se aanspraak op onbetrokkenheid by die Britse oorlogspoging en beklemtoon die Boere se sin vir reg en geregtigheid: "[T]he burghers ... acted upon the principle that it is better to let ten culprits escape than to condem an innocent man to death."[230]

Terwyl die Boere volgens Van Everdingen menslik teenoor die swartes opgetree het,[231] het die "schuim" in die Britse magte die swart vrouens van Bloemfontein "allerschandelijkst" behandel.[232] Dié sterk bewoorde aanval deur die Nederlander spruit uit sy afkeur vir die Britte.

Uit die historiografiese analise van die optrede van die Boeremagte teenoor die swartes in die Vrystaat blyk dit dat tydgenootlike Britse geskiedskrywers en deelnemers aan die oorlog se kritiek teen die Boere se onmenslike optrede teen die swartes en hulle regverdiging vir die bewapening van die swartes nie gemotiveer is deur hulle empatie met die swartes nie. Die boere se optrede bied eerder aan hierdie skrywers die geleentheid om die Britse oorlogspoging te regverdig. Op hulle beurt vind die pro-Boere geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke regverdiging vir die Boere se optrede - die Afrikaners was in 'n stryd om oorlewing teen Britse imperialisme en die swartes gewikkel.

Daarenteen is Pretorius se bespreking van die verhouding tussen die Boeremagte en die swartes genuanseerd en geverifieerd. Positiewe en negatiewe intervolkere verhoudinge word

---

228 *Ibid.*, pp. 285-286 kom tot dié gevolgtrekking na 'n bespreking van verhoudinge in Transvaal.

229 De Wet, *Three Years War (October 1899-June 1902)*, pp. 148; 230.

230 *Ibid.*, p. 148.

231 Van Everdingen, *De oorlog in Suid-Afrika. Tweede tijdvlak, eerste deel: van Maart-Juli 1900*, p. 313 verwys ook na De Wet se besluit om swart spoorwegwerkers by Kroonstad vry te laat op grond van hul aanspraak dat hulle onbewapen was.

232 Van Everdingen, *De oorlog in Suid-Afrika. Tweede tijdvlak, eerste deel: van Maart-Juli 1900*, p. 37.

uitgewys. Die swartes word deur hom erken as mense in eie reg wie se belange en belewinge in ag geneem moet word én gerapporteer moet word.

Die enigste twee werke wat hulle sieninge uit pro-Boere én pro-Britse publikasies verifieer, Rabie en Pretorius, slaag daarin om genuanseerde uitbeeldings van die optrede van die Boere teenoor die swartes te gee. Ploeger se uitsprake verifieer hy uitsluitlik op pro-Boere bronne, gevolglik reflekteer hy die siening van hierdie skrywers.

### 5.3 Die swartes se lojaliteite

Die siening van Roy Macnab (1975), naamlik dat "the attitude of the black inhabitants of South Africa to the war among the white men was uncertain",[233] word gereflekteer in teenstrydige uitsprake oor die lojaliteit van die swart bevolking.

'n Pro-Britse geskiedskrywer (1954) en skrywers van herinneringswerke is dit eens dat "the Kaffirs hate the Boers and love the English!"[234] Ter ondersteuning van dié siening gee 'n skrywer van 'n herinneringswerk en tydgenootlike Britse geskiedskrywers voorbeelde. Die Britse magte se aankoms in Bloemfontein word as 'n vreugde-oomblik vir die swartes geskets.[235] By Thaba Nchu het die Britte 'n "hearty, not to say exuburant welcome" ontvang.[236] Voorts is die Britse oorwinnings by Wepener en Ladybrand met luide toejuiging deur die Basoeto begroet.[237] Die swartes was gretig om teen die "hated Boers" op te tree.[238] Die Basoeto het na die Boere se nederlaag by Wepener aangebied om die Boere om die lewe te bring.[239] Tydens die veldslag by Ladybrand moes sir Godfrey Lagden alles in die stryd werp om te voorkom dat die Basoeto vergeldingstappe neem omdat die Boere hulle territoriale integriteit geskend het. Twee Britse soldate het, in 'n poging om die Boere te ontvlug, die Caledonrivier oorgesteek. Die Boere het nie vuur gestaak nie.[240]

Drie geskiedskrywers bied moontlike verklarings vir die swartes se anti-Boere sentimente. Die Boere se barbaarse optrede teenoor die Britse magte tydens die beleg van Jacobsdal, 25

---

233 Roy Macnab, *The French Colonel. Villebois-Mareuil and the Boers 1899-1900*, p. 210. *Vide ibid*, pp. 120-212 vir 'n deeglik geverifieerde bespreking van die rol wat dié Fransman tydens die ABO in die Vrystaat gespeel het.

234 Dorothy Menpes, *War impressions*, p. 63. Die oorlogsherinneringe van die skilder Mortimer Menpes is deur sy dogter Dorothy getranskribeer. Intelligence Division, War Office, *Military notes on the Dutch Republics of South Africa*, p. 43; CS Goldmann, *With General French and the Cavalry in South Africa*, p. 166; James, *Lord Roberts*, p. 277 deel hierdie siening.

235 Menpes, *War impressions*, p. 64.

236 *Cassell's History of the Boer War 1899-1902*, vol II, p. 200.

237 *Ibid.*, vol I, p. 914; *Ibid.*, vol II, pp. 499-500; Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol IV, p. 61.

238 *Cassell's History of the Boer War 1899-1902*, vol II, p. 502.

239 *Ibid.*, vol II, p. 19.

240 *Ibid.*, vol II, pp. 501-502.

Oktober 1900,[241] het die swartes tot die besef gebring dat hulle ter wille van oorlewing aangewese was op Britse beskerming.[242] Die swartes se pro-Britse sentimente moet as reaksie teen jarelange blanke oorheersing gesien word.[243]

Terwyl voorafgaande verklarings deur lojale Britse geskiedskrywers Brittanje voorstel as die beskermer van die inheemse bevolkings, is resente neo-liberale geskiedskrywers bevraagtekenend oor die Britte se erns om na die belange van die swartes om te sien. Volgens Pampallis het die meeste swartes, in besonder die geskooldes, Brittanje tydens die oorlog gesteun, want Britse oorlogspropaganda het die Boere se behandeling van swartes gekritiseer en daarop aanspraak gemaak dat Brittanje vir die swartes se bevryding uit "Boer slavery" veg.[244] Terwyl Pampallis nie uitspel of Brittanje sy oorlogspropaganda gestand gedoen het, skryf Pakenham dat die onderdrukkende maatreëls van die Boererepubliek na die Britse besetting van Bloemfontein voortgeduur het:

> *The new regime will continue the 'civilizing' work of the old. All Africans must wear passes. Twenty-seven African 'boys' were found without passes after nine o'clock and were each given five lashes by the Boers' Native Police, who were complimented by the British for 'their good work'.*[245]

Terwyl die pro-Britse geskiedskrywers die swartes se pro-Britse sentimente op die voorgrond stel en die neo-liberale geskiedskrywers op die futiliteit van dié lojaliteite sinspeel, glo van die pro-Boere geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke weer dat die swartes lojaal aan die Boeremagte was.[246] Eric Rosenthal skryf in 1968:

> *[I]t was a tribute to the wisdom of the old Republican Government that at this grim hour the one-time black enemies of the Orange Free State were among its most faithful friends.*[247]

---

241 Wilson, *After Pretoria: The Guerilla War*, p. 166 beweer dat die Boere 26 Engelse soos honde doodgeskiet het. Hy postuleer: "The enemy behaved very savagely, firing out of sheer devilry at the dead bodies of the British, until they had eighteen of twenty bullets in some of the corpses."

242 *Ibid.*, p. 166. Wilson se beoordeling van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat word beïnvloed deur sy Britse patriotisme. Hy regverdig Britse optrede deurgaans. *Vide ibid.*, pp. 496-528 vir 'n regverdiging vir die daarstelling van konsentrasiekampe, asook positiewe illustrasies, foto's en beskrwyings van die lewe in dié kampe. Hy wys byvoorbeeld op die "tender treatment of Boer prisoners".

243 James, *Lord Roberts*, p. 277.

244 Pampallis, *The foundations of the New South Africa*, p. 46.

245 Pakenham, *The Boer War*, p. 376 baseer die gegewens op 'n berig in *The Friend.*

246 *Vide* par 5.1.2.

247 Rosenthal, *General De Wet. A Biography*, p. 83, verwys na die Basoeto.

Ter ondersteuning van sy siening dat die swarte burgerlikes die Boere goedgesind was, skryf Van Everdingen dat die swartes die Boeremagte in die Wepenerdistrik met die "gastvrijheid en hulpvaardigheid" oorval het.[248]

Uit die historiografiese analise word die teenstrydige sieninge van geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke duidelik. Volgens die pro-Britse geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke was die swartes lojaal teenoor die Britte. Maar diegene lojaal aan die Boere reken weer dat die swartes se lojaliteit het by die Boere gelê het. En beide groepe geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke voer bewyse aan ter ondersteuning van hulle onderskeie sieninge. Tog poog nóg die pro-Britse nóg die pro-Boere geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke om vas te stel waar die swartes se lojaliteite werklik gelê het. Ongeverifieerd of op sterkte van blanke bronne, of in die geval van skrywers van herinneringswerke op grond van hulle eie persepsies en/of waarnemings word die swartes se lojaliteite arbitrêr bepaal.

Resente navorsing deur neo-liberale geskiedskrywers dui daarop dat die swartes pro-Brits was. Dit was volgens van hierdie geskiedskrywers 'n misplaasde lojaliteit, want die ABO het geen verandering aan die posisie van die swartes gebring nie - Boere (blanke) oorheersing is bloot vervang deur Britse (blanke) oorheersing.

## 5.4 Die verhouding tussen die swartes en die burgerlike bevolking

### 5.4.1 Die verhouding tussen die swartes en die buitelandse burgerlikes

Van die buitelandse burgerlikes wat die Vrystaat besoek het ten tye van die ABO skryf onder andere oor die swartes wat hulle op hulle reise teëgekom het, asook hulle persoonlike swart drywers, touleiers, bediendes en gidse.

JFH Erskine, die vyfde graaf van Rosslyn en oorlogskorrespondent van die *Daily Mail*, skryf dat die swartes altyd hulpvaardig was en hom gewaarsku het as daar Boere in die omgewing was. Sy swart gids was bekwaam en het hom tydens sy omswerwinge in die Vrystaat veilig gelei.[249]

Die agtjarige drywer wat die skilder Mortimer Menpes tydens sy reise deur die Vrystaat vergesel het, word positief uitgebeeld:

> *We were at the mercy of our little Kaffir driver, aged eight; and none of us dared to speak to him, lest he should become demoralised and direct our*

---

248 Van Everdingen, *De oorlog in Suid-Afrika. Tweede tijdvlak, eerste deel: van Maart-Juli 1900*, p. 54.

249 JFH Erskine, *Twice captured*, pp. 215; 221; 223; 226; 257.

*horses straight into the Boer lines. He seemed to drive very confidently, and we all hung our hopes on his powers.*[250]

Die hoop het nie beskaam nie; hulle is veilig deur die vyandelike linies gelei.[251] Nie alle swart drywers was so bekwaam nie. Van die swartes wat die Menpes-geselskap vergesel het, het 'n vat rum in die hande gekry. Die gevolg was dat "scores of Kaffirs lay before the fires like sodden logs".[252]

Graaf A Sternberg, Duitse militêre historikus en ervare soldaat,[253] kon sonder enige vrese tydens sy verblyf in die Vrystaat die swartes om inligting nader.[254] Joseph, sy handlanger, was 'n "treasure" wat alles in sy vermoë gedoen het om die Duitser se verblyf so aangenaam as moontlik te maak.[255]

Die Russiese verpleegsuster Sophia Izedinova skenk in haar herinneringswerk uitvoerig aandag aan haar ervaringe in Bloemfontein en Kroonstad gedurende die ABO.[256] Tussen Izedinova en Jim, haar Zoeloebediende by die Kroonstadhospitaal, het 'n goeie verstandhouding geheers. Volgens haar het sy hom regverdige en menslike behandel en Jim het alles in sy vermoë gedoen om haar werklas te verlig.[257]

Hoewel paternalistiese ondertone te bespeur is, is die buitelandse besoekers wie se uitsprake oor hulle verhoudinge met Vrystaatse swartes in oënskou geneem is, oor die algemeen positief teenoor die swartes ingestel.

### 5.4.2 Die optrede van die swartes teen Vrystaatse burgerlikes

Van die geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke huldig die siening dat die Vrystaatse swartes die oorlogsituasie uitgebuit het deur hulle skuldig te maak aan wandade teen die blanke burgerlikes.

In drie pro-Britse herinneringswerke word gewag gemaak van diefstalle deur swartes. Op die verlate pad tussen Bloemfontein en Kimberley het FT Stevens 'n paar beeste gesien "and

---

250 Menpes, *War impressions*, p. 28. *Vide ibid.*, pp. 23-31; 52-87; 121-87; 121-124; 127-131; 139-157; 172-182; 198-223 vir transkripsies oor Mortimer Menpes se waarnemings in die Vrystaat.

251 Menpes, *War impressions*, pp. 29-31.

252 *Ibid.*, p. 53.

253 GFR Henderson, Introduction, in A Sternberg, *My experiences of the Boer War*, pp. v; xli. *Vide ibid*, pp. 85-118 vir 'n beskrywing van die outeur se ervaringe in die Vrystaat.

254 Sternberg, *My experiences of the Boer War*, p. 102.

255 *Ibid.*, p. 117.

256 Sophia Izedinova, *A few months with the Boers*, pp. 61-133. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel I, p. 8:29 beskryf Izedinova positief as "'n vreemdeling [wat] die verloop van die oorlog op 'n skerpsinnige wyse gevolg het".

257 Izedinova, *A few months with the Boers*, pp. 89-90.

not even a black nigger to loot them".[258] Stevens se standpunt dat die neiging om te steel 'n inherente karaktertrek van swartes is, word deur Ralph gedeel. Hy verwys na swartes wat na die besetting van Bloemfontein die Britse barakke besteel het.[259] Die diefstal en plundery van 'n Engelsman van Meyerskop, Passmore, se winkel lê LE du Moulin, sonder enige stawende bewyse voor die deur van swartes.[260]

Terwyl die pro-Britse skrywers van herinneringswerke slegs op diefstalle konsentreer, lys van die pro-Boere geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke verskeie wandade:

- Vrystaatse Boerewonings is geplunder en besteel.[261] Ploeger slaag daarin om 'n gebalanseerde uitbeelding te gee deur daarop te wys dat die praktyk nie net tot swartes beperk was nie: "Blanke 'roofpartijen' [het] die oorlogsterrein verlaat met die klaarblyklike doel om algehele verwoesting aan te rig."[262]

- Die swartes wat deur die Britte bewapen is, het brutaal teenoor die Boervrouens opgetree.[263] Izak JC de Wet verhaal kortliks hoe Vrystaatse vrouens en kinders die veld in gevlug het om gevangeneming deur die "wreedaards" te ontkom.[264] Hulle was nie altyd suksesvol nie. Emosioneel wend De Wet hom tot die leser:

  *Ek vra jou, leser, stel jouself in die plek van die hulpelose vrou en groot - selfs 10 tot 12 jaar oue dogters - wat daar tussen bosse of in rivierwalle deur die helse bendes ontdek word, heidens by wie geen genade was nie. Die behandeling, of liewer die mishandeling was so ontsettend, skrikwekkend en oneerbaar, dat ek dit nie hier kan of wil beskryf nie.*[265]

- Die rol wat die swartes in die Britte se besluit om Boerewonings te vernietig en die vrouens en kinders na die kampe te begelei,[266] kan nie los van voorafgaande aanklagte gelees word nie. Gerugsteun deur voorbeelde uit die Vrystaat,[267] betreur De Wet dit dat vrouens "in die hande van die vyand, of nog erger, in die wrede,

---

258 Stevens, *Complete History of the South African War, in 1899-1902*, p. 112.
259 Ralph, *At Pretoria*, p. 142.
260 Du Moulin, *Two years on trek*, pp. 124-125.
261 Pohl, *Adventures of a Boer Family*, pp. 64; 96; 101; 178; Unger, *With "Bobs" and Krüger*, p. 119 (die Amerikaanse vryskutjoernalis het in die Suid-Vrystaat by 'n De Villiersgesin tuisgegaan); John Fisher, *That Miss Hobhouse*, p. 125 verwys na swartes wat in die Winburgdistrik mev. Sue Nicholson se linne gesteel het; Venter, *Murasies. Herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 138-139 verwys na gebeure in die Lindley-, Bethlehem-, Ficksburg- en Senekaldistrikte; JC Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 46 visualiseer sy beskuldiging met 'n foto van die "Winburgse Kafferkommando" (*ibid*, teenoor p. 40).
262 Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel IV, p. 27:6.
263 JH Breytenbach, *Die betekenis van die Tweede Vry-heidsoorlog*, p. 24; Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 46 en Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel IV, p. 27:6. *Vide* ook par 5.1.3.2.
264 De Wet, *Met genl. De Wet op kommando*, p. 88.
265 *Ibid.*
266 Venter, *Murasies. Herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 138-139.
267 De Wet, *Met genl. De Wet op kommando*, pp. 88-93.

onbarmhartige kloue van kaffers (wat vir die doel gebruik is) en dikwels onder aanvoering van heidens met wit velle" geval het en na "moordkampe" gevoer is.[268]

- Van die plaasarbeiders het gedros.[269]
- Die landdros van Brandfort se huis is besteel.[270]
- Die swartes het hulle skuldig gemaak aan verskeie moorde.[271] As gevolg van die optrede deur "band[s] of lawless natives" het 'n toestand van wetteloosheid geheers.[272]

Hoewel Spies en Warwick vanuit 'n neo-liberale verwysingsraamwerk empatie met die swartes tydens die oorlog het, is 'n uitstaande kenmerk van hulle publikasies die genuanseerde toonaard. Hull stel gevolglik ook die negatiewe optrede van swartes aan die kaak. Spies beweer dat swart weerstand teen die Boere onder andere gelei het tot die vergiftiging van drinkwater, die verminking van vee en die vorming van gewapende bendes wat buite die gesag van die Britse magte opgetree het.[273] Gerugsteun deur getuienis wat Lloyd George in die Britse Laerhuis gelewer het, wys Warwick daarop dat die swartes sedert 1900 vir eie gewin die Vrystaters en Transvalers se besittings en vee geplunder en gebuit het.[274]

In 'n 1991-publikasie bevraagteken Brian Roberts die egtheid van beskuldigings deur pro-Boere geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke dat die swartes ongenaakbaar teenoor die blankes opgetree het:

> *Some of the worst atrocities attributed to the Africans are now known to be the direct result of attacks made upon them. The predictions of a wholesale rising by the black population, which were used to excuse some of the Boer depredations, were proven false.*[275]

Sonder die verskaffing van enige voorbeelde/bewyse ter ondersteuning van dié siening, regverdig Roberts die swartes se optrede. Daarteenoor vind hy geen regverdiging vir die Boere s'n nie.

Van die pro-Boere geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke het nie net die negatiewe aspekte van blank-swart-verhoudinge uitgelig nie. Die Basoeto was die Vrystaters

---

268 *Ibid.*, p. 88.
269 Unger, *With "Bobs" and Krüger*, p. 119.
270 *Ibid.*, p. 265. Die landdros het uit die dorp gevlug met die koms van die Britte.
271 Pohl, *Adventures of a Boer Family*, pp. 64; 96; 101; 178.
272 *Ibid.*, p. 178.
273 Spies, *British supremacy*, p. 19.
274 Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, p. 138.
275 Brian Roberts, *Those bloody women. Three heroines of the Boer War*, p. 208.

se "most faithful friends", want die swart plaasarbeiders het ten spyte van die afwesigheid van die boere, getrou voortgegaan met die uitvoering van hulle pligte.[276] Die verhouding tussen genl. De Wet en sy plaasarbeiders se kinders word as gemoedelik geskets.[277] Verloren van Themaat, wat tydens die oorlog tydelik skuiling in die Oos-Vrystaat gevind het, beskryf die blank-swart-verhoudinge aldaar besonder positief:

> *De Basoetos weten immers zeer goed, dat op den duur de boer, die hier wonen blijft, meester van het land zal zijn. Deze welwillende houding van de Basoetos is voor ons van zeer groot voordeel; ... [men] woont ... hier sinds den tijd, dat de boeren teruggekeerd zijn, geheel veilig, zelfs vlak bij de rivier. Waren de kaffers ons vijandig, dan zouden we onze korenschuur, onze hechtste sterkte en veiligste wijksplaats moeten verlaten.*[278]

'n Britse soldaat beskryf die menslike optrede van swartes teenoor 'n blanke vrou. Op 12 Oktober 1901 het die Royal Sussex regiment 'n plaas in die Reddersburgdistrik aangedoen om die vrouens en kinders van die plaas af te verwyder. 'n Geestesversteurde vrou wat in 'n stal gewoon het omdat sy geweier het om klere aan te trek, is deur 'n groep swart vrouens geklee omdat die huismense geweier het om die Britse soldate behulpsaam te wees en haar te klee.[279] Dié swart vrouens het empatie met dié vrou getoon én die Britte te hulp gesnel in 'n netelige situasie.

Vervolgens sal gelet word na pro-Boere herinneringswerke en dagboeke waarin genuanseerde uitbeeldings van blank-swart-verhoudinge gegee word. Hierdie skrywers wys op positiewe en negatiewe aspekte van blank-swart-verhoudinge.

Anna Barry vertel die verhaal van 'n Ficksburgse gesin ten tye van die ABO. Haar dagboekinskrywings weerspieël die goeie verhouding tussen die gesin en die plaaslike swart bevolking. Nadat die Barry's se beeste gesteel is, het die swartes hulle van melk voorsien;[280] van die swartes het Barry se moeder op 'n besoek aan haar vader vergesel[281] en 'n swart vrou het briewe van haar vader wat aan die gevegsfront was, aan die gesin besorg.[282] Barry wys nie net op die positiewe nie. Die Ficksburgers was "besonder bevrees dat die Basoeto's op hulle plase 'n aanval sou maak"[283] en verwys na "al die vrouens ... wat so alleen, onbeskermd en sonder enige wapens op die grens van Basoetoland aan gruweldade blootgestel is".[284]

---

276 Rosenthal, *General De Wet. A Biography*, p. 83.
277 Klinck-Lütetsburg, *Christiaan de Wet. De Held van Zuid-Afrika*, p. 145.
278 Verloren van Themaat, *Twee jaren in den Boerenoorlog*, p. 312.
279 Du Moulin, *Two years on trek*, p. 280.
280 Anna Barry, *Ons Japie. Dagboek gehou gedurende die Driejarige oorlog*, p. 14.
281 Barry, *Ons Japie*, p. 15.
282 *Ibid.*, p. 53.
283 *Ibid.*, p. 10.
284 *Ibid.*, p. 33.

Uitsprake in Johanna van Helsdingen se outobiografiese werk stem grootliks ooreen met dié van Barry.[285] Die Van Helsdingengesin, wat in die Reitzdistrik woonagtig was, is gereeld deur hulle arbeiders gewaarsku as daar 'n Engelse troepemag op pad was,[286] die arbeiders was "zeer getrouw" en het die Engelse op 'n dwaalspoor gebring as dié sou uitvra na die teenwoordigheid van Boeresoldate[287] en hulle het, ten spyte van die oorlog, getrou hul plaasarbeid verrig.[288]

Van Helsdingen tref 'n onderskeid tussen drie groepe swartes, naamlik die "schlegte Kaffers" wat as Britse spioene opgetree het, die swartes wat bereid was om inligting aan die swart spioene te verskaf en "niet getrou gebleven" het aan hulle blanke werkgewers nie en laastens diegene wat "zeer gehecht waren aan ons".[289]

In JD Kestell se oorlogsherinneringe word positiewe en negatiewe blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat uitgewys.[290] Sy verwysing dat die swartes die blanke vrouens gehelp het om die lande te bewerk terwyl die mans aan die oorlogsfront was, is nie 'n erkenning van die lojaliteit van die swart plaasarbeiders nie, dit is bloot 'n toevallige gegewe in sy lofprysing aan die Boervrouens: "What noble women are the wives of the Boers!"[291]

Kestell tref 'n vergelyking tussen die Vrystaat-Basoeto-oorloë én die oorlog tussen die Boererepublieke en Brittanje. Hy konkludeer dat die Basoeto die blankes se vee gesteel, hulle huise afgebrand en van die mans gedood het,

> *but they left our women and children unmolested. It was reserved for the British Empire, at the height of its power, its civilisation, and its enlightenment to make war on women and children.*[292]

---

285 Johanna van Helsdingen, *Vrouwenleed. Persoonlijke ondervindingen in den Boerenoorlog*, pp. 10-35 handel oor die gesin se ervaringe op die plaas in die Reitzdistrik; pp. 56-77 oor die trek na die konsentrasiekamp te Howick en pp. 78-112 oor die lewe in dié kamp.

286 *Ibid.*, pp. 38-39.

287 *Ibid.*, p. 40.

288 *Ibid.*, pp. 36; 43.

289 *Ibid.*, p. 41. Raal, *Met die Boere in die veld*, pp. 16-20 tref 'n soortgelyke onderskeid.

290 JD Kestell, *Through shot and flame*, p. 4. Kestell het as predikant van die NG kerk die Harrismith-kommando vergesel - hy het nooit 'n wapen gedra nie. Hy stel dit onomwonde dat dié boek nie 'n geskiedenis van die oorlog is nie, maar persoonlike herinneringe. Die Kestellbiografie deur PJ Nienaber, *Dr. J.D. Kestell. Vader van die Reddingsdaad* verwys glad nie na blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat tydens die oorlog nie (cf *ibid.*, pp. 53-58). In MCE van Schoor, *Johan Daniël Kestell 1854-1941. Outobiografies beskryf* is daar slegs 'n enkele verwysing na swartes met betrekking tot die oorlogtydse verhoudinge (cf *ibid.*, pp. 86-121).

291 Kestell, *Through shot and flame*, p. 67. Van Schoor, *Johan Daniël Kestell 1854-1941. Outobiografies beskryf*, p. 86 herhaal dié lofprysing aan die vrouens, maar die hulp deur swartes verleen, ontbreek.

292 Kestell, *Through shot and flame*, p. 178.

Die Basoeto het dus 'n "meer beskaafde" oorlog as die Britte gevoer. In Kestell se vertelling van die versorging van die sewentig-/tagtigerjarige Hendrik Barnard deur sy swart bediende word die vergelyking tussen die swartes en die Britte verder gevoer. Teenoor dié swarte se medemenslikheid stel hy die Britte: "England spared neither women nor children nor old men tottering on the brink of the grave!"[293]

Dié positiewe beeld van die swartes word gedeeltelik opgehef deur verwysings na swartes se strooptogte op plase wat slegs deur vrouens bewoon is.[294] Tog beeld hy die Barolong deurlopend positief en vredeliewend uit. Nóg die Boeresoldate nóg die vrouens het ooit enigiets te vrese gehad van hulle.[295]

Kestell beweer dat die Britte se negatiewe invloed daartoe gelei het dat die swartes ("savages") 'n bedreiging vir die vrouens op die plase geword het.[296] Die swartes wat Britse soldate tydens besoeke aan Boerewonings vergesel het, het 'n dreigende houding ingeneem en die vrouens familiêr aangespreek.[297]

In die Kroonstaddistrik het Kestell aan 'n swarte wat ter dood veroordeel is, doodsbegeleiding verskaf. Hoewel hy die misdaad - die verkragting van 'n blanke dogter - veroordeel, toon hy empatie vir die man:

> *I could only regard him in his last hour as a fellow-man. All sense of condemnation was effaced, only pity remained - pity for his total helplessness.*[298]

In Kestell se simpatieke beskrywing van die man se sterwensuur en sy persoonlike belewenis en hantering van die situasie, het nie rassevooroordeel nie, maar medemenslikheid die deurslaggewende rol gespeel.

'n Herinneringswerk wat die direkte teenpool van voorafgaande genuanseerde memoires en dagboeke vorm, sal vervolgens aan die orde gestel word. Hendrina Rabie-van der Merwe se oorlogsherinneringe is deurspek met emosionele, subjektiewe en rassistiese uitsprake. Uit die bespreking van slegs enkele van haar uitsprake sal Rabie-van der Merwe se onverdraagsaamheid en bitterheid teenoor swartes duidelik blyk.[299]

---

293 *Ibid.*, p. 260. In die Harrismithdistrik het die swarte Hendrik Barnard vir twee dae in die veld versorg. Hy het sy eie lewe gewaag om lewensmiddele by naburige plase te gaan haal.
294 *Vide ibid.*, pp. 73; 293.
295 *Ibid.*, p. 146.
296 *Ibid.*, p. 248.
297 *Ibid.*, p. 293.
298 *Ibid.*, p. 107.
299 *Vide* Hendrina Rabie-van der Merwe, *Onthou! In die skadu van die galg*, pp. 80-83; 93; 253-254 vir uitsprake wat nie bespreek is nie.

Tydens die Britse beleg van Jacobsdal is 'n jong swarte, geklee in polisiedrag, voor haar doodgeskiet. Sy versoek 'n seun van ongeveer sewe om vir haar "die knopie van daardie Kaffer se pet af [te haal]. Ek wil dit hou vir 'n aandenking."300 Nog 'n swart konstabel word voor haar geskiet: "Hy kry 'n skoot en val in die straat neer, waar hy lê en brul en roep om hulp."[301] Rooms Katolieke nonne snel die swarte te hulp, maar sy staan "alles versuf en aankyk. Dit is duidelik genoeg dat hy nie weer sal opstaan nie."[302] Haar optrede teenoor die gestorwe en sterwende swartes dui op die miskenning van swartes se menswaardigheid en 'n algehele gebrek aan medemenslikheid.[303]

In haar beskrywing van haar verblyf in die Bethulietronk[304] maak Rabie-van der Merwe verskeie uitsprake oor haar swart medegevangenes en die toestande aldaar.

> *Dit moet verstaan word dat Bethulie se tronk nie bedoel was vir witmense nie, maar wel vir Kaffers, en dat die ruimte baie beperk was.*[305]

Blankes is dus geregtig op beter geriewe as swartes. Voorts was die swartes "net so luidrugtig as wat Kaffers maar altyd is."[306] Swartes word negatief uitgebeeld:

> *[Die swartes] het met die grootste genot vir die ander bandiete vertel van die skermutselinge, spioentogte, brandstigtings en ander gruweldade wat hulle op boereplase aangerig het.*[307]

Die swartes het dus onmenslik opgetree én genot daaruit geput. Sy verwys neerhalend en rassisties na haar medegevangenes as "swarte taters".[308] Haar rassevooroordeel bereik 'n hoogtepunt as sy haar tot die leser wend: "Dink net daaraan, onder een dak met 'n klomp luidrugtige, stinkende, smerige, snorkende Kaffers!"[309] Emosioneel, gevul met selfbejammering, skryf sy: "Ek wil maar liewer dood wees en verlos uit al my sieleleed en liggaamsmarte."[310] Rabie-van der Merwe is later oorgeplaas na die Bloemfontein-tronk.

---

300 *Ibid.*, pp. 118-119.
301 *Ibid.*, p. 123.
302 *Ibid.*, p. 124.
303 In *ibid.*, pp. 125-126 word empatie met 'n sterwende Skot getoon: "Hulle was wel ons vyande, maar het tog ook moeders, vrouens of susters wat bittere trane sal stort by die ontvangs van hul doodstyding."
304 *Ibid.*, pp. 184-219. Rabie-van der Merwe het uit die Port Elizabeth-konsentrasiekamp ontsnap. Nadat sy gevange geneem is, is sy in die Bethulietronk geplaas.
305 *Ibid.*, p. 237.
306 *Ibid.*, p. 240.
307 *Ibid.*
308 *Ibid.*
309 *Ibid.*, p. 243.
310 *Ibid.* Ter versagting van dié oordeel moet gemeld word dat die skrywer op dié stadium ernstig siek was, sy het by tye haar bewussyn verloor en was nie meer in staat om tussen dag en nag te onderskei nie (cf *ibid.*, pp. 242-244.

Dié tronk was volgens haar "vervuil met kafferluise".[311] Die absurditeit om luise rasgebonde te maak, dui op die skrywer se diepgewortelde rassisme.

In 'n publikasie wat ten doel het om "'n beeld van die Afrikaner in oorlogtyd" weer te gee,[312] is verskeie uittreksels uit Rabie-van der Merwe se werk.[313] Indien hieruit afgelei moet word dat Rabie-van der Merwe 'n tipiese oorlogtydse Afrikanervrou was, het rassisme hoogty gevier ten tye van die ABO. Die tydsgees waarin die boek gepubliseer is (1940), het waarskynlik 'n bepalende rol in haar rassistiese en anti-Britse uitsprake gespeel. Die simboliese Ossewatrek was agter die rug. Die Afrikaners het met verwagting daarna uitgesien om hulleself van Engelse oorheersing te bevry en aan hul eie rasse-ideologie gestalte te gee.

Samevattend kan daarop gewys word dat pro-Britse en pro-Boere geskied- en dagboekskrywers, en skrywers van herinneringswerke asook neo-liberale geskiedskrywers dit eens is dat die blanke burgerlikes as gevolg van die swartes se wandade gely het. Maar terwyl pro-Britse geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke, asook neo-liberale geskiedskrywers die wandade saaklik rapporteer, gebruik diegene wat lojaal teenoor die Boere staan die swartes se optrede as vertrekpunt vir aanvalle teen Britse imperialisme en die swartes. Die Britte word tot groot hoogtes verantwoodelik gehou vir die swartes se wandade. Tog reflekteer uitsprake deur sommige pro-Boere geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke dat nie alle swartes hulle aan wandade skuldig gemaak nie. Van die swartes was steeds lojaal teenoor hulle werkgewers.

## 5.5 Die lyding van die swart burgerlikes as gevolg van die oorlog

Die ABO het 'n invloed op alle inwoners van Suid-Afrika gehad, tog spreek slegs enkele geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke spesifiek hulle uit oor die invloed van die oorlog op die swart burgerlikes in die Vrystaat.

Reeds in 1901 skryf HFP Battersby na aanleiding van 'n swarte wat by Oshoek in die kruisvuur beland en gesterf het: "war is ... blind, senseless, indiscriminate".[314] Die siening dat die swartes as gevolg van die oorlog gely en gesterf het, vind weerklank in 'n simpatieke beskrywing deur Hales (1900) van die swartes van die Senekaldistrik wat as gevolg van veldbrande groot verliese gely het:

---

311 *Ibid.*, p. 275.
312 CJ Scheepers Strydom, *Spieëlbeeld oorlog 1899-1902*, p. iii.
313 *Ibid.*, pp. 28; 168-183; 220-306.
314 Battersby, *The web of war*, p. 69.

> *[T]he negro women, with their babes in their arms, wail woefully, for those rude huts, with all their barbarous trappings, meant home - aye, home and happiness - to them.*[315]

Daarenteen beweer Peel (1901) dat die agterlosige gedrag van die swartes een van die belangrikste oorsake van die veldbrande in die Senekaldistrik was:

> *[T]he Kaffirs ... will even light the grass to warm their hands by in the early morning, and then calmly leave it to burn.*[316]

Beak huldig aanvanklik die standpunt dat daar nie 'n onderskeid getref kan word in die omvang van die verliese wat die blankes en swartes in die Vrystaat as gevolg van die oorlog gely het nie:

> *The natives of the Orange River Colony are, generally speaking for people of their class, extremely well-to-do. Under the process of devastation the Kaffir kraal had suffered in an equal degree with the Boer farm, and the losses of the native in kind were frequently as considerable as those of his master.*[317]

Hy verander egter van standpunt en skryf dat

> *from a material point of view the natives suffered considerably from the ravages of war, but not to so large an extent as the whites.*[318]

Oppervlakkig beskou toon die Ierse politikus Micheal Davitt[319] empatie met die swartes. As gevolg van Kitchener se "outlawry decrees ... they had taken away even the Kaffirs' cattle, and destroyed their mealies crops so as to devastate completely the Transvaal and Free State".[320] Dié uitlating deur Davitt moet eerder as 'n aanval teen die Britte optrede in "the most dishonorable and unchristian war that has ever disgrace a civilized age"[321] as simpatie met die swartes gesien word.[322]

---

315 Hales, *Campaign pictures of the war in South Africa (1899-1900)*, p. 62.
316 Peel, *Trooper 8008 IY*, p. 95.
317 Beak, *The aftermath of War*, p. 25.
318 *Ibid.*, p. 160.
319 Michael Davitt het in Oktober 1899 bedank as lid van die Britse Laerhuis uit protes teen Brittanje se oorlogsverklaring. *Vide* Arthur Davey, *The British Pro-Boers 1877-1902*, pp. 73; 132; 134; 136-138; 143.
320 Davitt, *The Boer fight for freedom*, p. 522.
321 *Ibid.*, p. 594.
322 Cf *ibid.*, pp. 168-176 vir 'n bespreking van die optrede van "England's Kaffir allies" in die Transvaal.

J Ramsay MacDonald, lid van die Londense Graafskapsraad, het simpatie met die blanke Vrystaters se lyding as gevolg van die vernietiging van hulle eiendom deur die Britte.[323] Met die hawelose swartes wat in Lindley onder die blote hemel geslaap het óf die swart vrouens wat in verlate pastorieë skuiling gesoek het, toon hy egter geen simpatie.[324] Inteendeel: "Manses had been polluted by being turned into the abodes of the Kaffir women".[325] Dié onsimpatieke houding is 'n refleksie van sy afsydige houding teenoor swartes[326] en 'n tydsgees waarin die swartes nie geag is nie.

In teenstelling met hierdie afsydige houding van twee Britse politici teenoor die lyding van swartes, kry 'n dogter van die plaas *Uitkyk* in die Reddersburgdistrik

> *ook ons plaasvolk ... so jammer, want hulle vee moet hul geduldig prysgee en nou word dit nie alleen weggeneem nie, maar ook hulle kinders word van hul weggevat.*[327]

Meer as sewentig jaar nadat Rensche van der Walt skryf dat daar nie onderskeid getref kan word tussen die lyding van blank en swart as gevolg van die oorlog nie, verskyn Spies se baanbrekerswerk oor die invloed van die oorlog, en in besonder lord Herbert Kitchener en lord Frederick Roberts se oorlogstrategieë, op alle inwoners in Suid-Afrika. Blank en swart se wonings, gesaaides en weiding is vernietig en hulle vee is gekonfiskeer of gedood. Blank en swart is weggevoer na konsentrasiekampe en het gely en gesterwe.[328]

Maar Spies is nie die enigste resente geskiedskrywers wat empatie met die swartes toon nie. Ploeger wys saaklik op die lyding van die Vrystaatse swartes. Die Britte het vier kerkgeboue in Lindley, twee van blankes en twee van swartes, afgebrand.[329] Voorts meld hy dat van die swartes na die uitbreek van die oorlog met hulle daaglikse lewe voortgegaan het "totdat die vyandelike kolonnes begin het om krale af te brand en vee te verwyder".[330] Ploeger se

---

323 *Vide* J Ramsay MacDonald, *What I saw in South Africa, September and October, 1902*, pp. 49-55.

324 MacDonald, *What I saw in South Africa, September and October, 1902*, pp. 51; 53.

325 *Ibid.*, p. 53.

326 *Vide ibid.*, pp. 118-120 vir sy aanbevelings vir residensiële skeiding tussen blank en swart. Swartes moet nie by die blankes se ekonomiese aktiwiteite betrek word nie, want "they are not white men, and the white men's rules of training are not their rules" (*ibid.*, p. 119).

327 Rensche van der Walt, *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, p. 2. Wat met die plaasarbeiders se kinders gebeur, word nie uitgespel nie. *Vide* ook Van Helsdingen, *Vrouwenleed. Persoonlijke ondervindingen in den Boerenoorlog*, p. 41 vir ooreenstemmende uitsprake. Verloren van Themaat, *Twee jaren in den Boerenoorlog*, p. 321 toon empatie met vlugtende swartes in die Harrismith- en Bethlehemdistrikte.

328 *Vide* ook Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, pp 145-159 vir 'n bespreking van swart konsentrasiekampe.

329 Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel V, p. 38:6.

330 *Ibid.*, p. 43.

empatie is ineengestrengel met sy kritiek teen die Britte - die Britte het al die inwoners in die Vrystaat in ellende gedompel.

Spies se redelike omvattende en Ploeger se beperkte uitwysing van die lyding van die swartes moet as korrektief vir die afsydige houding van tydgenootlike geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke gesien word.

## 5.6 Konsentrasiekampe

Geskied- en dagboekskrywers, asook skrywers van herinneringswerke staan nie neutraal teenoor die Britse konsentrasiekampbeleid nie. In onderstaande bespreking sal aandag aan skrywers se erkenning/miskenning van die bestaan van konsentrasiekampe vir blank en/of swart in die Vrystaat, asook hulle persepsies oor die toestande in die kampe vir blankes en swartes geskenk word.

Lord Kitchener kan as die "vader" van die ABO-konsentrasiekampbeleid beskou word. Van die vyf Kitchener-biografieë wat oorsigtelik bestudeer is, bevat twee kriptiese verwysings na die vestiging van vlugtelingkampe vir blanke vrouens en kinders in die Vrystaat,[331] twee wys veralgemenend na die vestiging van sodanige kampe vir blankes in Suid-Afrika,[332] terwyl een biografie die bestaan van sodanige kampe verswyg.[333] Slegs EG Grew meld dat daar ook kampe vir swartes in onder andere in die Vrystaat was.[334]

Nes die Kitchener-biograwe plaas van die ander pro-Britse geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke 'n lae prioriteit op die bespreking van die konsentrasiekampe. Die Britse beleid om (blanke) konsentrasiekampe te vestig word óf geregverdig[335] óf die bestaan van hierdie kampe (blank en swart) in die Vrystaat, trouens in die hele Suid-Afrika, word verswyg.[336]

---

331 EG Grew, *Field-marshal Lord Kitchener. His life and work for the Empire*, vol I, p. 150; George Arthur, *Life of Lord Kitchener*, vol II, pp. 11-13.

332 Ballard, *Kitchener*, pp. 149-150; Hodges, *Lord Kitchener*, pp. 139-145.

333 Cf MacKenzie, *Lord Kitchener. The story of his life and work*, pp. 119-124 vir 'n bespreking van die ABO.

334 Grew, *Field-marshal Lord Kitchener. His life and work for the Empire*, vol I, p. 150.

335 AC Martin, *The concentration camps 1099-1902. Facts, figures and fables*, pp. 1-4; Beak, *The aftermath of War*, p. 22. Napier Devitt, *The concentration camps in South Afric during the Anglo-Boer War of 1899-1902*, pp. 15-19; 59; Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol VI, p. 26; Doyle, *The War in South Africa*, p. 99.

336 Cf Mahan, *The story of the war in South Africa 1899-1900*; Gibbs, *Death of the last Republic. The story of the Anglo-Boer War*, pp. 16; 121; 226-227; 230; 242-245; 260-273; Johnson, *With our soldiers at the front. Or conflict and victory in South Africa*, pp. 130-131; 167-184; 189-190; Halstead, *Trouble between the Boers and Great Britain*, pp. 424-439; 541-543; 582-589; 649-651; 780;782; 805-807; Creswicke, *South Africa and the Transvaal War*, vol IV, pp. 30-79; 95-111; 171-193; vol V, pp. 32-38; 64-68; 70-91; 154-168; vol VI, pp. 37-40; 43-54; 112-115; 126-136; Maurice & Grant (samest), *History of the War in South Africa 1899-1902*, vol VI, pp. 45-59; 93-109; 156-170; 245-268; 316-337; 382-404; 423-434; 475-489;

Uitsprake deur die enkele pro-Britse geskiedskrywers wat die bestaan van swart konsentrasiekampe erken, is uiteenlopend.

Beak en Amery voer aan die begin van die 20ste eeu redes aan vir die onstaan van swart "refugee"-kampe, naamlik die wedersydse beskerming van die blankes en swartes en om te voorkom dat swartes, gedwonge of vrywillig, inligting oor die Britse troepebewegings aan die Boere verskaf.[337] Voorts beweer Beak dat hierdie kampe 'n opvoedkundige doelstelling gehad het, naamlik

> *[to replace] a policy which tended to produce a love of ease and idleness by the provision of luxuries previously unknown to the recipients ... by an honest attempt to inculcate the principal of self-help, and to teach the Kaffir the "dignity of labour".*[338]

Hierdie twee geskiedskrywers skep die persepsie dat die lewensomstandighede in die swart kampe gunstig was. Amery wys byvoorbeeld daarop dat die Britse owerhede besluit het dat dit onwenslik was dat "so large a native population should be fed in idleness".[339] Beak reken dat die swartes in 'n verarmde en sieklike toestand by die Vrystaatse kampe gearriveer het. As gevolg van goeie organisasie, voldoende mediese versorging en 'n gebalanseerde dieet het die swartes se lewenskwaliteit verbeter en sterftes het afgeneem.[340]

Daarteenoor toon AC Martin (1957) en Napier Devitt (1941) aan dat die sterftes in die swart kampe aansienlik hoër as dié in die blanke kampe was.[341] Die eensydige empatie deur pro-Boere geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke vir die blanke vrouens en kinders word deur Devitt veroordeel:

> *While much has been said about the terrible losses in the European camps there has been silence in South Africa over the death of thousands of natives and coloureds in their camps. ... the war was not their war although many thousands suffered as a result of it. ... the innocent blacks suffered as did the innocent whites.*[342]

---

337 Beak, *The aftermath of War*, p. 25; Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol VI, p. 26.

338 Beak, *The aftermath of War*, p. 25.

339 Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol VI, p. 26.

340 *Vide* Beak, *The aftermath of War*, pp. 26-28 vir 'n bespreking van mediese dienste, voedselverskaffing en behuising aan swartes in Vrystaatse kampe.

341 Martin, *The concentration camps 1099-1902. Facts, figures and fables*, p. 34 lys kampe in onder andere die Vrystaat met hoë sterftesyfers gedurende 1901; Devitt, *The concentration camps in South Afric during the Anglo-Boer War of 1899-1902*, p. 20 gee die getalle van swart en blank wat gedurende Junie, Julie en Augustus 1901 in Vrystaatse konsentrasiekampe gesterf het.

342 Devitt, *The concentration camps in South Afric during the Anglo-Boer War of 1899-1902*, p. 21.

Dat Devitt se aanklag gegrond is, sal uit onderstaande bespreking van pro-Boere publikasies blyk.

Emily Hobhouse se boeke is bundels amptelike en privaat korrespondensie asook getuienisse deur tydgenote waarin die "sielesmart" en "liggaamlike foltering"[343] van die blank Afrikaners, in besonder die vrouens en kinders, tydens die ABO op simpatieke wyse uitgebeeld word.[344] In hierdie bundels verwys slegs enkele getuienisse na kontak tussen die gevangenes in Vrystaatse (blanke) konsentrasiekampe en swartes.[345] Hoewel Hobhouse nie die bestaan van konsentrasiekampe vir swartes in die Vrystaat ontken nie,[346] skenk sy weinig aandag daaraan. Sy spreek die versugting uit:

> *I wish someone would come out and take up the question of the Native camps. From odd bits I hear it would seem to be much needed and I dare not spare a moment to look into the matter.*[347]

Uit die omvang van haar reise en werksaamhede in die Vrystaat, soos blyk uit haar briewe en memoires,[348] sou dit waarskynlik vir haar onmoontlik gewees het om ook aan die swart kampe aandag te skenk. Haar onbetrokkenheid moet nie as 'n gebrek aan empatie gesien word nie.

Die Hobhouse-biograwe maak óf glad nie melding van enige kontak tussen die blanke gevangenes en swartes in die Vrystaat nie[349] óf wys slegs op die positiewe: 'n swart dogter het saam met 'n blanke gesin in die Bloemfonteinkamp gewoon[350] en 'n huisbediende het ten spyte van haar persoonlike armoede naaldwerkboekies aan die Springfonteinkamp-vrouens gestuur.[351] Na dié huisbediende word paternalisties verwys as "die goeie ou mens".[352] Slegs twee van die geraadpleegde Hobhouse-biograwe verwys in hulle

---

343 Emily Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het*, p. 374.

344 Vanuit 'n pro-Britse perspektief bevraagteken Devitt, *The concentration camps in South Afric during the Anglo-Boer War of 1899-1902*, pp. 26-33 die betroubaarheid van van die persoonlike getuienisse.

345 Hobhouse, *Die smarte van die oorlog*, pp. 84; 306; 319; Emily Hobhouse, *War without glamour*, pp. 115; 142; 151.

346 Cf Hobhouse, *Die smarte van die oorlog*, pp. 179; 323; Emily Hobhouse, *Boer War letters*, pp. 53; 71; 448.

347 Hobhouse, *Boer War letters*, p. 71.

348 *Vide* Hobhouse, *Boer War letters*, pp. 47-58; 67-84; 107-111; 191-219; 250-259; 294-304 en Fry, *Emily Hobhouse. A momoir*, pp. 89; 103-126;132-136; 141-142; 187-197; 210-217; 234-239 vir briewe en uittreksels uit haar memoires wat direk betrekking het op die Vrystaat.

349 Cf NJ van der Merwe, *Tot nagedagtenis van Emily Hobhouse*, pp. 17-23; Fisher, *That Miss Hobhouse*, pp. 128-138; 187-196.

350 Annette Terblanche, *Emily Hobhouse*, p. 107; Rykie van Reenen, *Heldin uit die vreemde. Die verhaal van Emily Hobhouse*, p. 46; A Ruth Fry, *Emily Hobhouse. A momoir*, p. 107.

351 Van Reenen, *Heldin uit die vreemde. Die verhaal van Emily Hobhouse*, p. 59.

352 *Ibid.*

bespreking van die konsentrasiekampe in die Vrystaat[353] na Hobhouse se kommer oor die toestande in die swart kampe.[354] 'n Nuanseverskil is te bespeur in die twee biograwe se aanbieding van dié gegewe. Annette Terblanche haal 'n brief van Hobhouse, geskryf op 14 Maart 1901 te Springfontein, in sy geheel aan.[355] Sy laat die brief tot die leser spreek en lewer nie kommentaar nie. Daarenteen distansieer Rykie van Reenen haar nie van die gebeure nie. As alomteenwoordige verteller in die populêre werk wys Van Reenen op die "verskriklike nood" in die swart kampe wat Hobhouse genoop het om Bloemfontein se *Loyal Ladies* te "smeek" om ondersoek na dié kampe in te stel.[356] Terblanche en Van Reenen se byna terloopse vermelding van die lyding van swartes in kampe moet nie as 'n geringskatting van die lot van die swartes gesien word nie. Dit is bloot, soos reeds genoem, 'n refleksie van die omvang wat die onderwerp in Hobhouse se skrywes geniet het.[357] Van die ander publikasies oor die lewe en werk van Hobhouse verwys glad nie na swart kampe in die Vrystaat nie.[358]

In van die pro-Boere herinneringswerke en dagboeke oor die lewe in Vrystaatse konsentrasiekampe is daar geen verwysing na die verhouding tussen die gevangenes en swartes nie. Klem word op persoonlike smart en lyding gelê.[359] Dieselfde tendens is opmerklik in verskeie werke deur pro-Boere geskiedskrywers. Blanke Afrikaner patriotisme

---

353 Terblanche, *Emily Hobhouse*, pp. 93-133; 144-157; 252-259; Van Reenen, *Heldin uit die vreemde. Die verhaal van Emily Hobhouse*, pp. 44-52; 56-63.

354 Terblanche, *Emily Hobhouse*, p. 133; Van Reenen, *Heldin uit die vreemde. Die verhaal van Emily Hobhouse*, p. 62.

355 Terblanche, *Emily Hobhouse*, pp. 128-133.

356 Van Reenen, *Heldin uit die vreemde. Die verhaal van Emily Hobhouse*, p. 62.

357 Hobhouse, *Boer War letters*, p. 71.

358 Fisher, *That Miss Hobhouse*, pp. 128-138; 187-196; Van der Merwe, *Tot nagedagtenis van Emily Hobhouse* is uitgegee by geleentheid van die teraardebestelling van Emily Hobhouse aan die voet van die Nasionale Vrouemonument op 27 Oktober 1996. Hobhouse se lewensverhaal word baie oorsigtelik, in 44 bladsye, weergegee; Fry, *Emily Hobhouse. A momoir*, pp. 89; 103-126;132-136; 141-142; 187-197; 210-217; 234-239. Die gedeeltes in Fry se werk oor die Vrystaatse konsentrasiekampe is aanhalings uit Hobhouse se skrywes. Fry lewer geen kommentaar nie.

359 AWG Raath (versorger), Die oorlogservaringe van twee vroue in die Suid-Vrystaat, in André Wessels, FJ Jacobs & AWG Raath (reds), *Egodokumente. Persoonlike ervaringe uit die Anglo-Boereoorlog*, pp. 171-196 bevat die oorlogservaringe van mev. Elizabeth Margaret Smith en Martie van Rensburg; DH van Zyl, *In die konsentrasiekamp. Jeugherinneringe* beeld die ervaringe van 'n jong Vrystaatse seun in die konsentrasiekamp uit; SL le Clue, *Lief en leed*, pp. 40-80 vir 'n beskrywing van die skryfster se ervaringe in die Brandfort- en Bloemfonteinkonsentrasiekampe; Van der Walt, *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, pp. 10-43; 55-56. *Vide* ook MM Postma, *Stemme uit die verlede*, pp. 30-32; 67-68; 92-94; 99-100; 128-130; 135-136 vir "beëdigde verklarings" van vrouens wat tydens die ABO in konsentrasiekampe in die Vrystaat was (*ibid*, titelblad). Enkele van Postma se getuienisse verwys na die negatiewe verhoudinge tussen die swartes en die konsentrasiekampvrouens in Transvaal en Natal (cf *ibid.*, pp. 70-71; 136; 139; 143). Postma, *Stemme uit die vrouekampe* stem, met die die uitsondering van die stilistiese/taalversorging, ooreen met *Stemme uit die verlede*. Devitt, *The concentration camps in South Afric during the Anglo-Boer War of 1899-1902*, pp. 53-56 veroordeel die subjektiwiteit van van die getuienisse en bevraagteken van die gegewens in E Neethling en Postma se boeke.

en lyding word voorop gestel in die bespreking van Vrystaatse konsentrasiekampe; die bestaan van konsentrasiekampe vir swartes of die verhouding tussen swart en blank word nie aangeraak nie.[360]

Die enkele professionele pro-Boere geskiedskrywers wat aandag aan swart konsentrasiekampe in die Vrystaat skenk, sal vervolgens aan die orde gestel word.

Gerugsteun deur skrywes en verslae van die superintendente van die kampe vir swartes in Brandfort, Kafferfontein (naby Bloemfontein) en Brandfort, is Ploeger se aanvanklike uiteensetting van toestande in dié kampe positief: rantsoene is weekliks uitgedeel, die swartes kon mediese dokters in die naburige dorpe raadpleeg en hutte, hoewel armoedig, het skuiling gebied.[361] Hy verwys na verslae deur maj. GJ de Lotbiniére, superintendent van die *Native Refugee Department* in die Vrystaat, en dr. G Pratt Yule wat daarop dui dat die gesondheidstoestande in die swart kampe in die Vrystaat besonder goed was.[362]

Toestande in dié kampe word egter nie net rooskleuring geskilder nie. Ploeger haal 'n skrywe van eerw. Robert Matterson, 'n Wesleyaanse leraar van Heilbron, aan die hoofsuperintendent van burgerkampe in Bloemfontein aan waarin Matterson daarop wys dat die meeste kampbewoners deur liefdadigheid onderhou moes word. Deur Ploeger se uitvoerige aanhaling uit korrespondensie van die hoofsuperintendent aan Matterson word die toestande in die kampe gerasionaliseer en die persepsie geskep dat die rantsoene voldoende en voedsaam was.[363] Maar Ploeger, gerugsteun deur statistiese gegewens oor sterfgevalle en 'n skrywe deur De Lotiniére waarin daar verwys word na die beskikbaarheid van mediese- en voedselvoorrade, konkludeer:

---

360 Otto, *Die konsentrasiekampe*, pp. 1-33; 57-150; NJ van der Merwe, *Die Nasionale Vrouemonument* (bring hulde aan Afrikanervrouens en -kinders, Emily Hobhouse, CR de Wet en MT Steyn); MCE van Schoor & CG Coetzee, *Kampkinders 1900-1902*, pp. 8-13; 15-19; 28-29; 48 (herinneringe van Boerevroue in die Bethulie-, Bloemfontein-, Brandfort-, Kroonstad- en Winburgkampe); pp. 65; 87-89; 95 bevat foto's van dié kampe; Raath (versorger), Die oorlogservaringe van twee vroue in die Suid-Vrystaat, in Wessels, Jacobs & Raath (reds), *Egodokumente. Persoonlike ervaringe uit die Anglo-Boereoorlog*, pp. 157-170; Stockenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk*, pp. 164-202; E Neethling, *Mag ons vergeet*? pp. 1-10; 11-23; 24-38; 39-50 (sketse deur EM van der Walt, CJ Badenhorst, M Els en A Botha respektiewelik oor die toestande in konsentrasiekampe in die Vrystaat). In AWG Raath & RM Louw, *Die konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*; AWG Raath & RM Louw, *Die konsentrasiekamp te Springfontein gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*; AWG Raath & RM Louw, *Die konsentrasiekamp te Vredefortweg gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* word, gerugsteun deur die Oorlogsmuseumdokumentversameling, dokumentêre verslae van die onderskeie kampe, herinneringswerke, dagboeke en persoonlike onderhoude, die daaglikse lewe van die krygsgevangenes gerekonstrueer.

361 Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel V, pp. 43:6-43:8.

362 *Ibid.*, deel V, p. 43:34-43:35.

363 *Vide ibid.*, deel V, pp. 43:26-43:28.

> *Langdurige ontbering in die veld, die gevolg van ontoereikende voeding in die kampe, en in die geval van siekte, 'n gebrek aan medisyne was voldoende om saam met ongunstige klimaatsomstandighede die sterftesyfer die hoogte te laat inskiet. Die blaam vir die gebrek aan voldoende kos en geneesmiddels het op die skouers van die kampbeheer gerus.*[364]

Ploeger het in sy bespreking van toestande in die kampe, met die uitsondering na die verwysing van die kritiek deur Matterson, gesteun op die getuienisse van Britse militêre personeel.[365] Tog slaag hy daarin om empatie met die swartes in Vrystaatse kampe te toon.

In 1976 veroordeel 'n Britse historikus die Britse konsentrasiekampbeleid as 'n "mistake, a tragic mistake".[366] Gerugsteun deur voorbeelde uit onder andere die Vrystaatse kampe word uitvoerig aandag aan die blankes se lyding geskenk.[367] Byron Farwell regverdig die lae prioriteit wat hy op die posisie van swartes in kampe plaas op grond van 'n gebrek aan inligting.[368] Hy is egter nie apaties nie. Hy wys daarop dat van die 2300 swartes wat in Julie 1901 in Vrystaatse kampe was, 256, waaronder 169 kinders, dié maand gesterf het.[369] Terwyl Farwell krities is in sy bespreking van die toestande in die blanke kampe en die Britte beskuldig van swak logistieke beplanning en versorging van die vrouens en kinders, word geen redes aangevoer vir die hoë sterftesyfer onder die swartes nie.[370]

Pretorius stel dit duidelik dat

> *die lyding in die konsentrasiekampe ... nie slegs die talle Boerevroue en -kinders ten deel geval [het] nie. Ook duisende swartvroue en -kinders en ook -mans moes hierdie beproewing deurmaak.*[371]

Deur die gebruikmaking van vergelykende statistiek van die sterftekoers en inwonerstal, slaag Pretorius daarin om die lig op die lyding van beide blank en swart te laat val.[372] Pretorius bespreek die swart kampe veralgemenend en noem slegs die Vrystaatse dorpe waarin hierdie kampe geleë is.[373] Daarenteen is die lyding van die Boerevrouens nie gesigloos nie. Ter ondersteuning van sy siening dat "die lyding in die kampe iets verskrikliks was", verwys hy onder andere na 'n mev. Coetzee wat vier van haar agt kinders in die Brandfortkamp aan die dood moes afstaan.[374]

---

364 *Ibid.*, deel V, p. 43:36.
365 *Ibid.*, deel V, p. 43:1-43:51.
366 Farwell, *The great Boer War*, p. 420.
367 *Ibid.*, pp. 378-420.
368 *Ibid.*, pp. 397-418.
369 *Ibid.*, p. 419 verskaf nie 'n bron ter verifiering van dié gegewens nie.
370 *Ibid.*, pp. 378-420.
371 Cf Pretorius, *Die Angloboereoorlog 1899-1902*, pp. 56-65 en pp. 80-82 vir beskrywings in die blanke en swart kampe respektiewelik.
372 *Ibid.*, p. 81.
373 *Ibid.*, pp. 80-81.
374 *Ibid.*, p. 57.

Schoeman skets 'n somber prentjie van die toestande in die konsentrasiekamp vir swartes naby Bloemfontein. Dit wil vir Schoeman voorkom asof geen huisvesting aan hulle voorsien is nie en dat hulle hul eie hutte van blikke, sakke, velle, sooie en rou stene moes oprig. Ten spyte van versoeke in die verband het niemand dit die moeite werd geag om die kampe te besoek nie. Gevolglik het skeurbuik, disentrie, buiktifus en diarree voortgeduur.[375]

Spies en Warwick toon empatie met swart en blanke kampbewoners.[376] Naas die konsentrasiekampe vir blankes, is kampe vir swartes in Bloemfontein, Vredefortweg, Brandfort, Heilbron en Edenburg opgerig. Met die uitsondering van die Heilbronkamp wat 338 swartes gehuisves het, het al dié kampe meer as 'n duisend gevangenes gehad.[377] Teen die einde van Mei 1902 was die getal swartes in Vrystaatse kampe 60004.[378] Warwick kritiseer die onbetrokkenheid van blankes, in besonder Hobhouse en die NG Kerk, by die lot van swartes in konsentrasiekampe.[379]

Uit geverifieerde vergelykende besprekings deur Spies en Warwick van toestande in blanke en swart kampe in die Vrystaat blyk dit dat die verbetering van die blanke konsentrasiekampe ten koste van die swartes geprioritiseer is. Voorts was die blankes se voedselrantsoene groter, meer gevarieerd en voedsamer as die swartes s'n. Die meederderheid blankes het gratis rantsoene ontvang, die meeste swartes moes daarvoor betaal. As gevolg van anti-militêre propaganda in Brittanje is die blanke konsentrasiekampe onder burgerlike beheer geplaas. Die swart kampe het tot aan die einde van die oorlog onder militêre beheer gestaan.[380]

Geverifieerd lê Warwick 'n klag voor die deur van die Boeremagte: gedurende die nag 29 Desember 1901 het kmdt. Piet Lombard en 80 manskappe die Taaiboschkamp in die Vrystaat binnegeval. Geld en klere is gebuit.[381] Nie net die Britte nie, maar ook die Boere het deel aan die lyding van swartes in kampe gehad.

---

375 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 178.

376 *Vide* Spies, *British supremacy*, pp. 3-20; Spies, *Methods of barbarism?*, pp. 135; 145-147; 157; 161; 166; 181-201; 227-233; 262-268; 353; 369-370; 379; Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, pp. 152-157; 202-205.

377 Spies, *Methods of barbarism?*, p. 192; Spies, *British supremacy*, p. 15. Die terme konsentrasie- en vlugtelingkamp word afwisselend deur die outeurs gebruik Die kampe is aanvanklik opgerig om swart vlugtelinge teen moontlike vergelding deur die Boere te beskerm en om as arbeidsbron vir die Britte te dien (cf Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, pp. 145-162; Spies, *British supremacy*, p. 15).

378 Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, p. 145.

379 *Vide ibid.*, pp. 145-146.

380 Spies, *Methods of barbarism?*, pp. 262-263; Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, pp. 152-153.

381 Warwick, *Black people and the War 1899-1902*, p. 155.

Brian Roberts toon 'n dualistiese perspektief. Die uitbeelding van die lyding van blanke vrouens en kinders in Vrystaatse konsentrasiekampe reflekteer Roberts se empatie met hulle én sy agting vir Hobhouse se pogings om hulle lot te verlig.[382] In 'n veralgemenende,[383] ongeverifieerde bespreking van die lot van swart arbeiders in die blanke kampe, neem Roberts Hobhouse egter kwalik omdat sy haar nie beywer het vir die verbetering van hulle lewensomstandighede nie[384] Voorts bevraagteken hy Hobhouse se getuienis dat van die blanke vrouens in konsentrasiekampe deur swartes (in diens van die Britte) verkrag en verneder is. Ongeverifieerd skryf hy dat "there is reason to think that some of these highly emotive stories were exaggerated".[385] Dit is volgens hom onwaarskynlik dat selfs die mees geharde Britse bevelvoerder sodanige optrede sou toelaat.[386] Gerugsteun deur Warwick beeld hy die haglike toestande in die swart konsentrasiekampe in die Vrystaat uit.[387] Terwyl Spies en Warwick daarin geslaag het om 'n genuanseerde beeld van die lyding van beide bevolkingsgroepe te skep, is Roberts minder geslaagd in sy poging. Sy aanvanklike simpatieke uitbeelding van die lyding van die Boerevrouens en -kinders word opgehef deur sy aanval op die Boere en Hobhouse.

Uit die historiografiese analise blyk dit dus dat pro-Britse geskiedskrywers nie baie aandag aan die (blank en swart) konsentrasiekampgeskiedenis skenk nie. Die geskiedskrywers wat wel daarna verwys, vind regverdiging vir die totstandkoming van die kampe en reken dat die toestande aldaar leefbaar was. Daarteenoor prioritiseer pro-Boere geskied- en dagboekskrywers, asook skrywers van herinneringswerke die lyding van Boerevrouens en -kinders. Baie van die werke is in wese emosionele klagstate teen die Britte. Die Afrikaners word in hulle lyding saamgesnoer teen die Britse oorheersers.

In 1941 kritiseer Devitt geskiedskrywers omdat hulle feitlik uitsluitlik aandag skenk aan die lyding van die blankes in konsentrasiekampe. Hierdie aanklag word deur Martin herhaal. Die rasionaal vir Martin se 1957-boek is om as korrektief vir JC Otto se *Konsentrasiekampe* (1954) te dien deur die "ware feite" vanuit die Britse gesigspunt weer te gee.[388]

Enkele resente publikasies wys op die lyding van blank en swart in Britse konsentrasiekampe in die Vrystaat. Dit is opmerklik dat nie net neo-liberale geskiedskrywers en Pretorius, maar ook Ploeger aandag aan die haglike toestande in die swart kampe skenk. Hierdie Afrikanersentriese geskiedskrywer is dit dus eens met die neo-

382 *Vide* Roberts, *Those bloody women. Three heroines of the Boer War*, pp. 119-120; 135; 138-141; 143-144; 146; 155; 167-169; 189; 193-195.
383 Cf *ibid.*, pp. 207-208 vir 'n veralgemenende bespreking oor die lot van die swartes tydens die oorlog. Hy verwys nie spesifiek na die Vrystaat nie.
384 *Ibid.*, p. 207.
385 *Ibid.*
386 *Ibid.*, p. 208.
387 *Ibid.*, pp. 211-212.
388 Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, p. 83.

liberale geskiedskrywers en die a-paradigmatiese Pretorius dat blank en swart aan die hand van die Britte gely het. Maar terwyl die neo-liberale geskiedskrywers die mening toegedaan is dat die swartes se lyding erger as die van die blankes was, prioritiseer Ploeger en Pretorius die blankes se lyding deur kwantitatief meer aandag aan die bespreking van toestande in blanke as in swart kampe te skenk.

* * *

Die ontkenning van die bestaan van blanke en/of swart konsentrasiekampe in die Vrystaat deur nie-vermelding, verander nie die historiese werklikheid nie: blank én swart het in Vrystaatse konsentrasiekampe gely en gesterf.

Ten spyte van reeds gedane navorsing deur Spies, Warwick, Pretorius en Ploeger; en Farwell se verontskuldiging dat 'n gebrek aan inligting navorsing oor swart konsentrasiekampe bemoeilik, moet aan Schoeman se oproep gehoor gegee word:

> *Die statistiek van hierdie leed moet egter in lêers in argiefbewaarplekke opgespoor word: die dooies van die Swart kampe is nooit amptelik beween nie, nóg is daar vir hulle 'n monument opgerig.*[389]

## 5.7 Ten slotte

Die omvang van publikasies oor die ABO het tot gevolg dat die historiografiese studie blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat slegs oorsigtelik aangeraak het.

Dit wat *The Oxford History of South Africa* vir die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing ten doel stel, naamlik dat die sentrale tema van Suid-Afrikaanse geskiedskrywing die "interaction between between peoples of diverse origins, languages, technologies, ideologies, and social systems, meeting on South African soil" moet wees,[390] word deur Spies ten opsigte van die ABO-historiografie gerealiseer. In 'n geïntegreerde bespreking word op die betrokkenheid van blank en swart asook die lyding van blank en swart as gevolg van die oorlog gewys. Kwalitatief en kwantitatief word gelyke aandag aan rolspelers - blank en swart - gegee. Tog blyk dit duidelik dat daar 'n leemte in publikasies oor die betrokkenheid en lyding van swartes tydens die oorlog is, want solank ABO-skrywers, met die uitsondering van Spies, Warwick en Wessels, enkele sinne of 'n hoofstuk of twee aan die betrokkenheid van swartes by die oorlog afstaan, sal die ABO in teorie, hoewel die praktyk dit weerspreek, 'n "witmansoorlog" bly.[391]

---

389 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 178.

390 Wilson & Thompson (ed), *The Oxford History of South Africa: South Africa to 1870*, vol I, p. v.

391 Stowell V Kessler is sedert 1996, met die steun van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein met navorsing oor die betrokkenheid van swartes by die ABO besig (*Die Volksblad*, 17 Januarie 1997). *Vide* ook *Die Volksblad*, 6 Augustus 1998 en

Historici wat die betrokkenheid van swartes by die ABO in die Vrystaat wil navors sal metodologies nuut moet dink. Daar bestaan geen argivale materiaal in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke waarin swartes self hulle wedervaringe tydens en/of betrokkenheid in die oorlog op skrif gestel het nie.[392] Beskikbare argivale materiaal in die Vrystaat reflekteer dus die persepsies van blankes aangaande swartes se deelname aan en belewing van die oorlog. Omdat die beskikbare (blanke) argivale materiaal nie vry is van die invloed van die tydsgees en rassebeskouinge van die laat 19de en vroeg 20ste eeuse skrywers van dié dokumente nie, sal historici hulle ook tot volksverhale en mondelinge getuienis moet wend om 'n geheelbeeld te kry van die betrokkenheid van swartes by die ABO in die Vrystaat.[393]

---

*Ons Stad*, 6 Augustus 1998 vir navorsing deur André Wessels oor die rol van swartes in die ABO

392 Johan Hattingh (Museumgeesteswetenskaplike, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein), 9 Februarie 1998, Telefoongesprek.

393 *Vide* o.a. Paul Thompson, *The voices of the past. Oral history;* Stephen Caunce, *Oral History and the Local Historial*; John Tosh, *The persuit of History. Aims, methods and new directions in the study of modern history*; Anthony Seldon & Joanna Pappworth, *By word of mouth, élite oral history*; Jim Sharpe, History from below, in Peter Burke (ed), *New perspectives on historical writing*, pp. 24-41; Allan J Lichtman & Valerie French, *Historians and the living past*, pp. 122-181; Jan Vansina, *Oral tradition as history*, pp. 13-32; 199-201 vir metodologiese riglyne vir die benutting van mondelinge getuienis en volksverhale deur geskiedskrywers.

# Hoofstuk 6

## Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat op die sosiale, onderwys- en mediese terreine 1800-1910

Karel Schoeman se observasie dat "niemand ... dit egter die moeite werd geag [het] om oor [die swartes van Bloemfontein] besonderhede te verstrek nie"[1] en dat "verwysings na Swartmense gedurende die vroeë jare ... seldsaam [is], tensy hulle hul aan 'n oortreding skuldig gemaak het of andersins 'n bron van ergenis was",[2] blyk uit geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se uitsprake en besprekings of eerder 'n gebrek daaraan met betrekking tot blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat op politiek-staatsregtelike, ekonomiese, sosiale, mediese, juridiese, onderwys en kerklike terreine. Schoeman verwys tereg na "die onbekende ... wêreld van die Swart inwoners".[3]

Ter illustrasie van die miskenning van swartes as integrale deel van die Vrystaat se geskiedenis, kan na enkele oorsigwerke verwys word. *Die Vrystaat en sy mense* onder redaksie van Pieter W Grobbelaar bied volgens die skutblad van die boek 'n blik op "die Vrystaat se ontstaan, sy gebruike, boerderye, dorpe, mense, helde, bure, monumente, probleme en toekoms". Hoewel die outeur van die skutblad daarop aanspraak maak dat die publikasie "die ganse sage" van die Vrystaat "vertel", is dit die sage van die blanke Vrystaters.[4] 'n Amptelike publikasie, wat moes dien as gids vir die toeris en spieëlbeeld van ontwikkeling in die Vrystaat, misken die swartes. Die enigste verwysings in dié publikasie wat dui op blank-swart-verhoudinge of selfs die teenwoordigheid van swartes het betrekking op die Vrystaat-Basoeto-oorloë en die stigting van 'n swart woonbuurt buite Bloemfontein.[5] *Vrystaat-fokus* word aangebied as 'n reis deur al die Vrystaatse dorpe. Vanuit 'n blanke perspektief word kortliks op die geskiedenis van die blankes in die dorpe, asook museums en histories-argitektoniese geboue wat die blanke Vrystaters se verlede in herinnering roep. Die enigste vermelding van swartes het betrekking op die rol wat die dorpe se (blanke) inwoners in die Vrystaat-Basoeto-oorloë gespeel het; asook gedenktekens of monumente ter ere van blankes wat gedurende dié drie oorloë gesneuwel het.[6] *The historical monuments of South*

---

1 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 10.
2 *Ibid.*, p. 85.
3 Karel Schoeman, *Bloemfontein in beeld/Portrait of Bloemfontein 1860-1910*, pp. 174-176.
4 *Vide* Suzanna van Rensburg, Die sosiale lewe in die Ou-Vrystaat, in Pieter W Grobbelaar (red), *Die Vrystaat en sy mense*, pp. 40-59.
5 Cf Orange Free State (The Executive Committee of the Provincial Council), *The Orange Free State Official guide*, pp. 19-25; 215. Aandag word onder andere geskenk aan die geskiedenis van die provinsie en die individuele dorpe. Ontwikkeling op ekonomiese, staatkundige en kulturele terreine word bespreek.
6 PJ Nienaber & CJP le Roux, *Vrystaat-fokus*, pp. 10-11; 12; 15; 40-41; 43-44; 50-51; 57. PHJ Olivier, *Bewaring in Bethlehem*, p. 39 se enigste geïmpliseerde verwysing na swartes het betrekking op 'n monument wat die blanke gesneuweldes van die 1866-oorlog in herinnering roep.

*Africa* staan 24 bladsye af aan historiese gedenkwaardighede in die Vrystaat.[7] Inligting oor Moroka se graf (Thaba Nchu) en prehistoriese hutte (Winburg- en Lindleydistrikte) is die enigste wat direk betrekking het op swart Vrystaters.[8] Die swartman se kultuurskatte en geskiedenis word dus geïgnoreer, want die geskiedenis van die Vrystaat is die geskiedenis van die blanke.

Die nie-verwysing na swartes in 'n boek oor die geskiedenis van die Joodse bevolking in Suid-Afrika moet egter nie as 'n miskenning van die rol van swartes in die Vrystaatse geskiedenis gesien word nie. Die omvang van die geskiedenis van die Jode in Suid-Afrika het tot gevolg dat slegs hoofmomente van hulle rol en aanvaarding as deel van die blanke bevolking in die Vrystaat aangeraak word.[9]

In hoofstukke ses tot agt sal aan die "onbekende" Vrystaters, wat dikwels uit die geskiedenisboeke geskryf word, en hulle verhouding met die blankes, aandag gegee word.

## 6.1 Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat op sosiale terrein 1800-1910

In die 19de en vroeë 20ste eeu was daar weinig sprake van sosiale kontak tussen blank en swart in die Vrystaat. In die twee belangrikste publikasies oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat, naamlik die deur CJP le Roux en Van Aswegen, word beskawingsverskille as die belangrikste rede vir die gebrek aan kontak tussen blank en swart aangevoer.[10] Die daarstelling van positiewe blank-swart-verhoudinge word deur APJ van Rensburg as 'n "onaangename taak" vir blankes beskryf.[11] Die moontlikheid van spontane, gesonde blank-swart-verhoudinge word verwerp as synde onaanvaarbaar vir blankes. Die redes waarom dit onaanvaarbaar is, word verswyg.[12]

Terwyl hierdie skrywers begrip toon vir die blanke Vrystaters, "as beskaafde en hoër ontwikkelde groep",[13] se afsydige houding teenoor hulle swart landgenote, wat "nog in 'n

---

7 JJ Oberholster, *The historical monuments of South Africa,* pp. 203-227.
8 *Ibid.*, pp. 218; 224-225.
9 *Vide* Gustav Saron & Louis Hotz, *The Jews in South Africa. A History*, pp. 320-334.
10 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* p. 1 baseer hierdie siening op Van Aswegen; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 18; 45. Eloff, *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, p. 114 en Scholtz, *Politieke denke*, deel II, p. 391 deel hierdie siening.
11 APJ van Rensburg, *Die rol deur landdroste, vrederegters en veldkornette in die distrik van Bloemfontein vanaf 1854-1880 gespeel*, p. 251. Dit was deel van die pligstaat van die Bloemfonteinse landdros om jaarlikse geskenke aan swart opperhoofde in die Vrystaat uit te deel om sodoende die vriendskap en goedgesindheid van dié opperhoofde te verkry en te behou.
12 *Vide ibid.*, p. 251.
13 Cf Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* p. 1 baseer hierdie siening op Van Aswegen.

primitiewe staat verkeer het",[14] toon Schoeman in 'n 1980-publikasie empatie met die swartes wat aan die Westerse beskawing blootgestel is:

> *Vir die Swart man of vrou wat in die tradisionele stamlewe grootgeword het en nou skielik met die kultuur van die Weste gekonfronteer is en hom of haar daarby moes aanpas, het daar vanselfsprekend baie probleme ontstaan, selfs in die betreklik ongesofistikeerde konteks van die vroeë Bloemfontein. ... 'n [M]ens wonder watter uitwerking 'n lewe van herhaalde vernedering en bespotting as indiwidu én as ras, op die Swartmense moes gehad het. Die spanning waaraan hulle onderhewig was, kan egter slegs vermoed word, want geen regstreekse getuienis daarvan het bewaar gebly nie, en mens is dus aangewese op die berigte van Blanke buitestaanders, simpatiek sowel as onsimpatiek, en die afleidings wat daarvan gemaak kan word.*[15]

Schoeman toon nie net meelewing met die swartes wat aan die Westerse beskawing blootgestel is nie, maar hy bevraagteken ook die beskawingspeil van die Vrystaatse blankes. Hy redeneer dat die Vrystaatse Afrikaners vir twintig of dertig jaar in die wildernis noord van die Oranjerivier, ver buite die bereik van kerke of skole, opgegroei het. Dié geslag, wat met republiekwording (1854) die volwassenes was, het opgegroei met geen opvoeding behalwe dié wat uit die bestudering van die Bybel verkry kon word nie. As bewyse vir die siening verwys hy eerstens na die gereelde uitsprake van die NG Kerk oor die morele toestand van die Afrikaners in die Vrystaat. Tweedens haal hy *The Friend* aan waarin verwys word na die "rude, uncouth, repulsive, illiterate conglomeration of uncircumcised Gentiles, superior to the natives around them only in their skill of bargaining and the use of fire-arms".[16] Uit die huweliksregister van die tyd blyk dit dat baie van die blankes nouliks hul name kon teken, terwyl sommige slegs 'n kruisie kon maak.[17]

In aansluiting by Schoeman skryf GV Doxey dat die blankes in die twee Boererepublieke vasgeklou het aan die illusie van 'n blanke beskawing,

> *but in the main it was a meagre survival, with the white tribesmen existing close to the level of the black tribesmen but content in the belief that their society was superior to that of all non-whites.*[18]

---

14 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 18.
15 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 83.
16 *Ibid.*, p. 27. Datum van publikasie van *The Friend* word nie vermeld nie.
17 *Ibid.*, p. 27.
18 GV Doxey, The origins of racial discrimination in the South African labour market, in ZA Konczacki, JL Parpart & TM Shaw (eds), *Studies in the economic History of Southern Africa (vol II) South Africa, Lesotho and Swaziland*, p. 25.

Terwyl die Afrikanersentriese geskiedskrywers klem lê op die verskille tussen swart "barbarisme" en die die blanke "beskawing", stel Schoeman en Doxey dié beskawing aan die kaak: daar was nie veel verskil tussen die blankes en die swartes se beskawingspeil nie.

Dit blyk dat geskiedskrywers twee opponerende standpunte oor die beskawingspeil van die 19de en vroeg 20ste eeuse Vrystaatse Afrikaners huldig. Aan die een kant word gesien dat daar weinig onderskeid tussen dié Afrikaners se beskawingspeil en dié van die swartes was, aan die ander kant word op die meerdere beskawingsontwikkeling van die blankes klem gelê. Die teenstrydige sieninge kan nie in die eerste instansie toegeskryf word aan die tydsgees waarin hierdie geskiedskrywers geleef en gewerk het nie. Doxey en Schoeman se boeke verskyn in 1980 en 1991 respektiewelik. Die Afrikanersentriese uitsprake is gedurende die periode 1950 tot 1987 geboekstaaf.[19] Dié geskiedskrywers se onderliggende rasse-ideologieë gee die deurslag. Afrikanersentriese publikasies wat sedert die tagtigerjare verskyn het, se persepsies oor die beskawingspeil van swartes verskil nie juis van dié wat gedurende die vyftigerjare verskyn het nie.

Weens die beperkte omvang van sosiale kontak tussen blank en swart in die Vrystaat sal in die bestudering van geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se uitsprake oor blank-swart-verhoudinge nie net aan verhoudinge as sulks aandag gegee word nie, maar ook aan die skrywers se stereotipering van swartes. Geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se uitbeelding van die verbetering van die lewenskwaliteit van swartes sal ook onder die loep geneem word.

### 6.1.1 Blank-swart-verhoudinge as 'n paternalistiese verhouding

Van Aswegen se standpunt dat Vrystaatse blankes "hoër beskaafd, hoër ontwikkeld" was as die swarte, wat "nog in 'n primitiewe staat verkeer het",[20] word by implikasie deur verskeie geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke ondersteun in hulle paternalistiese uitsprake oor die swartes en die regverdiging van die Vrystaatse blankes se meerderwaardige optrede teenoor die swartes.

Die siening van die Brit EF Knight, naamlik dat "the black man ... is not a man and a brother, but a child and a savage"[21] vind weerklank in tydgenootlike publikasies. Terwyl Sidney Peel die swart drywers wat hy in die Britse kamp te Boshof waargeneem het, as "mere children"

---

19 Van Rensburg, *Die rol deur landdroste, vrederegters en veldkornette* (1954); Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank* (1971); Scholtz, *Politieke denke*, deel II (1974); Eloff, *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland* (1983); Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910* (1987).

20 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 18.

21 EF Knight, *South Africa after the War*, p. 89 maak die afleiding aanleiding van 'n konfrontasie tussen 'n blanke boer en swartes in die Wepenerdistrik.

tipeer,[22] beskryf GA Fichardt sy plaasarbeiders as "children (big ones), liable to become very naughty".[23]

John Edwards, wat gedurende die 1830's as sendeling werksaam was te Thaba Nchu, beskryf die Barolong as "purely children of nature" wie se "unsophisticated minds" nie in staat was om die evangelieboodskap te begryp nie.[24]

In 'n dagboekinskrywing deur Lionel Curtis, na 'n besoek aan Abraham Fisher se plaas op 28 Oktober 1900, word verwys na die "many grinning niggers" wat hy gesien het. Hoewel daar 'n mate van afguns by hom te bespeur is by die waarneming van die swartes se lewensgeluk, skryf hy paternalisties dié geluk toe aan hulle sorgvrye, naïewe en ambisielose lewensuitkyk:

> *The life they lead is all they need, you see they know no better, those lucky little blacks.*[25]

Hierdie siening word deur 'n Vrystaatse boer gedeel:

> *[T]he South African natives are very happy and contented - much like big children, and their disposition is often very kindly and hospitable. He is a happy-go-lucky fellow, thinking little of the morrow, so long as he gets his money to-day and has his blanket and hut to sleep in at night.*[26]

Die Vrystaatse swartes was skynbaar nie net onvolwasse nie, maar ook dom. Oor sy swart wadrywer, Wiliam, afkomstig uit die Kroonstaddistrik skryf Nixon:

> *His chief characteristic was stupidity. He spoke no English, and could not be made to understand signs. If there was a hole, he drove us into it, and if there was a stone, he drove us over it.*[27]

In Fanny A Barkly se herinneringswerk is die enigste verwysing na swartes in die Vrystaat negatief: "Our Basuto policeman was very stupid, and could only summon up sufficient intelligence to go out and buy a few sponge cakes for us."[28]

---

22 Peel, *Trooper 8008 IY*, p. 51.

23 GA Fichardt, *A voice from Bloemfontein. The Reminiscences of Gustav Adolph Fichardt*, p. 75.

24 John Edwards, *Reminiscence of the early life and missionary labours of the rev. John Edwards, fifty years. A Wesleyan missionary in South Africa*, p. 60.

25 Lionel Curtis, *With Milner in South Africa*, p. 146.

26 Leonard Flemming, *The call of the veld*, p. 121. Flemming het hom in 1902 in die Vrystaat gevestig. Die boek is outobiografies van aard en spreek van sy liefde vir die landbou (*ibid.*, p. 170).

27 Nixon, *Among the Boers: or, notes of a trip to South Africa in search of health*, p. 192.

28 Fanny A Barkly, *Among Boers and Basutos and with Barkly's horse*, p. 226. Sy was die eggenote van Thaba Bosigo se resident magistraat ten tye van die Ontwapeningsoorlog. Sy het tydens die oorlog in Wepener gebly.

Die Russiese verpleegsuster Sophia Izedinova lewer na aanleiding van haar persoonlike verhouding met die swart dienswerkers by die Kroonstadhospitaal, asook waarnemings oor die optrede van die Britte en die Boere teenoor swartes tydens die ABO, kommentaar oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat. Dié praktyk dat die Boere nie die swartes as hulle gelyke geag het nie, keur sy goed:

> *It has yet to be proven that the black man is capable of accommodating himself to higher cultural values. I am bound to admit that personally I very much doubt it, although I am far from sharing the view of those who regard him as an unintelligent, incapable being. However, the present attitude to the black as a lower race requiring the guardianship of the white settlers, is practically speaking quite correct.*[29]

Voorts het die Afrikaners volgens haar menslik teenoor swartes opgetree: "Their strict Christian heritage has developed in them an amazing conscientious attitude to all suffering, even that of an illiterate savage".[30] Blankes móét volgens haar streng teenoor swartes optree. Sy kritiseer diegene wat dit nie doen nie:

> *Others ... pamper the blacks with the result that the latter, not fearing the rod, become insolent like spoilt children and won't carry out perfectly reasonable tasks for which they are well paid.*[31]

Knight glo ook dat die streng optrede van die blanke boere, in teenstelling met dié van die filantrope, op die lange duur die mees humane is, want "it is not firm discipline but the silly pampering of the blacks that may lead to future trouble and bloodshed".[32]

FDJ Wepener, seun van Louw Wepener, se aannames (1934) stem grootliks ooreen met voorafgaande. Hy vergelyk die blanke boere en die Engelse se sieninge oor swartes:

> *In kort is ons sienswyse, omdat die naturelle ver agter die Europese beskawing is, dat ons hulle met strengheid maar ook met regverdigheid moet behandel en altyd bewus moet wees van die gevaar dat hulle barbaarsheid baie maklik weer kan uitbreek wanneer die strengheid versag word. Die Ryksregering se siening het tot dusver op 'n mislukking uitgeloop omdat die Engelse altyd die naturelle op 'n gelyke voet met die blanke wou stel.*[33]

Terwyl voorafgaande uitsprake deur hoofsaaklik skrywers van herinneringswerke die swartes se skynbare gebrek aan intellek en onvolwassenheid as regverdiging vir die Vrystaters se paternalistiese verhouding gebruik, beskryf Smith in 1950 the Basoeto as "proud, high-

---

29 Izedinova, *A few months with the Boers*, pp. 88-89.
30 *Ibid.*, p. 89.
31 *Ibid.*, p. 89.
32 Knight, *South Africa after the War*, p. 90.
33 FDJ Wepener, *Louw Wepener*, p. 19.

spirited people".[34] Die Basoeto word reeds so vroeg as 1900 deur Keane as "one of the most industrious, intelligent and educated people in the whole of Africa"[35] beskou. Daarteenoor is die blanke boere "at times ... almost like irresponsible beings ... capable of terrible atrocities ... Theirs is a lowgrade culture".[36]

FB Beyer, wie net voor uniewording 'n besoek aan die Vrystaat gebring het, beeld die swartes positief uit. Gerugsteun deur die vertellinge van eerw. E Jacottef van Morija, wie hy in Bloemfontein ontmoet het, verhaal hy verskeie insidente om die positiewe karaktereienskappe van die swartes, naamlik vergewingsgesindheid, geduld, nederigheid, medemenslikheid, eerlikheid en dankbaarheid, te illustreer.[37] Dié positiewe ingesteldheid is egter nie onvoorwaardelik nie. Uit gesprekke met blanke Vrystaters het hy bewus geword van

> *the long and sad story of contact between the white and black races in the land. ... Many a time my heart has bled at the recital, now of what the whites have suffered from the natives, in burning homes and bloody massacres, and again in terrible requittals.*[38]

Die uiteenlopene sienings deur Beyer illustreer die invloed van getuienis op skrywers. Deur gebruikmaking van die teenstrydige inligting, soos verskaf deur Jocottet en die blanke Vrystaters, toon hy begrip vir blank en swart.

Van Aswegen en Le Roux se navorsingsbevinding dat die blanke Vrystater hom/haar as die meerdere van die swarte beskou het, word by herhaling deur skrywers van herinneringswerke se onsensitiewe uitsprake bevestig - die swartes is dom en onvolwasse en daarom moet die blanke as die meerdere streng en paternalisties teenoor hulle optree. Westerse kriteria vir volwassenheid en intelligensie word tot norm verhef. Die skrywers van herinneringswerke se uitsprake is tipies van 'n tydperk tot die swartes nie geag is nie. Die teendeel word egter deur Smith en Keane geopper: die swartes, in besonder die Basoeto, is intelligent en opgevoed.

### 6.1.2 Kontak tussen blank en swart

Volgens Van Aswegen het blank en swart op sosiale gebied nóóit met mekaar gemeng nie, want "die blankes het dit nie geduld dat die onbeskaafde en aan hulle onderhorige nie-blankes met hulle saam in dieselfde huis sou woon nie, of by vermaaklikheidsgeleenthede

---

34 Smith, *The blessed missionaries*, p. 86.
35 Keane, *The Boer States. Land and people*, p. 117.
36 *Ibid.*, p. vi. Keane gee 'n kort oorsig van die blanke boere wat die kolonie verlaat het. Hy verwys in die oorsig nie spesifiek na die Vrystaatse boere nie.
37 FB Beyer, *A winter in South Africa*, pp. 60-63.
38 *Ibid.*, pp. 63-64.

sou saam verkeer nie".[39] Tog blyk dit uit twee herinneringswerke en twee resente publikasies geskiedskrywers dat die mees intieme sosiale kontak - huwelike en/of seksuele omgang - tussen blanke en swart in die Vrystaat plaasgevind het. Maar wat is hierdie vier skrywers se onderskeie sieninge oor sodanige verhouding?

Oor 'n blanke wat HPN Muller in die Fauresmithlokasie waargeneem het, skryf hy in 1889:

> *Voor eene dezer hutten zag ik een Europeaan zitten bijna geheel naakt, die ...dermate aan den drank was verslaafd, dat hy zich geheel had verkafferd. Hy woonde en leefde met en als de negers, terwijl ... swarte vrouwen voor hem werkten en hem een ellendig levensonderhoud verschaften.*[40]

Van Aswegen is die mening toegedaan dat huwelike tussen blank en swart selde in die Vrystaat plaasgevind het. Na aanleiding van bogenoemde beskrywing deur Muller kom Van Aswegen tot die gevolgtrekking dat slegs blankes wat "sedelik en moreel verval het", met swartes in die huwelik getree het.[41] Daar het geen wetgewing bestaan wat huwelike oor rasgrense heen verbied het nie, maar wetgewing was oorbodig, want "die blankes [het] dit as abnormaal beskou ... om met nie-blankes te trou".[42] Seksuele omgang tussen die verskillende bevolkingsgroepe is nie deur wetgewing verbied nie en was die uitsondering, omdat daar "geen bastervolk in die Vrystaat ontstaan het nie".[43] Dit is "spontaan" deur die blankes afgekeer en "'n inherente fisiese afkeur van die blanke teenoor die nie-blanke het wetgewing onnodig gemaak".[44] Van Aswegen toon begrip vir die blankes wat nie bereid was om met die "minderontwikkelde en sosiaal agterlike" swartes te verkeer nie.[45]

Daarteenoor sê Boon in 1885 dat huwelike tussen blanke mans en swart vrouens 'n algemene praktyk in die Vrystaat was. Hy beweer dat hy tydens sy verblyf in die Vrystaat gereeld in kontak met "swart-Boers" en "lazy and untaught race of bastard-Boers, who have ... often intermarried with the native women" gekom het.[46] Nie net rasvermenging nie, maar ook die klimaat van die Vrystaat, het tot gevolg dat die Vrystaters "has so Kaffirised ... that they are incapable to think out, how to provide for the morrow or the future".[47]

---

39 Volgens Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 345 is die enigste bekende voorbeeld van 'n byeenkoms op sosiale gebied waar blank en swart gemeng het, die onthaal wat Hoffman vir Mosjwesjwe en sy seuns in 1854 in Bloemfontein aangebied het.
40 HPN Muller, *Zuid-Afrika. Reisherinneringen*, p. 281.
41 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 345.
42 *Ibid.*
43 *Ibid.*
44 *Ibid.*
45 *Ibid.*, pp. 345-346.
46 Boon, *The immortal History of South Africa*, deel II, p. 569.
47 *Ibid.*, deel II, p. 564.

Aan die hand van dokumentasie het Karel Schoeman in die roman *Die dood van 'n Engelsman* die vroeë geskiedenis van die Vrystaatse Republiek gerekonstrueer.[48] In dié verhaal word, gerugsteun deur hofverslae, melding gemaak dat Charles Leo Cox[49] 'n buite-egtelike kind by 'n Bloemfonteinse "Nie-blanke vrou, teenoor wie hy groot geneentheid getoon het" gehad het.[50] Twee van die Britse soldate het volgens ongespesifiseerde getuienis gedurende die ORS-tydperk openlik saam met swart vroue geleef.[51] Gerugsteun deur voorbeelde skryf hy: "Sulke huwelike is moontlik nie aangemoedig nie, maar hulle het nogtans voorgekom en is deur die gemeenskap aanvaar."[52] Daar was aan die begin van die 20ste eeu betreklik swaar wedersydse sosiale verkeer en seksuele kontak tussen die swart en blanke dele van Bloemfontein. Blankes, "dikwels vroue, en dikwels met Afrikaanse vanne" het in Waaihoek gewoon.[53]

Samevattend kan daarop gewys word dat Van Aswegen se suggestie dat sosiale en seksuele verhoudinge tussen blanke en swart in die Vrystaat slegs in hoogs uitsonderlike gevalle plaasgevind het, gedurende die 1880's en 'n eeu later verwerp is. Voorts blyk dit dat Van Aswegen, Muller en Boon 'n waardeoordeel uitspreek oor die morele en sedelike karakter van blankes wat oor die kleurgrens seksueel verkeer. Schoeman, daarenteen, rapporteer slegs.

### 6.1.3 Stereotipering van swartes

Dat Schoeman se empatie met die swartes wat moes konformeer met die Westerse lewenswyse geregverdig is,[54] blyk uit uitsprake deur geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke oor die swartes se kultuur, kleredrag, eetgewoontes, persoonlike higiëne, sedelike norme en drankgebruik.

Vir die swartes se kultuur toon Peel (1901) geen begrip nie. Die tradisionele danse van Vrystaatse swartes was "a most unattractive spectacle" en "a weird performance".[55] Hy is verstom oor die swartes se musikale vermoëns:

> *[I]t gives you quite an unpleasant shock if after listening to these melodious sounds you catch a sight of the strange, uncouth figures from whom they proceed.*[56]

---

48 Karel Schoeman, *Die dood van 'n Engelsman. Die Cox-moorde van 1856 en die vroeë jare van die Oranje-Vrystaat*, p. 7.
49 Cox is in 1856 op aanklag van die moord op sy vrou en kind skuldig bevind.
50 Schoeman, *Die dood van 'n Engelsman*, p. 23.
51 *Ibid.*, p. 13.
52 *Ibid.*, p. 87.
53 *Ibid.*, p. 219 baseer die inligting op beriggewing in die *Bloemfontein Post*, s.a.
54 *Vide* par 6.1.
55 *Ibid.*, p. 51.
56 *Ibid.*, pp. 51-52.

In 1883 vergelyk John Edwards die "beautiful music of the hyms of praise" met die swartes se "habit of chanting their own barbarous airs".[57] Die Barolong van Thaba Nchu se taal word as "unorganized" afgekraak.[58]

KJ de Kok, landmeter van die Vrystaat, skryf in 1904 verkleinerend oor swartes in Westerse kleredrag:

> *Geese look ridiculous when covered with ostrich feathers; but our natives do not seem to be aware of the fact.*[59]

Nadat De Kok spottende verwys het na 'n semi-naakte swart man met 'n vrouehoed op en 'n swart vrou van Winburg wat 'n pruik gekoop het vir haar huwelikseremonie, lug hy sy mening:

> *I am of opinion that if the trade could invent and introduce a kind of white enamel, by which the Ethiopians could temporarily hide his black skin, it would find a ready sale among those bent on becoming civilized.*[60]

Daarenteen is John Nixon, hoewel paternalisties, nie neerhalend in sy beskrywing van die westersgeklede swartes van Bloemfontein nie. Die swartes in Bloemfontein moes volgens dorpsregulasies binne die dorpsgrense geklee wees. Op weeksdae het hulle gehawende klere aangehad, maar

> *on Sundays they were absolutely gorgeous. I remember seeing one man in an old orthodox top hat, with a large white collar and gaily coloured print breeches, for all the world like a Christy minstrel.*[61]

Dié swarte was waardig, "as befitted a well-dressed gentleman on his way to church".[62]

HH Fyfe betreur dit dat die swartes wat hy tydens sy besoek aan Bloemfontein waargeneem het, nie in tradisionele drag geklee was nie:

> *We had hoped to see them wearing, with that magnificent dignity which all natives in their native costumes possess, their blankets and feathers and cats'*

---

57 John Edwards, *Reminiscence of the early life and missionary labours of the rev. John Edwards, fifty years. A Wesleyan missionary in South Africa*, p. 60.
58 *Ibid.*, p. 74.
59 De Kok, *Empires of the veld*, p. 61.
60 *Ibid.*, p. 61.
61 John Nixon, *Among the Boers: or, notes of a trip to South Africa in search of health*, p. 131. Nixon het tifus gehad. Op mediese advies vertrek hy in Oktober 1877 na Suid-Afrika. Hy maak Bloemfontein sy hoofkwartier (*vide ibid.*, pp. 1-2; 124).
62 *Ibid.*, p. 131.

> *tails and bangles and necklaces. Instead of that we saw what might have been a gathering of cab washers or dock labourers.*[63]

Oor swart vrouens van Boshof berig Peel as volg:

> *If you see them from behind, they very often look magnificent; they have splendid figures, and walk with head erect and the gait of a queen. They turn round, and you are looking at the most appallingly hideous and grotesque faces imaginable.*[64]

Peel se uitsprake is nie net 'n versinnebeelding van chauvinisme en rassisme nie, maar ook 'n oorbeklemtoning van die fisieke. Anglo-Saksiese gelaatstrekke is vir hierdie Britse soldaat die norm.

Nie net die kleredrag van die swartes nie, maar ook hulle eetgewoontes word gekritiseer. Enkele skrywers verwys byna platvloers na die swartes se beweerde kannibalisme. Volgens HW Kammeijer en HH van Rooijen (1930) dui die naam van die "koppie Mensvretersberg naby die bowaters van Vetrivier en Verkeerde Vlei" as bewys dat kannibalisme deur die swartes in die Vrystaat bedryf is. Hulle beweer dat "party van die kaffers ... maar al te lief was vir 'n mensboudjie".[65] Steytler maak in 1932 die ongefundeerde beskuldiging dat die swartes van die Harrismithdistrik "mensvretery" beoefen het ter wille van "die genot".[66] Kinders is lewendig gebraai en "maer mense is vet gevoer op mensvleis en later geslag".[67] 'n Negatiewe beeld van swart barbarisme word geskep.

In twee tydgenootlike werke word neerhalend oor die swartes se persoonlike higiëne geskryf. Nixon is dankbaar vir die beleid van afsonderlike kerkdienste:

> *My olfactory nerves may be somewhat sensitive, but I am afraid it I had to occupy the same building for an hour with eighty or a hundred natives I should be in a very unfit state for hearing a sermon patiently. Even philantropy must give way before a very bad smell.*[68]

Emma Murry, eggenote van ds. Andrew Murray, beskryf 'n huishulp, Cupid, as "a wild little Caffre boy ... a very dirty ragged little fellow".[69] Haar kritiek is nie tot die swartes beperk

---

63 HH Fyfe, *South Africa to-day with an account of modern Rhodesia*, p. 83. Fyfe besoek Bloemfontein op die vooraand van uniewording saam met lord Selborne.
64 Peel, *Trooper 8008 IY*, p. 52.
65 HW Kammeijer & HH van Rooijen, *Sketse uit die vaderlandse geskiedenis*, p. 9.
66 Steytler, *Harrismith*, p. 20.
67 *Ibid.*
68 Nixon, *Among the Boers: or, notes of a trip to South Africa in search of health*, p. 125.
69 Joyce Murray (ed), *Young Mrs. Murray goes to Bloemfontein 1856-1860*, p, 21. (Versameling korrespondensie van Emma Murray.)

nie. Oor die blanke Afrikaners skryf sy: "they are not nice, clean & neat, but slovenly, & all think an immense deal about eating".[70]

Hierdie negatiewe tipering van swartes is egter nie net tot tydgenootlike skrywers van herinneringswerke beperk nie. In 1976 beweer Byron Farwell dat "the dirty habits of the Kaffir boys" grootliks verantwoordelik gehou moet word vir die haglike toestande in die militêre hospitaal in Bloemfontein tydens die ABO.[71]

'n Oordeel word uitgespreek oor die sedelike norme van die swartes in die Vrystaat. Sonder die verskaffing van bewyse of voorbeelde, verwys JJ Oberhoster en MCE van Schoor in 1963 na "wydvertakte onsedelikheid onder die inboorlinge [in die Vrystaat], wat veral met hulle heidense gebruike en sedes saamgehang het".[72] Vir die "netelige saak ... kon niemand juis 'n oplossing vind nie".[73] Gerugsteun deur die notules van die Sinode van die NG Kerk verwys JD Kriel (1953) na die pogings van die Sinode om "onsedelikheid" onder die swartes in die Vrystaat te bestry. Dié onsedelikheid is veroorsaak deur "die gruwels verbonde aan die handel in vroue en die onsedelikheid daardeur veroorsaak; die besnydenis sowel as ander heidense gewoontes eie aan die Afrikaanse naturel".[74] Volgens Kriel het "die probleem ... onverminderd voortgeduur" ten spyte van die "pligsgetroue optrede" van die Sinode.[75] Volgens Van Aswegen het onsedelikheid en prosititusie hoogty gevier in die lokasies.[76]

Die twee geskiedskrywers en die kerkhistorikus spreek nie net vanuit 'n blanke verwysingsraamwerk 'n waardeoordeel oor die sedelike gebruike van die swartes uit nie, maar eien die blankes ook die reg toe om in die lewe van die swartes in te gryp. Die swartes moet konformeer met blanke gebruike.

Die drankordonnansies van 1883 het die verkoop van alkoholiese drank aan swartes in die Vrystaat verbied.[77] Hierdie ordonnansie geniet die steun van drie Afrikanersentriese geskiedskrywers.

---

70 *Ibid.* Ds. Andrew Murray was gekant teen die Britse prysgawe van die ORS.

71 Farwell, *The great Boer War*, p. 247.

72 JJ Oberholster & MCE van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat*, p. 91.

73 *Ibid.*

74 JD Kriel, *Die verhouding tussen kerk en staat in die Republiek van die Oranje-Vrystaat (1854-1902)*, p. 187.

75 *Ibid.*

76 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 353 baseer sy beskrywing van toestande in die lokasies op 'n hoofartikel in *De Express*, 14 Januarie 1890 en Muller, *Zuid-Afrika. Reisherinneringen*, pp. 280-281.

77 Drankhandelaars is verbied om enige sterk drank aan swartes te gee, te verruil, te verkoop of op enige wyse af te staan. Die oortreders van die wet sou hulle lisensies onmiddellik verloor en gestraf word. Die uitreik van lisensies sou streng beheer word. Die brou en gebruik van *juala* is streng beheer (Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 348).

Eloff se veroordeling van die verkoop van drank deur blankes aan die Basoeto reflekteer 'n moralistiese, blanke meerderwaardigheidsperspektief:

> *Ofskoon wetgewing 'n belangrike metode was om die euwel te beperk was wette egter nie voldoende om die drankhandel doeltreffend teen te werk nie. Sedelike volwassenheid en morele verantwoordelikheid is immers noodsaaklik voordat 'n volk op beskaafdheid aanspraak maak - en hierdie kwaliteite het tydens die vorige eeu nog in hoë mate by die inwoners van Basoetoland ontbreek.*[78]

Die negatiewe siening word deur Van Aswegen gedeel. Hy gee toe dat die drankordonnansies van 1883 streng gesproke teen die persoonlike vryheid van die swartes ingedruis het. Maar die wet was noodsaaklik ten einde te verhoed dat die swartes hulleself nie net liggaamlik en geestelik verwoes nie, maar daaruit kan 'n groter maatskaplike probleem ontwikkel.[79] Tylden beweer dat die gebruik van sterk drank deur swartes tot misdaad gelei het.[80]

In hierdié 20ste eeuse boeke deur professionele Afrikanersentriese geskiedskrywers word geen melding van die drinkgewoontes van die blankes gemaak nie. Schoeman deurbreek die swye:

> *Om elfuur soggens het die mans reeds hul werksaamhede onderbreek vir sjerrie of brandewyn-met-water. ... Die kantiene, wat tot agtuur saans oopgebly het, is druk besoek, en openbare dronkenskap is blykbaar as geen skande beskou nie.*[81]

Nie net die "onbeskaafde" swartes nie, maar ook die "beskaafde" Vrystaters het hulle dus aan drankmisbruik skuldig gemaak.

Hoewel voorafgaande uitsprake op die swart Vrystaters konsentreer, word nie net die swartes negatief gestereotipeer nie. Ter illustrasie kan verwys word na uitsprake deur die Brit Stuart Cumberland in 1896. Die tipiese Bloemfonteiner is 'n "singularly aggressive animal" wat gekenmerk word deur sy/haar "narrow-mindedness" en "depressing ignorance".[82] Terwyl hy die blanke Bloemfonteiners negatief uitbeeld, ignoreer hy die swartes.[83]

Die skrywers van herinneringswerke en Afrikanersentriese geskiedskrywers is ongenaakbaar in hulle kritiek jeens die swartes. Die swartes wat volgens die Vrystaatse wette binne

---

78 Eloff, *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, p. 125. Hoewel na Basoetoland verwys word, word die aanhaling gebruik om die skrywer se houding te illustreer, want die drankhandel het op Vrystaatse grondgebied plaasgevind.

79 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 348 spel nie uit wat die maatskaplike probleem is nie.

80 Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 69.

81 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 52.

82 Stuart Cumberland, *What I think of South Africa. Its people and its policies*, p. 86.

83 *Ibid.*, pp. 84-90 het betrekking op Bloemfontein.

munisipale grense in Westerse geklee moes wees, word gekarikaturiseer. Die swartes se kultuureie - hulle taal, musiek en danse - word bespot. Voorts word die swartes as kannibale, sedelik dekadent, onhigiënies en dronkaards voorgestel. Weinig geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke toon, in aansluiting by Schoeman, empatie met die swartes. Nixon wys daarop dat die swartes ten spyte van hulle armoede, soos blyk uit hulle gehawende kleredrag, Sondae met waardigheid en trots geklee was.

### 6.1.4 Die lewenskwaliteit van die swartes

Op grond van die Afrikanersentriese geskiedskrywers se beklemtoning van die beskawingsverskille as belangrikste rede vir 'n gebrek aan sosiale kontak tussen swart en blank in die Vrystaat, asook die negatiewe uitbeelding van swartes gaan vervolgens op geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se beredenering van die volgende probleemvrae gelet word:

- Was dit moontlik om die "onbeskaafde" swartes op te hef sodat hulle 'n integrale deel van die "beskaafde" blanke gemeenskap in die Vrystaat kon vorm?
- Kon dit van die (19de eeuse) blankes verwag word om die swartes op te hef?
- Het die swartes enige poging(s) aangewend om hulle lewenskwaliteit te verbeter of was hulle tevrede daarmee?

In die soeke na geskiedskrywers se antwoorde op dié probleemvrae sal hoofsaaklik na die toestande in die Bloemfontein-lokasie (Waaihoek) gelet word.

Van Aswegen beredeneer die moontlikheid om die swartes op maatskaplike gebied op te hef:

> *Vir die blankes was dit moeilik om die nie-blankes op maatskaplike gebied op te hef. Dit het in baie gevalle beteken dat ou gevestigde stamtradisies en gebruike, d.w.s. 'n bepaalde lewenswyse verander moes word. Die nie-blankes was oor die algemeen nog in 'n primitiewe staat waarin die dra van blanke klere iets vreemds was; waarin heidense gebruike 'n essensiële rol gespeel het; bygeloof besonder sterk was en waarin die blankes se sterk drank groot ontreddering teweeg gebring het. Verandering in dié leefwyse kon uit die aard van die saak nie binne 'n jaar of twee geskied nie. Dit was 'n langsame proses en nieteenstaande wetgewing deur die staat, maatreëls van die regering en plaaslike owerhede om toestande te verander en die invloed van die kerk en van die blankes in hul persoonlike verhouding teenoor hul arbeiders, was die vordering maar gering. Dit sou veel langer as slegs die kort republikeinse tyd van byna vyftig jaar neem om die mense te beskaaf.*[84]

84 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 346.

Van Aswegen gee toe dat toestande in Waaihoek haglik was. Behoorlike behuising het nie bestaan nie en die lokasies was broeiplekke vir siektes.[85] Dié toestande het om verbetering gevra, maar hy regverdig die blankes se gebrek aan optrede. Eerstens sou dit te veel tyd en geld van die Bloemfontein- en ander munisipaliteite verg.[86] Tog lewer hy kritiek teen die regering se onwilligheid om finansiële steun aan swart onderwys uit te brei, want die swartes het deur middel van hoof- en hutbelasting 'n bydrae tot die staatskas gemaak.[87] Hy openbaar dus 'n dualisme. Hy is ten gunste van die opheffing van die swartes deur onderwys, maar hy vind regverdiging vir die blankes se gebrek aan daadwerklike optrede om die lewensomstandighede in die lokasie te verbeter. In die tweede plek was die swartes "nie aan beter toestande gewoond nie en tevrede en gelukkig om só te lewe".[88] Hierdie gedagte word deur hom herhaal as hy skryf dat

> *die woontoestande in die lokasies, hoewel nie ondraaglik nie, glad nie ideaal was nie. Hulle het self egter nie op die ontwikkeling aangedring nie en hul vestiging in die lokasies het aan hulle lewenswyse en ekonomiese bestaan 'n bepaalde bestendigheid verleen.*[89]

Sonder dat hy swart bronne geraadpleeg het, spreek Van Aswegen hom uit oor die swartes se belewing van hul omstandighede.

Ten spyte daarvan dat Van Aswegen die blankes se gebrek aan sensitiwiteit vir die swartes se haglike lewensomstandighede uitwys, is hy van mening dat daar "nouliks van die blankes verwag [kan] word" om die swartes op te hef terwyl daar nog baie blankes was wie se toestand om opheffing gevra het.[90] Hy stel die opheffing van volks-/rasgenote as prioriteit.

Hierdie begrip vir die blankes se gebrek aan optrede word deur JJ Oberholster gedeel:

> *Deur die jare heen het hierdie lokasie [by Bothaville] onbeplan aangegroei. Vanselfsprekend was die aanleg slordig, ongeorganiseerd, die wonings bouvallig, die sanitêre toestande ellendig en die leefwyse swak. Die gevolg was dat die ou dorpsbestuur verplig was om 'n nuwe lokasie aan te lê, maar 'n gebrek aan fondse het 'n doeltreffende administrasie onmoontlik gemaak.*[91]

---

85 *Ibid.*, p. 353 baseer sy beskrywing van toestande in die lokasies op 'n hoofartikel in *De Express*, 14 Januarie 1890 en Muller, *Zuid-Afrika. Reisherinneringen*, pp. 280-281.
86 *Ibid.*
87 Cf *ibid.*, p. 328.
88 *Ibid.*, p. 353.
89 *Ibid.*, p. 221.
90 *Ibid.*, p. 354.
91 JJ Oberholster, Historiese oorsig, in OWA Hoops (samest), *Bothaville, 1891-1966*, p. 38 meld nie wanneer die "nuwe lokasie" aangelê is nie, die moontlikheid bestaan dat dit na 1910 kon plaasgevind het.

Ook Eloff skep die illusie dat die swartes tevrede was met hulle lewensomstandighede, want hulle het "slegs genoeg gewerk en geproduseer ... om in hul eie lewensbehoeftes te voorsien".[92]

Hierdie siening word nie deur Le Roux gedeel nie. Hy gee 'n uitvoerige beskrywing van die swak toestande in die lokasies gedurende die ORK-tydperk. Hy wys onder andere op oorbevolking, swak riolering en gesondheid, asook die hoë sterftesyfer. Die traagheid wat die blankes geopenbaar het om die toestande te verbeter, word by herhaling beklemtoon.[93] Hy lewer skerp kommentaar op die blankes se gedifferensieerde optrede:

> *Dit was merkwaardig hoe vinnig die plaaslike en sentrale owerhede kon reageer wanneer siektetoestande onder die Nie-Blankes die lewens van die Blankes in gevaar gestel het.*[94]

De Kiewiet veroordeel ook die blankes wat hulself gedistansieer het van die haglike omstandighede waaronder die Vrystaatse swartes geleef het:

> *[T]he average republican ... accepted no responsibility for poverty amongst the natives. To the sight of destitution their answer was that there was work for every man.*[95]

De Kiewiet en Le Roux se sensitiwiteit vir die toestande waaronder die swartes geleef het, is reeds in die 1900-herinneringswerk van Dorsia Bagot aanwesig. Die verskil tussen die finansiële vermoëns van Bloemfontein se blankes en swartes word deur haar uitgewys. Volgens Bagot was daar in 1900 feitlik geen armblankes in Bloemfontein nie. Maar die swartes het in "the most extraordinary and cramped conditions, in little mud kraals, more like ant-heaps than dwelling places" aan die buitewyke van die dorp gewoon.[96] Die blote uitwys van die gegewens dui op 'n bewustheid, en waarskynlik empatie.

In teenstelling met Van Aswegen en Eloff wat beweer dat die swartes die situasie lydelik aanvaar het, wys Schoeman daarop dat die beperkinge waaronder die swartes geleef het,[97] tot groot ontevredenheid gelei het.[98] In 1984 skryf André Odendaal:

---

92 Eloff, *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, p. 136.

93 *Vide* Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910*, pp. 145-156.

94 *Ibid.*, p. 155. In 1908 het maagkoors in Bloemfontein uitgebreek. Drie gevalle onder die blankes en elf onder die swartes is gerapporteer.

95 De Kiewiet, *A History of South Africa*, p. 85 bespreek die arbeidsverhoudinge in die Vrystaat en Transvaal in die 1850's.

96 Dorsia Bagot, *Shadows of the War*, p. 137. Op inisiatief van die skrywer is die Portland mobiele hospitaal in 1900 in Bloemfontein gestig.

97 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 131. Regulasies is in 1894 aangeneem wat die verkoop van *juala* en ander bedwelemende drank en die hou van dans en ander partye verbied het, en geen swarte mag snags sonder dringende rede in die lokasie op straat wees nie. Die blanke gedeelte van die stad is in die regulasies van 1894 en 1897 "beskerm" deur die stelsel van registrasie en

> *The greatest grievances harbourd by blacks were against the special oppressiveness of municipal laws which they felt infringed seriously on their rights and reduced them to a position of virtual slavery.*[99]

Odendaal wys daarop dat die inwoners van Waaihoek 'n versoekskrif aan die Bloemfonteinmunisipaliteit gerig het om paswette minder streng toe te pas. Polisie-optrede tydens die toepassing van dié wette word gekritiseer.[100] Hy wys daarop dat munisipale amptenare soms geweier het om afgevaardigdes van Waaihoek te woord te staan.[101] Om die ontevredenheid van die Vrystaat se swartes met hul hul omstandighede te illustreer, verwys Odendaal onder andere na 'n brief van WN Somnegesi van Rouxville aan die pers waarin na die Vrystaat as 'n "slave state" verwys word.[102] Die Bloemfontein stadsraad het "the most stringent laws" gemaak sonder om die Waaihoek-inwoners te konsulteer.[103]

Schoeman wys op sy beurt daarop dat die swartes "met baie min hulp", hoofsaaklik dié van die kerkgenootskappe, "moeisaam besig was om op eie krag vooruit te kom".[104] In teenstelling met Van Aswegen wat sinspeel dat die swartes geen belangstelling getoon het om hulself op te hef nie, wys Schoeman daarop dat die swartes gretig gebruik gemaak het van die geleenthede wat die kerke hulle gebied het tot "selfverbetering en tot eventuele ontsnap uit hulle situasie".[105] Ter verifiëring van hierdie siening wys hy op die leerlingtal van die swart skole van Bloemfontein (1906) en die feit dat daar teen die eeuwisseling in baie swartes se huise boeke aanwesig was.[106]

Schoeman kritiseer die regering se gebrek aan betrokkenheid by die swartes se opheffing: "Wat die owerheid betref, is daar nie veel meer gedoen as om die bestaande beginsel van Swart diensbaarheid aan die Blanke te bestendig en uit te brei nie."[107] Verbeteringe wat wel aangebring is, was in die eerste instansie ten bate van die blanke Bloemfonteiners.[108]

---

"verlofbriefies", die aandklok om nege-uur, die bepaling dat geen werkgewer sonder verlof meer as vyf swartes snags op sy perseel mag huisves nie, en uitgebreide reëlings in verband met die openbare optrede van swartes.

98 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 131: 'n Deputasie het in 1897 by die burgemeester van Bloemfontein beswaar aangeteken teen veral die klopjagte wat uitgevoer is om verlofbriefies te kontroleer.

99 Odendaal, *Vukani Bantu!*, p. 58.

100 *Ibid.*, p. 21.

101 *Ibid.*, p. 58.

102 *Vide ibid.*, p. 22 vir 'n uittreksel uit die brief. Die brief het in 'n Kaapse koerant, *Imvo Zabantsundu*, en *De Express* van Bloemfontein verskyn.

103 *Ibid.*, p. 58.

104 Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 83; 131.

105 *Ibid.*, p. 221.

106 *Ibid.*, pp. 220-221.

107 *Ibid.*, p. 84.

108 *Ibid.*, pp. 44; 219 verwys na die oprigting van 'n aantal openbare latrines aan die buitewyke van die dorp (1882) en 'n washuis (1900). In 1900 is 'n gesondheidsbeampte aangestel.

Schoeman skets 'n somber prentjie van Waaihoek. Dit was oorbevolk. Klagtes is gereeld gehoor oor die swak toestand van die strate.[109] Ten spyte van die haglike omstandighede was die sosiale lewe van Waaihoek druk en is daar gereeld krieket en rugby gespeel.[110] Schoeman toon agting vir die Waaihoek-inwoners:

> *Hoe die mense dit reggekry het om hierdie lewenspeil te handhaaf, is nie duidelik nie, want die enigste vooruitsigte wat die lewe hulle gebied het, was om as huisbediendes, wasvroue, knegte of arbeiders in die diens van die Blankes te tree of as 'shoemakers, carpenters, masons, smiths, etc' vir hulle rasgenote te werk.*[111]

Terwyl voorafgaande geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se uitsprake oor die swartes se aanvaarding aldan nie van hulle lewensomstandigheid wentel rondom toestande in Waaihoek, illustreer Keegan se bespreking van deelboerdery in die Vrystaat die swartes se ywer om hulleself finansieel te bemagtig en gevolglik hulle lewensomstandighede te verbeter. In 'n geverifieerde bespreking wys hy daarop die swart deelboere as onafhanklike, innoverende, hardwerkende en produktiewe boere opgetree het. Om die beperkende wette oor grondeienaarskap en die huur van plase te omseil, het van die swart boere die inisiatief geneem en grondlose blanke boere aangemoedig om namens hulle grond te huur.[112]

Samevattend kan daarop gewys word dat geskiedskrywers dit eens is dat die toestande in Waaihoek haglik was. Maar dit is waar die ooreenkoms tussen van dié geskiedskrywers eindig. Die Afikaners het as gevolg van beskawingsverskille 'n vrugtelose stryd gestry om die swartes op te hef. Maar dit kan ook nie van die blanke regering, wat 'n tekort aan fondse gehad het, verwag word om die swartes ten koste van die blankes op te hef nie, veral as in ag geneem word dat die swartes tevrede was met hulle lewensomstandighede, aldus Van Aswegen. Daarenteen veroordeel Le Roux, De Kiewiet en Schoeman die blankes vir hulle onbetrokkenheid. Die blankes was slegs bereid om die swartes te hulp te snel as sodanige optrede tot voordeel van die blankes sou strek: die blankes sou die swartes finansieel steun in ruil vir arbeid (De Kiewiet) en hulle woongebiede opgradeer as dit 'n gesondheidsrisiko vir die blankes inhou (Le Roux en Schoeman). Die persepsie wat deur Van Aswegen en Eloff geskep word, naamlik dat die swartes tevrede was met hulle lewensomstandighede in die lokasies en skynbaar van die blankes se goedgesindheid afhanklik was om hulle lot te verbeter, word deur Schoeman en Odendaal verwerp. Die swartes het tevergeefs verskeie vertoë tot die owerheid gerig om hulle lewensomstandighede te verbeter. Met beperkte

---

109 *Ibid.*, p. 219.
110 *Ibid.*, p. 221.
111 *Ibid.* verwys na toestande in Waaihoek gedurende die eerste dekade van die twintigste eeu. Waaihoek is in 1924 gesloop om plek te maak vir 'n kragsentrale.
112 Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, pp. 56; 60-61; 69.

middele tot hulle beskikking het hulle self daarin geslaag om hulleself op te hef. Laasgenoemde siening word deur Keegan onderskryf in sy bespreking van deelboerdery in die Vrystaat.

Schoeman, Le Roux en Van Aswegen verifieer hulle standpunte uit blanke bronne. Maar terwyl Van Aswegen dié bronne benut ter regverdiging van die blankes se apatiese houding teenoor die swartes, word die bronne deur Le Roux en Schoeman aangewend om diskrepansies in die blankes se optrede teenoor die swartes uit te wys. Hierdie drie skrywers rapporteer nie bloot gebeure nie, maar tree krities-analities vanuit hulle onderskeie verwysingsraamwerke op. Keegan se uitsprake berus hoofsaaklik op mondelinge getuienis en bied 'n byna intieme blik op die lewe van die swart deelboere. Hy merk tereg op:

> *Microstudies can open up whole terrains of human experience, which previously lay hidden from history.*[113]

### 6.1.5 Ten slotte

Aan die pleidooie deur historiograwe dat sosiale geskiedskrywing groter prominensie in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing moet geniet,[114] is nog nie gehoor gegee in die Vrystaatse historiografie nie. Met die uitsondering van Van Aswegen, Le Roux, Schoeman en Keegan wat pertinent aandag aan die verhoudinge tussen die "gewone mense" - blank en swart - in die Vrystaat gee,[115] is voorafgaande historiografies bespreking van sosiale verhoudinge tussen blank en swart in die Vrystaat in wese 'n samekoppeling van geïsoleerde, byna terloopse beskrywings deur hoofsaaklik skrywers van herinneringswerke oor fasette soos kleredrag en sosiale gewoontes. 'n Wesenlike gevaar vir geskiedskrywers is dat hierdie en soortgelyke rassistiese uitsprake deur blanke tydgenote tot waarhede verhef sal word as gevolg van 'n gebrek aan geskrewe bronne deur swart tydgenote. Geskiedskrywers sal hulle tot mondelinge getuienis en swart volksverhale moet wend om blank en swart se sosiale verhoudinge in die Vrystaat te rekonstrueer.[116] Die sosiale geskiedenis van die Vrystaat is immers die geskiedenis van al sy inwoners soos beleef deur al sy inwoners.

---

113 *Ibid.*, p. xvi.

114 Van Jaarsveld, *South Africa as an industrial society*, pp. 95-96; Van Jaarsveld, *Demokratisering in die geskiedwetenskap*, p. 31; Van Jaarsveld, *Geskiedenis van die alledaagse lewe - 'n nuwe stroming in die Duitse sosiale geskiedskrywing*, pp. 3-13; Bergh, *Uitdagings vir die Afrikaanse historikus*, p. 21; Van Zyl, *Geskiedenis as vak en wetenskap: nuwe uitdagings*, p. 1; Grundlingh, *Sosiale geskiedenis en die dilemma in die Afrikanergeskiedskrywing*, pp. 32-35.

115 Alan F Hattersley, *An illustrated Social History of South Africa*, pp. 225-233 beskryf met die uitsondering van 'n enkele verwysing na swart konstabels, die sosiale lewe van die Vrystaatse blankes.

116 *Vide* o.a. Thompson, *The voices of the past. Oral history;* Caunce, *Oral History and the Local Historial*; Tosh, *The persuit of History. Aims, methods and new directions in the study of modern history*; Seldon & Pappworth, *By word of mouth, élite oral history*; Sharpe, *History from below*, pp. 24-41; Lichtman & French, *Historians and the living past*, pp. 122-181;

Ten spyte van beskuldigings dat Afrikanersentriese geskiedskrywers hulle grootliks distansieer van sosiale geskiedskrywing,[117] is twee van die resente werke deur professionele geskiedskrywers wat die studieterrein in die Vrystaat in diepte ontleed het, verbonde aan genoemde historiografiese skool.

## 6.2 Blank-swart-onderwysverhouding in die Vrystaat 1800-1910

### 6.2.1 Onderwysgeskiedskrywing

Historiese opvoedkundiges opereer op grond van die aanname dat onderwysgeskiedskrywing méér moet wees as 'n rekonstruksie van die onderwysverlede. Die primêre doelstelling van onderwysgeskiedskrywing binne die kader van die historiese opvoedkunde is volgens CC Wolhuter "die rekonstruksie en interpretasie van die onderwysverlede ... gerig op die ontsluiting van die opvoedings- en onderwyswerklikheid".[118] Die studieobjek van die historiese opvoedkunde is nie primêr die verlede nie, maar die opvoedings- en onderwyswerklikheid. Dit is toekomsgerig en het ten doel die beligting van eietydse onderwysprobleme, selfbeeld- en identiteitsvorming, nasionale vorming en die morele voorbereiding van die onderwyser.[119] JG van Staden stel dit onomwonde dat die "historie ... vir die Historiese Opvoedkunde ... 'n hulpmiddel [is]: dit dien slegs om die pedagogiese in die historiese te ontsluit; dit verskaf die terrein waarop gewerk word".[120]

Die klemverskuiwing vanaf onderwysgeskiedskrywing as ontsluiting van die onderwysverlede na onderwysgeskiedenis as 'n middel tot 'n doel moet volgens Michael Cross toegeskryf word aan die skoolkrisis in Suid-Afrika sedert die 1976-Soweto-onluste,

---

Vansina, *Oral tradition as history*, pp. 13-32; 199-201 vir metodologiese riglyne vir die benutting van mondelinge getuienis en volksverhale deur geskiedskrywers.

117 Van Jaarsveld, *South Africa as an industrial society*, pp. 95-96; Van Jaarsveld, *Demokratisering in die geskiedwetenskap*, p. 31; Grundlingh, *Sosiale geskiedenis en die dilemma in die Afrikanergeskiedskrywing*, pp. 32-35; Martin J Murray, The origins of Agrarian Capitalism in South Africa: a critique of the "Social History" perspective. *Journal of Southern African Studies*, 15(4), Oktober 1989, pp. 645-650.

118 CC Wolhuter, Historiografie van die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis soos beskou vanuit 'n histories-opvoedkundige perspektief, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 16(4), 1966, pp. 180-181.

119 Wolhuter, *Historiografie van die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis soos beskou vanuit 'n histories-opvoedkundige perspektief*, pp. 180-181; Elsa G Kruger, *Die toekoms van die verlede*, professorale intreerede, Unisa, 19 September 1991, p. 18; JH Coetzee, Metagogiek, 'n Nuwe deeldissiplinêre benadering, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 3(4), 1983, p. 188; OA Henning, *Die akademiese bestaansreg en betekenis van die Filosofie en Geskiedenis van die Opvoedkunde met betrekking tot die ontsluiting van agogiese perspektiewe in 'n post-apartheid Suid-Afrika*, professorale intreerede, Univeriteit van die Oranje-Vrystaat, 22 Oktober 1997; JH Coetzee, Toekomsstudie as opgawe van die Historiese Opvoedkunde: regverdiging en motivering, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 9(1), 1989, p. 40; JG van Staden, Historiese Opvoedkunde: 'n eie onderskeidende perspektief, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 9(3), 1989, p. 587.

120 Van Staden, *Historiese Opvoedkunde: 'n eie onderskeidende perspektief*, p. 587.

want daar moes antwoorde/oplossings vir hierdie krisis gevind word.[121] Terwyl die publikasie *Apartheid and Education: The education of Black South Africans* (1984) onder redaksie van Peter Kallaway die radikale neo-Marixistiese skool in die historiese opvoedkunde vestig, blyk dit uit 'n oorsig deur Wolhuter oor onderwysgeskiedenispublikasies gedurende die periode 1986-1995 dat ten opsigte van boeke die stem van die Afrikanersentriese historiese opvoedkundiges feitlik stil geword het. Die enigste werk deur 'n liberale historiese opvoedkundige is AL Behr se *Education in South Africa: 1652-1988: Origins; issues and trends*. Daarteenoor het verskeie radikale historiese opvoekundige, asook probleemgesentreerde a-paradigmatiese publikasies verskyn.[122] Onderwysgeskiedskrywing het dus van blanksentries na swartsentries verskuif. Wolhuter bepleit tereg dat dit noodsaaklik is dat daar 'n sintese van die totale onderwysverlede moet plaasvind, sodat "lesers vanuit alle sektore van die bevolking hulle positief [daarmee] sal kan identifiseer".[123]

Solank as wat die verledebeeld slegs 'n middel tot 'n doel vir historiese opvoedkundiges bly, sal die onderwysgeskiedenis van blank én swart in die Vrystaat ongeskrewe bly. Slegs enkele aspekte, wat direk betrekking het op die onderskeie opvoedkundiges se spesifieke pedagogiese studieobjekte, sal aangeraak word.

Die teboekstelling van die onderwysverlede is nie net die taak van die geskiedskrywer nie, maar ook dié van historiese opvoedkundiges. In teenstelling met die vyf historiografiese skole wat in hierdie proefskrif vir klassifikasiedoeleindes gebruik is,[124] word historiese opvoedkundiges gewoonlik in drie skole ingedeel, naamlik die konserwatiewe nasionale tradisie, die liberale en radikale neo-Marxistiese skole. Historiese opvoedkundiges van die konserwatiewe nasionale tradisie is in wese geesgenote van die Afrikanersentriese geskiedskrywers. Onderwysgeskiedenis word deur hulle geskryf vanuit die oortuiging dat die Afrikaner die meerdere van die swarte is en dat elke kultuurgroep in Suid-Afrika sy eie eksklusiewe skole moet hê. Die revisionistiese geskiedskrywers en radikale neo-Marxistiese historiese opvoedkundiges deel die oortuiging dat ekonomiese faktore 'n deurslaggewende rol in onder andere die Afrikaner se onderdrukking van die swarte gespeel het. Beide liberale geskiedskrywers en historiese opvoedkundiges lê klem op aspekte soos individuele vryheid en regte, die handhawing van regsgesag en die kapitalistiese ekonomie.[125] Aangesien die

---

121 Micheal Cross, A historical review of education in South Africa: towards an assessment, *Comparative Education*, 22(3), 1986, p. 185.

122 *Vide* Wolhuter, *Historiografie van die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis soos beskou vanuit 'n histories-opvoedkundige perspektief*, pp. 180-181.

123 Wolhuter, *Historiografie van die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis soos beskou vanuit 'n histories-opvoedkundige perspektief*, p. 184.

124 *Vide* Voorwoord.

125 Moll *et al*, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, pp. 7-17; 29-37; Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, pp. 307-309; Wolhuter, *Historiografie van die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis soos beskou vanuit 'n histories-opvoedkundige perspektief*, pp. 180-181; Cross, *A historical review of education in South*

onderwysgeskiedenis van die Vrystaat nie net deur historiese opvoedkundiges en geskiedskrywers verbonde aan genoemde drie skole geboekstaaf is nie, sal in dié historiografiese analise ook na die persepsies van enkele neo-liberale en swart geskiedskrywers gelet word.

### 6.2.2 Onderwys aan swartes in die Vrystaat

Verskeie professionele en amateurgeskiedskrywers en kerkhistorici ignoreer die rol van swartes in die Vrystaat se onderwysgeskiedenis. Feitlik alle skrywers wat die geskiedenis van die onderskeie Vrystaatse dorpe[126] of gemeentes[127] geboekstaaf het, het 'n hoofstuk of onderafdeling aan die ontwikkeling van onderwys in die onderskeie dorpe gewy. Dié beskrywings maak slegs van die ontwikkeling van onderwys aan blankes melding. Uitsonderings is die werke van JA Bosch en HB Koen. Hierdie skrywers verwys nie net na die onderwys aan blankes in Philippolis en Reitz nie,[128] maar wy enkele paragrawe aan die vestiging van swart skole.[129] Maar kwantitatiewe verskille dui op die verskil in prioriteit wat

---

*Africa: towards an assessment*, pp. 185-197; Michael Cross, *Resistance and transformation. Education culture and reconstruction in South Africa*, pp. 7-41.

126 *Vide* o.a. JD Kriel, *Meester Grimm hou skool met sy kroos staande*, in JD Kriel & P Germishuys (reds), *Vredefort: driekwart-eeufees, 25-28 April 1957*, pp. 13-17; I Hatting, *Dewetsdorp: grepe uit die geskiedenis van die dorp en distrik, 1880-1980*, pp. 64-92; Flemming, *Hoopstad, 1875-1975*, pp. 109-120; HM van der Mescht, *Die geskiedenis van die onderwys in Jagersfontein*, in SL Barnard (red), *Jagersfontein, 1882-1982*, pp. 55-58; Moll, *Hennenman*, pp. 105-129; Spies, *Hennenman (Gedenkuitgawe)*, pp. 7-18; Steytler, *Harrismith*, pp. 129-135; 149-152; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, pp. 85-107; Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, pp. 148-176; JA Henning (samest), *Gedenkalbum Theunissen, 1907-1982*, pp. 48-54; WL Groenewald (samest), *Gedenkalbum Theunissen, 1907-1957*, pp. 69-82; DI Erasmus, *Heilbron, 1873-1973,* pp. 31-42; GD Scholtz, *Geskiedenis van Ventersburg en omgewing, 1873-1973*, pp. 57-68; Van Niekerk, *Winburg 150 jaar (1842-1992)*, pp. 35-39; Uys, *Rouxville (1863-1963)*, pp. 134-147; Oberholster, *Wepener 1869-1969*, pp. 112-138; WD van der Sesser, Skool in die kerk, in Pieter J Germishuys (red), *Kroonstad eeufees/centenary*, pp. 37-39.

127 Oberholster & Van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat*, pp. 161-187 skryf veralgemenend oor die rol wat die NG Kerk in blanke onderwys in die Vrystaat gespeel het; skrywers wat na die rol van die NG Kerk in die onderskeie Vrystaatse dorpe gespeel het, verwys is o.a. WA Venter, *Die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Bloemfontein gedurende die pioniersjare 1848-1880*, pp. 257-268; HCJ Flemming, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk Heilbron. 'n Eeu van genade en diens, 1873-1973*, pp. 170-188; HCJ Flemming, *Nederduitse Gereformeerde Kerk Ladybrand*, pp. 161-172; WB van der Vyver, *Eeufeesalbum Boshof. 'n Beknopte oorsig van die geskiedenis van die Ned. Geref. Gemeente, 1856-1956*, pp. 135-154; A Stockenström, *Historiese oorsig van die Gemeente Ficksburg 1869-1957*, pp. 112-125; DPM Olivier, *Kerk Souvenir van Senekal. Vyftigjarige bestaan 1879-1929*, pp. 111-121; F Kayser (samest), *Eeufeesalbum van die Nederduits Gereformeerde Kerk Wepener 1870-1970* (geen bladsynommers nie). Die gedeelte is, met die nodige erkenning, woordeliks oorgeneem uit Oberholster, *Wepener 1869-1969*, pp. 112-138.

128 JA Bosch, *Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente Philippolis 1862-1962, pp. 115-130*; HB Koen, *Die geskiedenis van Reitz 1889-1989*, pp. 77-93.

129 Bosch, *N.G. Gemeente Philippolis*, pp. 110-111. In Philippolis is 'n sendingskool gedurende die 1880's gestig. Of die skool voorsiening moes maak vir die Griekwa- of swartkinders, of beide, word nie vermeld nie. Die enigste aanduiding in die verband is die naam van die eerste

die skrywers aan onderwys aan blankes en swartes verleen. Vir sommige staatkundig-politieke geskiedskrywers,[130] biograwe,[131] die historiese opvoedkundige P Pistorius[132] en die koloniale geskiedskrywer LS Amery[133] is die geskiedenis van onderwys in die Vrystaat dié van onderwys aan die blanke kind.

Die ignorering van onderwys aan swartes beteken egter nie dat alle werke wat nie aandag aan swart onderwys skenk nie, swart onderwys bewustelik misken nie. Sodanige verswyging kan tematies geregverdig word. PJ Nienaber en N Mansvelt skenk redelik volledig aandag aan die 19de eeuse taalstryd in blanke skole in die Vrystaat.[134] Aangesien swart onderwys tot 1953 hoofsaaklik in die hande van sendingorganisasies was én deur medium van Engels plaasgevind het, is dit begryplik dat hierdie skrywers nie aandag aan onderwys aan swartes skenk nie.

Die memoires van eerwaarde John Brebner, wat vanaf 1874 tot 1899 hoof van die Vrystaatse Onderwysdepartement was, bied 'n persoonlike blik op die ontwikkeling van onderwys aan blankes in die Vrystaat. Die skrywer maak geen verwysing na onderwys aan swartes nie.[135] Sy werksopdrag was die vestiging van 'n onderwysstelsel vir blankes. Dié opdrag het hy uitgevoer sonder om vrae te vra of redes aan te voer waarom daar nie voorsiening vir staatsonderwys aan swartes gemaak is nie.[136]

In die werkie, *Die Boemfonteinse bewaarskool, 1874-1900* aanvaar ISJ Venter dit skynbaar as 'n gegewe dat dié staatsondersteunde skool slegs onderwys aan blankes verskaf het. Hoewel dit uit Venter se bespreking van onderwys aan swartes in Thaba Nchu deur die

---

permanente onderwyser, naamlik Jacob Moses. Koen, *Die geskiedenis van Reitz 1889-1989*, pp. 93-94. Die eerste swart skool in Reitz is eers in 1938 voltooi.

130 JA Marais, *Die ontstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-kolonie 1902-1912*, pp. 42-55; Scholtz, *Politieke denke*, deel III, pp. 96-103; PC Fourie, *Die administrasie van die Oranje-Vrystaat tot 1859*, pp. 214-216. Kriel, *Die verhouding tussen kerk en staat in die Republiek van die Oranje-Vrystaat (1854-1902)*, pp. 189-206 bespreek die rol van die NG Kerk in onderwysontwikkeling in die Vrystaat. *Ibid.*, pp. 226-254 verwys na die verhouding tussen die staat en "vreemde kerkgenootskappe", te wete die Rooms Katolieke, Metodiste, Wesleyaanse, Lutherse, Baptiste en Skotse Presbiteriaanse Kerke, maar geen verwysing word gemaak van dié kerkgenootskappe se bydrae op onderwysgebied in die Vrystaat nie.

131 DS Jacobs, *Abraham Fischer in sy tydperk (1850-1913)*, pp. 218-221; MCE van Schoor, *Johan Daniël Kestell 1854-1941. Outobiografies beskryf*, pp. 164-118 en PJ Nienaber, *Dr. J.D. Kestell. Vader van die Reddingsdaad*, pp. 75-79 wys op die rol wat Kestell in die uitbouing van blanke onderwys in die Vrystaat gespeel het.

132 P Pistorius, *Gister en vandag in die opvoeding*, p. 5 stel dit dat die werk as "handleiding" en "rigting-gewende inleiding" vir studente in die Historiese Pedagogiek geskryf is. Ten opsigte van die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis konsentreer die werk op onderwys aan blankes in die Kaap en Transvaal.

133 Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol VI, pp. 142-143 verwys na die hervestiging van onderwys onder die blankes in die Vrystaat na die ABO.

134 PJ Nienaber, *Die Vrystaatse taalbeweging*, pp. 142-171; N Mansvelt, *Het onderwijs in Zuid-Afrika, vooral met betrekking tot de Nederlandsche taal*, pp. 18-24.

135 *Vide* John Brebner, *Memoir of the life and word of Rev. John Brebner*, pp. 53-94.

136 Cf Brebner, *Memoir of the life and word of Rev. John Brebner*, pp. 53-94.

Wesleyaanse Sendinggenootskap[137] ook skyn asof hy aparte skole as 'n gegewe aanvaar, moet met demografiese faktore rekening gehou word. Met die uitsondering van die sendelinge en enkele blankes was die bevolking van Thaba Nchu swart. Demografiese en onderwysrealiteite dien as regverdiging vir Venter se rasgebaseerde besprekings.

Die eerste druk van *Onderwys in Suid-Afrika* onder redaksie van JC Coetzee,[138] wat in 1958 verskyn het, bevat geen verwysing na onderwys aan swartes in Suid-Afrika nie, maar "vanweë die belangrike ontwikkeling van Nieblanke-onderwys sedert die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika is 'n nuwe hoofstuk" in die tweede druk bygevoeg (1963).[139] In hierdie boek word 82 bladsye aan die geskiedenis van blanke onderwys,[140] maar slegs 'n halwe bladsy aan die van swart onderwys[141] in die Vrystaat gewy. Hierdie kwantitatiewe verskil is kenmerkend van werke deur historiese opvoedkundiges uit Afrikanergeledere.[142] Volgens Peter Kallaway is dié verskynsel 'n bewys van die onbetrokkenheid en onverskilligheid van Afrikanersentriese historiese opvoedkundiges teenoor onderwys aan swartes.[143]

Van die liberale historiese opvoedkundiges toon dieselfde tendens as hul Afrikanerkollegas wat betref die verskil in die aantal bladsye wat in hulle werke aan die bespreking van onderwys aan blank en swart in die Vrystaat afgestaan word.[144] Die teendeel is egter ook waar. Die werke van Charles T Loram (1917), Edgar H Brookes (1924) en Muriel Horrell (1963) handel eksklusief oor onderwys aan swartes.[145]

Micheal Cross beskou EG Malherbe as die vader van die liberale historiese opvoedkundiges. Malherbe het hom gedurende die twintiger en dertiger jare nie uitgespreek oor onderwys aan swartes nie, maar hom eerder bemoei met die daarstelling 'n blanke Suid-Afrikanisme.[146]

---

137 ISJ Venter, *Die sendingstasie Thaba Nchu 1833-1900*, pp. 35-42.

138 Cross, *Resistance and transformation*, p. 8 beskou JC Coetzee as een van die belangrikste verteenwoordigers van CNO-gedagterigting.

139 JC Coetzee (red), *Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960*, p. vi.

140 *Ibid.*, pp. 135-217. MCE van Schoor is die skrywer van die afdeling wat handel oor die onderwys in die Vrystaat.

141 Coetzee (red), *Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960*, p. 443.

142 FJ Potgieter & CB Swanepoel, *Temas uit die historiese pedagogiek* wy 1 van 10 hoofstukke aan onderwys aan swartes; BF Nel, *Aspekte van onderwysontwikkeling in Suid-Afrika* 2 van 9 hoofstukke.

143 Peter Kallaway, An introduction to the study of education for blacks in South Africa, in Peter Kallaway (ed), *Apartheid and education. The education of black South Africans*, p. 3.

144 ME McKerron, *A History of education in South Africa (1652-1932)*, pp. 35-40 en pp. 163-164 word respektiewelik aan blanke en swart onderwys in die Vrystaat gewy; EG Pells, *300 years of education in South Africa* wy pp. 57-64 en pp. 110-114 aan blanke onderwys in die Vrystaat, maar slegs enkele reëls op p. 141 aan onderwys aan swartes in die gebied.

145 Charles T Loram, *The education of the South African Native*; Edgar H Brookes, *Native education in South Africa*; Muriel Horrell, *African education. Some origins and development until 1953*.

146 Cross, *Resistance and transformation*, p. 18.

Hoewel Cross van mening is dat Malherbe se belangstelling sedert die dertigerjare verskuif het vanaf blanke na swart onderwys,[147] handel slegs 4% van 'n 1977-publikasie oor onderwys aan swartes in Suid-Afrika. Malherbe bespreek die geskiedenis van onderwys aan swartes in die algemeen en oor provinsiale grense heen, maar gaan in redelike besonderhede in op die ontwikkeling van onderwys aan blankes in die Vrystaat.[148]

Tot en met die sewentigerjare is die onderwysgeskiedenis van die Vrystaat hoofsaaklik deur liberale en Afrikanersentriese opvoedkundiges, asook geskied- en kerkgeskiedskrywers uit Afrikanergeledere geboekstaaf. Hulle prioritisering van blanke onderwys lei tot 'n onvolledige beeld van die onderwysverlede van die Vrystaat.

### 6.2.3 Staatsbetrokkenheid by onderwys aan swartes

Die ontstaan van nasionale onderwysstelsels in die vroeë 19de eeuse Europa het saamgeval met die ontwikkeling van die moderne nasionale staatstelsel.[149] Onderwys het 'n nasionale aangeleentheid geword en opvoedkundiges het wêreldwyd 'n hoë prioriteit aan staatsbetrokkenheid by onderwysvoorsiening en -finansiering verleen.[150]

Tog blyk dit dat verskeie geskiedskrywers en historiese opvoedkundiges regverdiging vind vir die Vrystaat se regering se onbetrokkenheid by onderwysvoorsiening aan swartes.

In sy bespreking van onderwys in die Vrystaat gedurende die jare 1854 en 1902 wys Van Aswegen op die onbetrokkenheid van die regering by onderwysvoorsiening aan swartes: wetgewing met betrekking tot onderwysvoorsiening aan swartes het ontbreek; geen swarte het 'n bestuursposisie in die oorhoofse onderwysadministrasie beklee nie, want "daarvoor was hulle te onontwikkel en die blanke sou dit in ieder geval nie toegelaat het nie"; geen staatskool is vir swartes opgerig nie en geen onderwyser is deur die staat aangestel en besoldig om aan swart skole te onderrig nie.[151] As regverdiging vir dié onbetrokkenheid by swart onderwys konstateer Van Aswegen bloot dat onderwys aan swartes vir die blankes onbelangrik was en daarom het dit feitlik geen aandag of steun geniet nie.[152] Die apatiese

147 *Ibid.*, pp. 19-20.
148 Malherbe, *Education in South Africa (1652-1922)*, pp. 352-392.
149 Andy Green, *Education and state formation. The rise of education systems in England, France and the USA*, pp. 1-3; Brain Holmes, Introduction, in J Cameron, R Cowan, P Hurst & M McLean, *International handbook of education systems*, vol I, pp. 1-2; James Bowen, *A History of Western education, vol III, The modern West Europe and the New World*, p. 243; Harry G Good & James D Teller, *A History of Western education*, p. 298.
150 Green, *Education and state formation. The rise of education systems in England, France and the USA*, pp. 1-3; HJS Stone, *Gemeenskaplikheid en diversiteit. 'n Profiel van die Vergelykende Opvoedkunde*, pp. 82-84; OJ van Schalkwyk, Introducton: Some theoretical thoughts on education systems, in Elise Dekker & OJ van Schalkwyk (eds), *Modern education systems*, p. 43; OJ van Schalkwyk, *Die onderwysstelsel. Teorie en praktyk*, pp. 217-218.
151 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 323.
152 *Ibid.*, p. 323.

houding word nóg goedgekeur nóg veroordeel. Dit word as 'n gegewe aanvaar dat die blankes nie ten gunste van onderwys aan swartes was nie. Van Aswegen regverdig die afwesigheid van swartes in bestuursposisies op grond van hulle "onderontwikkeldheid", maar hy kritiseer nie die oorsaak van dié probleem, naamlik 'n gebrek aan onderwys nie.

Van Aswegen wys daarop dat die diepliggende rede vir die blankes se onwilligheid om onderwys aan die swartes te verskaf, geleë is in die houding van die blanke dat die swarte nie die gelyke van die blanke moes wees of geleenthede gebied moet word om dit te bereik nie, want dan sal hy onwillig wees om te werk en hom as die gelyke van die blanke beskou.[153] Van Aswegen veroordeel nie die siening nie; inteendeel, hy regverdig dit. Met die uitsondering van die filantrope, was die apatiese houding van die blanke teenoor die inboorlig in "feitlik alle wêrelddele waar die Europeër met die minder beskaafde inboorling in aanraking gekom het", die norm.[154] Sonder die verskaffing van bewyse ter ondersteuning van die beweerde internasionale tendens, word blanke rassisme tot 'n aanvaarbare gedragspatroon van die "beskaafde" Europeër teenoor die "minder beskaafde" inboorling verhef.

Ook Pells toon gedurende die sewentigerjare begrip vir die Vrystaters se onwilligheid om onderwys aan "the children of a race whose warriors had butchered unarmed white men, women and children" te verskaf.[155] AL Behr hou in 1971 nie net die Vrystaat-Basoeto-oorloë as regverdiging voor nie, maar is van mening dat "die jong republiek het nóg die geld nóg die tyd gehad om aandag aan die onderwys van die Naturelle te wy".[156]

In aansluiting by Van Aswegen en Behr wys Venter daarop dat as die kerk nie die taak van die onderrig van die swartes op sy skouers geneem het nie, sou dit agterweë gebly het, want "die staat het nóg die middele nóg die begeerte gehad om te voorsien in die onderwysbehoeftes van die nie-blankes".[157] Ten spyte van sy begrip vir die regering se onbetrokkenheid, betreur hy dit. Die swart kind is vir hom "kind en beelddraer van God".[158]

In aansluiting by Venter kritiseer Le Roux die ORK-regering se onbetrokkenheid by onderwys aan swartes. Die regering was volgens hom in ooreenstemming met die beginsel van blanke voogdyskap verantwoordelik vir die "opheffing en beskawing" van die swartes.

---

153 *Ibid.*, p. 330.
154 *Ibid.*
155 Pells, *300 years of education in South Africa*, p. 141.
156 AL Behr, Onderwys aan nieblankes, in JC Coetzee (red), *Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960*, p. 443. AL Behr, Education for non-whites, in AL Behr & RG MacMillan, *Education in South Africa*, p. 388 is feitlik 'n woordelikse vertaling, met slegs enkele toevoegings, van die gedeelte oor onderwys aan swartes in die Vrystaat in Coetzee (red), *Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960*, p. 443.
157 ISJ Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat 1854-1900*, p. 251
158 *Ibid.*, p. 43.

Dié verpligting is nie nagekom nie, want "die onderwysmaatreëls van die regering het slegs die bevordering van Blankes ten doel gehad".[159]

Terwyl sommige geskiedskrywers begrip toon vir die regering se onbetrokkenheid by onderwysvoorsiening aan swartes, is hulle meer krities oor regeringsfinansiering aan sendingskole.[160] Na die verskaffing van bewyse uit die *OVS Oranjeboek* wat 'n rekord verskaf van inkomste wat deur die regering gegenereer is uit die heffing van hoof- en hutbelasting aan swartes, sê Van Aswegen dat swart onderwys "sonder twyfel" gedurende die republikeinse periode afgeskeep is.[161] In aansluiting by Van Aswegen wys Le Roux op die verskille in regeringsbefondsing aan blanke en swart skole in die Vrystaat gedurende die periode 1903-1910. Die het swartes jaarliks 44 pennies hoofbelasting betaal het, maar die per capita-besteding aan swart onderwys was slegs twee pennies per jaar.[162] Na Le Roux se bespreking van onderwys aan swartes gedurende die ORK-tydperk, waarin hy na die getuienis van verskeie persone, organisasies en statistiek verwys,[163] kom hy tot die volgende gevolgtrekking:

> *[D]ie regering [het] die onderwys van die Nie-Blanke ten bate van Blanke onderwys geheel en al verwaarloos. Die regering se houding was ook 'n weerspieëling van die gesindheid van die Blanke teenoor die Nie-Blankes in die algemeen en swart onderwys in die besonder. Dit het voorgekom asof die Blankes hulle verantwoordelikheid teenoor die Nie-Blankes in die sin van voogdyskap ten opsigte van Nie-Blanke onderwys, skaamteloos verwaarloos het. Die oortuiging dat die Nie-Blanke nog minderwaardig en onbeskaaf was, dat sy arbeid slegs in belang van die Blanke aangewend moes word en dat opgeleide swartes 'n bedreiging vir Blanke heerskappy sou wees, het die Blanke handeling gemotiveer. Die een faktor wat in die onderwysvraagstuk die regering se houding teenoor die Nie-Blanke moes bepaal, die pedagogiese, is geïgnoreer.*[164]

In teenstelling met die kritiek deur Van Aswegen en Le Roux, reken sommige historiese opvoedkundiges dat die Vrystaatregering nie totaal onbetrokke teenoor onderwys aan swartes

---

159 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910*, p. 4.

160 Witsieshoek, Moroka en Bethanie was die enigste swart skole wat sedert 1889 finansiële steun van die Vrystaatregering ontvang het, aan eersgenoemde twee skole is £45 per jaar toegestaan en £30 aan Bethanie. Witsieshoek se toelaag is in 1893 verhoog tot £145, die ander twee skole se toelaag het tot en met die uitbreek van die oorlog onveranderd gebly. *Vide* Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 327-328.

161 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 328.

162 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910*, p. 189.

163 *Vide ibid.*, pp. 184-191.

164 *Ibid.*, p. 191. *Vide ibid.*, pp. 4; 202 vir 'n herhaling van die kritiek. In CJP le Roux, *Sir Hamilton John Goold-Adams se rol in die Oranjerivierkolonie, 1901-1910*, pp. 93-94 word sir Hamilton John Goold-Adams se siening oor onderwys aan swartes saaklik gerapporteer. Geen kommentaar word gelewer nie.

gestaan het nie. Die regering het beperkte fondse uit die staatskas beskikbaar gestel vir die finansiering van skole onder die beskerming van die Berlynse Sendinggenootskap en NG Kerk-sendingskole te Witsieshoek.[165] FJ Potgieter en CB Swanepoel meld dat die finansiële steun onderhewig was aan die voorwaarde dat die skole die leerplan moes volg wat die regering voorgeskryf het.[166] Die geselekteerde finansiering van onderwys aan swartes word nie deur hulle bevraagteken nie. Hoewel Muriel Horrell ook gewag maak van dié finansiële steun deur die Vrystaat se regering, is sy die enigste van dié skrywers wat meld dat dié steun aan skole in Witsieshoek in 1882 gestaak is. Voortaan sou die inwoners van die gebied self vir die finansiering van hul onderwys deur middel van 'n verpligte hutbelasting verantwoordelik wees.[167]

Debroey gee ongeverifieerde syfers ten opsigte van regeringsbefondsing aan onderwys gedurende 1889. Volgens hom het die Vrystaatse regering gedurende dié jaar £14980 aan blanke onderwys spandeer, maar slegs £125 aan sendingskole, "de enige waar een klein aantal inlandse kinderen terechtkom".[168] Net soos Van Aswegen, Le Roux en Horrell argumenteer hy dat die swartes deur die betaling van hutbelasting 'n substansiële bydrae tot die staatskas gelewer het, "maar de blanken wilden het onderwijs van Afrikanen niet bekostigen".[169] Op grond van navorsingsbevindinge deur Van Aswegen skryf Debroey dat die Vrystaatse regering onwillig was om onderwys aan swartes te voorsien uit vrees dat die blanke boere arbeiders sou verloor.[170] Hy reken dat "het eigenbelang primeerde".[171] In teenstelling met Debroey se skerp kritiek, gee André Odendaal toe dat hoewel die Vrystaatregering nie onderwys aan swartes aangemoeding het nie, hulle in beginsel hulle verpligting teenoor swart onderwys erken het deur die verskaffing van fondse.[172] Hy betreur die beperkte omvang van staatsbetrokkenheid, soos weerspieël deur die getal skoolgaande swartes in die Vrystaat.[173] Geletterde swartes was vir hom noodsaaklik vir die vestiging van swart bewustheid. Hy beklemtoon dat swartes in die Vrystaat 'n hoë premie op onderwys geplaas het: "Politically conscious Africans regarded education as the greatest instrument of

---

165 Loram, *The education of the South African native*, pp. 61-62; Pells, *300 years of education in South Africa*, p. 141; McKerron, *A History of education in South Africa (1652-1932)*, p. 163. Volgens Behr, *Education for non-whites*, pp. 388; 443 is die fondse oorbetaal aan goedgekeurde sendinggenootskappe. Hy dui egter nie aan wat die verskil tussen dié en ander sendinggenootskappe is nie. Hoewel Witsieshoek sedert die 19de eeu tot en met die totstandkoming van 'n nie-rassige Suid-Afrika in 1994 'n Basoeto-enklave binne die Vrystaat was, word dit in ooreenstemming met die inleidende terreinafbakening as deel van die Vrystaat beskou.

166 FJ Potgieter & CB Swanepoel, *Temas uit die historiese pedagogiek*, p. 180.

167 Muriel Horrell, *African education. Some origins and development until 1953*, p. 25.

168 Debroey, *Zuid-Afrika*, p. 395.

169 *Ibid.*

170 *Ibid.*, p. 396.

171 *Ibid.*

172 Odendaal, *Vukani Bantu!*, p. 20.

173 *Ibid.* verskaf leerlingtal, maar nie dié jaartal nie.

enlightenment and progress."[174] Odendaal sien dus in dat onderwys reeds in die vroeë stadium van die Vrystaat se onderwysgeskiedenis verpolitiseer is.

Die historiografiese analise van staatsteun aan swart onderwys illustreer hoe riskant rigiede klassifikasie van geskiedskrywers (en ook historiese opvoedkundiges) in historiografiese skole is. Afrikanersentriese geskiedskrywers soos Van Aswegen en Le Roux lewer kritiek omdat die Vrystaatse regering (Afrikaners en Britte) nie voldoende finansiële steun aan swart onderwys gegee het nie. 'n Neo-liberale geskiedskrywer is van mening dat die Vrystaatregering sy verpligting teenoor swart onderwys erken het deur finansieel daartoe by te dra.

Voorts illustreer voorafgaande historiografiese ontleding ook hoe belangrik dit is om gebeure in konteks te plaas. Afrikanersentriese historiese opvoedkundiges noem dat die blankes, ten spyte van finansiële probleme, sendingonderwys finansieel gesteun het. Hierdie skrywers suggereer dat die blankes 'n substansiële bydrae tot swart onderwys gelewer het. Le Roux, Van Aswegen, Horrell en Debroey wys egter daarop dat die Vrystaat se regering geld gegee het, maar hierdie bydrae was minder as dit wat die swartes tot die staatskas bygedra het.

### 6.2.4 Onderwysvoorsiening aan Vrystaatse swartes

Sake waaraan aandag gegee sal word in die historiografiese studie van onderwysvoorsiening aan swartes in die Vrystaat is eerstens geskiedskrywers, historiese opvoedkundiges asook skrywers van herinneringswerke se uitsprake oor die wenslikheid aldan nie van onderwys aan swartes, asook hulle sieninge oor die tipe onderwys wat verskaf moes word. Voorts sal gelet word na sommige van hierdie skrywers se regverdiging aldan nie van aparte onderwysstelsels vir blank en swart. Sieninge oor wat vilgens hierdie skrywers die Vrystaters se doel met onderwys aan die swartes was, sal ook uitgewys word. Laastens sal ondersoek ingestel word na die invloed van die tydsgees op geskiedskrywers, historiese opvoedkundiges en skrywers van herinneringswerke se interpretasie van onderwys aan swartes gedurende die laat 19de en vroeë 20ste eeu.

'n Bloemfonteinse sakeman spreek hom sterk uit teen onderwys aan swartes:

> *The natives, with very rare exception, come back a cunning rogue who does not see what good it is to have learned to write and draw up documents if he does not forge cheques and deeds. Many go back to their old habits, and education has done them no good. ... They, the natives, develop up to a certain point and then they stop.*[175]

---

174 *Ibid.*, p. 58 maak die stelling na aanleiding van die stigting van 'n swart onderwysersvereniging in die Vrystaat in 1903.

175 Fichardt, *A voice from Bloemfontein The Reminiscences of Gustav Adolph Fichardt*, p. 76.

Malan deel dié siening. Hy verwys na Mosjwesjwe se twee seuns, Nehemiah en David Mosjwesjwe, wat onderwys aan die sendingskool op Roodebloem naby Mowbray in die Kaap ontvang het. Neerhalend skryf hy op dat "hulle net genoeg geleerdheid ontvang [het om] 'n slegte voorbeeld vir hul nasie te wees".[176]

Daarteenoor baat blankes by onderwys:

> *The young Boer ... becomes a gentleman, shows tact and ability, takes honours in European universities, comes back an improved man in every way and occupies a position accordingly.*[177]

Ten spyte van bogenoemde Afrikanersentriese geskiedskrywer uit die voorwetenskaplike fase en GA Ficahrdt se teenkanting teen onderwys aan swartes, was swart onderwys in die Vrystaat 'n realiteit. Gevolglik spreek geskiedskrywers, historiese opvoedkundiges en skrywers van herinneringswerke hulle uit oor watter tipe onderwys aan swartes gebied moet word.

Die Anglikaanse diakones Maria SB Burton is nie ten gunste van "book-learning" aan swartes nie:

> *The native who has merely undergone a course of book-learning is sure to be a conceited man, and will probably become a* ***dangerous*** *one. Book-learning, pure and simple and unmixed, I believe to be a curse to the native rather than a blessing, a preparation moreover for war and bloodshed in days to come.*[178]

Sy verkies christelike onderwys soos vervat in "our own motto for our natives", naamlik evangelisasie en arbeid.[179]

Die Rolland-biograaf sien onderwys as onlosmaaklik deel van sendingwerk:

> *In die sending moet daar, om tot die wese van die inboorling deur te dring en om hom die Woord van God te leer, reeds van die begin af skole gestig word waar die doopleerlinge en die kinders onderrig kan ontvang wat hulle in staat sal stel om die Bybel te lees. Die skool verskaf terselfdertyd 'n mate van kennis aan die inboorlinge, hef hom op bo die aardgebonde en alledaagse lewe wat*

---

176 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 86.
177 Fichardt, *A voice from Bloemfontein The Reminiscences of Gustav Adolph Fichardt*, p. 76.
178 Maria SB Burton, *Happy days and happy work in Basutoland*, p. 51. Burton se beklemtoning. (Die werkie konsentreer op haar verblyf in Basoetoland ten tye van die ABO.)
179 *Ibid.*, p. 53.

> *hy tot in die stadium gevoer het en lei hom op die pad van vooruitgang en beskawing.*[180]

Terwyl Balfet (1912) en Burton (1903) ten gunste van onderwys met 'n sterk geestelike inslag is, is daar skrywers wat hulle vir of teen wat hulle "Westersgeoriënteerde onderwys" noem, uitspreek.

Terwyl Charles T Loram[181] en Edgar H Brookes hulle in 1917 en 1924 respektiewelik uitspreek ten gunste van Westersgeoriënteerde onderwys,[182] bepleit EG Pells in 1938 en 1970[183] onderwys wat sal voldoen aan die "behoeftes" van die swartes, want Westersgeoriënteerde onderwys lei tot die sogenaamde "educated Kaffirs". Pells beweer[184] dat slegs enkele swartes is wat hul verworwe kennis tot voordeel van hul eie mense gebruik, maar

> *the rest assumed extravagant European garb, a straw hat and an arrogant mouth. They were loud-mouthed and devoid of any real culture. They despised their own people. Aping the European, they were yet without the manners or traditions of the White man.*[185]

Volgens dié skrywer is die gevolg dus 'n persoon wat sy eie tradisionele kultuur afgelê het, maar nie in staat is om dit met die Westerse kultuur te vervang nie. Pells reken dat "the 'educated' Kaffir a tragic achievement" is.[186] Onderwys aan swartes het volgens hom nie ten doel om blank-swart-kontak uit te brei nie: "It is impossible and unthinkable for Whites to

---

180 Balfet, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, p. 83.

181 Edgar H Brookes, *Native education in South Africa*, p. 7 beskou Loram *The education of the South African native* 'n waardevolle en klassieke boek oor onderwys aan swartes.

182 Brookes, *Native education in South Africa*, p. 63 kom na 'n vergelykende bespreking van vroeg 20ste eeuse publikasies oor die intellektuele vermoëns van blank en swart tot die gevolgtrekking dat "the Bantu ought to be given educational facilities equal in degree and not markedly dissimilar in kind from those which we should approve for white South Africa". Loram, *The education of the South African native*, p. 25 meld: "It seems inevitable that any degree of civilisation which the Native people of South Africa attain must be the product of conscious or unconscious European example and guidance."

183 Pells, *300 years of education in South Africa*, p. 6 meld dat dié werk, wat in 1970 verskyn het, 'n hersiene en bygewerkte uitgawe van *The story of education in South Africa 1652-1983*, wat in 1938 verskyn het, is. Die uitsprake ten opsigte van onderwys aan swartes is egter presies dieselfde in beide uitgawes. Cf *ibid.*, pp. 128-143.

184 Volgens ISJ Venter & SM van Heerden, *Die fundering van die Historiese Opvoedkunde: 'n inleiding*, p. 80 verdien die werk van Pells vermelding as deel van die opvoedkundige historiografie op grond van sy "baanbrekerskarakter" en die "objektiwiteit van die uiteensetting". Nóg die "baanbrekerskarakter" nóg die "objektiwiteit van die uiteensetting" word deur die outeurs omskryf of met voorbeelde toegelig.

185 Pells, *300 years of education in South Africa*, p. 150. Hoewel die siening van Pells nie spesifiek op onderwys aan swartes in die Vrystaat betrekking het nie, dui dit op sy persepsies aangaande onderwys aan alle swartes, dus ook dié in die Vrystaat.

186 *Ibid.*

receive the average Native in their drawing-rooms on a footing of social and cultural equality."[187] Colin B Collins merk op dat Pells se publikasie

> *reads like an 18th century work and demonstrates an attitude towards the indigenous peoples that lives on to the present day.*[188]

Pells se sieninge geniet die steun van ander historiese opvoedkundiges. BF Nel skryf in 1942 dat "vreemde" sendelingonderwysers in die Vrystaat geglo het dat as swartes dieselfde metodiek en kurrikulum gebied sou word as blankes, hulle "uiteindelik as 'Blanke' [sou] ontpop".[189] In 1968 word beweer dat die "vernietigingswerk" van Westersgeoriënteerde onderwys lei tot die vorming van "'n kultuurlose en stamlose wese".[190] Ter ondersteuning van sy siening dat Westersgeoriënteerde onderwys vir swartes tot mislukking gedoem is, skryf Nel dat "die naturel ... op 'n laer peil van ontwikkeling as die blankes [staan]"[191] en dit is volgens hom

> *tog duidelik dat daar 'n groot verskil is tussen hom en die beskaafde westerling, aangesien die natuur in hom nog die botoon voer en hy dus nog min gevorder het in die omskepping van die natuurlike in hom tot draer van geestelike, ideële waardes.*[192]

Voorts beweer hy dat die stelsel van gelyke onderwys, soos deur die sendelinge voorgestaan, valse verwagtinge by die "minderbevoorregte rasse" en "ondergeskiktes" skep.[193] "Die hele stelsel begaan die onmenslikheid om die naturel aan te spoor tot sekere ideale wat hy nie kan bereik nie."[194] Op grond van die groot intellektuele en kulturele verskille tussen blank en swart móét onderwys dus volgens hierdie historiese opvoedkundige andersoortig ten opsigte van metodiek en kurrikulum wees.

Sommige liberale historiese opvoedkundiges spreek hulle pertinent ten gunste van aparte onderwys uit op grond van verskille tussen blank en swart ten opsigte van historiese agtergrond, taal en temperament, asook wat betref fisiese en psigiese vermoëns.[195]

---

187 *Ibid.*, p. 149.
188 Colin B Collins, South Africa's first three hunderd years of schooling: a possible re-interpretation, in *History of Education quaterly*, 1983, 23(3), p. 361.
189 Nel, *Naturelle-opvoeding en -onderwys*, deel I, p. 90.
190 Potgieter & Swanepoel, *Temas uit die historiese pedagogiek*, p. 179.
191 Nel, *Naturelle-opvoeding en -onderwys*, deel I, pp. 111-112.
192 *Ibid.*, deel I, p. 111.
193 Nel, *Aspekte van onderwysontwikkeling in Suid-Afrika*, p. 138.
194 Nel, *Naturelle-opvoeding en -onderwys*, deel I, p. 121.
195 McKerron, *A History of education in South Africa (1652-1932)*, p. 155. Charles T Loram, *The education of the South African native*, p. 22; Brookes, *Native education in South Africa*, p. 63 en Pells, *300 years of education in South Africa*, p. 151 ondersteun ook aparte onderwys, maar motiveer nie hulle sieninge nie.

Terwyl van die Afrikanersentriese en liberale historiese opvoedkundiges eiesoortige onderwys vir swartes voorstaan, kritiseer radikale historiese opvoedkundiges die blanke Vrystaters omdat hulle onderwys aan die swartes tot hulle eie ekonomiese voordele misbruik het. In 1984 skryf Frank Molteno, na aanleiding van die oorloë tussen die blankes en die swartes in Suidelike Afrika, waartydens laasgenoemde nie net hulle grond ontneem is nie maar ook gedwing is om deel te word van die koloniale bestel, dat die stigting van die eerste skole vir swartes in die Vrystaat (1823) deel was van die blankes se oorheersingspolitiek:

> *schooling played a part in the process of conquest itself - albeit a relatively minor one - as well as contributing to the social consolidation of conquest and the control of the conquered.*[196]

Hierdie vae beskuldiging dat onderwys deel gevorm het van die veroweringstrategie van die blankes, deur die verskaffing van minderwaardige onderwys aan die swartes,[197] word gedurende die 1990's verder deur radikale historiese opvoedkundiges uitgebou.

Pam Christie verskaf 'n oppervlakkige historiese oorsig van onderwysvoorsiening aan blank en swart in die Vrystaat gedurende die 19de eeu.[198] Na aanleiding van die bespreking kom sy tot die gevolgtrekking dat onderwys gedurende dié eeu sosiale ongelykhede in die gemeenskap, gebaseer op sosiale klas en kleur, gereflekteer het.[199] Voorts kritiseer sy die regering omdat slegs na die onderwysbehoeftes van die blankes omgesien is en daar nie 'n vaste finansieringstelsel vir sendingskole was nie.[200]

Michael Cross se bespreking van onderwys in die Vrystaat sluit nou aan by die van Christie. Ekonomiese oorwegings aan die begin van die 20ste eeu het tot die stelsel van gesegregeerde skole in Suid-Afrika gelei. Die mynmagnate het 'n behoefte gehad aan groot getalle ongeskoolde, goedkoop swart arbeid en geskoolde blanke arbeiders. Die rasgebaseerde klasseverskille het neerslag gevind op alle lewensterreine, insluitend die onderwys en "segregation soon became the dominant mediating mechanism for the main economic and social forces".[201] Cross stip die hoofmomente aan van stappe wat gedurende die periode

---

196 Frank Molteno, The historical foundations of the schooling of black South Africans, in Peter Kallaway (ed), *Apartheid and education*, p. 49. EP Lekhela, *Tendencies in the History of Bantu education in South Africa*, pp. 15-16 onderskryf hierdie siening.

197 Molteno, *The historical foundations of the schooling of black South Africans,* p. 49.

198 Pam Christie, *The right to learn. The struggle for education in South Africa*, pp. 40-41 baseer haar gegewens oor onderwys aan blankes op Behr, *New perspectives in South African education*, pp. 13; 19; geen bewyse vir haar gegewens oor onderwys aan swartes word verskaf nie. *Ibid.*, p. 7 konstateer die skryfster dat sy nie aanspraak maak op objektiwiteit nie, want geen persoon kan volgens haar onbetrokke teenoor onderwysaangeleenthede staan nie.

199 *Ibid.*, p. 43.

200 *Ibid.*, pp. 41; 43.

201 *Vide* Michael Cross, *Resistance and transformation,* pp. 110-115 vir 'n uiteensetting van Cross se siening oor die rol wat ekonomiese faktore in die vestiging van segregasie in die onderwys gespeel het.

1901-1908 geneem is om andersoortige, gesegregeerde onderwys in die Vrystaat te vestig.[202] Volgens Criss wou die blanke Vrystaters deur die vestiging van gesegregeerde onderwys verseker dat hulle voldoende goedkoop swart arbeid het en hulle posisie as semigeskoolde en geskoolde arbeiders beskerm is.[203] Materiële belange was dus volgens Cross die motivering vir rasseskeiding in die onderwys. In Cross se deeglik gedokumenteerde bespreking word historiese gegewens geselekteer om klem te lê op die verhouding tussen die kapitalistiese blanke en die swart arbeider.

Nie net radikale historiese opvoedkundiges nie, maar ook Le Roux en Van Aswegen is die mening toegedaan dat die blanke Vrystaters onderwys misbruik het om aan die blankes 'n goedkoop bron van arbeid te verseker.[204]

Uit die historiografiese analise van onderwysvoorsiening aan swartes kan eerstens gekonkludeer word dat sommige skrywers van herinneringswerke van die vroeë 20ste eeu gekant was teen die verskaffing van onderwys aan swartes. Daar word beweer dat onderwys swartes skelm, selfs gevaarlik maak.

Oor die tipe onderwys wat aan swartes verskaf moet word, verskil skrywers. Van die skrywers van herinneringswerke is ten gunste van onderwys met 'n sterk religieuse inslag. Die liberale historiese opvoedkundiges (Loram en Brookes) is ten gunste van Westersgeoriënteerde onderwys. Vanuit 'n liberale ekonomiese verwysingsraamwerk glo hulle Suid-Afrika se ekonomiese opbou is geleë in aparte, maar gelyksoortige onderwys aan alle bevolkingsgroepe. Om paternalistiese redes bepleit Le Roux gelyksoortige onderwys vir blank en swart. Volgens hom moet die blankes, as voogde van die swartes 'n leidende rol spell in hulle opheffing. Daarenteen lewer van die Afrikaner historiese opvoedkundiges pleidooie vir eiesoortige onderwys vir swartes. Hulle vrees dat gelyksoortige onderwys 'n "educated kaffir "tot gevolg sal hê wat 'n bedreiging vir homself, sy volksgenote en die blankes sou wees.

---

202 Lord Alfred Milner, Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika (wat 1901-1905), het die siening gehuldig dat die onderwys aan swartes andersoortig as dié aan blankes wees, want swartes is slegs geskik vir ongeskoolde arbeid. In 1905 beveel Suid-Afrikaanse Naturelle Sake Kommissie van Ondersoek aan dat aangesien daar 'n groot vraag na half- en ongeskoolde arbeid is, onderrig in handearbeid die basis vir onderwys aan swartes moet vorm. Voorts beveel die Kommissie aan dat swartes 'n finansiële bydrae moet lewer tot hul onderwys en spreek hom uit teen die instelling van verpligte onderwys aan swartes. Die aanvaarding van Hertzog se Onderwyswet (1908) het die beginsel van gesegregeerde onderwys in die Vrystaat geïnstitusionaliseer. Aan blanke kinders tussen die ouderdomme van sewe en sestien jaar is gratis en vepligte onderwys verskaf; swart kinders is hierdie reg ontneem. (*Vide* Cross, *Resistance and transformation,* pp. 121; 122; 127.)

203 Cross, *Resistance and transformation,* p. 134.

204 *Vide* par 6.2.3.

Sommige Afrikanersentriese historiese opvoedkundiges aanvaar aparte onderwys as 'n gegewe wat nie eers vermelding in hulle werke regverdig nie, verwoord liberale historiese opvoedkundiges hulle voorkeur vir aparte onderwys.

Van die neo-Marxistiese historiese opvoedkundiges en professionele Afrikanergeskiedskrywers beskuldig die blanke Vrystaters daarvan dat hulle bewustelik minderwaardige onderwys aan die swartes verskaf het ter wille van eie ekonomiese gewin.

Die invloed van die tydgees waarin die onderskeie historiese opvoedkundiges, geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke geleef en gewerk het, is opmerklik in die progressie van hulle argumente. Aan die begin van die 20ste eeu is daar simplisties gewonder of onderwys aan die swartes verskaf moes word of nie. In 1910-1970-publikasies is daar, teen die agtergrond van Vrystaatse onderwysgeskiedenis, uitsprake gemaak oor die inhoudelike van 19de en vroeg 20ste eeuse onderwys aan swartes. Die publikasie deur Van Aswegen lui 'n nuwe tydsgees in - hoewel hy sterk pro-Afrikaner is en begrip toon vir die blankes se onwilligheid om onderwys aan die swartes te voorsien, huiwer hy; en sy geesgenoot Le Roux nie om foute in die blankes se hantering van onderwys aan swartes uit te wys nie. Van Aswegen en Le Roux, asook neo-Marxistiese historiese opvoedkundiges kritiseer sedert die laat sewentigerjare 19de en vroeg 20ste eeuse swartonderwys as 'n bewustelike poging om die blanke Vrystaters ten koste van hulle swart landgenote te bemagtig.

### 6.2.5 Die Anglikaanse Kerk en onderwys

ISJ Venter, die Afrikanersentriese historiese opvoedkundige en skrywer van verskeie historiese opvoedkunde-handboeke,[205] beeld in 'n geverifieerde werk onderwysvoorsiening aan blank en swart uit. Aangesien hierdie publikasie die enigste is oor onderwysvoorsiening in die Vrystaat deur 'n enkele organisasie wat onderwys aan blank en swart verskaf het, sal daar kortliks krities na enkele uitsprake deur Venter gelet word.

Hoewel Venter op 'n saaklike wyse die stigting, doelstellinge, organisasie en beheer van blanke[206] en swart[207] Anglikaanse skole in die Vrystaat beskryf, toon sy uitsprake en seleksie van gegewens rassistiese ondertone.

Venter wys op "die heidense gebruike" van die swartes, daarom was dit volgens hom noodsaak dat hulle "beskaaf en gekersten" moet word. Die swartes moet tot die hoë sedelike

---

205 Cf ISJ Venter, *Die Historiese Opvoedkunde*; ISJ Venter & SM van Heerden, *Die fundering van die Historiese Opvoedkunde: 'n inleiding*; ISJ Venter & TL Verster, *Opvoedingstemas in tydsperspektief*, deel III.

206 Venter, *Die Anglikaanse Kerk*, pp. 50-58; 107-160; 170-183.

207 *Ibid.*, pp. 161-169; 184-194.

beginsels van "selfbeheersing, eerlikheid, deugsaamheid en reinheid" gelei word.[208] Westerse beskawingnorme en sedes word as die ideaal voorgehou.

Na aanleiding van 'n berig in *The Express,* kom Venter tot die gevolgtrekking dat die dissipline in die *St Michael's Home* vir blanke dogters "uitstekend" was. "[O]rde, reëlmaat en netheid [was die] wagwoorde" van hierdie skool.[209] Daarenteen het daar aan die einde van 1877 in die Industrieskool vir swart dogters "opstandigheid" uitgebreek omdat "sekere leerlinge nie die werk wou doen wat van hulle verwag is nie".[210] Volgens Venter het 'n onderwyseres, mej. Copleston, na die insident tot die besef gekom dat swart dogters "streng maar simpatiek" behandel moes word.[211] Venter se uitbeelding van die swart dogters is egter nie eensydig negatief nie. Hy haal uit 'n brief van mej. Copleston aan waarin sy die dogters as sensitiewe, grasieuse dames, "grandchildren of Marocco", beskryf.[212] Terwyl Venter op die positiewe en negatiewe optrede van die swart dogters wys, word die persepsie geskep dat die blanke dogters 'n toonbeeld van gedissiplineerdheid was.

In die bespreking van die skoolbywoning word die droogte en depressie (1882-1888) as redes genoem waarom die leerlingtal in die blanke skole gefluktueer het.[213] Redes vir die leerlinge van die St. Patrick-sendingskool se "baie afwesighede" en "uiters swak" skoolbywoning gedurende die wintermaande, word nie vermeld nie.[214] Venter toon empatie vir die blanke leerlinge wie se ouers nie in staat was om skoolfonds te betaal nie, daar word egter slegs gesuggereer dat ongure weersomstandighede negatief ingewerk het op die swart leerlinge se skoolbywoning.

Ten spyte van die rassistiese ondertone van hierdie publikasie moet dit as 'n belangrike bydrae tot die Vrystaatse onderwyshistoriografie beskou word, aangesien die meeste boeke óf tot een rassegroep beperk is óf 'n duidelike kwanititatiewe onderskeid tref.

### 6.2.6 Ten slotte

Wetenskaplike geskiedskrywing vereis deeglike verifiëring. 'n Algemene tendens in histories-opvoedkundige oorsigwerke wat onderwys aan blank en/of swart in die Vrystaat bespreek, is die gebrek aan verifiëring van gegewens[215] óf die afhanklikheid van amptelike

---

208 *Ibid.*, p. 43.
209 *Ibid.*, p. 123.
210 *Ibid.*, p. 168.
211 *Ibid.*, p. 169.
212 *Ibid.*, p. 168.
213 *Ibid.*, pp. 126; 145.
214 *Ibid.*, p. 165.
215 Loram, *The education of the South African native*, pp. 65-66; McKerron, *A History of education in South Africa (1652-1932)*, pp. 35-40; 163-164; Pells, *300 years of education in South Africa*, pp. 57-61; 75; 142; Behr, *Education in South Africa. Origins, issues and trends: 1652-1988*, pp. 11-12. Hoewel JC Coetzee (red), *Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960*, pp.

staatsdokumente.[216] Nie alle historiese opvoedkundiges is hieraan skuldig nie. Venter se publikasies oor die bewaarskool in Bloemfontein en die rol van die Anglikaanse kerk by onderwys in die Vrystaat is deeglik geverifieer uit dagblaaie, regeringsdokumente en skrywes van amptenare, onderwysers en kerklui verbonde aan die betrokke skole en kerkgenootskap. Hoewel Van Aswegen en Le Roux in hulle deeglik geverifieerde proefskrifte hoofsaaklik op blanke bronne steun, gaan hulle krities met dié bronne om en huiwer nie om ten spyte van hulle Afrikanersentriese verwysingsraamwerk, die Vrystaat se regering vir hulle onbetrokkenheid en diskrepansies met betrekking tot die finansiering van onderwys aan swartes te kritiseer nie.

## 6.3 Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat op mediese gebied 1800-1910

Oorsigwerke oor die mediese geskiedenis van Suid-Afrika wy kwantitatief min aandag aan die Vrystaat.[217] Hoewel die werke konsentreer op die vestiging van mediese dienste onder die blankes in die Vrystaat, ignoreer van die skrywers nie die swartes nie.

Beide Edmund H Burrows en Charlotte Searle toon agting vir die mediese versorging wat Jean-Pierre Pellissier, Franse sendeling en medikus, aan blank en swart in Bethulie verleen het.[218]

In die geval van siektes van epidemiese omvang, onder andere pokke, skryf FW Laider en M Gelfand, asook Burrows dat daar nie 'n onderskeid in die kwaliteit van mediese versorging en inentingsprogramme van swart en blank was nie.[219]

Werke oor die geskiedenis van die verpleegkunde wy veralgemenende hoofstukke, waarin daar nie spesifiek na die Vrystaat verwys word nie, aan die ontwikkeling van verpleegkunde onder die swartes.[220]

---

135-174; 443 nie gegewens wetenskaplik verifieer nie, is dit duidelik dat die inhoudelike 'n samevoeging van regeringspublikasies is.

216 Nel, *Naturelle-opvoeding en -onderwys*, deel I, pp. 80-82. Malherbe, *Education in South-Africa (1652-1922)*, pp. 351-377 gebruik naas Volksraadsnotules ook Brebner se herinneringswerk.

217 Charlotte Searle, *Die geskiedenis van die ontwikkeling van verpleging in Suid-Afrika 1652-1960*, pp. 83-84; 87; 101; 121-123; 228-229; Edmund H Burrows, *A History of medicine in South Africa up to the end of the nineteenth century*, pp. 189-196; 227-238; 295-297; JM Mellish, *'n Elementêre geskiedenis van verpleegkunde*, pp. 88-89; J Wilmans, *Geneespraktyke in Suid-Afrika tot 1900*, p. 33; FW Laider & M Gelfand, *South Africa. Its medical History 1652-1898. A medical and social study*, pp. 307-314; 471-474.

218 Searle, *Die geskiedenis van die ontwikkeling van verpleging in Suid-Afrika 1652-1960*, p. 87; Burrows, *A History of medicine in South Africa up to the end of the nineteenth century*, p. 229.

219 Burrows, *A History of medicine in South Africa up to the end of the nineteenth century*, pp. 230-234; Laider & Gelfand, *South Africa. Its medical History 1652-1898. A medical and social study*, p. 310.

220 Mellish, *'n Elementêre geskiedenis van verpleegkunde*, pp. 96-97; Searle, *Die geskiedenis van die ontwikkeling van verpleging in Suid-Afrika 1652-1960*, pp. 124-133. Die biografie van suster Henrietta, Anglikaanse non en verpleegkundige, lê klem op haar persoonlike

Die omvang van die studieterrein en die beperkte omvang van mediese dienste aan swartes in die Vrystaat gedurende die 19de eeu moet as die belangrikste redes gesien word vir die lae prioriteit wat die skrywers aan die bespreking van mediese versorging van swartes gee. Dié skrywers rapporteer slegs die feitlike situasie en lewer nie sosiaal-politieke kommentaar nie. Dit is gevolglik nie moontlik om te bepaal tot watter historiografiese skole hulle behoort nie.

Dit is opmerklik dat skrywers wat verwys na die mediese aspek van die ABO, hetsy die versorging van die Britse[221] of Boeremagte[222] of die konsentrasiekampinwoners[223] in die Vrystaat, met die uitsondering van Warwick en Izedinova, uitsluitlik op die lot van die blankes let. Warwick beskou die mediese versorging van swart kampinwoners as "deplorable" - in die Vrystaat is hulle slegs twee keer per week deur mediese personeel besoek.[224] Izedinova maak beswaar teen die praktyk dat siek swartes tydens die ABO nie in die hospitaal behandel is nie. Sy het haar suksesvol beywer vir die verbetering van die toestande van swart pasiënte.[225]

Uit Van Aswegen se bespreking van geneeskundige dienste in die Vrystaat tussen 1854 en 1899 blyk dit dat dienste aan beide blank en swart swak ontwikkel was en dat die blankes nie onverskillig teenoor mediese hulp aan swartes gestaan het nie.[226] Sy slotopmerkings oor die verskaffing van mediese dienste aan swartes lê verskeie persepsies bloot:

> *Hulle was geheel en al van blanke bystand en welwillendheid afhanklik. As groep het hulle die blanke nooit om hulp genader nie, want mediese versorging in die blanke sin van die woord was vir hulle vreemd. Individue het wel hulp gesoek en gekry. Die blankes moes gevolglik uit eie inisiatief en op*

---

beroepsontwikkeling en die outeurs wys slegs terloops, sonder om te verwys vir watter ras(se) dié dienste was, na haar rol in die uitbouing van mediese dienste in Bloemfontein (*vide* E Loch & C Stockdale, *Sister Henrietta CSM & AA. Bloemfontein, Kimberley, 1874-1911*, pp. 16-24; 28-31).

221 Searle, *Die geskiedenis van die ontwikkeling van verpleging in Suid-Afrika 1652-1960,* pp. 187; 189; 191; 196-199; Maud Rolleston, *Yeoman service. Being the diary of the wife of an Imerial Yeomanry Officer during the Boer War,* pp. 205-310 (Maud Rolleston se man was 'n mediese dokter. Hy het onder andere in die Britse hospitale in Bloemfontein en Kroonstad diens gelewer); Charles Stoneham, Imperial Yeomanry Field Hospital and Bearer Company, in Georgina Howe (ed), *The Imperial Yeomanry Hospitals in South Africa 1900-1902*, vol II, pp. 20-96; Brooke-Hunt, *A woman's memories of the War,* pp. 92-96; 106-152; Bagot, *Shadows of the War*, p. 159.

222 Searle, *Die geskiedenis van die ontwikkeling van verpleging in Suid-Afrika 1652-1960,* pp. 206; 210; Bagot, *Shadows of the War*, p. 159.

223 Searle, *Die geskiedenis van die ontwikkeling van verpleging in Suid-Afrika 1652-1960,* pp. 214; 216-218; 220-222.

224 Warwick, *Black people and the War*, pp. 204-205.

225 Izedinova, *A few months with the Boers*, p. 97. Hoewel die swartes in Kroonstad nog steeds in tente gehuisves is, is daar deur haar beywering komberse, kussings en breekware bekom. Die tente is ook gereeld skoongemaak.

226 *Vide* Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 341-344.

> *eie onkoste mediese bystand aan die nie-blanke lewer. Die bystand was noodsaaklik, want nie alleen was dit 'n morele plig wat die blankes nie kon ontwyk nie, maar siektes onder die nie-blankes het 'n besliste gevaar vir die blankes ingehou, aangesien hulle in noue aanraking met dié mense verkeer het. Wat die blankes in die verband gedoen het, was weliswaar nie veel nie, maar onder die omstandighede van destyds tog merkwaardig. Van belang en betekenis is egter die feit dat deur hulle optrede 'n positiewe gesindheid in die aangeleentheid openbaar is.*[227]

Die indruk word dus geskep dat blankes die "redders" van die swartes is. Húlle het die inisiatief geneem en na die swartes se fisiese welsyn omgesien. Kontak met swartes kon onder sekere omstandighede 'n gesondheidsgevaar inhou.[228] Voorts was samewerking tussen blank en swart moontlik.

In teenstelling met Van Aswegen se positiewe uitbeelding van die blankes se - hoewel beperkte - betrokkenheid by die swartes se mediese versorging, skets Schoeman die blankes as ongevoelig teenoor siek swartes. Swart melaatses het in Bloemfontein rondbeweeg sonder dat iemand empatie met hulle omstandighede getoon het. Hy verhaal 'n insident waar 'n swarte van Colesberg wat met pokkies na Bloemfontein gesukkel het, sonder meer teruggestuur is op 'n wa voorsien van 'n geel vlag en 'n plakkaat. Dié onsimpatieke optrede teenoor siekes was egter nie tot swartes beperk nie. Schoeman verwys na 'n Duitser wat tydens een van die oorloë tussen die Vrystaat en die Basoeto "sy verstand verloor het terwyl hy op kommando was". Dié man is in die somerhitte blootshoofs en te voet deur twee berede burgers na Bloemfontein aangejaag.[229]

Nog twee werke wat verwys na die posisie van swart melaatses is dié van TJ Lucas en A MacMillan. Lucas, lid van die *Cape Mounted Rifles*, het tydens sy besoek aan Bloemfontein saam met sir George Clerk ten tye van die opsegging van die ORS, op 'n kolonie swart melaatse afgekom. Hy gee 'n redelik gedetailleerde beskrywing van hulle haglike lewensomstandighede.[230] Hoewel hy toegee dat hulle fisiese voorkoms hom met afgryse vervul het, spreek hy die versugting uit dat hulle verligting van hulle pyn en lyding sal vind. Lucas laat hom nie uit oor die onbetrokkenheid van die blanke gemeenskap by dié swartes nie. Hy meld bloot dat simpatieke vriende hulle van voedsel voorsien het.[231] Die situasie het skynbaar verander, want in 'n 1902-publikasie word saaklik verwys na blanke en swart pasiënte in die hospitaal vir melaatses in Bloemfontein.[232] Die publikasie *The city of*

---

227 *Ibid.*, p. 344.
228 *Ibid.*, p. 343 verwys na die verbod op die bewegingsvryheid van swartes tydens die 1884-pokke-epidemie en die gevare verbonde aan die verspreiding van sifilis.
229 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 51.
230 TJ Lucas, *Camp life and sport in South Africa*, pp. 213-215.
231 *Ibid.*, p. 215.
232 A MacMillan, *The city of Bloemfontein. An historical, commercial and general review*, p. 10.

*Bloemfontein. An historical, commercial and general review* is presies wat die titel aandui: 'n oorsig oor bedrywe en dienste in Bloemfontein aan die begin van die 20ste eeu. Gevolglik word die bestaan van gesamentlike fasiliteite vir blank en swart sielsiekes en melaatses en die Nasionale Hospitaal, slegs vir blankes, bloot erken. Die skrywer lewer geen kommentaar nie.[233]

In 'n kort bespreking van die mediese professie in die Vrystaat wys De Kok (1904) daarop dat indien die blankes nie daarin kon slaag om hulle siekes met behulp van boererate gesond te dokter nie, hulle hulle tot swart dokters gewend het.[234] Hoewel De Kok geen kommentaar op dié praktyk lewer nie, kan daar afgelei word dat daar 'n positiewe professionele verhouding tussen swart dokters en hul blanke pasiënte was en dat van die blankes agting vir die bekwaamheid van dié dokters getoon het.

In die outobiografie van Henry Taylor, staatsmedikus in die Leribe-distrik van Basoetoland (1877-1883), asook privaatpraktisyn van Ficksburg (1877-1906),[235] word onder andere gewys op die goeie verhouding tussen Taylor en sy swart pasiënte en die feit dat dié pasiënte hulle rekeningverpligtinge getrou nagekom het.[236] Terwyl sommige swart pasiënte vertroue in westerse mediese tegnologie gehad het - dr. Taylor het onder andere katerakke en gewasse verwyder - het ander hulle nog gereeld tot tradisionele helers gewend.[237] Taylor se beskrywings van sy verhouding en behandeling van sy swart pasiënte getuig van sy professionele ingesteldheid teenoor hulle. Hy is nie paternalisties of afbrekend oor hulle vertroue in tradisionele helers of hulle skeptisisme in sy vermoë om hulle van hulle siektes te genees nie.

Uit voorafgaande oorsigtelike studie van die Vrystaatse mediese historiografie blyk dit dat oorsigwerke oor die geskiedenis van mediese dienste in Suid-Afrika slegs kripties aandag gee aan die mediese versorging van blank en swart in die Vrystaat. 'n Tendens wat in hoofstuk 5 blootgelê is, naamlik dat geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke weinig aandag aan die Vrystaatse swartes ten tye van die ABO skenk, is ook opmerklik in hulle besprekings van die mediese versorging van swartes in die Vrystaat gedurende die oorlog. Geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke is egter nie onbetrokke teenoor diegene wat aan melaatsheid gely het nie.

---

233 *Ibid.*
234 De Kok, *Empires of the veld*, p. 90.
235 Gedurende sy jare as staatsmedikus is dr. Henry Taylor toegelaat om naas sy amptelike verpligting, naamlik op Basoetoburgers te behandel, ook 'n privaatpraktyk te bedryf. Omdat Leribe op die Vrystaat-Basoetolandgrens was, spits hy hom toe op die behandeling van blanke Vrystaters. Die groei van die privaatpraktyk noodsaak hom om in 1883 as staatsmedikus te bedank. Hy wy hom voltyds aan sy privaatpraktyk (Henry Taylor, *Doctor to Basuto, Boer & Briton 1877-1906*, p. 21.
236 *Ibid.*, pp. 31; 36; 132-133.
237 *Ibid.*, pp. 31; 34-35; 132-133.

* * *

Twee resente geskiedskrywers verskil in hulle sieninge oor die mediese versorging van swartes. Terwyl Van Aswegen klem lê op die positiewe wyse waarop die blankes betrokke geraak het by die versorging van die swartes, beeld Schoeman die blankes as apaties, selfs onmenslik, uit.

# Hoofstuk 7

# Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat op ekonomiese, staatkundig-politieke en juridiese terreine 1800-1910

## 7.1 Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat op ekonomiese terrein 1800-1910

### 7.1.1 Blank-swart-arbeidsverhoudinge in die Vrystaat

Die Vrystaatse swartes het geen staatkundig-politieke, sosiale of ekonomiese regte besit nie, maar hulle was inherent deel van die land se ekonomie.[1] Met die term ekonomie word veel meer bedoel as blote aktiwiteite wat betrekking het op geldelike inkomste of rykdom. Dit sluit in lewenstyl en -gehalte, algemene sosio-ekonomiese bevoorregting en ekonomiese mag of onmag.[2] Die belangrikste gestruktureerde verhouding tussen blank en swart in die Vrystaat was dié tussen die blanke werkgewers en hulle swart arbeiders. In die historiografiese studie van hierdie verhouding sal aan geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se bespreking van die werksetiek van blank en swart, arbeidsverhoudinge, arbeidstekort en vergoeding aan swart (arbeiders) in die Vrystaat aandag geskenk word.

#### 7.1.1.1 Werksetiek van blank en swart in die Vrystaat

Verskeie geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke spreek hulle uit oor die werkywer, of eerder die gebrek aan werkywer van die 19de en vroeg 20ste eeuse Vrystaters.

EF Knight (1903) skryf oor die blanke Vrystaters: "The ordinary Dutchman's method of farming is to sit on his stoep and let his Kaffirs do a modicum of work for him."[3] Hoewel hy die "lazy ways of the old-fashioned Boer" veroordeel,[4] toon hy 'n mate van begrip vir dié werkskuheid as hy beweer dat 'n afsku in handearbeid eie is aan alle lande wat oorspronklik van slawearbeid gebruik gemaak het.[5] In 1911 beskryf HH Fyfe die blanke boere in die Vrystaat as lui, ambisieloos en agterlik. Volgens haar glo hulle dat God die swartes vir hulle gerief, onder andere om handearbeid te verrig, geskape het.[6]

---

1 Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, p. 349; Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 232; De Kiewiet, *The period of transition*, p. 407; Wales, *The relationship between the Orange Free State and the Rolong*, p. 247; André Odendaal, *Vukani Bantu!*, pp. 19-20.

2 Fourie & Beukes, *Ekonomie en politiek in die S.A. ontwikkelingsgeskiedenis: 'n historiografiese verkenning*, p. 97.

3 EF Knight, *South Africa after the War*, p. 139. *Vide* Trollope, *South Africa*, p. 398 vir 'n ooreenstemmende siening.

4 Knight, *South Africa after the War*, p. 168.

5 *Ibid.*, p. 139.

6 HH Fyfe, *South Africa to-day with an account of modern Rhodesia*, pp. 87; 92.

Ten spyte van hulle empatie met die verarmde Afrikaners is John Brebner, hoof van die Vrystaatse Onderwysdepartement (1874-1899)[7] en Emily Hobhouse krities ingestel teenoor die bywoners omdat hulle onwillig was om handearbeid te verrig.[8] Hierdie blankes is volgens Hobhouse "below respectable Kaffirs".[9]

Scholtz wys in 1974 op die politieke en ekonomiese implikasies van die Afrikaner se onwilligheid om handearbeid te verrig. As gevolg van die blankes se afhanklikheid van swart arbeid is die swartes toegelaat om hulle in die Vrystaat te vestig. Die politieke ideaal van algehele skeiding is gevolglik opgeoffer.[10] Scholtz bepleit dus 'n ekonomiese bestel waarin alles vir en deur die Afrikaner gedoen word. Scholtz "bekritiseer die verlede vanuit 'n *utopie*, dit wil sê 'n vorm van verlange na 'n vir almal gelukkig-geordende toekomstige samelewing".[11]

Nie net die blankes nie, maar ook die swartes was lui. Swartes, in besonder die mans, "are born lazy," want hulle verrig geen arbeid nie, terwyl die vrouens en kinders soos slawe moet werk.[12] Geen begrip word deur van die skrywers van herinneringswerke en 'n amateur geskiedskrywer getoon vir die swartes se tradisionele waardesisteme en arbeidspraktyke nie.

Die ongeverifieerde siening dat "inherente werkskuheid en luiheid ... deel van [die swartes] se lewenspatroon uitmaak",[13] word deur Van Aswegen onderskryf as hy kommentaar lewer oor die wese van die swarte:

> *Wesentlik was die nie-blanke, a.g.v. sy primitiewe leefwyse, nie op werk of arbeid ingestel nie. Vir homself sou hy die minimum verrig om in sy primitiewe behoeftes te voorsien. Hy het basies van die meer energieke blanke verskil wat aan homself en die samelewing meer eise gestel het. ... [D]ie blanke het met 'n basiese karaktertrek van die nie-blanke te doen gekry*

---

7 Hy probeer hulle lot te verlig deur die vestiging van skole waarin aan verarmdes se kinders basiese vaardighede geleer kan word. In die seunskole is gratis onderwys, klere en voedsel verskaf. Die kinders is voorberei vir 'n loopbaan in die spoorweë of as skoenmakers, kleremakers en boekbinders (Brebner, *Memoir of the life and word of Rev. John Brebner*, p. 79).

8 Brebner, *Memoir of the life and word of Rev. John Brebner*, p. 79; Emily Hobhouse, *Boer War letters* (geredigeer deur Rykie van Reenen), p. 211.

9 Hobhouse, *Boer War letters*, p. 211.

10 Scholtz, *Politieke denke*, deel III, pp. 53; 232.

11 Van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, p. 85.

12 De Kok, *Empires of the veld*, p. 59. JHB Browne, *South Africa. A glance at current conditions and politics*, p. 98 (Browne het Bloemfontein in 1904 besoek); EF Sandeman, *Eight months in an ox-waggon*, p. 102 (Sandeman was 'n Engelse reisiger/skrywer) en Hawkins, *Harrismith*, p. 43 onderskryf hierdie siening.

13 Eloff, *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, p. 136. Steytler, *Harrismith*, p. 145 huldig dieselfde siening.

> *wat nie maklik verander kon word nie. Indien die nie-blanke nie deur nood daartoe gedryf is nie, sou hy hom nie sommer aan die blanke verhuur nie.*[14]

In teenstelling met die Afrikanersentriese geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se negatiewe uitbeelding van swart werkers, skep Balfet en MTR Smit se beskrywings van die werksaamhede by Berseba die indruk van werkywer. Die sendingstasie was "soos 'n besige byekorf"[15] en "these people, being naturally industrious and of an agricultural bent, worked hard and eagerly".[16]

In aansluiting by voorafgaande twee skrywers blyk dit uit geverifieerde resente publikasies deur Keegan dat die swartes hardwerkende, innoverende en kundige plaaswerkers was. Hulle aandeel in die deelboerderybedryf in die Vrystaat moet tot groot hoogtes verantwoordelik gehou word vir landbouvooruitgang in die Vrystaat gedurende die tweede helfte van die 19de en die vroeë 20ste eeu.[17]

Hoewel GS Beak die Vrystaatse swartes as ambisieloos en "happy-go-lucky" beskryf,[18] het hy groter agting vir hulle werkvermoëns as vir dié van die blanke bywoners: "For sheer hard, unskilled labour, the black man in South Africa is not only cheaper than, but superior to the bijwoner."[19]

Sommige skrywers van herinneringswerke en geskiedskrywers tipeer nie nét die blankes of nét die swartes as lui nie: beide groepe was werksku.

Charles Warren, wie in 1876 in opdrag van die Britse regering in samewerking met die Vrystaatse staatslandmeter, JE de Villiers, die grenslyne tussen die Vrystaat en Griekwaland-Wes moes bepaal, skryf:

> *Great hulking, able-bodies men, these Boers, they sit on their hams from morning till night, and scarcely stir except to abuse their Kafir servants. ... The Kafirs when they are independent are even worse and do no steady work. ... In this country they do not know what it is to work; lazy vagabonds. I*

---

14 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 317 baseer hierdie uitspraak op *De Express*, K de Kok se *Toen en tans* en 'n 1894-verslag van die Arbeidskommissie.

15 Balfet, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, p. 89.

16 Smit, *African Greatheart. The story of Cornelius Sejosing*, p. 37.

17 Timothy J Keegan, The sharecropping economy, African class formation and the Natives' Land Act of 1913 in the highveld maize belt, in Shula Marks & Richard Rathbone, *Industrialisation and social change in South Africa. African class fromation, culture and consciousness 1870-1930*, pp. 195-211; Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, pp. 31-32; 51-86; Keegan, *Facing the storm. Portraits of Black lives in rural South Africa*, pp. 159-169.

18 Beak, *The aftermath of War*, p. 162.

19 *Ibid.*, p. 190.

> *cannot get over paying six pounds a month to a raw Kafir for idling his time away.*[20]

'n Negentiende eeuse Britse historikus skets 'n ander prentjie. Tydens sy 1874-reis deur Suid-Afrika besoek JA Froude die Vrystaat. Die Vrystaatse boere, in besonder 'n mnr M.-van Harrismith, dwing sy respek af. Hy vertel hoe mnr M.-, aanvanklik sonder enige swart arbeid, daarin geslaag het om 'n suksesvolle boerdery te vestig. Die omvang van sy boerderybedrywighede het hom genoodsaak om swart arbeiders in diens te neem. Deur sy voorbeeld en leiding het hulle 'n gedugte span gevorm.[21] Maar oor die algemeen is swart mans lui:

> *[T]he work here [Thaba Nchu] as elsewhere is almost wholly done by the women. The men are not allowed to fight, and fighting being the only labour they understand, they are hopelessly idle.*[22]

In 'n kort beskrywing van die hervestiging van die blanke boere in die Vrystaat na die ABO wys Archibald R Colquhoun (1906) daarop dat vooruitgang gestrem is deur 'n gebrek aan betroubare swart arbeid.[23] Hoewel hy toegee dat die arbeidsprobleme vererger is deur die onwilligheid van die blanke boere om handearbeid te verrig, keur hy dié praktyk nie af nie, want dit is deel van die Suid-Afrikaanse "tradisie".[24] Colquhoun pas dus dubbele standaarde toe; as die swartes onwillig is om te werk, ly die Vrystaatse ekonomie skade; as die blanke boere onwillig is om handearbeid te verrig, is dit deel van hulle "tradisies".

Nie net 19de en vroeg 20ste eeuse skrywers nie, maar ook Le Roux wys op die werkskuheid van blanke en swart Vrystaters. Na aanleiding van berigte in *The Friend* en *The Bloemfontein Post* kritiseer hy die blanke Vrystaters se sienig dat dit onwaardig vir blankes is om handearbeid onder toesig te verrig.[25] Hy spreek ook kritiek uit teen die swart mans se gebrek aan werkywer. Die swart man het "sy tyd ledig deurgebring ... terwyl ... van sy vrou verwag is om die pot aan die kook te hou".[26]

---

20 Charles Warren, *On the veldt in the seventies*, p. 91. Vide ook Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol VI, p. 102; Franse luitenant, *Ten months in the field with the Boers*, pp. 58; 69 vir soortgelyke uitsprake.

21 JA Froude, *Short studies on great subjects*, vol III, p. 522.

22 *Ibid.*, p. 547.

23 Archibald R Colquhoun, *The Africander land*, p. 269.

24 *Ibid.*, p. 269.

25 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910*, p. 78. *Vide ibid.*, p. 157 vir 'n herhaling van dié aanklag.

26 *Ibid.*, p. 79 fundeer die gegewens op berigte in *The Bloemfontein Post* en *De Vriend des Volks*. Tradisioneel het die swart vrouens handearbeid verrig terwyl die mans by jagtogte en oorlogvoering betrokke was, maar die praktyk van jagtogte en oorlogvoering was uitgedien na die ABO (cf *ibid.*)

Met die uitsondering van positiewe uitsprake deur Van Aswegen en Froude oor die werkywer van die blankes en die sieninge van Balfet, Smit en Beak dat die swartes hardwerkend was, is al die skrywers van herinneringswerke en geskiedskrywers wat hulle uitspreek oor die werkywer van die 19de en vroeg 20ste eeuse Vrystaters dit eens dat die blankes en/of swartes uiters werksku was. Enkele skrywers van herinneringswerke en geskiedskrywers voer redes aan vir die gebrek aan werkywer. Die blankes het hulleself onder andere verhewe bo handearbeid beskou. Die swartes se lae lewenstandaard en ambisieloosheid het skynbaar werktrots en -sekuriteit irrelevant gemaak. Kultuur dikteer ook blank en swart se onwilligheid om fisiese arbeid te verrig. Voorts wys van die geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke daarop dat swartes die siening huldig dat swart vrouens die werk moet verrig, omdat die mans by uitstek soldate is. In die laaste instansie word dit deur geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke as 'n aanvaarbare praktyk beskou dat mans wat in lande woon wat tradisioneel van slawearbeid gebruik gemaak het, nie handearbeid verrig nie.

Aangesien die meerderheid uitsprake oor die werkywer van die Vrystaters deur skrywers van herinneringswerke gelewer is, is daar weinig sprake van verifiëring. Hierdie skrywers verwoord hulle persoonlike waarnemings of persepsies. Van die Afrikanersentriese geskiedskrywers verifieer slegs Le Roux sy uitsprake. Hoewel hy uitsluitlik op blanke bronne steun, gee hy 'n genuanseerde bespreking waarin hy blank en swart kritiseer.

Vervolgens sal kortliks gelet word op enkele geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se uitsprake oor die algemene werketiek van swart arbeiders.

Die swartes plaas 'n baie hoë premie op die eerlikheid van hulle blanke werkgewers, terwyl hulle self nie eerlik is nie: "it can honestly be said that they are born liars".[27] Die swart plaasarbeiders is onbekwaam en nie in staat om te verhoed dat die skaaptroppe uiteendryf of om skape netjies en vinnig te skeer nie.[28] Swart arbeiders is oordrewe tydsaamheid.[29] Terwyl hierdie skrywers van herinneringswerke slegs op die negatiewe klem lê, lig twee tydgenootlike vroue hulle positiewe ervaringe uit. Die huisbediendes was "excellent, faithful"[30] en die tuinwerkers "very fine workmen".[31]

---

27 Fichardt, *A voice from Bloemfontein. The Reminiscences of Gustav Adolph Fichardt*, p. 76. Cf ook De Kok, *Empires of the veld*, pp. 108; 152 vir dieselfde siening.

28 De Kok, *Empires of the veld*, pp. 108; 110.

29 Verloren van Themaat, *Twee jaren in den Boerenoorlog*, p. 26. Na 'n skermutseling met die Britte in die Suid-Vrystaat het Verloren van Themaat en 'n swarte by 'n gewonde burger gewaak. Dié swarte het skynbaar nie flink op sy opdragte gereageer nie.

30 Sophie Leviseur, *Memories*, p. 37. (Sophie Leviseur (1857-1962), die dogter en eggenote van Duitse Joodse winkeliers van Bloemfontein, Isaac Baumann en Maritz Leviseur respektiewelik. Sy was aktief betrokke by sosiale bedrywe en die stryd vir vrouestemreg in Bloemfontein (*vide* Karel Schoeman (ed), Introduction, in *ibid.*, pp. 5-6 vir biografiese besonderhede.) Die werkie konsentreer op die sosiale kleinburgerlike en persoonlike ervaringe van die inwoners van Bloemfontein.

Schoeman toon enersyds empatie met die blanke vrouens wat gedurende die ORS-tydperk afhanklik was van die hulp van "baar Swart bediendes",[32] maar dit moet volgens hom nie uit die oog verloor word dat swart bediendes slegs gebruik is vir die "swaar, die vuil en die eentonige werk" en 'n karige loon ontvang het.[33]

Terwyl die tydgenootlike skrywers eensydig net die positiewe óf die negatiewe optrede van die swart arbeiders aandui, wys Schoeman daarop dat werkywer deur potensiële werksbevrediging bepaal word.

### 7.1.1.2 Die verhouding tussen die blanke werkgewers en hulle swart arbeiders

In die historiografiese analise van geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se besprekings van die verhouding tussen die blanke werkgewers en swart arbeiders sal aan twee uiteenlopende sieninge aandag gegee word, naamlik dat die arbeidsverhoudinge in die Vrystaat 'n vader-kind- of 'n baas-kneg-verhouding was.

Die siening van die blanksentriese geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke, naamlik dat arbeidsverhoudinge in die Vrystaat 'n vader-kind-verhouding was, sal eerste aan die orde gestel word.

N Oosterbaan (1896) maak die ongefundeerde stelling dat die Vrystaatse blanke boere as gevolg van van hulle "zeer juiste kennis van den kafferaard" 'n "bewonderenswaardige ... talent" geopenbaar het in hulle optrede teenoor die swartes. Die boere het die swartes streng, maar regverdig behandel - soos ouers hulle kinders. Omdat die boere bewus was van die swartes se arrogansie en "ondeugden", sou hulle die swartes nooit as "broeders" behandel nie, maar as hulle minderes: "Van gelijkstelling is [daar] geen sprake nie". Uit die optrede van die sendelinge teenoor die swartes het die blanke boere 'n belangrike les geleer, naamlik dat sodra swartes as die gelykes van blankes behandel word, word hulle "parmantig". Die gevolg van die blanke boere se streng maar regverdige optrede teenoor die swartes was dat

> *de Kaffers in den Boer een hooger wezen zien en met bijgeloovige vrees tegen den Boer opzien. ... De Kaffer is overtuigd dat dit witmensch door allerlei toovermiddelen hem dood en verderf kan bregen.*[34]

---

31 Caroline van Heyningen, *Orange days. Memoirs of eighty years ago in the old Orange Free State*, p. 103.
32 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 14.
33 *Ibid.*, p. 82.
34 N Oosterbaan, *De Afrikaansche Boer. Kijkes in zijn verleden en heden*, pp. 47-48. Flemming, *The call of the veld*, p. 123 (1927) opper dieselfde argumente.

Die kritiek deur Europeërs dat die boere wreed teenoor hulle arbeiders optree, is volgens 'n Bloemfonteinse sakeman "the greatest nonsense". Daar bestaan 'n toegeneëntheid tussen die boere en hulle swart arbeiders, soos blyk uit die feit dat die meeste swart arbeiders lewenslank vir dieselfde boer werk in teenstelling met slegs enkele maande vir 'n Europese werkgewer.[35] Die rede vir die verskynsel is:

> *The European is apt to lose his patience with the stupid native and ascribes to wickedness what is merely ignorance. Whereas the Boer smiles at the thing stupidly done by a native and says: "de domme schepsel - the stupid creature - he does not know better."*[36]

Die beleid van blanke voogdyskap word gedurende 1939 deur 'n liberale politikus as die ideaal voorgehou:

> *To [the natives in European employment the Free Staters] applied the principle of paternalism - just and kindly treatment, coupled with complete subordination, social, religious, economic and political.*[37]

Die byna idilliese uitbeelding van arbeidsverhoudinge tussen die sorgsame, regverdige, dog streng blanke werkgewers en hulle swart arbeiders word nie deur van die liberale[38] en neo-liberale[39] geskiedskrywers gedeel nie. Volgens hierdie geskiedskrywers was blank-swart-arbeidsverhoudinge in die Vrystaat 'n baas-kneg-verhouding.

Volgens Keegan het die blanke werkgewers paternalisme gebruik om geweld en intimidasie in die werkmilieu te verbloem en/of te regverdig:

> *Paternalism as an ideology defined and shaped day-to-day interaction and conflict in the workplace, beyond the reaches of the law or coercive state. ... Paternalism mediated conflict, coercion and resistance, defusing and displacing the more destructive and explicit manifestations of struggle. Employers were able to rationalize the "irresponsiblity" and "inefficiency" of the African workers, thereby enabling Africans to place limits on white*

---

35 Fichardt, *A voice from Bloemfontein. The Reminiscences of Gustav Adolph Fichardt*, p. 75. *Vide* ook Izedinova, *A few months with the Boers*, p. 88 en Steytler, *Harrismith*, pp. 145-146.

36 Fichardt, *A voice from Bloemfontein. The Reminiscences of Gustav Adolph Fichardt*, p. 75.

37 Hofmeyr, *South Africa*, p. 166. Brookes, *White rule in South Africa 1830-1910*, p. 97 onderskryf die siening op grond van uitsprake deur Van Aswegen en Sol. T Plaatje. Edgar H Brookes, *White rule in South Africa 1830-1910*, wat in 1974 verskyn het, is 'n omvattende hersiening van die 1924-publikasie *The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the present day*. Cf Brookes, *White rule in South Africa 1830-1910*, p. 4.

38 Wales, *The relationship between the Orange Free State and the Rolong*, p. 247; Marais, *The imposition and nature of European control*, p. 347; De Kiewiet, *The period of transition*, p. 407; De Kiewiet, *A History of South Africa*, p. 82.

39 Thompson, *The High Veld*, p. 408; Thompson, *Southern Africa (1795-1870)*, p. 320.

> *farmers' efforts to subvert their communal independence and to impose work discipline.*[40]

Die verhouding tussen die blanke boere in die Vrystaat en hul arbeiders word deur Thompson as middeleeus getipeer.[41] Kritiek word gelewer oor die wyses waarop die blanke boere arbeid bekom het:

> *Acquisition of land by Europeans was frequently a method of annexing labour as well. Since the earliest days it was a frequent practice for farmers to buy land, not for the land's own sake, but in order to command the labour of the natives upon it.*[42]

Keegan is skerp in sy kritiek teen die gebruik van Vrystaatse boere om die kinders van swart ouers wat tydens skermutselings tussen die boere en swartes gesterf het, as arbeiders in diens te neem. Hy skryf:

> *The apprenticeship system was a form of slavery designed to tie African workers to the Boer household by capturing them young, and bringing them up as forcibly deculturated dependants. ... [O]nce apprenticed, the "apprentices" were tied to the colonial economy of life.*[43]

Eldredge lê klem op die gebrek aan werksekuriteit wat die swartes in diens van blanke boere geniet het.[44] Sy verwys na Basoeto wat in 1886, gedurende 'n ernstige droogte, slegs een dag kennis gegee is dat hulle dienste beëindig is, maar selfs in tye van oorvloed het van die blanke boere hulle swart arbeiders summier ontslaan met die verskoning dat hulle te veel vee het.[45] Die blanke boere het slegs na hul eie belange omgesien. Hier is dus volgens Eldredge geen sprake van voogdyskap nie.

Geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke bereik nie konsensus oor die aard van die verhouding tussen die blanke werkgewer en sy swart arbeider nie. Die Afrikanersentriese geskiedskrywers, skrywers van herinneringswerke en enkele liberale geskiedskrywers se uitbeelding van die sorgsame vaderfiguur word deur van die liberale, neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers verwerp. Volgens hierdie skrywers het die blankes die swartes nie as mense in eie reg nie, maar bloot as arbeiders gesien wat misbruik mag word. Die kapitalistiese blanke werkgewers het slegs na hulle eie behoeftes omgesien. Die swartes se arbeids-, eiendoms- en menseregte is geïgnoreer.

---

40 Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, p. 158.
41 De Kiewiet, *A History of South Africa*, p. 84.
42 *Ibid.*, p. 82.
43 Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, p. 6.
44 Eldredge, *A South African Kingdom*, pp. 177-178 gee 'n saaklike uiteensetting van die verskillende diensvoorwaardes waaronder swartes vir blankes in die "verowerde gebied" kon werk.
45 *Ibid.*, p. 179.

In geskiedskrywers se bespreking van blank-swart-arbeidsverhoudinge is daar met die uitsondering van Keegan se werk feitlik geen sprake van bronbenutting nie. Ongeverifieerd word die blankes se optrede óf aangeprys óf veroordeel.

### 7.1.1.3 Arbeidstekort in die Vrystaat

Na afloop van die Vrystaat-Basoeto-oorloë wou die boere aandag aan hulle plase gee, maar daar was nie voldoende swart arbeid nie.[46] Redes wat deur geskiedskrywers aangevoer word vir die tekort, naamlik demografiese faktore, wetgewing, die onwilligheid van die swartes om vir die blankes te werk, asook die ontdekking van diamante in Griekwaland-Wes en die vestiging van industriële kapitalisme in die Vrystaat, sal vervolgens aangeraak word.

**Demografiese faktore**

Die swart bevolking was onegalig versprei.[47] Die swartes het die oostelike distrikte bo die droë westelike distrikte verkies, gevolglik het die weste 'n arbeidstekort beleef.[48] Klimaattoestande het dus 'n bepalende rol in die vestigingspatrone van die swartes gespeel.

In 1880/90 was daar numeries te min swartes in die Vrystaat om aan die arbeidsvraag te voldoen.[49] Le Roux steun Van Aswegen se siening. Na aanlieding van 'n berig in *The Bloemfontein Post* wys hy daarop dat daar gedurende die periode 1903-1905 235000 swartes in die Vrystaat woonagtig was, maar slegs een uit elke agt was vir arbeid "beskikbaar".[50] Die totale aantal swartes in die Vrystaat was voldoende om aan die geskatte arbeidsbehoeftes van die blankes te voldoen.[51] Hierdie geskiedskrywers suggereer dat daar dieperliggende redes vir die arbeidstekort moes gewees het.

**Wetgewing**

Arbeidswetgewing gedurende die republikeinse tydperk het ten doel gehad die meer eweredige verspreiding van swartes op die platteland.[52] Volgens Artikel 6 van

---

46 Eloff, *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, p. 129.

47 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 315; Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* p. 78.

48 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* p. 78.

49 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 315 baseer hierdie siening op die 1880- en 1890- sensusdata.

50 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* p. 78.

51 *Ibid.* wys daarop dat the *South African Native Affairs Commission* bevind het dat die Vrystaat se totale vraag na swart arbeid gedurende die periode 1903-1906 60000 was.

52 *Vide* Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 247-314; APJ van Rensburg, *Die rol deur landdroste, vrederegters en veldkornette in die distrik van Bloemfontein vanaf 1854-1880 gespeel*, pp. 249-250; Keegan, *Rural transformations in*

Arbeidsordonnansie no. 7 van 1881 was dit vir 'n blanke boer verbode om meer as vyf families op een plaas aan te hou. Arbeiders se kinders was verplig om te trek, want as gevolg van ondertrouery het die getal families toegeneem.[53] Wet 4 van 1895 bevat omvattende bepalings om plakkery te bekamp.[54] Dié wet, wat deur die ORK-regering oorgeneem is, is verder uitgebou deur Hoofstuk 133 van die OVS Wetboek.[55] Geskiedskrywers se beoordeling van dié wette wentel om die invloed daarvan op die blankes se arbeidsbehoeftes en/of die vestigingspatrone van die swartes.

Le Roux gee 'n uitvoerige bespreking van wat die praktiese implikasies van die bepalings wat die getal arbeiders per plaas beperk het, op die blanke boere gehad het.[56] Ook die probleme van die swartes word belig. Die beperkinge was in stryd met die swartes se tradisionele wette en het 'n negatiewe invloed op familiebande gehad.[57] In die geverifieerde en genuanseerde bespreking word die probleme en besware van beide groepe belig. Daarenteen wentel Oberholster en Stemmet se bespreking rondom die blankes se probeem, naamlik 'n tekort aan arbeid as gevolg van 'n beperking op die aantal swartes op 'n plaas.[58] Hierdie twee geskiedskrywers toon geen empatie met die finasiële en psigologiese gevolge wat die gedwonge verhuising en gevolglike opbreking van familieverbande op die swartes gehad het nie.

Nie alle Afrikanersentriese geskiedskrywers beoordeel die wette negatief nie. Die arbeidswetgewing was nie "kras" en het nie "onredelike eise" aan die arbeiders gestel nie.[59] Tog word geen poging aangewend om die invloed van die wetgewing op die swartes na te vors nie. Die wette was "'n positiewe stap in die rigting van 'n nypende arbeidstekort en daarmee is gepoog om die boere voortaan van genoegsame arbeidskragte te voorsien"[60] en sou die bestaan van "plakkersplase" waar die swartes "'n luilekker lewe gevoer het en die boere se vee gesteel het",[61] beëindig. Die beperking van die getal arbeiders sou noodwendig tot die verskuiwing van arbeiders lei, maar aangesien die swartes in die Vrystaat slegs as

---

*industrializing South Africa*, pp. 7-8 en CC Eloff *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland, 1884-1902, 'n verhoudingstudie*, p. 184 vir besprekings van arbeidswetgewing in die Vrystaat.

53 Oberholster & Stemmet, *Senekal se eerste honderd jaar, 1877-1977*, p. 60.

54 *Vide* Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910*, p. 82 Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, p. 183 vir die bepalings van die wet.

55 Die dra van 'n pas was verpligtend vir enige swarte wat die ORK binnegekom het.

56 Cf Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910*, pp. 83-93.

57 Cf *ibid.*, pp. 93-94.

58 Oberholster & Stemmet, *Senekal se eerste honderd jaar, 1877-1977*, p. 60.

59 Eloff, *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, p. 134. *Vide* APJ van Rensburg, *Die rol deur landdroste, vrederegters en veldkornette in die distrik van Bloemfontein vanaf 1854-1880 gespeel*, pp. 249-250 vir 'n positiewe beoordeling van arbeidswetgewing in die Vrystaat (1855-1873).

60 Eloff, *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, p. 132.

61 *Ibid.*, p. 131.

arbeiders en nie as mense in eie reg gesien is nie, word die invloed wat die wette op hulle geïgnoreer.

Keegan se bespreking van genoemde arbeidswette verskil van dié van Afrikanersentriese geskiedskrywers. Hy deel nie die siening van hierdie geskiedskrywers dat die arbeidswetgewing noodsaaklik was om die samedromming van swartes op sogenaamde plakkersplase te voorkom nie. Uit sy gegewens blyk dit dat blankes gretig was om swart deelboere op hulle plase te laat woon en werk. Hoewel die swartes dikwels die enigste bewoners van dié plase was, is die plase deur vooruitgang gekenmerk. Hy gee verskeie voorbeelde van stappe wat deur die blanke en swart Vrystaters geneem is om die beperkende wette te omseil. Deur die gegewens illustreer hy dat dié swartes hulle nie aan leeglêery skuldig gemaak het nie. Inteendeel. Hulle was aktief besig met die opbou van die Vrystaatse platteland.[62]

Ter opsomming kan daarop gewys word dat terwyl Van Rensburg en Eloff glo dat die wetgewings 'n oplossing vir die boere se arbeidsprobleme gebied het, Le Roux, Oberholster en Stemmet reken dat dit 'n tekort aan arbeiders tot gevolg gehad het. Le Roux is die enigste van die Afrikanersentriese geskiedskrywers wat enigsins daarop wys dat die wetgewing gedwonge verskuiwing vir swartes sou meebring. Van Rensburg en Eloff maak die aanname dat die swartes se regte nie geskend is nie. Op sy beurt gebruik Keegan die arbeidswetgewing as vertrekpunt vir sy positiewe uitbeelding van die swart landbouers in die Vrystaat.

**Die swartes was onwillig om vir die blanke boere te werk**

DDT Jabuvu noem, na die verskaffing van die nodige voorbeelde ter ondersteuning van sy siening, drie redes waarom daar 'n tekort aan swart plaasarbeiders in Suid-Afrika was, naamlik die onsimpatieke, arbitrêre optrede van die blanke werkgewers, swak lone en die persepsie van swartes dat plaasarbeid minderwaardig is.[63] Geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se uitsprake oor genoemde redes sal vervolgens aan die orde gestel word.

---

62 Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, pp. 65-74.

63 DDT Jabavu, *The black problem*, p. 128. Jabavu verwys na die situasie in Suid-Afrika gedurende die periode 1913-1919. Sy bespreking val dus buite die terreinafbakening van dié proefskrif. Die tekort aan publikasies deur swartes en die gevolglike gevaar dat die proefskrif nie die siening van swartes sal reflekteer nie, dien as regverdiging vir die verwysing na Jabavu se werk.

Die onsimpatieke, arbitrêre optrede van blanke werkgewers

Orpen wys by herhaling op die onmenslike behandeling van swarte arbeiders in die Vrystaat deur die blanke boere.[64] Hoewel dié optrede van die blankes veroordeel word, is hy van mening dat

> *it is of no use to ignore the fact that such practices existed, or to deny them. South Africa is, however, not the only country in the world in which such things have happened or are now happening.*[65]

In Steytler (1932) se bespreking van beskuldigings van wreedhede en onaanvaarbare arbeidspraktyke deur die blankes op lede van die Batlokwa- en Baholokea-stamme in die distrikte Vrede en Harrismith haal hy die getuienisse van "twee hoogbejaarde Kaffers" aan dat die boere na 1881 die swartes gedwing het om sonder loon te werk, en "baie wreedhede" teenoor hulle gepleeg het.[66]

Steytler verwerp die beskuldigings van die twee bejaarde swartes omdat "verskeie oumense" aan hom gesê het

> *dat enkele Kaffers wel slae gekry het omdat hulle nie wou werk nie, maar wreedhede ... was daar nie. Ons moet onthou dat die Kaffers omstreeks 1870 nog feitlik barbare was en dat dit wel tyd geneem en moeilikheid af gegee [sic] voor hul aan die idee van werk gewoond geraak het.*[67]

Voorts het sommige boere "met hul volk ooreengekom dat hul vry kon woon op die plase maar dan moes hul gedurende ploeg- en oestyd verniet werk".[68] Volgens hom bestaan "dwang om sonder loon te werk ... nie".[69]

Steytler ag die getuienis van die bejaarde swartes as van minder waarde en onbetroubaarder as dié van "verskeie oumense", waarskynlik blankes. Hoewel betoog kan word dat Steytler poog om 'n swart perspektief te verskaf, werp hy alles in die stryd om hulle getuienis te verwerp.[70] Die indruk word geskep dat geskiedskrywers nie op die mondelinge getuienis van swartes kan steun nie.

---

64 Orpen, *Reminiscences*, pp. 247-251; 256-261; 272-273. *Vide* ook Fyfe, *South Africa to-day with an account of modern Rhodesia*, pp. 87; 92 en Beak, *The aftermath of War*, p. 161 vir ongeverifieerde kritiek teen die blanke boere se behandeling van hulle swart arbeiders.

65 Orpen, *Reminiscences*, p. 260.

66 Steytler, *Harrismith*, p. 64.

67 *Ibid.*, p. 71.

68 *Ibid.*

69 *Ibid.*

70 *Vide ibid.*Steytler, *Harrismith*, pp. 64-79 vir 'n volledige uiteensetting van argumente ter verwerping van die getuienis van die twee swartes.

Tog is daar Afrikanersentriese geskiedskrywers wat die moontlikheid dat van die blanke werkgewers hulle skuldig gemaak het aan onaanvaarbare arbeidspraktyke en wreedhede teenoor hulle arbeiders direk aanspreek.

Van Aswegen, Le Roux en Eloff toon empatie met die swartes. Deur 'n aantal gevallestudies stel Van Aswegen die mishandeling van swartes deur hul blanke werkgewers aan die kaak.[71] Hy hou blank én swart vir die mishandeling verantwoordelik:

> *[D]ie nie-blankes [het] in talle gevalle aanleiding gegee ... tot optrede teen hulle. ... Die nie-blankes is nie altyd vry te spreek van die houding wat sommige blankes teenoor hulle ingeneem het nie.*[72]

Hy veroordeel die blanke werkgewer wat sy swart arbeider

> *letterlik soos 'n pakdier of slaaf gehandel [het]. Daar is in hom belanggestel alleen in soverre hy 'n werkkrag was, en so 'n arbeider se menslike behoeftes en begeertes het maar heel toevallig aandag geniet.*[73]

Maar die meerderheid blanke werkgewers het hulle

> *verantwoordelikheid as christen-voog teenoor die minderontwikkelde nie-blanke besef [en] het hulle nie-blanke arbeiders eintlik op dieselfde wyse as hulle eie kinders behandel en van hulle dieselfde gehoorsaamheid en pligsgetrouheid geëis. By hulle het die morele verpligting nog swaar geweeg dat die nie-blanke in die sin van ware christelike voogdyskap behandel moes word.*[74]

Na aanleiding van getuienis deur blankes kom Le Roux tot die gevolgtrekking dat die verhoudinge tussen die blanke boere en hul swart arbeiders "oor die algemeen goed" was. Hy wys egter op "enkele uitsonderings" - dié baseer hy op klagtes van swartes.[75] Tog toon hy begrip vir die blanke boere, want die swartes was "nie altyd vry te spreek van aandadigheid aan arbeidsverhoudinge wat nie na wense was nie".[76] Ter ondersteuning van dié siening word verwys na die "parmantige houding" van swartes, veediefstalle, rondlopery en "oormatige" bierdrinkery.[77]

---

71 *Vide* Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 366-374.
72 *Ibid.*, p. 374.
73 *Ibid.*, p. 375.
74 *Ibid.*, pp. 374-375.
75 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910*, pp. 107-108.
76 *Ibid.*, p. 108.
77 *Ibid.*

Ongeverifieerd sê Eloff: "Daar het ... heelwat gevalle voorgekom waar boere hul werkvolk onnodig en te swaar gestraf het of selfs nie hulle lone uitbetaal het nie."[78] Begrip word getoon vir swartes wat onwillig was om hulleself te verhuur aan blanke boere wat bekend was vir hulle swak of/en onbillike behandeling van arbeiders.[79]

Met die uitsondering van Steytler, wat alles in sy vermoë doen om die beskuldigings te verwerp dat die boere hulle aan ongeoorloofde arbeidspraktyke skuldig gemaak het, is die Afrikanersentriese geskiedskrywers wat hulle uitspreek oor die behandeling van die swartes deur hulle blanke werkgewers dit eens dat sommige blankes hulle skuldig gemaak het aan onregmatige optrede teenoor hulle swart arbeiders.

Die siening van Afrikanersentriese geskiedskrywers dat die blanke boere se onregmatige optrede teenoor hulle swart arbeiders eerder die uitsondering as die reël was én dat die skuld vir sodanige optrede hoofsaaklik voor die deur van die swartes gelê moet word, word deur Keegan verwerp:

> *The formal agencies of control - the courts and the police - were only the most visible part of the structures of domination. The informal means of coercion and intimidation represented a daily reality of master-servant relationships. ... Whipping of recalcitrant workers by their masters was widespread ... Most informants tell stories of brutal treatment at the hands of white farmers.*[80]

Keegan deel die siening van Afrikanersentriese geskiedskrywers dat die mishandeling van swart arbeiders as 'n belangrike rede gesien moet word vir die tekort aan arbeid:

> *Arbitary violence was not invariably efficacious. Blacks were not without their own means of resistance. Their mobility and the degree of discrimination they were able to employ in the choice of employer ensured that brutality by employers was often counter-productive.*[81]

Terwyl Keegan hoofsaaklik van die mondelinge getuienis van swartes gebruik maak ter verifiëring van sy kritiek teen die blanke boere se arbeidsverhoudinge,[82] verwerp Steytler sodanige getuienis omdat dit die blankes negatief uitbeeld. Keegan en Steytler benut dus ooreenstemmende bronne ter ondersteuning van hulle anti- en pro-swart perspektiewe respektiewelik. Daarenteen benut Van Aswegen slegs blanke bronne; Le Roux blanke en

---

78 Eloff, *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, p. 139.
79 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 318; Eloff, *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, p. 138.
80 Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, p. 156.
81 *Ibid.*, p. 157.
82 *Ibid.* p. 156

swart bronne, maar hierdie twee geskiedskrywers kom deur kritiese analise tot ooreenstemmende, genuanseerde uitsprake.

Die swartes was na die ABO onwillig om plaasarbeid te verrig

Die siening dat die swartes na die ABO "onwillig [was] om die Refugee-kampe te verlaat en nog onwilliger om te werk",[83] word deur geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke gesteun. Verskeie redes word vir die onwilligheid aangevoer.

Die hoë lone wat die Britse regering tydens die ABO aan swartes betaal het, het 'n negatiewe invloed op die arbeidsmark na die oorlog gehad.[84] Die swartes "was versadig deur die hoë oorlogtydse salarisse".[85]

Voorts was die swartes "traag" om die "luilekkerlewe van die Refugee-kampe vaarwel te sê"."[86]

Voorafgaande siening van die Afrikanersentriese geskiedskrywers dat die swartes na die ABO te lui was om te werk en bederf was deur die hoë oorlogtydse lone, word deur Peter Warwick verwerp. Hy gee toe dat van die swartes na die oorlog finansieel beter daaraan toe was as gevolg van goeie militêre lone, asook die vergrote, kompeterende mark vir hulle produkte gehad het.[87] Maar die lone wat ongeskoolde werkers verdien het, was nie eenvormig nie. Die vestiging van vlugtelingkampe in die Vrystaat en Transvaal het aan die Britte 'n goedkoop arbeidsbron verskaf. Die oormaat beskikbare ongeskoolde arbeid lei tot lae lone.[88]

Le Roux wys daarop dat die swartes na die oorlog onseker oor die ontvangs wat hulle deur die blanke boere te beurt sou val met hul terugkeer, aangesien baie van hulle die Britse oorlogspoging gesteun het. Dit het die hervestiging van swartes op die plase vertraag. Met

---

83 APJ van Rensburg, *Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie, 1902-1907*, p. 302 baseer hierdie siening op WB Worsford, *The reconstruction of the new colonies under Lord Milner*, p. 50.

84 Browne, *South Africa. A glance at current conditions and politics*, p. 98 wys daarop dat die Britte die swartes £ 4 per maand betaal het, terwyl hulle £ 1 10s vir dieselfde periode voor die oorlog ontvang het; Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol VI, p. 52; Van Rensburg, *Ekonomiese herstel*, p. 302; Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* p. 77.

85 Van Rensburg, *Ekonomiese herstel*, p. 302.

86 *Ibid.*, p. 303 baseer dié siening op 'n verslag insake swartkampe, 5 September 1902 (C.S. 3778/02: Inkomende en uitgaande stukke van die Koloniale Sekretaris). Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* p. 80 herhaal dié beskuldiging feitlik woordeliks. Na aanleiding van inligting verkry uit 'n telegram van die Harrismith-repatriasieliggaam, wys Le Roux daarop dat daar ongeveer 60000 swartes na die oorlog in die kampe was wat onwillig was om na die boere plase terug te weer.

87 Warwick, *Black people and the War*, p. 167.

88 *Ibid.*, p. 137 baseer dié gegewens op korrespondensie van die Transvaalse Metodiste Kerk (1899-1903).

enkele uitsonderings na was die blankes egter gewillig om hulle terug te ontvang.[89] In dié geverifieerde bespreking toon Le Roux nie net begrip vir die swartes nie, maar ook agting vir die blankes, laasgenoemde word as vergewensgesind uitgebeeld.

Vergoeding van swart arbeiders

Die skrywers van herinneringswerke se uiteenlopende, ongeverifieerde sieninge oor die vergoeding van swart arbeiders, naamlik dat die blanke boere nagelaat het om hulle swart arbeiders te vergoed,[90] die lone te laag was,[91] en dat die swartes ruimskoots vergoed is,[92] word deur Le Roux herhaal.

Lone aan swart plaasarbeiders is nie deur wetgewing bepaal nie, gevolglik het dit van boer tot boer en van distrik tot distrik verskil. Le Roux reken dat die meerderheid boere hulle arbeiders goed behandel het, maar daar was wel diegene wat lone wederregtelik van hul swart arbeiders weerhou het[93] óf "hardnekkig vasgeklou [het] aan die ontoereikende lae vooroorlogse loonkoerse".[94] Hierdié boere se gesindheid teenoor die swartes is gebaseer op "'n meerderwaardigheidstandpunt [en] het veel te wense oorgelaat".[95]

Le Roux is gekant teen die vasgestelde lone aan munisipale arbeiders: "Wat die vasgestelde lone betref, kon die vraag tereg gestel word of die Nie-Blanke se lewenskoste nie ook soos dié van die Blanke gestyg het nie."[96] Hy glo dat "hoër lone en die streng, dog regverdige behandeling van Nie-Blanke werknemers nog die veiligste en doeltreffendste basis vir gesonde arbeidsverhoudinge was".[97] Hy is egter gekant teen die hoë lone wat aan swart mynwerkers in die Vrystaat betaal is:

> *Die hoë lone het die Nie-Blanke in staat gestel om meer geld te spaar, sodat hulle na 'n kort tydperk van werk, die myn verlaat en na hulle tuistes teruggekeer het, terwyl die myn se arbeidsbehoeftes intussen toegeneem het. Te hoë loonverhogings het dus geneig om die beskikbare arbeid eerder te verminder as om dit te verhoog en 'n bepaalde onbestendigheid daaraan*

---

89 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* pp. 80-81; 107. Beak, *The aftermath of War*, p. 161 deel hierdie siening.
90 Boon, *The immortal History of South Africa*, deel I, p. 76.
91 David Kennedy, *Kennedy at the Cape. A professional tour through the Cape Colony, the Orange Free State, the Diamond Fields & Natal*, p. 75 verwys spesifiek na swart huisbediendes.
92 De Kok, *Empires of the veld*, pp. 151-152 verwys na deelboerdery as 'n vorm van vergoeding.
93 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* p. 104.
94 *Ibid.*, p. 110.
95 *Ibid.*
96 *Ibid.*, p. 147.
97 *Ibid.*, p. 110.

> *verleen. Dit het ook tot 'n loonwedywering tussen die mynmaatskappye gelei, wat tot die voordeel van die Nie-Blankes gestrek het.*[98]

Té hoë lone sterk swartes in hulle beweerde werkskuheid, skep ekonomiese onafhanklikheid en bevoordeel die swartes. Tog sê Le Roux na aanleiding van sy bespreking van die arbeidsverhoudinge tussen blanke stadsrade en hulle swart munisipale werkers:

> *Die vraag kan tereg gevra word of die Blankes ... hulle stedelike verhouding (arbeid en andersins) nie op 'n veel gesonder grondslag sou plaas indien oplossings vir Blank-Nie-Blank-vraagstukke, nie ook vanuit die standpunt of posisie van die Nie-Blanke benader is nie.*[99]

Uit die voorafgaande uitsprake moet afgelei word dat Le Roux onderskei tussen 'n oorlewings-, 'n honger- en 'n bemagtigingsloon. Eersgenoemde is vir hom aanvaarbaar, want 'n hongerloon neem nie die belange ("standpunt") van die swartes in ag nie, maar te hoë lone kan tot arbeidstekort lei omdat die swartes ekonomies bemagtig word.

Enkele geskiedskrywers spreek hulle uit oor deelboerdery as 'n vorm van vergoeding. Beak kritiseer die praktyk omdat dit geen sekuriteit aan die swartes verskaf het nie.[100] Van die liberale[101] en neo-liberale[102] geskiedskrywers veroordeel deelboerdery omdat dit die blankes in staat gestel het om swartes as arbeiders en huurders vir hul eie voordeel te misbruik. Die 19de eeuse Vrystaat was

> *a 'white man's country' where Natives were welcomed as servants and tolerated, as long as it suited the convenience of their superiors, as rent-paying 'squatters'.*[103]

Hoewel Keegan daarop wys dat deelboerdery voordele vir blank en swart ingehou het,[104] betreur hy die blankes se misbruik van hulle gesagsposisie om te voorkom dat die swartes ekonomies onafhanklik word. In 'n geverifieerde bespreking wys hy onder andere daarop dat die swartes nie onafhanklik grond kon huur, koop of finansiering bekom nie.[105] Hy is van mening dat "the rise of white rural populism and the drive to secure a white-supremacist

---

98 *Ibid.*, p. 161.
99 *Ibid.*, p. 158.
100 Beak, *The aftermath of War*, p. 161.
101 De Kiewiet, *A History of South Africa*, p. 82; Marais, *The imposition and nature of European control*, p. 347.
102 Francis Wilson, Farming, 1866-1966, in Monica Wilson & Leonard Thompson (eds), *The Oxford History of South Africa: South Africa 1870-1966*, vol II, p. 117; IF Evans, *Native policy in Southern Africa*, p. 24.
103 Marais, *The imposition and nature of European control*, p. 347.
104 Keegan, *Facing the storm. Portraits of Black lives in rural South Africa*, p. 67.
105 *Ibid.*, pp. 71; 112.

rural economy" as redes gesien moet word vir die blankes se onwilligheid om die swart deelboere ekonomies te bemagtig.[106]

In teenstelling met voorafgaande negatiewe kritiek teen deelboerdery, oordeel Spies hierdie vorm van vergoeding gunstig. Dit het voordele vir blank en swart ingehou: "This enabled white farmers to become productive again and enabled black peasants to prosper as well."[107]

Geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke huldig dus teenstrydige sieninge oor deelboerdery. Terwyl die meerderheid Afrikanersentriese geskiedskrywers wat hulle oor die aangeleentheid uitspreek, ten gunste van deelboerdery is, reken van die imperiale, liberale en neo-liberale geskiedskrywers dat die blanke boere dié stelsel vir persoonlike gewin misbruik het.

**Industriële kapitalisme**

Die ontdekking van diamante en die daarmee gepaardgaande vestiging van industriële kapitalisme in die Wes-Vrystaat en Griekwaland-Wes gedurende die sewentigerjare word deur Keegan voorgehou as die belangrikste redes vir die arbeidstekort in die Vrystaat gedurende die laaste kwart van die 19de eeu. Die hoë lone wat die swartes op die diamantvelde ontvang het, het saamgeval met die vestiging van suksesvolle deelboerderypraktyke in die Vrystaat. Die swartes was gevolglik onwillig om teen lae lone vir die blanke boere te werk. Keegan wys daarop dat hierdie ekonomiese onafhanklikheid en bedingingsmag van swartes daatoe gelei het dat

> *Africans moving through the white-settled areas were subjected to harassment, abuse and violence from white farmers who were frustrated by their inability to attract adequate labour supplies.*[108]

Die arbeidstekort wat saamgeval het met die ekonomiese opbloei in die sentrale gedeelte van Suidelike Afrika, moet volgens hom as impetus gesien moet word vir lord Carnavon se planne om die Britse kolonies en republieke te federeer. Hy skryf dat

> *rigorous efforts were made, militarily and otherwise, to subvert independent African societies throughout southern Africa in the interests of an embryonic industrial capitalism.*[109]

---

106 *Ibid.*, p. 207.

107 Spies, *British supremacy*, p. 34 verwys na die situasie na die ABO. *Vide* ook Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* pp. 105-106; De Kok, *Empires of the veld*, p. 180; Edgar H Brookes, *The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the present day*, p. 386 baseer sy siening op Sol. T Plaatje, *South African Native life.*

108 Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, p. 13.

109 *Ibid.*, p. 10.

In aansluiting by Keegan wys Eldredge daarop dat die "insidious combination of capitalism and racism" tot die uitbuiting van die swart arbeiders gelei het.[110] Sy argumenteer dat die ooraanbod van arbeiders en die nie-permanente karakter van trekarbeid tot gevolg gehad het dat die Basoeto-arbeiders in die Vrystaat nie om beter werksomstandighede kon beding nie, gevolglik is hulle deur die blankes uitgebuit.[111] Die bedingingsmag van die swart arbeiders het volgens hierdie twee revisionistiese geskiedskrywers verswak as gevolg van die outomatisering van die landbou, die kapitalistiese stelsel, beperkende arbeidswette en die vergestalting van rassisme in die Vrystaat.[112] Beide hierdie revisionistiese geskiedskrywers gebruik dus die minerale revolusie as vertrekpunt om kritiek teen die kapitalistiese stelsel uit te spreek.

**Slotopmerkings**

Wie moet verantwoordelik gehou word vir die 19de en vroeg 20ste eeuse arbeidstekort in die Vrystaat?

Die Afrikanersentriese geskiedskrywers onthef die blanke boere van alle blaam. Met enkele uitsonderings na, soos aangedui deur Le Roux, Van Aswegen en Eloff, het die blankes hulle arbeiders regverdig behandel en goeie lone betaal. Eksterne faktore soos demografiese tendense en wetgewing, asook die Britse militêre magte en die mynbase se te hoë lone en die werkskuheid van die swartes word as redes vir die arbeidstekort voorgehou.

Hierdie siening dat die blankes nie deel gehad het aan die arbeidstekort in die Vrystaat nie, word deur skrywers van herinneringswerke, asook Warwick, Eldredge en Keegan weerlê.

Orpen beweer dat die blankes hulle arbeiders swak behandel het, maar dit is volgens hom in ooreenstemming met internasionale praktyke.

Die subjektiewe aard van Boon se publikasies het tot gevolg dat daar nie te veel waarde aan sy kritiek teen die blanke Vrystaters geheg kan word nie.

Warwick se uitsprake is beperk tot die vergoeding van swartes ten tye van die ABO.

Terwyl voorafgaande skrywers klem lê op die redes vir die arbeidstekort in die Vrystaat, prioritiseer twee revisionistiese geskiedskrywers die arbeiders se verlies aan bedingingsmag. Die posisie van die arbeiders het verswak as gevolg van die vestiging van industriële kapitalisme, die ontdekking van diamante en die uitlewing van rassisme in die Vrystaat.

---

110 *Ibid.*, p. 193.
111 *Ibid.*
112 Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 188; Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, pp. 108-113.

Werke wat uitstaan met betrekking tot analities-kritiese besprekings en wetenskaplike bronbenutting is dié van Van Aswegen en Le Roux, Keegan. Hierdie drie geskiedskrywers rapporteer nie bloot gebeure nie en wend hulle, hoewel eersgenoemde twee geskiedskrywers slegs in 'n baie beperkte mate, tot swart bronnne. Keegan se publikasies getuig van omvattende veldwerk en die benutting van mondelinge getuienisse van swart plaasarbeiders en hulle nageslag.[113]

### 7.1.2 Vakbonde in die Vrystaat

Ten spyte van die swartes in Suid-Afrika se hongerlone, "which made civilised existence an impossibility",[114] en hulle ontevredenheid met beperkende munisipale regulasies, het hulle gedurende die laat 19de en vroeë 20ste eeu slegs in 'n beperkte mate uiting aan hulle ontevredenheid met hulle werks- en lewensomstandighede gegee.[115] E Gitsham en A Trembath is van mening dat enige teenstand teen swak lone, lang werksure of haglike werksomstandighede het gelei tot

> *a speedy visit to the police court, with a stiff fine or a period of imprisonment with hard labour to follow. To be marched to goal at the point of a bayonet, when a boss refuse to see that an increased task is unreasonable, tends to cool Native Trade Union ardour, and there is nothing like a few weeks in a prison cell to enable a Native to ponder over the wisdom of a too early adoption of the white workers' methods of coecion.*[116]

'n Direkte uitvloeisel van dié optrede is dat slegs blankes in die Vrystaat aan vakbonde behoort het en aan die mislukte staking van drukkers (Junie 1903) deelgeneem het.[117]

Keegan wys egter daarop dat die probleme verbonde aan die vorming van georganiseerde arbeidsbewegings nie beteken dat die swartes hulle haglike werksomstandighede aanvaar het nie. Hy is van mening dat

> *resistance to work discipline and the tyranny of the clock was ubiquitous ... Equally, the go-slows, deliberate carelessness, feigned ignorance or stupidity were likely just as widespread.*[118]

---

113 Keegan, *Facing the storm. Portraits of Black lives in rural South Africa*, pp. 159-169 vir sy siening oor die gebruik van mondelinge getuienis in geskiedskrywing. *Ibid.*, pp. 109-128 is die lewensgeskiedenis van 'n Vrystaatse swarte, Petrus Pooe.

114 E Gitsham & A Trembath, *A first account of labour organisation in South Africa*, p. 13.

115 *Vide* par 6.1.4 vir verwysings na Schoeman, *Bloemfontein* en Odendaal, *Vukani Bantu!* se besprekings van die swartes se verset teen paswette en munisipale-regulasies.

116 Gitsham & Trembath, *A first account of labour organisation in South Africa*, p. 13.

117 *Ibid.*, pp. 14; 17.

118 Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, p. 160. *Ibid.*, pp. 160-1162 gee bewyse vir dié siening. Van die swartes het gewelddadig teenoor hulle blanke

Die gebrek aan swart vakbonde gedurende genoemde periode asook die die beperkte aandag wat ekonome aan die historiese begronding van hul onderwerpe gee, kan as redes aangevoer word waarom liberale ekonome nie pertinent aandag aan die ontwikkeling van die vakbondwese in die Vrystaat óf die nie-betrokkenheid van swartes by die vakbondwese aldaar gee nie.[119]

### 7.1.3 Die rol van swartes in die ontwikkeling van die Vrystaatse ekonomie

#### 7.1.3.1 Inleiding

In die historiografiese analise van die rol van die swartes in die uitbou van die Vrystaatse ekonomie sal naas 'n oorsig van tendense in ekonomiese publikasies, ook aandag aan die erkenning/miskenning van die swartes se bydrae tot die ontwikkeling van die Vrystaatse dorpe en die landbou, grondeienaarskap van swartes en grondtransaksies tussen blank en swart gegee word.

Uit 'n studie van enkele boeke deur ekonome blyk die volgende tendense:

- Aandag word baie oorsigtelik aan die historiese ontwikkeling van blanke ekonomiese bedrywighede in Suid-Afrika geskenk. Ontwikkeling in die Vrystaat word as 'n integrale deel van die groter Suid-Afrikaanse ekonomiese stelsel bespreek.[120] DC Coleman spreek tereg sy kommer oor ekonome se geringskatting van die historiese begronding van hulle wetenskapsbeoefening uit: "The economic past may well cease to have a future."[121]

- Werke wat verwys na die geskiedenis van betaalmiddels in die Vrystaat, maak met die uitsondering van 'n enkele vermelding van die bestaan van tien poswisselagentskapkantore vir swartes in die Vrystaat (1903),[122] geen rasgebaseerde verwysings nie.[123] Terwyl dié werke by implikasie erken dat 'n monitêre stelsel nie rasgebonde is nie, suggereer Matthy Esterhuysen dat daar wel beperkings op swartes se toegang tot finansiële instellings was. Esterhuysen lewer geen kommentaar op dié rasseskeiding nie. Hoewel dit moontlik kan dui op hierdié

---

werkgewers opgetree, van die blankes se vee vergiftig, vaste eiendom, gesaaides en/of vee vernietig, verniel of gesteel.

119 *Vide* Iona Davies, *African Trade Unions*, pp. 53-70 en Muriel Horrell, *South African Trade unionism*, pp. 59-118 vir die ontwikkeling van die vakbondwese sedert die 1920's.

120 G Bosman, *The industrialization of South Africa*, pp. 1-33; Ralph Horwitz, *The political economy of South Africa*, pp. 1-75.

121 DC Coleman, *History and the economic past. An account of the rise and decline of Economic History in Britain*, p. 146.

122 Matthy Esterhuysen, *Ons gelderfenis*, pp. 179-180.

123 CL Engelbrecht, *Geld in Suid-Afrika*, pp. 56-62; EM Shaw, *'n Geskiedenis van betaalmiddels in Suid-Afrika*, pp. 19-21; Eric Rosenthal, *Geldsake van gister*, pp. 25-27; JT Becklake, *From real to Rand*, pp. 17-21.

ekonoom goedkeuring van die praktyk van rasseskeiding, is dit eerder in ooreenstemming met haar kriptiese rapportering van gebeure.

- Ekonome en geskiedskrywers wat die historiese ontwikkeling van groot finansiële instellings geboekstaaf het, fokus in hulle bespreking van die vestiging van dié instellings in die Vrystaat gedurende die 19de en eerste dekade van die 20ste eeu op blanke kliënte.[124] Die nie-deelname van swartes aan gesofistikeerde finansiële transaksies gedurende dié periode is waarskynlik die belangrikste rede vir die nie-vermelding van swartes. Voorts het die internasionale karakter van Barclays Bank tot gevolg dat werke oor dié bankgroep slegs enkele reëls afstaan aan dié bank se vestiging in die Vrystaat.[125] Die negering van swartes moet dus nie as 'n miskenning van swartes as potensiële kliënte gesien word nie.

- "Arbeidsprobleme" met swartes word kontemporêr binne 'n breë Suid-Afrikaanse raamwerk bespreek. En daar word nie spesifiek na die situasie in die Vrystaat aandag gegee nie. Voorts het die kontemporêre aard van dié werke tot gevolg dat van hulle buite die terreinafbakening van die proefskrif val.[126]

In teenstelling met voorafgaande tendense gee AL Müller spesifiek aandag aan die ekonomiese geskiedenis van die Vrystaat, maar slegs die blankes se ekonomiese aktiwiteite word aangeraak.[127]

FW Gericke maak slegs 'n enkele verwysing na die rol wat swartes in die ontwikkeling van pos- en telegraafwese in die Vrystaat gespeel het. Hoewel die swart posdraers die "kleinste skakel" met die "minste verantwoordelikheid" in die posstelsel was, gee Gericke toe dat hulle "onmisbaar" was. Dit blyk uit getuienisse dat hulle getrou en bekwaam in die uitvoering van hulle pligte was.[128] In teenstelling met van die ander Afrikanersentriese

---

124 R van Selm, *History of the South African Mutual Life Assurance Society 1845-1945*, pp. 15-18; 21; JA Henry, *The first hunderd years of the Standard Bank*, pp. 10-12; 45-46; 88-89; Barclays Bank, *A banking centernary. Barclays Bank (Dominion, Colonial and Overseas) 1836-1936*, pp. 110; PW Matthews & AW Tuke, *History op Barclays Bank Limited*, p. 369. Alan Mabin & Barbara Conradie, *The Confidence of the whole country. Standard Bank reports on economic conditions in southern Africa 1865-1902* bevat uittreksels van korrespondensie en verslae van die Algemene Bestuurders Standard Bank (Suid-Afrika) aan die direkteure in Londen. Van die uittreksels het spesifiek betrekking op die toestande in die Vrystaat (cf *ibid.*, pp. 152; 165; 184-186; 195-196; 205-206; 214-215; 222-223; 234-236; 243-244; 253-255; 262-263; 273-264; 285; 294-295; 308; 319; 330; 339; 349-350; 371; 394; 407-408; 418; 428-429; 439; 449-450; 461-462; 501-502; 509-510) en verwys o.a. na die invloed van die Vrystaat-Basoeto-konflik op die ekonomiese ontwikkeling van die gebied (cf *ibid.*, pp. 2-6; 10-21; 26-42). Die publikasie is slegs 'n samevoeging van argiefmateriaal en die redaksie lewer geen kommentaar nie.

125 *Vide* Barclays Bank, *A banking centernary. Barclays Bank (Dominion, Colonial and Overseas) 1836-1936*, p. 110; Matthews & Tuke, *History op Barclays Bank Limited*, p. 369.

126 Cf o.a. Margaret Roberts, *Labour in the farm economy*; SABRA, *Die naturel in die Suid-Afrikaanse landbou*; JH Botha, *Die arbeidsvraagstuk van Suid-Afrika.*

127 AL Müller, *Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika*, pp. 148-153; 183-195; 198-223.

128 FW Gericke, *Die ontwikkeling van pos- en telegraafwese in die Oranje-Vrystaat 1854-1886*, p. 322.

geskiedskrywers wat die swarte arbeiders oorwegend negatief tipeer,[129] lê Gericke slegs klem op die positiewe.

Ekonome plaas 'n lae prioriteit op die betrokkenheid van swartes by die ontwikkeling van die Vrystaat se ekonomie.

**7.1.3.2 Die bydrae wat swartes gelewer het in die ontwikkeling van Vrystaatse dorpe**

Ingevolge Wet 8 van 1893 kon swartes in die Vrystaat slegs na die verkryging van 'n lisensie, wat deur die sentrale regering goedgekeur is, handel dryf. Gedurende die republikeinse periode is geen handelslisensies aan swartes wat aansoek gedoen het om in Waaihoek te opereer, uitgereik nie.[130] Ten spyte van dié beperking het enkele swartes, sonder dat hulle 'n wettige handelsperseel besit het, selfstandig opgetree as bouers, skoenmakers en waterdraers.[131]

Die redes wat Le Roux noem vir die streng kontrole kan as kritiek teen die blankes beskou word. Hy wys daarop dat die blankes swart arbeid "eerder vanuit 'n superieure posisie wou organiseer as om dit te deel". Dit is vir hom tekenend van die Bloemfonteinse stadsraad se handhawing van 'n gesagsposie.[132] Die blankes, en in besonder die Bloemfonteinstadsraad, word negatief as rassisties en magshonger uitgebeeld. Voorts het die sentrale en plaaslike owerhede van die standpunt uitgegaan dat lokasies hoofsaaklik tot stand gekom het om verblyf aan die swartes te verskaf sodat hulle hul arbeid tot die diens van die blankes kan stel.[133] Dit word dus uitgewys dat die blankes swartes tot hul voordeel wou gebruik. Derdens het die blankes gevrees dat indien handelsregte vrylik aan die swartes toegestaan word, hulle mettertyd 'n ekonomiese bedreiging vir die blankes sou inhou.[134] Hy weerlê dus by implikasie sy eie standpunt dat swartes lui is.[135] In die laaste instansie het die blankes gevrees dat 'n kapitaalkragtige swart bevolking groter bedingingsmag vir volle burgerregte, soos eiendoms- en stemreg, sou bekom.[136]

Keegan se bespreking van die deelboerderypraktyk in die Vrystaat maak ook gewag van die beperkende maatreëls in die weg van die swartes se ekonomiese bemagtiging. Swartes kon byvoorbeeld nie finansiering via die Landbank kry, eiendom koop of huurkontrakte sluit nie. Voorts het die meganisering van die landbou die swartes se bedingingsmag in die sluit

---

129 *Vide* par 7.1.1.1.
130 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* p. 141.
131 *Ibid.*
132 *Ibid.*, pp. 144; 158.
133 *Ibid.*, p. 144.
134 *Ibid.*
135 Cf *ibid.*, pp. 77-78. In die bespreking van die landelike arbeidstekort word die tekort aan arbeid grootliks toegeskryf aan die swartes se onwilligheid om te werk.
136 *Ibid.*, p. 145.

van deelboerdery- of arbeidskontrakte negatief beïnvloed. Die gevolg was dat die swartes tot die arbeidersklas gereduseer is.[137]

In teenstelling met Le Roux genuanseerde en Keegan revisionistiese uitbeelding van die struikelblokke op die swartes se weg na ekonomiese bemagtiging, is daar verskeie Afrikanersentriese geskied- en kerkgeskiedskrywers wat die bydrae of potensiële bydrae van die swartes tot die ontwikkeling van Vrystaatse dorpe ignoreer.

Verskeie opdragwerke vir blanke stadsrade van Vrystaatse dorpe[138] en blanke kerkrade,[139] asook publikasies deur die Vrystaatse Museumdiens,[140] het in hulle beskrywing van die stigting en ontwikkeling van dié dorpe die rol wat die swartes in die dorpe se geskiedenis gespeel het, geïgnoreer. Daar word selfs nie eers melding gemaak van die teenwoordigheid swartes in die dorpe nie. Die geskiedenis van die Vrystaatse dorpe is vir hierdié professionele en amateurgeskied- en kerkgeskiedskrywers die geskiedenis van die blankes van die dorpe.

In die gedenkboeke oor Winburg en Reitz word daar wel na die bestaan van lokasies, Makeleketla en Petsana, verwys. Daar is egter 'n nuanseverskil tussen die twee werke. MJ van Niekerk gee geen erkenning aan die rol wat die swartes in die ontwikkeling van Winburg gespeel het nie.[141] HB Koen wys op die korrelasie in die groei van die blanke en

---

137 Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, pp. 121-148.

138 *Vide* Van Schoor & Moll, *Edenburg*, pp. 110-137; I Hatting, *Dewetsdorp: grepe uit die geskiedenis van die dorp en distrik, 1880-1980*, pp. 3-38; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, pp. 25-59; Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, pp. 39-58; Johan H van Eeden, *Parys, 1876-1976*, pp. 10-29; JA Henning (samest), *Gedenkalbum Theunissen, 1907-1982*, pp. 9-15; WL Groenewald (samest), *Gedenkalbum Theunissen, 1907-1957*, pp. 11-14; DF Erasmus, *Heilbron, 1873-1973*, pp. 17-30; Scholtz, *Geskiedenis van Ventersburg en sy omgewing, 1873-1973*, pp. 32-40; Van der Walt, *Die ontstaan en groei van Winburg*, pp. 40-52; Uys, *Rouxville (1863-1963)*, pp. 35-64; A MacMillan, *The city of Bloemfontein. An historical, commercial and general review*, p. 21-109 (In die 1902-publikasie verwys MacMillan na inrigtings waarin blanke en swart sielsiekes en melaatses behandel is (*ibid.*, p. 10)). Cf ook Bloemfontein Stadsraad, *Die stad Bloemfontein. Amptelike gids*, pp. 17-21.

139 Flemming, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk Heilbron. 'n Eeu van genade en diens, 1873-1973*, pp. 7-10; Ferreira, *Winburg 150. 1841-1991. Storie van 'n Nederduitse Gereformeerde Gemeente*, pp. 4-62.

140 SPR Oosthuizen, *Die stigtingsgeskiedenis van Kroonstad*; SPR Oosthuizen, *Die stigting van Smithfield;* SPR Oosthuizen, *Die stigting van Ficksburg*; SPR Oosthuizen, *Die stigting van Philippolis en sy inlywing in die Oranje-Vrystaat*; SPR Oosthuizen, *Die stigting van Ladybrand*; SPR Oosthuizen, *Die stigting van Parys*; SPR Oosthuizen, *Die stigtingsgeskiedenis van Bethulie*; SPR Oosthuizen, *Die stigting van Heilbron: dorp en distrik*; SPR Oosthuizen, *Die stigting en bestuur van Boshof, 1856-1904*. Die publikasies is van beperkte omvang en wissel in lengte tussen 3 en 15 bladsye. Die enkele verwysings wat daar wel na swartes is, dui op die negatiewe invloed wat die botsings tussen die blanke boere en die Basoeto op die ontwikkeling van dié dorpe gehad het, byvoorbeeld Oosthuizen, *Die stigting van Smithfield*, p. 3; Oosthuizen, *Die stigting van Heilbron: dorp en distrik*, p. 1.

141 Die enigste historiese gegewens met betrekking tot Makeleketla is 'n aanduidings wat die naam beteken. Makeleketla is die "plek waar baie water gevind word". Die res van die gegewens oor die swart woonbuurt het betrekking op die 20ste eeu. *Vide* Van Niekerk, *Winburg 150 jaar (1842-1992)*, pp. 55-57.

swart woonbuurtes van Reitz gedurende die jare 1890-1904.[142] Die gedenkboek oor Reitz is die enigste van die talle gedenkboeke oor Vrystaatse dorpe wat erkenning aan die swart gemeenskap verleen deur die opneem van 'n feesboodskap deur die burgemeester van Petsana, raadslid LA Moloi. Moloi beklemtoon die ekonomiese interafhanklikheid tussen blank en swart.[143]

Reeds in 1879 het David Kennedy erkenning verleen aan die rol wat die swartes in die Vrystaatse ekonomiese opbou gespeel het, naamlik dat die Rouxville- en Smithfieldwinkeliers grootliks vir hulle voortbestaan van handel met die swartes afhanklik was.[144]

Dit is ironies dat 'n 19de eeuse publikasie erkenning aan die ekonomiese interafhanklikheid tussen blank en swart in die Vrystaat dorpe gee, maar 20ste eeuse populêre opdragwerke, met die uitsondering van dié deur Koen, skep die illusie dat die "blanke dorpe" in staat was en is om onafhanklik van die swartes te gedy. Waarom die swartes, soos aangedui deur Moloi en Kennedy, slegs tot koopkrag gereduseer is, blyk uit Le Roux se kritiese analise - die blanke Vrystaters het deur middel van wetgewing die swartes se ekonomiese bemagtiging in die wiele gery. Met die uitsondering van Kennedy se eietydse en Moloi se kontemporêre uitsprake is die werke wat handel oor die ekonomiese ontwikkeling van Vrystaatse dorpe Afrikanersentries. Gevolglik kan hier nie sprake van vergelykende perspektiewe wees nie.

**7.1.3.3 Die rol van die swartes in die ontwikkeling van die landbou**

Die siening van sommige neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers dat die swartes, in besonder die Basoeto, uitstekende boere was en deur intensiewe boerderypraktyke beter grondbenutting toegepas het as die blankes, is reeds in die bespreking van die stryd om grondgebied onder die loep geneem.[145]

Hierdie siening word nie deur Afrikanersentriese geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke gedeel nie. Hoewel Baumann en Bright (1937) empatie met die Barolong toon omdat hulle deur die ingrype van Brand hul onafhanklikheid verloor het, glo hulle dat die anneksasie van Thaba Nchu ekonomiese voordele ingehou het, want:

> *[W]e know that, as a rule, the best use of the land is never made by the natives left to themselves. They are apt to take everything out without*

142 Koen, *Die geskiedenis van Reitz 1889-1989*, p. 32.
143 LA Moloi, Feesboodskap deur die burgemeester van Petsana, in Koen, *Die geskiedenis van Reitz 1889-1989*, p. 10.
144 David Kennedy, *Kennedy at the Cape. A professional tour through the Cape Colony, the Orange Free State, the Diamond Fields & Natal*, pp. 67-69.
145 *Vide* par 1.2.

> *thinking of putting anything back; they over-stock their ground with unproductive 'scrub' cattle, denuding the land of its grass covering - the most productive cause of soil erosion; and from the point of view of the control of stock and crop diseases, a practically undisturbed native area is a source of danger to all the surrounding neighbourhood.*[146]

Verloren van Themaat (1903) deel dié siening oor die Thaba Nchu-swartes:

> *Hier zien we geen enkele plaats, nergens draadheiningen, overal is het land bezaaid ..., maar het gezaaide staat dor, dun en schraal en is slechts een paar palm hoog.*[147]

Terwyl skrywers van herinneringswerke afbrekende menings lug oor die vermoëns van die swartes as landbouers, skryf van die Afrikanersentriese geskiedskrywers die swartes uit die landbougeskiedenis van die Vrystaat. Die rol wat die swartes as plaasarbeiders en landbouers gespeel het, word geïgnoreer.[148]

Die ignorering kom nie net neer op 'n miskenning van die bydrae wat swartes gespeel het in die Vrystaatse landbouontwikkeling nie, maar gee ook by implikasie alle eer vir die vooruitgang aan die Afrikaner, want "die boereplaas [was] die tuiste van die Afrikaner".[149] Die blanke het "die grondslag vir ware vooruitgang gelê, [want] hierdie vooruitgang is grootliks deur die getalle en karakter van die blanke bevolking bepaal."[150] Daar is egter wel geskiedskrywers[151] en ekonome[152] wat naas die beklemtoning van die suksesse van die blanke boere, saaklik erkenning verleen aan die rol wat die swart plaasarbeiders gespeel het. Maar daar is ook 'n ekonoom[153] en landbouhistorici[154] wat slegs op die negatiewe invloed van die swartes op landbouontwikkeling in die Vrystaat wys. Die belangrikste rede vir die

---

146 Baumann & Bright, *The lost Republic*, p. 105.

147 Verloren van Themaat, *Twee jaren in den Boerenoorlog*, p. 231.

148 *Vide* Van Rensburg, *Bethlehem*, pp. 139-158; Van Schoor & Moll, *Edenburg*, pp. 97-109; Hatting, *Dewetsdorp: grepe uit die geskiedenis van die dorp en distrik, 1880-1980*, pp. 97-107; GP Visser, Die ontwikkeling van boerdery in die distrik Jagersfontein, in SL Barnard (red), *Jagersfontein, 1882-1982*, pp. 59-64; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, pp. 109-118; Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, pp. 109-114; Henning (samest), *Gedenkalbum Theunissen, 1907-1982*, pp. 83-91; Groenewald (samest), *Gedenkalbum Theunissen, 1907-1957*, pp. 55-61; Erasmus, *Heilbron, 1873-1973*, pp. 77-80; Scholtz, *Geskiedenis van Ventersburg en sy omgewing, 1873-1973*, pp. 86-95; Van Niekerk, *Winburg 150 jaar (1842-1992)* p. 51.

149 Van Rensburg, *Bethlehem*, p. 139.

150 Van Schoor & Moll, *Edenburg*, p. 97. *Vide* Moll, *Hennenman*, pp. 130-136 vir 'n ooreenstemmende siening.

151 Koen, *Die geskiedenis van Reitz 1889-1989*, pp. 95-105; Jacobs, *Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888*, pp. 156; 167; 172-173.

152 DM Goodfellow, *A modern economic History of South Africa*, p. 15; Sheila van der Horst, *Native labour in South Africa*, pp. 96; 98; 110-113; 143-144; WM McKee, *South African sheep and wool*, pp. 1-20.

153 Müller, *Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika*, p. 205.

154 WM Macmillan, *The South African agrarian problem and its historical development*, p. 35; HB Thom, *Die geskiedenis van die skaapboerdery in Suid-Afrika*, p. 91.

stadige ontwikkeling van die landbou in die Vrystaat gedurende die periode 1850-1865 was volgens hierdie skrywers die botsings tussen die Vrystaat en die Basoeto.

Naas die 1969-publikasie deur DJ Jacobs, *Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888*, asook sy ongepubliseerde doktorale proefskrif, *Die ontwikkeling van landbou in die Vrystaat 1890-1910* (1979), en JM van Aswegen se 1932-ongepubliseerde M.A.-verhandeling, *Die opkoms van landbou in die Oranjerivierkolonie vanaf 1902 tot Unie (1910)*, is die belangrikste werke wat die landbougeskiedenis van die Vrystaat geboekstaaf het, deur Keegan vanuit 'n revisionistiese perspektief geskryf.

Keegan se bespreking van die swart plaasarbeiders en landbouers vorm die direkte teenpool van die siening van Afrikanersentriese geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke. Hy is besonder krities teenoor diegene wat die swart landbouers en arbeiders negatief uitbeeld:

> *[T]he false caricature of the indolent and apathetic African, unable to master basic animal husbandry or the management of implements, served an important function in taking the edge off labour relationships; for whites were often able to convince themselves that black resistance and their own inability to coerce Africans were the resuslt of a state of nature, ranther than their own weakness and the weakness of the colonial state.*[155]

Keegan se publikasies dui op sy agting vir die swart landbouers en arbeiders. Uit sy geverifieerde bespreking van deelboerdery in die Vrystaat blyk dit dat swart kundigheid, implemente, trekvee en arbeid, ten spyte van beperkende wette ter beskerming van die belange van die blankes, die ruggraat van die Vrystaat se saaibedryf gevorm het gedurende die tweede helfte van die 19de en vroeë 20ste eeu.[156] Keegan se siening word deur Ted Matsetela gedeel:

> *Nkgono Mma-Pooe's story ... serves as an example of a family who, despite the legal onslaughts and blatant discrimination, fought for their way of life until the final blow against sharecroppers and rentier tenants came.*[157]

Weens die populêre aard van die meerderheid publikasies wat die landbougeskiedenis van die Vrystaat aanraak, is daar met die uitsondering van die werke deur Jacobs en Keegan feitlik geen sprake van wetenskaplike bronbenutting of analise in hierdie werke nie. Die

---

155 Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, pp. 15-159.

156 Keegan, *The sharecropping economy, African class formation and the Natives' Land Act of 1913 in the highveld maize belt*, pp. 195-211; Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, pp. 31-32; 51-86; Keegan, *Facing the storm*, pp. 159-169.

157 Ted Matsetela, The life story of Nkgono Mma-Pooe: aspects of sharecropping and proletarianisation in the northern Orange Free State, 1890-1930, in Shula Marks & Richard Rathbone, *Industrialisation and social change in South Africa. African class fromation, culture and consciousness 1870-1930*, pp. 212-237.

geleentheidspublikasies waarin daar na die landbou-ontwikkeling in die Vrystaat verwys word, is in opdrag van Vrystaatse (blanke) stads- en kerkrade geskryf is. Die meerderheid van hierdie publikasies misken die aandeel van swart plaasarbeiders in die landbou. Slegs enkele geskiedskrywers verwys kripties na die swart plaasarbeiders. Die Afrikaner moet alle eer vir landbouvooruitgang in die Vrystaat kry. Daarteenoor skets sommige neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers die swartes as uitstekende landbouers. Die teendeel word deur blanksentriese skrywers van herinneringswerke beweer. Sommige ekonome en landbouhistorici wys op hulle beurt slegs op die stremmende invloed wat die swartes op landbou-ontwikkeling in die Vrystaat gehad het.

### 7.1.4 Eiendomsreg deur swartes

Ordonnansie 5 van 1876 het die grondbesit van swartes op 'n wetlike grondslag geplaas. Swartes kon volgens die ordonnansie nie vaste eiendom in die Vrystaat besit nie. Die Kroonkoloniewet (1901) sowel as die Grondwet waardeur verantwoordelike bestuur aan die Vrystaat verleen is, het nie die swartes se situasie ten opsigte van eiendomsreg verander nie. Ordonnansie 5 van 1876, wat enkele wysigings in 1894 ondergaan het, het nog steeds die swartes se eiendomsreg gereël.[158]

Van Aswegen insinueer, sonder die verskaffing van bewyse, dat Ordonnasie 5 (1876) nie 'n wesenlike invloed op die swartes uitgeoefen het nie, want hulle het voor die aanvaarding van dié ordonnansie "oor die algemeen ... geen begeerte openbaar om vaste eiendom te koop nie, en het meestal nie die nodige geldmiddele daartoe gehad nie"[159] en "daar [was] ook geen algemene poging voor of na die wet om grond of geboue te huur of te koop nie".[160] Hy beweer dat die beginsel dat swartes nie grond kon besit nie, met die uitsondering van die Asiate, "deurgaans begryp en aanvaar" is.[161] In aansluiting by Van Aswegen reken Le Roux dat die swartes tydens die republikeinse periode hul uitsluiting van eiendomsreg "gedweë" aanvaar het, maar die situasie het na die ABO verander as gevolg van die "goeie beloftes" wat die Britse regering en die koloniale amptenare aan die swartes gemaak het.[162]

---

158 Cf Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* pp. 62-63. *Vide* Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank,* pp. 186-187 vir 'n volledige uiteensetting van Ordonnansie 5 van 1876.

159 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank,* p. 182.

160 *Ibid.*, p. 188.

161 *Ibid.*, p. 195.

162 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* pp. 70; 75.

Die beleid van die Vrystaatse Republiek dat slegs blanke persone aansoek kon doen om landbougrond, word deur PC Fourie in sy bespreking van die werksaamhede van die Landkommissie nóg bevraagteken nóg goedgekeur.[163]

In teenstelling met Van Aswegen se rasionalisering en Fourie se aanvaarding van die uitsluiting van swartes van eiendomsreg, beskou Le Roux dié uitsluiting as 'n skending van die swartes se menseregte: "eiendomsreg [is] soos stemreg een van die basiese regte van die mens".[164] Le Roux gee 'n gedetailleerde, gefundeerde bespreking van die swartes in die ORK se grondeise. Deur te wys op die sieninge van die blanke inwoners, die uitsprake van die regering, die houdings van die swartes en aan te haal uit koerantberigte, skets Le Roux 'n noukeurige, genuanseerde beeld van die swartes se grondeise.[165] Hy stel die siening van die blankes teenoor dié van die swartes. Die onderliggende rede vir die blankes se teenkanting teen swart grondbesit was "die beskerming van Blanke bestaan en grondregte";[166] die Vrystaatse swartes het die blankes se houding as "onregverdig beskou" en hulle was "vasbeslote" om hulle na uniewording verder te beywer vir die verkryging van grondregte.[167] In 'n gebalanseerde bespreking stel hy die blankes aan die kaak, want hulle het die swartes 'n "basiese mensereg" ontsê.

Van Aswegen se siening dat die swartes hulle uitsluiting van eiendomsreg gedweë aanvaar het, word uit gegewens in Keegan se werke weerspreek. Hy wys onder andere op die aankoop van 'n plaas, *Swartland*, noord van Ventersdorp deur 'n groep van meer as honderd swart Vrystaatse deelboere; asook die getuienis van Petrus Pooe van Vredefort oor sy familie se pogings om eiendom in die Transvaal te bekom.[168] Volgens Keegan was daar 'n styging in die vraag na eiendom deur die swartes aan die begin van die 20ste eeu. Hierdie styging skryf hy toe aan die verslegtende verhoudinge tussen die swart deelboere en die blanke plaaseienaars. Die swartes het na groter sekuriteit gesoek - en dit het die blanke boere hulle nie gebied nie.[169]

---

163 PC Fourie, *Die administrasie van die Oranje-Vrystaat tot 1859*, p. 202. Die Landkommissie was verantwoordelik vir die toekenning en registrasie van grond.

164 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* p. 62.

165 Cf *ibid.*, pp. 65-75. In CJP le Roux, *Sir Hamilton John Goold-Adams se rol in die Oranjerivierkolonie, 1901-1910*, pp. 88-90 word, sonder die lewering van enige kommentaar, die swartes se eise om eiensomsreg saaklik en gefundeerd beskryf.

166 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* p. 74.

167 *Ibid.*, p. 70.

168 Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, pp. 175-180; Keegan, *Facing the storm. Portraits of black lives in rural South Africa*, pp. 109-128.

169 Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, p. 175. In die Transvaal kon swartes nog tot 1913 grond koop.

Samevattend kan daarop gewys word dat in teenstelling met Fourie se gebrek aan standpuntinname, Le Roux, Van Aswegen en Keegan hulle uitspreek oor die swartes se gebrek aan eiendomsreg. Van Aswegen beskou Ordonnansie 5 (1876) as 'n bevestiging van die *status quo* - die swartes se regte is nie geskend nie. Van Aswegen se uitsprake is 'n refleksie van sy bronbenutting. Op grond van blanke bronne toon hy begrip vir die blankes se siening oor grondeienaarskap. Voorts maak hy ongeverifieerde aannames oor die swartes se belewing van dié ordonnansie. Terwyl Le Roux Van Aswegen se siening van die swartes se belewing van grondeienaarskap tydens die republikeinse tydperk kritiekloos oorneem, toon hy 'n meer kritiese ingesteldheid in die bespreking van die miskenning van die swartes se eiendomsreg tydens ORK-tydperk. Hy neem die sieninge van al die rolspelers in ag voordat hy uitspraak lewer. Hy is fel in sy kritiek teen die blankes. Hulle het eiebelang ten koste van die swartes se menseregte vooropgestel. Voorts het die swartes die situasie nie lydelik aanvaar nie. Hierdie verskillende interpretasies deur Le Roux kan aan twee faktore toegeskryf word. As Afrikanersentriese geskiedskrywer is hy meer simpatiek teenoor die republikeinse (Afrikaner-) regering as die Britse bewindhebbers ingestel. Voorts steun hy in die bespreking van die republikeinse tydperk slegs op een bron (dié van 'n Afrikanersentriese geskiedskrywer), maar in die bespreking van die ORK-tydperk het hy deur deeglike bronbenutting al die partye se standpunte teenoor mekaar opgeweeg. Keegan spreek fel kritiek uit teen Van Aswegen se bronbenutting.[170] Tog benut Keegan op sy beurt slegs op pro-swart bronne in bespreking van die swartes se gebrek aan eiendomsreg. Keegan maak hom dus nes Van Aswegen skuldig aan ideologies-gemotiveerde bronseleksie en geskiedskrywing.

### 7.1.5 Grondtransaksies tussen blank en swart

In die bespreking van grondtransaksies tussen blank en swart sal slegs na die uitsprake van twee Afrikanersentriese geskiedskrywers gelet word.

SH Pellissier is 'n Afrikaner: "Die Pellissiers van vandag is Boere in murg en been en wil niks anders wees nie"[171] Ten spyte van dié belydenis huiwer hy nie om die Afrikaners te kritiseer indien hulle optrede 'n bedreiging vir JP Pellissier se sendingwerk inhou nie. Hy beskou die jare 1859-1862 as die "somberste hoofstuk van die geskiedenis van Bethulie".[172] Gedurende dié jare het blanke ekspansionisme hoogty gevier:

> *[Die Boere] moes ... weiveld vir hulle groot troppe vee vind en nuwe plase vir hulle opgroeiende seuns. Die aanrollende golf was onkeerbaar en nadat dit die sendinggebied van Bethulie omsingel het, het die aangrensende Boere*

170 *Vide ibid.*, p. xvii; asook *Inleiding.*
171 Pellissier, *Jean Pierre Pellissier*, p. 290.
172 *Ibid.*, p. 533.

> *met begerende oë na die mooi plase gekyk wat gesny kon word uit die sendinggrond. Verder sou dit aangenamer vir hulle wees as die naturellereservaat uit hulle omgewing kon verdwyn. Waar die koms van die witman kontantgeld waardevol en noodsaaklik gemaak het om die klere van die witman, sy gereedskap, vervoermiddels, voedsel en laaste maar vir hulle nie die minste nie, sterk drank te koop, het die versoeking vir Lepui om van sy grond op die grense van die sendinggebied aan Boere te verkoop, te groot en onweerstaanbaar geword.*[173]

Volgens Pellissier het Lepui onder die wanindruk verkeer dat die grond wettig aan hom behoort, terwyl dit in werklikheid die eiendom van die Franse Sendinggenootskap was.[174] Lepui en sy seuns, wat almal lidmate van die kerk was, het verander in "dronkaards en gierigaards" wat deur "slim agente van moontlike kopers" uitgebuit is.[175] Verskeie voorbeelde word gegee om aan te toon hoe Lepui deur blanke grondkopers "gepaai, geflikflooi en rond vervoer is ten einde plase so goedkoop moontlik van hom te kry".[176] Volgens Pellissier toon "hierdie geskiedenis ... aan hoe ongesond dit is dat ongeletterde inboorlinge grond kan verkoop aan geslepe blankes".[177]

Van Aswegen se bespreking is 'n spieëlbeeld van Pellissier s'n. Van Aswegen lewer in sy bespreking van die verkoop van Batlapin-gronde in Bethulie kritiek op die "gewetelose grondspekulante" wat grond spotgoedkoop van die swartes gekoop het.[178] Hy ontken nie dat die blankes die swartes uitgebuit het nie, maar onthef die swartes nie van blaam nie, want hulle het hulle grond verkoop "om nog meer drank in die hande te kry".[179]

In genuanseerde besprekings kritiseer beide geskiedskrywers die swartes se gebrek aan kennis van die westerse grondbesitstelsel en hulle drankmisbruik. Die blankes is egter nie vry te spreek nie. Hulle het die swartes se drankgewoontes en onkunde oor grondbesit misbruik ter bevrediging van hulle eie grondbehoeftes.[180]

---

173 *Ibid.*, pp. 499-500.

174 *Ibid.*, p. 500; Cf *ibid.*, p. 295 vir 'n verdrag wat op 13 Februarie 1835 tussen JP Pellissier en Adam Kok gesluit is waarvolgens die Franse Sendinggenootskap se eiendomsreg van Bethulie erken is. *Vide ibid.*, pp. 507-518 vir die besluit van die Vrystaatse Volksraad dat Bethulie by die Vrystaat ingelyf word en dat Lepui, met die uitsondering van 'n paar konsessies aan die sendinggenootskap, die besitter van die sendinggronde word.

175 *Ibid.*, p. 506.

176 *Vide ibid.*, pp. 518-519. Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 93 verwys na dieselfde gebeure.

177 Pellissier, *Jean Pierre Pellissier*, p. 519. *Ibid.*, p. 530 herhaal dié siening: "[D]ie ongeletterde of halfgeletterde inboorlinge [was] die prooi van landhongerige blanke emigrante".

178 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 92.

179 *Ibid.*, p. 88.

180 Cf Pellissier, *Jean Pierre Pellissier*, pp. 506; 518-519 vir verwysings na die rol wat drank in die grondonderhandelings gespeel het, asook Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 88 vir kritiek teen Lepui en sy seuns wat hulle grond verkoop het ter wille van die verkryging van drank.

## 7.2 Staatkundig-politieke verhoudinge in die Vrystaat 1800-1910

### 7.2.1 Die Vrystaat se rassebeleid

Verskeie geskiedskrywers huldig die siening dat die Vrystaat nie 'n uitgewerkte rassebeleid gehad het nie, want die gebied het nóg 'n groot nóg 'n dominante swart stam binne sy grense gehad as gevolg van die ontvolkingsinvloed van die *mfecane* en die beleid om die swartes in reservate te vestig.[181] Die Vrystaat se rassebeleid is "eenvoudig volgens die eise van die omstandighede bepaal."[182]

Daarenteen reken Van Aswegen dat die Vrystaat "'n doelbewuste beleid van rassedifferensiasie" gehad het.[183] Hy gee toe dat die beginsel van rassedifferensiasie in geen artikel van die grondwet vervat is nie, maar "die hele gees van die grondwet en al die ander wette m.b.t. die nie-blankes ... spreek onteenseglik daarvan".[184]

Die Vrystaatse regering het sy beleid "met beslistheid en doelgerigtheid, maar ook met billikheid en menslikheid" toegepas. As rede vir dié siening noem Van Aswegen dat daar geen voorbeelde bestaan waar die staat en sy amptenare hulle in die gewone gang van sake aan wreedhede en burgerlike gewelddadigheid skuldig gemaak het nie.[185] Hy gee egter ook voorbeelde van die "optrede van onverantwoordelike en onnadenkende amptenare".[186] Maar die klagtes en misbruike deur die amptenare was nie algemeen nie. Die optrede moet eendersyds toegeskryf word aan die gebrekkige wetskennis en rassevooroordeel van die amptenary. Andersyds het die swartes "in sekere gevalle aanleiding gegee ... tot derglike optrede".[187] In 'n genuanseerde beskrywing word blank en swart verantwoordelik gehou vir die blankes se misbruike. Dit is duidelik dat Van Aswegen sterk gekant is teen die amptenare se misbruik van hulle gesagsposisies.

Hierdie 1971-aanname dat die blanke Vrystaters oorwegend billik teenoor die swartes opgetree het, was reeds teenwoordig in van die koloniale geskiedskrywers se werke. Die Vrystaat se beleid teenoor die swartes was "kind and not oppressive",[188] asook "wise and

---

181 Edgar H Brooks, *The History of Native policy in South Africa from 1830 to the present day*, pp. 118; 120; Agar-Hamilton, *The Native policy of the Voortrekkers, 1836-1858*, p. x; IF Evans, *Native policy in Southern Africa*, p. 11.

182 Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 223. *Vide ibid.*, pp. 223-228 vir 'n bespreking van hierdie eise en die daaruit voortvloeiende rassebeleid.

183 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 355.

184 *Ibid.*

185 *Ibid.*, p. 359.

186 *Ibid. Vide ibid.*, pp. 364-366 vir gevallestudies van swartes wat deur die amptenary óf mishandel óf uitgebuit is.

187 *Ibid.*, p. 366.

188 Brooks, *The History of Native policy in South Africa from 1830 to the present day*, p. 119.

human", want "they were saved from oppression on the part of others, and from degradation on the part of themselves".[189]

In teenstelling met voorafgaande geskiedskrywers wys André Odendaal (1984) daarop dat blank-swart-verhoudinge in die Vrystaatse Republiek° 'n baas-kneg-verhouding was as gevolg van die swartes se gebrek aan politieke regte.[190] Debroey (1982) gee voorbeelde van apartheid in die Vrystaat op kerklike, onderwys, sosiale en ekonomiese terreine gedurende die presidentskap van Brand[191] en merk op dat die siening van die Afrikaners oor rasseverhoudinge nie verander het nie.[192] Daar is volgens hom verskeie raakpunte tussen die toestande in die Vrystaat gedurende die presidentskap van Brand en "de huidige toestand in Zuid-Afrika, vooral wat de rassenverhoudingen betreft".[193] Die geskiedenis word dus deur Debroey as vertrekpunt gebruik vir kritiek teen die 1980's-apartheidsregering.

Of die siening van sommige koloniale, liberale en Afrikanersentriese skrywers dat die Vrystaat geen rassebeleid gehad het nie korrek is of dié van Van Aswegen dat die Vrystaat wel sodanige beleid gehad het, is blote interpretasieverskille. Wat wel van belang is is geskiedskrywers se uiteenlopende sieninge oor die menslikheid aldan nie en die regverdiging van of kritiek teen die miskenning van die swartes se burgerskap- en residensiële regte.

### 7.2.2 Burgerskapsregte

Die Vrystaatse swartes het geen direkte of indirekte verteenwoordiging in die regering gehad nie, want hulle het nie stemreg gehad nie. In die historiografiese studie van die swartes se gebrek aan burgerskapregte sal geskiedskrywers se regverdiging óf veroordeling van die praktyk en die swartes se skynbare aanvaarding of verwerping van hulle politieke lot onder oënskou geneem word.

In 'n goed gedokumenteerde bespreking van die staatsregtelike posisie van die swartes gedurende die republikeinse tydperk,[194] regverdig Van Aswegen die swartes se gebrek aan politieke regte, want

---

189 W Bleloch, *The new South Africa. Its value and development*, p. 329.
190 André Odendaal, *Vukani Bantu!*, p. 19.
191 *Vide* Debroey, *Zuid-Afrika*, p. 397.
192 *Ibid.*, p. 398.
193 *Ibid.*, p. 402 meld nie wat hierdie ooreenkomste is nie.
194 *Vide* Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 174-176 vir 'n bespreking van die enigste swart bestuur in die Vrystaatse Republiek, naamlik dié van Paulus Mopeli van Witsieshoek.

> *Blank en nie-blank het in die O.V.S. nie op gelyke vlak gestaan nie. Die blankes was die meerdere beskaafde en die nie-blanke die mindere beskaafde groep.*[195]

Ook Le Roux, gerugsteun deur die werk van KJ de Kok, *Toen en Thans*, regverdig die gebrek aan stemreg aan swartes tydens die republikeinse era: "Hy was onryp vir deelname aan 'n Blanke regering".[196] Westerse beskawingsnorme is vir Van Aswegen en Le Roux kriteria vir die verkryging van burgerskapsregte. Maar terwyl Le Roux die republikeinse regering se miskenning van die swartes se burgerskapsregte regverdig, is hy krities oor soortgelyke miskenning deur die ORK-bewindhebbers. In 'n deeglik gedokumenteerde bespreking[197] van die grondwetlike posisie van die swartes gedurende die ORK-periode, wys hy daarop dat die swartes geen deelname aan die sentrale en plaaslike bestuur van dié kolonie gehad het nie.[198] Hy staan nie onverskillig teenoor die swartes se gebrek aan burgerregte nie. Die Grondwet van die ORK was "duidelik dominerend oor die Nie-Blankes"[199] en die regering van die dag was met "'n dominerende gees behep".[200] Die gevolg was dat die swartes "geen politieke vooruitsigte" gehad het nie.[201] Ook in die plaaslike administrasie het hulle "aan die kortste end getrek".[202] Ten spyte van die skynbare empatie met die swartes skryf hy, na aanleiding van berigte in *The Bloemfontein Post* en *The Friend* dat die swartes "kollektief en nasionaal gesproke ... onryp [was] vir die voorreg van selfregering en nie opgewasse vir die groot verantwoordelikheid nie."[203] Hoewel Le Roux empatie vir die swartes se gebrek aan politieke mag toon, staan hy nie die politieke bemagtiging van swartes voor nie. Die blankes se beskawingspeil word tot norm verhef.

Terwyl GD Scholtz en LP Green bloot noem dat die Vrystaatse swartes geen burgerregte geniet het nie,[204] ignoreer PC Fourie hulle geheel en al in sy bespreking van die

---

195 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 180.

196 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910*, p. 2.

197 *Ibid.*, pp. 20-45 is hoofsaaklik gebaseer op gepubliseerde en ongepubliseerde regeringsdokumente. *Ibid*, p. viii wys op die gebrek aan bronne wat die swartes se perspektief verwoord.

198 *Ibid.*, pp. 18-23. In CJP le Roux, *Sir Hamilton John Goold-Adams se rol in die Oranjerivierkolonie, 1901-1910*, pp. 83-85 word, sonder die lewering van enige kommentaar, gewys op die swartes se eise om politieke regte tydens die goewerneurskap van sir Hamilton John Goold-Adams.

199 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910*, p. 20.

200 *Ibid.*, p. 33. Le Roux kom tot dié gevolgtrekking na aanleiding van die werksaamhede van die interkoloniale Native Affairs Commission, wat in 1903 tydens die interkoloniale konferensie in die lewe te roep om swart politieke aangeleenthede te ondersoek. Cf *ibid.*, pp. 32-33 vir die werksaamhede van dié kommissie.

201 *Ibid.*, p. 20.

202 *Ibid.*, p. 21.

203 *Ibid.*, p. 10.

204 Cf GD Scholtz, *Die konstitusie en die staatsinstellings van die Oranje-Vrystaat 1854-1902*, pp. 2-7; 9-10; 13-14; 17 vir uiteensettings en kommentaar op die 1854-, 1866-, 1879- en

staatsadministrasie van die Vrystaatse Republiek.[205] TB Floyd laat geen twyfel by die leser waarom daar in sy bespreking van die ontwikkeling van plaaslike besture in die Vrystaat geen verwysing na swartes gemaak is nie.[206] Hy prys die Nasionale Party se beleid van rasseskeiding,[207] want "these people are still a 'child race' and their minds, judged by European standards, are immature."[208]

Die Vrystaat se swartes het geen burgerregte gehad nie. Maar het hulle hierdie miskenning gelate aanvaar?

Die swartes het na die ABO gehoop dat hulle ondergeskikte posisie teenoor die blankes opgehef sou word. Hulle het egter gou tot die besef gekom dat daar geen wesenlike verandering in die meerderwaardige posisie van die blanke sou kom nie. En

> *having made the discovery they quickly resigned themselves to the situation and were cheerfully at work on the farms, rebuilding their kraals, labouring for the farmers, and generally playing their part in the task of restoration.*[209]

Dié siening van 'n imperiale geskiedskrywer dat die swartes hulle ondergeskikte posisie na die oorlog aanvaar het, is in lyn met die aannames van AH Marais (1970) en Van Aswegen (1971), maar staan in kontras met dié van Le Roux en van die liberale en neo-liberale geskiedskrywers wat juis op die vorming van politieke organisasies na die ABO wys as 'n reaksie teen die miskenning van die politieke aspirasies van die swartes.

Vir AH Marais is die politieke geskiedenis van die Vrystaat gedurende die jare 1902-1912 die geskiedenis van blanke politieke partye.[210] Die swartes word in die politieke duisternis gelaat. Die swartes het skynbaar hul staatsregtelike posisie aanvaar, want hulle het geen poging aangewend om burgerskap te verkry of die afwesigheid van stemreg voor die gereg te betwis nie.[211]

In teenstelling met geskiedskrywers wat die swartes se politieke aspirasies ignoreer, wys Le Roux daarop dat die ABO die swartes se politieke bewussyn na die oppervlak gebring het.

---

1898-konstitusies se bepalings oor burgerregte. LP Green, *History of Local Government in South Africa*, pp. 77-89.

205 *Vide* PC Fourie, *Die administrasie van die Oranje-Vrystaat tot 1859*, pp. 174-193.

206 TB Floyd, *Better Local Government for South Africa*, pp. 102-103.

207 *Vide ibid.*, pp. 177-216. Hoewel die publikasiedatum van die werk nie vermeld word nie, is daar bibliografiese verwysings na 'n 1946 Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika.

208 *Ibid.*, p. 195.

209 Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol VI, p. 52.

210 Cf AH Marais, *Die ontstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-kolonie 1902-1912*, pp. 25; 40 vir kort verwysings na die onderskeie blanke politieke partye se beleide teenoor die swartes. Marais lewer geen kommentaar op dié beleidsrigtings nie.

211 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 171; 172. Jackie Grobler, *A decisive clash? A short History of Black protest politics in South Africa, 1875-1976*, p. 12 onderskryf die siening op grond van Van Aswegen se uitsprake.

Redes vir dié bewuswording is die Britse owerheid se behandeling van die swartes as gelykes tydens die oorlog en beloftes van burgerregte en kompensasie vir oorlogsverliese. Dit het hulle onder die wanindruk gebring dat die Britse regering hulle bo die verslane Boere sou bevoordeel.[212] In 'n saaklike, geverifieerde bespreking van die vyf swart politieke organisasies[213] wat na die oorlog in die Vrystaat tot stand gekom het, beklemtoon Le Roux hulle oorkoepelende strewe na 'n beter politieke bedeling vir swartes.[214] Die swartes het hulle politieke lot nie passief aanvaar nie, en op die vooraand van uniewording was daar 'n

> *pessimisme en wantroue oor die politieke toekoms van die Nie-Blanke, maar ook hoop en vasberadenheid om die stryd ná unifikasie voort te sit. Hulle was ooglopend nie tevrede met die politieke situasie soos dit deur die Suid-Afrikaanse en Britse regerings gereël is nie.*[215]

In 'n positiewe samevattende beoordeling van swart politieke organisasies in die ORK wys Le Roux op hul getalsterkte, die kwaliteit leiers en vreedsame optrede: "Geen magsoorgawe deur die Blanke, is byvoorbeeld geëis nie. Hulle was voornemens om hulle eise op grondwetlike wyse voldoen te kry."[216] Die mate van aggressie teenwoordig in die houding van die *SA Native Convention* (1909-1910) word geregverdig as konkretisering van die nasionale ontwaking van die swartes en teenreaksie teen die "onregverdigheid en hardvogtigheid" van die blankes met betrekking tot die verlening van stemreg aan swartes.[217]

Terwyl Le Roux die ABO as die impetus vir swart politieke bewussyn beskou, sê Odendaal dat politieke bewustheid onder die swartes in die Vrystaat reeds gedurende die 1880's aanwesig was, maar dit kristaliseer eers na die ABO uit in die organisering van formele politieke assosiasies.[218]

Odendaal (1984) en Jackie Grobler (1988) bespreek die stigting van verskeie swart politieke organisasies in die Vrystaat na die ABO. Die doel van dié organisasies was om na die materiële, sosiale, politieke en godsdienstige belange van die swartes in die Vrystaat om te

---

212 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* p. 64.

213 Die *ORC Native Congress*, die *ORC Native Association*, die *Becoana Mutual Improvement Association*, die *Native Committee* en die *African Political Organisation*.

214 Cf Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* pp. 47-61.

215 *Ibid.*, p. 61.

216 *Ibid.*

217 *Ibid.* Die *SA Native Convention* het te Waaihoek, Bloemfontein, vergader (24-26 Mei 1909). Die voorsitter, Joel Goronyana, het verklaar dat hy ernstige botsings voorsien as gevolg van die segregasiebeleid wat die regering op die swartes afdwing (cf *ibid.*, pp. 58-59 vir 'n kort bespreking van die konvensie).

218 Odendaal, *Vukani Bantu!*, pp. 20-23; 58-59.

sien.[219] Die swartes het langs konstitusionele weg gepoog op hul lewensomstandighede te verbeter en politieke regte te verkry.[220] Die siening dat swartes in die Vrystaat hulle gebrek aan politieke regte aanvaar het, word in die geverifieerde gegewens in Odendaal en Gericke se werke verwerp. Dié twee geskiedskrywers weerhou hulle grootliks daarvan om kommentaar te lewer oor die swartes se gebrek aan regte. Dit word deur die gegewens geïllustreer.

Die rassebeleid wat die Vrystaat gedurende die 19de en vroeë 20ste eeu gevolg het, is 'n spieëlbeeld van die 20ste eeuse apartheidstelsel in Suid-Afrika, aldus Debroey. Hy lê klem op die onbuigsame houding van blankes jeens swartes. Daarenteen vind Le Roux en Van Aswegen regverdig die swartes se gebrek aan burgerregte gedurende die republikeinse era. Hulle gaan van die standpunt uit dat die swartes polities- en beskawingsonmondig was. Le Roux gaan akkoord met die republikeinse regering se besluit om nie burgerregte aan die swartes te gee nie - soortgelyke optrede deur die ORK-bewindhebbers word gekritiseer. Nie wat (swartes se gebrek aan politieke regte) nie, maar wie (Britte of Afrikaners) het 'n invloed op Le Roux se interpretasie van die swartes se staatkundig-politieke posisie gehad.

Die publikasies van Van Aswegen, Le Roux en Odendaal is gebaseer op deeglike bronbenutting en -analise. Hoewel al drie geskiedskrywers hoofsaaklik van blanke bronne gebruik maak, lê Van Aswegen en Odendaal klem op die belange van die blankes en swartes respektiewelik. Le Roux poog om, veral gedurende die ORK-tydperk, die belewing van blank én swart weer te gee.

Dit is opmerklik dat die drie geraadpleegde boeke wat sedert die tagtigerjare verskyn het, 'n sensitiwiteit vir die politieke aspirasies van die swartes, of te wel die gewone mense, toon. Daarteenoor reflekteer Van Aswegen se boek nog die "amptelike standpunt" van die 19de eeuse regering.

### 7.2.3 Residensiële skeiding

Die swartes in die Vrystaat het géén residensiële vryheid gehad nie. Hulle moes óf in beperkte getalle op hulle blanke werkgewers se plase óf in swart woonbuurtes (lokasies) óf in reservate woon. Uit die literatuurstudie blyk dit dat slegs enkele geskiedskrywers hulle uitspreek oor die verblyfsbeperkinge wat op die 19de en vroeg 20ste eeuse swart Vrystaters gelê is.

---

219 *Vide* Grobler, *A decisive clash? A short History of Black protest politics in South Africa, 1875-1976*, pp. 19-20; Odendaal, *Vukani Bantu!*, pp. 56-59; 75-77; 108-110.

220 Odendaal, *Vukani Bantu!*, p. 77; Grobler, *A decisive clash? A short History of Black protest politics in South Africa, 1875-1976*, pp. 19-20.

Na aanleiding van suggesties dat blank en swart residensiële skeiding verkies het[221] en dat die Vrystaatregering na die belange van blanke en swart omgesien het in hulle beleid van residensiële skeiding,[222] sal geskiedskrywers se antwoorde op die volgende probleemvrae nagespeur word:

- Tot wie se voordeel was residensiële skeiding?
- Het die blanke (munisipale) owerheid die belange van die swartes in ag geneem in hulle verblyfreëlings?
- Hoe het die swartes die beperkinge op hulle verblyfregte ervaar?

### 7.2.3.1 Lokasies

Van Aswegen beoordeel die vestiging van swartes in lokasies positief:

> *[D]it was ... 'n beproefde metode van kontrole oor die toenemende nie-blanke bevolking in die dorpe. Die Vrystaat het weinig probleme met die skepping daarvan ondervind en selfs die beheer oor dié nie-blankes, hoewel daar kleinere administratiewe probleme opgeduik het, het glad verloop. Die nie-blankes was skynbaar tevrede om op so 'n wyse gevestig te word, want dit was vir hulle voordelig. Van verset of protes van hulle kant was daar geen sprake nie. Die goeie gang van sake moet daaraan toegeskryf word dat die Vrystaat geen werklike groot stede of dorpe gehad het nie.*[223]

Van Aswegen se bespreking van die vestiging van swartes in lokasies steun uitsluitlik op blanke bronne, naamlik regeringsordonnansies, Volksraad- en Bloemfonteinmunisipaliteit-notules. Tog kom hy tot die gevolgtrekking dat die swartes tevrede was met die verblyfreëlings.[224] Die geskrifte van diegene wat die swartes hulle residensiële vryheid ontneem het, word gebruik om die swartes se belewing van die beperkinge uit te beeld.

Die vestiging van die swartes in lokasies word geregverdig, want die verspreide bewoning van swartes sou "onvermydelik tot wrywing en botsing tussen blank en nie-blank aanleiding gee"[225] en was dus noodsaaklikheid vir "binnelandse veiligheid".[226]

---

221 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* p. 3. JJ Oberholster, Historiese oorsig, in OWA Hoops (samest), *Bothaville, 1891-1966*, p. 38.

222 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 196.

223 *Ibid.*, p. 221.

224 *Vide ibid.*, pp. 217-220 vir ordonnansies en regulasies wat op lokasies van toepassing was. HCJ Flemming, *Hoopstad, 1875-1975*, p. 125; Oberholster & Stemmet, *Senekal se eerste honderd jaar, 1877-1977,* p. 42 huldig dieselfde siening.

225 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 196.

226 Scholtz, *Politieke denke*, deel III, pp. 225-226.

Terwyl Le Roux die toepassing van die lokasiestelsel tydens die republikeinse tydperk positief beoordeel en hom uitspreek ten gunste van residensiële skeiding,[227] toon hy na 'n geverifieerde bespreking van Bloemfontein se munisipale regulasies oor onder andere passe, werkpermitte, pasfooie, betaling vir water en sanitêre geriewe en residensiële belasting tydens die ORK-tydperk[228] empatie met die swartes:

> *Die kroon op die onbenydenswaardige posisie van die Nie-Blanke in die lokasie, is gespan deur die onsimpatieke houding wat die meerderheid lede van die Bloemfonteinse en ander stadsrade van die kolonie teenoor die klagtes van Nie-Blankes ingeneem het. Van regeringskant het ook nie veel hulp gekom nie aangesien die regering voornemens was om so min moontlik in plaaslike bestuursaangeleenthede in te meng. ... Aangesien die res van die kolonie die voorbeeld van Bloemfontein gevolg het, het ook dié lot die Nie-Blankes in die ander dorpslokasies getref.*[229]

Terwyl Van Aswegen slegs die positiewe aspekte van die lokasiestelsel uitlig en wys op die voordele wat die stelsel vir blank en swart inhou, is Le Roux se analise oppervlakkig beskou meer genuanseerd. Die vestiging van die swartes in lokasies het voordele vir die blank en swart ingehou, maar het ernstige beperkinge op die swartes se bewegingsvryheid gelê. Le Roux se aanprysing van residensiële skeiding, maar ook sy simpatie met die swartes wat as gevolg van die beleid gely het, word nie in die eerste instansie deur sy pro- of anti-swart sentimente bepaal nie, maar deur sy lojaliteit aan die (blanke) bewindhebbers.

Schoeman en Odendaal vestig die aandag uitsluitlik op die negatiewe implikasies van die lokasiestelsel op die swartes. Van Aswegen se aanname dat die swartes tevrede en selfs geborge gevoel het in die lokasies, word nie deur ander geskiedskrywers gedeel nie. Le Roux kritiseer Bloemfontein se plaaslike bestuur vir hulle onsimpatieke houding jeens klagtes deur die swartes, Odendaal reken dat die onderdrukkende maatreëls die impetus vir swart politieke bewussyn was. Schoeman wys daarop dat die swartes die geleenthede wat onder ander kerkorganisasies hulle gebied het om hulle omstandighede te verbeter met ope arms aangegryp het.[230]

### 7.2.3.2 Reservate

Uit die literatuurstudie blyk dit dat geskiedskrywers weinig aandag aan die vestiging van swartes in reservate skenk. Van Aswegen en Le Roux se uiters positiewe uitbeelding van

---

227 *Vide* Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* pp. 128-132 vir 'n positiewe beoordeling van Wet 8 van 1893. Dié wet het 'n eenvorminge munisipale beleid ten opsigte van lokasies daar gestel.

228 *Vide ibid.*, pp. 133-140.

229 *Ibid.*, p. 140.

230 *Vide* par 6.1.4.

hierdie beleid is tot groot hoogtes 'n aanprysing van die 20ste eeuse Nasionale Party-beleid van tuislande en onafhanklike swart state.

Na 'n deeglik gedokumenteerde bespreking van die vestiging van 'n groep Batlokwas onder kaptein Mota, Fingo's en Jan Letelle en sy onderdane in die Suid-Vrystaat in reservate,[231] wys Van Aswegen daarop dat die vestiging van die swartes in reservate sonder enige wrywing tussen blank en swart plaasgevind het. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die swartes dié maatreëls óf self aangevra het óf hulle laat welgeval, want dit het permanente vestiging en groter sekuriteit meegebring.[232] Die vestiging van 'n groep Basoeto onder kaptein Molappo op 'n reservaat word ook positief uitgebeeld.[233] Volgens Van Aswegen was die wyse waarop probleme[234] deur die Vrystaatse regering aangepak is

> *lofwaardig, en kon Molappo en sy mense ... die Vrystaat met reg dankbaar wees vir die behandeling wat hulle ontvang het. Hulle het nooit enige poging aangewend om op gewelddadige wyse hul onderdaanskap af te skud nie; hulle was nooit opstandig nie en in vergelyking met die ander Basoetostamme het hulle in die jare 'n voorspoedige bestaan gevoer. Hulle sterk begeerte om weer by die ander Basoetostamme aan te sluit was die enigste rede waarom hulle van hul onderdaanskap onthef wou wees.*[235]

Die skepping van die Basoetoreservaat te Witsieshoek was 'n suksesstorie.[236] Die inwoners van Witsieshoek was

> *gelukkig en tevrede en daarby voorspoedig. Daar is na hulle materiële sowel as geestelike belange omgesien en m.b.t. die kerk en onderwys is vooruitgang belewe. ... Die sukses van die onderneming word beklemtoon deur die feit dat die reservaat vandag nog bestaan.*[237]

In sy bespreking van die vestiging van swartes in reservate, steun Van Aswegen uitsluitlik op regeringsdokumente.[238] Sy siening dat die swartes hul vestiging in reservate positief

---

231 *Vide* Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 197-215.

232 *Ibid.*, p. 215.

233 *Vide ibid.*, pp. 222-228. Tydens die Vredesverdrag van Imperani is kaptein Molappo se versoek dat hy en sy volgelinge as Vrystaatse onderdane aanvaar word, goedgekeur. Na samesprekings met Mosjwesjwe gedurende 1868, versoek Molappo dat hy en sy onderdane van hul Vrystaatse onderdaanskap onthef moet word. Dié versoek is toegestaan en op 11 Maart 1870 bekragtig.

234 *Ibid.*, pp. 224-226 verwys na klagtes deur Molappo dat die reservaat te klein is en sy teenkanting teen die teenwoordigheid van die regeringsverteenwoordiger, kmdt. Frans Holm, in die reservaat.

235 *Ibid.*, p. 228. *Vide* ook Spies, *Hamelberg*, p. 290 vir 'n soortgelyke positiewe beoordeling op grond van Volksraadnotule, 8 Mei 1866.

236 *Vide* Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 230-241.

237 *Ibid.*, pp. 240-241.

238 Cf *ibid.*, pp. 197-215; 222-245.

beleef het, kan bevraagteken word, want sy vertrekpunt is die getuienisse van diegene wat verantwoordelik was vir die reservaatstelsel.

Die redes waarom pogings om Letsea, wat in 1867 op eie versoek Vrystaatse onderdaanskap aanvaar het, nie suksesvol in 'n reservaat gevestig is nie, word deur Van Aswegen voor die deur van dié Basoetokaptein gelê. Op grond van bewyse uit die Bylae tot die Volksraadnotules, reken Van Aswegen dat Letsea van die begin af ontevrede en onrustig was. Hy het hom met die "wandade" van ander "uittartende" Basoetohoofmanne vereenselwig en 'n ooreenkoms met die Volksraad verbreek.[239] Die Vrystaatse regering word onthef van alle blaam vir die mislukking van dié reservaat:

> *Die tweede reservaat was dus van die begin af 'n mislukking, maar nie a.g.v. wanbestuur of nalatigheid van die Vrystaat nie, maar a.g.v. die houding wat Letsea en sy onderhoofde ingeneem het.*[240]

Moontlike negatiewe invloede van die vestiging van swartes in reservate, word glad nie deur Van Aswegen opgehaal nie.[241] Inteendeel, hy huldig die siening die swarte op geen wyse polities of ekonomies deur die blanke uitgebuit is nie. Die blanke het teenoor die swartes "'n bepaalde verantwoordelikheid aanvaar vanweë sy mindere beskaafdheid".[242] Daar word geïnsinueer dat blank-swart-verhoudinge, wat op die beginsel van blanke voogdyskap gebaseer is, tot voordeel van die "onbeskaafde" swartes gestrek het. Die beperkings op die vrye vestiging van swartes op regerings- en dorpsgronde word geregverdig: dit het "die onnodige opeenhoping van plakkers ... voorkom".[243]

Na 'n deeglik gedokumenteerde bespreking van die reservate te Witsieshoek en Thaba Nchu,[244] skryf Le Roux:

> *Die reservate van Witsieshoek en Thaba Nchu was die weldeurdagte en geordende vestiging van Nie-Blanke bevolkingsgroepe. Die reservaatstelsel het homself bewys as 'n moontlike oplossing vir die Nie-Blanke vraagstuk aangesien die stelsel sedert 1867 suksesvol daarin geslaag het om permanente woonplek aan die Nie-Blanke te verskaf. ... Die beginsel van voogdyskap wat onderliggend aan die reservaatstelsel was, is deur die Nie-Blankes in goedertrou aanvaar. Die Blankes het bepaalde verantwoordelikheid teenoor hom aanvaar vanweë sy mindere beskaafdheid.*

---

239 *Ibid.*, pp. 229-230. Geen aanduiding word verskaf oor die bepalings van die ooreenkoms wat Letsea verbreek het nie.

240 *Ibid.*, p. 230.

241 Cf *ibid.*, pp. 222-246.

242 *Ibid.*, p. 246.

243 *Ibid.*, p. 177.

244 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* pp. 167-183 baseer die bespreking hoofsaaklik op korrespondens aan/van die koloniale sekretaris en amptelike staatspublikasies van die ORK.

*Dit het die Blanke terselfdertyd in staat gestel om die fisiese bedreiging wat die Nie-Blankes ingehou het, onder beheer te hou.*[245]

Uit Van Aswegen en Le Roux beskou dus die plasing van swartes in reservate as 'n weldeurdagte oplossing vir die "vraagstuk". Voorts was blank en swart ten gunste van die reservaatstelsel. Swart vestiging moet gereguleerd plaasvind. Die beperking op die vestigings-, en dus ook bewegingsvryheid van swartes moet goedgekeur word. Die apartheidstelsel, wat onder andere uitgekristaliseer het in die skepping van tuislande en onafhanklike swart state gedurende die Nasionale Party-regeringstydperk, is deur die geskiedenis "bewys" as 'n suksesvolle vestigingsmetode. Blanke voogdyskap word as die ideale blank-swart-verhoudingsituasie voorgehou.

Le Roux en Van Aswegen gebruik regeringspublikasies om op die suksesvolle implementering van die regeringsbeleid te wys. Hierdie bronne word ook benut om aannames oor die swartes se belewing van die beleid te maak.

Le Roux en Van Aswegen se aanprysing van die reservaatbeleid word nie deur Murray in sy bespreking van die grondverliese van die Thaba Nchu-swartes gedeel nie. Eersgenoemde twee geskiedskrywers reken op grond van regeringspublikasies dat blank en swart voordeel uit die beleid getrek het en dat beide bevolkingsgroepe met gereguleerde vestiging akkoord gegaan het. Die teendeel word op grond van blanke en swart bronne deur Murray geopper. Die Thaba Nchureservate was te klein om 'n lewensvatbare bestaan te voer. Baie swartes het hulle ontevredenheid te kenne gegee deur die gebied te verlaat.[246]

### 7.2.4 Ten slotte

Van blank-swart-interaksie op politieke gebied was daar in die 19de en vroeg 20ste eeuse Vrystaat geen sprake nie. Die swartes het geen burgerskap- of residensiële regte gehad nie. Hoewel die Vrystaat se rassebeleid nie in die wetboek opgeneem is nie, is die praktiese implimentering daarvan 'n spieëlbeeld van die 20ste eeuse apartheidstelsel in Suid-Afrika. Geskiedskrywers se uitsprake oor die gebrek aan politieke regte van swartes reflekteer dan ook hulle sieninge oor apartheid.

Afrikanersentriese geskiedskrywers regverdig hierdie gebrek aan politieke en residensiële regte omdat die 19de en vroeë 20ste eeuse swartes volgens hulle onmondig was. Hulle moes volgens 'n voogdyskapstelsel, wat voordele vir blank en swart ingehou het, regeer word.

Debroey gebruik die Vrystaat se miskenning van die swartes se politieke regte as vertrekpunt vir 'n aanval teen apartheid: Blank-swart-verhoudinge was nie 'n

245 *Ibid.*, p. 183.
246 *Vide* par 4.2.2.

voogdyskapsverhouding nie, maar 'n baas-kneg-verhouding tot eksklusiewe voordeel van die blankes.

Le Roux se bespreking toon 'n teenstrydigheid. Hy kritiseer die ORK-bewindhebbers omdat hulle die swartes se politieke aspirasies en residensiële regte geïgnoreer het. Maar toe die Afrikaners 'n ooreenstemmende beleid toegepas het, prys hy dit aan as 'n voorbeeld van die suksesvolle implementering van die voogdyskapstelsel.

## 7.3 Die verhouding tussen blank en swart in die Vrystaat op juridiese terrein 1800-1910

In geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se bespreking van die juridiese verhouding tussen blank en swart in die Vrystaat word uiteenlopende sake aangeraak, onder andere die eiegeregtige toediening van lyfstraf deur blanke werkgewers, lyfstraf in tronke en die gebrek aan regsbeskerming wat swart arbeiders van hulle blanke werkgewers geniet het.

Die gebruik van die boere om veewagers wat hulle aan diefstal skuldig gemaak het self deur middel van lyfstraf te tugtig, word deur KJ de Kok goedgekeur: "The treatment was perhaps not according to law, but undoubtedly just, and the native knew it to be so."[247] Geen bewyse word verskaf vir die siening dat die swartes die boere se eensydige uitoefening van die reg goedgekeur het nie.

Ook in sy bespreking van toestande in Vrystaatse tronke en straftoediening blyk De Kok (1904) se goedkeuring van lyfstraf aan swartes:

> *And what, after all, is there against moderate corporal punishment of natives? It cannot be called degrading to their position, as they enjoy no social status, and they certainly lose no prestige amongst their fellows for having been sufferers under the white man's laws.*[248]

Uit De Kok se goedkeuring blyk dit dat lyfstraf aan swartes in die Vrystaat gematig en geregverdig was. Hy wys onder andere daarop dat swart kriminele in die Vrystaat tussen 15 en 25 houe ontvang het, afhangend van die aard van die oortreding. Vir ernstige oortredings is 'n maksimum van 40 houe toegedien. Ter ondersteuning van sy siening dat selfs 40 houe as gematig beskou kan word, verwys hy na 'n voorval wat hy in 1860 in Pietermaritzburg waargeneem het. 'n Zoeloe is 75 houe opgelê. Na die toediening van 35 houe is hy deur 'n mediese praktisyn ondersoek. Die medikus het bevind dat die Zoeloe fisies in staat was om sy volle straf te ontvang.[249] Voorts is dit nie moontlik om persone wat geen sosiale status

---

247 De Kok, *Empires of the veld*, p. 109.
248 *Ibid.*, p. 141.
249 *Ibid.*

het nie (swartes) te verneder nie. Dit skyn asof swartes geen menswaardigheid of selfrespek het nie.

Keegan is van mening dat die blankes lyfstraf misbruik het om hulle gesagsposisie te bevestig:

> *Often the dispensing of judicial violence ... seems to have empodied a symbolic assertion of the authority of the master class rather than being a formal punishment for a specific criminal act.*[250]

Daar is 'n skrywer van 'n herinneringswerk en geskiedskrywers wat die moontlikheid dat die Vrystaatse regspraak reg aan die swartes laat geskied het, betwyfel. Sonder die verskaffing van spesifieke voorbeelde sê Boon dat dit algemene praktyk was dat die Vrystaatse boere swartes in koelen bloede vermoor en gemartel het. Die skuldiges is egter nooit na behore gestraf nie, want die blanke juriste "would willingly, if they dared, offer a premium for every skull with the flesh boiled off".[251]

Na aanleiding van gegewens deur Van Aswegen verskaf ten opsigte van 'n Vrystaatse 'n grensboer wat 'n swarte doodgeskiet het, wys Debroey daarop dat

> *het leven van een zwarte was in de ogen van een blanke niet veel waard. In bepaalde omstandigheden mocht er ongestraft een eind aan worden gemaakt.*[252]

Die swartes kon gevolglik nie staat maak op 'n onpartydige regstelsel nie.[253]

In 'n geverifieerde besprekings is Le Roux en Keegan ook skepties oor die beskerming wat die swartes onder die wet geniet het en stel wanpraktyke aan die kaak. Le Roux gee voorbeelde van magistrate se swaar vonnisse en wys op die besware van swart politieke organisasies teen lyfstraf. Die swartes het hulle behandeling onder die wet dus nie stilswyend aanvaar nie. Hy neem die ORK-regering kwalik omdat hulle nie 'n meer simpatieke houding teenoor geregverdigde klagtes deur swartes openbaar het nie.[254] Keegan wys daarop dat dit uit laat 19de eeuse hofuitsprake blyk dat Vrystaatse vrederegters en magistrate "mostly saw themselves as the guardians of masters' interests".[255]

---

250 Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, pp. 143-144.
251 Boon, *The immortal History of South Africa*, deel II, p. 570.
252 Debroey, *Zuid-Afrika*, p. 397.
253 *Ibid.*, p. 403.
254 Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910*, pp. 97-111.
255 Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa*, p. 142.

Samevattend kan daarop gewys word dat De Kok insinueer dat die Vrystaatse regstelsel reg en geregtigheid aan die swartes laat geskied het. Straftoediening deur blanke werkgewers was regverdig en het die goedkeuring van die swart oortreders geniet, lyfstraf was gematig en het nie die swartes se menswaardigheid geskend nie. Hierdie aannames word nie deur skrywers van herinneringswerke of geskiedskrywers wat hulle oor die juridiese verhouding uitlaat het, gedeel nie. Volgens dié skrywers het die swartes geen beskerming voor die wet geniet nie.

Daar bestaan weinig publikasies waarin verwys word na die verhouding tussen blank en swart in die Vrystaat op juridiese terrein gedurende die 19de en vroeg 20ste. HJ Venter, *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gevangenisstelsel 1652-1958* lewer 'n a-paradigmatiese blik op die gevangenisstelsel.[256]

256 HJ Venter, *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gevangenisstelsel 1652-1958*, pp. 81-95 vir die geskiedenis van die gevangenisstelsel in die Vrystaat.

# Hoofstuk 8

# Blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat op godsdienstige terrein 1800-1910

Die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis kan historiografies, naas die verskillende hoofstroom historiografies skole ook as voor-krities, krities en na-kritiese geklassifiseer word. Die voor-kritiese geskied- en kerkgeskiedskrywers is blanksentries en gee die perspektiewe van die sendelinge en regering weer, die kritiese skrywers poog om krities-analities beide groepe se belewing weer te gee, die na-kritiese skool skryf vanuit die gesigspunt van die swart bevolking en die onderdruktes.[1] Uit onderstaande historiografiese analise van blank-swart-verhoudinge op godsdienstige terrein in die Vrystaat sal dit blyk dat die Vrystaatse kerkhistoriografie hoofsaaklik voor-krities is. Die hoofspelers in die Vrystaatse kerkgeskiedenis is die sendelinge, predikante en in 'n mindere mate die blanke lidmate. Voorts sal daarop gewys word dat geen geskied- of kerkgeskiedskrywer nog daarin geslaag het om op die rol en belewing van al die belanghebbendes in die Vrystaat, te wete blank en swart, asook die kerklike hiërargie en die lekedom, te fokus nie.

In die historiografiese studie van blank-swart-verhoudinge op godsdienstige terrein sal aandag aan die invloed van die Paryse en Londense Sendinggenootskappe op die verhouding tussen die blanke Vrystaters en die swartes; die vestiging van die Christendom in die Vrystaat; sendingwerk onder die Vrystaatse swartes deur die Nederduitse Gereformeerde, Gereformeerde, Nederduitse Hervormde, Anglikaanse en Wesleyaanse kerkgenootskappe; asook rasseskeiding in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) geskenk word.

## 8.1 Die invloed van die Paryse en Londense Sendinggenootskappe op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat

Die siening van 'n resente sendelingwetenskaplike dat die aandrang op 'n suiwer geestelike en die miskenning van die politieke dimensie van sendingwerk Skriftuurlike foutief is omdat die mens volgens goddelike opdrag in sy totaliteit bevry en opgehef moet word,[2] word óf by implikasie deur skrywers van herinneringswerke en geskiedskrywers aanvaar óf verwerp in hulle bespreking van die betrokkenheid van veral die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap (PES) by politieke aangeleenthede in die Vrystaat.

---

1 JA Millard, Changing styles in Historiography show evolving re-interpretation, *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 17(2), 1991, pp. 78-79; C Landman, Presuppositions to the writing of Church History in South Africa, *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 14, 1988, pp. 68-70.

2 W Saayman, *Christian Mission in South Africa: Political and Ecumenical*, p. 11.

Twee skrywers van herinneringswerke en die sendingwetenskaplike J du Plessis[3] regverdiging die betrokkenheid van die Franse sendelinge by politieke aangeleenthede in die Vrystaat. Die sendelinge moes hul eie belange en die van persone onder wie hulle werksaam was, beskerm. Voorts is die sendelinge se optrede gemotiveer deur hulle begeerte om vrede en vooruitgang te bewerkstellig.[4] Ellenberger gee toe dat die sendelinge simpatie met die Basoeto getoon het. Maar "as members by adoption of the tribe of Moshesh, it was impossible for them not to suffer with it at the sight of the misfortunes that were weighing it down".[5]

Hierdie regverdiging van die sendelinge se betrokkenheid by politieke aangeleenthede, word nie deur die twee leidende koloniale geskiedskrywers gedeel nie. JJ Freeman, 'n lid van die Londense Sendinggenootskap, word gekritiseer, want

> *in the course of fifteen months [JJ Freeman] had travelled all through ... South Africa, and therefore felt competent to give his opinion on the intricate problems which had baffled those who had been in intimate contact with them in years.*[6]

Die sendelinge se inmenging in die huishoudelike sake van die ORS lei tot "a great deal of mischief".[7] Hoewel daar gevalle in die ORS was waar die blankes die swartes onderdruk het, was "the missionaries, with the most upright intentions ... really advocating the destruction of all authority."[8]

'n Afrikanersentriese geskiedskrywer uit die voorwetenskaplike fase beskuldig die Franse sendelinge van 'n onkritiese pro-swart houding:

> *Die sendeling stel geen ondersoek na die toedrag van sake in nie, en sy beskuldiging is byna sonder uitsondering: Hier is nou weer 'n voorbeeld hoedat die arme inboorlinge as diere deur die Boere uitgeroei word.*[9]

---

3 In 1994 noem JW Hofmeyr en Gerald J Pillay, *A History of Christianity in South Africa*, vol I, p. vii J du Plessis, *History of Christian missions in South Africa* as een van die kernbronne vir die bestudering van kerkgeskiedenis in Suid-Afrika. Dié werk het oorspronklik in 1911 verskyn.

4 Lagden, *The Basutos*, vol II, p. 402; Du Plessis, *A History of Christian missions in South Africa*, p. 199; Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, pp. 55-57 skryf veralgemenend en gee nie spesifieke voorbeelde ter ondersteuning van sy argumente nie.

5 Ellenberger, *Mission work in Basutoland*, p. 140.

6 Cory, *The rise of South Africa*, vol V, p. 177 maak die beskuldiging na aanleiding van die bemiddelingsrol van die sendelinge gespeel het in die mislukte Southeygrensreëlings. Hierdie aanklag word feitlik woordeliks in De Kok, *Empires of the veld*, p. 152 herhaal in reaksie op kritiek deur sendelinge en reisigers oor die verhouding tussen die blanke boere in die Vrystaat en hulle swart arbeiders.

7 Theal, *History of South Africa*, vol III, p. 359.

8 *Ibid.*, p. 360.

9 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 35.

Ongeverifieerd word die klag gelê dat die sendelinge bewus was van die Basoeto se invalsplanne in die Vrystaat, maar omdat hulle nie die Vrystaatse regering daarvan in kennis te stel nie, is hulle "medeplichtig aan moord en roof".[10] Die "listigheid van Moshesh en die sendelinge het byna onafmeetbare betekenis vir die toekomstige lotgevalle van die blanke bevolking in die Vrystaat ... gehad".[11]

Hoewel Spies in 1941 met die siening saamstem dat die sendelinge 'n bepalende rol in blank-swart-verhoudinge gespeel het, is hy meer gereserveerd in sy uitspraak:

> *Natuurlik kan die Franse sendelinge nie vrygespreek word van simpatie vir die Basoeto's nie, en hulle het ook seker meermale opgetree as die raadgewers van Mosjesj, maar hulle aandeel in die* [1866-]*oorlog kon nie bewys word nie.*[12]

Ten spyte van Spies se voorbehoude oor die sendelinge se direkte betrokkenheid by die konflik, is daar van sy geesgenote wat ongeverifieerd Hofstede en Malan se siening onderskryf, naamlik dat die sendelinge oorlog onafwendbaar gemaak het omdat hulle die Basoeto aangemoedig het om grensreëlings te ignoreer.[13]

Die ongeverifieerde beskuldiging van Barnard dat die sendelinge "as tipiese Franse, lief vir politieke knoeiery" was,[14] word vollediger deur Grobbelaar uitgebou. Die Franse sendelinge het met die "gedugte vyand" van die Vrystaat "gesimpatiseer" en het in hulle skrywes 'n foutiewe beeld van die blankes die wêreld ingestuur. Volgens hom kan

> *niemand wat noukeurig en onpartydig die sendelinge se geskrifte nagaan, ... hulle daarvan vryspreek dat hulle as 'n groep, die simpatiseerders en pleitbesorgers van die Basoetoes was nie.*[15]

Om dié rede toon sommige geskiedskrywers begrip vir die blanke boere se afkeur van die sendelinge.[16]

---

10 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 230.
11 Malan, *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 39.
12 Spies, *Hamelberg*, p. 294 baseer die aanname op 'n verslag van 'n kommissie van ondersoek, *Basutoland Records*, III, p. 726.
13 Kruger, *Britse kolonies en Boererepublieke*, pp. 268-269; Van Schoor, *Die Oranje-Vrystaat*, p. 211 en Crafford, *Aan God die dank*, p. 50 meld nóg die grense nóg die oorloë wat ter sprake is.
14 Barnard, *Warden*, p. 412.
15 Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek*, p. 152 verskaf egter geen voorbeelde uit geskrifte om sy aanname te verifieer nie.
16 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 338. Prinsloo, *Smithfield*, p. 118 verwys na eerw. JJ Freeman van die Londense Sendinggenootskap wat gedurende 1851 'n besoek aan Mosjwesjwe gebring het. Becker, *Hill of destiny*, p. 132 verwys na verslag wat dr. John Philip na 'n besoek aan Mosjwesjwe (1842) opgestel het.

Die negatiewe houding wat die Vrystaatse burgers teenoor die sendelinge word vanuit 'n liberale perspektief deur Tylden voorgehou as kritiek van ongeletterdes teenoor die optrede van diegene wat intellektueel hulle meerderes was. Gerugsteun deur skrywes van Casalis beskryf hy die Franse sendelinge as belese wêreldburgers; die Vrystaatse burgers was onberese en onbelese.[17] In teenstelling met die Afrikanersentriese en koloniale geskiedskrywers word die betrokkenheid van die sendelinge by politieke aangeleenthede nie deur liberale geskiedskrywers as 'n negatiewe aspek van sendingoptrede gesien nie. Inteendeel. Hulle optrede as adviseurs vir die Basoeto in hulle stryd teen die blanke boere se besetting van die Basoeto se grondgebied, asook hulle rol as tussengangers tussen Mosjwesjwe en die Britse regering word positief beoordeel.[18]

Molema staan ook krities teenoor die blankes se onverdraagsame houding teenoor die sendelinge. Hy skep die persepsie dat die 19de eeuse Afrikaners koue, ongenaakbare Christene was wat struikelblokke op die weg van die sendelinge geplaas het. Die swartes is gevolglik die geleentheid ontneem om aan die Woord van God blootgestel te word.[19]

As blanke geskiedskrywer wat die beskawingsinvloed van die sendelinge eerder as hulle politieke aktiwiteite uitlig, staan Scholtz positief teenoor die sendelinge. Die Franse sendelinge het "nuttige werk," onder die Basoeto gedoen.[20] Hierdie siening word deur van die liberale geskiedskrywers en 'n swart outobiografis uitgebou. Die sendelinge het 'n waardevolle rol gespeel in die op skrif stelling van Suid-Sotho, volksvertellinge en geskiedenis. Deur die sendelinge se skrywes is die Europeërs ingelig oor die lot van die Basoeto.[21] Hulle was ook aktief betrokke by landbouontwikkeling.[22]

BA Gerdener wys in teenstrydige uitsprake op die positiewe en negatiewe invloed wat die sendelinge op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gehad het. Hy is 'n voorstander van Woordverkondiging aan alle mense.[23] Hy tree na vore as 'n pleitbesorger van die evangelisering van alle mense in Suid-Afrika, want "to disregard or disrespect any section of a country is to endanger the country as a whole".[24] Hy spreek hom in positiewe terme uit

---

17 Tylden, *The rise of the Basuto*, p. 12.
18 Stevens, *Lesotho, Botswana & Swaziland*, p. 18; Ashton, *The Basuto*, p. 8; Campbell, *The South African frontier, 1865-1885. A study in expansion*, p. 101; Midgley, *The Orange River Sovereignty*, p. 348; Geen, *The making of South Africa*, p. 121.
19 Molema, *Chief Moroka*, p. 128 lewer kritiek op Brand se verbod op sendingwerk deur PES in die Vrystaat.
20 Scholtz, *Politieke denke*, deel II, p. 319.
21 Ashton, *The Basuto*, p. 8; Stevens, *Lesotho, Botswana & Swaziland*, p. 18; Tylden, *The rise of the Basuto,* p. 12; Stimela Jason Jingoes, *A Chief is a Chief by the people.* (Opgeteken en saamgestel deur John & Cassandra Perry), p. 16.
22 Geen, *The making of South Africa*, p. 121.
23 GBA Gerdener, *Studies in the evangelisation of South Africa*, p. 25; GBA Gerdener, *Reguit koers gehou,* p. 60.
24 Gerdener, *Studies in the evangelisation of South Africa*, p. 25.

oor die "veelvuldige arbeid op sendinggebied" in die Vrystaat.[25] Hy is egter kerkisties in sy siening oor wie verantwoordelik moet wees vir die evangelisering van swartes. Hy spreek in 1934 kritiek uit oor die gebrek aan sendingywer by sekere van die NG gemeentes in die Vrystaat[26] en verwys veralgemenend na die gevare verbonde aan "uitlandse ideë en gebruike by die ander genootskappe"[27] en "wangeloof".[28] Vanuit 'n blanke, NGK georiënteerde verwysingsraamwerk veroordeel hy by implikasie politieke en godsdienstige ideologieë wat in stryd met dié van die blanke NGK-lidmaat is. Maar in 'n 1938-publikasie gee hy erkenning aan die werk wat deur Wesleyaanse, Berlynse, Londense en Franse sendelinge in die Vrystaat verrig het: "Die veld was hier [die Vrystaat] beter voorberei en die worsteljare korter as in die Transvaal."[29] Die wisseling tussen kerkisme en positiewe ingesteldheid teenoor nie-NGK-denominasies by Gerdener kan nie toegeskryf word aan 'n paradigmaverskuiwing nie: die kerkistiese uitsprake verskyn in 1934- en 1948-publikasies, terwyl hy in 'n 1938-publikasie meer genuanseerd is. 'n 1958-publikasie is 'n kliniese kompilasie van kerkhistoriese gegewens.[30]

'n Publikasie ter viering van die 75-jarige bestaan van die Kerk van Basoetoland (PES) lig die invloed van blank-swart-konflik op die Basoeto se geloofsgroei uit. Die jarelange vernietigende oorloë, hongersnood en onrus is deur God gebruik tot seën van dié kerk. As gevolg van die lyding het die Basoeto tot die besef gekom dat hulle hulle vertroue op God en nie in die krag van mense moet plaas nie. Die vernietiging van die sendelinge se huise deur die blanke Vrystaters en hulle verbanning uit die Vrystaat het die Basoeto se vertroue in die sendelinge verstewig. Dit was nou vir die Basoeto duidelik dat daar geen verbintenis tussen die sendelinge en hul vyand (die blanke Vrystaters) bestaan het nie. As medelydendes aan die hand van die Vrystaters het die sendelinge deur hul voorbeeld die Basoeto geleer van Christelike geduld en liefde. Dit het tot geestelik gegroei gelei.[31]

---

25 Cf GBA Gerdener, *Ons kerk in die Transgariep. Geskiedenis van die Ned. Geref. kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal*, pp. 220-232.

26 *Ibid.*, pp. 227-228. Cf ook Gerdener se 1948-publikasie oor die geskiedenis van die NG Gemeente Smithfield *Deur 'n eeu gelei*, p. 49 waarin na die "gevaarlike strominge en invloede" wat "vreemde" kerkgenootskappe op die swartes uitgeoefen het, verwys word.

27 Gerdener, *Ons kerk in die Transgariep*, pp. 227-228.

28 GBA Gerdener, *Die Afrikaner en die sending*, p. 76.

29 GBA Gerdener, *'n Eeu van genade 1838-1938*, p. 27.

30 *Vide* Gerdener, *Recent developments in the South African mission field*, pp. 55; 150-151 vir inligting met betrekking tot die Vrystaat. Hofmeyr & Pillay, *A History of Christianity in South Africa*, vol I, p. vii (1994) beskou GBA Gerdener, *Recent developments in the South African mission field* as een van die kernbronne vir die bestudering van kerkgeskiedenis in Suid-Afrika. In GBA Gerdener, *Recent developments in the South African mission field*, p. 7 stel dit outeur dit dat hy dié werk nie as 'n vervanging van J du Plessis, *A History of Christian missions in South Africa* beskou nie, eerder as 'n voortsetting daarvan. Daar is 'n klemverskuiwing: Du Plessis lê klem op die rol van die sogenaamde "Moederkerke", terwyl Gerdener aandag skenk aan die stigting en uitbreiding van die swart "dogters-" en onafhanklike kerke.

31 Anoniem, *75th anniversary of the Church of Basutoland 1833-1908*, p. 10.

Die sendelinge in besonder, maar ook die Basoeto, word dus tot martelare verhef. As gevolg die optrede deur die Vrystaters het hulle wêreldse lyding beleef, maar as geestelike oorwinnaars uit die stryd getree. Die lyding was deel van God se Raadsplan.[32] Die siening vorm 'n sterk kontras met die skrywers wat die Afrikaner as die draer van die Woord na "donker" Afrika uitbeeld.[33]

Uit voorafgaande literatuuroorsig oor die invloed van die PES op blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat blyk dit dat skrywers van herinneringswerke en 'n vroeg 20ste eeuse sendingwetenskaplike akkoord gaan met W Saayman se siening. Sendelinge moet nie net na die geestelike nie, maar ook na die profane behoeftes omsien van diegene onder wie hulle werksaam is. Hierdie skrywers beklemtoon die positiewe invloed van sendingbetrokkenheid op die lotgevalle van die swartes. Die betrokkenheid van die sendelinge by politieke aangeleenthede word geregverdig as dade ten voordele van die swartes onder wie die sendelinge werksaam was. Daarteenoor tref Afrikanersentriese en koloniale geskiedskrywers by implikasie 'n onderskeid tussen die geestelike en profane dimensies van menswees. Hulle spreek kritiek uit teen die sendelinge se betrokkenheid by blank-swart-interaksie.

Nie die geestelike behoeftes van die swartes nie, maar hulle stryd om oorlewing teen die blankes word deur liberale geskiedskrywers voorop gestel. Die liberale geskiedskrywers se steun vir sendingbetrokkenheid spruit nie in die eerste instansie uit religieuse oorwegings nie, maar uit die feit dat die sendelinge na die belange van die swartes omgesien het. Hierdie geskiedskrywers lewer byvoorbeeld herhaaldelik kritiek teen Brittanje omdat dié moondheid nie die Basoeto teen die blanke boere se uitbreiding beskerm het nie.[34] Omdat die liberale geskiedskrywers tot groot hoogtes dieselfde standpunte as die sendelinge opper oor die invloed van die blanke boere op die swartes, maak hulle dikwels van sendinggeskrifte gebruik ter verifiëring van hulle gegewens.

Geskiedskrywers is dit eens dat daar in sendinggeskrifte na blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat verwys is. Sommige Afrikanersentriese en koloniale geskiedskrywers is fel in hulle kritiek teen hierdie geskrifte omdat dit volgens hulle 'n verwronge beeld van die Afrikaners geskep het. Liberale geskiedskrywers is egter die mening toegedaan dat die geskrifte 'n belangrike instrument was om die lot van die swartes onder die aandag van die buitewêreld te bring. Terwyl Becker se siening oor die legitimiteit van die geskrifte aansluit by dié van Afrikanersentriese geskiedskrywers, is Tylden neerhalend in sy kritiek teen die 19de eeuse Afrikaners se besware teen die geskrifte.

---

32 *Ibid.*, p. 10 lui o.a.: "these years of war and destruction, famine and disease were used by God as a means of blessing to the Basutoland Church".

33 *Vide* par 8.3.1.1.

34 *Vide* hoofstukke 2, 3 en 4.

Terwyl die voorafgaande geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke die rol van die sendelinge op blank-swart-verhoudinge uitlig, wys Molema en 'n publikasie ter viering van die 75-jarige bestaan van die PES op die invloed van die blankes op die sendelinge se werksaamhede en die swartes se geloofsgroei.

Die sendelinge was nie net met 'n "politieke knoeiery" besig nie - hulle het deel gehad aan Mosjwesjwe se nasiebouproses, die Woord verkondig, landbou-ontwikkeling aangehelp en die Basoeto se kultuurerfenis geboekstaaf.

Gerdener is dualisties in sy beoordeling van die sendelinge. Hy prys die werksaamhede van die verskillende sendinggenootskappe onder die swartes, maar het ook voorbehoude oor Woordverkondiging deur nie-NGK-sendelinge. Gerdener se sendinggeskiedskrywing fluktueer tussen eng denominasionele en transdenominasionele studies.

Slegs enkele geskiedskrywers het hulle gegewens geverifieer. Die geskrifte van die sendelinge dien vir Grobbelaar, Prinsloo, Theal en Becker as vertrekpunt vir hulle kritiek teen die sendelinge se anti-blanke lojaliteite en wat hulle as verdraaiing van die waarheid beskou. Tylden gebruik ook sendinggeskrifte, maar op grond van dié geskrifte loods hy 'n aanval teen die 19de eeuse Afrikaners se onverdraagsaamheid teenoor die sendelinge.

## 8.2 Die vestiging van die Christendom in die Vrystaat

Die 19de eeuse sendelinge en blanke koloniste het dit as hulle taak gesien om die Woord van God aan die swartes te bring. In die bestudering van skrywers van herinneringswerke en geskied- en kerkgeskiedskrywers se uitsprake oor die vestiging van die Christendom in die Vrystaat sal gelet word na geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se beoordeling van tot watter mate die sendelinge daarin geslaag het om die swartes tot die Christelike geloof te bekeer. Voorts sal die blanke Afrikaners se uitlewing van hulle Christenskap, asook die invloed van die kerstening op die lewenskwaliteit en -wandel van die swartes onder die loep geneem word.

Uit die beskrywing van Samuel Rolland se werksaamhede te Berseba blyk dit dat hy sukses behaal het ten opsigte van die kerstening van die Basoeto, geletterdheidsprogramme en die oprigting en instandhouding van die sendingstasie. Die bekeerlinge was gretig om onderrig te word in die Christelike leer en lewe en het "geweet hoe om ware opofferings vir die sending te doen" deur onder ondere groot- en kleinvee vir wêreldevangelisasie te gee.[35] Die positiewe uitbeelding van Rolland se werksaamhede en die swart bekeerlinge se Christelike lewenswandel en werkywer word deur sy eggenote, Elizabeth Rolland, asook eerw. Samuel

35 Balfet, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, pp. 69-71; 81; 83-85; 89-90.

Broadbent en 'n besoekende leke-prediker en afgetrede Britse militaris, majoor CH Malan, geverifieer.[36] Ten spyte van sy aanprysing van die Basoetobekeerlinge gee Balfet toe dat bygelowe sporadies herleef het, maar na "'n vurige preek is oorwinning oor die ou bygelowe bereik".[37] Die gevolg was dat Berseba "'n beskaafde dorp gevorm [het] waar die Woord van God die ware wet was".[38] Die Rolland-biografie kan as 'n tipiese voorbeeld van die 19de eeuse sendeling-held genre beskou word. Die genre is outobiografies van aard en het ten doel die bevordering van die belange van die sendiggenootskap en die verkryging van fondse.[39]

Balfet skets die Basoeto as meelewende Christene, maar bevraagteken die Christenskap van die blanke boere. Hy beweer dat Rolland se sendingwerk negatief beïnvloed is deur "die voorbeeld van ongeloof en onsedelikheid wat deur sommige Blankes in die omgewing gestel is".[40]

Hierdie siening (1912) vorm 'n direkte teenpool vir dié van Van Aswegen (1971):

> *Die blanke bewoners van die Oranje-Vrystaat was meestal streng godsdienstige mense met 'n sterk godsdienstige tradisie wat ver terug gegaan het. Hul godsdiens ... was 'n integrale deel van hul bestaan.*[41]

Teenoor dié blanke Christene staan die swartes met "hul ingewortelde tradisies en heidense praktyke soos die 'koop' en 'verkoop' van vrouens en die heidense inisiasieskole".[42] Daar was "weinig, indien nog maar enkele, waarlijk bekeerde Kaffers".[43]

Die Britse politikus JHB Browne, wie in 1904 'n besoek aan Bloemfontein gebring het, veroordeel die werksaamhede van die sendelinge en die optrede van die swart bekeerlinge:

> *To teach the black that he is as good as the white, is to veneer the solid blackness of sin with the specious veneer of cunning. It is a little sad that the making of men half Christians seems to spoil them as men.*[44]

---

36 Rolland, *Recollections* (1803-1901), p. 90; Samuel Broadbent, *A narrative of the first introduction of Christianity amongs the Barolong tribe of Bechuanas, South Africa,* p. 182; CH Malan, *South African missions*, pp. 111-117.

37 Balfet, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, p. 74.

38 *Ibid.*, p. 90.

39 *Vide* Margaret Donaldson, Nineteenth-century missionaries: the need for a contextualised history, *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 18(2), 1992, p. 60 vir 'n bespreking van die sendeling-held genre.

40 Balfet, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, p. 80.

41 Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 330-331.

42 *Ibid.*, p. 338. *Vide* ook HCJ Flemming, *Nederduitse Gereformeerde Kerk Ladybrand*, pp. 115; 134.

43 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 231.

44 JHB Browne, *South Africa. A glance at current conditions and politics*, p. 98.

Hierdie kru siening van swart Christene word deur Hofstede gedeel: "Hebben wij niet de ondervinding dat de bekleede en ter kerk gaande Kaffers ... de grootste schelmen zijn?"[45]

Ooreenstemmende rassistiese uitsprake word deur 'n kleinseun van die Franse sendeling Jean Pierre Pellissier gelewer. Na aanleiding van skrywes deur JP Pellissier gedurende Januarie 1836 waarin hy met dankbaarheid en lofprysing aan God verslag lewer van die geestelike vooruitgang van sy gemeente te Philippolis[46] en onder andere verwys na die eerste Batlapin bekeerlinge (Mamamejeri en Moroagari) wat lidmate van sy kerk geword het,[47] lewer sy kleinseun in 1956 sinies kommentaar:

> *Hy het tog soveel vertroue in hulle gehad en vermoedelik het hy verwag dat hulle sy steunpilare sou word. As sendeling onder onbeskaafde heidene sou hy nog baie moes leer. Hy sou nog moes leer dat die algemene opvatting van die trekboere en van die Voortrekkers en wel dat die heidene eers beskaaf moet word onder die beskerming van die blankes voordat jy aan hulle siele kan arbei, reg was en dat as jy hulle tot bekering bring voordat hulle deeglik beskaaf is, hulle jou teleur sal stel want hulle het geen standvastigheid en geen agtergrond om weerstand teen heidense en bose invloede te bied nie.*[48]

Terwyl voorafgaande amateur- en professionele geskiedskrywers klem lê op die positiewe aspekte van die Christelike "beskawing", en die kultuureie van die swartes afkraak, toon Molema begrip vir die swart opperhoofde en koninklikes se onwilligheid om die Christelike geloof te aanvaar. Volgens hom het die aanvaarding van die Christelike geloof deur swart leiers verskeie implikasies. Eerstens sou dit neergekom op die abdikasie van politieke en priesterlike gesagsposisies. Voorts kom dit neer op die aanvaarding van die gelykstelling van opperhoof en onderdaan ("How could a king share the cup with his servant? or allow himself to be lectured to, from the pulpit, by his slave?")[49] Laastens beteken dit die verwerping van poligamie ("How could a king, the husband of all the women of the tribe, the father of all his people - how could he be confined to one solitary wife; and in any case, being a polygamist already, was he to send the mothers of his children adrift?")[50]

In aansluiting by Molema spreek Ashton hom uit teen wat hy as die ongenaakbare Calvinistiese houding deur die sendelinge teenoor van die Basoetotradisies beskou. Hulle wou 'n oppervlakkige en onnatuurlike skeiding tussen die tradisionele gelowe en die

---

45 Hofstede, *Oranje-Vrijstaat*, p. 231.

46 SH Pellissier, *Jean Pierre Pellissier van Bethulie*, p. 185. Byna drieduisend lede van die Batlapinstam het uit vrees vir Mzilikazi uit Betsjoeanaland gevlug en skuiling by Philippolis gesoek. Die vlugtelinge is onder JP Pellissier se beskerming in Bethulie hervestig. Cf Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 31 vir 'n kort beskrywing van die vestiging van die sendingstasie by Bethulie.

47 Cf Pellissier, *Jean Pierre Pellissier*, pp. 249-258.

48 *Ibid.*, p. 258.

49 Molema, *Chief Moroka*, p. 58.

50 *Ibid.*, pp. 58-59.

Christendom bewerkstellig. Dit het tot die verdwyning van 'n deel van die Basoeto se kultuurerfenis gelei.[51]

Eldredge toon geen agting vir die sendelinge nie. Die Basoeto het volgens haar tot die besef gekom dat die Christendom nie met hulle lewenswyse en tradisionele geloof versoenbaar was nie. Na aanleiding inligting vervat in sendelingverslae wys sy daarop dat groot getalle Basoeto teen ongeveer 1848 die Christendom verwerp het en "from then on it was social outcasts who were attracted to the mission stations".[52]

Voorts beweer van die anti-Vrystaat skrywers van herinneringswerke, asook 20ste eeuse teoloë en geskiedskrywers dat die 19de eeuse blanke Vrystaters en sendelinge se uitlewing van hulle Christelike geloof in die oorheersings-(apartheids-)ideologie gekulmineer het. Reeds in 1879 blameer David Kennedy die lidmate van die Gereformeerde Kerk vir die swak blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat:

> *They have been the most inhuman in their treatment of the natives. The Doppers are Old Testament Christians, and believed they were doing God service in rooting out the Kafir Canaanites from the land.*[53]

Dié kritiek word deur 20ste eeuse geskiedskrywers en 'n teoloog en gesteun. Die blanke boere in die Vrystaat het hulle botsings met die Basoeto as 'n "holy cause" deur God se uitverkore volk gesien. Dit lei tot 'n teologiese regverdiging vir apartheid.[54] Omdat die NGK "in feite de Staatskerk" was aangesien die predikante deur die staat betaal is, beskuldig Debroey die kerk van aandadigheid aan die regering se apartheidsideologie, want "men [kon op die kerk] rekenen, wat betref de scheiding van blanken en niet-blanken".[55] Nie net die blanke boere of die NGK nie, maar ook die sendelinge was skuldig aan die oorheersingsdrang. Die sendelinge wou die swartes nie net tot die Christelike geloof bekeer nie, maar wou hulle in hul totaliteit domineer: "they preferred ... to be landlords as well as spiritual mentors to their flock, for control over the allocation and distribution of land greatly increased their chances of making permanent converts."[56]

---

51 Ashton, *The Basuto*, p. 8.

52 Eldredge, *A South African Kingdom*, p. 94 baseer dié siening op Claude H Perrot, *Les Sotho et les Missionaires Européens au XIXe Siècle*, p. 39.

53 David Kennedy, *Kennedy at the Cape. A professional tour through the Cape Colony, the Orange Free State, the Diamond Fields & Natal*, p. 78. Sy negatiewe houding teenoor lede van die Gereformeerde Kerk word onderstreep as hy postuleer dat "the manners and dress of these people are as peculiar as their faith" (*ibid.*, p. 75).

54 J Alton Templin, *Ideology on a frontier. The theololgical foundation of Afrikaner Nationalism, 1652-1910*, p. 154. *Vide ibid.*, pp. 154-155 vir uitsprake deur Brand oor die rol wat God speel in die lotgevalle van die Vrystaters teen die Basoeto. Cf *ibid.*, pp. 249-250 vir 'n beredenering van die rol was die Afrikaner se siening dat hy die uitverkore volk is, gespeel het in die totstandkoming van apartheid.

55 Debroey, *Zuid-Afrika*, p. 397.

56 Brian Willan, *Sol Plaatje: a biography*, p. 8.

Die blanke Afrikaner is vir Molema 'n rassis wat neerkyk op die swarte as 'n minderwaardige wese. Hy sê ook dat baie blankes regverdiging vir hul rassistiese optrede in die Bybel vind. Die gevolg was "a natural tendency to abuse the privileged position and become harsh, hard, intolerant and unjust".[57]

Dié persepsie dat die strakke Calvinistiese godsdiens van die Vrystaatse boere die grondslag vir hulle kleurbewusheid was, word deur Francis Wilson (1969) gedeel: "distance between master and servant was reinforced in the religious sphere."[58] Ter illustrasie van dié skeiding noem sy die gebruik in die Vrystaat "to have the domestic servants (not the labourers) in for the family prayers. They sat on low stools which they brought into the dining room with them, and slightly apart from the family."[59] Maar vir PB van der Watt (1977) is hierdie gebruik juis 'n bewys van die blankes se positiewe ingesteldheid teenoor sendingwerk. Dit was 'n "goeie gewoonte, eie aan die boerefamilie" wat, naas die persoonlike kontak en die "positiewe lewensvoorbeeld" van die blankes "noodwendig 'n heilsame invloed op hul bediendes uitgeoefen het".[60]

Uit voorafgaande historiografiese bespreking blyk dit dat Rolland se biograaf, sy vrou en besoekende geestelikes dit eens is dat die sendingwerk onder die Basoeto suksesvol was. Die swartes se lewenswandel en werkywer was 'n spieëlbeeld van hulle christenskap. Hierdie siening deur persone wat 'n toegeneëntheid teenoor Rolland geopenbaar het, word deur van die Afrikanersentriese geskiedskrywers en Browne verwerp. Weinig swartes het hulle tot die Christelike geloof bekeer. Hulle was nog vasgevang in hulle tradisionele gebruike. Die blootstelling aan die Christelike geloof het nie 'n heilsame invloed op die swartes gehad nie, want hulle was skelmer as vroeër.

Geestelike skrywers lê subjektief klem op sendingsuksesse op grond van die swartes se aanvaarding van Westerse norme. Die Afrikanersentriese geskiedskrywers beskou die swartes se verbondenheid van hulle kultuureie as bewys van die sendelinge se mislukkings. Beide groepe skrywers ignoreer dus die swartes se tradisies. Daarteenoor toon pro-swart geskiedskrywers begrip vir die swartes se verwerping van die Christelike geloof, want dié geloof het nie ruimte gelaat vir die kultuurskatte van die Afrikaan nie. Die agting wat Eldredge en die neo-liberale geskiedskrywers vir die swartes se kultuureie het, is die dryfveer vir hulle kritiek teen die sendelinge.

Afrikanersentriese geskied- en kerkgeskiedskrywers skets die 19de eeuse blanke Vrystaters as die "redders" van "donker" Vrystaat. Die teendeel word deur Balfet geopper. Die

57 Molema, *Chief Moroka*, p. 105.
58 Wilson, *Farming, 1866-1966*, p. 111.
59 *Ibid.*
60 PB van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834-1866*, p. 59.

onsedelike lewenswandel van die blankes het só 'n swak voorbeeld aan die swartes gestel dat sendelingwerksaamhede in die wiele gery is.

Terwyl Afrikanersentriese geskiedskrywers en geestelikes klem lê op die positiewe invloed wat die koms van die blankes (en die Christendom) op die swartes gehad het, is van die neo-liberale geskiedskrywers, asook Molema en 'n 19de eeuse Britse reisiger die mening toegedaan dat die Vrystaatse blankes en sendelinge die Bybel misbruik het om blanke oorheersing te regverdig en te bevestig.

'n Enkele gebruik (huisgodsdiens) word vanuit 'n neo-liberale verwysingsraamwerk afgekraak as tiperend van rassisme en deur 'n Afrikanersentriese kerkgeskiedskrywer as bewys van die blankes se medemenslikheid teenoor die swartes voorgehou. Die diversiteit van die Suid-Afrikaanse gemeenskap word duidelik deur dié twee sieninge geïllustreer. Die neo-liberale geskiedskrywer veroordeel in 1969 die blanke boere se rassistiese optrede. In 1977 prys 'n Afrikaner blanke voogdyskap.

In die skrywers se bespreking van die vestiging van die Christendom is daar weinig sprake van bronbenutting. Eldredge en Van Aswegen baseer van hulle uitsprake op tydgenootlike sendingpublikasies. Eldredge gebruik haar bronne egter om die sendelinge te kritiseer; Van Aswegen kraak die swartes af. J Alton Templin gebruik JH Brand se uitsprake as vertrekpunt vir kritiek teen die Vrystaters se misbruik van die Bybel ter bevordering van rassisme. Hierdie skrywers selekteer en interpreteer bronne selektief ter ondersteuning van hulle onderskeie sieninge.

## 8.3 Sendingwerk in die Vrystaat 1800-1910

Teologiese werke is outobiografies en faktore soos ervaring, Woordopenbaring, tradisie, kultuur en die rasionele denke word in 'n mindere of meerdere mate in werke van teoloë gereflekteer.[61] Om hierdie subjektiwisme met betrekking tot uitsprake deur kerk- en hoofstroomgeskiedskrywers oor blank-swart-sendingverhoudinge in die Vrystaat aan te toon, sal na publikasies oor die sendingbetrokkenheid van die NG, Gereformeerde, Nederduitse Hervormde, Anglikaanse en Wesleyaanse kerke in die Vrystaat gelet word.

### 8.3.1 Die NGK en sendingwerk

Die NGK in die Vrystaat het na die verkryging van sy onafhanklikheid van die Kaapse Sinode (1864) in 1865 in sinodale verband na die behoefte aan sendingwerk onder die

---

61 Saayman, *Christian Mission in South Africa: Political and Ecumenical*, p. x; Eddie Brown, Onverantwoordbare kontekstuele kerkgeskiedskrywing in Suid-Afrika, *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 19(1), 1993, p. 128 en JW Hofmeyr, Dilemmas en uitdagings vir die beoefening van Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis in 'n nuwe werklikheid, *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 21(2), 1995, p. 29.

swartes in die gebied verwys. Met dié doel voor oë is 'n Sendingkommissie in 1867 in die lewe geroep.[62] Die NGK in die Vrystaat het hom dus formeel tot sendingwerk verbind, maar in hoeverre dit in die praktyk en in boeke oor die geskiedenis van die NGK in die Vrystaat neerslag gevind het, sal blyk uit die bespreking van die NGK se betrokkenheid by sendingwerk in die Vrystaat. Sake waaraan aandag geskenk sal word, is onder andere die kwantitatiewe omvang van besprekings oor sendingwerk in die Vrystaat; die siening van sommige geskied- en kerkgeskiedskrywers dat die NGK met sendingywer gevul was; kritiek teen óf regverdiging vir die gebrek aan sendingywer deur die NGK; asook uitsprake oor samewerking tussen blank en swart op kerklike terrein. Laastens sal 'n skrywer van 'n herinneringswerk, asook enkele geskiedskrywers se bespreking van sendingwerk te Witsieshoek onder die loep geneem word.

### 8.3.1.1 Die NGK se betrokkenheid by sendingwerk in die Vrystaat

In van die oorsigwerke wat handel oor die geskiedenis van die NGK in Suid-Afrika is daar in die bespreking van die vestiging van hierdie denominasie in die Vrystaat nóg verwysings na sendingwerk onder die swart bevolking nóg na kontak tussen blank en swart.[63] In sommige sendingpublikasies word sendingwerk in Suid-Afrika oorsigtelik bespreek, gevolglik is daar slegs enkele verwysings na sendingwerk in die Vrystaat.[64] Dieselfde tendens is in die Andrew Murray-biografieë te bespeur; sy betrokkenheid by sendingwerk in die Vrystaat word óf oorsigtelik in 'n breë Suid-Afrikaanse konteks geplaas[65] óf geïgnoreer.[66]

In opdrag van kerkrade het verskeie amateur en professionele geskied- en kerkgeskiedskrywers die geskiedenis van die blanke gemeentes in Vrystaatse dorpe en stede geboekstaaf. Omdat afsonderlike aanbidding en gemeentes vir die verskillende rasse in die Vrystaat algemene praktyk was, is dit te begrype dat van die werke op die groei en

---

62 PJS de Klerk, *Kerk en sending in Suid-Afrika*, pp. 106-107; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, pp. 334; 336.

63 Cf A Moorrees, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873*, pp. 745-757; John Mc Carter, *Geschiedenis der Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika*, pp. 122-123; 127-129. C Spoelstra, *Het kerkelijk en godsdienstig leven der boeren na den Grooten Trek*, pp. 43-47; JMG Storm, *Die Voortrekkerkerk 1836-1853*, pp. 52-87; HS Pretorius, *Die Afrikaanse kerke. Kort oorsig van die ontstaan van die drie Afrikaanse kerke in Suid-Afrika*, pp. 14-16; A Dreyer, *Die Voortrekkers en hul kerk*, pp. 42-49; 56-58; 62-67; 75-82; 102-106; 110-119 bespreek die vestiging van die blanke NGK in die Vrystaat.

64 JW de Kok, *Sonderlinge vrug. Die invloed van die Tweede Vryheidsoorlog op die sendingaksie van die NG Kerk in Suid-Afrika*, p. 15; WJ van der Merwe, *The development of missionary attitudes in the Dutch Reformed Church in South Africa*, pp. 130-131; A Dreyer, *Korte schetsen uit de geschiedenis der Nederduitse Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika*, p. 36; JM Cronjé, *Born to witness*, pp. 93-67.

65 J du Plessis, *The life of Andrew Murray of South Africa*, pp. 373-393.

66 Ben Conradie, *Andrew Murray na honderd jaar*, pp. 90-108.

ontwikkeling blanke gemeentes konsentreer.[67] Dieselfde tendens is opmerklik in gedenkpublikasies oor Vrystaatse dorpe. In hierdie gedenkboeke word 'n hoofstuk afgestaan aan die kerkgeskiedenis die betrokke dorpe. Dié werke is gemoeid met die vestiging en groei van die blanke kerke in dié dorpe.[68]

Die swartes word dus uit die Vrystaat se NGK-geskiedenis geskryf. Die geskiedenis van die NGK is vir hierdie skrywers die geskiedenis van die blanke kerk. Daar moet begrip vir hierdie miskenning van die swartes getoon word. Die gedenkboeke oor die Vrystaatse dorpe en NGK-gemeentes is deur professionele en amateurgeskied- en kerkgeskiedskrywers in opdrag van blanke stads- en kerkrade geskryf. Die status quo van algehele skeiding op kerklike gebied word bloot deur hierdie werke bevestig.

Daar is wel van die dorp-[69] en kerkgeskiedskrywers[70] wat melding maak van die rol wat die onderskeie gemeentes in sendingwerk gespeel het, maar weinig lewer kommentaar oor

---

67 JJ Oberholster, *Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente, Jacobsdal, 1860-1960*; IL Ferreira, *Nog 'n mylpaal. Ned. Geref. Gemeente Marquard, 1955-1980*; IL Ferreira, *Genade op die Vaaloewer. Ned. Geref. Gemeente Parys, 1884-1984*; HCJ Flemming, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk Heilbron. 'n Eeu van genade en diens, 1873-1973*; MCE van Schoor, *Gedenkskrif ter viering van die honderdjarige bestaan van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Kroonstad 1860-1960*; IL Ferreira, *Winburg 150. 1841-1991. Storie van 'n Nederduitse Gereformeerde Gemeente*; IL Ferreira, *Vesting vir Vrede. N.G. Gemeente Vredefort 1882-1982*; AP Basson, *Onder die wolk van genade. Ned.Geref. Gemeente Harrismith 1849-1949*; JH van Loggerenberg, *Bakens op die pad van die Tweetoringkerk van Bloemfontein 1880-1980*; JA Heese, *Eeufeesgedenkboek N.G. Gemeente Brandfort 1875-1975*; DPM Olivier, *Kerk Souvenir van Senekal. Vyftigjarige bestaan 1879-1929*; A Stockenström, *Historiese oorsig van die Gemeente Ficksburg 1869-1957*; JA Bosch, *Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente Philippolis 1862-1962*; F Kayser (samest), *Eeufeesalbum van die Nederduits Gereformeerde Kerk Wepener 1870-1970*; Olof Henning (samest), *Rouxville NG Gemeente. Eeu van Genade 1870-1970*; P Wessels & E de Kock (reds), *Nederduits Gereformeerde Gemeente Zastron 1893-1993*. Dieselfde tendense is opmerklik in die biografie oor Paul H Roux, 19de eeuse predikant te Vredefort en Senekal (cf AM Heyns, *Lewenskets van generaal ds. Paul H. Roux*, pp. 4-19; 31-34).

68 *Vide* o.a. Van Rensburg, *Bethlehem*, pp. 23-62; Van Schoor & Moll, *Edenburg*, pp. 40-73; JD Kriel, Van kerkplaats tot selfstandige gemeente, in JD Kriel & P. Germishuys (reds), *Vredefort: driekwart-eeufees, 25-28 April 1957*, pp. 88-11; Moll, *Hennenman*, pp. 68-104; Steytler, *Harrismith*, pp. 121-129; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, pp. 61-83; Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, pp. 123-147; JA Henning, *Gedenkalbum Theunissen, 1907-1982*, pp. 35-47; WL Groenewald (samest), *Gedenkalbum Theunissen, 1907-1957*, pp. 43-61; Erasmus, *Heilbron, 1873-1973*, pp. 65-76; Scholtz, *Geskiedenis van Ventersburg en omgewing, 1873-1973*, pp. 41-56; Uys, *Rouxville (1863-1963)*, pp. 109-120; Koen, *Reitz eeufeesgedenkboek 1889-1989*, pp. 53-75; Oberholster, *Wepener 1869-1969*, pp. 139-160;

69 Van Rensburg, *Bethlehem*, p. 45; Van Schoor & Moll, *Edenburg*, p. 49; Van Rhijn & Klopper, *Ficksburg*, pp. 73-74; Bosch, *Ladybrand, 1867-1967*, pp. 137-139; Van der Vyver, *Eeufeesalbum Boshof*, pp. 125-134; Koen, *Die geskiedenis van Reitz 1889-1989*, pp. 73-75; Scholtz, *Geskiedenis van Ventersburg en omgewing, 1873-1973*, pp. 54-56; Uys, *Rouxville (1863-1963)*, pp. 120-121; Oberholster, *Wepener 1869-1969*, p. 142.

70 Obeholster & Van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat*, pp. 189-222 vir 'n oorsigtelike bespreking van sendingwerk in die Vrystaat; sendingwerk deur afsonderlike gemeentes word onder andere bespreek deur Oberholster, *N.G. Gemeente Jacobsdal*, pp. 110-117; Ferreira, *Marquard*, pp. 51-56; Ferreira, *Genade op die Vaaloewer*, pp. 170-189; Flemming, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk Heilbron. 'n Eeu van genade*

die suksesse en/of mislukkings wat die onderskeie blanke gemeentes op die sendinggebied behaal het. Die swartes word op die agtergrond geskuif ("Terloops, Winburg se sendinggemeente dateer al uit 1892 en bestaan ook alreeds 'n honderd jaar")[71] of gereduseer tot foto's van die sendingkerk en -pastorie.[72] Diegene wat gekersten moet word, word nie geag nie.

Daar is wel geskied- en kerkgeskiedskrywers wat hulle uitspreek oor die NGK se sendingbetrokkenheid. Deur die samekoppeling van clichés sal van dié Afrikanersentriese skrywers se positiewe siening oor die NGK se betrokkenheid by sendelingwerk vervolgens uitgebeeld word.

Sedert die konstituering van 'n eie sinode in die Vrystaat was daar "'n merkwaardige belangstelling" van die kant van die Sinode en die plaaslike gemeentes in sendingwerk.[73] Die "Christenharte" het "nog altyd vir die sendingsaak warm geklop".[74] Sendingwerk was sedert die ontstaan van die NGK in die Vrystaat "'n saak van erns".[75] "[D]ie geskiedenis lewer die duidelikste bewys dat ons 'n volk met 'n roeping is wat nooit onverskillig teenoor hierdie saak gestaan [het] nie [en] die Witman het lig gebring na hierdie land en dis sy heilige roeping om dit te versprei."[76] Voorts het "die kerk ook altyd gedink aan die siel van die swartman"[77] en die predikante in die Vrystaat het hulle "met geesdrif en takt ... aan die saak gewy, en orals het klein groepies bekeerlinge uit die heidendom ontstaan".[78] Die

---

*en diens, 1873-1973*, pp. 126-163; Flemming, *Nederduitse Gereformeerde Kerk Ladybrand (Eeufeesgedenkboek 1870-1970)*, pp. 113-134; Gerdener, *Deur 'n eeu gelei*, pp. 47-50; Basson, *Onder die wolk van genade. Ned. Geref. Gemeente Harrismith 1849-1949*, pp. 129-144; Heese, *Eeufeesgedenkboek N.G. Gemeente Brandfort 1875-1975*, pp. 35-36; Ferreira, *Vesting vir Vrede. N.G. Gemeente Vredefort 1882-1982*, pp. 112-121; Van Loggerenberg, *Bakens op die pad van die Tweetoringkerk van Bloemfontein 1880-1980*, p. 23; Olivier, *Kerk Souvenir van Senekal. Vyftigjarige bestaan 1879-1929*, pp. 107-110; Bosch, *N.G. Gemeente Philippolis*, pp. 108-114; Wessels & De Kock (reds), *Nederduits Gereformeerde Gemeente Zastron 1893-1993*, p. 59.

71 Ferreira, *Winburg 150. 1841-1991. Storie van 'n Neder-duitse Gereformeerde Gemeente*, p. 66.

72 Stockenström, *Historiese oorsig van die Gemeente Ficksburg 1869-1957*, pp. 50-51; 67; 111.

73 D Crafford, *Aan God die dank*, p. 123. Van Rensburg, *Bethlehem*, p. 45; A Dreyer, *Historisch album van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika*, pp. 70-73; Obeholster & Van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat*, p. 191 en Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 334; 336 huldig dieselfde siening.

74 Van Rensburg, *Bethlehem*, p. 45.

75 Obeholster & Van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat*, p. 190.

76 Basson, *Onder die wolk van genade. Ned.Geref. Gemeente Harrismith 1849-1949*, p. 129. *Vide* WA Venter, *Die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Bloemfontein gedurende die pioniersjare 1848-1880*, p. 251 vir 'n ooreenstemmende uitspraak.

77 DS Snyman, Behoefte aan kerk lei na dorp, in Pieter J Germishuys (red), *Kroonstad eeufees/centenary*, p. 25. Ferreira, *Vesting vir Vrede. N.G. Gemeente Vredefort 1882-1982*, p. 114 huldig 'n soortgelyke siening.

78 Venter, *Ons Vrystaatse kerke*, p. 160.

"fakkel van die evangelie" is "onder die heidene ontsteek".[79] Paternalisties word na sendingwerk verwys as "offers vir die Swartman".[80] Die blanke gemeentes "het met groot opofferings gewerk, aangesien baie gemeentes skaars finansieel in hulle eie behoeftes kon voorsien".[81] Deur "vrugbare offers"[82] en "kragtige besieling van hierdie Gideonsbende"[83] het die Oranjevrouesendingbond bygedra tot die "ontwaking by die Bantoe".[84] Van die geskied- en kerkgeskiedskrywers lê klem op die "sendingywer" van die blankes; aandag word nie aan die swartes se belewing van dié ywer geskenk nie.[85]

Nie al die skrywers is eensydig in hulle beklemtoning van die swartes as die passiewe ontvangers van die genadegawes van die blankes nie. Daar was swartes wat "dankbaar was vir die werk wat onder hulle gedoen is".[86] As bewys van die dankbaarheid word verwys na hoofman Sipinare wat in 1880 £5 tot die boufonds van die Bloemfonteingemeente bygedra het.[87]

Van die geskiedskrywers tref 'n onderskeid tussen die bekwame blanke predikante/kerkrade en die skynbaar minder bekwame swart kategete/evangeliste. Ds. CP Theron, wat van 1872-1912 in die NGK op Bethlehem werksaam was, was "'n bekwame geldelike administrateur [en] 'n toegewyde en ernstige prediker".[88] Daarteenoor word na Johannes Mutle, wat in die 1880's as kategeet in Bethlehem werksaam was, paternalisties verwys as "ou Johannie".[89] Dit was "'n gesukkel om geskikte evangeliste vir die sendingwerkkring [in Brandfort] te verkry", gevolglik is daar in 1907 besluit om 'n blanke sendeling te beroep.[90] Blanke toesig oor sendingkerke is noodsaaklik, want toe dié toesig deur die NG Gemeente Jacobsdal "'n bietjie verslap het, [het] die toestand 'n tydelike agteruitgang beleef".[91] Maar D Crafford is positief ingestel teenoor die werksaamhede van die swart kategete. Hulle het "'n reuse

---

79 Gerdener, *Deur 'n eeu gelei*, p. 47.
80 Ferreira, *Marquard*, p. 51. In Ferreira, *Vesting vir Vrede. N.G. Gemeente Vredefort 1882-1982*, p. 114 word dié siening herhaal.
81 Crafford, *Aan God die dank*, p. 128. Ferreira, *Vesting vir Vrede. N.G. Gemeente Vredefort 1882-1982*, p. 114 onderskryf hierdie siening.
82 WR de Kock (opsteller), *Vyftig jaar van Gods genade 1907-1957*, p. 36.
83 *Ibid.*, p. 75.
84 *Ibid.*, p. 48.
85 Cf Venter, *Die NG Gemeente Bloemfontein*, pp. 251-257; Scholtz, *Geskiedenis van Ventersburg en sy omgewing, 1873-1973*, p. 46; HS Pretorius, *Ons kerk in wording*, p. 71; PL Olivier (samest), *Ons Gemeentelike feesalbum*, pp. 310; 319; 328; 329; 331; 335 346; 353; 356; 357; 359; 368; 375; 378.
86 Venter, *Die NG Gemeente Bloemfontein*, p. 257.
87 *Ibid.*, p. 257.
88 Van Rensburg, *Bethlehem*, p. 33.
89 *Ibid.*, p. 49.
90 Heese, *Eeufeesgedenkboek N.G. Gemeente Brandfort 1875-1975*, p. 60.
91 Oberholster, *N.G. Gemeente Jacobsdal*, p. 113.

aandeel" in die grondlegging van die NGK in die Vrystaat gehad.[92] Abraham Poho van Heilbron word beskryf as "die getroue kategeet".[93]

'n Werk wat feitlik al voorafgaande persepsies van die Afrikanersentriese geskied- en kerkgeskiedskrywers oor die NGK se betrokkenheid by sendingwerk in die Vrystaat reflekteer, is *Dagbreek in Donker Afrika* (1927). Die titel is reeds 'n aanduiding van die skrywers se siening oor Woordverkondiging aan swartes. Die persepsie dat die blankes die "redders" en die "goeie gewers" is wat tot heil van die passiewe swartes werk, word uitgebou in die beskrywing van sendingwerk in die Vrystaat. Die stigting en groei van die NG Sendingkerk in die Vrystaat is vir die skrywers "stof tot dankbaarheid". Die sendingkerk geniet "ruime ondersteuning" van die moederkerk en "in die meeste gevalle" is die stigting van die verskillende sendinggemeentes die "arbeid" van die plaaslike blanke predikant.[94] Nie net die kerk nie, maar ook die blanke boere word opgeroep tot Woordverkondiging, want hulle ken die "geaardheid" en taal van die swart plaasarbeiders. Dié kennis moet ingespan word om die heidene vir die NG Sendingkerk te wen, anders sal die swartes hulle tot sektes wend. Die skrywers is kerkisties en insinueer dat daar slegs heil en redding binne die NGK-familie is. Die uitbreiding van die NG Sendingkerk ten koste van ander kerke sal die opkoms van swart nasionalisme ("vyandige houding teenoor die witman") teëwerk.[95] 'n Dubbele doel word deur sendingwerk bereik: die swarte se ewige heil word verseker, en die blanke verstewig sy posisie deur as vertroueling en vriend van die swarte na vore te tree.

Hoewel verskeie geskied- en kerkgeskiedskrywers die sendingywer van die NGK voorop stel, is daar diegene wat krities is oor die NGK se traagheid om sendingwerk onder die swartes te doen.[96] Eloff staan besonder positief teenoor sendingwerk onder swartes en veroordeel in 1980 die apatiese houding van blankes:

> *Hierdie gesindheid wat deur die meerderheid Blankes in die Vrystaat jeens sendingwerk openbaar is en tans nog aan die orde van die dag is, is betreurenswaardig.*[97]

Sy persoonlike Christelike oortuigings en die aanname dat die blanke na Afrika gekom het om die inheemse bevolking te kersten, is duidelik:

---

92 Crafford, *Aan God die dank*, p. 126.
93 *Ibid.*, p. 125.
94 AC Murray & JWL Hofmeyr, *Dagbreek in Donker Afrika. 'n Kort oorsig van die sendingwerk van die Nederd. Geref. Kerk in Suid-Afrika,* p. 82.
95 *Ibid.*
96 Van Schoor & Moll, *Edenburg*, p. 49; Le Roux, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910,* p. 194. In Le Roux, *Sir Hamilton John Goold-Adams se rol in die Oranjerivierkolonie, 1901-1910*, pp. 94-95 word, sonder die lewering van enige kommentaar, *sir Hamilton John Goold-Adams* se siening oor die kerstening van swartes gerapporteer.
97 Eloff, *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, p. 143.

> *Hoewel dit deels te begryp is dat persoonlike vooroordeel en praktiese ondervinding kon meebring dat die Blanke skepties gestaan het teenoor die geestelike bearbeiding van die Nie-Blanke wat as 'n 'heiden' en 'barbaar' beskou is, kan dit nie ontken word dat sendingwerk 'n Goddelike opdrag is wat nie verontagsaam kan word nie.*[98]

Van die kerkgeskiedskrywers vind egter regverdiging vir hierdie "geestelike tamheid".[99] Die blaam vir die stadige groei van sendingwerk deur die NGK in die Vrystaat word in die eerste instansie voor die deur van die swartes geplaas. Ongeverifieerd noem A Dreyer (1912) drie redes waarom lidmate van die Bloemfonteinsendingkerk eredienste en die bediening van die nagmaal swak bygewoon het, naamlik die "onzedelijkheid" waaraan die lidmate hulle skuldig gemaak het, die ligsinnige, selfs oppervlakkige geesteslewe van die lidmate en laastens die bestaan van 'n bierbrouery in feitlik elke huis.[100] Die kerstening van die Ladybrand-Basoeto was problematies as gevolg van inherente karaktereienskappe:

> *geheimzinnig, achterdochtig, omslachtig, eergevoelig, aan oude gewoonten vastgehecht, naaperig, met een nationaal gevoel en zekere volksbeginselen die bijna als heilig beschouwd worden.*[101]

In 1929 word geskryf dat die sendelinge in die Vrystaat aanvanklik geworstel het om

> *'n eeue oue barbarisme uit te roei en in [die] plek daarvan 'n kristelik [sic] beskaafde lewensgrondslag te stel of tenminste [sic] ordelikheid in die woelige en oorlogsugtige naturelle teweeg te bring.*[102]

Deur sendingwerk onder die "gaotiese [sic] naturelle massa"[103] is daarin geslaag om hulle uit hulle "eeue oude Rip-van-Winkel slaap van sorgeloosheid, en doelloosheid wakker te skud".[104]

In aansluiting by voorafgaande kerkgeskiedskrywers verwys D Crafford in 1982 na die "hardheid van die heidendom" as gevolg van die misbruik van plaaslikvervaardigde bier, die invloed van inisiasieskole op die jeug en veelwywery.[105] Maar hy slaag daarin om 'n gebalanseerde beeld van sendingwerk te skep deur ook op die negatiewe aspekte van die blankes se sendelingoptrede te wys. SJ Minnaar, wat vanaf September 1883 as sendeling

---

98 *Ibid.*, p. 145.
99 Ferreira, *Genade op die Vaaloewer*, p. 171.
100 Dreyer, *Historisch album van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika*, p. 70.
101 Dreyer, *Historisch album van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika*, p. 71.
102 JC du Plessis, Die ideale van ons kerk in verband met sendingwerk, in NGK Sendingsekretaris (samest), *Die N.G. Kerk in die O.V.S. en die naturelle-vraagstuk*, p. 19. Du Plessis was predikant van die NG Gemeente Bethlehem-Wes.
103 *Ibid.*, p. 20.
104 *Ibid.*, p. 19.
105 Crafford, *Aan God die dank*, p. 131.

werksaam was langs die benede-Oranjerivier, word as "hardkoppig en eiesinnig" beskryf. Sy swak menseverhoudinge en "probleme" rondom sy sedelike lewe het tot sy skorsing gelei. Die gevolg was die geestelike insinking van gemeentelede.[106] Blank en swart word medeverantwoordelik gehou vir die swak vordering van sendingwerk in die Vrystaat.

Die volgende ongeverifieerde redes word ook deur geskied- en kerkgeskiedskrywers genoem ter regverdiging van die NGK se minimale sukses op die sendingveld: 'n gebrek aan fondse, 'n tekort aan blanke sendelinge, uitgestrektheid van die bedieningsveld, oorloë,[107] die vrees vir gelykstelling en agterdog by die swartes oor die werksaamhede van die sendelinge.[108]

Enkele geskied- en kerkgeskiedskrywers wys op die positiewe samewerking tussen die swart en blanke gemeentes. In Senekal het blank én swart gedurende 1890 'n suksesvolle fondsinsamelingsveldtog geloods vir die oprigting van 'n kerkgebou vir die sendinggemeente. Die sendinggemeente het onder toesig van die leraars van die moedergemeente en vier swart evangeliste "stadig dog seker aangegroei".[109] Sonder om te insinueer dat die swartes nie in staat was om hulle eie heil uit te werk nie, wys DPM Olivier (1929) op die optrede van die blankes tot voordeel van swart medegelowiges.[110] JA Bosch weerhou hom in 1962 daarvan om paternalisties na die swart lidmate van Philippolis te verwys.[111] As gevolg van geldelike beperkinge het die swartes hulp van die blanke gemeente ontvang, maar hulle was nie passiewe ontvangers nie. Hulle het self na nuwe bronne van inkomste gaan soek om hul ontoereikende bydraes aan te vul. Die skuld wat

---

106 *Ibid.*

107 AC Murray, *De zaak des Konings!*, p. 63; A Dreyer, *Eeuwfeest-album van de Nederduits Gereformeerde-kerk in Zuid-Afrika 1824-1924*, p. 107; Van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 336; PB van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834-1866*, pp. 59-60; H Blomerus, Die verlede op die gebied van die binnelandse sending, in NGK Sendingsekretaris (samest), *'n Eeu van sendingwerk*, p. 18; MCE van Schoor, *Johan Daniël Kestell 1854-1941. Outobiografies beskryf* p. 153; BF Nel, *Naturelle-opvoeding en -onderwys*, deel I, p. 77; Ferreira, *Genade op die Vaaloewer*, pp. 170-171.

108 Obeholster & Van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat*, pp. 193-194 verduidelik nie wat die omvang of redes vir die "agterdog" was nie.

109 Olivier, *Kerk Souvenir van Senekal. Vyftigjarige bestaan 1879-1929*, p. 106.

110 Cf *ibid.*, pp. 106-110.

111 Bosch, *N.G. Gemeente Philippolis*, pp. 14; 22-23; 108-111 verwys na na sendingwerk onder die Boesmans en die Griekwas. As gevolg van die nomadiese lewenstyl van die Boesmans was sendingwerk onder hulle nie suksesvol nie. Gedurende die periode 1850-1860 is die meeste Griekwagronde aan blanke boere verkoop en teen 1861, toe die Vrystaatse regering al die "oop" Griekwagronde in die Vrystaat opgekoop, het die meeste Griekwas Philippolis verlaat. In 1861 is sendingwerk onder die oorblywende Griekwas in Philippolis begin deur 'n Amerikaner, W Torglan Corner. Wanneer sendingwerk onder die swartes begin is, is nie duidelik nie. Sonder die verskaffing van datums om aan te dui wanneer hy diens aanvaar het, verwys Bosch na 'n "naturelle-evangelis". Bosch wys daarop dat volgens die 1897-verslag van die Sinodale Sendingkommissie is daar elke Sondag twee dienste in Hollands en een in 'n "Bantoetaal" gehou. Gevolglik gaan van die veronderstelling uit dat Bosch se bespreking van sendingwerk na 1861 op beide die Griekwas en swartes van toepassing is.

aangegaan is met die oprigting van die kerkgebou, is vinnig afgewerk en teen 1881 was die gemeenteskuld op die kerkgebou slegs £30.[112]

Empatie word met die lidmate van die Boshof-sendinggemeente getoon. Dit het gedurende die jare 1898-1908 "broekskeur" gegaan met dié gemeente om sy finansiële verpligtinge teenoor die evangelis na te kom. Dit was vir die gemeentelede as gevolg van hulle "karige inkomstes" feitlik onmoontlik om aan die eis van die blanke gemeente, naamlik dat hulle die "leeuaandeel" van die evangelis se salaris moet betaal, te voldoen.[113] Dit het "werklik voor[ge]kom asof die kerkraad probeer het om bloed uit 'n klip te tap".[114]

Hoewel daar geskied- en kerkgeskiedskrywers is wat die persepsie wil skep dat die NGK gevul was met sendingywer en groot suksesse behaal het, is daar ander wat wys op die traagheid en probleme met betrekking tot sendingwerk. Met enkele uitsondering na regverdig skrywers die lidmate se traagheid óf plaas die blaam daarvoor voor die deur van die swartes of logistieke probleme.

Geskied- en kerkgeskiedskrywers plaas die "offers" van die blankes op die voorgrond. Die swartes was die passiewe ontvangers van die blankes se genadegawes. Enkele van hierdie skrywers wys op die teendeel: blank en swart het tot voordeel van die geestelike groei van die swartes saamgewerk en daar is onrealistiese finansiële eise aan die swart gemeente van Boshof gestel.

In die lig van die Afrikanersentriese kerkgeskiedskrywers se subjektiewe aanprysing van die sendingywer en -suksesse van die NGK moet kennis van die kommentaar van ND Southey geneem word. Hy wys tereg daarop dat kerkgeskiedskrywers geskiedskrywing ondergeskik aan hulle persoonlike Christelike oortuigings stel. Skrywers wat volgens hom die geskiedenis van die kerk as instrument vir Woordverkondiging en 'n bewys van God se ingrype in die lewe van individue en volke sien, moet eerder die term historiese teologie as kerkgeskiedenis in hulle wetenskapbeoefening gebruik.[115] Hierdie siening word nie deur alle teoloë gedeel nie. Omdat kerkgeskiedenis 'n deeldissipline van die Teologie is móét alle kerkgeskiedenis in die eerste instansie as die geskiedenis van die Kerk van Jesus Christus in

---

112 *Ibid.*, p. 110. Lidmate het, soos gebruik was in die blanke gemeente in Philippolis, 'n minimale jaarlikse huur vir hul sitplekke in die kerk betaal.

113 Van der Vyver, *Eeufeesalbum Boshof*, p. 126.

114 *Ibid.*, p. 127.

115 ND Southey, History, Church History and Historical Theology in South Africa, *Journal of Theology for Southern Africa*, 68, 1989, p. 6. *Vide* Jurie le Roux, The nature of historical understanding (or: Hermeneutics and History), *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 19(1), 1993, pp. 35-63 vir 'n ooreenstemmende standpunt.

Suid-Afrika geskryf word.[116] Die subjektiewe aard van kerkgeskiedskrywing word dus vanuit verskillende paradigmas óf geregverdig óf veroordeel.

### 8.3.1.2 Die NGK se betrokkenheid by sendingwerk te Witsieshoek

Die geskiedenis van die NGK-sendingstasie te Witsieshoek[117] is deur JJ Ross geboekstaaf. Ross was vir 45 jaar (1888-1933) verbonde aan dié stasie. Hy was 'n toegewyde, suksesvolle sendeling.[118] In teenstelling met geskied- en kerkgeskiedskrywers wat vanuit 'n gedistansieerde posisie oor NGK-sendingwerk skryf, is Ross se boek 'n outobiografiese blik op sendingwerk.

Ross is van mening dat, met enkele uitsondering na, onder andere opperhoof Mopeli, die Basoeto van Witsieshoek almal heidene was.[119] Die kerstening van Mopeli was egter tydelik, want hy het "spoedig weer na die heidendom teruggeval, soos dit met baie van die kapteins gaan".[120] Sonder die verskaffing van bewyse meld Ross dat Mopedi die kerk tot sy eie voordeel gebruik het.[121] Tog is dit vir Ross "baie aangenaam om te kan sê dat Mopedi eindelik tog die kristendom [sic] aangeneem het" en daarna gereeld eredienste bygewoon het.[122]

Ross wys op sake wat volgens hom die NGK se sendingwerk in die Vrystaat nadelig beïnvloed het. Eerstens was daar 'n gebrek aan sendingywer by die Afrikaners. Dit het tot gevolg gehad dat die swartes onder die indruk verkeer het dat die "Boerekerk en die Boere" nie begerig was om die Evangelie aan hulle te verkondig nie, "nog minder om skole te gee om hul kinders te laat leer".[123] Volgens Ross is die houding van die Afrikaners "maklik te verklaar uit die geskiedenis van die Boere met die Basoetoes".[124] Hy beklemtoon dit egter dat die houding daartoe gelei het dat die swartes bevooroordeel was teenoor die Afrikaanse kerke. Tweedens het die gebrek aan 'n opleidingskool vir swart kategete tot gevolg gehad dat die NGK afhanklik was van persone wat opgelei is deur ander denominasies.[125] Derdens het "die volk, veral in Witzieshoek van die begin nie geleer ... dat hulle ook iets

---

116 Brown, *Onverantwoordbare kontekstuele kerkgeskiedskrywing in Suid-Afrika*, p. 128; Hofmeyr, *Dilemmas en uitdagings vir die beoefening van Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis in 'n nuwe werklikheid*, p. 29.

117 Hoewel Witsieshoek 'n Basoeto-enklave in die Vrystaat was, word dit in ooreenstemming met die terreinafbakening as deel van die Vrystaat beskou.

118 JD Kestell, Inleiding, in JJ Ross, *Die sending te Witzieshoek*, p. vii; JM Cronjé, *Born to witness*, p. 64; Oberholster & Van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat*, p. 196.

119 Die Basoetostam, onder leiding van Paulus Mopeli, het in 1866 op eie versoek Vrystaatse onderdane geword.

120 Ross, *Die sending te Witzieshoek*, p. 17.

121 *Ibid.*, p. 33.

122 *Ibid.*, p. 37.

123 *Ibid.*, p. 25.

124 *Ibid.*

125 *Ibid.*

moes bydra tot die ondersteuning van die werk onder hulle" nie. Hulle was gevolglik onwillig om aktief by te dra tot die verbetering van hul lot. Laastens het die blanke nooit geleer om die swarte se taal te praat nie. Die gevolg was "dat die naturelle onder die indruk gekom het dat die Engelse taal die hemelse taal is, en die enigste taal wat werd is om te leer".[126]

Uit die voorafgaande oorsigtelike aanduiding van enkele van Ross se sieninge oor die verhouding tussen blank en swart op die sendingveld, blyk dit dat hy die positiewe en negatiewe aspekte van beide bevolkingsgroepe belig. Terwyl van die Afrikanersentriese geskied- en kerkgeskiedskrywers klem lê op die "offers" wat die blankes vir sendingwerk gebring het, kritiseer Ross dié "offers". Die Afrikaners was volgens hom onbetrokke by sendingwerk. Hy was ten gunste van samewerking tussen die twee bevolkingsgroepe. Voorts wou hy hê die swartes moes gelei word tot medeverantwoordelikheid.

In 'n kort oorsig oor sendingwerk in Witsieshoek steun Oberholster en Van Schoor uitsluitlik op Ross se boek en reflekteer gevolglik sy perspektiewe.[127] In hul samevattende beoordeling van sendingwerk in Witsieshoek wys hierdie twee geskiedskrywers daarop dat Ross se werk aan die einde van sy verblyf moeiliker was as aan die begin: "Toe was dit net 'n onbeskaafde heidendom, vandag is dit 'n bedorwe heidendom."[128] Oberholster en Van Schoor weerlê by implikasie hulle siening dat Ross 'n suksesvolle sendeling was,[129] want die swartes was nog steeds heidene. Waarom die swartes "bedorwe" was en wat dié gedragspatroon inhou, word nie uitgeklaar nie. Deur vae veralgemenings word die swartes negatief getipeer. Hierteenoor roep Van Schoor in 1992 'n simpatieke beeld van die Witsieshoekswartes op. Nadat die kerkgebou deur 'n storm verwoes is, is buitelugdienste gehou. Die blanke Vrystaters was onwillig om geld vir 'n nuwe kerkgebou by te dra. Die gevolg was dat die gemeentelede "op die ou end met 'n sinkgebou tevrede moes wees". Die helfte van dié fondse is deur Mopeli en sy mense self byeengebring.[130]

Dit blyk dus dat Oberholster en Van Schoor in aansluiting by Ross die sukseskoers van sendingwerk onder die swartes bevraagteken. Voorts het sendingwerk nie 'n positiewe invloed op die swartes gehad nie. Inteendeel; hulle het van "onbeskaaf" na "bedorwe" verander. Tog blyk dit dat daar 'n perspektiefwisseling by Van Schoor intree. In 1963, as mede-outeur, kritiseer hy die swartes van Witsieshoek. In 1992 het hy simpatie, en selfs bewondering vir hulle. Hulle het met beperkte hulp van die blankes 'n sinkkerkgebou gefinansier.

---

126 *Ibid.*, p. 27.
127 Cf Oberholster & Van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat*, pp. 195-199.
128 *Ibid.*, p. 199.
129 *Ibid.*, p. 196.
130 Van Schoor, *Johan Daniël Kestell 1854-1941. Outobiografies beskryf*, p. 64.

### 8.3.2 Die Gereformeerde en Nederduitse Hervormde Kerke se sendingbetrokkenheid

Die meeste kerkhistorici wat die wordinggeskiedenis van die Gereformeerde en Nederduitse Hervormde Kerke in Suid-Afrika geboekstaaf het, konsentreer op die ontstaan en ontwikkeling van dié denominasies in Transvaal. Gevolglik is daar in die werke slegs kort besprekings van die vestiging van óf die NG óf die Gereformeerde óf die Nederduitse Hervormde Kerk in die Vrystaat. In dié besprekings is daar geen verwysings na blank-swart-kontak nie.[131]

Die sieninge van twee Gereformeerde Kerkhistorici, JP Jooste en J Spoelstra, oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat sal blyk uit hulle bespreking van die kerktiwis wat ontstaan het as gevolg van ds. SD Venter, leraar van die Gereformeerde Gemeente Heidelberg (Bethulie), se besware teen sendingwerk.

Die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk van die Vrystaat het in 1871 opdrag aan die onderskeie gemeentes gegee om verslae in te dien oor hulle standpunte aangaande sendingwerk. Venter was gekant teen sendingwerk, want dit kom daarop neer dat "jy wat heilig is, vir die honde gee en jou pêrels vir die varke gooi". Dié siening van Venter is egter deur die bovermelde vergadering verwerp.[132] Volgens Jooste het Venter "die vuur van verset" teen sendingwerk in sy gemeente aan die gang gehou en die term "gelykstelling", soos verklaar in artikel 96 van die Sinode van 1869, foutiewelik geïnterpreteer as die "saamsit" van swart en blank in een kerkgebou.[133] Venter se persepsies oor die implikasies van sendingwerk en sy kwetsende uitspraak oor die swartes word deur Jooste verwerp. Dit moet egter in gedagte gehou word dat Jooste die boek in opdrag van die 1955-sinode met die oog op die 1959-eeufeesvieringe geskryf het. Dit is dus begryplik dat Jooste eerder kritiek teen Venter sal uitspreek as om sinodale besluite te veroordeel.

---

131 AD Pont, *'n Oorsig van die algemene kerkgeskiedenis en die geskiedenis van die Nederduistche Hervormede Kerk van Afrika*, pp. 184-187; GD Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885, pp. 30-37;* GD Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1885-1910* bevat geen verwysing na die Vrystaat nie; SP Engelbrecht, *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, pp. 54-58; 246-248; SP Engelbrecht, *Geschiedenis van de Nederduisch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika sedert de Groote Trek tot de eerste annexatie van Transvaal*, pp. 32-34; BR Krüger, *Die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*; DJ Keet (red), *Wonderdade van God. Jubileum-gedenkboek van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1842-1942*, pp. 32-33; 60-63; D Kempff, *Bestry en bevestig 1806-1900,* pp. 11-14; J du Plessis, *Die Gereformeerde Kerk in wording en werking*, p. 20.

132 JP Jooste, *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959,* p. 165.

133 Jooste, *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959,* p. 169. *Vide ibid.*, pp. 168-169 en vir 'n volledige uiteensetting van artikel 96

D Spoelstra bespreek vanuit dieselfde verwysingsraamwerk as Jooste, naamlik Gereformeerd-Afrikanersentries, die kerktwis en sendingwerk in die Gereformeerde Kerk Bethulie aan. Spoelstra wend geen poging aan om sy subjektiwisme te verskuil nie. Spoelstra toon begrip vir Venter se sendingteenkanting. Hy maak die ongeverifieerde stelling dat die "Afrikaanse Boer, met sy intuïtiewe aanvaarding van die gegewe werklikheid ... anders as die idealistiese christen-Europeërs, Postma, Cachet en Swart ... gedink het".[134] Gesien teen die agtergrond van die feit dat die Vrystaat in 1868 "nog in 'n stryd om lewe en dood teen die Basoeto's gewikkeld was"[135] en die Vrystaters se "ongelukkige ondervinding met die liberale sending",[136] reken hy dat Venter die volksgevoel "realisties aangevoel" het.[137] Op grond van sinodale dokumentasie skryf hy dat die Sinode van 1876 "ongesteurd sending gepraat en hom skynbaar nie bekommer [het] oor die gewetensbesware van lidmate wat geglo het dat hulle verontreg is nie".[138] Op grond van sy begrip vir Venter se optrede kan moontlik geoordeel word dat Spoelstra onbetrokke, selfs apaties teenoor sendingwerk staan. Hy poog egter om dié persepsie te besweer deur aanspraak te maak op objektiwiteit: "Oor die reg of verkeerd van hierdie verskillende sendingopvattings kan hier nie gehandel word nie."[139]

Daar bestaan geen twyfel oor Spoelstra se siening oor kerkintegrasie nie. Kerkskeiding is skynbaar 'n Godgegewe opdrag, soos blyk uit 'n toespraak van Paul Kruger waarin gesê word dat God nie op die geestelike nie, maar wel op fisiese terrein, 'n onderskeid tref:

> *Hier mag er geen gelijkstelling wezen. De gekleurden mogen niet verlangen witmenschen te worden, dan toonen zij ontevredenheid met Gods wil over hem.*[140]

Die Gereformeerde en Nederderduitse Hervormde Kerkgeskiedskrywers plaas nie 'n hoë prioriteit op sendingwerk in die Vrystaat nie. Die skynbaar onbetrokkenheid van dié kerkgeskiedskrywers moet in die eerste instansie aan die geografiese faktor toegeskryf word. Die wordingsgeskiedenis van die twee denominasies is in die eertydse ZAR gesetel. Gemeentestigting deur die Gereformeerde en Hervormde Kerke in Vrystaatse dorpe was die uitsondering eerder as die reël gedurende die 19de en vroeë 20ste eeu. Daar kan dus nie veel

---

134 B Spoelstra, *Die "Doppers" in Suid-Afrika 1760-1899,* p. 240.
135 *Ibid.* , p. 243.
136 *Ibid.*, p. 241. Op *ibid.* p. 241 verwys die outeur na die Londense en PES te Philipolis en Bethulie wat "staatkundig, ekonomies en godsdienstig vyandig teen die blankes was". Dit het volgens hom gelei tot 'n "duidelike weersin" teen sendingwerk. Op *ibid.* p. 240 word die onbewese stelling gemaak dat die bewapening van swartes deur Europese sendelinge gelei het tot die bedreiging van "die christendom en die beskawing van die Boer".
137 *Ibid.*, p. 248.
138 *Ibid.*, p. 252.
139 *Ibid.*, p. 244.
140 *Ibid.*, p. 240. Die toespraak van Paul Kruger oor swart evangeliste is opgeneem in *Het Kerkblad*, 15 Januarie 1898.

sprake van geskiedskrywing oor sendingwerk deur die twee denominasies in die Vrystaat wees nie. En Spoelstra en Jooste het die kerngebeurtenis met betrekking tot die Gereformeedrde Kerk se sendingbetrokkenheid in die Vrystaat bespreek.

Samevattend kan daarop gewys word dat die Gereformeerde kerkgeskiedskrywers Spoelstra en Jooste dit eens is dat gesamentlike aanbidding foutief is. Hulle sieninge oor sendingwerk, soos blyk uit hulle onderskeie besprekings van die Bethulie-kerktwis, verskil. Jooste is ten gunste van Woordverkondiging aan swartes. Spoelstra toon begrip vir die Gereformeerdes se sendingteenkanting, maar toon sy persoonlike steun vir sendingwerk deur akkoord te gaan met 'n toespraak van Paul Kruger waarin sanksie aan die kerstening van swartes verleen word.

### 8.3.3 Die Anglikaanse Kerk en sendingwerk in die Vrystaat

Slegs drie werke oor die geskiedenis van die Anglikaanse Kerk is geraadpleeg, naamlik

*The Church of England in South Africa* (Anthony Ive),
*The Anglican Church in South Africa* (Peter Hinchliff), en
*Some account of the Diocese of Bloemfontein, in the Province of South Africa, from 1863 to 1894* (William Crisp).

Ive skenk geen aandag aan die geskiedenis van die Anglikaase kerk in die Vrystaat nie, Hinchliff wy slegs enkele bladsye aan die godsdiensbelewing van die blankes in die Vrystaat.[141] Vir Crisp is blank en swart (lidmate) die ongenoemde milieu waarteen die werksaamhede van die Anglikaanse kerklui afspeel.[142]

Terwyl Anglikaanse kerkhistorici weinig aandag aan blank-swart-verhoudinge in die Anglikaanse Kerk in die Vrystaat skenk, is André Odendaal en Karel Schoeman vol lof vir dié kerkgenootskap se werksaamhede onder die Vrystaatse swartes. Die Anglikaanse Kerk het 'n belangrike rol in die ontwaking van swart politieke bewustheid in die Vrystaat gespeel. Ten spyte van teenkanting van blanke lidmate is die staatsbeleid van rasseskeiding geïgnoreer, veral met betrekking tot begrafnisse en die bediening van die sakramente. Die gelykheidsbeginsel het prominensie geniet in Anglikaanse onderwysinstellings. Die geletterde swart Christene het 'n prominente rol in die stigting van nie-rassige politieke organisasies gespeel.[143] Die Anglikaanse Kerk in Bloemfontein was een van die eerste instellings wat "algemeen menslike belangstelling" in die swart inwoners van Bloemfontein

---

141 Cf Peter Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa*, pp. 75-80; 140-143; 164.
142 Cf William Crisp, *Some account of the Diocese of Bloemfontein, in the Province of South Africa, from 1863 to 1895*, pp. 12-19; 101-103.
143 Odendaal, *Vukani Bantu!*, p. 21.

getoon het.[144] In teenstelling met die Anglikaanse kerkhistorici wat die kerk as instelling voorop stel, fokus hierdie twee geskiedskrywers op die lidmate.

### 8.3.4 Sendingwerk deur die Wesleyaanse Kerk in die Vrystaat

Werke oor die sendingbetrokkenheid van die Wesleyaanse Kerk in die Vrystaat, in besonder by Thaba Nchu, konsentreer op die kersteningsuksesse en/of mislukkings, asook die "beskawingsinvloed" van die sendelinge.

'n Vroeg 20ste eeuse Wesleyaanse kerkleier, WGA Mears, wys daarop dat daar teen die jaar 1835 'n positiewe verhouding tussen die Barolong van Thaba Nchu en die sendelinge geheers het, eredienste is goed bygewoon en die skole het met rasse skrede vooruit gegaan. Tog noem hy, sonder om die oorsaak vir die verskynsel te probeer verklaar, dat die getal bekeerlinge relatief min was.[145] Voorts haal hy Molema verbatim aan om die positiewe beskawingsinvloed van die sendelinge op die Barolong aan te toon.[146] Hoewel Mears die werksaamhede van die sendelinge uitlig, word die indruk nooit geskep dat die swartes passiewe ontvangers of blote figurante is nie. Sonder om paternalisties te wees, word op die groei van die Christendom gewys.

In 'n 1911-publikasie word klem op die werksaamhede van die sendelinge gelê. Hulle word tot helde en martelare verhef:

> *Our brave missionaries at once attached themselves to the BaRolong, and for some years wandered with them from place to place, living in wagons and suffering all the perils of the situation, whether from wild beasts or still wilder men. Eventually a resting-place was found. The tribe settled at Thaba Nchu.*[147]

ISJ Venter (1960) slaan die Wesleyaanse sendelinge besonder hoog aan. Hy wys op die groei en organisasie van die Thaba Nchu-sendingstasie[148] en reken dat "met soveel bekwame kragte aan die werk, was dit nie verbasend dat die sendingwerk met rasse skrede vordering gemaak het nie".[149] Die Wesleyaanse sendelinge het volgens hom daarin geslaag om die "fondament van die beskawing"[150] by die swartes te lê en hulle "tot die aanvaarding

---

144 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 45.
145 WGA Mears, *Wesleyan Baralong mission in Trans-Oranjia 1821-1884*, p. 21. Mears is in 1933 verkies tot president van die Metodiste Konferensie (*ibid.*, p. 35).
146 Mears, *Wesleyan Baralong mission in Trans-Oranjia 1821-1884*, p. 35. *Vide* Molema, *Chief Moroka*, p. 190.
147 FD Walker, *The call of the Dark Continent*, p. 125.
148 ISJ Venter, *Die sendingstasie Thaba Nchu 1833-1900*, pp. 21-42.
149 *Ibid.*, p. 30. Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 255-257 en JD Kriel, *Die verhouding tussen kerk en staat in die Republiek van die Oranje-Vrystaat (1854-1902)*, p. 246 huldig dieselfde siening.
150 Venter, *Die sendingstasie Thaba Nchu 1833-1900*, p. 49.

van Christelike beginsels en ... die kies van 'n eerbare beroep" te onderwys.[151] Redes waarom die sendelinge nie daarin geslaag het om al die swartes te kersten en tot 'n "beskaafder leefwyse" te lei nie, word toegeskryf aan die misbruik van sterk drank, die teenkanting of onverskilligheid van sekere opperhoofde teen sendingwerk, die "reuse-gaping" tussen die "opvattinge" en lewenstandaard van swart en blank, asook interetniese konflik.[152] Venter poog nie om die invloed wat kerstening op die swartes se tradisionele lewenswyse sou hê, na te speur nie. Inteendeel. Dié boek, gebaseer op blanke bronne, handel oor die werksaamhede van blanke sendelinge wat die steun van die blankes in die Vrystaat geniet het[153] en is gerig op 'n pro-Afrikaner leserpubliek. Die swartes wat gekersten moes word, is blote figurante.

Molema toon ook bewondering vir die werksaamhede van die sendelinge wat onder die Thaba Nchu-Barolong werksaam was. Hy maak die ongeverifieerde aanname dat dit aan dié sendelinge se "untiring efforts and devotions" te danke was dat daar geestelike en opvoedkundige groei onder die Barolong was.[154] Hierdie uitspraak is tot groot hoogtes 'n spieëlbeeld van dié van Venter.

Terwyl John Edwards (1883) die Barolong "untaught savages" noem,[155] reken J Whiteside (1906) dat skrywers en/of sendelinge wie na die inheemse bevolking as "the innocent child of Nature" verwys, hul onkunde toon. Ter ondersteuning van dié siening wys hy op Barolongvrouens se pogings om hulle kinders vir krale aan die sendelinge te verkoop en waarnemings van 'n sendeling, Hodgson, in die Vrystaat. Hodgson het twee vrouens in die veld teëgekom wat besig was om mensvleis gaar te maak. En, "unabashed by his presence, they ate the flesh with greediness, and broke the bones on a stone, sucking them with delight". Hy toon beperkte begrip vir hul optrede; hongersnood het hulle daartoe gedryf.[156] Whiteside is nie net negatief nie, hy gee voorbeelde van positiewe samewerking tussen blank en swart lidmate van die Wesleyaanse Kerk. Hy verhaal hoe 'n Hollandse koerier, na 'n reis deur die Vrystaat in die geselskap van 'n swart Wesleyaan, hom in Kroonstad gevestig het. Dié Hollander het 'n kerkgebou vir die swartes opgerig en gereeld saam met hulle dienste bygewoon en soms dienste gelei.[157] In 1883 het die blanke Wesleyaanse gemeente te Harrismith, na voltooiing van hulle nuwe kerkgebou, die ou kerkgebou aan die swart lidmate geskenk.[158]

---

151 *Ibid.*, p. 43.
152 *Ibid.*, pp. 42; 44; 49. Dit word nie uitgespel wat met "opvattinge" bedoel word nie.
153 *Ibid.*, pp. 46-48 vir redes waarom daar 'n goeie verhouding tussen die Barolong en die inwoners van Vrystaatse Republiek was.
154 Molema, *Chief Moroka*, p. 57.
155 John Edwards, *Reminiscences of the early life and missionary labours of the rev John Edwards. Fifty years of a Wesleyan missionary in South Africa*, p. 66.
156 Whiteside, *History of the Wesleyan Methodist Church of South Africa*, p. 329.
157 *Ibid.*, p. 347.
158 *Ibid.*, p. 351.

Die tendens om die swartes waaronder die sendelinge werksaam was, tot figurante te reduseer is aanwesig in twee publikasies deur tydgenootlike sendinggeskiedskrywers. Terwyl William Shaw (1860) geen melding maak oor die verhouding tussen die sendelinge en die swartes onder wie hulle werksaam was nie,[159] word die swartes deur WC Holden (1887) tot statistiese data ter illustrasie van sendelingsukses gereduseer.[160]

Karel Schoeman se observasie dat die geskrifte van die Wesleyaanse sendelinge hulle werksaamhede eensydig positief voorstel,[161] word in werke oor die Wesleyaanse sendelinge bevestig. Die kerstening- en "beskawings"-invloed van die sendelinge word uitgelig. Mislukkings word aan die "wesensaard" van die swartes toegeskryf.

Die sendelinge word deur Venter, skrywers van herinneringswerke en eietydse sendinggeskiedskrywers op die voorgrond gestel. Die swartes se belewing van die sendingwerk word nie aangeraak nie. Húlle is dikwels die ongenoemde milieu vir die "sendingverhaal". Slegs Molema reduseer nie die swartes waaronder die sendelinge werksaam was tot blote figurante nie.[162]

### 8.4 Rasseskeiding in die NGK 1800-1910

In 1864 word NGK in die Vrystaat onafhanklik van die Kaapse sinode. Hoewel daar tydens die eerste sitting van die NGK Sinode van die Vrystaat (1865) geen amptelike besluit daaroor geneem is nie, is van die veronderstelling uitgegaan dat daar aparte kerke vir blank en swart NGK-lidmate sou wees.[163] Die kerstening van die swarte deur die NGK het dus nie gelykstelling of integrasie op kerklike gebied beteken nie.

Geskied- en kerkgeskiedskrywers voer verskeie redes aan ter regverdiging van afsonderlike gemeentevorming. Skeiding op kerklike terrein is deel van die NGK-tradisie: "Die proses van geskeidheid tussen blank en nie-blank [het] reeds sodanig wortel geskied ... dat dit nie verander kon word nie".[164] In die tweede instansie was afsonderlike gemeentevorming "'n spontane proses" wat "nie anders kon verloop nie" as gevolg van verskille in taal, kultuur en ontwikkeling.[165] Voorts het "die eise en die omstandighede van die praktiese werklikheid, soos o.a. die tragiese mislukking van 'n reeks gemengde huwelike, higiëniese oorweginge,

---

159 WC Holden, *A brief History of Methodism, and of Methodist missions in South Africa*, pp. 385-392; William Shaw, *The story of my mission in South-East Africa*, pp. 558-562.
160 Holden, *A brief History of Methodism, and of Methodist missions in South Africa*, p. 390.
161 Karel Schoeman (ed), *The Wesleyan Mission in the Orange Free State 1833-1854*, p. 8. (Die publikasie is 'n versameling kontemporêre geskrifte deur Wesleyaanse sendelinge.)
162 *Vide* par 8.2.
163 Nico J Smith, *Elkeen in sy eie taal ...*, pp. 88-89.
164 Van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834-1866*, p. 26 toon begrip vir die Kaapse blankes se besware teen die toenemende kerkintegrasie.
165 Crafford, *Aan God die dank*, p. 126.

sosiale, kulturele en rasseverskille asook die toename in die lidmaattal wat bykomende akkommodasie vereis het,"[166] kerkintegrasie onwenslik gemaak. Die "wrange ervaring" van die Oosgrensboere het die Vrystaters geleer dat "die Bantoe heidene en barbare is met totaal ander lewenswaardes en gewoontes".[167] Aan die "heidene" is die "eenvoudige evangelie" gegee wat aangepas het by "die afsonderlike rasgeaardheid van die Bantoe".[168] Slegs deur afsonderlike aanbidding en opleiding sal elke ras tot eer van God tot sy volle potensiaal kan ontwikkel, aldus Gerdener.[169] Laastens moes die blanke Vrystaters hulle godsdiens en "beskawing suiwer en ongeskonde ... handhaaf te midde van 'n laerstaande primatiewe leefwyse".[170] Aangesien hulle die "draers van 'n hoogstaande geloof" was, moes hulle dit "suiwer bewaar" teen die aanslae van "bygeloof en wangeloof".[171]

Debroey is skerp in sy veroordeling van die beleid van rasseskeiding op kerklike gebied in die Vrystaat en lug sy persoonlike mening: "Ik betwijfel of zich zij konden inbeelden dat ze later met zwarten de hemel zouden moeten delen, een hemel zonder scheidsmuren!"[172]

Afrikanersentriese geskied- en kerkgeskiedskrywers regverdig dus afsonderlike gemeentevorming op grond van historiese faktore, asook kulturele, fisiese, intellektuele en geloofsverskille. Die status quo word bevestig. Debroey ironiseer afsonderlike kerkdienste.

Die geskiedenis van die NGK in die Vrystaat is deur Afrikanersentriese geskied- en kerkgeskiedskrywers geboekstaaf. Hoewel nie al hierdie skrywers kritiekloos teenoor die kerk se verhouding met die swartes staan nie, sal daar nuut gekyk moet word na die rol wat dié denominasie in blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat gespeel het in die lig van die NGK se paradigmaverskuiwing met betrekking tot blank-swart-verhoudinge. In Oktober 1974 keur die Algemene Sinode van die NGK 'n beleidsdokument goed waarin "'n staatkundige stelsel wat gebou is op eiesoortige ontwikkeling by verskillende bevolkingsgroepe ... in die lig van die Skrif prinsipieel verantwoord word"[173] en die

---

166 Obeholster & Van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat*, p. 130 baseer die aannames op NJ Rhoodie & HJ Venter, *Die apartheidsgedagte*, p. 64 en GBA Gerdener, *Die Afrikaner en die sending*, p. 60. In Oberholster se bespreking van die faktore word veralgemend na Suid-Afrika verwys, maar aangesien die boek spesifiek oor die NGK in die Vrystaat handel, kan van die veronderstelling uitgegaan word dat die faktore direk op die Vrystaat van toepassing gemaak kan word.

167 Obeholster & Van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat*, p. 130.

168 *Ibid.*

169 Gerdener, *Studies in the evangelisation of South Africa*, p. 25; Gerdener, *Die Afrikaner en die sending*, p. 70.

170 Gerdener, *Die Afrikaner en die sending*, p. 76. Scholtz, *Politieke denke*, deel III, p. 149 onderskryf die siening.

171 Gerdener, *Die Afrikaner en die sending*, p. 76.

172 Debroey, *Zuid-Afrika*, p. 396.

173 Nederduitse Gereformeerde Kerk, *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*, p. 72.

bestaan van afsonderlike kerke as "in ooreenstemming met die Skriftuurlike meervormige bestaanswyse ... waardeur elkeen in sy eie taal-, kultuur- en volksverband" beskryf word.[174] Gesamentlike aanbidding kon "by geleentheid", na goeddenke van die plaaslike kerkraad plaasvind.[175] Maar in Oktober 1986 besluit die Sinode "dat gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke nie as 'n voorskrif uit die Bybel afgeleer kan word nie. Die poging om so 'n voorskrif uit die Bybel te regverdig, moet as fout erken en afgewys word".[176] Hierdie herinterpretasie van die Skrif en die aanspraak van die NGK dat hy in 1990 "sy rug finaal in die openbaar op apartheid gedra het",[177] vra noodwendig dat geskied- en kerkgeskiedskrywers 'n meer kritiese ingesteldheid teenoor die NGK in die Vrystaat se apartheidsverlede sal moet openbaar.

### 8.5 Ten slotte

Historiograwe wys tereg daarop dat ten spyte van die groot aantal publikasies oor gemeentes, kerkgenootskappe, sendelingorganisasies en biografieë oor geestelikes weinig kerk- en sendelinggeskiedskrywers daarin geslaag het om hulle onderwerpe in 'n breë historiese konteks te plaas. As gevolg van 'n isolasionistiese benadering word die kerk as instituut bestudeer en is daar weinig pogings om die kerk se wisselwerking met die gemeenskap aan te dui.[178] Op hulle beurt skenk geskiedskrywers min aandag aan die religie van geestelikes of kerkorganisasies, maar verduidelik hulle historiese rol in ekonomiese of politieke verband. Die gevolg is 'n byna totale skeiding tussen kerk- en hoofstroomgeskiedskrywing.[179]

Om hierdie probleme te oorkom bepleit historiograwe 'n interdenominasionle of transdenominasionele kerkgeskiedskrywing waarin kwalitatief en kwantitatief gelyke aandag aan al die denominasies geskenk word. Voorts is kerkgeskiedenis die van die kerk as

---

174 *Ibid.*, p. 83.

175 *Ibid.*, p. 86.

176 Nederduitse Gereformeerde Kerk, *Kerk en samelewing, Oktober 1986*, p. 52. Hierdie siening word in 1990 herbevestig in Dutch Reformed Church, *Church and society 1990*, p. 39. *Vide* ook Nederduitse Gereformeerde Kerk, *Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid, 1960-1994. 'n Getuienis en 'n belydenis.*

177 Nederduitse Gereformeerde Kerk, *Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid, 1960-1994. 'n Getuienis en 'n belydenis*, p. 77.

178 Richard Elphick, South African Cristianity and the Historian's vision, *South African Historical Journal*, 26, 1992, pp. 182-183; ND Southey, History and Church History in South Africa: some reflections, *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 14, 1988, pp. 116-117; Southey, *History, Church History and Historical Theology in South Africa*, p. 6; JW Hofmeyr, Church History in Southern Africa: naught for your comfort yet, *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 15(11), 1989, p. 132; JW Hofmeyr, Tendense in die Kerkgeskiedskrywing van die Derde Wêreld en Suider-Afrika, *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 14, 1988, pp. 65-66; Hofmeyr, *Dilemmas en uitdagings vir die beoefening van Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis in 'n nuwe werklikheid*, p. 30.

179 Elphick, *South African Cristianity and the Historian's vision*, pp. 182-183; Southey, *History and Church History in South Africa: some reflections*, pp. 116-117; Southey, *History, Church History and Historical Theology in South Africa*, p. 6.

instituut, maar ook dié van diegene aan wie die Woord verkondig is in die samelewing in sy totaliteit. Kerkgeskiedenis moet dus breër gerig word op die verskillende lae van die kerk en samelewing.[180] Dit impliseer noodwendig dat die wetenskapsbenadering van kerkgeskiedskrywers sal moet verander. Kerkgeskiedskrywing moet nie net 'n kompilasie van inligting uit "amptelike" bronne wees nie. Groter klem moet op mondelinge onderhoude en ter plaatse ondersoeke geplaas word.[181] Derdens moet interdissiplinêre werkswyse nagestreef word.[182] Die Vrystaat se kerkgeskiedenis is immers die geskiedenis van al die belanghebbendes: blank en swart; die kerk as instituut en die lekedom.

---

180 Hofmeyr, *Tendense in die Kerkgeskiedskrywing van die Derde Wêreld en Suider-Afrika*, pp. 62-66; Brown, *Onverantwoordbare kontekstuele kerkgeskiedskrywing in Suid-Afrika*, p. 128; Hofmeyr, *Church History in Southern Africa: naught for your comfort yet*, p. 132; Hofmeyr, *Dilemmas en uitdagings vir die beoefening van Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis in 'n nuwe werklikheid*, p. 29; Daryl M Balia, "Insurrection of subjugated knowledge". Rewriting "mission" History in South Africa, *Missionalia*, 21(3), 1993, p. 212; Elphick, *South African Cristianity and the Historian's vision*, pp. 182-183; Southey, *History and Church History in South Africa: some reflections*, pp. 116-117; Southey, *History, Church History and Historical Theology in South Africa*, p. 6; John W Claasen, Church Historiography from a multicultural perspective, *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 21(2), 1995, pp. 6-11.

181 Hofmeyr, *Church History in Southern Africa: naught for your comfort yet*, p. 132; Hofmeyr, *Tendense in die Kerkgeskiedskrywing van die Derde Wêreld en Suider-Afrika*, pp. 65-66; Hofmeyr, *Dilemmas en uitdagings vir die beoefening van Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis in 'n nuwe werklikheid*, p. 30; Southey, *History and Church History in South Africa: some reflections*, p. 113; Balia, *"Insurrection of subjugated knowledge". Rewriting "mission" History in South Africa*, p. 212; Claasen, *Church Historiography from a multicultural perspective*, pp. 17-19.

182 Southey, *History, Church History and Historical Theology in South Africa*, p. 6; Southey, *History and Church History in South Africa: some reflections*, p. 112; Elphick, *South African Cristianity and the Historian's vision*, p. 182; Hofmeyr, *Dilemmas en uitdagings vir die beoefening van Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis in 'n nuwe werklikheid*, p. 30.

# Hoofstuk 9
# Slotbeskouinge

Objektiewe geskiedskrywing is 'n mite. Die Vrystaat se verlede is reeds vir meer as 150 jaar deur onder andere skrywers van herinneringswerke, dagboekskrywers, historiese opvoedkundiges, kerkhistorici, asook amateur- en professionele geskiedskrywers geboekstaaf. As gevolg van hierdie skrywers se verskillende persoonlikhede, sosiale omgewings en tydsgees, asook paradigmatiese, metodologiese, klem- en fokusverskille bestaan daar verskillende weergawes van die Vrystaat se verlede. Dit wil voorkom asof verskeie geskied- en ander skrywers dit as hulle taak beskou om enersyds die optrede van diegene teenoor wie hulle lojaal staan aan te prys en te regverdig; andersyds word die optrede van die "opponerende party" gekritiseer en afgekraak. Geskiedskrywing is vir vele geskiedskrywers die opstel van 'n historiese balansstaat.

Die doel van hierdie slotbeskouing is eerstens om teen die agtergrond van reeds gepubliseerde navorsing oor blank-swart-historiografie in Suid-Afrika[1] 'n sinopsis te gee van die Vrystaatse historiografie met betrekking tot blank-swart-verhoudinge.[2] Tweedens sal bevindinge voortvloeiend uit hierdie navorsing toegelig word en aanbevelings gemaak word aan die hand van hierdie bevindinge.

Die vroegste werke oor die Vrystaatse geskiedenis is vanuit die koloniale gesigspunt vertolk. Hierdie geskiedskrywers, in besonder GM Theal en George Cory, is simpatiek gesind teenoor die Vrystaatse blanke boere. Hulle gaan van die standpunt uit dat die boere dapper stryders was wat ten spyte van aanslae deur swart aggressors die blanke beskawing in die Vrystaat gevestig het.

Imperiale geskiedskrywers toon 'n kritieser ingesteldheid teenoor die vestiging van die blanke boere in die Vrystaat aangesien hulle dit as die verwerping van Britse gesag sien. AH Keane kritiseer byvoorbeeld die blanke boere omdat hulle volgens hom wederregtelik Basoeto-eiendom beset het. Imperiale geskiedskrywers het die uitbreiding van die Britse ryk ten doel. Teen die agtergrond van hulle siening dat Brittanje moet optree as die beskermer van die inheemse bevolkings, word die Britse anneksasie van die ORS en later ook Basoetoland as die konkretisering van dié missie gesien. Hierdie skrywers betreur die Britse onttrekking uit die Vrystaat in 1854 en reken dat die stap die Basoeto weerloos gelaat het teen die aanslae van die ongeletterde blanke Afrikaners. Omdat die ABO vir imperiale geskiedskrywers die realisering van die ideaal is dat Brittanje sy ryksbelange moet uitbrei, word die beskerming

---

1 *Vide Inleiding.*

2 In die *Inleiding* is reeds aandag aan die sieninge van die belangrikste swart geskiedskrywer wat hom oor blank-swart-verhoudinge uitspreek gegee. Om herhaling te voorkom sal daar nie weer in hierdie hoofstuk aan Molema aandag geskenk word nie.

van die swartes voorgehou as 'n rede vir die oorlog. Hierdie skrywers is van mening dat die Britte die swartes bewapen het om hulle te beskerm teen die onmenslike optrede van die (Vrystaatse) Boere. Die blanke Vrystaters se houding teenoor die swartes as arbeiders word meestal in 'n negatiewe lig gesien. In die swart-Brit-konflik (Viervoet en Berea) word slegs die kant van die Britte ingesien en die skuld vir dié veldslae word voor die deur van Mosjwesjwe geplaas. Britse belange vorm deurgaans die uitgangspunt van hulle vertolking van die Vrystaatse geskiedenis.

Afrikanersentriese geskiedskrywers uit die voorwetenskaplike fase het ten doel gehad om die Afrikaners bewus te maak van hul eie nasionale verlede sodat hulle besieling daaruit kon put na die Vrystaat-Basoeto- en Anglo-Boereoorloë. Vir hierdie skrywers, in besonder HJ Hofstede en JA Collins, is die Vrystaat se geskiedenis dié van botsing tussen die boere en swart barbare. Die Afrikaners word gesien as die draers van die Christelike beskawing teenoor die swartes as heidene en barbare. Die konflik tussen die Vrystaat en die Basoeto word geïnterpreteer as aggressie van die Basoeto teen die blankes. Die blankes se militêre optrede word geregverdig op grond van hul beskerming van die blanke Christelike beskawing teen die heidendom. Die meerderwaardigheid van die blankes teenoor die swartes, en die swartes se onderdaanskap vorm 'n sentrale tema in hulle werke oor die Vrystaatse geskiedenis.

'n Magdom werke deur professionele en amateur Afrikanersentriese geskiedskrywers, historiese opvoedkundiges en kerkhistorici waarin aspekte van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat aangeraak word, het sedert die dertigerjare die lig gesien. In hulle bestudering van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat staan die blanke Afrikaner sentraal. Hierdie skrywers gee die blankes se kant van die verhoudingsituasie, met ander woorde hoe hulle opgetree het en beïnvloed is - hulle verliese en lyding as gevolg van Basoeto se optrede word met empatie geskets. Die kant van die swartes, byvoorbeeld ten opsigte van grensreëlings en grondeienaarskap, word soms aangedui, maar nie ontleed, in detail beskryf of opgeweeg teen dié van die blanke nie. Die blankes word as beskaaf, dapper en die draers van die Christelike beskawing geskilder. Die swartes word deurgaans as andersoortig ten opsigte van die blanke Vrystaters gesien. Groot klem word gelê op die kulturele, fisiese, kleur- en beskawingsverskille. Die blanke word gesien as die hoër beskaafde en die hoër ontwikkelde teenoor die swarte wat nog nie dieselfde beskawingspeil bereik het nie. En op grond hiervan regverdig hulle eie onderwysinstellings en kerke vir blank en swart, asook aparte sosiale, ekonomiese en politieke strukture. Die NGK-historici regverdig byvoorbeeld afsonderlike eredienste op grond van hulle siening dat die swartes geestelik onvolwasse was en nie dieselfde intellektuele peil as die blanke lidmate gehad het nie. Residensiële skeiding word op twee gronde deur die Afrikanersentriese geskiedskrywers geregverdig, naamlik die swartes se beskawingsonmondigheid en die feit dat die swartes dit volgens hierdie skrywers

verkies het om apart van die blankes te woon. Vir die Afrikanersentriese geskied- en ander skrywers is die blankes die wettige eienaars van die Caledonriviervallei omdat die gebied volgens (blanke) getuienis onbewoon was met die boere se koms na die gebied. Die blanke Vrystaters word gesien as die draers van die Westerse beskawing. Die blanke Vrystaters het hul Goddelike roeping vervul, naamlik die kerstening en beskawing van die swartes (Basoeto). Die Basoeto tree veral in die vroeë Vrystaatse historiografie na vore as 'n bedreiging vir die blankes. Hulle staan in die pad van blanke vestiging en uitbreiding. Hulle is die aggressors wat die blankes aanval, veediefstal pleeg en plunder. Grensreëlings word willens en wetens deur hulle verbreek. Skrywers soos JH van Aswegen en CJP le Roux toon 'n meer kritiese ingesteldheid teenoor die blankes se optrede teenoor die swartes. Verskeie oorsake van die oorloë word deur Afrikanersentriese geskiedskrywers voorgehou, onder andere grondbesit, grensoortredings, diefstal en plundering, verbreking van verdrae, ens. Die Basoeto was die skuldige party teenoor wie opgetree moet word. Klem word op die Vrystaatse boere se militêre suksesse gelê. Mislukkings, byvoorbeeld die beleg van Thaba Bosigo, word deur sommige geskiedskrywers óf verswyg óf gerasionaliseer. Die Vrystaatse presidente word beoordeel op grond van hulle optrede teenoor die Basoeto. Boshoff en Brand word as sterk leiers uitgebeeld; Hoffman en Pretorius as onbeholpe. Min aandag word aan samewerking tussen die blanke boere en die Basoeto gegee. Afrikanersentriese geskiedskrywers vind dit selfs nodig om die neutraliteitsooreenkoms met Mosjwesjwe (op die vooraand van die Slag van Viervoet) te regverdig. Die meerderheid Afrikanersentriese geskiedskrywers en kerkhistorici wat kyk na die politieke, sosiale en kerklike posisie van die Vrystaatse swartes, kyk van buite af - na die hantering daarvan deur die owerheid en kerklui - en nie van binne af nie. Aspekte van die geskiedenis van die Vrystaat, soos die seksuele en sosiale verkeer tussen die blankes en swartes van Waaihoek, word óf geïgnoreer óf as onbelangrik afgemaak. Klem word op die relatiewe geringe voorkoms daarvan gelê. Die neiging van Afrikanersentriese geskiedskrywers om die Vrystaatse geskiedenis chronologies en nie tematies te benader nie, het tot gevolg dat met die uitsondering van die verhoudings- en politieke studies deur onder andere Van Schoor, Le Roux en Van Aswegen hierdie geskiedskrywers se besprekings van sosiale, ekonomiese en politieke verhoudinge byna lukraak is. Slegs geskiedskrywers wat 'n tematiese, probleemgesentreerde navorsingsmetodologie volg, het aandag aan blank-swart-verhoudinge tydens die presidentskappe van Reitz en Steyn geskenk.

Omdat liberale geskiedskrywers op menseverhoudinge, sosiaal-ekonomiese vraagstukke en die oorsprong en ontwikkeling van die politieke vraagstukke van die hede konsentreer, beklemtoon hulle die strewe na gelyke behandeling van almal ongeag ras of kleur, die handhawing van die regsgesag en die voordele van die kapitalistiese stelsel vir alle bevolkingsgroepe. Liberale geskiedskrywers staan gevolglik besonder krities teenoor blanke kolonisasie van die Vrystaat. Die blankes se optrede is volgens hierdie geskiedskrywers deur

grondhonger en hulle vraag na goedkoop swart arbeid gemotiveer. Blank en swart word mede-verantwoordelik gehou vir die uitbreek van dié oorloë. Beide groepe het meegeding om die besit van grond, water en vee; en daar was 'n wedersydse vrees vir verdringing. Ter illustrasie van hierdie mede-verantwoordelike skuldlas kan na argumente deur sommige liberale geskiedskrywers oor die Basoeto se veediefstalle gelet word. Volgens hierdie skrywers het die blankes skuld aan die diefstalle, want hulle het nie die nodige voorsorgmaatreëls getref nie - daar was nie voldoende veewagters en polisie nie. Hierdie geskiedskrywers regverdig die Basoeto se veediefstalle as pogings om hulle verlore grondgebied terug te wen. Die blankes se verliese word geminimaliseer - die blanke boere en Afrikanersentriese geskiedskrywers se siening oor die omvang van verliese is volgens liberale geskiedskrywers oordrewe. Dit dien bloot as regverdiging vir die blankes se oorlogsverklaring. Hierdie skrywers staan besonder krities teenoor die rol wat die Britte in die Vrystaatse geskiedenis gespeel het. Hulle beskuldig Brittanje van politieke lafhartigheid, want Brittanje het hom voorgedoen as die beskermer van die inheemse bevolking. Tog het Brittanje niks gedoen om die Basoeto teen blanke grondekspansionisme te beskerm nie.

Sedert die verskyning van *The Oxford History of South Africa: South Africa to 1870* (1969 en 1971) het 'n groot aantal publikasies die lig gesien wat die Vrystaat se geskiedenis in 'n breë Suider-Afrikaanse of Afrikakonteks plaas. Nie die geskiedenis van die Vrystaat nie, maar die van Basoetoland (Lesotho) en die Basoeto staan sentraal in die bespreking van die blank-swart-verhoudinge (in die Vrystaat) in oorsigwerke en biografieë oor Mosjwesjwe. Hierdie geskiedskrywers lê klem op die Basoetosamelewing se sosiale en politieke struktuur, hulle verwantskapstelsel, asook hulle ekonomiese stelsel. In teenstelling met die beeld wat Afrikanersentriese geskiedskrywers skep van die ontvolkte binneland gekenmerk deur fragmentasie, onderontwikkeldheid en barbaarsheid, roep neo-liberale geskiedskrywers 'n beeld op van 'n digbevolkte Vrystaat, wat oorheers is deur die sterk, ekonomies selfstandige en selfversorgende Basoetokoninkryk. Neo-liberale geskiedskrywers toon besondere agting vir Mosjwesjwe - hy was nie net 'n uitstekende militaris nie, maar ook 'n vredesleier wat sy volk na vrede en vooruitgang gelei het. Dié vrede is wreed deur die koms van die blankes versteur. Neo-liberale geskiedskrywers se verledebeeld van die Vrystaat vorm in baie opsigte die direkte teenpool van dié beeld deur Afrikanersentriese geskiedskrywers. In hulle werke staan die swartes sentraal, en word blanke aggressiewe ekspansionisme verantwoordelik gehou vir die oorloë. Nes die Afrikanersentriese geskiedskrywers staan die neo-liberale geskiedskrywers besonder krities teenoor die sendelinge. Maar terwyl eersgenoemde geskiedskrywers die sendelinge daarvan beskuldig dat hulle tot groot hoogtes verantwoordelik gehou moet word vir die swak blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat en 'n valse negatiewe beeld van die blankes die wêreld ingestuur het, beskuldig die neo-liberale geskiedskrywers die sendelinge van blanke meerderwaardigheid en rassevooroordele.

Die Amerikaner Elizabeth A Eldredge se 1993-publikasie, *A South African Kingdom. The pursuit of security in nineteenth-century Lesotho*, asook Timothy J Keegan se *Rural transformations in industrializing South Africa. The Southern Highveld to 1914* (1987) is die belangrikse revisionistiese werke oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat. Op grond van veldwerk en deeglike argivale navorsing wys Eldredge op die invloed wat die blanke Vrystaters se besetting van die Basoeto se eiendom (die Caledonriviervallei) op die Basoeto se ekonomiese en sosiale voortbestaan gehad het. Sy lê klem op die verdrukte swartes en wys daarop dat die blanke besittersklas beheer gekry het oor die grond en arbeid. Die blankes het dié arbeid tot hulle voordeel (wins) aangewend. Sy hou die Vrystaatregering, as instrument van die besittersklas, mede-verantwoordelik vir die uitbuiting van die swartes. Blanke heerskappy is deur dwang en uitbuiting gevestig en in stand gehou. Veediefstalle en grensoortredings deur die Basoeto word deur haar as swart verset teen blanke oorheersing gesien. Sy skenk besondere aandag aan die daaglikse lewe, denke en gevoelens van die Basoeto. Hulle lewensomstandighede vóór die koms van die blankes word as idillies geskets. Vanuit 'n neo-Marxistiese paradigma analiseer Keegan die invloed van die industralisasie en die invloei van kapitaal na die Vrystaat op klasse en rasseverhoudinge. Hy gaan van die standpunt uit dat blankes se ekonomiese en politieke oorheersing van die swartes die direkte gevolg van industriële kapitalisme is. Colin Murray bied in sy geïntegreerde streekstudie 'n blik op die ekonomiese, sosiale en politieke lewe van die Thaba Nchu-inwoners.

Vervolgens sal 'n sinopsis van geskiedskrywers en historiese opvoedkundiges se sieninge oor onderwys aan swartes in die Vrystaat gegee word. Hoewel die meerderheid Afrikanersentriese geskiedskrywers en historiese opvoedkundiges die rol van swartes in onderwys in die Vrystaat ignoreer, is daar ander wat aandag aan die aangeleentheid skenk. Van hierdie skrywers vind op grond van finansiële beperkinge regverdiging vir die staat se onbetrokkenheid by onderwysvoorsiening aan swartes. Nie alle Afrikanersentriese geskiedskrywers staan kritiekloos teenoor die regering se finansiering van swart onderwys nie. In genuanseerde besprekings wys Le Roux en Van Aswegen daarop dat die swartes tot die Vrystaat se staatskas bygedra het, tog spandeer die regering bitter min aan swart onderwys. Sommige skrywers van herinneringswerke is die mening toegedaan dat daar nie onderwys aan swartes verskaf moet word nie, want hulle sal dit nie tot voordeel van hul "eie mense" aanwend nie. Liberale historiese opvoedkundiges is ten gunste van aparte, maar gelyksoortige onderwys. Hierdie skrywers is van mening dat ekonomiese vooruitgang afhanklik is van goeie gehalte onderwys aan alle inwoners in die Vrystaat. In aansluiting by die Afrikanersentriese historiese opvoedkundiges is hierdie opvoedkundiges ook die mening toegedaan dan die Vrystaatregering nie onverskillig gestaan het teenoor onderwysvoorsiening aan swartes nie. Daarteenoor is revisionistiese historiese opvoedkundiges daarvan oortuig dat die Vrystaatse regering die blankes se politieke en ekonomiese magsposisie wou bevestig deur hulle onbetrokkenheid by swart onderwys. Deur die verskaffing van swak gehalte

onderwys aan swartes wou die blankes hulleself van 'n bron van goedkoop swart arbeid verseker.

Paternalisties beskou Afrikanersentriese geskiedskrywers blank-swart-arbeidsverhoudinge as 'n vader-kind-verhouding. Die neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers is op hulle beurt van mening dat dié verhouding 'n baas-kneg-verhouding was. Die blankes het volgens hierdie skrywers hulle ekonomiese posisie misbruik om ongelyke gesag- en arbeidstrukture te vestig. Dit is ironies dat twee Afrikanersentriese geskiedskrywers, Le Roux en Van Aswegen, genuanseerde besprekings van arbeidsverhoudinge in die Vrystaat gee, terwyl die revisionistiese geskiedskrywers, ten spyte van hulle beklemtoning van die rol van arbeid in die geskiedenis, nog nie 'n omvattende studie oor arbeidsverhoudinge in die Vrystaat geloods het nie of in 'n historiese debat met Afrikanersentriese geskiedskrywers getree het oor dié aangeleentheid nie.[3]

Die kompleksiteit van verhoudingstudies word duidelik geïllustreer wanneer Afrikanersentriese en pro-Britse (imperiale) geskiedskrywers die twee belangrikste politieke paradigmas in die Suid-Afrikaanse historiografie, te wete blank-swart- en Boer-Brit-verhoudinge gelyktydig aanspreek. Imperiale geskiedskrywers prys die Britse anneksasie van die ORS en later Basoetoland omdat Brittanje volgens hulle opgetree het as beskermer van die inheemse bevolkings teen die ongeletterde Afrikaners. Hierdie skrywers betreur die 1854-onttrekking van Brittanje uit die ORS omdat die swartes nou weerloos gestaan het teen die Afrikaners. Voorts vind hulle regverdiging vir die Britse anneksasie van Basoetoland - hulle moes die Basoeto beskerm teen die oorloglustige blanke boere. Die ABO word as korrektief vir die Britse onttrekking uit die Vrystaat gesien. Die Britse bewapening van swartes tydens die oorlog word geregverdig op grond van die Boere se teregstelling van swartes. In teenstelling met voorafgaande imperiale interpretasie beskou Afrikanersentriese geskiedskrywers die Britse anneksasie van die Vrystaat as 'n ramp, want die Vrystaat het oor die nodige kennis en insig beskik om blank-swart-verhoudinge ordelik te reël. Die ORS-regering se kragtelose optrede het die Vrystaters weerloos gelaat teen Basoeto-aggressie. Die Britse anneksasie van Basoetoland (1869) word ten sterkste deur Afrikanersentriese geskiedskrywers afgekeur; hulle glo dat die Vrystaat op die vooraand van 'n klinkende oorwinning teen die Basoeto gestaan het. Die Afrikanersentriese geskiedskrywers beskuldig die Britte van eerlose optrede tydens die ABO: hulle het die swartes bewapen. Volgens hierdie skrywers het die bewapening van die swartes die Boere geen ander keuse gelaat nie. Hulle móés die gewapende swartes dood, want die Boerevrouens en -kinders was weerloos en alleen. Blank-swart-oorlogsverhoudinge word dus deur Afrikanersentriese en imperiale geskiedskrywers gebruik om kritiek teen óf die Britte óf Boere se oorlogspoging uit te

---

3 Hierdie argument is *mutatis mutandis* van toepassing op kontroversionele aangeleenthede soos die swartes se politieke regte en residensiële skeiding.

spreek. Hier gaan dit dus nie in die eerste instansie om blank-swart-verhoudinge nie, maar oor die invloed van Boer-Brit-verhoudinge op blank-swart-verhoudinge.

* * *

Die verdeling van geskiedskrywers in skole met spesifieke uitgangspunte en doelstellinge het tot gevolg dat die Vrystaatse geskiedenis soos weerspieël in die geskiedskrywing 'n versnipperde beeld toon. Die verskillende vertolkings van blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat is uiteenlopend en dikwels in konflik met mekaar. As gevolg van die diepliggende verskille in die Vrystaatse samelewing, maar ook onder geskiedskrywers, sal dit waarskynlik onmoontlik wees om 'n werk oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat te skryf wat vir alle groepe aanvaarbaar sal wees. Daarvoor is die verdelende kragte in die samelewing en onder geskiedskrywers te groot. Wat egter wel moontlik en noodsaaklik is, is 'n geskiedenis van die Vrystaat (1800-1910) waarin die rol van blank en swart, asook die verhouding tussen die twee groepe op 'n genuanseerde, geïntegreerde wyse weergegee word. 'n Honderd jaar en meer het reeds verloop sedert die gebeure in die Vrystaat se verlede plaasgevind het wat die sterkste emosies by geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke ontlok (het), naamlik die Vrystaat-Basoeto-oorloë en die swartes se rol ten tye van die ABO. Hoewel geen geskiedenispublikasie vir almal aanvaarbaar sal wees nie, sal die afstand wat tyd bring, hopenlik tot meer genuanseerde interpretasies van blank-swart-verhoudinge gedurende die oorloë lei.

Hoewel geskiedskrywers verbonde aan die verskillende historiografiese skole begrip hoort te toon vir mekaar se standpunte, beteken dit nie die kritieklose aanvaarding van opponerende standpunte nie. Elk van die historiografiese skole lig verskillende gegewens uit, en belig hulle uit verskillende gesigshoeke. Watter perspektief korrek is, is onmoontlik om te bepaal; waarskynlik is geeneen alleen waar nie. 'n Gebalanseerde hantering van 'n verhoudingstudie vereis egter dat alle belangrike bydraes betrek en oorweeg moet word.

Die Vrystaat se historiografie toon 'n verbondenheid aan die gemeenskap waaruit dit ontspring. Die sake wat aangespreek word in geskiedskrywers se behandeling van blank-swart-verhoudinge hang saam met die knellende politieke en sosio-ekonomiese vraagstukke van die verlede, maar veral ook die tydsgees waarin die geskiedskrywers leef en werk. Geskiedskrywers lewer uitsprake oor die vraagstukke wat vir hulle die swaarste weeg. Daar is 'n soeke na oplossings vir hierdie vraagstukke en standpuntinnames oor wie "reg" en "verkeerd" in die verlede was. Afrikanersentriese geskiedskrywers uit die voorwetenskaplike fase het byvoorbeeld ten doel gehad om die 19de en vroeë 20ste eeuse blanke Vrystaters saam te snoer teen die Britte en die Basoeto. Vir hierdie geskiedskrywers was die Vrystaatse geskiedenis 'n stryd om oorlewing teen Britse imperialisme en swart barbarisme. Afrikanersentriese geskiedskrywers wie se publikasies sedert die sestigerjare verskyn het, lê

op hulle beurt klem op die voordele verbonde aan die vestiging van swartes in lokasies en reservate. Hierdie 19de eeuse beleid dien vir hierdie geskiedskrywers as bewys dat die 20ste eeuse apartheidsbeleid, soos vergestalt in residensiële skeiding en blanke voogdyskap, die enigste werkbare "oplossing" vir die "rassevraagstuk" is. Die gees van die koloniale bevryding van Afrika sedert die sestigerjare het tot gevolg dat die geskiedenis van die Vrystaat vir neo-liberale geskiedskrywers sentreer rondom die stryd van die Basoeto om oorlewing en geïmpliseerde bevryding teen aggressiewe blanke ekspansionisme. Eers sedert die tagtigerjare geniet die swartes groter prominensie in die ABO-geskiedskrywing. Vroeë Britse publikasies oor die oorlog is deur die imperiale motief oorheers - die Britse optede moes geregverdig en geprys word. Vir Afrikanergeskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke staan die ABO-geskiedenis in diens van die herontwaking van Afrikanernasionalisme. Die prioritisering van die blankes (Afrikaners en Britte) se belange lei dus tot die ignorering van die swartes se rol in die ABO.

Sommige skrywers se vooroordele en lojaliteite is baie subtiel. Gedurende die sestigerjare het daar byvoorbeeld 'n groot aantal Afrikanersentriese doktorale proefskrifte verskyn wat bloot op grond van tematiese oorwegings as Afrikanersentriese geklassifiseer kan word. Hierdie geskiedskrywers slaag tot groot hoogtes daarin om nie kommentaar op gebeure te lewer nie.

Geskiedskrywers is geneig om in die *Voorwoord* as deel van hulle motivering vir die betrokke studie 'n aanduiding van hulle onderliggende pro-blank/swart sentimente te gee. Dit is begryplik dat veral skrywers van herinneringswerke en eietydse geskiedskrywers feitlik geen poging aanwend om genuanseerde uitbeeldings van gebeure te gee nie. Dit gaan immers om die weergee van hulle en hul gesinne se persoonlike sendingveld-, oorlogtydse of konsentrasiekampervaringe.

Daar bestaan nie net interpretasieverskille tussen geskiedskrywers nie, maar ook metodologiese verskille. In die Rankeaanse tradisie konsentreer Afrikanersentriese, imperiale en koloniale geskiedskrywers op nasionale temas, te wete die politiek, staat, interstaatlike verhoudinge, militêre geskiedenis en die optrede van groot leiers. Omdat hierdie skrywers se navorsingsmetodologie hoofsaaklik afgestem is op argivale (en ander geskrewe) bronne, is hulle standpunte dikwels 'n weerspieëling van staatsdokumente en die sieninge van eietydse (Afrikaner en Engelse) amptenare en die pers. Hoewel die liberale geskiedskrywers wegbeweeg van Rankeaanse geskiedskrywing en konsentreer op menseverhoudinge, sosiaal-ekonomiese vraagstukke en die oorsprong en ontwikkeling van die politieke vraagstukke van die hede, is hierdie geskiedskrywers ook afgestem op geskrewe bronne. Liberale, neo-liberale geskiedskrywers benader hulle gegewens met 'n vooropgestelde "probleem". Omdat hierdie probleemstelling nie aanwesig is in die navorsing van die meeste Afrikanersentriese geskiedskrywers nie, is hulle geskiedskrywing dikwels kroniekagtig. 'n Belangrike verskil

tussen hierdie geskiedskrywers en die Afrikanersentriese geskiedskrywers is dat eersgenoemde minder aandag aan regeringsdokumente gee. Die skrywes van sendelinge en reisigers word deeglik deur hulle ontgin. Sedert die verskyning van *The Oxford History of South Africa* (1969) is daar 'n groter bewustheid van die noodsaaklike wisselwerking tussen argivale, argeologiese, linguistiese, antropologiese, sosiologiese, ekonomiese en klimatologiese navorsing en die benutting van mondelinge getuienisse en volksverhale. Terwyl neo-liberale en revisionistiese geskiedskrywers vry algemeen van die nuutse navorsingsmetodes gebruik maak, bestaan daar nog baie skeptisisme by veral Afrikanersentriese geskiedskrywers oor die geloofwaardigheid van inligting wat deur veral mondelinge getuienis bekom is. Die gebrek aan geskrewe dokumente deur swartes (behalwe die wat byvoorbeeld deur sendelinge namens Mosjwesjwe geskryf is), maak dit dringend noodsaaklik dat daar wel na die volksverhanle en mondelinge getuienisse van swart Vrystaters gelet moet word in die opskrifstelling van die Vrystaat se verlede. Die belewing van die swartes kan nie akkuraat via amptelike blanke staatsdokumente of die getuienis van (blanke) werkgewers verkry word nie. Om 'n genuanseerde verledebeeld te skep, moet geskiedskrywers alle gegewens verifieer, mondelinge getuienisse kan met die "amptelike staatsweergawes" vergelyk word om tot weldeurdagte konklusies te kom.

Hoewel daar soveel konflikterende getuienisse oor blank-swart-verhoudinge in die Vrystaat bestaan, verwaarloos geskiedskrywers primêre navorsing. 'n Groot persentasie skrywers baseer hulle navorsing op die uitsprake van ander geskiedskrywers - hoofsaaklik geesgenote. Terwyl sommige van hierdie skrywers erkenning aan hulle bronne verleen, is daar by ander blatante oorskrywery. Geskiedskrywers behoort meer krities ingestel te wees ten opsigte van hulle eie wetenskapsbeoefening. Deeglike navorsing en wetenskaplike verifiëring van gegewens is egter nie 'n waarborg vir 'n genuanseerde verledebeeld nie. Hoewel dit by herhaling al beklemtoon is dat objektiewe geskiedskrywing nie moontlik is nie, moet geskiedskrywers poog om beide die blanke en die swarte se standpunte oor en belewing van gebeure in die verlede te akkommodeer.

Die persepsie word dikwels geskep dat meer resente publikasies getrouer weergawes van die verlede is omdat van 'n groter verskeidenheid of van die nuutste navorsingsmetodes gebruik gemaak is. Daar is egter reeds in 1857 deur JM Orpen en in 1939 deur JJG Grobbelaar van argeologiese bewyse en mondelinge getuienisse gebruik gemaak ter ondersteuning van hulle onderskeie sieninge oor die eienaarskap van die Caledonriviervallei. Geskiedskrywing is méér as die kompilasie van historiese gebeure, daarom kan resente geskiedskrywers, nes Orpen en Grobbelaar, bewustelik of onbewustelik, onderhoudsituasies manipuleer en/of beskikbare argeologiese en ander inligting ignoreer of oorbeklemtoon.

Stereotipering is aan die orde van die dag in die uitbeelding van blank-swart-verhoudinge. Terwyl Afrikanersentriese en koloniale geskiedskrywers by herhaling na die Vrystaatse swartes as lui, onbeskaafde en wrede heidene verwys; tipeer pro-swart geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke op hulle beurt die blanke boere as lui, grondhonger, ekspansionisties en wreed. Stereotipering is nie altyd negatief nie. Sommige geskiedskrywers verwys na Mosjwesjwe as die vredesleier; ander reken dat die blankes die ligdraers van die Christelike beskawing was. Verskeie Afrikanersentriese geskiedskrywers uit die voorwetenskaplike fase, van hulle amateur geesgenote, asook skrywers van herinneringswerke neig om kru en rassistiese uitsprake oor die swartes se lewenswyse, beskawingspeil en fisiese voorkoms te maak. Hierdie (negatiewe) stereotipersing sal slegs afgebreek word as geskiedskrywers respek vir die menswaardigheid van alle bevolkingsgroepe en rolspelers in die Vrystaat se geskiedenis toon.

Op die vooraand van die Anglo-Suid-Afrikaanse eeufeesherdenking van die ABO (1999-2002) geniet ABO-navorsing hoë prioriteit by historici. Teen die agtergrond van die demokratiseringsproses in Suid-Afrika kan verwag word dat 'n groot aantal publikasies en referate aandag sal gee aan die rol wat die swartes in die ABO (onder andere in die Vrystaat) gespeel het. Hopenlik sal dié publikasies en referate nie die rol van die swartes ten koste van die blankes beklemtoon nie.

'n Magdom publikasies oor die Vrystaat se 19de en vroeë 20ste eeuse geskiedenis het die lig gesien. Dit beteken egter nie dat alle temas deeglik nagevors is nie. Omdat die meerderheid geskiedskrywers blank-swart-verhoudinge as 'n konflikverhouding sien, is by uitstek aan die Vrystaat-Basoeto-oorloë aandag gegee. Geskiedskrywers moet groter klem op die momente van blank-swart-samewerking in die Vrystaatse geskiedenis lê. Dit beteken nie dat konflik met voorbedagte rade onderbeklemtoon mag word nie, of dat samewerking buite verhouding beklemtoon moet word nie. Die opdragwerke deur Vrystaatse stads- en kerkrade, Colin Murray, *Black Mountain. Land, class and power in the Eastern Orange Free State 1880s-1980s*, Timothy J Keegan se *The sharecropping economy, African class formation and the natives' Land Act of 1913 in the highveld maize belt*, *Rural transformations in industrializing South Africa. The Southern Highveld to 1914* en *Facing the strom. Potraits of Black lives in rural South Africa*, asook Ted Matsetela se studie *The life story of Nkgono Mma-Pooe: aspects of sharecropping and proletarianisation in the northern Orange Free State, 1890-1930*, voorsien tot groot hoogtes in die behoefte na streekstudies oor die *gewone mense* in die Vrystaat. Daar is egter 'n behoefte na wetenskaplik verantwoorde, genuanseerde streekstudies na die voorbeeld van Karel Schoeman, *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad 1846-1946* waarin na die bydrae van alle rolspelers in die ontwikkeling van die onderskeie streke/dorpe/stede gelet word. Laastens blyk dit dat omvattende of selfs oorsigtelike studies oor blank-swart-verhoudinge op juridiese, mediese, arbeids-, staatkundig-politieke,

onderwys- en godsdienstige terreine in die Vrystaat nog ontbreek. Dit is duidelik dat die opskrifstelling van die 19de en vroeg 20ste eeuse Vrystaatgeskiedenis nog ver van voltooi is. En as die groot verskeidenheid veranderlikes in ag geneem word wat 'n invloed op geskiedskrywing uitoefen, is dit duidelik dat die taak nóóit afgehandel sal wees nie.

# Bibliografie

## 1. Amptelike publikasies

Amery, LS (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol I. (Sampson Low, Marson & Company Ltd., Londen, 1900).

Amery, LS (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol II. (Sampson Low, Marson & Company Ltd., Londen, 1902).

Amery, LS (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol III. (Sampson Low, Marson & Company Ltd., Londen, 1905).

Amery, LS (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol IV. (Sampson Low, Marson & Company Ltd., Londen, 1906).

Amery, LS (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, vol V. (Sampson Low, Marson & Company Ltd., Londen, 1907).

